Skogan *et al.* (1990:10-11) noem dat die huidige slagofferprogramme hoofsaaklik op navorsing en kennis ten opsigte van die effek van kriminele viktimisering fokus, wat tot gevolg het dat slagofferhulpverleningsprogramme beperk is. Die behoeftes van slagoffers word ondersoek, maar die impak van die hulpverleningsprogramme skiet tekort. Dit is juis hierdie mening van Skogan *et al.* (1990:11) wat aansluit by die navorser se ondersoek na 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle. Ten opsigte van slagoffers van plaasaanvalle word daar in die literatuur gefokus op die motiewe vir plaasaanvalle, op die tipe geweld wat toegepas word, asook op die beveiliging van die plaashuis. Die navorser kon tot op hede nie literatuur opspoor wat spesifiek fokus op die biopsigososiale impak van plaasaanvalle op die slagoffers nie.

In die lig van die voorafgaande is dit dus noodsaaklik dat daar op professionele wyse aandag geskenk moet word aan die slagoffers van plaasaanvalle. Gevallewerk en groepwerk as metodes van maatskaplike werk is by uitstek geskik om slagoffers te help om doeltreffend te funksioneer. In Suid-Afrika bestaan programme wel ten opsigte van trauma, byvoorbeeld die werknemerondersteuningsprogram (Sonderup, 1996:12); 'n gemeenskapsgeestesgesondheidsversorgingsmodel aan slagoffers van geweld (Stavrou, 1998:31); en traumaprogramme aan slagoffers van trauma en krisisse in die SAPD (Nel, 1999:32-42). Wetenskaplike navorsing is egter nog nie gedoen oor die rol van 'n traumabegeleidingsprogram in die behandeling van persone wat as slagoffers van plaasaanvalle geïdentifiseer is nie. Daarom is dit noodsaaklik om deur middel van 'n behoeftebepalingsvraelys die unieke behoeftes van dié slagoffers te bepaal.

'n Traumabegeleidingsprogram kon ontwikkel word met inagneming van die verskeidenheid behoeftes en probleme wat slagoffers in die behoeftebepalingsvraelys weergegee het, asook vanuit die bestudeerde literatuur. Hierdie traumabegeleidingsprogram is geëvalueer sodat die nodige aanpassings gemaak en veranderings aangebring kon word ten einde 'n finale traumabegeleidingsprogram te ontwikkel. Die doel van die traumabegeleidingsprogram is dus om slagoffers van plaasaanvalle tot 'n beter maatskaplike funksionering te begelei.

Ten aanvang het die navorser die volgende navorsingsvrae gestel:

- Wat is die belewenisse, behoeftes en probleme van die slagoffers van plaasaanvalle?
- Wat behoort die hoofkomponente van 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle te wees?
- In watter mate sou slagoffers by sodanige traumabegeleidingsprogram kon baat?

Dit is hierdie navorsingsvrae wat die navorser gemotiveer het tot die keuse van die onderwerp. Deur hierdie vrae onder die loep te neem, kan die slagoffers van plaasaanvalle gehelp word om voorbereid te wees op die moontlike uitwerking van die trauma sowel as begelei word tot sinvolle hantering van die traumabelewenis. Die navorser fokus dus op die ontwikkeling van 'n traumabegeleidingsprogram. Dit is egter nie moontlik nie, tensy navorsing eers op alle terreine van die navorsingsgebied gedoen is. Teoretiese en empiriese gegewens moet dus eers ingesamel word.

2. NAVORSINGSDOELSTELLINGS EN -DOELWITTE

Die doelstellings van die navorsing is die volgende:

2.1 Eerstens het hierdie ondersoek ten doel om die **traumabelewenis by en behoeftes van slagoffers** na 'n plaasaanval te bepaal. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, word die volgende doelwitte gestel:

2.1.1 Om deur middel van 'n literatuurstudie die traumabelewenis teoreties te fundeer.

2.1.2 Om die behoeftes van slagoffers en probleme waarmee hulle na die plaasaanval te kampe het, te ondersoek.

2.2 Tweedens het die ondersoek ten doel **om 'n program vir hulpverlening**, ten einde die maatskaplike funksionering van die slagoffers te bevorder, by name 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle **te ontwikkel, aan te bied en te evalueer.** Die waarde van die program sal met ander woorde dan ook in die praktyk getoets word. Die volgende doelwitte word gestel:

2.2.1 Om 'n literatuurstudie te onderneem as teoretiese fundering om die aard van traumabegeleiding te ondersoek.

2.2.2 Om 'n evaluasie te maak van bestaande traumabegeleidingsprogramme aan slagoffers na 'n plaasaanval.

2.2.3 Om 'n traumabegeleidingsprogram te ontwikkel wat aan die behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle sal voldoen.

2.2.4 Om 'n traumabegeleidingsprogram aan te bied en te evalueer.

3. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument vir hierdie studie is soos volg: Die aanbieding van die voorgestelde traumabegeleidingsprogram sal in die behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle, wat in 'n traumaproses verkeer, voorsien, en dit sal ook 'n konstruktiewe invloed op die slagoffers se verdere maatskaplike funksionering uitoefen.

4. VOORONDERSOEK

Volgens Strydom (1999:47) behels die voorondersoek die wyse waarop die voornemende navorser hom/haar ten opsigte van 'n beplande projek oriënteer. Cilliers (1973:133-138) se indeling van die aspekte van 'n voorondersoek behels die volgende:

- 'n Literatuurstudie.
- Die ervaring van kenners.
- 'n Voorlopige verkenningstudie.
- 'n Intensiewe studie van strategiese eenhede.

Die wyse waarop die navorser hierdie ondersoek gedoen het, kan ook ooreenkomstig hierdie aspekte ingedeel word:

4.1 BESTUDERING VAN DIE LITERATUUR

Die navorser hoop om betekenisvolle navorsing te doen deur haar volledig op hoogte te stel van die bestaande literatuur oor die voorgenome onderwerp (Strydom, 1999:48). Die navorser het gaan vasstel of vorige soortgelyke studies al onderneem is. So het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat heelwat navorsing reeds gedoen is oor posttraumatiese stresreaksie en posttraumatiese stresversteuring en dat programme ten opsigte van die behandeling van posttraumatiese stresversteuring reeds bestaan. So ver die navorser kon vasstel, is daar nog geen

traumabegeleidingsprogram beskikbaar ten opsigte van die maatskaplikewerkhulpverlening aan slagoffers van plaasaanvalle nie.

Deur die literatuurstudie het die navorser insig ontwikkel in die emosionele, fisiese en sosiale impak van die probleem, sowel as die impak wat die probleem op die funksionering van die slagoffer van 'n plaasaanval het. Die navorser het bestaande posttraumatiese stresversteuringsprogramme ondersoek en geëvalueer ten opsigte van die toepassingsmoontlikhede vir 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle.

4.2 ERVARING VAN KUNDIGES

Die literatuur van enige vakgebied verteenwoordig meestal slegs 'n klein deeltjie van die omvang van die persoonlike kennis van mense wat daagliks met die bepaalde onderwerp te make kry. Volgens Strydom (1999:50) behoort die navorser juis daarom 'n verteenwoordigende aantal deskundiges te identifiseer van wie se ervaring en mening hy/sy gebruik kan maak. Daar is van sowel formele as informele gesprekvoering met sodanige deskundiges gebruik gemaak. Die navorser het ervaring en kennis van hierdie aard soos volg opgedoen:

4.2.1 'n Kursus by Vista Universiteit ten opsigte van traumaberading is bygewoon op 21-23 Augustus 2000. Toerusting is ontvang met betrekking tot die begeleiding van getraumatiseerdes.

4.2.2 Konferensie 2000 aan die Universiteit van Pretoria (Inter Trauma Nexus) ten opsigte van die sukses na trauma is op 22 September 2000 bygewoon.

4.2.3 Informele gesprekke is gevoer met maatskaplike werkers, predikante, ondersoekbeamptes van die SAPD, kommandolede en AgriSA ten einde hulle belewenis van en ervaring met slagoffers van plaasaanvalle te benut.

4.2.4 'n Kursus in "Lewens- en Traumabegeleiding" soos saamgestel deur Antoinette Struwig (Huwelik- en Familieberadingsentrum, Pretoria, 1997) is bygewoon.

4.2.5 'n Inligtingsdag is op 13 November 2002 bygewoon oor: "Alert, Aware and Prepared! VIOLENT CRIME AGAINST WOMEN".

Uit al hierdie kenners wat geraadpleeg is en kursusse wat bygewoon is, kon die navorser daarin slaag om die terrein wat sy wou ondersoek, deeglik omlyn te kry.

4.4.3 Ten opsigte van die uitwerking van die trauma het die navorser aanvanklik die volgende vraag gestel: "Is u van mening dat die *intensiteit* van die plaasaanval 'n rol speel by die

4.3 VOORLOPIGE VERKENNINGSTUDIE

'n Werklike beeld van die praktiese situasie waarin die voorgenome ondersoek onderneem gaan word, is volgens Strydom (1999:52) noodsaaklik. Die navorser het met verskeie organisasies en persone in die Noordwes Provinsie, by name maatskaplike werkers, predikante, voorsitters van distriklandbou-unies, AgriSA, kommandolede en die SAPD in aanraking gekom om vas te stel of 'n behoefte aan 'n traumabegeleidingsprogram bestaan en of genoeg respondente geïdentifiseer kan word om aan hierdie navorsingsondersoek deel te neem.

4.3.1 Vergaderings is met bogenoemde organisasies en persone belê waardeur toestemming verkry is om die respondente te besoek.

4.3.2 Daar is besluit op die wyse waarop die vraelyste aan die respondente uitgedeel sou word en hoe hulle dit sou invul.

4.3.3 Die nodige reëlings is getref om die respondente te selekteer wat aan die implementering van die traumabegeleidingspogram asook aan die evaluering van die program sou deelneem.

4.3.4 Die nodige administratiewe reëlings vir die traumabegeleidingsprogram is getref om die praktiese haalbaarheid van die ondersoek te bepaal.

4.4 INTENSIEWE STUDIE VAN STRATEGIESE EENHEDE

'n Intensiewe studie word onderneem waarin enkele gevalle aan presies dieselfde prosedure blootgestel is as wat vir die hoofondersoek beplan word (Strydom, 1999:52). Ses slagoffers van plaasaanvalle, 2 maatskaplike werkers, 1 predikant en Me JW Breytenbach van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO is tydens die voorondersoek betrek om die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys te bepaal. Die nodige veranderings en regstellings is vervolgens aangebring om die ondersoek so doeltreffend, maar ook so wetenskaplik moontlik, te doen. Die volgende veranderings is aan die vraelys aangebring:

4.4.1 Ten opsigte van die duur van die aanval (Vraag 2.2) is 'n oop vraag verander na 'n meervoudigekeusevraag.

4.4.2 Ten opsigte van die aard van die geweld (Vraag 2.3), die verliese wat gely is (Vraag 2.5), wie tydens die aanval beseer is (Vraag 2.6), wie tydens die aanval dood is (Vraag 2.7), beserings wat tydens die aanval opgedoen is (Vraag 2.8) en die beserings wat ander persone in die aanval opgedoen het (Vraag 2.9) is die oop vrae na digotome vrae verander.

4.4.3 Ten opsigte van die uitwerking van die trauma het die navorser aanvanklik die volgende vraag gestel: "Is u van mening dat die intensiteit van die plaasaanval 'n rol speel by die

intensiteit van die traumabelewenis?" Hierdie vraag is weggelaat. Die volgende digotome vraag (Vraag 3.1) is gestel: "Is dit vir u moeilik om oor die gebeure te praat?"

4.4.4 'n Meervoudigekeusevraag (Vraag 3.5) ten opsigte van die uitwerking van trauma op die slagoffer is bygevoeg.

4.4.5 'n Oop vraag (Vraag 3.6), naamlik of die traumatiese gebeurtenis enige ander uitwerking op die slagoffer gehad het, is bygevoeg.

4.4.6 Die volgende oop vraag is ook bygevoeg (Vraag 3.8): "Noem in volgorde van belangrikheid die ernstige gevolge wat die trauma op u lewe gehad het".

4.4.7 Agt oop vrae oor die uitwerking van die trauma op die verhoudingslewe is verander na een meervoudigekeusevraag (Vraag 4).

4.4.8 Die volgende meervoudigekeusevrae is gestel (Vrae 6.1 en 6.2): "Wie het na die traumatiese gebeure die meeste ondersteuning aan u gebied?" Aanvanklik was dit 'n oop vraag waar die respondente die persone wat die meeste ondersteuning gebied het in volgorde van belangrikheid moes plaas. Na die aanpassing is die volgende oop vraag ten opsigte van Vraag 6.1.1 en Vraag 6.2.2 bygevoeg: "Noem die persoon wat die meeste ondersteuning gebied het".

4.4.9 Die volgende oop vraag is bygevoeg by Vraag 6.4: "Wie se ondersteuning het u die meeste gemis?"

4.4.10 "Van wie het u terapie ontvang?" (Vraag 6.6) was 'n oop vraag wat na 'n digotome vraag verander is.

Die finale onderhoudskedule om die maatskaplike funksionering by die slagoffers van plaasaanvalle te bepaal, is as Bylae A in hierdie navorsingsverslag beskikbaar.

5. SOORT NAVORSING

Arkava en Lane (1983:12) en Strydom (1999:73) onderskei tussen twee soorte navorsing, naamlik: basiese en toegepaste navorsing. Nel en Nel (1993:1) onderskei tussen drie soorte navorsing, naamlik basiese/fundamentele, toegepaste en ontwikkelingsnavorsing. In hierdie navorsingsondersoek word van beide basiese, toegepaste en ontwikkelingsnavorsing gebruik gemaak.

5.1 BASIESE NAVORSING

Strydom (1999:73) noem dat basiese navorsing die uitbouing van die teoretiese kennisgeheel van die maatskaplike werker beoog. Basiese navorsing word gebruik om die teorie te beskryf en te

verfyn ten einde die maatskaplike werker se teoretiese kennisgeheel uit te bou, sonder enige toepassingsoogmerke (Nel & Nel, 1993:1). Monette *et al.* (2002:5) verwys na basiese navorsing as suiwer navorsing. Die doel van basiese navorsing is om kennis oor die menslike gedrag te bevorder.

Daar is weinig indien enige inligting ten opsigte van slagoffers van plaasaanvalle gepubliseer wat die teoretiese kennisgeheel van die maatskaplike werker uitbou. Posttraumatiese stresreaksie en posttraumatiese stresversteuring word gewoonlik as die vakgebied van die Psigologie beskou. Met hierdie navorsingstudie sal gepoog word om die teoretiese kennisgeheel van die maatskaplike werker ten opsigte van plaasaanvalle, trauma, posttraumatiese stresreaksie en posttraumatiese stresversteuring uit te bou.

5.2 TOEGEPASTE NAVORSING

Die doel van toegepaste navorsing is om die onmiddellike probleme wat die maatskaplike werker in die praktyk ervaar, te ondersoek en om op 'n wetenskaplike wyse alternatiewe te beplan ten einde positiewe verandering in die situasie teweeg te bring (Botes, 1997:26; Nel & Nel, 1993:1; Strydom, 1999:73). Volgens Monette *et al.* (2002:5) het toegepaste navorsing praktiese uitkomste in gedagte met die verwagting dat sommige groepe of samelewings voordeel daaruit sal trek. Die onmiddellike probleme wat die maatskaplike werker in die praktyk hanteer, hou verband met geweldmisdaad soos verkragting, seksuele aanranding, fisiese aanranding, lewensbedreiging en ander verliese wat die slagoffers ervaar. Hierdie navorsingstudie bied praktiese uitkomste vir die maatskaplike werker in die hulpverlening aan sekere individue, families, groepe en gemeenskappe deur die ontwikkeling van die maatskaplikewerkhulpverleningsprogram.

5.3 ONTWIKKELINGSNAVORSING

Volgens Nel en Nel (1993:1) verskil ontwikkelingsnavorsing van bogenoemde tipes navorsing omdat dit hoofsaaklik gemoeid is met die ontwikkeling van geesteswetenskaplike tegnologieë. Inligtingsisteme, assesseringsmetodes, intervensiemetodes en programme word beskou as voorbeelde van sulke tegnologieë. Volgens Nel en Nel (1993:1) omsluit ontwikkelingsnavorsing elemente van fundamentele en toegepaste navorsing (kennisontginning, praktykprobleemoplossing en programevaluering) asook die proses van nuwe tegnologieë skep.

Hierdie navorsingstudie slaag in die ontwikkeling van 'n geesteswetenskaplike tegnologie deur die ontwikkeling van 'n traumabegeleidingsprogram aan slagoffers van plaasaanvalle te ontwikkel. Hierdie program bied inligting, assesseringsmetodes en intervensiemetodes ten opsigte van die maatskaplikewerkhulpverlening aan slagoffers van plaasaanvalle. Die gebruiksmoontlikhede van die traumabegeleidingsprogram strek egter wyer as net slagoffers van plaasaanvalle. Dit kan ook in die geval van enige ander traumatiese gebeurtenis, voortspruitend uit 'n geweldmisdaad, gebruik word.

6. DIE BENADERING TOT NAVORSING

Data word ingesamel deur middel van die een of ander tegniek. Nadat daar uitsluitsel oor die soort navorsing verkry is, moet besluit word of die ondersoek kwantitatief, kwalitatief of 'n kombinasie van beide sal wees (Strydom, 1999:74).

6.1 KWALITATIEWE NAVORSING

Kwalitatiewe navorsing behels volgens Monette *et al.* (2002:39) en Neuman (2000:7,23) die versameling van data in die vorm van woorde, voorstellings en beelde. Monette et al. (2002:39) noem dat kwalitatiewe navorsing nie net data in die vorm van woorde en voorstellings behels nie, maar ook beskrywings of verhale. Kwalitatiewe navorsing is volgens Strydom (1999:74) 'n poging om die sosiale realiteit binne die kulturele konteks wat mense daaraan heg, te konstrueer.

Kwalitatiewe navorsing dui daarop dat die navorser in direkte en persoonlike interaksie met die respondent tree deur oor 'n tydperk heen saam met die respondente te leef en hulle in hulle wêreld waar te neem (Neuman, 2000:36; Strydom, 1999:75). Neuman (2000:36) noem dat kwalitatiewe navorsing in veldnavorsing gedoen word. Veldnavorsing word gebruik vir verkennende en beskrywende navorsing, maar selde vir verklarende navorsing. Kwalitatiewe navorsing fokus volgens Neuman (2000:16) op die konstruering van sosiale realiteite, kulturele betekenisse, interaktiewe prosesse, betroubaarheid, waardes wat teenwoordig en eksplisiet is en situasiegebondenheid. Kwalitatiewe navorsing het datavermeerdering ten doel. Dit verskil van kwantitatiewe navorsing wat die samevoeging en samevatting van data ten doel het.

Wanneer vae onvolledige kennis en min teoretiese begrip van 'n verskynsel voorkom sal dit volgens Monette *et al.* (1994:82) onmoontlik wees om 'n presiese hipotese te ontwikkel of om 'n werkbare definisie te formuleer. In hierdie gevalle wend navorsers hulle tot kwalitatiewe

navorsing omdat dit meer verkennend van aard is. In kwalitatiewe navorsing vloei die analise en interpretasie van die data saam (Neuman, 2000:16).

Kwalitatiewe navorsing is gebruik in die sin dat daar in diepte reeds met die behoeftebepaling met deelnemers gehandel is en toe verder met enkele respondente wat tydens de aanbieding van die traumabegeleidingsprogram bestudeer is. Die navorser was persoonlik betrokke by die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram wat oor 6 sessies heen plaasgevind het. Die navorser het in direkte en persoonlike interaksie met die respondente getree. Die respondente het veral deur middel van narratiewe beskrywings data deurgegee. Die betekenis van hierdie data is geïnterpreteer ooreenkomstig hoe die slagoffers van plaasaanvalle hulle situasie sien, ervaar en interpreteer.

6.2 KWANTITATIEWE NAVORSING

Kwantitatiewe navorsing behels die insameling van data in die vorm van syfers, getalle en die meting van fenomene (Monette *et al.*, 1994:82; Neuman, 2000:7). Kwantitatiewe navorsing fokus op die volgende: die meet van objektiewe feite, die fokus op veranderlikes, betroubaarheid, onafhanklikheid van die konteks en statistiese analise. Die navorser is dus losgemaak van die proses (Neuman, 2000:16).

Waar genoeg vorige navorsing oor 'n spesifieke onderwerp gedoen is, kan dit meer uitvoerbaar wees om presiese konsepte, veranderlikes, en 'n hipotese te verklaar. Monette *et al.* (1994:82) noem die volgende: "Quantitative research ... provides us with much more precise statements about human behaviour". Volgens Strydom (1999:74) vereis kwantitatiewe navorsing dat die navorser op 'n afstand en onafhanklik bly van 'n groot verskeidenheid proefpersone wat eenmalig bestudeer word. Die navorser is in kwantitatiewe navorsing dus by 'n groot verskeidenheid proefpersone betrokke, wat 'n eenmalige objektiewe bemoeienis behels. In kwalitatiewe navorsing samel navorsers soms ook kwantitatiewe data in (Monette et al., 2002:226).

In hierdie ondersoek word van beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe paradigma in navorsing gebruik gemaak, waar beide kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte van dieselfde onderwerp bestudeer word. Die navorser het gebruik gemaak van kwantitatiewe navorsing deurdat 'n aantal respondente (34) eenmalig 'n skedule ingevul het ten einde 'n analise van die data te maak. Hierdie gegewens wat statisties verwerk is, het aan die navorser die nodige inligting gegee ten einde die traumabegeleidingsprogram te kan ontwikkel.

7. NAVORSINGSONTWERP/DOELSTELLINGS VAN NAVORSING

Nadat besluit is op die soort navorsing en die benadering tot die ondersoek, is die toepaslike navorsingsontwerp bepaal. Sodra die navorsingsprobleem vasgestel is, moet 'n navorsingsontwerp ontwikkel word wat die volledige plan omlyn van hoe waarneming gedoen gaan word. Die navorser volg dan die plan namate die projek deurgevoer word. Die navorsingsontwerp bring sekere sleutelvrae na vore, soos: Wie gaan bestudeer word? Hoe gaan die persone geselekteer word? en Watter inligting gaan ingesamel word van of in verband met hulle? (Monette *et al.*, 2002:9). Rubin en Babbie (1993:106-109) verwys hierna as die doelstellings van navorsing.

Die navorsingsontwerp word deur Kahn beskryf " ... as the logical strategy of the study. It deals with the plan developed to answer a question, describe a situation, or test a hypothesis; in other words, it deals with the rationale by which a specific set of procedures, which include both data collection and analysis, are expected to meet the particular requirements of a study" (Polansky, 1960:48). Strydom (1999:76) beskryf die navorsingsontwerp as die plan, die struktuur en die strategieë om antwoorde op navorsingsvrae te vind. Met die term navorsingsontwerp word die vlak waarop die insameling van kennis plaasvind, bedoel. Die spesifieke ontwerp wat vir 'n ondersoek geselekteer word, dien dus as voorwaarde vir die bepaalde prosedure wat gevolg sal word.

7.1 DIE VERKENNENDE NAVORSINGSONTWERP

Verkennende navorsing het die verkenning van 'n relatief onbekende terrein ten doel, asook om die terrein duideliker af te baken (Grinnell, 1981:298; Grinnell & Williams, 1990:150,170; Mouton *et al.*, 1989:43). Grinnell en Williams (1990:150) noem verder dat die navorser in verkennende navorsing "... only wants to build a foundation of general ideas and tentative theories which can be explored more rigorously later on".

Die terrein wat die navorser gaan bestudeer (trauma, posttraumatiese stresreaksie en posttraumatiese stresversteuring) is nie onbekend nie, maar trauma en die reaksie op 'n traumatiese gebeurtenis soos 'n plaasaanval en traumabegeleiding aan slagoffers van plaasaanvalle spesifiek is 'n onderwerp wat nuut is. Die spesifieke onderwerp is ook relatief onbekend aan die vakgebied Maatskaplike Werk. Die navorser het van die verkennende navorsingsontwerp gebruik gemaak omdat min inligting oor die onderwerp bekend is en ook omdat dit moeilik is om 'n hipotese daaroor te formuleer. Verkennende navorsing het die

navorser in staat gestel om diepgaande ondersoek in te stel na die belewenis, probleme en behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle. Met die verkennende studie kan kennis aangaande plaasaanvalle, probleme en behoeftes van slagoffers, asook die houding en ingesteldheid van slagoffers ten opsigte van 'n traumabegeleidingsprogram verkry word. Sodoende kan hipoteses ook geformuleer word. Vanuit hierdie ondersoek word ook gepoog om hipoteses te formuleer vir verdere ondersoeke oor hierdie spesifieke onderwerp.

7.2 DIE BESKRYWENDE NAVORSINGSONTWERP

Vir Monette *et al.* (2002:3) en Strydom (1999:78) bestaan 'n behoefte aan beskrywende navorsing altyd omdat 'n behoefte aan 'n sistematiese, objektiewe en volledige beskrywing van die werklikheid voortdurend opduik. Cilliers (1973:31) noem verder dat beskrywende navorsing ten doel het om vas te stel hoe die werklikheid daar uitsien. In hierdie navorsingstudie is van beskrywende navorsing gebruik gemaak in die sin dat die onderhoudskedules so saamgestel is dat besonder waardevolle inligting van die respondente verkry is. Inligting is verkry op die vrae wat gestel is, maar die respondente het self ook belewenisse, probleme en behoeftes uitgelig wat nie deur die onderhoudskedule gedek is nie.

7.3 DIE VERKLARENDE NAVORSINGSONTWERP

Verklarende navorsing beoog die verbetering van insig deur feite met mekaar in verband te bring (Strydom, 1999:78). Dit is 'n logiese proses waardeur verskillende stelle feite met mekaar in verband gebring word. Verklarende navorsingsontwerp impliseer dat die ondersoeker sekere logiese afleidings ten opsigte van verbande tussen stelle feite maak (Grinnell & Williams, 1990:170-171). Oorsaaklikheid is dus van wesenlike belang by verklarende navorsing (Strydom, 1999:78). Grinnell en Williams (1990:170-171) noem dat verklarende navorsing nuttig aangewend kan word "...when there is a lot of preexisting knowledge available about the research question and testable hypotheses can be formulated on the basis of previous studies. Explanatory designs have more internal and external validity than exploratory and descriptive designs; they can help establish a causal connection between two variables". Monette *et al.* (2002:4) noem dat verklarende navorsing die waarom en hoe van iets wat plaasvind, beskryf. Dit strek verder as die beskrywing van tendense en statistiek en dit gaan byvoorbeeld in op "waarom" sekere mense misdadigers word.

Die belewenisse, probleme en behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle is verken en inligting is vanuit die beskrywende studies geïnterpreteer en geëvalueer. Beide die verkennende en

beskrywende studies het dit moontlik gemaak om antwoorde op probleme te kry, 'n hipotese te formuleer en sodoende die grondslag te lê vir die formulering van 'n traumabegeleidingsprogram.

Die navorser het ook van verklarende navorsing gebruik gemaak. Strydom (1999:78) meld die volgende: "Die belangrikste kenmerk van die verklarende navorsingsontwerp is dat die ondersoeker geregverdigd sekere logiese afleidings ten opsigte van verbande tussen stelle feite kan maak." Die resultate van die behoeftebepalingskedule gaan in verband gebring word met die literatuurstudie oor traumabegeleiding. Die verbande wat getrek, en die afleidings wat gemaak gaan word, sal die basis vorm vir die formulering van 'n traumabegeleidingsprogram. Deur middel van verklarende navorsing het die navorser beter insig ontwikkel in die posttraumatiese stresreaksie na 'n plaasaanval.

7.4 EVALUATIEWE NAVORSINGSONTWERP

Evaluatiewe navorsing fokus op die evaluasie, of op die gebruik van wetenskaplike navorsingsmetodes om intervensieprogramme te monitor en om te evalueer hoe bestaande programme funksioneer. Hier word bepaal hoe effektief 'n program se doelwitte bereik word. Evaluatiewe navorsing maak dus 'n integrale deel van hulpverleningsprogramme uit (Monette et al., 2002:4).

Evaluatiewe navorsing het ook 'n wesenlike deel van hierdie navorsingstudie uitgemaak. Die respondente moes na afloop van die traumabegeleidingsprogram die program evalueer. Die effektiwiteit van die program is ook deur middel van die enkelstelsel geëvalueer (voordat met die traumabegeleidingsprogram begin is, direk na afloop van die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram en ses weke na afloop daarvan).

Dit is dus duidelik dat elemente van al vier die voorafgaande navorsingsontwerpe in hierdie ondersoek benut is, met die fokus veral op verkennende en beskrywende navorsingsontwerpe. Rubin en Babbie (1993:106-107) meld dat die meeste ondersoeke elemente van verkennende, beskrywende en verklarende navorsing bevat.

8. NAVORSINGSPROSEDURES

8.1 LITERATUURSTUDIE

Aspekte wat bestudeer is, is onder meer slagoffers, plaasaanvalle, trauma, traumabegeleiding, traumabegeleidingsprogramme en die ontwikkeling en evaluering van traumabegeleidingsprogramme. Die navorser het van literatuur in boekvorm (verhandelings, proefskrifte, diktate en navorsingswerkstukke), tydskrifartikels asook internetartikels gebruik gemaak. Literatuur oor traumabegeleiding in die vakgebied Maatskaplike Werk is beperk, daarom is van aanverwante vakgebiede soos Psigologie, Kriminologie, Landbou, Opvoedkunde, Sosiologie, Verpleegkunde en Teologie geleen. Sodoende kon 'n uitgebreide literatuurstudie onderneem word.

Met die oog op betekenisvolle navorsing is 'n literatuurstudie gedoen om enersyds die beskikbaarheid van wetenskaplike literatuur te ondersoek en andersyds om vas te stel of die ondersoek lewensvatbaar en geregverdig is. Die navorser het vir hierdie studie die Nexus Databasis van die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (SWO) deurgewerk om voltooide, asook lopende verhandelinge en proefskrifte op die gebied van trauma op te spoor en die inhoud daarvan te bestudeer. Daar is dus verkenning gedoen om vas te stel of navorsing op die gebied van trauma nodig is. Databasisse wat tydens die biblioteeksoektog benut is, is 'n RGN-ontleding, die Dissertation Abstracts International, repertorium van toepaslike Suid-Afrikaanse tydskrifte, die Internet en die Eric-stelsel.

Na aanleiding van bogenoemde is die gevolgtrekking gemaak dat daar wel wetenskaplike literatuur met betrekking tot trauma in Suid-Afrika welbeskikbaar is. Die trauma van slagoffers van plaasaanvalle, en veral die begeleiding aan die slagoffers van plaasaanvalle, is egter 'n veld wat braak lê vir verdere navorsing. Hierdie ondersoek is vanuit 'n Christelike lewens -en wêreldbeskouing aangepak, waar gefokus is op die elemente van die sisiteemteorie. Sisteemteorie is gebaseer op wat met die individu in 'n krisis gebeur ten opsigte van sy/haar interpersoonlike verhoudings en interafhanklikheid tussen mense en gebeure. Die fundamentele konsep van sisteemteorie is die ekologiese sisteem waarin alle elemente interafhanklik is en waarin verandering op enige vlak van hierdie interafhanklike dele sal lei tot 'n verandering van die totale sisteem. Hierdie teorie behels naas 'n emosionele sisteem, ook 'n sisteem van kommunikasie, 'n sisteem van behoeftebevrediging en 'n geïntegreerde verhouding waar elke persoon iets kan ontvang, maar ook iets kan gee. Sisteemteorie beweeg weg van die tradisionele manier van doen waar daar net gefokus word op die individu, en neem 'n interpersoonlike

sistemiese manier van dink en doen aan (Gilliland & James, 1993:17-18). Harris (2002:24) noem dat die innerlike psigiese verhoudings meer verstaanbaar is as die individu betekenisvol binne 'n gesinsisteem funksioneer. Die gesin word gesien as 'n geïntegreerde, dinamiese, organiese entiteit (sisteem) en is saamgestel uit georganiseerde, dinamiese subsisteme met interaksiepatrone (Street & Downey, 1996:124).

8.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel is vir hierdie navorsingsondersoek geselekteer. In hierdie navorsingsondersoek word gebruik gemaak van 'n kombinasie van ontwikkelings- en benuttingsnavorsing en die Developmental Research and Utilization model (DR&U-Model) (Nel & Nel, 1993:4-39; Rothman & Thomas, 1994:3-461; Strydom, 1999:151-158; Thomas, 1981:593-604). Die navorsingsondersoek het ten doel om 'n traumabegeleidingsprogram aan die hand van 'n kombinasie van ontwikkelings- en benuttingsnavorsing en die DR&U-navorsingsmodel te ontwikkel, te benut en te evalueer.

'n Traumabegeleidingsprogram is saamgestel ten einde die behoeftes, probleme en belewenisse van slagoffers, soos uit die verkennende navorsing blyk, aan die orde te stel. Die doel van die traumabegeleidingsprogram is om begeleiding aan slagoffers te bied. Na afloop van die traumabegeleidingprogram is 'n skriftelike begeleidingsprogram aan die groeplede en al die respondente wat deel van die traumabegeleidingsprogram uitgemaak het, gestuur.

Die doel van die verspreiding van die betrokke traumabegeleidingsprogram is om 'n diens te lewer aan slagoffers van plaasaanvalle, en om aanvaarding daarvan by die ondersoekgroep te bewerkstellig. Die verspreiding van die traumabegeleidingsprogram onder ander potensiële benutters was aanvanklik nie 'n doelwit van hierdie navorsingstudie nie, maar dit was 'n behoefte wat by die slagoffers ten tye van die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram geïdentifiseer is.

Die twee prosedures (opname- en enkelstelsel) wat van toepassing is in hierdie navorsing, word kortliks bespreek. Hierdie twee prosedures word wel volledig in Hoofstuk 2 bespreek:

8.2.1 Opnameprosedures

Die navorser het 'n skedule gebruik om data in te samel vir die ontwikkeling van 'n traumabegeleidingsprogram. 'n Literatuurstudie en ander vraelyste is nagevors om die

gestruktureerde skedule te kon saamstel. Die skedule het beide kwalitatiewe en kwantitatiewe eienskappe (sien 6.1 en 6.2). Die skedule het die behoeftes, probleme en belewenisse wat slagoffers van plaasaanvalle ervaar, uitgewys (sien Bylae A). 'n Behoeftebepaling is dus met die 34 respondente gedoen en hierdie behoeftebepaling het as riglyn gedien vir die ontwikkeling van die traumabegeleidingsprogram.

Tydens die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram is 'n tema in elkeen van die ses sessies behandel. Die temas is saamgestel vanuit die ontwerpte program. Slagoffers van plaasaanvalle het vraelyste ingevul en inligting ontvang (sien Uitdeelstukke 2-15).

Aan die einde van die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram het elke slagoffer die geleentheid gekry om deur middel van 'n evalueringsvraelys (sien Uitdeelstuk 16) die program te evalueer. Die evaluering was noodsaaklik sodat finale aanpassings en veranderinge aan die voorgestelde program aangebring kon word. Die traumabegeleidingsprogram is eenmalig na afloop van die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram geëvalueer.

8.2.2 Enkelstelsel

Die kern van die enkelstelsel is die herhaaldelike meting van 'n probleem ten einde vas te stel of veranderinge in die respondent se maatskaplike funksionering voor, tydens en na ingryping ingetree het (Strydom, 1986:218). Voor die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram is die respondente aan meting blootgestel. Meting is weer na afloop van die traumabegeleidingsprogram gedoen en ook weer ses weke daarna. Dieselfde meetinstrument (sien Uitdeelstuk 1, bladsy 312; Uitdeelstuk 17, bladsy 336; Uitdeelstuk 18, bladsy 338) is in al drie gevalle gebruik. So is vasgestel of die groeplede hulle maatskaplike funksioneringsvlakke na die intervensie verbeter het en of hulle hierdie maatskaplike funksioneringsvlakke na ses weke steeds kon handhaaf.

9. POPULASIE, STEEKPROEFPROSEDURE EN AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Alvorens met navorsing begin kan word, moet die volgende deeglik geformuleer word:

9.1 POPULASIE

Voordat die navorsingstudie onderneem kan word, moet die populasie wat bestudeer gaan word, gedefinieer word. 'n Teikenpopulasie verwys na alle moontlike gevalle wat bestudeer gaan word. 'n Steekproef bestaan uit een of meer elemente wat is uit die populasie geselekteer is (Monette *et al.*, 1998:125). 'n Steekproef sluit die bepaling in van wie die proefpersone in die studie is. 'n Kleiner groep van die groot groep, of populasie, word dus geselekteer (Marlow, 1993:103). Die steekproef moet verteenwoordigend wees van die populasie, met ander woorde dit moet die verspreiding van relevante veranderlikes in die populasie verteenwoordig (Marlow, 1993:104; Monette *et al.*, 1998:125). Wanneer 'n steekproef verteenwoordigend is van die populasie, kan die bevindinge veralgemeen word vanaf 'n steekproef na daardie populasie. Wanneer veralgemening plaasvind, word veronderstel dat die bevindinge van die studie op die populasie van toepassing is (Marlow, 1993:105). In hierdie studie bestaan die populasie uit persone in die Noordwes Provinsie wat slagoffers van 'n plaasaanval was.

9.2 STEEKPROEFRAAMWERK

In die selektering van 'n waarskynlikheidstipe steekproef is die eerste stap die saamstel van 'n steekproefraamwerk. Die steekproefraamwerk bestaan uit 'n opname van al die elemente (Monette *et al.*, 1998:126) wat in die populasie teenwoordig is. Deur dus van steekproefprosedures gebruik te maak, word die hele populasie genoegsaam verteenwoordig en word die navorser so in staat gestel om 'n deel van die groot geheel te bestudeer. In hierdie studie is die slagoffers van plaasaanvalle in die Noordwes Provinsie as populasie geïdentifiseer met slagoffers spesifiek in die Lichtenburg-area as steekproef omdat dit nie prakties, geografies en ekonomies haalbaar is om alle slagoffers van plaasaanvalle in hierdie navorsingstudie te betrek nie.

Marlow (1993:107) en Tripodi (1983:92) noem dat twee tipes steekproewe bestaan, naamlik die waarskynlikheidstipe steekproef en die niewaarskynlikheidstipe steekproef. Die waarskynlikheidstipe steekproef realiseer waar alle elemente in die populasie 'n gelyke kans het om geselekteer te word (Grinnell, 1993:155; Marlow, 1993:107; Monette *et al.*, 1998:152). In die niewaarskynlikheidstipe steekproeftrekking het nie al die mense in die populasie dieselfde kans om ingesluit te word nie, omdat die waarskynlikheid vir elkeen om ingesluit te word nie bestaan nie (Williams *et al.*, 1995:228). Waar dit moeilik is om die steekproefraamwerk te identifiseer, is die niewaarskynlikheidstipe steekproef die ideaal.

In die niewaarskynlikheidstipe steekproef kan die waarskynlikheid van seleksie dus nie geskat word nie (Grinnell, 1993:155). Die beskikbaarheidstipe steekproef word spesifiek gebruik waar 'n behoefte aan waardebepaling voorkom, en dit sluit eenvoudig die beskikbare of geskikte elemente in die steekproef in (Grinnell, 1993:162; Marlow, 1993:112). Dit beteken dat die beskikbaarheidstipe steekproeftrekking die saamstel van 'n steekproef is van die naaste en mees beskikbare deelnemers (Grinnell, 1993:163; Marlow, 1993:112). 'n Niewaarskynlikheidstipe steekproef is in hierdie studie gebruik. Die navorser het aanvanklik van die beskikbaarheidstipe steekproeftrekking gebruik gemaak. Namate die ondersoek gevorder het, is tot die sneeubalsteekproeftrekking oorgegaan. 'n Klein hoeveelheid deelnemers in die populasie is gelokaliseer van wie inligting verkry is en wat ook gevra is om ander in die populasie met soortgelyke eienskappe te identifiseer. Die navorser het met die nuut geïdentifiseerde deelnemers in aanraking gekom, data is verkry, en hierdie groep is ook gevra om ander in die populasie te identifiseer. Die proses het voortgegaan totdat die verlangde steekproefgrootte verkry is (Grinnell, 1993:163; Monette *et al.*, 1998:143; Reid & Smith, 1981:172; Williams *et al.*, 1995:231). Dit is 'n nuttige strategie vir minder toeganklike populasies. Die sneeubaltipe steekproef beteken dat elke beskikbare geval in die populasie wat by die verskynsel (plaasaanvalle) betrokke is, genader is om inligting ten opsigte van ander persone te verkry (Strydom, 1999:69-70). So is voortgegaan totdat genoeg proefpersone betrek kon word.

Vier en dertig persone, wat slagoffers van plaasaanvalle was, is uit die landbougemeenskap as respondente betrek. Van die respondente wat aan die ondersoek in Fase 1 deelgeneem het, is by die traumabegeleidingsprogram betrek. In die selektering van die groep is respondente betrek wat vrywillig by die groep wou inskakel en wat aangedui het dat hulle deur die plaasaanval getraumatiseer is. Hulle is vooraf daarop voorberei om die programaanbieding oor ses sessies heen by te woon.

9.3 STEEKPROEFGROOTTE

Dit gaan hier om die aantal respondente wat aan die navorsingstudie deelgeneem het. Voordat die steekproef geselekteer kan word, moet besluit word oor hoeveel persone nodig is om aan hierdie navorsing deel te neem. Volgens Williams *et al.* (1995:233) word 'n steekproefgrootte van een tiende van die populasie as genoegsaam beskou. Die korrekte steekproefgrootte hang af van die homogeniteit van of die ooreenkomste tussen die verskillende elemente. As ons verseker kan wees van die feit dat die eienskappe van die steekproefelemente dieselfde is op die dimensies wat bestudeer word, kan die steekproef kleiner wees (Marlow, 1993:116; Williams *et al.*, 1995:233).

Van 1999 tot 2001 het 'n totaal van 264 plaasaanvalle in die Noordwes Provinsie plaasgevind. Vier en dertig slagoffers van plaasaanvalle is geïdentifiseer. Dit beteken dat die steekproefgrootte 12.9% is. Omdat daar homogeniteit van en ooreenkomste tussen die verskillende elemente is, en dit besonder moeilik was om respondente te werf, word hierdie steekproefgrootte as voldoende beskou (Stoker, 1985:Mondelinge mededeling). Heelwat slagoffers wou nie aan die ondersoek deelneem nie omdat hulle, as gevolg van die tydsverloop na die traumatiese gebeurtenis, nie meer oor die trauma wou praat nie. Slagoffers is bang vir blootstelling en het weerstand teen enige vorm van terapie.

10. STATISTIESE VERWERKING VAN DIE EMPIRIESE GEGEWENS

Die gegewens van die metingskaal is met behulp van 'n rekenaarprogram deur die Sentrale Statistiekdiens van die PU vir CHO verwerk. Data was hoofsaaklik van 'n beskrywende aard. Die verwerking van verslae (veldaantekeninge van waarneming, diagnose en beplanning), die vraelyste (wat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe vrae insluit) asook die evalueringsvraelys van die traumabegeleidingsprogram, is deur middel van handverwerking gedoen. Die rekenaar is ingespan vir die verwerking van die grafiese data. Gegewens is ook aan die hand van grafiese voorstellings, skematiese voorstellings en frekwensietabelle opgesom. Hierdie nuwe program is aan evaluering blootgestel ten einde 'n bevredigende tegnologiese produk te kon aanbied.

11. BEPERKINGS EN PROBLEME ERVAAR TYDENS DIE ONDERSOEK

Beperkinge van die ondersoek word soos volg uitgelig:

11.1 Literatuur oor die onderwerp (posttraumatiese stresreaksie en traumabegeleiding spesifiek met slagoffers van plaasaanvalle) op die vakgebied Maatskaplike Werk is beperk en daarom is 'n verskeidenheid ander programme vanuit aanverwante vakke benut (Coetzer, 2000: Sessie 1- Sessie12; Kleber & Brom, 1992:186-258; Meichenbaum, 1997:100-337).

11.2 Plaasaanvalle is 'n relatief nuwe vorm van geweldmisdaad in Suid-Afrika wat veral sedert 1991 voorkom. Traumabegeleidingsprogramme aan slagoffers van plaasaanvalle is onbekend en slegs beperkte inligting is beskikbaar. Min is oor plaasaanvalle gepubliseer, en die navorser is hoofsaaklik aangewese op populêre literatuur.

11.3 Vanweë die oorweldigende deelname van die slagoffers wat by die program betrek is, was dit moeilik om die traumabegeleidingsprogram rigied toe te pas. Slagoffers wou

graag meer en langer praat as dit waarvoor die navorser voorsien het. Dit dui beslis op 'n behoefte om oor die traumatiese gebeure te praat.

11.4 Die navorser was nie suksesvol in die poging om identifiserende besonderhede van die SAPD, Agri SA en kommandolede te kry nie omdat hierdie instansies nie by magte was om inligting aan die navorser te voorsien nie. Tyd het so verlore gegaan.

11.5 Die voorondersoek en eerste fase van die navorsingsondersoek was tydrowend en duur omdat die respondente individueel besoek is en groot afstande afgelê is om by hulle uit te kom.

11.6 Nie al die kwalitatiewe en kwantitatiewe vrae in die vraelyste was van toepassing op al die respondente tydens die aanbieding van die program nie, omdat van die groeplede hulle huweliksmaats voor, na of tydens die plaasaanval aan die dood afgestaan het.

11.7 Dit is moeilik om 'n verteenwoordigende steekproef van die slagoffers van plaasaanvalle te trek omdat nie alle slagoffers 'n gelyke kans gehad het om by die navorsingsondersoek betrek te word nie. Net slagoffers wie se besonderhede deur middel van toevallige en sneeubalsteekproeftrekking bekend gemaak is, is betrek.

11.8 Die navorser het van beperkte bronne gebruik gemaak ten opsigte van die ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel (Developmental Research and Utilization model) (Thomas, 1981; 1984; 1985) en die ontwikkelingsnavorsingsmodel van Nel en Nel (1993:1-39).

11.9 Die respondente het nie altyd die kwantitatiewe vrae volledig beantwoord nie, aangesien hulle nie altyd hulle antwoorde gemotiveer het nie.

11.10 Die navorser het verbaal sowel as skriftelik die respondente daarvan verseker dat die vraelys vertroulik en anoniem is. Tog het dit aanvanklik na vore gekom dat nie al die respondente eerlik was met die invul van die vraelys nie as gevolg van moontlike ongemak, vrees vir blootstelling en weerstand in enige vorm van terapie. Waar egmaats in mekaar se teenwoordigheid elkeen sy/haar eie vraelys ingevul het, het hulle tog met mekaar gekommunikeer en van mekaar verskil ten opsigte van die intensiteit van mekaar se traumabelewenisse. Dit wou tog voorkom of dit veral die manlike respondente was wat 'n vraelys moeilik skriftelik ingevul het en hulle emosies en reaksies moeilik skriftelik of verbaal kon erken en deurgee.

11.11 Dit was moeilik om 'n geskikte tydsgleuf te vind vir die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram omdat die respondente se omstandighede verander het sedert die eerste fase van die navorsingsondersoek tot en met die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram. Drie van die respondente wat geïdentifiseer is om aan die groep deel te neem, is intussen (gedurende die drie maande voor die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram) oorlede. Een respondent is skielik getroud en het verhuis en

een respondent het 'n rugoperasie ondergaan. Nog 'n respondent het onlangs 'n sakeonderneming begin en kon toe nie aan die program deelneem nie.

12. ETIESE KWESSIES

Voordat met navorsing begin kan word, is dit belangrik dat die navorser ingelig moet wees oor die algemene belangrike etiese kwessies ten opsigte van navorsing. Strydom (2002:63) noem dat die navorser so in staat is om die mees etiese en allerverantwoordelikste besluite te neem. Die volgende etiese kwessies moet in gedagte gehou word:

12.1 Die navorser is eties verplig om die aard van sy/haar navorsing te verander, eerder as om die respondent enige fisiese en/of emosionele skade te berokken (Strydom, 2002:65).

12.2 Die respondent moet bewus wees van alle moontlike of toepaslike inligting oor die doel van die navorsing, die prosedures wat gedurende die navorsing gevolg word asook die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondent moontlik blootgestel kan word (Strydom, 2002:65). Patton (2002:412) voeg by dat ingeligte toestemming nie noodwendig net betrekking het op vertroulikheid nie, maar dat dit ook die risiko verbonde aan deelname insluit. Dit is dus belangrik dat die respondente ingeligte toestemming sal gee tot deelname aan navorsing (Neuman, 2000:283). Dit is belangrik dat die respondent vrywillig by die navorsingstudie betrek sal word (Mitchell & Jolley, 2001:29). Die navorser het bogenoemde aspekte met die respondente bespreek voordat die onderhoudskedule saamgestel is.

12.3 Misleiding ten opsigte van die onderwerp en die respondente se deelname aan die navorsing asook misleiding ten opsigte van die navorsingsdoelwitte mag geensins plaasvind nie (Strydom, 2002:66). Die respondente moet 'n algemene idee hê van wat met hulle sal gebeur as hulle aan die navorsing deelneem (wat hulle as onaangenaam kan ervaar en enigiets wat kan veroorsaak dat hulle kan besluit om hulle te enige tyd aan die navorsing te onttrek) (Mitchell & Jolley, 2001:29). Respondente neem vrywillig deel en kan te enige tyd onttrek (Neuman, 2000:283). Die respondente in hierdie navorsing het vrywillig aan die voltooiing van die onderhoudskedule deelgeneem, en hulle kon te enige tyd onttrek as hulle sou wou. Dieselfde het gegeld vir die bywoning van die groepsessies en deelname daaraan.

12.4 Die reg op privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid behels dat inligting oor die respondente vertroulik hanteer word (Mitchell & Jolley, 2001:29; Neuman, 2000:283; Patton, 2002:408; Strydom, 2002:69). Die volgende moet in ag geneem word: Geen vorm van kameras word gebruik sonder die toestemming van die respondente nie

(verkieslik skriftelik); beskerming van die privaatheid van die respondente moet gehandhaaf word; verduidelik ook dat die navorsing nie gedoen kan word as daar nie 'n mate van oorskryding van vertroulikheid is nie (Strydom, 2002:69). Verseker die respondente daarvan dat hulle identiteit nie bekend gemaak sal word nie. Voordat die navorser foto's van die groep geneem het, is hulle toestemming eers verkry. Om anonimiteit te verseker, word in hierdie navorsing (Hoofstuk 8) byvoorbeeld verwys na Slagoffer 1 of Slagoffer 2.

12.5 Die navorser is eties verplig om te verseker dat hy/sy bevoeg en toepaslik geskool is om die aangebode ondersoek te onderneem (Strydom, 2002:69). Die literatuurstudie, addisionele kursusse wat die navorser bygewoon het en die gesprekke met ander kundiges het die navorser voorberei en in staat gestel om die nodige kennis te bekom om die ondersoek te kon onderneem.

12.6 Die vrystelling en publikasie van bevindinge moet volledig, akkuraat, objektief, duidelik, beskeie en essensieel in geskrewe vorm vir lesers en wetenskaplikes beskikbaar wees (Neuman, 2000:284; Strydom, 2002:72).

12.7 Mitchell en Jolley (2001:29) en Strydom (2002:72) beskryf ontlonting as die vermindering van skade aan die respondent deur middel van die deurwerk van ervaringe en nagevolge na afloop van die terapie. Ontlonting word geensins in hierdie konteks gelyk gestel met terapie nie. Die terminering van en onttrekking aan terapie moet dus met sensitiwiteit hanteer word sodat die respondent voordeel uit die terapeutiese aspek van die navorsing kan trek. Ruimte moet gelaat word vir die stel van vrae deur die respondente. Die navorser het na afloop van die groepsessies kontak gehad met sommige van die groeplede waartydens die deurwerk van ervaringe en nagevolge na terminering van die terapie onder die loep geneem is. Die navorser het ook die groeplede aangemoedig om na afloop van die groepsessies kontak te maak vir verdere hulpverlening indien die behoefte sou bestaan.

13. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Verskeie begrippe wat deurlopend in hierdie navorsing gebruik word, is gedefinieer om te verseker dat die begrippe, korrek verstaan word. Addisionele begrippe is in Bylae B omskryf. Die begrippe wat hier omskryf word, is:

13.1 MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Vir die doel van hierdie ondersoek is 'n program ontwerp om slagoffers van plaasaanvalle te help om hulle maatskaplike probleme mee te hanteer en om hulle maatskaplike funksionering ten opsigte van fisiese aspekte, persoonlike vervulling, emosionele behoeftes en 'n gebalanseerde selfbeeld te bevorder.

Maatskaplike funksionering is volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk (1995:37) programme wat ontwerp is om persone te help om maatskaplike probleme op te los of om hulle maatskaplike funksionering te bevorder. Barker (1995:352) gaan verder deur maatskaplike funksionering te beskryf as die vervulling van verskillende rolle in die gemeenskap teenoor almal in die onmiddellike gemeenskap en jouself. Hierdie funksioneringsfunksies sluit die bevrediging van die persoon se eie basiese behoeftes en die van afhanklikes in, in die maak van 'n positiewe bydrae tot die gemeenskap. Hier is dus sprake van fisiese aspekte, persoonlike vervulling, emosionele behoeftes en 'n gebalanseerde selfbeeld. Maatskaplike werkers fokus dus op hulp aan die individu, die groep en die gemeenskap om maatskaplike funksionering te verhoog en te herstel. Die navorsing fokus dus op hulp aan die individu en die groep om maatskaplike funksionering te verhoog en te herstel.

13.2 PLAASAANVALLE

Plaasaanvalle is " ... all criminally inclined attacks on the farming community living on farms and smallholdings inclusive of farm workers irrespective of motives" (Moolman, 1998: 3).

Vir die doel van hierdie ondersoek word plaasaanvalle gedefinieer as alle kriminele handelinge wat op die boeregemeenskap wat op plase en kleinhoewes woon, gerig is, asook die werkers, vriende, familie en enige ander persone wat tydens die aanvalle teenwoordig was.

13.3 SLAGOFFER

Volgens die HAT (1983:1002) is 'n slagoffer 'n persoon wat as gevolg van 'n ander se belange of hartstogte moes ly, of wat deur iets getref word, wat dit moet ontgeld. Volgens Collins English Dictionary (1982:1614) is 'n slagoffer "a person or thing that suffers harm, death, etc., from another or from some adverse act, circumstance...".

Volgens Peterson *et al.* (1991:144) het die slagoffer addisionele egokrag, of meer buigsame gedrag en kognitiewe reaksies nodig om beter in staat te wees om in die hantering van trauma op die stres te reageer. Dit is vir die hulpverlener nodig om te weet dat slagoffers nie noodwendig almal dieselfde simptome sal hê nie en dat dit noodsaaklik is om 'n versigtige opname van die geskiedenis van die individu te maak. Dit kan gebeur dat 'n individu 'n traumatiese gebeurtenis intens ervaar omdat hy/sy ook reeds 'n vorige traumatiese gebeurtenis beleef het (Winn, 1994:7). Vir die navorser is dit belangrik dat die slagoffer eers 'n maand na die traumatiese gebeure vir begeleiding inskakel, sodat die slagoffer eers kan stabiliseer. As dit vroeër sou gebeur, sou dit kon inmeng met die individu se natuurlike herstellingsprosesse.

Vir die doel van hierdie ondersoek word met slagoffer die volgende bedoel: 'n Slagoffer is 'n individu, wat ten spyte daarvan dat hy/sy 'n plaasaanval oorleef het en gely het as gevolg van ander se belange, hartstogte of omstandighede. Dit is 'n individu wat getref is deur leed, wat verliese gely het en gewoonlik ook die dood van 'n betekenisvolle ander moes beleef. 'n Slagoffer het addissionele egokrag, meer buigsame gedrag en kognitiewe reaksies nodig om in die hantering van trauma op die stres te reageer. Slagoffers van plaasaanvalle kon vorige traumatiese gebeurtenisse ervaar het. Hulle het nie noodwendig almal dieselfde simptome nie.

13.4 TRAUMA

Volgens Collins English Dictionary (1982:1544) is trauma "a powerful shock that may have long-lasting effects". Janoff-Bulman (Harvey, 2000:18) definieer trauma as "... unusual events involving loss to the individual – whether a death or dissolution, loss of body parts or functioning, losing a job, losing one's home, being the victim of violence or prejudice, or losing one's trust in others or in the safety of the world". Die American Psychiatric Association noem verder dat hierdie ervaring angswekkend is vir feitlik enigeen (Norris, 1992:409). Trauma is afgelei van 'n Griekse woord wat "gewond" beteken. Dit beteken dat wanneer 'n individu 'n traumatiese gebeurtenis ervaar, hy/sy 'n gewonde persoon word en soos met alle wonde het hy/sy tyd nodig om te kan genees (Hicks, 1996:15). Trauma word volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:65) beskryf as "(s)kok of onaangename ervaring wat die fisiese en/of psigiese funksionering van 'n persoon tydelik of blywend aantas". Trauma beteken volgens die HAT (1965:1165) "verwonding" en "letsel". Dit is ook 'n "(b)lywende geestelike steurnis veroorsaak deur geestelike of emosionele spanning of fisiese besering" (HAT, 1983:1165).

Vir die doel van hierdie navorsing word met trauma die volgende bedoel: Plaasaanvalle kom skielik en onverwags voor. Dit is 'n skok of onaangename, angswekkende ervaring vir feitlik enigeen. Wanneer so 'n trauma toeslaan, word die individu verwond. Dit tas die fisiese en/of psigiese funksionering van 'n slagoffer tydelik of blywend aan. Hierdie trauma sluit ongewone gebeurtenisse in wat verliese vir die individu impliseer, of dit dood, of die beëindiging van 'n huwelik, of verlies van liggaamsdele, of verlies van liggaamsfunksionering, of verlies van 'n werk, of verlies van 'n huis of die verlies in vertroue in ander en in die veiligheid van die wêreld is.

13.5 TRAUMABEGELEIDING

Volgens Collins English Dictonary (1982:341) is traumabegeleiding "to give advice or guidance to a victim of a traumatic event". Die begrip "begeleiding" word deur die HAT (1983:73) as "(s)aamgaan" en " vergesel" beskryf.

Vir die doel van hierdie ondersoek verkies die navorser om die begrip traumabegeleiding te gebruik. Die taak van die hulpverlener (professioneel en nieprofessioneel) in traumabegeleiding aan slagoffers van plaasaanvalle kan beskou word as die begeleiding van die slagoffers nadat die traumatiese gebeurtenis plaasgevind het. Dit behels die inlei in die traumaverwerkingsproses asook die begeleiding deur die traumaverwerkingsproses self. Vir die navorser beteken traumabegeleiding dat die hulpverlener (professionele persoon) fokus op maatskaplikewerkhulpverlening of terapie deur terapeutiese onderhoudvoering wat daarop gemik is om die slagoffer van 'n plaasaanval tot insig te lei met die oog op die bevordering van sy/haar maatskaplike funksionering.

13.6 TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

Traumabegeleiding is 'n kliëntgesentreerde en gestruktureerde benadering waartydens die verwagtinge geskep word dat die slagoffer toekomstige traumatiese gebeurtenisse beter sal kan hanteer (Bourne & Olivier, 1998a:Website). Program beteken: "Geskrif waarin werksaamhede wat volgens 'n bepaalde plan verrig sal word, opgesom word; werkplan" asook 'n "(p)lan waarvolgens iets aangepak (en) uitgevoer word" (HAT, 1983:861).

In hierdie navorsing word 'n traumabegeleidingsprogram ('n opgestelde groepwerkprogram) wat aan die hulpverlener beskikbaar gestel word ten einde slagoffers van plaasaanvalle te begelei tot beter funksionering en ontwikkeling.

14. DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit nege hoofstukke wat in vier afdelings verdeel is. Die navorsingsverslag word soos volg uiteengesit:

14.1 Afdeling een bestaan uit hoofstuk een en twee wat 'n inleiding tot die navorsingstudie en toeretiese basis vir die navorsingsmetodologie bied. Hoofstuk 1 gee 'n algemene oriëntasie van die navorsingstudie wat aspekte soos die oriëntering en probleemstelling, navorsingsdoelstellings en –doelwitte, die sentrale teoretiese argument, die voorondersoek, soort navorsing, benadering tot navorsing, navorsingsprosedures, populasie, steekproefprosedure, afbakening van die studie, statistiese verwerking van die empiriese gegewens, beperkings en leemtes van die ondersoek, etiese kwessies en omskrywing van begrippe insluit. Hoofstuk 2 gee 'n volledige beskrywing van die navorsingsmetodologie en hoe dit in die navorsingstudie toegepas is. Hierdie hoofstuk sluit aspekte soos die ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel, die opnameprosedure en enkelstelsel in.

14.2 Afdeling twee bestaan uit 'n teoretiese raamwerk vir die navorsingstudie. Hoofstuk 3 fokus op plaasaanvalle. Statistiek oor plaasaanvalle, vorme, kenmerke en motiewe vir plaasaanvalle word belig. In hierdie hoofstuk word ook gefokus op die slagoffer en aanvaller van 'n plaasaanval, die gevolge van plaasaanvalle, praktiese raad aan boere oor hoe om plaasaanvalle af te weer en die hantering van aanvallers wat toeslaan. In Hoofstuk 4 word 'n teoretiese raamwerk vir trauma bespreek. Aspekte soos die basiese veronderstellings, die implikasies van trauma, fases van die traumatiese ervaring en stadiums van rou word bespreek. Die aard van en kriteria vir posttraumatiese stresversteuring word ook belig. Die traumastressors, sekondêre traumatisering en hantering van trauma geniet ook aandag. Hoofstuk 5 bespreek die maatskaplikewerkhulpverlening aan die slagoffer. Hier word gekyk na die doel van hulpverlening, stadiums van herstel, probleme in hulpverlening, strategieë vir maatskaplikewerkhulpverlening en hulpverleningstrategieë.

14.3 Afdeling drie bestaan uit die verkryging van empiriese data. Hoofstuk 6 bespreek die empiriese data van die opnameprosedure oor plaasaanvalle. Hoofstuk 7 handel oor die ontwikkeling en implementering van die traumabegeleidingsprogram. Hoofstuk 8 fokus op die evaluering van die traumabegeleidingsprogram.

14.4 Afdeling vier bestaan uit die samevatting van die navorsingsverslag. Hoofstuk 9 handel oor die samevattende bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings.

Die indeling van die navorsingsverslag, bestaande uit vier afdelings en nege hoofstukke, word vervolgens grafies in skematiese voorstelling 1, voorgestel:

Skematiese voorstelling 1: Indeling van die navorsingsverslag



HOOFSTUK 2

NAVORSINGSMETODOLOGIE

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel as model vir die ondersoek bespreek asook die opname- en enkelstelsel as prosedures van navorsing. Verskillende soorte data-insamelingswyses soos die posvraelys (versendingsvraelys), gerigte of fokusonderhoude (semigestruktureerde onderhoud) en groepsonderhoude is benut.

2. DIE ONTWIKKELINGS- EN BENUTTINGSNAVORSINGSMODEL

In Maatskaplike Werk bestaan 'n behoefte voortdurend aan die ontwikkeling van nuwe tegnologie. Hedendaagse tegnologie het 'n beperkte lewensduur omdat veranderinge ten opsigte van hulpbronne, prioriteite en doelstellings ontstaan en daarom vind die ontwikkeling van nuwe tegnologie en 'n verskuiwing in navorsingareas in Maatskaplike Werk voortdurend plaas (Thomas, 1992:72). Thomas (1981:590) wys daarop dat ontwikkelingsnavorsing eintlik 'n model is vir die generering van nuwe maatskaplikewerktegnologie. Ontwikkelingsnavorsing word gedefinieer as 'n ondersoek wat gerig is op die analisering, ontwerp, ontwikkeling en evaluering van innovasies in die geesteswetenskaplike dienste (Fourie, 1996:35; Nel & Nel, 1993:2). Aangesien traumabegeleiding aan slagoffers van plaasaanvalle 'n nuwe en onbekende veld in Maatskaplike Werk is, is dit ook 'n nuwe tegnologiese produk.

Ontwikkelingsnavorsing is die navorsingsmetode wat " ... uit 'n analitiese, ontwikkelings- en evalueringsfase bestaan en gerig is op die ontwikkeling van werkwyses om die doelstellings van Maatskaplike Werk te bereik" (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:46-47). Strydom (1999:152) noem dat alle maatskaplike werkers aktiewe deelnemers behoort te wees aan die ontwikkeling en skepping van nuwe tegnologiese innoverings. Dit is die boustene waaruit 'n dinamiese beroep behoort te bestaan.

Volgens Thomas (1981:594) se model van ontwikkelingsnavorsing is analisering die eerste fase van die model. Dit word opgevolg deur 'n ontwikkelingsfase en 'n evalueringsfase. Die eerste drie fases van die model word as ontwikkelingsnavorsing beskou. Die volgende fases, te wete verspreiding en aanvaarding, handel oor die verspreiding en benutting van die innovering en word die benuttingsnavorsingsmodel genoem. Die totale model word die ontwikkelings- en

benuttingsnavorsingsmodel genoem. Die fases in die model bestaan uit 'n aantal voorwaardes en bepaalde stappe wat deur die navorser gevolg moet word. In hierdie navorsingsondersoek word gebruik gemaak van 'n kombinasie van die ontwikkelings- en benuttingsnavorsing en die Developmental Research and Utilization model (DR&U-model) (Nel & Nel, 1993:4-39; Rothman & Thomas, 1994:3-461; Strydom, 1999:151-158; Thomas, 1981:593-604). Die navorsingsondersoek het ten doel om 'n traumabegeleidingsprogram aan die hand van 'n kombinasie van die ontwikkelings- en benuttingsnavorsing en die DR&U-navorsingsmodel te ontwikkel, te benut en te evalueer. Die navorser het ook gepoog om 'n tegnologie te skep wat versprei kan word om sodoende 'n bydrae te lewer tot die uitbouing van hulpverleningsprogramme. 'n Gekombineerde ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel lyk soos volg (Nel & Nel, 1993:4-39; Rothman & Thomas, 1994:3-461; Strydom, 1999:151-158; Thomas, 1981:593-604):

Skematiese voorstelling 2: Gekombineerde ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel

FASES	STAPPE	VOORWAARDES
1. DIE ANALISEFASE	1. Probleemidentifisering en analisering	A. 'n Problematiese menslike toestand
	2. "State-of-the-art-review"	B. Stand van die bestaande maatskaplikewerktegnologie
	3. Uitvoerbaarheidstudie	C. Tegnologiese inligting en hulpbronne
	4. Selektering van tegnologiese doelstellings	
	5. Selektering van inligtingsbronne	D. Relevante inligting en bronne
2. DIE ONTWERPFASE	6. Die insameling en evaluering van tegnologiese hulpbronne	E. Relevante data
	7. Die ontwerp van maatskaplikewerk-tegnologie	F. Die nuwe tegnologiese ontwerp
3. DIE ONTWIKKELINGSFASE	8. Tegnologiese verwesenliking	
4. DIE EVALUERINGSFASE	9. Voorlopige uittoetsing	G. Die nuwe produk
	10. Insameling van evalueringsdata	H. Voorlopige veldimplementering
	11. Evaluering van maatskaplikewerk - tegnologie	I. Resultate van die voorlopige benutting van die nuwe tegnologie
	12. Herontwerp soos nodig en die herhaling van stappe ses tot twaalf	
5. DIE DIFFUSIE-/VERSPREI-DINGSFASE	13. Bemarking van die innovasie	
	14. Voorbereiding van verspreidingsmedia	J. Diffusiemedia
	15. Die breë verspreiding van die produk	
6. AANVAARDINGSFASE	16. Wye benutting van die tegnologie	

'n Bespreking van die gekombineerde ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel lui soos volg:

2.1 FASE 1: DIE ANALISEFASE

Fase 1 van die model staan bekend as die analisefase (Thomas, 1981:594). Volgens Nel en Nel (1993:5) word met analise bedoel 'n ontleding of kritiese ondersoek van 'n menslike probleem. Dit behels die opbreek van 'n verskynsel met die doel om uit te vind wat die aard en verhouding van die dele tot die geheel is. Sodoende kan 'n groter begrip van die problematiese situasie of toestand gevorm word. Strydom (1999:156) noem dat hierdie fase al die aktiwiteite wat die ontwikkelingspoging voorafgaan, omsluit.

Die DR&U-navorsingsmodel van Thomas onderskei vyf stappe in die fase (Thomas, 1981:596-600), naamlik: probleemidentifisering en analisering; "state-of-the-art-review"; uitvoerbaarheidstudie; selektering van tegnologiese doelstellings; en selektering van inligtingsbronne. In die analisefase word vier voorwaardes gestel waaraan voldoen moet word, naamlik (Nel & Nel, 1993:6-9):

- **Die bestaan van 'n probleem** - Dit sluit die identifisering en analisering van die probleem in. 'n Toestand word as 'n probleem gesien wanneer 'n diskrepansie tussen die standaard van die gemeenskap en die optrede van sekere individue en die gemeenskap bestaan.
- **Die stand van die bestaande tegnologie** - Dit behels 'n oorsig oor die bestaande stand van beskikbare tegnologiese produkte. 'n Oorsig oor die stand van programme is 'n belangrike stap omdat dit die sterktes en beperkinge van die bestaande tegnologie na vore kan bring.
- **Relevante inligting en bronne;** en
- **Uitvoerbaarheidspotensiaal** - 'n Uitvoerbaarheidstudie moet gedoen word om vas te stel of genoegsame tegnologiese data en bronne beskikbaar is om die ontwikkelingspoging te regverdig.

'n Komponent van hierdie fase is, volgens Rothman & Thomas (1994:27), dat individue geïdentifiseer en betrek word; toegang en ondersteuning om met die navorsing voort te gaan verkry word; die bekommernisse van die gemeenskap geïdentifiseer word; geïdentifiseerde probleme geanaliseer word; en doelwitte en doelstellings bepaal word.

2.1.1 **Stap 1: Probleemidentifisering en analisering** - Die bestaan van 'n probleem is nodig alvorens daar sprake kan wees van ontwikkelingsnavorsing. Thomas (1981:596) noem dat"...there must be evidence that there is a problematic condition, combined with the

presence of values that make it possible to judge this condition as meriting attention and alteration".

- **Voorwaarde A : 'n Problematiese menslike toestand** - Volgens Nel en Nel (1993:6) behoort die tipe probleem en die tipe innovasie of tegnologie wat vereis word aan die navorser 'n aanduiding te gee daarvan of ontwikkelingsnavorsing die geskikte navorsingsmetode gaan wees om die probleem mee te ondervang. Om die navorser te vergewis van die probleemanalise en –identifisering het sy kontak opgeneem met die voorsitter van AgriSA. Die navorser het ook 'n Veiligheidskomiteevergadering bygewoon waar die voorsitters van distriklandbou-unies teenwoordig was. Voorts het die navorser ook 'n verkennende studie deur middel van vraelyste wat 34 respondente ingevul het, onderneem. Die vraelyste het vir die navorser 'n aanduiding gegee van wat die slagoffers van plaasaanvalle se behoeftes en probleme is. Dit het aan die lig gekom dat slagoffers van plaasaanvalle op twee wyses getraumatiseer word: hetsy deur 'n persoonlike belewenis of deur 'n ooggetuie te wees van wat met iemand anders gebeur het. Hierdie ervaring kan die slagoffers probleme op psigiese, fisiese, maatskaplike, sosiale en godsdienstige vlak laar ervaar. Statistiese gegewens het daarop gedui dat hierdie probleem die moeite werd is om te ondersoek.

2.1.2 **Stap 2: "State-of-the-art-review"** - Sodra vasgestel is of 'n behoefte aan traumabegeleiding voorkom, moet bepaal word of die nodige maatskaplikewerktegnologie bestaan en of dit toereikend is. Thomas (1981:597) noem: "Without thorough, critical review of the state of the art, directions for the development of new technology cannot be intelligently charted."

- **Voorwaarde B: Stand van die bestaande maatskaplikewerktegnologie** - Nel en Nel (1993:6) noem dat die bestaande tegnologie ontoereikend moet blyk te wees om die problematiese toestand te ondervang, ten einde die uitgawe aan tyd en geld vir die ontwikkeling van nuwe tegnologie te regverdig. Die bestaande tegnologie, ten opsigte van die begeleiding van slagoffers van plaasaanvalle is ondersoek deur middel van 'n literatuurstudie, eerstehandse waarneming van die situasie, persoonlike onderhoude, onderhoude met kundiges en 'n diplomakursus aan VISTA in traumaberading. Die bestaande tegnologie het onvoldoende geblyk te wees om die behoefte onder die loep te kan neem.

2.1.3 **Stap 3: Uitvoerbaarheidstudie** - Hier moet vasgestel word of die beoogde tegnologie oor die potensiaal vir uitvoerbaarheid beskik en of die beoogde tegnologie die gebruiksmoontlikhede van die bestaande tegnologie verbeter of uitbrei (Nel & Nel,

1983:7; Thomas, 1981:599). Volgens Nel en Nel (1993:9-10) bestaan die uitvoerbaarheidstudie uit die volgende:

- **Tegnologiese uitvoerbaarheid** - Data wat deur soortgelyke tegnologiese produkte benut word, kan 'n aanduiding gee daarvan of die beoogde tegnologie die moontlikheid van tegnologiese uitvoerbaarheid inhou.
- **Organisatoriese uitvoerbaarheid** - Die mate waarin die organisasie of instelling die vermoë het om die voorgestelde program uit te voer, word die organisatoriese uitvoerbaarheid genoem. Volgens Nel en Nel (1993:9) kan vier vrae gestel word ten opsigte van organisatoriese uitvoerbaarheid, naamlik: Beskik die personeel wat by die ontwikkeling betrokke is oor die toepaslike vaardighede en opleiding?; Sal steun deur die bestuur vir die voorgestelde ontwikkeling verleen word?; Bestaan operasionele administratiewe steun?; en bestaan steun in die vorm van organisatoriese bronne soos toerusting, rekenaars en telefone?
- **Ekonomiese uitvoerbaarheid** - Die mate waarin die verwagte voordele van die tegnologie meer is of gelyk sal wees aan die verwagte koste.
- **Finansiële uitvoerbaarheid** - Die mate waarin fondse beskikbaar is om geantisipeerde koste vir die tegnologiese ontwikkeling mee te dek.
- **Beleidmatige uitvoerbaarheid** - Die mate waarin 'n voorgestelde tegnologie versoenbaar is met die beleid van die instansie waarin dit aangebied word.
- **Benuttingsuitvoerbaarheid** - Die mate waarin die voorgestelde innovasie die potensiaal inhou om aanvaar te word in die area waarvoor dit ontwikkel gaan word.

- **Voorwaarde C: Tegnologiese inligting en hulpbronne** – Uitvoerbaarheidspotensiaal: Beskik die beoogde tegnologie wat ontwerp gaan word oor die potensiaal vir uitvoerbaarheid en verbetering van die huidige stand van tegnologie (Nel & Nel, 1993:7)? Die verkennende studie en die voorondersoek het daarop gedui dat die navorsingspoging 'n verbetering in maatskaplikewerktegnologie tot gevolg kan hê. Die uitvoerbaarheid van die navorsing is ondersoek deur met verskeie instansies in aanraking te kom ten einde te bepaal waar en hoe die navorsing op die mees sinvolle manier uitgevoer kan word.

2.1.4 **Stap 4: Selektering van tegnologiese doelstellings** - Nel en Nel (1993:14) beskou die formulering van doelstellings en doelwitte wat spesifiek en meetbaar is as 'n voorvereiste vir die ontwerp van nuwe tegnologie (Nel & Nel, 1993:14). Die selektering van die tegnologiese doelstellings van hierdie navorsing fokus spesifiek op die ontwikkeling van 'n nuwe program, naamlik 'n traumabegeleidingsprogram aan slagoffers van plaasaanvalle.

2.1.5 **Stap 5: Selektering van inligtingsbronne** – Hierdie stap behels die selektering van moontlike inligtingsbronne wat tot die ontwikkeling van die nuwe tegnologie kan bydra (Thomas, 1981:600). Thomas (1981:598) identifiseer agt kennisbronne, naamlik: basiese navorsing, toegepaste navorsing, inheemse maatskaplikewerknavorsing, verwante tegnologie, wetlike beleid, maatskaplikewerkinnovasie, wetenskaplike tegnologie en praktyk.

- **Voorwaarde D: Relevante inligting en bronne** - Die ontwikkelingsnavorser kry sy/haar data vir tegnologiese ontwikkeling uit die inligtingsbronne, soos basiese navorsingsverslae en –artikels; toegepaste navorsingsverslae en –artikels; handboeke; en professionele en praktykervaring (Nel & Nel, 1993:7). Die navorser bespreek die beplande navorsing met kundiges uit verskeie vakgebiede, naamlik; Maatskaplike Werk, Psigologie, Kriminologie, SAPD, Landbou, Teologie en Medisyne. Bronne insluitend boeke en artikels in verskeie dissiplines is nagevors.

2.2 FASE 2: DIE ONTWERPFASE

Volgens Thomas (1981:600) word die intervensie-innovasie in die ontwikkelingsfase ontwikkel. In hierdie fase word drie stappe geïdentifiseer, naamlik (Thomas, 1981:601-602): Die insameling en evaluering van tegnologiese hulpbronne; die ontwerp van maatskaplikewerktegnologie; en die tegnologiese verwesenliking. Vir die navorser is die eerste twee stappe van Thomas se ontwikkelingsfase deel van Nel en Nel (1933:12-13) se ontwerpfase en die laaste stap, naamlik tegnologiese verwesenliking, is deel van Nel en Nel (1993:22) se ontwikkelingsfase. Tripodi (1983:19) identifiseer ook drie stappe in programontwikkeling, naamlik die inisiëringsfase, die kontakfase en die implementeringsfase. Hy noem verder dat fases in programontwikkeling dikwels kan oorvleuel. Al die toepaslike gegewens is op die doelstellings van toepassing gemaak en die nodige wysigings, aanpassings en veranderings is aangebring ten einde die nuwe tegnologiese produk (traumabegeleidingsprogram) te ontwikkel.

2.2.1 **Stap 6: Die insameling en evaluering van tegnologiese hulpbronne** - Hierdie stap word gekenmerk deur die insameling en evaluering van tegnologiese hulpbronne (Thomas, 1981:601).

- **Voorwaarde E: Relevante data** - Die insameling en evaluering van alle relevante stof gee aanleiding tot die ontwerp van die maatskaplikewerktegnologie. In hierdie stap vind die konkrete aksie plaas en word die nuwe tegnologiese data ontwikkel. Tydens die insameling en evaluering van relevante stof het dit duidelik geblyk dat slagoffers na traumatisering nie bekend is met bestaande verwysingsdienste nie. Alhoewel trauma-

ondersteunendedienste toenemend voorkom, is hierdie dienste nog nie toeganklik vir slagoffers van geweldmisdaad nie. Volgens slagoffers van plaasaanvalle ontvang hulle direk na die plaasaanval ondersteuning, maar later, namate die tyd na die plaasaanval verloop, ervaar hulle isolering van die kant van die gemeenskap. Die slagoffers ervaar ook gesondheidsprobleme, onverstaanbare emosies en reaksies asook verhoudingsprobleme wat dit vir hulle moeilik maak om normal te funksioneer. Advies wat van die slagoffers ontvang is, is dat 'n traumabegeleidingsprogram die ontwikkeling van lewensvaardighede, die behoefte om oor traumagebeure en emosies en reaksies op traumagebeure te praat, kontak met ander slagoffers, en verwysing na beskikbare professionele dienste (fisies, psigies, sosiaal en geestelik) behoort in te sluit.

2.2.2 **Stap 7: Die ontwerp van maatskaplikewerktegnologie** - Die voorvereistes vir die ontwerpfase is soos volg (Nel & Nel, 1993:12-14):

- Formulering van doelstellings en doelwitte: Doelstellings moet geformuleer wees en spesifieke meetbare doelwitte moet geformuleer word.
- Die ontwerp van 'n praktykmodel: Die navorser moet die beoogde ontwerp vanuit die praktykmodel kan verklaar.
- Tentatiewe voorstelling van die innovasie: Voor die innovasie in 'n werklike produk omgeskep kan word, moet die innovasie in 'n tentatiewe (of simboliese) vorm voorgestel word;
- Bepaling van die innovasieprosedures: Spesifieke aktiwiteite en opdragte met betrekking tot wie doen wat, waar, wanneer, hoe, vir wie en onder watter omstandighede, moet gespesifiseer word.

Hierdie stap het die ontwikkeling en ontwerp van nuwe tegnologie ten doel. Thomas (1984:151) beskou ontwerp as " ... the planful and systematic application of relevant scientific, technical and practical information to the creation and assembly of innovations appropriate in human service intervention".

- **Voorwaarde F: Die nuwe tegnologiese ontwerp** - Volgens Nel en Nel (1993:15-21) is die metodologieë in die ontwerpfase soos volg:

- Formulering van doelstellings: Die formulering van doelstellings veronderstel die algemene en langtermynoogmerke wat nie spesifiek meetbaar is nie.
- Die daarstelling van 'n praktykmodel: 'n Praktykmodel wat relevante inligting bevat, behoort ontwerp te word as die domein waarbinne die tegnologie behoort te ontwikkel.
- Rolbeskrywing: Die rolbeskrywing behoort uit die praktykmodel afgelei te word.

- Identifisering van vaardighede: Die identifisering van vaardighede veronderstel die bedrewenheid waarmee 'n innovasie uiteindelik uitgevoer word.
- Bepaling van leerbehoeftes: Al drie tipes behoeftes (vermelde, geïmpliseerde en gevoelde behoeftes) moet geïdentifiseer en verreken word.
- Formulering van programdoelwitte: Binne die raamwerk van die reeds geformuleerde breë doelstellings word spesifieke doelwitte bepaal.
- Bou van 'n kurrikulum: Programinhoud word bepaal deur inligtingsbronne te selekteer en te evalueer; kurrikuluminhoude word gekategoriseer en georden; en leerplanne word in lesinhoude omgeskep.
- Selektering van onderrigstrategieë: Hier word gefokus op die wyse waarop die leersituasie gaan plaasvind.
- Identifisering van die bronne: Verkryging van onderrigbronne, naamlik fisiese, finansiële en menslike bronne.

Tydens die saamstel van die traumabegeleidingsprogram het die navorser die doelstellings en doelwitte van elke module omlyn (hoofstuk 7). Die traumabegeleidingsprogram is ontwerp vanuit die versamelde en geëvalueerde inligting soos deur die slagoffers na traumatisering aangedui. Hierdie program is met ander woorde op die praktyk gefokus en is so saamgestel dat die hulpverlener spesifieke aktiwiteite en opdragte kan aanbeveel met betrekking tot wie wat moet doen, waar, wanneer, hoe, vir wie en onder watter omstandighede. Rolbeskrywing, die vaardighede waarmee die program uitgevoer behoort te word, die bepaling van leerbehoeftes, formulering van programdoelwitte, programinhoud gefokus op die behoeftes van die slagoffers, asook die wyse waarop die leersituasie gaan plaasvind is, uiteengesit in hoofstuk 7.

2.3 FASE 3: DIE ONTWIKKELINGSFASE

2.3.1 **Stap 8 : Tegnologiese verwesenliking** - Volgens Nel en Nel (1993:22) kan ontwikkeling beskou word as die proses waardeur 'n innovasie op 'n eksperimentele basis geïmplementeer en gebruik word, daarna vir die geskiktheid daarvan getoets word, en indien nodig, verfyn en herontwerp word. By die ontwikkelingsfase word 'n evalueringskomponent ook ingesluit. Die ontwikkelingsfase moet volgens Nel en Nel (1993:22-26) aan vier voorvereistes voldoen, naamlik:

- **Ontwikkelingsplan** - Vir die ontwerp van 'n ontwikkelingsplan is dit nodig om die doel of omvang van ontwikkeling te stel; die omvang van en tipe evaluering moet oorweeg

word; oorweging moet geskenk word aan hoeveel navorsing gesamentlik met die ontwikkelingsaksie uitgevoer moet word; en oorweging moet ook geskenk word aan die plek waar die innovasie aan loodsgebruik en ontwikkelingstoetsing onderwerp gaan word.

- **Loodsimplementering** - Nadat die operasionele voorbereiding getref is, volg die loodsimplementering van die innovatiewe tegnologie.
- **Data uit loodsgebruik** - Data word uit die loodsimplementering gegenereer om verfyning en afronding van die innovasie te bewerkstellig.
- **Beproefde interventiewe innovasie** – Sodra die innovasie herhaalde kere geïmplementeer en getoets is, waarop verandering of herontwerp gevolg het, word 'n stadium bereik waarin die innovasie suksesvol herhaal is sonder die aanbring van groot veranderinge of die herontwerp van die innovasie.

Volgens Nel en Nel (1993:26-31) is die metodologieë vir die ontwikkelingsfase die volgende:

- **Formulering van die ontwikkelingsplan** - Die volgende vier aspekte moet volgens Nel en Nel (1993:27-28) aandag geniet om die effektiwiteit van die finale produk te verseker, naamlik die omvang van die ontwikkeling; evaluering in die ontwikkelingsfase; die navorsing in die ontwikkelingsfase; en die plek van loodsgebruik en ontwikkelingstoetsing.
- **Operasionele voorbereiding** - Die metode veronderstel die toepassing van die teorie in die praktyk. Volgens Nel en Nel (1993:28-30) moet bepaalde aspekte in gedagte gehou word tydens operasionele voorbereiding, naamlik personeel en hulle ontwikkelingsvaardighede, supervisie en projekbestuur asook wanneer 'n steekproef in 'n ontwikkelingsfase getrek word.
- **Loodsgebruik en ontwikkelingstoetsing van die innovasie** – "Die doel van die loodsgebruik van 'n innovasie is om die ontwikkelingsgeldigheid daarvan te verhoog." (Nel & Nel, 1993:31.) Op grond van die loodsondersoekresultate kan die innovasie herontwerp word; of 'n ander ontwerp kan opgestel word om nuwe onvoorsiene probleme te kan ondervang, of daar kan besluit word dat die ontwerp voldoende is vir herhaalde benutting (Nel & Nel, 1993:31).
- **Die ontwerp van tegnologie is die laaste stap in die ontwikkelingsfase** - Tripodi (1983:20) beskou die tegnologiese verwesenliking as die implementering van die program. Dienslewering geskied nou deur te besluit hoeveel dienste gelewer gaan word; hoe gereeld dienste gelewer gaan word; vir hoe lank dienste gelewer gaan word, en

volgens watter kriteria terminering gaan geskied of by ander programme ingeskakel gaan word.

Los van die literatuurstudie het die navorser die voorgestelde traumabegeleidingsprogram met 'n paar slagoffers van plaasaanvalle bespreek in 'n poging om te bepaal of die program in slagoffers van plaasaanvalle se behoeftes sal voorsien. Hulle aanbevelings en kommentaar is opgeneem en by die program ingewerk. In die loodstoets is die skedule aan 6 slagoffers van plaasaanvalle, 2 maatskaplike werkers en een predikant uitgedeel. Dit was hoofsaaklik maatskaplike werkers en predikante wat met die slagoffers bemoeienis gehad het. Vanuit die terugvoer van die bogenoemde persone is die bewoording van 'n paar vrae aangepas ten einde die meetinstrument duideliker te maak. Die skedule vir die program is toe deur 34 respondente ingevul en op grond van hulle aanbevelings is die traumabegeleidingsprogram saamgestel. Daarna is die program aan 5 groeplede (slagoffers van plaasaanvalle) aangebied. Daar is besluit op 'n groep nie groter nie as 6 lede, omdat die literatuur daarop dui dat posttraumatiese stresversteuringsgroepe nie uit meer as 5/6-8 groeplede behoort te bestaan nie (Peterson et al., 1991:188; Walker & Nash in Peterson et al., 1991:184). Die nuwe tegnologiese ontwerp is nou ontwikkel en behoort sy plek naas alle ander maatskaplikewerktegnologiese produkte in te neem. Hierdie stap kan as 'n tegnologiese realisering beskou word. Die volgende stap was om die nuwe tegnologie aan evaluering te onderwerp.

2.4 FASE 4: DIE EVALUERINGSFASE

Die analise, ontwerp en ontwikkelingsfase gaan die evalueringsfase vooraf. "Tydens die evalueringsfase word bepaal of die innovasie, soos dit ontwerp en ontwikkel is, behoort behou en gebruik te word, of dit effektief en doeltreffend is, en of dit herontwerp en verdere ontwikkeling behoort te ondergaan." (Nel & Nel, 1993:33.) Die voorvereistes vir die evalueringsfase is die ontwerp van 'n evalueringsplan en die generering van evalueringsdata (Nel & Nel, 1993:34).

Die metodologie wat in die evalueringsfase gevolg word, is soos volg (Nel & Nel, 1993:35-37):

- **Evalueerbaarheidsassessering** - Evalueerbaarheid wat van die begin van die ontwerpfase reeds ingebou is, sluit die volgende in: duidelikheid oor wat geëvalueer moet word; die potensiële verbruikers van die evaluering behoort die aktiwiteite en

doelstellings wat in die innovasie opgesluit moet lê, te bepaal; en 'n besondere navorsingsontwerp is nodig om die program te evalueer.

- **Programmonitering (prosesevaluering)** - Dit behels die monitering en meting van die onafhanklike veranderlikes, byvoorbeeld die metodes, inhoud, aanbiedingstyle en moniteringstegnieke.
- **Impakevaluering** – Met impakevaluering word onderneem om die impak van die program te bepaal.
- **Koste-effektiwiteitsevaluering** – Koste-effektiwiteitsevaluering word gedoen om die effektiwiteit en die doeltreffendheid van die innovasie te bepaal.
- **Benuttingsevaluering** – Benuttingsevaluering het die bepaling van die mate waartoe die tegnologiese item in die praktyk benut is, ten doel.

Vir Rubin en Babbie (1993:545) lê die doel van programevaluering daarin om die sukses van die program te bepaal; probleme in die implementering van programme vas te stel; en inligting wat by programbeplanning en –ontwikkeling nodig is te verstrek. In die evalueringsfase kom vier stappe voor wat gevolg moet word, naamlik voorlopige uittoetsing, insameling van evalueringsdata, evaluering van maatskaplikewerktegnologie, die herontwerp, soos nodig, asook die herhaling van stappe 6-12. Raymond (1981:421) verwys na vyf stappe in programevaluering, naamlik "Determining program objectives"; "Establishing outcome measures (dependent variables)"; "Identifying independent and intervening variables"; "Utilizing research designs"; en "Assessing program efficiency". Tripodi (1983:33) verwys na vier kriteria vir evaluering, naamlik: pogings, effektiwiteit, onvoorsiene gevolge en doeltreffendheid.

Vir die navorser is die doel van programevaluering om die sukses van die program te bepaal; probleme in die implementering van programme vas te stel; en inligting wat by programbeplanning en –ontwikkeling nodig is te verstrek. In hierdie navorsing is die program voorlopig uitgetoets, evalueringsdata ingesamel, die program geëvalueer en die nodige aanpassings gemaak (sien Uitdeelstuk 15, bladsy 332; Hoofstuk 8, bladsye 388-393; Hoofstuk 9, bladsy 407).

2.4.1 Stap 9: Voorlopige uittoetsing

- **Voorwaarde G: Die nuwe produk** - Die traumabegeleidingsprogram is aangebied om aan die behoeftes te voldoen wat deur die verkennende navorsing uitgewys is. Hierdie nuwe tegnologiese ontwikkeling is uitgetoets en behoorlik geëvalueer (sien Uitdeelstuk 15, bladsy 332; Hoofstuk 8, bladsy 388-393). Nadat die traumabegeleidingsprogram aangebied is, het die navorser die program geëvalueer ten einde vas te stel of die

doelwitte wat gestel is, bereik is, en om nuwe hipoteses te formuleer (Hoofstuk 9, 2.2.8, bladsy 395). Die program is nie herontwerp nie, maar daar is wel aanbevelings gemaak (sien hoofstuk 9). Vir hierdie navorsingstudie is gebruik gemaak van die enkelstelsel om die effektiwiteit van die program te bepaal. Die groeplede het voor die aanvang van die eerste sessie, na afloop van die laaste sessie en ook ses weke na afloop van die traumabegeleidingsprogram dieselfde vraelys ingevul.

2.4.2 **Stap 10: Insameling van evalueringsdata** - Data word ingesamel ten einde die produk wat voorlopig geïmplementeer is, te evalueer.

- **Voorwaarde H: Voorlopige veldimplementering** - Die nuwe tegnologiese produk is voorlopig geïmplementeer. Dit gee aanleiding tot die insameling van evalueringsdata. Tydens die benutting van hierdie nuwe tegnologiese produk is gegewens ingesamel wat kan lei tot nuwe hipoteses wat geformuleer en ondersoek kan word. Die effektiwiteit van die traumabegeleidingsprogram is bepaal deur verskeie aspekte te meet (voor intervensie, na intervensie en ses weke na intervensie), byvoorbeeld:

➢ Is dit moeilik om oor die traumagebeure te praat?
➢ Kan jy onthou wat tydens die aanval gebeur het?
➢ Het die traumagebeure nog steeds 'n uitwerking op jou lewe?
➢ Het iets goeds uit die gebeure na vore getree?
➢ Die uitwerking van die traumagebeure op die respondent se emosionele lewe.
➢ Die effek van die trauma op die respondent se verhoudings.

2.4.3 **Stap 11: Evaluering van maatskaplikewerktegnologie** - Hierdie stap behels die evaluering van die tegnologie.

- **Voorwaarde I: Resultate van die voorlopige benutting van die nuwe tegnologie** - Die resultate van die voorlopige implementering van die traumabegeleidingsprogram het daartoe bygedra dat 'n deeglike evaluasie van die nuwe maatskaplikewerk-tegnologie gemaak kon word. Doelwitte wat gestel is, is bereik (sien Hoofstuk 8, 6.9, bladsy 340; Hoofstuk 9, 2.2.8, bladsy 395). Die produk blyk voordele in te hou vir die slagoffers van plaasaanvalle.

2.4.4 **Stap 12: Herontwerp, soos nodig, en die herhaling van stappe ses tot twaalf** - Die herhaling van stappe ses tot twaalf kan nodig wees ten einde sekere aanpassings op 'n later stadium aan die produk te maak. Dit blyk egter nie nodig te wees nie.

2.5 FASE 5: DIE VERSPREIDINGSFASE

Na die ontwikkeling en evaluering van innovatiewe tegnologie, word die tegnologie maksimaal benut deur die bemarking, verspreiding en gebruik daarvan. Nel en Nel (1993:38) verwys na die bemarking, verspreiding en gebruik van die innovatiewe tegnologie as die benuttingsfase. Verspreidingsmateriaal wat inligting bevat oor die aard van die aanwendbaarheid van die innovasie moet beskikbaar wees. Rothman (1980:19) het verspreiding as proses tot ontwikkelingsnavorsing bygevoeg. 'n Nuwe produk of instrument wat nuttig blyk te wees, moet aan potensiële verbruikers bekendgestel word. Vir Havelock (soos aangehaal deur Rothman, 1980:20) beteken verspreiding ook die aanvaarding, ingebruikneming en integrering van die nuwe produk. Hy identifiseer ook twee belangrike rolle by diffusie, naamlik " the *sender* as engaging in activities such as *promoting, informing-telling,* and *demonstrating-showing*"; en hy sien die "*adaptor* as engaging in collateral activities such as *awareness, evaluation,* and *installation*".

2.5.1 **Stap 13: Bemarking van die innovasie** - Die navorser voeg hierdie stap by, want volgens Nel en Nel (1993:39) moet die innovasiemateriaal bemark word. Die traumabegeleidingsprogram kan ook aan ander hulpverleningsprofessies bemark word (sien Hoofstuk 2 2.5.3). Dit is belangrik dat die traumabegeleidingsprogram voorberei word vir die mark dienooreenkomstig die spesifieke behoeftes en vermoeëns van die organisasie of individu wat behoefte het om die program te implimenteer. Met ander woorde hierdie program kan nie rigied vir alle doeleindes toegepas word nie.

2.5.2 **Stap 14: Voorbereiding van verspreidingsmedia - Nel en Nel (1993:39) noem dat die innovasiemateriaal** vir die mark voorberei moet word. Die saamstel van inligting vir die breë gebruik van die nuwe maatskaplikewerktegnologie wat ontwerp is, is dus noodsaaklik.

- **Voorwaarde J : Verspreidingsmedia** - Die traumabegeleidingsprogram is as waardevol geëvalueer. 'n Geskrewe weergawe is aan alle slagoffers van plaasaanvalle wat deel uitgemaak het van die ondersoekgroep gestuur, al het hulle nie deel uitgemaak van die traumabegeleidingsprogram nie. Met hierdie poging is ondersteuning aan slagoffers van plaasaanvalle verleen. Die navorser het hierdie verspreiding van inligting beskou as 'n blyk van waardering aan die respondente wat bereid was om die navorser met die navorsing behulpsaam te wees. (Die wyse waarop die slagoffers by die traumabegeleidingsprogram betrek is, word in Hoofstuk 7 bespreek).

2.5.3 **Stap 15: Die breë verspreiding van die produk** - Verspreidingsmateriaal word beskikbaar gestel aan voornemende verbruikers (Nel & Nel, 1993:39). Dit kan in die vorm wees van 'n artikel in 'n koerant of 'n wetenskaplike artikel, en aanbieding by 'n konferensie of seminaar en afdrukke van die PhD wat in biblioteke beskikbaar is.

2.6 FASE 6: AANVAARDING

2.6.1 **Stap 16: Wye benutting van die tegnologie** - In die geval van hierdie navorsing is dit nie net slagoffers van plaasaanvalle wat by hierdie intervensie baat kan vind nie. Hierdie intervensie kan ook vir vele ander vorme van geweldmisdaad, motorongelukke, fisiese rehabilitasie, verkragting en nog meer aangewend word.

3. DIE OPNAMEPROSEDURE

3.1 OMSKRYWING VAN OPNAMEPROSEDURE

Die opnameprosedure word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:47) soos volg gedefinieer: "Navorsingsmetode waarvolgens data ingesamel word uit 'n geselekteerde steekproef om die kenmerke of menings van die populasie te beskryf." Meyers *et al.* definieer die opnamemetode as " ... any procedure involving the investigator entering a subject population and measuring some specific set of responses. In this technique you will find neither the manipulation of an independent variable nor the setting up of a control condition" (Smit, 1983:75). Strydom (1999:80-81) noem dat die opname seker die bekendste prosedure is. Die primêre doel van die veldopname is om feitelike inligting te bekom ten opsigte van een of ander aspek van die werklikheid vir die doel van die beskrywing, verklaring of beplanning (Strydom, 1999:81).

Opname het dus ten doel om feitelike inligting te bekom ten opsigte van inligting wat reeds bestaan (Grinnell & Williams, 1990:207). Die opnameprosedure is in die navorsing as data-insamelingsmetode gebruik. Die navorser het met behulp van die opnameprosedure feitelike inligting ten opsigte van die navorsingsgebied ingesamel vir die doel van beskrywing, verklaring en beplanning. Deur middel van die opnameprosedure het die navorser die navorsingsgebied verken (verkennende studie) wat gelei het tot ontwikkelingsnavorsing (verklarende studie). Die opnameprosedure wat die navorser gebruik het (wat beskou is as 'n verkennende studie), het aanleiding gegee tot die ontwikkelingsnavorsing (verklarende studie) en verder tot die benuttingsnavorsing (beskrywende studie). Die opnameprosedure (onderhoudvraelys) het

gepaard gegaan met ongestruktureerde persoonlike onderhoude en gestruktureerde onderhoude wat kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing insluit. Ten opsigte van die voorondersoek was van individueel geadministreerde onderhoudskedules gebruik gemaak.

3.2 ONDERHOUDSKEDULE

Powers *et al* (1985:122) noem dat data wat ondersoek word gewoonlik deur middel van een van die volgende drie metodes ingesamel word, naamlik pos-, telefoniese of persoonlike onderhoude. Botes (1997:41), Strydom (1999:119-123) en Tripodi (1983:66) onderskei die volgende vyf verskillende tipes insamelingsmetodes en vraelyste, naamlik posvraelys, persoonlike onderhoud, telefoniese onderhoud, handafgelewerde vraelys en groepsonderhoud. Smit (1983:165) noem dat 'n skedule beskou kan word as 'n vraelys wat deur die navorser self ingevul word terwyl 'n vraelys deur die informant sonder die hulp van die navorser ingevul word, byvoorbeeld vraelyste wat deur die pos gestuur word. Hy noem verder dat in die praktyk die twee identies is, sover dit die konstruksie en ontwerp van die vraelyste betref. Strydom (1999:116) noem dat vraelyste 'n vaste vorm van notering van waarneming verskaf wat as grondslag dien vir die standaardisering van waarneming. Dit verskaf 'n gids vir waarnemings en onderhoude en help om die onderhoud formeel te rig en te struktureer. Vir die doeleindes van die studie sal deurgaans van skedule gepraat word.

Die navorser het 'n skedule ontwerp om die aspekte wat as basislyn dien, te meet. In hierdie ondersoek is van verskillende tipes vraelyste gebruik gemaak. Die navorser dui deurlopend aan van watter tipe vraelyste gebruik gemaak is.

3.2.1 Pos- of versendingsvraelys

Goldstein (1963:135) noem dat: "Non-personally administered schedules are most frequently referred to as mailed questionnaires, because they are most often sent out in the mail." Versendingsvraelyste verwys in hierdie studie na sulke "non-personal administered schedules" asook vraelyste wat persoonlik aan respondente oorhandig is of by respondente gelaat is om later afgehaal te word of per pos teruggestuur te word. Die vraelyste is persoonlik voltooi. Die vraelys wat tydens die aanbieding van die program aan die respondente uitgedeel is om ses weke na die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram (intervensie) in te vul, is egter per pos aan die navorser teruggestuur.

3.2.1.1 Voorwaardes waaraan vraelyste moet voldoen

Voorwaardes waaraan vraelyste moet voldoen om terugvoer en die goeie kwaliteit daarvan te verseker:

- Omdat geen onderhoudsvoerder tydens die invul van die vraelys beskikbaar is nie en geen verbale verduidelikings kan plaasvind nie, moet misverstande vooraf voorsien en uitgeskakel word (Goldstein 1963:136).
- Die vraelys moet eenvoudig en maklik wees om in te vul (Powers *et al.*, 1985:122).
- Posvraelyste behoort korter te wees as onderhoudskedules (Goldstein, 1963:135; Powers *et al.*, 1985:122; Smit, 1983:166).
- Dit moet uit geslote eerder as oop vrae bestaan (Powers *et al.*, 1985:122).
- 'n Dekbrief wat die doel van die ondersoek aantoon en wat respondente sal aanmoedig om die vraelys in te vul, moet aangeheg wees (Powers *et al.*, 1985:122; Rubin & Babbie, 1993:337; Smit, 1983:166-167).
- Gefrankeerde koeverte (Powers *et al.*, 1985:122) of 'n posvraelys wat sodra dit toegevou is, self gefrankeerd is, moet ingesluit wees (Rubin & Babbie, 1993:336).
- Maak aanspraak op die respondent se gevoel vir sosiale en intellektuele verantwoordelikheid (Powers *et al.*, 1985:122).

3.2.1.2 Voordele van posvraelyste

Voordele waaroor die posvraelys beskik, is soos volg (Neuman, 1994:242; Reid & Smith, 1981:208-209; Royse, 1992:104; Tripodi, 1983:70):

- 'n Groot aantal respondente oor 'n verspreide area kan betrek word.
- Die vertroulikheidsaspek is sterk omdat die respondent die vraelys kan invul sonder om sy/haar identiteit bekend te maak wat dit moontlik maak dat hy/sy sensitiewe vrae eerlik kan beantwoord.
- Seleksie geskied maklik.
- Die moontlikheid dat die navorser die respondente deur geaardheid en kleredrag kan beïnvloed, is uitgesluit.
- Dit verleen tyd aan die respondente vir die invul van die vraelyste.
- Dit verskaf dieselfde prikkel aan al die respondente, en direkte beïnvloeding deur die navorser is uitgesluit.
- Dit is kostebesparend.

3.2.1.3 Nadele van posvraelyste

Nadele van die posvraelys is die volgende (Monette *et al.* 1994:170); Neuman, 1994:223; Reid & Smith, 1981:209; Royse, 1992:104-105; Tripodi, 1983:70):

- 'n Gebrek aan kontrole oor die vraelyste nadat dit gepos is, omdat daar nie sekerheid is oor wie uiteindelik die vraelys invul nie, kan voorkom.
- Die vraelys kan dalk onvolledig ingevul word.
- Dit sluit ongeletterdes, persone sonder 'n vaste adres of posaflewering uit.
- Volgens Royse (1992:104-105): "(It) ... may not provide the detail that could emerge from a face-to-face contact. In personal interview situations, the interviewer is able to ask for additional information (to probe) if the respondent says something exceptionally interesting or if the interviewer is not sure of the response or thinks the respondent did not understand the question."
- Omdat posvraelyste so algemeen is, beskou sommiges dit as advertensies of gemorspos.
- Verandering in adresse, vanne of beroepe bring mee dat vraelyste ingevul kan word nie.
- Die responskoers is laer as met onderhoude.

3.2.2 Onderhoudskedule

'n Onderhoud is 'n alternatiewe metode om navorsingsinligting mee in te win (Babbie, 2000:258). 'n Onderhoud as data-insamelingsmetode realiseer wanneer die navorser self onderhoude met die respondente voer deur die vrae aan die respondente te stel en die skedule self in te vul (Babbie, 1992:269; Rubin & Babbie, 1993:342).

Onderhoude is dus tweerigtinguitruilings tussen 'n onderhoudvoerder en 'n respondent. Vir die doeleindes van hierdie studie verwys die onderhoudvoerder na die navorser self. Hierdie tipe onderhoudvoering dra by tot verkennende navorsing. 'n Onderhoudskedule word in twee kategorieë verdeel, afhangende van die kontrole oor die onderhoud en die identifikasie tussen die navorser en die respondent. Die metode met die meeste kontrole oor interaksie en identifikasie tussen navorser en respondent word onderhoudvoering genoem. Die metode met die minste kontrole oor die interaktiewe verhoudings word deelnemende observasie genoem (Goldstein 1963:143). Die navorser het tydens die voorondersoek gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule.

3.2.2.1 Tipes navorsingsonderhoude

Die skedule is deur die navorser self ingevul gedurende 'n persoonlike onderhoud met slagoffers van plaasaanvalle. Cilliers (1973: 90-92) onderskei tussen drie tipes navorsingsonderhoude:

- Niegerigte of ongestruktureerde onderhoud.
- Gerigte of fokusonderhoud; en
- Formeel-gestruktureerde onderhoud.

Vervolgens word die drie tipes navorsingsonderhoude bespreek:

- **Niegerigte of ongestruktureerde onderhoud**

In die niegerigte onderhoud beperk die navorser sy/haar eie bydrae tot 'n absolute minimum en suggereer slegs die algemene tema waaroor inligting verlang word (Cilliers, 1973:90; Strydom, 1999:120). Dit bestaan meestal uit 'n lys oopeindevrae wat vir verkennende doeleindes benut word. Die onderhoud word deur die navorser ingelei, maar die presiese inhoud van die onderhoud kan van respondent tot respondent varieer. Addisionele vrae kan gedurende die onderhoud geformuleer word om interessante leidrade van die respondent op te volg (Monette *et al.*, 1994:170; Tripodi, 1983:72). Standaardisering van vrae is dus minder noodsaaklik (Tripodi, 1983:72). In hierdie tipe onderhoud is diegene wat ondervra word, vry om oor die onderwerp uit te brei of om op spesifieke aspekte te fokus. Die navorser onderbreek slegs vir die opheldering of verduideliking, maar dui nie die rigting aan of bied nie ondersteuning deur vrae te stel nie (Bless & Higson-Smith, 1995:106-107).

Vir die navorser is dit nodig om meer spesifieke inligting te bekom as dit waartoe die nie-gestruktureerde onderhoud 'n mens bring. Hierdie tipe onderhoudvoering is dus nie in die navorsing gebruik nie.

- **Gerigte of fokusonderhoud (semigestruktureerde onderhoud)**

Soos in die niegerigte onderhoud weerhou die navorser hom/haar in die gerigte onderhoud daarvan om leiding aan die respondente te gee, maar rig die onderhoud steeds spesifiek op die besondere ervaring of onderwerp wat bestudeer word (Cilliers, 1973:90). "Semi-structured interviews include specific topics, but there is a combination of open-ended and closed-ended questions." (Tripodi, 1983:71.) Tripodi (1983:71-72) noem dat daar na hierdie onderhoude verwys word as gefokusde onderhoude. Hierdie vraelyste word gebruik om

afleidings te maak oor die subjektiewe ervaring van individue wat aan maatskaplikewerkbehandelingsprogramme deelneem. Dit word ook gebruik om te bepaal hoe goed behandelingsprogramme verstaan en geïmplementeer word. Standaardisering is dus minder belangrik in semigestruktureerde onderhoude.

Strydom (1999:121) beskou die gerigte of fokusonderhoud as 'n tusseninfase waar die ondervraer hom/haar daarvan weerhou om leiding aan die respondent te gee, maar die onderhoud tog spesifiek te fokus op die onderwerp. Die navorser het van gerigte (fokus) onderhoudvoering gebruik gemaak.

Deur middel van die onderhoudskedule het die navorser gepoog om feitelike inligting (behoeftes en probleme van slagoffers van plaasaanvalle) in te win ten opsigte van die navorsingsgebied (traumabegeleiding). Die navorser het met 'n behoorlik saamgestelde vraelys (sien Bylae A) feitelike inligting bekom ten opsigte van die behoefte en probleme van slagoffers van plaasaanvalle vir die doel van beskrywing, verklaring en beplanning van die traumabegeleidingsprogram. Die navorser het in die onderhoud die geleentheid gehad om verbale en nieverbale reaksies te kon waarneem.

- **Formeel-gestruktureerde onderhoud (geskeduleerde onderhoud)**

In 'n gerigte en niegerigte onderhoud is die vrae: óf ongestruktureerd óf semigestruktureerd, " ... in die sin dat slegs die onderwerp aan die respondent gestel word ... óf die stimulus óf die reaksie heeltemal vry gelaat word" (Cilliers, 1973:90). Gestruktureerde onderhoude bestaan uit spesifieke onderwerpe waarvoor inligting ingesamel word, primêr deur gesloteeindevrae in die vorm van 'n keuse te stel, waar daar tussen alternatiewe gekies moet word (Cilliers, 1973:90; Tripodi, 1983:71). Deur middel van hierdie tipe onderhoud word kwantitatiewe beskrywende inligting ingewin (Tripodi, 1983:71). Volgens Strydom (1999:120) benut die formeel-gestruktureerde onderhoud slegs semigestruktureerde of ten volle gestruktureerde vrae. Volgens hom kan hierdie tipe onderhoud oppervlakkig voorkom, maar die voordele van standaardisasie van reaksies en die beperking van veldwerkersfoute is voordelig.

"*Nonschedule-standardized interviews* add more structure, with the topic narrower and specific questions asked of all respondents. However, the interview remains fairly conversational, and the interviewer is free to probe, rephrase questions, or take the questions in whatever order best fits that particular interview." (Monette *et al.*, 1994:171.) Alhoewel

sommige vrae oop vrae is, is die meeste geslote vrae (Bless & Higson-Smith, 1994:107; Monette *et al.*, 1994:17). Die navorsingsgebied (traumabelewing) omvat emosionele inhoude wat dit vir die respondente moeilik gemaak het om doelgerig op die geskrewe skedule te bly fokus. Die respondente het die behoefte gehad om hulle gevoelens aangaande die navorsingsgebied uit te spreek. Die navorser het aan die respondente die geleentheid gebied om oor hierdie gevoelens te praat. Die navorser het ook deur middel van oop- en geslote vrae die respondente so gestimuleer dat sekere inligting verkry kon word (Bylae A).

3.2.2.2 Voordele van 'n onderhoud

Voordele van 'n onderhoud is die volgende:

- Volgens Royse (1992:109) voorsien persoonlike onderhoude die onderhoudvoerder van meer kontrole as die pos- of telefoononderhoude omdat die onderhoudvoerder gesigsuitdrukkings en gemoedstoestande kan lees, omgewingsversteurings kan monitor en kan besluit as die onderhoud na 'n stiller vertrek verskuif moet word of dalk eerder op 'n later stadium moet plaasvind.
- In 'n onderhoud lees die navorser die vrae direk aan die respondent en dan teken hy/sy die antwoorde aan (Monette *et al.*, 1994:170).
- Onderhoude gee volgens Monette *et al.* (1994:170) aan die navorser 'n mate van buigsaamheid, wat nie moontlik is met vraelyste nie. Buigsaamheid in die sin dat die navorser byvoorbeeld 'n vraag aan die respondent kan herhaal (Bailey, 1994:174; Bailey, 1982:182).
- Die responskoers is hoër as met posvraelyste (Babbie, 1992:269; Bailey, 1994:174; Bailey, 1982:182).
- Nieverbale gedrag kan deur die navorser waargeneem word om die geloofwaardigheid van die respondent te bepaal (Bailey, 1994:174).
- Dit bekom waarneembare inligting, byvoorbeeld 'n persoon se ras en geslag, sonder dat 'n antwoord daaroor ingevul hoef te word (Royse, 1992:110; Tripodi, 1983:75).
- Die navorser het beheer oor die volgorde waarin vrae gestel word (Bailey, 1994:174).
- Spontane antwoorde kan meer inligting deurgee as normatiewe antwoorde wat deurdink is (Bailey, 1994:174).
- Die respondent antwoord vir homself/haarself sonder die hulp van ander (Bailey, 1994:174).
- Die navorser kan verseker dat al die vrae beantwoord word (Bailey, 1994:174).
- Die navorser ken die presiese tyd, plek en datum waarop die vraelys ingevul is, en kan belangrike gebeure, wat die antwoorde op die vraelys kan beïnvloed, in aanmerking neem (Bailey, 1994:174).

- 'n Moeiliker vraelys kan gebruik word omdat die navorser die inhoud aan die respondent kan verduidelik (Bailey, 1994:174).
- Dit is moeiliker vir 'n respondent om 'n ondervraer voor die deur weg te wys as wat dit is om 'n posvraelys in die asblik te gooi (Babbie, 1992:269).
- Die fisiese teenwoordigheid van 'n ondervraer skakel antwoorde soos "ek weet nie" of "nie van toepassing nie" uit (Babbie, 1992:269).
- Ondervraers skakel enige verwarring uit wat moontlik in 'n vraelys kan opduik (Babbie, 1992:269).
- Onderhoude bied meer verifieerbare, indiepteinligting as posvraelyste (Tripodi, 1983:75).

3.2.2.3 Nadele van 'n onderhoud

Nadele van 'n onderhoud is die volgende:

- Koste kan hoog wees (Bailey, 1994:175; Royse, 1992:110).
- Dit neem tyd om in te vul en dit neem ook baie van die navorser se tyd in beslag omdat hy/sy na elke respondent moet reis (Bailey, 1994:175).
- Die veiligheid van die navorser kan bedreig word (Royse, 1992:110).
- Die respondent se antwoorde kan beïnvloed word deur die navorser se geslag, ras, sosiale klas, ouderdom, kleredrag en fisiese voorkoms (Bailey, 1994:175).
- Dit stel die respondent nie in staat om rekords na te gaan nie (Bailey, 1994:175).
- Dit behels 'n ongeriefsfaktor omdat die tyd dalk nie altyd geleë is wanneer die vraelys beantwoord moet word nie (Bailey, 1994:175).
- Minder anonimitiet (Bailey, 1994:175).
- Gestandaardiseerdheid word in 'n mate ingeboet omdat die navorser die vrae aan verskillene respondente verskillend kan stel of verduidelik. Dit bring mee dat die resultate moeilik vergelyk kan word met ander respondente se antwoorde (Bailey, 1994:175).

3.2.2.4 Metodes om foute in onderhoude te beperk

Metodes om foute in onderhoude te beperk is die volgende (Goldstein, 1963:145-147):

- Voorbereiding vir die onderhoud sluit besluite in oor watter tipe vrae gestel gaan word en of die onderhoud gestandaardiseerd of ongestandaardiseerd aangebied gaan word.
- Die gemotiveerdheid van die onderhoudvoerder om vrae van die respondent te kan beantwoord soos wat met die inligting gedoen gaan word en waarom die inligting benodig word;

- Die identifisering van die onderhoudvoerder en sy/haar verband met die organisasie wat hy/sy verteenwoordig.
- Deur sosiale gesprek te beperk en met 'n professionele houding op te tree, help met die vermindering/uitskakeling van vooroordele wat die respondent dalk uit vorige onderhoude kon gevorm het.
- Die onderhoud moet so gevoer word, dat waardevolle en bruikbare inligting verkry word.
- Verseker die respondente van anonimiteit en vertroulikheid.
- Vermy pogings om die respondente se antwoorde te manupileer of te beïnvloed.
- Beperk die bespreking tot die onderwerp.
- Wys persoonlike vrae aan die onderhoudvoerder af deur te sê: "Wat ek dink is onbelangrik."
- Wend vrae aan om spesifieke antwoorde te kry en maak seker dat die vrae reg verstaan is.
- Beëindig die onderhoud saaklik sodat daar nie geleentheid is vir die respondent om sy antwoorde te verander nie.
- Die respondente moet na afloop van die onderhoud voel soos hy/sy aan die begin daarvan gevoel het. Die respondent moet die onderhoud nie emosioneel ontstellend beleef nie, maar konstruktief. Die navorser is daarvan oortuig dat die respondent nie na die onderhoud kan voel soos voor die onderhoud nie omdat emosies en herinneringe na die oppervlak gebring is. Dit is vir die navorser belangrik dat die respondent die onderhoud nie met pyn nie, maar met hoop verlaat.

3.2.2.5 Voorwaardes vir onderhoudvoering

Voorwaardes vir onderhoudvoering is soos volg:

- Voorkoms en aanslag: Volgens Babbie (1992:270-273) moet die onderhoudvoerder geklee wees om in te pas by die persone met wie die onderhoud gevoer word. Onderhoude moet in 'n aangename atmosfeer plaasvind.
- Persoonlike onderhoude: Die bedreiging wat 'n persoonlike onderhoud inhou, is groter as die by 'n posvraelys, daarom moet die onderhoud ingelui word met agtergrondinligting of met 'n paar niebedreigende vrae (Powers *et al.*, 1985:124).
- Vertroudheid met die vraelys: Wanneer die onderhoudvoerder nie vertroud is met die vraelys nie, benadeel dit die navorsing en plaas dit 'n onredelike las op die respondent. Die onderhoud neem dan meer tyd in beslag as wat nodig is en die onderhoud is dan gewoonlik vir beide partye 'n onaangename ervaring.
- Maak seker dat die respondente die vrae reg interpreteer.
- Dit is ook baie belangrik dat die onderhoudvoerder die antwoorde met die invul van die skedule presies so sal weergee soos die respondent dit bedoel het.

- Hersiening van antwoorde: Soms verstaan 'n respondent 'n vraag nie volkome nie, dan gee hy/sy 'n antwoord waaroor hy/sy onseker voel en wat nie by die vraag pas nie. Die onderhoudvoerder moet seker maak dat hy/sy presies invul wat die respondent wou antwoord.

Vir die navorser het die onderhoude in 'n aangename atmosfeer plaasvind. Die navorser was deurentyd daarop voorbereid dat die persoonlike onderhoude bedreiging vir die respondente kan inhou. Dit was daarom belangrik dat die onderhoud ingelei is met agtergrondinligting van waarom die studie onderneem is. Omdat die navorser vertroud is met die vraelys was dit moontlik om seker te maak dat die respondente die vrae reg interpreteer. Die antwoorde met die invul van die skedule is presies weergegee soos die respondente dit beantwoord het. Daar waar die respondente 'n vraag nie verstaan het nie, kon die onderhoudvoerder seker maak dat die respondent duidelikheid oor die vraag het, voordat 'n antwoord ingevul is.

3.2.3 Telefoniese onderhoude

Die telefoniese onderhoude verskil nie veel van die onderhoudskedule nie. Die voor– en nadele stem ook meestal ooreen (Babbie, 2000:263-264; Monette *et al.*, 1994:170; Powers *et al.*, 1985:125; Royse, 1992:107-108; Rubin & Babbie, 1993:348-349; Smit, 1983:164-165). In hierdie navorsing is telefoniese onderhoude egter nie gebruik nie en word telefoniese onderhoude bloot vir volledigheid bespreek.

3.2.4 Groeponderhoude

Groeponderhoude behels 'n hele aantal respondente wat in 'n groep teenwoordig is, maar elkeen vul self 'n vraelys of vraelyste in (Strydom, 1999:123). Dit beteken dat respondente nie noodwendig individueel betrek hoef te word ten einde data in te samel nie. Om respondente in 'n groep te betrek verg van die onderhoudvoerder spesifieke vaardighede. Respondente wat by hierdie vorm van data-insameling betrek word, het gewoonlik die een of ander gemeenskaplikheid soos dat hulle óf gesinne óf jongmense is.

In die taal van Rubin en Babbie (1993:112-113) is die sosiale groep wat ondersoek word die groep mense in die gemeenskap wat getraumatiseer is; in hierdie geval deur plaasaanvalle. Die navorser gaan ook van groeponderhoude gebruik maak. Respondente gaan individueel by onderhoude betrek word, maar 'n groeponderhoud is ook gevoer. Tydens die voltooiing van die onderhoudskedule (sien Bylae A) het daar in een geval drie mans en een vrou vir die voltooiing

van die skedule opgedaag. Hierdie respondente was by een plaasaanval betrokke. Elkeen van hierdie slagoffers het sy/haar eie vraelys ingevul.

3.2.4.1 Voordele van groeponderhoude

Voordele van groeponderhoude is die volgende:

- Hierdie vorm van data-insameling is nuttig in deelnemende en aksienavorsing (Bless & Higson-Smith, 1995:113).
- Die koste is beperk.
- Dit kan vir groeplede sinvol wees om gedagtes uit te ruil (Bless & Higson-Smith, 1995:113).
- Dit is tydseffektief omdat 'n groot aantal mense gelyktydig betrek kan word (Bless & Higson-Smith, 1995:113).
- Dit kombineer onderhoude en posvraelyste.

3.2.4.2 Nadele van groeponderhoude

Nadele van groeponderhoude is die volgende:

- Nie almal kry die geleentheid om vrylik hulle idees uit te spreek nie (Bless & Higson-Smith, 1995:113).
- Indien een persoon 'n sterk leiersposisie inneem, gaan ander persone in die groep se reaksie verlore.
- Dit is moelik om almal op dieselfde tydstip bymekaar te kry.
- Om 'n geskikte lokaal te kry, is moeilik.
- Wedersydse beïnvloeding kan plaasvind.
- Respondente kan dalk geinhibeerd voel deur mekaar.

Die feit dat die navorser gelyktydig 'n paar slagoffers in 'n groeponderhoud kon betrek, was tydseffektief, kostebesparend en dit het bygedra tot deelname aan die voltooiing van die onderhoudskedules. Die respondente het na die invul van die onderhoudskedules gedagtes met my en met mekaar gedeel.

3.2.5 Handafgelewerde vraelyste

Wanneer veldwerkers vraelyste per hand aflewer en respondente dit op hulle eie tyd en in hulle eie handskrif invul om later weer deur die veldwerkers ingevorder te word, word daar van handafgelewerde vraelyste gepraat (Rubin & Babbie, 1993:336; Strydom, 1999:122). In hierdie

navorsing is daar nie van handafgelewerde vraelyste gebruik gemaak nie. Hierdie aspek is slegs vir volledigheid bespreek.

3.3 ONTWERP VAN DIE ONDERHOUDSKEDULE EN VRAELYSTE

Die navorser kon alleenlik die toepaslike skedule saamstel deur vooraf 'n literatuurstudie oor plaasaanvalle en posttraumatiese stresreaksie uit te voer. Die navorser moes ook ander skedules van vorige navorsers oor posttraumatiese stresreaksie ondersoek en evalueer ten einde haarself te oriënteer ten opsigte van die verloop en proses van posttraumatiese stres. Gesprekvoering oor moontlike inhoude van die skedule bepaal ook die kwaliteit van die skedule. Die skedule was in Afrikaans saamgestel om te verseker dat al die respondente die skedule maklik kon verstaan. Die skedule het uit die volgende afdelings bestaan ten einde te verseker dat dit by die doel van die navorsing aansluit:

- Identifiserende besonderhede ten opsigte van geslag, ouderdom, verwantskap tot die slagoffer van die plaasaanval, huistaal, opvoedingspeil, beroep, huwelikstatus, aantal kinders en kerkverband/geloofsoortuiging was by die skedule ingesluit.
- Vrae oor die aard van die plaasaanval wat die volgende aspekte insluit, is daarin opgeneem, naamlik:

➢ Hoe lank gelede die gebeure plaasgevind het
➢ Die duur van die aanval
➢ Die aard van geweld
➢ Die verliese wat gely is as gevolg van die aanval
➢ Wie tydens die aanval beseer is
➢ Wie tydens die aanval gedood is
➢ Beserings wat tydens die aanval opgedoen is
➢ Beserings wat ander persone in die aanval opgedoen het
➢ Die aard van ander verliese as gevolg van die aanval

- Die uitwerking van die trauma is bepaal aan die hand van aspekte soos die volgende wat aangeraak is:

➢ Of dit moeilik is om oor die gebeure te praat
➢ Of die slagoffer gesien/gehoor het hoe ander slagoffers aangeval is
➢ Watter gevoelens op die voorgrond staan in terugskoue na die gebeure
➢ Die uitwerking van die trauma op die slagoffer
➢ Enige ander uitwerking wat die traumatiese gebeure op die slagoffer het
➢ Of die slagoffer nog kan onthou wat tydens die gebeure plaasgevind het
➢ Die ernstige gevolge wat die trauma op die lewe van die slagoffer het

- Die effek van die trauma op die verhoudings van die slagoffer is ook daarin ondersoek.
- Die uitwerking van die trauma op die toekomsperspektief van die slagoffer is in die skedule vasgestel met behulp van vrae wat ingaan op die moonlikheid dat:
  - Die gebeure nog steeds 'n uitwerking op die lewe van die slagoffer het
  - Iets goeds uit die gebeure na vore getree het
- Vrae in die skedule ten opsigte van ondersteunende dienste was ook daarin opgeneem:
  - Wie het na die traumatiese gebeure die meeste ondersteuning gebied?
  - Wat het die persone of instansies se ondersteuning beteken?
  - Wie se ondersteuning het die slagoffer gemis?
  - Is enige terapie ontvang, en indien wel, die aantal sessies na die trauma?
  - Bestaan 'n behoefte aan kontak met ander slagoffers van plaasaanvalle?
  - Bestaan 'n behoefte aan 'n traumabegeleidingsprogram?
  - Wat moet 'n traumabegeleidingsprogram bevat en ondervang.
- Enige verdere opmerkings ten opsigte van die ontwikkeling van 'n traumabegeleidingsprogram is verwelkom.

3.3.1 Dekbrief

Die volgende moet in 'n dekbrief geïdentifiseer word:

- Die persoon of organisasie wat die navorsingsprojek uitvoer (Strydom, 1999:130)
- 'n Uiteensetting van die doel van die ondersoek om respondente te motiveer om hulle samewerking tot die ondersoek te gee (Strydom, 1999:131; Goldstein, 1963:124)
- 'n Aanduiding van hoe die respondent by die ondersoek betrek is (Strydom, 1999:131)
- 'n Versekering aan die respondent van sy/haar anonimiteit (Strydom, 1999:131)
- Die naam, adres en telefoonnommer van die navorser op die dekbrief (Strydom, 1999:131)

Die skedule wat betrekking het op die voorondersoek is deur 'n dekbrief voorafgegaan. Die dekbrief het die respondente ingelig oor die navorsing ten opsigte van trauma, die mate van traumabegeleiding wat slagoffers van plaasaanvalle van die navorser ontvang en die doel om 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle saam te stel. Inligting oor die seleksie van die respondente is gegee. Die respondente se toestemming tot sy/haar invul van die skedule is versoek. Die respondente is ook daarvan verseker dat gevoelshantering met sensitiwiteit sal geskied. Samewerking is versoek met betrekking tot die invul van die skedule en waardering is uitgespreek vir die respondente se samewerking.

3.3.2 Die vraelys

3.3.2.1 Die samestelling van die vraelys

Neuman (1994:226) noem dat die saamstel van 'n vraelys 'n groter kuns is as wat dit 'n wetenskap is. Dit verg vaardighede, oefening, geduld en kreatiwiteit. Voordat met die ontwerp van 'n vraelys begin kan word, moet die navorser volgens Royse (1992:130) 'n duidelike beeld hê van watter data die vraelys moet bevat en wat dit is wat die navorser wil vasstel. Volgens Royse (1992:131) moet besluit word op geslote vrae, meerkeusige vrae, of oop vrae (ongestruktureerde response);

Die vraelys behoort soos volg saamgestel te word (Goldstein, 1963:129-131; Monette *et al.*, 1994:158; Neuman, 1994:226-229):

- 'n Inleiding moet aan die begin van die vraelys geplaas word sodat die respondent weet waarom hy/sy gevra word om die vraelys in te vul – dit dien dan ook as 'n motivering. Die doel hiervan is om die respondent sover te kry dat hy/sy die vraelys wil beantwoord.
- Vrae moet eenvoudig en so direk moontlik geformuleer word, waar elke vraag net een idee verteenwoordig.
- Dit is goed as die vrae van maklik na moeilik in die vraelys gerangskik word.
- Vermy vaktaal, cliches en afkortings.
- Vermy dubbelsinnigheid, verwarrende vrae en vaaghede.
- Vermy emosionele taal en bevooroordeeldheid.
- Vermy dubbelloopvrae.
- Vermy dit om vrae in 'n passiewe konstruksie te stel.
- Moenie vrae stel wat nie tred hou met die respondent se vermoëns nie.
- Vermy valse premisse.
- Moenie vrae oor toekomstige intensies stel nie.
- Vermy oorvleueling of ongebalanseerde responskategorieë.
- Versorg die finale vorm van die vraelys redaksioneel.
- Formuleer die vrae versigtig.
- Vrae moet in die teenwoordige tyd gestel word. By uitsondering mag daar 'n vraag gestel word wat op ervaringe in die verlede of verwagtinge in die toekoms konsentreer.

Al die vereistes met betrekking tot die saamstel van die vraelys is in die betrokke studie nagekom (Bylae A).

3.3.2.2 Vraagkonstruksie

Vrae kan op verskeie maniere gekonstrueer word (Neuman, 1994:232; Strydom, 1999:125-130):

- **Geslote vrae** - Geslote vrae gee aan die respondent die geleentheid om een of meer antwoorde te kies uit 'n aantal wat aan hom/haar voorsien word. In hierdie navorsingstudie is van geslote vrae gebruik gemaak om dit vir die slagoffers maklik te maak om moontlikhede te selekteer. Omdat dit moeilik is om gevoelens te benoem, te identifiseer en te eksploreer is die gevoelens gelys en kon die slagoffer net 'n keuse maak. Geslote vrae dra verder daartoe by dat die vraelys vinnig ingevul kan word, wat tydbesparend is tydens die tabulering van die data en die kodering daarvan vir statistiese verwerking. Voorbeelde van hierdie tipe vrae is: Dui die antwoord aan deur 'n kruis in die toepaslike blokkie te maak: "Ja", "Nee" of "Onseker."
- **Oop vrae** - Oop vrae bied aan die respondent die geleentheid om enige antwoord in die oop ruimte neer te skryf. Oop vrae kan ook ongestruktureerde vrae met 'n vrye respons genoem word. Antwoorde so bekom, word later in kategorieë ingedeel. In hierdie studie wil die navorser meer weet aangaande die intensiteit van die trauma met betrekking tot plaasaanvalle. Om insig in die persoonlike belewenis van die respondent te verkry, gaan oop vrae dus ook gebruik word. So kry die respondente geleentheid om die aard van geweld in die aanval te beskryf; die aard van verliese as gevolg van die aanval te bespreek; gevoelens wat na die aanval op die voorgrond staan, te identifiseer; en die belangrikheid van die gevolg wat die trauma op die slagoffer se lewe gehad het, uit te wys.
- **Digotome vrae** – Digotome vrae het net twee responsmoontlikhede, byvoorbeeld: 'Ja/Nee' of 'voel so/voel nie so nie'.
- **Meervoudigekeusevrae** - Meervoudigekeusevrae bied drie of meer responsmoontlikhede teenoor die 'nee' of 'nie van toepassing' van die digotome vraag as een responsmoontlikheid. Meervoudigekeusevrae was by die skedule ingesluit waar die respondente 'n keuse moes maak uit 'n aantal moontlikhede soos om hulle beroep aan te dui uit 'n moontlike nege kategorieë.
- **Rangordevrae** - Rangordevrae word gebruik om 'n sekere waarde aan 'n reeks aspekte toe te ken deur hulle in die een of ander orde te plaas, byvoorbeeld in orde van belangrikheid, dringendheid of ernstigheid. 'n Voorbeeld van 'n rangordevraag wat in die skedule ingesluit is, is: "Noem in volgorde van belangrikheid die ernstige gevolge wat die trauma op u lewe gehad het."
- **Invulvrae** - Dit is 'n tipe oop vraag wat gebruik word met behulp waarvan data ingesamel word waarvoor te veel antwoordmoontlikhede bestaan om dit sinvol te kan klassifiseer. 'n

Voorbeeld van 'n invulvraag wat in die skedule benut is, is: "Bespreek die aard van ander verliese as gevolg van die aanval."

- **Geskaleerdevrae** - Dit is 'n tipe meervoudigekeusevraag waarby die respondent 'n sekere punt op 'n skaal merk.
- **Matrikstipevrae** - Dit is 'n verskeidenheid verbandhoudende vrae wat in een vraag afgehandel word.
- **Opvolgvrae** - Opvolgvrae word spesifiek aangewend om verdere inligting oor 'n respons in 'n vorige vraag te verkry.
- **Stellings** - Data van 'n subjektiewe aard word deur stellings bekom. Stellings is nie in die vraelys gebruik nie.

Al die vereistes met betrekking tot die tipes vrae (sien Bylae A) wat benut kon word, is in die betrokke studie nagekom.

4. ENKELSTELSEL

4.1 OMSKRYWING VAN ENKELSTELSEL

Strydom (1986:216-217) definieer enkelstelsel as " ... die bestudering van 'n subjek op 'n herhalende grondslag. Hierdie subjek kan 'n individu, 'n groep of 'n gemeenskap wees". Die enkelstelsel is dus ontwerp om te bepaal wat in die kliëntsisteem ('n individu, 'n paar, 'n gesin, 'n groep, 'n organisasie of 'n gemeenskap) gebeur (Thyer, 1993:95). Monette *et al.* (2002:298) beskou die enkelstelsel as 'n kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp wat verandering in die afhanklike veranderlike bepaal op 'n enkele navorsingsonderwerp, spesifiek in menslike dienste.

In die enkelstelsel gaan dit vir Strydom (1999:79) en Thyer (1993:115-116) om die integrering van navorsing (organisasie-gebaseerde maatskaplikewerkprogramme) en die praktyk (dienste gebied aan die individu deur die maatskaplike werker). Maatskaplike werkers is veronderstel om persone wat probleme ondervind, te help, maar min bewyse bestaan dat dit wat maatskaplike werkers doen, effektief is (Strydom, 1986:216). Grinnell (1993:95), Thyer (1993:115-116) en Williams *et al.* (1995:161) noem dat die enkelstelsel gebruik kan word by die evaluasie van alle tipes maatskaplikewerkpraktykmodelle.

Die enkelstelsel is anders as die " ... classical experimental designs ... which typically evaluate the strenght of intervention effects *after* the intervention have ended ... provide ongoing, *continuous* feedback on these effects, and this in turn shapes intervention strategies" (Polster &

Lynch, 1981:373). Bloom (aangehaal deur Strydom, 2002:153-154) noem dat die enkelstelsel hoofsaaklik gebruik maak van visuele analise van die verandering in die individu se gedrag. Vir die doel van hierdie ondersoek is van die enkelstelsel gebruik gemaak, omdat die ontwerp hom daartoe leen om slagoffers se traumabelewenis op 'n voortdurende basis te bestudeer. Sodoende kan vordering of agteruitgang by slagoffers, wat by die traumabegeleidingsprogram ingeskakel is, bepaal word. Die afhanklike veranderlikes vir hierdie ondersoek, naamlik die verbetering en verhoging van die maatskaplike funksionering van die slagoffer na die trauma, kan reeds hier ter sprake kom. Vir Mitchell en Jolley (2001:387) streef die enkelstelsel daarna om die nie-behandelingsfaktore konstant te hou. Die navorser het van die enkelstelsel gebruik gemaak om:

- die meting van spesifieke emosionele uitwerkings van die traumagebeure op die slagoffers te doen;
- die effek van die trauma op die slagoffers se verhoudings te bepaal;
- te bepaal of die program wat tydens die traumabegeleidingsessies aangebied 'n bydrae gelewer het tot die verwerking van die trauma.

Williams *et al.* (1995:167) beskou enkelstelselstudies as " ... exploratory, descriptive, or explanatory, depending on the level of certainty they provide regarding the effectiveness of the intervension in resolving the client's target problem". Met die enkelstelsel is dit dus moontlik om die vordering of agteruitgang by individue met behulp van 'n bepaalde intervensieprogram te bepaal (Polster & Lynch, 1981:374; Strydom, 1999:79). Volgens Polster en Lynch (1981:373) maak die enkelstelsel voortgesette terugvoer van die effek van die intervensie moontlik, wat weer die intervensiestrategie bepaal. Die meting van die effektiwiteit van die traumabegeleidingsprogram wat deur die navorser ontwikkel en geïmplementeer is, is op hierdie basis gedoen. So kon die navorser bepaal of die navorsing suksesvol in die praktyk toegepas kan word.

4.2 DIE KENMERKE VAN DIE ENKELSTELSEL

4.2.1 Spesifisering van die probleem

Strydom (2002:152) noem dat die enkelstelsel vereis dat die evalueerder absolute duidelikheid moet hê oor die probleem wat voorkom. Voordat 'n behandelingsprogram geïmplementeer kan word, moet die bepaalde probleem wat verander moet word, deeglik en duidelik omlyn word (Arkava & Lane, 1983:121). Die navorser het deur middel van die onderhoudskedule seker gemaak of die slagoffers van plaasaanvalle 'n behoefte aan 'n traumabegeleidingsprogram het. Deur middel van die onderhoudskedule kon die navorser ook die bepaalde hantering van

probleme wat verander moet word, deeglik en duidelik omlyn in die traumabegeleidings-program.

4.2.2 Ontwikkeling van 'n basislyn

Die ontwikkeling van 'n basislyn kom neer op die inwin van inligting direk voordat die behandelingsprogram geïmplementeer word en dit dien as basis van vergelyking met die data wat gedurende die behandeling ingesamel is, asook tydens die daaropvolgende sessies nadat die behandeling geïmplementeer is. So kan die effek wat die behandeling gehad het, bepaal word (Monette *et al.*, 2002:301). Arkava en Lane (1983:121), Monette *et al.* (2002:301) en Strydom (2002:153) noem dit die basislynfase. 'n Basislyn is 'n kontrolefase wat dieselfde rol vervul as 'n kontrolegroep in 'n groepeksperiment (Monette *et al.*, 2002:301). Die basislynfase behoort voort te duur totdat die teikengedrag redelik stabiel vertoon (Arkava & Lane, 1983:121; Strydom, 2002:153). Dit sal die navorser in staat stel om te evalueer hoe die behandelingsprogram die probleem kan ondervang.

Die navorser het 'n voormetingsvraelys (sien Uitdeelstuk 1, bladsy 312) saamgestel wat deur die groeplede wat die traumabegeleidingsprogram bygewoon het, ingevul moes word voor die intervensie 'n aanvang geneem het. Dit het in hierdie navorsing as basislyn gedien.

4.2.3 Meting van die probleem

'n Geïdentifiseerde probleem kan nie gemeet word as 'n besluit nie geneem word oor hoe dit gemeet gaan word nie (Williams *et al.*, 1995:164). Voordat sulke metings gedoen kan word, moet die maatskaplike werker besluit wat hy/sy wil meet (Anderson, 1997:267). Bloom en Fischer (1982:34) noem dat " *...if a problem exists, it can be measured"*en "(i)f you cannot measure the client's problem, it does not exist and ... you can not treat it". Strydom (1986:217) bevestig hierdie uitspraak: "As 'n probleem dus te vaag en te subtiel is om te meet, is dit ook te vaag en te subtiel vir terapeutiese ingryping. As die probleem dus deeglik omlyn kan word, is dit meetbaar. As 'n probleem nie omlyn kan word en nie meetbaar is nie, sal 'n werker nooit weet hoe suksesvol 'n bepaalde intervensieprogram was nie, of hoedanig die doelstellings bereik is nie." Bogenoemde dui hoofsaaklik op 'n kwalitatiewe werkswyse, maar doen geen afbreek aan die gekombineerde kwalitatiewe/kwantitatiewe aard van die ondersoek nie. Die navorser het die traumabegeleidingsprogram, nadat dit ontwikkel is, toegepas. Die navorser het komponente van die probleme in die onderhoudskedule geïdentifiseer en in die program toegepas sodat dit

gemeet kon word om sodoende te bepaal hoedanig die doelstellings van die program verwesenlik is.

4.2.4 Herhaaldelike metings

Arkava en Lane (1983:150) en Strydom (1986:218; 2002:152) noem dat herhaaldelike meetings oor tydsintervalle van die gedrag geneem behoort te word ten einde te kan bepaal of veranderinge ten opsigte van die probleemhantering voor, tydens of na ingryping plaasgevind het. Dit het die navorser gedoen deur voor, direk na en ses weke na die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram dieselfde vraelys aan die respondente te gee ten einde vas te stel of verandering in die hantering van die probleme wat hulleself geïdentifiseer het, ingetree het.

4.2.5 Verskillende soorte enkelstelsels

Sodra die probleem en die doel met die intervensie geïdentifiseer is, is dit nodig om 'n geskikte enkelstelsel te kies (Monette *et al.*, 2002:301). Die verskillende enkelstelsels word volledig in Bloom en Fischer (1982:286-303) bespreek. Twee van die basiese enkelstelsels wat gebruik word om maatskaplikewerkpraktyk te evalueer is B-ontwerpe en A-B-ontwerpe. Beide bied antwoorde op die vraag of die kliëntsisteem gedurende die maatskaplikewerkintervensie verbeter het (Thyer, 1993:98). Daar bestaan drie tipes verkennende enkelstels, naamlik die B-ontwerpe, BC-ontwerpe en BCD-ontwerpe (Williams *et al.*, 1995:167). A-B-ontwerpe en A-B-C-ontwerpe is beskrywende enkelstelsels (Williams *et al.*, 1995:173). Verklarende enkelstelsels bestaan uit A-B-A-B-ontwerpe, B-A-B ontwerpe en B-C-B-C-ontwerpe (Williams *et al.*, 1995:179). Verkennende en beskrywende ontwerpe fokus op die beskrywing van die proses van die intervensie eerder as op die verduideliking van die uitkoms daarvan (Marlow, 1993:154), terwyl verklarende ontwerpe by die eenvoudige beskrywing van die intervensie verby beweeg na die meting van die impak van die intervensie op die geïdentifiseerde gedrag (Marlow, 1993:155). Die verskillende soorte enkelstelsels word vervolgens bespreek met klem op die A-B-A-ontwerp, soos in hierdie studie benut.

4.2.5.1 Die B-ontwerp

In hierdie verkennende enkelstelsel verwys B na die feit dat 'n intervensie aangebied is (Williams *et al.*, 1995:167). In hierdie ontwerp begin die sistematiese waardebepaling van die meting van die uitkomste en die implementering van die intervensie gelyktydig. Herhaalde metings word geneem terwyl die behandeling voortduur, en aan die einde van die periode word

die data op 'n grafiek voorgestel. Die visuele voorstelling van die grafiek stel die navorser in staat om 'n gevolgtrekking te maak om vas te stel of die individu se hantering van sy/haar teikenprobleem gedurende hierdie behandelingsperiode verbeter het. B-ontwerpe dui aan of die individu se probleemhantering in die begeerde rigting verander (Grinnell, 1993:98; Thyer, 1993:98).

4.2.5.2 Die A-B-ontwerp

Die A-B-ontwerp word as 'n beskrywende enkelstelsel beskou en is nuttig waar die individu se geïdentifiseerde gedrag 'n kort ruk lank voor die implementering van 'n intervensie gemeet word (Williams *et al.*, 1995:173). A dui op 'n fase waarin die individu nie behandeling ontvang nie. Dit is die basislynperiode in al die ontwerpe, maar dit kan ook in sommige van die meer komplekse ontwerpe verwys na 'n periode waartydens die behandeling onttrek is (Monette *et al.*, 2002:309). Williams *et al.* (1995:173) noem verder dat inligting in hierdie tyd oor die individu se probleem ingesamel word om sodoende basislyndata te bekom. B is die behandelingsfase waartydens 'n spesifieke intervensie geïmplementeer word (Monette *et al.*, 2002:309; Rubin & Babbie 2000:342). C, D en E word gebruik om die toepassing aan te dui indien dit van B verskil (Monette *et al.*, 2002:309). Die A-B-ontwerp is die eenvoudigste enkelstelsel en vorm die basis van ander enkelstelsels (Mitchell & Jolley, 2001:387; Monette *et al.*, 2002:309). A-B het een basislynfase wat gevolg word deur 'n behandelingsfase. Die effektiwiteit van behandeling word bepaal deur die individu se toestand met die basislyn te vergelyk (Mitchell & Jolley, 2001:387-388; Monette *et al.*, 2002:309). Die effektiwiteit van die intervensie word bepaal deur die vergelyking van die A-meting van die gedrag met die B-meting (Marlow, 1993:157). Hierdie ontwerp verg verskeie kere se assessering van die kliëntsisteem se hantering van sy/haar teikenprobleem voordat die intervensie begin. Daar is twee fases in die A-B-ontwerp. In die basislynperiode (of A-fase) word die fluktuasie in die individu se teikengedrag gemonitor, maar geen pogings word aangewend om verandering in die probleemhantering te bewerkstellig nie. Die navorser meet slegs die teikenprobleem. Intervensies word in die B-fase wat op die basislynperiode volg uitgevoer. Soms is dit moontlik om 'n A-B-ontwerpstudie te lei met 'n retrospeksiebasislyn, verkry uit historiese bronne en uit die geheue. Die gebruik van 'n retrospektiewe basislyn skakel die nadeel van die A-B-ontwerp uit, wat 'n vertraging is van die intervensie om basislyndata te verkry (Thyer, 1993:101).

4.2.5.3 Gevallestudie gekoppel aan die basiese enkelstelsel

Strydom (1986:218) noem dat "(a)s 'n gevallestudie beide waarneming en intervensie insluit, kan dit as die basiese enkelstelsel beskou word". Volgens Arkava en Lane (1983:130) en Marlow (1993:157) is die A-B-ontwerp die eenvoudigste van die enkelstelsel. Inligtinginwinning ten opsigte van die teikengedrag vorm die basislyn en word die A-fase van die ontwerp genoem. Die intervensiefase of die behandelingsfase word as die B-fase beskou. Dit word volgens Thyer (1993:98) gedoen om die evalueringsvraag te beantwoord, naamlik: Het die kliëntsisteem gedurende die verloop van die maatskaplikewerkintervensie verbeter?

4.2.5.4 Basiese enkelstelsel

- **Die A-B-A-ontwerp** - Die A-B-A-ontwerp word volgens Mitchell en Jolley (2001:391) die omkeerbare ontwerp genoem. Monette *et al.* (2002:309) noem dat twee weergawes van die omkeerbare ontwerp bestaan, naamlik die A-B-A-ontwerp en die A-B-A-B-ontwerp. Die A-B-ontwerp word versterk deur 'n fase by te voeg. Die eerste en tweede fase van die A-B-A-ontwerp is dieselfde as dié van die A-B-ontwerp. In die A-B-A-ontwerp keer die navorser terug na die basislyn wat die tweede A-fase uitmaak (Arkava & Lane, 1983:132; Mitchell & Jolley, 2001:391-394). Die A-B-A-ontwerp eindig in 'n niebehandelingsfase (Monette *et al.*, 2001:309). Die A-B-A-ontwerp maak dit vir die navorser moontlik om die resultate te monitor - nie net tydens behandeling nie, maar ook na die onttrekking van die behandeling. Twee verskillende metodes kan in die A-B-A-ontwerp gebruik word, naamlik die onttrekking van behandeling wat die verwydering van die eksperimentele behandeling (B-fase) behels en die terugkeer na 'n geen-behandelingbasislynsituasie sodra die behandeling (verandering) suksesvol afgehandel is; asook die omkeer van 'n behandeling wat veronderstel dat 'n ander stap geneem word (Arkava & Lane, 1983:132; Mitchell & Jolley, 2001:391-394). Twee vergelykings is tussen die eerste basislyn en intervensie moontlik en ook tussen die intervensie en die tweede basislyn (Strydom, 2002:156). Die navorser het 'n A-B-A-ontwerp gebruik.
- **A-B-A-B-ontwerp** – Hierdie verklarende enkelstelsel (Williams *et al.*, 1995:179) is die A-B-A-ontwerp wat een stap verder voer. Die A-B-A-B-ontwerp eindig op 'n behandelingsfase (Arkava & Lane, 1983:134; Monette *et al.*, 2002:309; Strydom, 2002:158). Die A-B-A-B-ontwerp word ook die "reversal design" of "withdrawal design" genoem (Marlow, 1993:161; Thyer, 1993:104; Wessels, 1996:25).
- **B-A-B-ontwerp** - Die B-A-B-ontwerp begin met 'n intervensie (B), waarna 'n periode waartydens geen intervensie plaasvind nie (A) volg, en dit dan weer opgevolg word deur 'n

intervensiefase (B) (Arkava & Lane, 1983:136). Navorsers selekteer hierdie ontwerp waar onmiddellik met 'n behandelingsprogram begin moet word (Arkava & Lane, 1983:136; Strydom, 2002:158; Williams *et al.*, 1995:187).

- **A-B-C-ontwerp en A-B-C-D-ontwerp** - Die A-B-C-ontwerp word deur Marlow (1993:159) en Royse (1992:66-67) as die "successive interventions"-ontwerp beskou. Hierdie ontwerp word toegepas waar die behandelingsprogram verander word, omdat die intervensie waarmee begin is nie deur die individu gewaardeer word nie of nie resultate vinnig genoeg lewer nie. In hierdie ontwerp word die effek van die tweede intervensie geïdentifiseer as (C). In die geval van die A-B-C-D-ontwerp is (D) die effek van die derde intervensie (Royse, 1992:67; Williams *et al.*, 1995:177) of 'n vierde intervensie (E) (Marlow, 1993:159).
- B-C-B-C-ontwerp is twee B-C-ontwerpe saamgevoeg (Williams *et al.*, 1995:189).

4.2.5.5 Meervoudige ontwerpe

Hier word volgens Strydom (1986:218) onderskei tussen meervoudige basislynontwerpe en meervoudige teikenontwerpe. Die meervoudige ontwerpe word soos volg bespreek:

- **Meervoudige basislynontwerp** – Hierdie ontwerp sluit die replika van die A-B-ontwerp in deur dieselfde intervensie op twee of meer geïdentifiseerde gedragtipes, twee of meer individue of twee of meer agtergronde op verskillende tye toe te pas (Grinnell, 1993:110; Marlow, 1993:163). Hier kan die navorser op drie basislyne gelyktydig werk. Basislyn (A) is vir al drie probleme bepaal. Intervensie word geïmplementeer afhangende van die individu se gereedheid. Dit beteken dat sodra die eerste basislyn (A1) gereed is, die intervensie (B1) in werking tree. Sodra die tweede basislyn (A2) gereed is, word dieselfde intervensie (B1) geïmplementeer. Die kerneienskap van hierdie ontwerp is dat die verskillende basislyne by verskillende probleme betrokke is terwyl die intervensie vir almal identies bly.
  - Twee of meer individue – Waar die maatskaplike werker met twee of meer individue met dieselfde probleem werk, kan 'n basislyn met elkeen van die individue ontwikkel word en 'n identiese intervensie met elkeen geïmplementeer word, en verskeie A-B-ontwerpe kan met mekaar vergelyk word (Grinnell, 1993:112; Williams *et al.*, 1995:182).
  - Twee of meer raamwerke – 'n Ander manier waarop die meervoudige basislynontwerp toegepas kan word, is om nie afsonderlike individue te gebruik nie, maar twee of meer afsonderlike raamwerke (Grinnell, 1993:113; Williams *et al.*, 1995:184).
  - Twee of meer probleme – In hierdie meervoudige basislynontwerp kan dieselfde intervensie gebruik word om verskillend geïdentifiseerde gedrag te hanteer (Grinnell, 1993:114; Williams *et al.*, 1995:184)

- **Meervoudige teikenontwerpe** – Basislyne vir al drie probleme word bepaal. Drie verskillende vorme van intervensies word aangebied. Die basislyn bly dus (A1), (A2), (A3), terwyl die intervensieprogramme (B), (C) en (D) word. Gevolglik word al drie probleme behandel as 'n normale A-B-ontwerp (Strydom, 2002:160).

4.2.5.6 Ontwerpe betrokke by veranderinge in intervensie

Hier word onderskei tussen twee ontwerpe wat betrokke is by veranderinge in intervensie, naamlik:

- **Verandering in intensiteitsontwerpe (A-B1-B2-B3)** - Hier word 'n basislynfase (A) bepaal wat opgevolg word deur die intervensiefase (B1). Indien hierdie intervensiefase effektief is, word dit verskerp (B2) en later nog meer verskerp (B3) totdat die doelstellings bereik is (Strydom, 1999:97; 2002:160).
- **Opeenvolgende intervensie-ontwerp (A-B-C-A-B-A-C en A-B-A-C-A)** - In hierdie ontwerp kan van een intervensiefase na 'n volgende intervensiefase oorgegaan word, sonder dat 'n basislynfase tussenin voorkom, byvoorbeeld A-B-C (Strydom, 1999:97-98; 2002:160). Waar die ontwerpe na die basislyn terugkeer voordat 'n volgende intervensiefase plaasvind, word dit as sterker ontwerpe uitgeken (Strydom, 1999:97-98; 2002:160). Die laaste ontwerp A-B-A-C-A is die mees voordelige omdat die ontwerp met 'n basislyn beëindig word (Strydom, 2002:160).

4.2.5.7 Komplekse ontwerpe

- **Afwisselende intervensieprogramme (A-B/C-B of C)** – Gewoonlik kom drie fases in die ontwerp voor wat begin met 'n basislynfase (A) en waarna twee intervensieprogramme afwisselend benut word (B/C), en laastens word in die volgende intervensiefase een van die vorige twee (B of C) afhangende van watter een die effektiefste was, benut (Bloom & Fischer, 1982:263; Strydom, 1999:98; 2002:160).
- **Interaksionele ontwerpe (A-B-A-B-BC-B-BC)** - Hierdie ontwerp is die mees komplekse ontwerp en neem baie tyd in beslag. Dit maak gebruik van eksperimentele herhaling waarna twee intervensieprogramme afwisselend benut word. Daarna kan teruggekeer word na die oorspronklike intervensieprogram en dan weer na nog 'n afwisselende program, byvoorbeeld A-B-A-B-BC-B-BC (Bloom & Fischer, 1982:263; Strydom, 1999:98; 2002:160).

4.2.6 Duidelike omskrywing van hulpverlening

Strydom (1986:218) noem die volgende: "Ten einde enigsins waardevolle inligting te kan inwin, moet die hulpverlener spesifiek wees ten opsigte van die hulpverleningsprogram wat aangebied gaan word. Alleenlik as die verskillende fases en die ingryping baie duidelik omskryf is en die hulpverlener presies weet wat hy wil bereik, kan sinvol gemeet en gekonstateer word dat 'n bepaalde intervensie die verandering in die probleemhantering teweeggebring het". Die navorser was spesifiek in die saamstel van die traumabegeleidingsprogram ten opsigte van die bepaalde intervensie wat in ooreenstemming gebring is met die spesifieke probleme soos die respondente in die onderhoudskedule aangedui het. So is verseker dat die intervensie die nodige veranderinge in die probleme teweeg sou bring.

4.2.7 Die ontleding van data

Dit is die visuele ontleding van veranderinge in die probleem van die basislyn tot en met afsluiting van die behandeling (Strydom, 1986:218). Die verandering in die probleemhantering is deurlopend deur die navorser, reeds voor die aanbieding van die intervensie tot en met ses weke na die intervensie, ontleed. In hoofstuk 8 word die verskillende meetings volledig bespreek.

4.3 STAPPE VAN DIE ENKELSTELSEL

Bloom en Fischer (1982:16-18), Monette *et al.* (2002:300-309) en Strydom (1986:219-220) se uiteensetting van die stappe van die enkelstelsel word kortliks soos volg opgesom en bespreek:

4.3.1 Die identifisering en formulering van die probleem

Strydom (1986:219) noem dat die maatskaplike werker in samewerking met die individu bepaalde probleme uit die relevante probleemareas selekteer, dit in prioriteitsvolgorde plaas, een probleem selekteer om op te konsentreer, dit afbaken en die probleem duidelik en spesifiek definieer. Die navorser en die respondente het probleme geselekteer, waarna die navorser die belangrikste probleme afgebaken het en duidelik en spesifiek gedefinieer het met die gedagte dat dit in die traumabegeleidingsprogram opgeneem kan word. Die genoemde probleme word volledig in hoofstuk 7 bespreek.

4.3.2 Die raadpleging van die literatuur

In sy/haar voorbereiding behoort die hulpverlener hom/haar te vergewis van die toepaslike literatuur en kan hy/sy moontlik sy/haar eie ondersoek bou op ander ondersoeke ten einde 'n breër kennisgeheel te vestig (Strydom, 1986:219). Die probleme wat geselekteer is, het dit vir die navorser verder moontlik gemaak om te weet watter toepaslike literatuur die navorser onder die knie moes kry. Die literatuurstudie het dit vir die navorser moontlik gemaak om haar kennis te verbreed en om deeglike wetenskapsbou in Maatskaplike Werk toe te pas. Sy het ook hierdie ondersoek in verband gebring met ander vakgebiede en met ander ondersoeke om sodoende 'n breër kennisgeheel te vestig.

4.3.3 Die ontwikkeling van doelstellings

Die literatuurstudie word benut om vrae saam te stel, die vrae met die teorie te verbind, vorige navorsing te identifiseer en rigting aan die huidige projek te gee in die vorm van doelstellings (Marlow, 1993:42). Uit die doelstellings word dan sekere hipoteses saamgestel (Strydom, 1986:219). Die primêre doel van hierdie ondersoek is die ontwikkeling van 'n traumabegeleidingsprogram deur middel van maatskaplikewerkgroepwerk om slagoffers te beweeg tot die verwerking van die trauma aan die hand van die verskillende aspekte wat in die program hanteer is. Die respondente het aangedui dat hulle die behoefte daaraan het om oor die traumagebeure te praat, en dat hulle hulle kennis aangaande die verstaan, hantering en verandering van emosies en reaksies op plaasaanvalle wil uitbrei. Verder het die respondente ook 'n behoefte gehad om sinvolle sosiale verhoudinge en kommunikasie met ander na die traumatiese gebeurtenis te handhaaf.

4.3.4 Die ontwikkeling van hipoteses

Volgens Strydom (1986:219) behoort die hipoteses te handel oor die maniere waarop sekere veranderlikes die probleemhantering moontlik kan beïnvloed en oor hoedanig hierdie veranderlikes of die verband tussen hulle verander kan word. In hierdie navorsingstudie is die hipotese dat die aanbieding van die voorgestelde traumabegeleidingsprogram in die behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle wat in die traumaproses verkeer, voorsien, en dat dit ook 'n invloed op die maatskaplike funksionering van die slagoffer sal uitoefen.

4.3.5 Die opstel van die ontwerp

Hier gaan dit om die beplanning vir die insameling en ontleding van die data. Dit sluit administratiewe aangeleenthede in soos wie die inligting sal inwin, hoe die inligting ingewin sal word en wanneer dit gedoen sal word (Strydom, 1986:219). Die navorser het die navorsingsprogram opgestel en besluit op die A-B-A-ontwerp.

4.3.6 Die omskrywing van die afhanklike veranderlike

Die afhanklike veranderlike is " ... what you are trying to explain or predict – the topic of your investigation" (Royse, 1992:20). Die afhanklike veranderlike is dus die dimensie waarin die navorser veranderinge verwag. Daarom moet dit baie spesifiek omskryf word ooreenkomstig meetbare en presiese terme. Die afhanklike veranderlikes is in hierdie navorsing die aspekte wat die navorser voor die intervensie, kort na die intervensie en ses weke na die intervensie gemeet het ten einde vas te stel of enige veranderinge plaasgevind het. Aspekte wat gemeet is, was die vermoë om oor die traumagebeure te praat, die vermoë om te onthou wat tydens die aanval gebeur het, die voortgesette uitwerking van die traumatiese gebeurtenis, die positiewe uitwerking van die traumatiese gebeurtenis op die slagoffer as persoon, die effek van die traumatiese gebeurtenis op verhoudings en die emosionele uitwerking van die traumatiese gebeurtenis op die slagoffer.

4.3.7 Die omskrywing van die onafhanklike veranderlike

Die onafhanklike veranderlike is " ... variables that are suspected to influence, affect, or cause the event or situation that you are studying" (Royse, 1992:19). Die onafhanklike veranderlike in hierdie navorsing is 'n hulpverleningsprogram, naamlik die traumabegeleidingprogram wat deur middel van 'n groepwerkproses geïmplementeer word.

4.3.8 Die bepaling van moontlike hindernisse

Om te bepaal of enige struikelblokke in die weg van die suksesvolle uitvoering van die ondersoek sal lê, moet die navorser poog om na alle toepaslike fasette van die voorgenome ondersoek te kyk (Strydom, 1986:219). Die navorser het struikelblokke geïdentifiseer wat die suksesvolle implementering van die hulpverleningsprogram kon beïnvloed. Sekere van hierdie struikelblokke kon vooraf uit die weg geruim word en ander nie. Struikelblokke wat 'n invloed gehad het op die aanbieding van die program is die feit dat sommige van die respondente wat in

die onderhoudskedule aangedui het dat hulle die program wil bywoon; intussen oorlede is; geografies ver van mekaar woon; as gevolg van die plaasaanvalle finansiële probleme ervaar; vrees om die plase alleen te laat; gesondheidsprobleme ervaar en; die plaasaanvalle lank terug reeds ervaar het en veranderde emosionele gedragspatrone na die aanvalle gevestig is. Die respondente meld dat hulle na die plaasaanvalle emosioneel anders dink en doen as voor die aanval en dat hulle daarby aangepas het. Die respondente kon nie een keer per week 'n sessie bywoon nie en daarom moes dit 'n maraton aanbieding oor 'n naweek wees.

4.3.9 Die basislynfase

Die basislyn kan met die voorondersoek vergelyk word en kom neer op die beplande insameling van data voordat die onafhanklike veranderlike toegepas word, ten einde te verseker dat die navorser volle beheer oor die verloop van die navorsingsprojek sal hê (Strydom, 1986:219). Data wat as basislyn dien, is voor die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram ingesamel (sien Uitdeelstuk 1, bladsy 312). Daar is verslag gedoen oor die traumagebeure, die uitwerking van die trauma op die respondente, asook die effek van trauma op verhoudings.

4.3.10 Die intervensiefase

In hierdie fase word die onafhanklike veranderlike of die bepaalde intervensieprogram toegepas (Strydom, 1986:219). In die navorsing het die intervensiefase, naamlik die traumabegeleidingsprogram, plaasgevind van die eerste tot die laaste groepwerksessie.

4.3.11 Die ontleding van data

Volgens Strydom (1986:219) ontleed die navorser die data sodra die hulpverlening afgehandel is, ten einde te kan bepaal of veranderinge in die afhanklike veranderlike plaasgevind het en of sekere verbande tussen veranderlikes getrek kan word. Verder probeer hy/sy ook bepaal of dit die onafhanklike veranderlike was wat veranderinge in die afhanklike veranderlike teweeggebring het. Na afloop van die hulpverleningsprogram (intervensie) is deur middel van 'n vraelys (Uitdeelstuk 16, bladsy 336) bepaal of veranderinge in die afhanklike veranderlikes plaasgevind het.

In hierdie navorsing is verskillende meetinstrumente (Uitdeelstuk 1, bladsy 312; Uitdeelstuk 16, bladsy 336; Uitdeelstuk 17, bladsy 338) gebruik wat met mekaar vergelyk is. Dit het aangedui dat veranderinge wel in die groeplede se veranderlikes, direk na afloop van die aanbieding van

die traumabegeleidingsprogram, plaasgevind het. 'n Verdere vergelyking is ses weke na afloop van die traumabegeleidingsprogram (Uitdeelstuk 17, bladsy 338) getref, wat weer op nog 'n verdere verandering in die respondente se veranderlikes gedui het. So kon bepaal word of die veranderinge in die afhanklike veranderlikes blywend was of nie.

4.3.12 Die opstel van 'n verslag

Dit is die verantwoordelikheid van professionele maatskaplike werkers om te skryf oor die suksesse en mislukkings van intervensies en probleme van individue (Royse, 1992:253-254; Strydom, 2002:155). Dit kan dan weer verdere vrae laat ontstaan wat aanleiding kan gee tot ander tipes ondersoeke aanleiding kan gee (Strydom, 1986:219-220). Die navorsing is in hierdie proefskrif saamgevat wat maatskaplike werkers kan help om soortgelyke navorsing te doen. Die navorsing kan ook as kennisbasis dien vir maatskaplike werkers wat traumabegeleidingsprogramme wil aanbied.

4.4 VOORDELE VAN DIE ENKELSTELSEL

Die enkelstelsel hou die volgende voordele in (Monette *et al.*, 2002:320-321; Strydom, 1986:220; Strydom, 2002:161):

- Dit verskaf beter dienste aan individue en moedig die gebruik van getoetste intervensiestrategieë aan.
- Dit verseker dat 'n suksesvolle intervensie gekies sal word.
- Die enkelstelsel word benut om die effek van intervensie op 'n individu of meer as een individu te meet (Polster & Lynch, 1981:374).
- Resultate is van onmiddellike en latere waarde omdat dadelik gemeet kan word of die behandeling effektief is en die individu by hulpverlening gebaat het.
- Hierdie metode belig verandering in die individu se gedrag oor 'n tydperk heen (Polster & Lynch, 1981:374).
- Die ontwerp deel deurlopend die vordering van die respondent se gedrag met die respondent (gewoonlik verbaal) (Marlow, 1993:271).
- Deur die enkelstelsel kan inligting van hoë kwaliteit verkry word.
- Die model beskik oor verantwoordbaarheid.
- Wysigings in die intervensieprogram is moontlik.
- Hierdie prosedure is deeglik en tydgeoriënteerd.
- Dit is maklik om te gebruik (Bloom & Fischer, 1982:14).
- Hierdie ontwerp is op die praktyk gebaseer.

- Hipoteses in verband met die verhouding tussen 'n spesifieke hulpverleningsprosedure en veranderinge wat by die individu plaasgevind het, kan getoets word.
- Dit dra by tot die bepaling van die individu se omstandighede en kan, indien nodig, oorgaan tot 'n meer toepaslike program van hulpverlening.
- Die konflikte en verskille tussen teorie en praktyk word uitgelig.
- Hierdie ontwerp laat 'n keuse omdat dit "... allow(s) the well-trained practitioner to satisfy both practice and research objectives: to provide service and to evaluate the effectiveness of that service" (Arkava & Lane, 1983:149).
- Die navorser se status kan bevorder word omdat publikasies van resultate moontlik is.
- Eksterne evalueerders word geëlimineer omdat elke werker sy/haar eie navorsing kan doen.

Die enkelstelsel het dit vir die navorser in hierdie studie moontlik gemaak om inligting van hoë kwaliteit te verkry, om suksesvol die intervensiestrategie vas te stel en om te bepaal of die slagoffers van plaasaanvalle by die traumabegeleidingsprogram gebaat het. Die feit dat die traumabegeleidingsprogram se effektiwiteit getoets is, het dit moontlik gemaak om die effek van die program op die groeplede te meet en om tekortkominge van die program uit te wys om die nodige wysigings te kan aanbring. Veranderinge in die slagoffers se gedrag kon direk na en ses weke na die traumabegeleidingsprogram weer gemeet word. Dit het dit moontlik gemaak om te bepaal of die traumabegeleidingsprogram positiewe veranderinge in die gedrag van die individu tot gevolg gehad het en of die veranderinge na die hulpverlening blywend was.

4.5 NADELE VAN DIE ENKELSTELSEL

Die enkelstelsel kan die volgende nadele inhou (Strydom, 1986:220-221):

- Dit neem te veel tyd in beslag (Monette *et al.*, 2002:321).
- Veralgemenings word bemoeilik.
- Meervoudige opvolgstudies van gevalle wat afgesluit is, moet gedoen word ten einde te bepaal of die behandelingstrategie wat gebruik is, steeds suksesvol is.
- Hierdie ontwerp kan slegs vir gedragsverandering gebruik word.
- Hierdie ontwerp is rigoristies.
- Hierdie ontwerp kan kunsmatig voorkom omdat die veranderlikes beheer word.

Die enkelstelselontwerp is deur die navorser as positief beleef, behalwe waar die meting ses weke na afloop van die traumabegeleidingsprogram gedoen moes word. Dit het heelwat tyd in beslag geneem. Dit was werklik die enigste nadeel wat uitgesonder kan word.

5. SAMEVATTING

Die navorsingsprosedures en die navorsingsontwerpe wat vir hierdie studie geïmplementeer is, is in hierdie hoofstuk volledig bespreek. Die ondersoeker het van vier navorsingsontwerpe gebruik gemaak, naamlik die verkennende ontwerp, die beskrywende ontwerp, die verklarende ontwerp en die evaluatiewe ontwerp.

Die ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel is gebruik by die uitvoering van hierdie navorsing. Ontwikkelingsnavorsing was in hierdie studie gerig op die analisering, ontwikkeling en evaluering van die nuwe traumabegeleidingsprogram. Programontwikkeling en –evaluering het 'n groot deel van hierdie ondersoek uitgemaak. Die traumabegeleidingsprogram se waarde lê in die verspreiding en aanvaarding daarvan. Die aanvaarding van die traumabegeleidingsprogram deur die gemeenskap beklemtoon die waarde van die program in die hulpverlening aan slagoffers van plaasaanvalle ter verbetering van hulle maatskaplike funksionering.

Die opnameprosedure het dit moontlik gemaak om data in te samel uit 'n geselekteerde steekproef (34 slagoffers van plaasaanvalle) om die kenmerke van die populasie (persone in die Noordwes Provinsie wat slagoffers van 'n plaasaanval was) te beskryf. 'n Onderhoudskedule is gebruik om die aspekte wat as basislyn gedien het, te meet. Die semi-gestruktureerde onderhoud het dit vir die navorser moontlik gemaak om feitelike inligting oor die behoeftes en probleme van slagoffers van plaasaanvalle in te win vir die doel van beskrywing, verklaring en beplanning van die traumabegeleidingsprogram.

Die navorser het van die enkelstelsel gebruik gemaak om vas te stel of die slagoffers van plaasaanvalle oor die traumagebeure kan praat, of hulle kan onthou wat tydens die aanval gebeur het, of die trauma 'n voortgesette uitwerking op hulle lewens het en of iets goeds uit die gebeure na vore gekom het. Die meting van die spesifieke emosionele uitwerking van die traumatiese gebeure op die slagoffer en die effek van die traumatiese gebeure op die verhoudings van die slagoffer is ook gemeet ten einde te kon bepaal of die traumabegeleidingsprogram wat aangebied is 'n bydrae gelewer het tot die verwerking van die trauma. Die enkelstelsel het 'n voormeting, nameting en meting ses weke na die aangebode traumabegeleidingsprogram ingesluit. So kon die navorser bepaal of die navorsing suksesvol in die praktyk toegepas is.

HOOFSTUK 3

PLAASAANVALLE: 'N TEORETIESE ONDERBOU

1. INLEIDING

Die hoë voorkoms van voortgesette grusame aanvalle en moorde op geïsoleerde boeregesinne is kommerwekkend (Keenan, 1998:14; Summit on Rural Safety and Security, 1998:1). Sedert die laaste kwart van 1997 vind kriminele aktiwiteite wat op boere gemik is feitlik op 'n daaglikse basis plaas (Haefele, 1998:9). Van Burik (1999a:4) noem dat dit toeneem teen 'n tempo buite verhouding met die toename in ander misdaad.

Plaasaanvalle is volgens die definisie van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) "... acts aimed against the persons or residents on farms and smallholdings, whether with the intent to murder, rape, rob, steal or inflict bodily harm" (Haefele, 1998:9). Moolman (1998:3) noem dat "plaasaanvalle" na alle krimineel geneigde aanvalle op die boeregemeenskap verwys. "Boeregemeenskap" is dan bewoners van plase en kleinhoewes, insluitend plaaswerkers.

Kriminele dade kan onder andere die volgende insluit: brandstigting, moord, poging tot moord, verkragting, aanranding met die oog op ernstige besering, kaping van voertuie, kwaadwillige saakbeskadiging, gewapende roof, diefstal en veediefstal. Al hierdie kriminele dade raak nie net die individue wat direk daarby betrokke is nie; daar is altyd ook sekondêre slagoffers by betrokke. Dit is persone soos die boer se gesin, plaaswerkers, familielede, vriende en/of besoekers.

Hierdie hoofstuk handel hoofsaaklik oor die statistiek met betrekking tot plaasaanvalle, vorme van plaasaanvalle, kenmerke van plaasaanvalle, motiewe vir plaasaanvalle, die slagoffer, die aanvaller, die gevolge van plaasaanvalle, praktiese wenke aan boere om plaasaanvalle af te weer en die hantering van aanvallers wat toeslaan.

2. STATISTIEK OOR PLAASAANVALLE

Volgens Moolman (1998:4) het die Crime Information Management Centre (CIMC) slegs sedert 1997 afsonderlike statistiek ten opsigte van plaasaanvalle bekend gemaak. In die verlede het hierdie statistiek deel uitgemaak van die gewone oortredings. In 2004 maak die statistiek ten opsigte van plaasaanvalle weer deel uit van gewone oortredings en kon die navorser nie inligting van die Crime Information Management Centre bekom nie. Statistiek is wel deur Agriinfo

(Agriinfo/misdaadcontent, 2003:1); iafrika (iafrica.com, 2001:1); Instituut vir Eietydse Geskiedenis (1998:9) en die SABCNEWS (SABCNEWS.COM, 2001:1) bekend gemaak. Sedert 1998 het plaasaanvalle en plaasmoorde (per jaar) verdubbel. Botha (2000:14) noem dat die meeste plaasaanvalle binne misdaadkringe georganiseer word en dat 17% daarvan tot moord lei. Haefele (1998:9) noem dat die toename in moorde by die algemene publiek die gevoel wek dat geweld in Suid-Afrika nie beheer kan word nie. Van Zyl (1997:10) noem dat Suid-Afrika se moordsyfer vyftien keer die van byvoorbeeld Nieu-Seeland is. Dit moet egter genoem word dat Moolman (1998:1-2) die navorsing oor plaasaanvalle as gekompliseerd beskou as gevolg van die gebrek aan behoorlike statistiese gegewens. Die navorser is ook van mening dat die saamstel van die statistiek ten opsigte van plaasaanvalle nie 'n betroubare weergawe van die werklike syfers is nie, aangesien daar nie konsensus is oor wat as 'n plaasaanval en wat as gewone misdaad beskou word nie.

Gedurende die eerste nege maande van 1997 is 'n totaal van 290 aanvalle in Suid-Afrika gerapporteer. Die meeste van hierdie aanvalle het in Mpumalanga plaasgevind. 'n Totaal van 84 slagoffers is gedurende 1997 vermoor, waarvan 13 in Mpumalanga en 7 tot 8 gemiddeld in die ander provinsies (Haefele, 1998:9). In die eerste ses maande van 1998 is 30 mense in 182 plaasaanvalle net in Gauteng vermoor en 65 landswyd. Gedurende Januarie tot Mei 1998 is 226 aanvalle en 45 moorde gerapporteer. In 1999 was dit 36 mense in 224 plaasaanvalle (Steenkamp, 2000b:12). Plaasaanvalle het dus gedurende die eerste ses maande van 1998 met 72% toegeneem vergeleke met dieselfde tydperk die vorige jaar. Altesaam 77% van die slagoffers was blank, 20% swart en minder as 3% Indiërs of Bruin. Sowat 60% was mans (Landbouweekblad, 1998b:18-19).

Aanvalle op plase en kleinhoewes het in die eerste helfte van 1999 skrikwekkend in Gauteng toegeneem. Statistiek deur die Instituut vir Veiligheidstudies (IVS) dui op 'n toename van 24,4% in plaasaanvalle landwyd en 'n toename van 55% in Gauteng vergeleke met dieselfde tydperk in 1998 (Steenkamp, 2000b:12; Van Burick, 1999d:18).

Gedurende 2000 het in totaal 804 plaasaanvalle en 119 moorde plaasgevind teenoor die 813 aanvalle en 144 moorde in 1999 (Rademeyer, 2001a:2). Volgens Ferreira, voorsitter van AgriSA is daar vir Januarie tot November 2000 109 plaasmoorde gerapporteer. Die naweek van 8-10 Desember 2000 het ses plaas- en hoewe-aanvalle plaasgevind (Beeld, 2000f:3). Gedurende 2000 het aanvalle reeds van 'n hoë syfer af met 5,7% toegeneem en moorde met 1,4%. Dit beteken dat 274 uit elke 100 000 boere van alle rasse jaarliks vermoor word. Die naasgrootste groep is polisielede se 153 per 100 000 (Beeld, 2000d:6; Du Preez, 2000d:5; Van Zyl, 2001:61). AgriSA

se syfers dui daarop dat daar gedurende Januarie 2001, 65 plaasaanvalle en 13 moorde was. Dit is sewe aanvalle en 'n moord meer as in die ooreenstemmende tydperk in 2000. Volgens Engelbrecht (1998:10) is aanvalle in die landelike gebiede van Suid-Afrika 700% hoër as in enige ander land in die wêreld. Bylae C verleen verdere koerantverwysings na plaasaanvalle.

Uit bogenoemde statistiek blyk dit dat 'n grootskaalse aanslag op die boeregemeenskap plaasvind. Die feite noop 'n indringende ondersoek na wat tot geweld en lewensverlies bydra. Volgens Van Wyk (Chittenden, 2002: 54) wissel die intensiteit van aanvalle op plase, maar dit gaan altyd met trauma gepaard. In hierdie hoofstuk sal lig gewerp word op vrae soos vervat in Moolman (1998:2-3), naamlik: Wat is die aard en omvang van plaasaanvalle in Suid-Afrika? Hoe kan plaasaanvalle verklaar word? Wat is die impak van die aanvalle op die boeregemeenskap? Speel die verhouding tussen boere en hul werkers 'n rol by die aanvalle? Watter kort- en langtermyn voorsorgmaatreëls kan getref word om hierdie aanvalle te voorkom? Is hierdie aanvalle georkestreer deur derdemagaktiwiteite of enige ander organisatoriese struktuur? Bestaan enige vorige verbande tussen slagoffers en aanvallers, en indien wel, hoedanig? Waarom is hierdie aanvalle en moorde op die boeregemeenskap so goed en skynbaar met voorbedagte rade uitgevoer, terwyl die meerderheid moorde in Suid-Afrika verband hou met alkohol, dwelmafhanklikheid, interpersoonlike en huishoudelike konflik? Waarom is aanvalle op die boeregemeenskap uitermatig brutaal, in teenstelling met die res van die moorde in Suid-Afrika? Waarom vermeerder die plaasaanvalle so drasties terwyl ander moorde in Suid-Afrika afneem?

3. VORME VAN PLAASAANVALLE

Sedert 1994/1995 is 'n veranderde patroon in misdaad teen boere, hulle families en werkers te bespeur (Haefele,1998:11). Vroeër was die primêre misdaad teen boere diefstal, gevolg deur aanranding, moord en verkragting. Hierdie tendens verander dramaties gedurende 1996/1997 met diefstal en moord eerste op die ranglys, gevolg deur aanranding en verkragting (Haefele, 1998:12). Die volgende tendense ten opsigte van plaasaanvalle werp lig op die misdaad wat teen die boeregemeenskap gepleeg word:

3.1 AANHOUDING

In baie gevalle hou aanvallers die boer se vrou ure lank gevange terwyl hulle wag op die boer se tuiskoms om hom te vermoor. In ander gevalle vermoor hulle die boervrou en wag dan steeds op die tuiskoms van die boer om hom ook te vermoor (Haefele, 1998:11). Hierdie slagoffers word

dan vir lang tye aan brutaliteit en gewelddadigheid blootgestel en sodoende word die traumatisering uitgerek.

3.2 GEWAPENDE ROOF EN DIEFSTAL

Grootkalibervuurwapens soos AK 47's en gesteelde militêre wapens word in baie van die aanvalle gebruik (Haefele, 1998:12; Visser, 1998:24). Wanneer aanvallers die plaas betree, is hulle gewoonlik met handwapens, messe of pangas gewapen. Die aanval word versigtig beplan en die aanvallers daag gewoonlik in die dag by die plaas op (Haefele, 1998:12). In die meeste gevalle wag hulle die familie binne die huis in, nadat toegang deur oop deure of vensters verkry is, of nadat hulle met geweld toegang verkry het (Visser, 1998:23). Die aanvallers wag gewoonlik vir die regte geleentheid wanneer die aktiwiteite op die plaas begin afneem voordat die boer aangeval word. Boere word ook aangeval wanneer hulle snags uitgaan om elektriese toerusting af te skakel of wanneer siek diere versorg word (Haefele, 1998:12; Visser, 1998:23). Aanvallers maak dikwels asof hulle plaasprodukte wil aankoop om so toegang tot die plaas te verkry. In sommige gevalle ry die aanvallers in die omgewing van die plaas rond om inligting in te win oor die beweging en roetine op die plaas (Haefele, 1998:12; Visser, 1998:23). Werkers word ondervra oor aktiwiteite op die plaas en dra inligting onskuldig aan die voornemende aanvaller oor (Haefele, 1998:12).

Weens die beskikbaarheid van onwettige wapens word boere meestal met wapens aangehou en van kontant beroof en dan vermoor (Haefele, 1998:11). Volgens Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (1998:4) en Visser (1998:21) word boere in onbeskutte areas aangeval, soos by die ingang van die plaashek en buite die opstal. Hulle is gewoonlik weerloos en kan maklik met wapens aangehou en beroof word. Die TLU noem dat in al die gevalle waar vuurwapens in 'n aanval gebruik is, wettige vuurwapens slegs ter verdediging deur die plaasbewoners gebruik is, terwyl onwettige wapens deur die aanvallers teen die slagoffers aangewend is (Van Burick, 2000a:5). In die meeste gevalle waar vuurwapens in die aanvalle gesteel word, besit die aanvallers self reeds wapens (Visser, 1998:24). Dit impliseer dat aanvallers dikwels nie wapens steel om hulleself mee te bewapen nie, maar om dit te verkoop (Visser, 1998:24).

'n Navorser by die Technikon SA (TSA) is van mening dat roof die motief by die oorgrote meerderheid plaasaanvalle is. Hy het tot die gevolgtrekking gekom nadat 48 veroordeelde misdadigers van plaasaanvalle ondervra is (Van Burick, 2001:1). Die resultate van hierdie navorsing verskil byna lynreg van die van die ondersoekspan van die Aksie: Stop Plaasaanvalle wat bevind het dat plaasaanvalle toegeskryf word aan doelbewuste intimidasie om boere van

hulle plase af te dwing of om hulle te oorreed om onder druk hulle grond met ander mense te deel (Beeld, 2001:8). Louw (2003b:2) bevestig die feit dat plaasaanvalle nie noodwendig 'n politieke veldtog is nie, maar dinge soos intimidasie, rassisme en wraak speel 'n rol. Visser (1998:22) is dus van mening dat roof en diefstal in baie gevalle nie die hoofmotief was nie, alhoewel daar dikwels veral gereedskap uit die werkswinkels gesteel word soos onderdele, bande, batterye en dan ook vee op die lande, oeste en huishoudelike artikels (Visser, 1998:21). Die aard van die aanvalle dui op 'n sterk element van intimidasie. In sommige gevalle is niks geroof of van die slagoffers gesteel nie, maar is die slagoffers tog aangeval (Moolman, 1998:4).

Uit bogenoemde blyk dit dat daar verskillende menings ten opsigte van die motiewe vir die plaasaanvalle voorkom. Roof en doelbewuste intimidasie word beskou as die belangrikste motiewe vir die oorgrote meerderheid plaasaanvalle.

3.3 GEWELDDADIGE AANVALLE

Plaasaanvalle gaan dikwels gepaard met oordrewe vorme van geweld (Bylae D). Volgens Moolman (1998:2) blyk geweld eintlik die norm te wees. Slagoffers van plaasaanvalle is in baie gevalle brutaal en gewelddadig vermoor. Die slagoffers word meestal gedood en gemartel ten aanskoue van ander gesinslede. Lyke word vermink, slagoffers word vasgebind voordat hulle vermoor word en vroue word verkrag. Dit lyk asof aanvallers nie net die slagoffers wil dood nie, maar hulle ook pyn wil toedien. In verskeie situasies is slagoffers vermoor in omstandighede waar die aanvallers reeds hulle doel bereik het en moord geheel en al onnodig was. Gewoonlik is slagoffers vermoor, nie omdat hulle weerstand gebied het nie, maar net om te moor en om getuies uit te wis (Moolman, 1998:2). Vernedering (verkragting en ernstige mishandeling) en lyding speel 'n groot rol by aanvalle. Dikwels stem die klaarblyklike motiewe vir die aanval nie ooreen met die gepaardgaande geweld nie (Engelbrecht, 1998:10; Jooste, 1999:79). Hierdie brutaliteit kan verband hou met haat en vergelding. Ouer persone (Moolman, 1998:2), vroue en kinders is ook slagoffers van brutaliteit (Haefele, 1998:12). Moolman (1998:2) noem dat NICOC ("Status Report") aanvoer dat wanneer vroue teenwoordig is, hulle gewoonlik verkrag word. Moolman (1998:2) noem ook dat in 1997 40% van die slagoffers 60 jaar en ouer was.

Volgens Moolman (1998:2) kan die aanvalle moontlik op rassehaat, vergelding en/of terrorisme dui. Die brutaliteit van die aanvalle kan tot gevolg hê dat van die slagoffers so erg getraumatiseer is, dat hulle nie in staat is om oor die aanval te praat nie. Hulle kan dan ook nie hulle samewerking gee ten opsigte van die ondersoek teen die aanvallers nie (Beeld, 2000a:5). Die pleidooie van 'n parapleeg is glo deur aanvallers geïgnoreer toe hulle hom aangeval het. Dit

illustreer brutaliteit van die aanvallers selfs al kon die slagoffer homself nie eers verdedig nie (African Eye News Service, 2001:11).

Volgens Turner en Mcivor (1997:205) het marteling en die doelbewuste toediening van ernstige pyn of lyding ten doel om inligting te bekom, belydenisse te hoor, te straf, of te intimideer. Sodanige geweld beïnvloed alle persone wat dieselfde etiese, geloofs- of politieke ideologieë as die slagoffer aanhang. Vrees wat op die manier ingeboesem word, lei tot allerhande langtermyn psigologiese veranderinge in die lewe van die slagoffer. So word nie net die slagoffer getraumatiseer nie, maar ook die familie wat moes toekyk of selfs nie daar was om toe te kyk nie.

3.4 MOORD

Die aanvallers is daarop ingestel om te moor (Haefele, 1998:12). Die Britz-verslag verskil van hierdie uitspraak deur te sê dat die " ... motive for the attacks seems to be criminality such as robbery and theft." Dikwels word slagoffers egter vermoor sonder dat daar enigiets vermis word (Landbouweekblad, 1998a:8). Die Britz-verslag bevraagteken wel die aanvaller se optrede, naamlik dat hy eers die boer vermoor en dan sy goed steel. Moontlike verklarings hieroor is:

- Die slagoffer ken die aanvaller.
- Die slagoffer verdedig homself en is 'n bedreiging vir die aanvaller.
- Die aanvaller is gespanne en fyn besnaar.
- Die aanvaller is bang dat die slagoffer hom later sal identifiseer (Landbouweekblad, 1998a:8).

In sommige gevalle vermoor die aanvallers die boer en dan val hulle die vrou en kinders aan. Dit gebeur ook dat die aanvallers rustig die huis geplunder en beroof het en dan nog steeds die boer en sy gesin ingewag het met die doel om te moor (Jonker, 1999:7). Ten spyte daarvan dat slagoffers gewillig toegee aan die aanvallers se eise, word hulle in baie gevalle steeds vermoor (Du Preez, 1999:14; Pieters & De Lange, 1999:4). Van die slagoffers is gemartel en vermink, in so 'n mate dat identifikasie van die vermoordes onmoontlik was. In ander gevalle word slegs die boer se vrou vermoor. 'n Moontlike rede hiervoor is om die boer in so 'n mate te demoraliseer dat hy die plaas verlaat (Haefele, 1998:11). Volgens die Britz-verslag kan niks gelees word in die brutaliteit van die aanvalle nie omdat enige moord, of dit deur middel van 'n skoot was, of as gevolg van 'n hou oor die slagoffer se kop, brutaal is. Kulturele agtergronde het volgens die verslag ook niks met die brutaliteit van die moorde te make nie (Landbouweekblad, 1998a:8). Daar bestaan dus nie konsensus oor die motiewe vir die brutale moorde nie.

3.5 VOERTUIGKAPING

Voertuigkapings gaan gepaard met die gebruik van wapens, geweld en moord van die bestuurder en passasiers (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:5; Visser, 1998:22). Dit het vrees tot gevolg, wat die boer en sy gesin se vryheid van beweging en ekonomiese aktiwiteite dan ook inperk. Dit het 'n verlies aan inkomste tot gevolg, asook 'n psigososiale verlies as gevolg van die traumatiese gebeurtenis (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:5; Visser, 1998:22). Dit wil vir die navorser voorkom of nie net slagoffers van plaasaanvalle in vrees leef nie, maar die totale landbougemeenskap. Plaasaanvalle het 'n invloed op individue se ekonomiese en psigososiale funksionering. Hulle pas hulle ekonomiese aktiwiteite en bewegings aan by die omstandighede. Hulle beweeg byvoorbeeld nie maklik buite die plaas nie en hulle pas hulle boerderymetodes aan of verander hulle daaglikse roetine.

4. KENMERKE VAN PLAASAANVALLE

4.1 MILITÊRE PRESIESHEID EN VOORBEDAGTHEID

Dit wil voorkom of die aanvalle op boere 'n beplande aksie is omdat dit met soveel presisie uitgevoer word. Die feit dat die klaarblyklike motiewe nie ooreenstem met die gepaardgaande geweld nie, bevestig die vermoede (Engelbrecht, 1998:10). Die presisie waarmee aanvalle uitgevoer word, het 'n emosionele impak op slagoffers as potensiële teikens en lei tot woede en frustrasie (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:6). Volgens Visser (1998:20) is georganiseerde kriminele sindikate, talle met internasionale verbintenisse, 'n groot faktor in die hoë verskynsel van kriminaliteit en geweld. Volgens die Britz-verslag is geen duistere magte verantwoordelik vir die aanvalle nie. Aanvallers handel ook nie volgens instruksies van spesifieke politieke organisasies nie (Landbouweekblad, 1998a:8). Moolman (1999:52) noem dat aanvallers moontlik vorige militêre ervaringe kon gehad het. Baie aanvallers is heel moontlik voormalige MK- en APLA-lede. Volgens Landbouweekblad (1997:2) kan aanvallers oud-vryheidsvegters van die PAC en ANC se gewapende magte wees. Volgens Van Rooyen (2000:14) is die gesofistikeerdheid waarmee plaasaanvalle uitgevoer word, opvallend. Navorsing dui daarop dat die aanvallers oor die algemeen jonk en goed opgelei is en goeie kennis dra van militêre operasionele beplanning. Volgens haar (Van Rooyen, 2000:14) bestaan die vermoede dat al meer plaasaanvalle voorbedag is en in stede beplan word, maar die SAPD ontken dit. Volgens Louw (2003b:2) is landbou-organisasies daarvan oortuig dat plaasaanvalle 'n georkestreerde veldtog is om wit boere van hulle grond af te dryf, sodat swart grondlose mense die grond kan oorneem.

4.2 VREEMDELINGE IN DIE AREA

Sommige van die oortreders kom nie oorspronklik van die area waar die misdade gepleeg word nie. Baie kom van stedelike gebiede, veral van Gauteng (Blignaut, 2001:12; Moolman, 1998:2, 3). Volgens Engelbrecht (1998:10) vlug aanvallers na ander provinsies om daar te skuil. Die Britz-verslag stem nie hiermee saam nie. Volgens dié verslag kom die aanvallers van die spesifieke plaas of uit die omgewing, of hulle het vriende of familie op die plaas, of hulle woon in die omgewing van die spesifieke plaas. Plase is sagte teikens as gevolg van die geïsoleerdheid daarvan. Aanvalle op kleinhoewes geskied gewoonlik vanuit die townships wat naby die kleinhoewes is (Landbouweekblad, 1998a:8).

4.3 SWART EN WIT BOERE AS SLAGOFFERS

Volgens Moolman (1998:4) is daar by die ekonomiese simposiums van die Transvaal Landbou Unie aangedui dat die kommersiële wit boer in Suid-Afrika 'n 1 uit 100 kans staan om binne die volgende vier jaar vermoor te word. Dit is 'n vier keer hoër risiko as enige ander inwoner van hierdie land. Beide wit en swart boere word aangeval (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:6; Visser, 1998:22). Plaaswerkers word ook aangeval en/of vermoor, veral as hulle inmeng met die kriminele daad of as hulle as ooggetuie kan dien (Haefele, 1998:12; Moolman, 1998:3). 'n Huishulp en twee plaaswerkers is byvoorbeeld saam met 'n boervrou van Utrecht aangeval (Liebenberg, 2000:12). Die totale boeregemeenskap in Suid-Afrika word dus deur plaasaanvalle geraak (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:6; Visser, 1998:22). Tog blyk dit dat die wit boer bo enige ander inwoner van die land 'n groter risiko loop om vermoor te word.

4.4 BENDE-AKTIWITEITE

Aanvalle word gewoonlik deur groepe van drie of vier gewapende persone, en in sommige gevalle deur groter groepe misdadigers, onderneem (Visser, 1998:22). Soms het die groep 'n ouer persoon wat die groep, bestaande uit jonger persone, lei. Die betrokkenheid van die jeug by sulke misdrywe is kommerwekkend (Haefele, 1998:12; Moolman, 1998:3). 'n Verskeidenheid kriminele aktiwiteite word deur hierdie groepe gepleeg, naamlik diefstal, huisbraak, moord, roof, motordiefstal, die bedryf van onwettige geldmakery deur die koop en verkoop van gesteelde goedere en die smokkelary van vuurwapens om plaasaanvalle mee te loods (Visser, 1998:21). Prinsloo (2000:14) verwys na 'n bende wat boere in die Harmonie-blok naby Gravelotte verlede jaar etlike maande lank geteister het. De Nysschen (2001:9) haal Landman aan wat beweer dat "Gijima Tsotsi" 'n bende is wat in die lewe geroep is om boere te terroriseer.

4.5 DREIGEMENTE

'n Hele aantal aanvalle word voorafgegaan deur dreigemente wat tot die teikenboere gerig word (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:6; Moolman, 1998:3). 'n Plaasaanval op Ottoshoop is voorafgegaan deur teistering soos sand in die dieseltenk van 'n trekker en 'n skuur wat afgebrand is (Du Preez, 2000a:6). 'n Man van Uniondale het byvoorbeeld gedreig om boere en hulle gesinne met handgranate aan te val, uit te moor en hulle plase af te brand (Beeld, 2000c:11). 'n Boer wat in KwaZulu-Natal vermoor is se moord hou vermoedelik verband met dreigemente van 'n groep gesinne wat 'n plaas wil beset omdat hulle grondeis van ses jaar nie toegestaan word nie (Sapa, 2000:15). Boere van Nonoti-Wes en Mangete het ook dreigemente ontvang en hulle groente-oeste is gesteel en suikerrietlande is aan die brand gesteek.

Baie aanvalle word dus voorafgegaan deur teistering, dreigemente en diefstal. Hierdie omstandighede dra by tot ekonomiese verliese en ook tot vrees en frustrasie wat emosionele spanning, plaasverlating en afname in produksie van gewasse tot gevolg het.

4.6 KWETSBAARHEID

Die kwetsbaarheid van mense speel 'n belangrike rol by plaasaanvalle (Moolman, 1998:3). Ouer mense is dikwels slagoffers (Haefele, 1998:12; Moolman, 1998:3). Die gesinne, familie, werknemers en besoekers van boere is veral kwetsbare teikens. Die boere, hulle gesinne, hulle plaaswerkers en besoekers is as gevolg van die eiesoortigheid van 'n plaas feitlik altyd weerloos teen aanvallers en dus maklik teikens. Dit wil voorkom of aanvallers nie net altyd kom steel nie, maar dat hulle kom om doelbewus gewelddadig op te tree.

4.7 STATUS VAN DIE SLAGOFFER

Permanente boere, asook prominente boere in 'n bepaalde gemeenskap, is meestal die slagoffers van aanvalle (Haefele, 1998:12). Dit kan dalk wees dat hierdie boere welgesteld is en dus 'n meer aantreklike teiken is. Aanvalle op hierdie individue het dan ook 'n groter impak op die landboubedryf (Moolman, 1998:3) en die gemeenskap.

4.8 VALS IDENTITEIT

Van die aanvalle word gepleeg deur persone wat voorgee dat hulle lede van die veiligheidsmagte is (Haefele, 1998:12; Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:6; Moolman, 1998: 3). Daar is die

voorbeeld van 'n veiligheidswag wat 'n egpaar saans op hulle plaas bewaak het, wat verantwoordelik gehou word vir die gru-moord op die egpaar (Fourie, 2000b:3). In 1996 is 'n boer vermoor deur 'n persoon wat hom voorgegee het as 'n lid van die weermag (Mulder, 2001:1). Plaasaanvalle skep wantroue by die boeregemeenskap in die veiligheidsmagte en selfs by plaaswerkers en vreemdelinge omdat hulle nie weet wie om te vertrou en wie nie. Vreemdelinge kan beskou word as persone wat byvoorbeeld 'n bees wil koop of by plaaswerkers besoek wil aflê.

4.9 HINDERLAE

Huisbewoners word al hoe meer dikwels deur vensters geskiet terwyl hulle in die huis is óf by vensters uitkyk in reaksie op die geraas wat aanvallers buite maak (Visser, 1998:23). Vroeg soggens, met die aanvang van die dag se plaasaktiwiteite of laat middag wanneer aktiwiteite van die dag op die plaas afgeneem het, word die boer verras en oorweldig. Dan het die aanvallers toegang tot die res van die gesin (Visser, 1998:23). Andersins wag aanvallers by die ingang van die hek of motorhuis om slagoffers aan te val wanneer die hek/motorhuisdeur oopgemaak word wanneer hulle van die dorp of die kerk terugkeer (Visser, 1998:23). Die aanvallers wag in baie gevalle die slagoffers binne hulle huise in (Jonker, 1999:7). Die veronderstelling is dat aanvallers sal steel en dadelik vlug, maar in die meeste gevalle wag die aanvallers die boer en sy gesin binne die huis in waar hulle vasgebind en besteel word. Die rede hiervoor is volgens die Britz-verslag omdat die aanvallers die sleutels van die motor of kluis wil hê (Landbouweekblad, 1998a:8). Dit blyk ook dat slagoffers aangeval word nadat hulle uit hulle huise beweeg om ondersoek in te stel na verdagte geluide. Gewoonlik is dit nadat alarm gemaak is deur byvoorbeeld die honde (Du Preez, 2000b:17; Van der Westhuizen, 2000a:4).

4.10 BRANDSTIGTING

Boere is dikwels die slagoffers van brandstigting, wat in die meeste gevalle as vergeldingsoptredes beskou word. Buitegeboue, die plaashuis, weiding en voertuie word aan die brand gesteek om die gesin na buite te lok. Sodra die boer die huis verlaat om ondersoek in te stel, of om die vuur te blus, vind die aanval plaas (Fourie, 1999a:16; Haefele, 1998:11; Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:5; Moolman, 1998:4; Visser, 1998:22-23).

4.11 TYD VAN AANVALLE

Aanvalle vind dikwels in die laaste week van die maand plaas omdat die persepsie bestaan dat lone betaal word en dat kontant geredelik beskikbaar sal wees (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:9; Moolman, 1998:4; Visser, 1998:23). Visser (1998:23) beweer dat aanvalle meer in die laatmiddag en gedurende die nag, wanneer aktiwiteite op die plaas afneem, plaasvind. Die meeste aanvalle vind op Donderdae plaas. Vrydae en Sondae is ook gewilde dae vir aanvalle omdat (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:9; Visser, 1998:23):

- tydelike plaaswerkers oor naweke huis toe gaan en gesteelde goedere kan saamneem;
- lone aan die einde van die week betaal word en die kanse groot is dat geld in die huis beskikbaar sal wees;
- huismense dikwels oor naweke weg is en Sondagoggende kerk toe gaan; en
- daar ook 'n ontspanne atmosfeer oor naweke heers wat die huismense kwetsbaar maak.

4.12 GEORGANISEERDE MISDAAD

Georganiseerde sindikate, talle met internasionale verbintenisse, speel 'n belangrike rol by die hoë vlakke van geweld en misdaad. Baie onwettige immigrante, lede van sindikate en bendes is al positief met plaasaanvalle verbind. Oneffektiewe grensbeheer en Suid-Afrika se geografiese ligging maak die land 'n teiken vir georganiseerde misdaad (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:3).

5. MOTIEWE VIR PLAASAANVALLE

Die oorsake en motiewe vir misdaad in Suid-Afrika en dan meer spesifiek die aanvalle op lede van die landbougemeenskap, sluit die volgende in: 'n kultuur van geweld, die beskikbaarheid van onwettige en wettige vuurwapens; en hoë vlakke van werkloosheid en armoede in landelike gebiede (Summit on Rural Safety and Security, 1998:1). Hierdie motiewe is verkry uit ondersoeke, omstandigheidsgetuies en persepsie-agtergrond deur individue en lede van organisasies (Haefele, 1998:12).

5.1 KULTUUR VAN GEWELD

Haefele (1998:12-13) en die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (1998:2) noem dat onverdraagsaamheid en geweld 'n sosiaal aanvaarbare wyse van konflikhantering in die bereiking van politieke en persoonlike doelwitte geword het, wat 'n klimaat van wetteloosheid

en selfregverdiging skep in 'n omgewing waarin kriminele elemente floreer. Historiese politisering van sosiale, ekonomiese en burgerlike vraagstukke ondermyn verwagtinge van politieke verandering en skep 'n kultuur van selfverryking (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:2). Toe te skryf aan die gewapende stryd wat 25 jaar geduur het, het 'n hele generasie in Suid-Afrika met geweld as deel van hulle daaglikse lewe grootgeword.

5.2 ARMOEDE, WERKLOOSHEID EN ONTBERING

Armoede en werkloosheid is die hoofredes vir geweld in Suid-Afrika (Haefele, 1998:13; Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:2; Visser, 1998:20). Misdaad as sodanig, en die onwettige besetting van eiendom is faktore wat misdadigers motiveer om betrokke te raak by aanvalle op die boeregemeenskap (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:2; Visser, 1998:20). In byna die helfte van 40 plaasaanvalle in Mpumalanga en die Noordelike Provinsie, wat statisties ontleed is, was 40% van die gevalle roof, in 27% minder ernstige misdaad en in 22% wraak (De Lange, 2000:12).

5.3 VERGELDING, HAAT EN SWAK WERKSVERHOUDINGS

Die moontlikheid bestaan dat aanvallers vergeld omdat boere werkers ontslaan of van hulle eiendom verwyder of omdat werkdispute voorkom (Haefele, 1998:13; Visser, 1998:20). Hierdie aanvalle vind ongeag of die boer die voorgeskrewe reëls en regulasies en die proses van die reg gevolg het (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:2; Visser, 1998:20), plaas.

Volgens Van der Merwe in Van Zyl (1998:12) kan "haat" as 'n wesenlike oorsaak van aanvalle op boere bestempel word. Op 7 Des 1999 verdwyn 'n boer van sy plaas en word sy lyk twee weke later by 'n rivier gevind. Die vermeende moordenaar was vermoedelik 'n plaaswerker wat afgedank is (Van der Westhuizen, 1999:7). Die motief vir die moorde op mnr en mev Hill van Klerksdorp is vermoedelik weerwraak (Beeld, 2000b:5). Dit het byvoorbeeld gebeur dat vreemdelinge se beeste op 'n boer se plaas gewei het. Na 'n rusie omdat hy die beeste wou skut en die eienaars die beeste sonder sy medewete wou verwyder, is die boer met 'n knopkierie en panga aangerand (Du Preez, 2000c:7).

5.4 ONWETTIGE IMMIGRANTE

Die vermoede bestaan dat miljoene onwettige immigrante in Suid-Afrika woon. Gedurende 1994 is 12 403 onwettige immigrante in Suid-Afrika vir ernstige kriminele oortredings soos

verkragting en moord gearresteer (Haefele, 1998:13). Volgens die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (1998:3) en Visser (1998:20) is onbeheerde onwettige immigrasie 'n probleem, ook omdat dit die oorlading van sosio-ekonomiese infrastruktuur vererger, 'n vermindering in werksgeleenthede tot gevolg het, 'n verhoging in potensiële intergroepkonflik veroorsaak en oorgrensmisdade, roof, motordiefstal en kapings laat toeneem. Haefele (1998:13) noem ook dat sommige boere hierdie onwettige immigrante nie vir hulle diens betaal nie. Sodra hulle daaroor kla, meld die boere die werkers by die immigrasiekantore aan. Dit kan lei tot vergelding.

5.5 BESKIKBAARHEID VAN WAPENS

Die maklike verkryging van vuurwapens hou verband met die talle aanvalle op boere (Haefele, 1998:13; Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:3; Visser, 1998:20). Omdat boere oor vuurwapens beskik, is hulle blootgestel aan misdadigers vir die verkryging van nog vuurwapens om in misdrywe soos gewapende roof, moord en aanranding aan te wend (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:3; Visser, 1998:20). Na die moord op 'n boer wat met gesteelde wapens vermoor is, beklemtoon die Soutpansberg-distrikslandbou-unie die rol wat gesteelde wapens in die land se misdaad speel (Fourie, 2000a:4). Mlanda (2001: 2) noem dat die volgende in ag geneem moet word ten opsigte van vuurwapens, naamlik dat:

- mense doodgemaak word met gelisensieerde vuurwapens wat in die hande van ongelisensieerdes beland;
- vuurwapens, van handgewere tot jaggewere, nie genoegsaam in veilige plekke gebêre word nie;
- mense in die openbaar met hulle vuurwapens beweeg om te illustreer hoe voorbereid hulle is op selfverdediging, sonder dat hulle besef dat daar ander mense is wat graag daardie vuurwapens van hulle sal wil afneem; en
- die besit van 'n vuurwapen kan lei tot die dood van iemand wat nie noodwendig die lisensiehouer is nie.

5.6 POLITIEKE MOTIEWE

Aanvalle is uitermatig brutaal en gaan gepaard met marteling. Dit laat die vermoede ontstaan dat baie aanvalle verband hou met haat en vergelding (Visser, 1998:22). Volgens Van Rooyen (2000:16) word slagspreuke gebruik om haat teen die Afrikaner en veral die boere aan te blaas, aangesien die persepsie bestaan dat hulle die argitekte van apartheid was. AgriSA verwys daarna as "haatspraak". Wit boere word uitgeskel as "die ergste rassiste in die wêreld" en "hulle (wit boere) is moordenaars en indringers en ons gaan nie probeer om die onverdedigbare te verdedig

nie" (Eybers, 2000:1). Dreyer (1999:20) skryf dat Mdladlana (minister van arbeid) gedreig het dat hy die nuutgestigte Skerpioene-eenheid op die boere sal loslaat. AgriSA sê dat die veldtog teen boere hulle lewens in gevaar stel en dat dit niks anders is as 'n vervolgingsveldtog teen boere nie. Boere word gelykgestel aan geharde misdadigers (Beeld, 1999a:17). Uitsprake soos: "Ek is vandag hier om die geld en die plaas te vat wat jy van my gesteel het. As ek dit nie kry nie, maak ek jou dood" en "Jou wit vuilgoed!" vererger die gespanne situasie (Steenkamp, 2000a:onbekend).

Naude (2001:14) noem dat die motief vir sommige aanvalle en moorde op boere en hulle gesinne ongetwyfeld rassisme is. Dit word gestaaf deur 'n uitspraak van regter Els in die hooggeregshof in Pretoria na die moord op Van der Merwe van Groot Marico. Volgens die hofuitspraak is die moord uit haat gepleeg "omdat hy 'n wit boer was". In boerekringe word algemeen aanvaar dat hulle vermoor word omdat hulle wit is. Sommige koppel dit aan politiek en die uitspraak "Kill the boer, Kill the farmer". Regter Els noem verder dat Winnie Madikizela-Mandela (SAS ANC) beweer dat wit boere mekaar vermoor om gevoelens teen swart mense op te sweep.

Sekere groepe en politieke leiers het oor die jare heen sekere opruiende standpunte teen die boeregemeenskap gemaak soos: "Kill the boer, kill the farmer" en "One Settler, One Bullet" (Haefele, 1998;13; Keenan, 1998:14; Moolman, 1999:52). Dit het 'n klimaat van gewelddadige aanvalle op die boeregemeenskap geskep. Slagspreuke wat verbind word met die PAC, is al by 'n moordtoneel gelaat. Die vermoede bestaan dat van die moorde deur APLA (Azanian People's Liberation Army) uitgevoer is (Haefele, 1998:13). Nog 'n standpunt wat deur 'n aanvaller geuiter is, was: "Julle boere, ek wou julle lankal vrek geskiet het!" (Beeld, 1999b:7.) In reaksie op die gewelddadigheid van aanvalle op boere reageer die boere met slagspreuke wat in 'n optog na 'n landdroshof vertoon is, naamlik: "Mbeki = violates Afrikaners' right to life?", "Farm Murders = Armed Struggle?" en "Plaasmoorde = Volksmoord." (Du Preez, 2001:12.)

McIntosh van KwaZulu-Natal Landbou-unie noem in Keenan (1998:14) dat baie misdade 'n politieke motief het wat veral op plaaslike vlak deur plaaslike gemeenskapsleiers georkestreer word. Vercueil in Van Zyl (1997:10) skryf die toenemende aantal moorde toe aan die wraakaanvalle op boere weens die onhaalbare verwagtinge wat deur die regering geskep is (Moolman, 1999:48).

Viljoen noem in Coetzee en Schoombee (1998:23) dat moorde met militêre presisie gepleeg word wat daarop dui dat dit opgeleide groepe is. Coetzee en Schoombee (1998:23) noem dat

slagoffers wreed gemartel en selfs vermink word, sonder dat enigiets gesteel word. Hy noem dat dit op 'n skrikbewind om boere van hulle plase te dryf dui, met 'n moontlike politieke motief. Tog noem Keenan (1998:14) dat almal nie daarvan oortuig is dat 'n politieke element agter hierdie geweld aanwesig is nie.

Van Burick (2000c:4) noem: "Landbou-organisasies sê selfverryking is die motief vir die meeste plaasmoorde en nie die wyse waarop hulle werkers behandel nie." Statistiek toon dat die meerderheid plaasaanvalle nie gekoppel kan word aan die omstandighede op plase nie, en dat die misdade deur vreemdelinge gepleeg word. Ehlers (president van die Transvaalse Landbou-unie) beskou gebeure soos plaasbesettings in Zimbabwe en haatsprake deur politici as faktore wat 'n rol speel by plaasaanvalle (Van Burick, 2000c:4).

5.7 GRONDEISE EN SUID-AFRIKA SE GRONDVRAAGSTUK

Grondeise en omgekeerde rassisme word deur sommige boere as die motief vir plaasaanvalle genoem (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:4; Visser, 1998:21). Dit blyk uit die reaksie van Weber (voorsitter van Aksie: Stop Plaasaanvalle) dat hulle ondersoek aantoon dat plaasaanvalle om grond- en raskwessies gaan. Faktore wat bydra tot optredes om grond te verkry, is opstokery van mense dat hulle grondbesit moet eis; standpunte dat al wat nodig is om grond te besit net is om die boer van die plaas af te dryf; en intimidasie (Visser, 1998:21). Tydens die veldtog in die verkiesingsfase voor 1994 is talle politieke beloftes gemaak ten opsigte van die herverdeling van grond. Min daarvan het al op hierdie stadium gerealiseer. Dit het tot gevolg dat swartmense tot die gevolgtrekking gekom het dat die beloftes wat gemaak is, nie uitgevoer sal word nie (Moolman, 1999:48).

Die stereotipe persepsie bestaan dat wit boere as setlaars inbreuk gemaak het op Afrika se grond. Al het hulle volgens hierdie filosofie geen wettige reg om grond te besit nie, "besit" hulle 87 % van die bewerkbare grond in Suid-Afrika. Daarom mag wittes volgens die NICOC-verslae (National Intelligence Coordinating Committee reports) van 1997 van die plase verwyder word (Moolman, 1999:48). Mbeki beskou Suid-Afrika se grondkwessie in 'n ernstiger lig as Zimbabwe se probleem. Hy voorsien probleme indien die grondkwessies nie opgelos word nie omdat rasse-wanbalans nie op 'n vreedsame wyse opgelos kan word nie (Fourie, 2000c:1). Gutto (Sentrum vir Toegepaste Regstudie) sê dat spanning oor grond die rede is vir die toenemende aanvalle op boere en ander plattelanders (Van Rooyen, 2000:16). Hand aan hand met die grondvraagstuk gaan die kwessie van verblyfreg. 'n Voorbeeld van so 'n verblyfkwessie is familielede van mense wat op 'n Vrystaatse plaas plak en 'n boer en sy gesin teister deur duur

werktuie van kranse af te stoot, plaasdiere dood te maak en dreigemente te maak om 'n plaasmoord te pleeg (De Klerk, 2000:2).

5.8 INTIMIDASIE

'n Dokument wat deur Aksie Stop Plaasaanvalle saamgestel is, dui daarop dat die intimidasie van boere die kernrede vir plaasaanvalle is. Die motief daaragter is om boere van hulle plase af te verdryf. Volgens Van Rooyen (2000:14;16) kan hierdie afleiding om die volgende redes gemaak word:

- Uiterste geweld en wreedheid kenmerk plaasaanvalle. Mense word in hulle huise gemartel en vermoor. Lyke word geskend en mense word vasgebind voordat hulle doodgemaak word. Dit kom voor of die aanvaller eers die mense wil verneder en pynig, veral bejaardes en vroue. Vroue en kinders word nie ontsien nie. Vroue en dogters word verkrag. In sommige gevalle word mense doodgemaak nadat die aanvallers reeds hulle doelwit bereik het, al bied die slagoffers geen weerstand nie.
- Aanvalle word deur fyn militêre beplanning voorafgegaan. Dit staan in teenstelling met die meeste ander moorde op ander bevolkingsgroepe waarin alkohol, dwelms, interpersoonlike en huishoudelike konflik 'n rol speel.
- Plaasmoorde het sedert 1994 met 106% gestyg, terwyl ander moorde afgeneem het.
- Die aanvallers is feitlik sonder uitsondering swart en die slagoffers in feitlik alle gevalle is blank.
- Haatspraak word ook beskou as 'n vorm van intimidasie.

5.9 FRUSTRASIE

Dit blyk volgens Claassen (2000:24) en Van Burick (2000d:onbekend) dat onsekerheid bestaan oor die rol van die boer, polisie en die kommando tydens 'n plaasaanval en beveiliging op plase in die algemeen. Kommandolede kla dat "hulle hande afgekap is om op te tree". Hulle mag nie optree om misdaad te voorkom as die polisie teenwoordig is nie. Dit blyk dat hierdie onsekerhede daartoe bydra dat nóg die polisie nóg die kommandolede nóg die inwoners van landelike gebiede nòg die owerheid duidelikheid het oor bestaande veiligheidsplanne. Die landbougemeenskap word met gevoelens van onsekerheid, twyfel en frustrasie gelaat (Visser, 1998:22).

Volgens die dokument van Aksie Stop Plaasaanvalle (Van Rooyen, 2000: 14 en 16) en die volledige Britz-verslag (Landbouweekblad, 1998a:1) kom die volgende dade teen boere en hulle gesinne die meeste voor: moord en teregstelling; poging tot moord; verkragting; aanranding met

die opset om ernstig te beseer; vernedering en skending; roof en gewapende roof; voertuigskaking; kwaadwillige beskadiging van eiendom; verminking van diere; en brandstigting.

6. DIE SLAGOFFER VAN 'N PLAASAANVAL

Vir hierdie navorsingstudie is dit belangrik om te weet wie die slagoffer van 'n plaasaanval is. Uit die beskikbare literatuur en statistiek blyk dit dat wit lede van alle ouderdomme in die boeregemeenskap by verre die grootste aantal slagoffers van plaasaanvalle is, alhoewel ouer persone meer dikwels aangeval word (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:7; Moolman, 1998:1). Volgens die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (1998:7) en Moolman (1999:1) is mans meer kwetsbaar as vroue. Moolman (1998:1) verwys na die Crime Information Management Centre (CIMC) wat konstateer dat 60.5% van die slagoffers mans is en 39.5% vroue. Volgens Visser in Moolman (1998:1;5) is die redes hiervoor dat:

- die lande/kampe buite die sekuriteitsarea besoek word;
- mans laataand uitgaan om waterpompe en kragopwekkers te hanteer en om kragonderbrekings en verdagte geluide te ondersoek;
- die man is die outoritêre figuur op die plaas is en dikwels betrokke is by arbeidsvraagstukke wat moontlik opduik; en
- wanneer die honde blaf, dit die man is wat ondersoek gaan instel.

Dit wil dus lyk asof wit ouer mans in die meeste gevalle die slagoffers van plaasaanvalle is. Die risiko om 'n slagoffer te word, hou verband met die individu se roetine en leefstyl (Laub, 1990:29). Volgens die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (1998:8), Moolman (1998:2) en Visser (1998:22-23) is die volgende persone die kwetsbaarste:

- Geïsoleerde persone in afgeleë areas
- Persone wat die nodige veiligheidsmaatreëls verontagsaam
- Persone wat groot hoeveelhede kontant, ammunisie en vuurwapens aanhou
- Persone wat betrokke is by voorvalle van ontslag of gedwonge hervestiging
- Persone wat produkte op die plaas verkoop en toegang aan vreemdes op die plaas verleen
- Persone wat betrokke is by 'n emosionele en onstabiele klimaat oor landsake
- Mense sonder alternatiewe kommunikasiemeganismes soos Marnet of selfone
- Persone wat werkers in diens neem sonder die nodige identifikasie

Volgens die Crime Information Management Centre-verslag (Moolman, 1998:2) was slagoffers van plaasaanvalle eienaars van die eiendom, plaaswerkers, bestuurders, familie van genoemde en

gaste. Dit is duidelik dat blankes by verre die meerderheid slagoffers is, gevolg deur swartmense, Indiërs en bruinmense. Ten opsigte van die ouderdomsverspreiding van slagoffers dui Moolman (1998:2) aan dat bykans 40% van die slagoffers bejaarde persone is (Crime Information Management Centre-verslag in Moolman, 1998:2). Wit mense, ouer as 50 jaar word as sagte teikens beskou. 'n Belangrike waarneming is dat jonger gesinne deesdae ook as teiken beskou word (Crime Information Management Centre-verslag in Moolman, 1998:2). Persone van alle ouderdomme kan dus slagoffers van plaasaanvalle wees, al blyk dit dat ouer persone meer kwetsbaar is.

7. DIE AANVALLER VAN 'N PLAASAANVAL

Om 'n profiel van die aanvaller saam te stel, kan waardevol wees ten einde 'n plaasaanval af te weer. Offender Profile Farm Safety Project (2001:3) noem dat die aanvallers wat by plaasaanvalle betrokke is, hoofsaaklik "... a young, single, unemployed black South African male aged between 22 and 25 ....." is met " ..... a dysfunctional family background .... (raised by a single parent, grandparent or relatives)". Die afleiding kan dus gemaak word dat die aanvaller meestal 'n jong, enkellopende, werklose man is met 'n disfunksionele familie-agtergrond. Dit blyk ook dat meer voormalige plaaswerkers by plaasaanvalle betrokke raak (Louw, 2003b:2).

Die meerderheid verdagtes is Suid-Afrikaanse burgers en hoofsaaklik mans. Slegs een vroulike verdagte is al gearresteer (Moolman, 1998:3). Fourie (2000d:9) berig ook van 'n huishulp se seun wat as 'n verdagte in 'n plaasaanval aangekeer is. In baie gevalle bestaan 'n verbintenis tussen die aanvaller en die geïdentifiseerde plaas.

Die gemiddelde ouderdom van die verdagtes van 1991 tot 1998 was 24.5 jaar. Vir hulle is geweld en intimidasie 'n sosiaal aanvaarbare norm en 'n middel om 'n doel te bereik (Moolman, 1999:53).

Dit word volgens Moolman (1998:3) deur SAPD-ondersoeke bevestig wat wel in 'n aantal gevalle 'n verband tussen een of meer beskuldigdes en die teikenplaas aandui. Beskuldigdes het, of woon steeds op die teikenplaas, of in die nabyheid van die plaas of het verhoudings met persone wat verbind kan word met die plaas. Hierdie verhoudings word dikwels benut om inligting oor die geteikende plaas in te win.

8. DIE GEVOLGE VAN PLAASAANVALLE

Plaasaanvalle hou vir die slagoffers negatiewe gevolge in. Die impak van so 'n aanval is dikwels ingrypend. Hier volg 'n paar voorbeelde:

8.1 EKONOMIESE GEVOLGE

Volgens Moolman (1998:4) verander boere hulle boerderypraktyk na minder arbeidsintensiewe boerdery in 'n poging om hulle te beveilig en om kontak met die werkers te verminder. Die arbeidskragte in die landbousektor het van 1.2 miljoen na 900 000 verminder. Sommige boere verander hulle produksiestyle van kleinveeboerdery na grootveeboerdery of bosbou, wat hulle minder kwetsbaar maak vir diefstal, wat soms met hierdie aanvalle gepaard gaan (Moolman, 1998:4). Volgens die "South African Meat Industrial Corporation" (Moolman, 1998:5) was die verlies aan vee gedurende 1997 R 107.6 miljoen. Sommige boere moes voer aankoop omdat winterweiding afgebrand is. Ten spyte van hierdie verliese het boere nou ook addisionele uitgawes met betrekking tot sekuriteit (Moolman, 1998:5). Byna 'n derde van die land se nywerhede is landbouverwant. Boerdery in Suid-Afrika verskaf werksgeleenthede aan sowat 800 000 plattelanders en onderrig by 4 000 plaasskole. 25 000 boere het gedurende 2000 die beroep vir 'n ander verruil (Van Zyl, 2001:61). "Grond is nie rykdom nie; dis die aktiwiteit en geld wat daarin geploeg word wat dit iets werd maak ..." (Noordwes Landbou, 2000:3). Die hoëvlak van misdaad en korrupsie in Suid-Afrika is 'n nasionale krisis. Dit beïnvloed nie net die land se beeld negatief nie, maar ontmoedig ook investering (De Villiers, 1997:70).

Dit wil vir die navorser lyk asof die slagoffers van plaasaanvalle omvangryke finansiële gevolge dra (mediese uitgawes, versekering, beveiliging, produksieverliese, uitgeputte mediese fondse, verhuising, boedels). Boere word gedwing om geld en mannekrag vir ekstra veiligheidsmaatreëls te begroot omdat daar nie meer genoeg polisie is om na hulle om te sien nie. Versekeringspremies word al hoe duurder en dreig om onbekostigbaar te word (Van der Westhuizen, 2000b:14). Veral boere van die KwaZulu-Natalse Middellande is so erg deur geweldenaars geïntimideer dat bankrotskap baie van hulle in die gesig staar. Talle boere het dan ook reeds hulle plase verlaat (Pieterson, 2000:3). Sowat 17% van alle plaasaanvalle het op moord uitgeloop en dit neem omgeveer 18 maande voordat produksie weer hervat kan word nadat die broodwinner van 'n plaas vermoor is (Botha, 2000:14).

8.2 POLITIEKE GEVOLGE

Hierdie hoë voorkoms van plaasaanvalle geniet 'n breë mediadekking wat aan die buitewêreld 'n beeld van politieke onstabiliteit in Suid-Afrika skep. Dit het weer 'n nadelige effek op die land se ekonomie. Plaasaanvalle het 'n effek op plaaslike en internasionale beleggingsvertroue, veral ten opsigte van werkverskaffing en toerisme. Indien die boere hulle plase verlaat, soos alreeds gebeur het, verloor die land kapitaal, asook mense met professionele vaardighede. Dit skep 'n gevoel van vrees wat bydra tot waaksame optrede en polities geïnspireerde optrede (Moolman, 1998:4). Volgens Visser het 'n plaasmoord dikwels die gevolg dat tussen 20 tot 30 plaaswerkers werkloos is na die moord op 'n boer. Plase word in sulke gevalle verkoop en die boerdery kom tot stilstand (Van der Westhuizen, 2000b:14).

Volgens Visser (1998:20) het die hoë vlakke van misdaad, veral geweld en korrupsie, aan Suid-Afrika 'n reputasie besorg as een van die lande met die hoogste misdaadsyfer ter wêreld. Hierdie klimaat van wetteloosheid skep 'n omgewing wat gekenmerk word deur 'n vertraging in die regsisteem, lae persentasie skuldigbevindings, onaanvaarbare paroolomstandighede, oorbevolkte tronke en 'n verhoogde aantal ontsnappings uit tronke. Slagoffers kommunikeer ongemak ten opsigte van uitgerekte regsprosedures en aanvallers wat op parool vrygelaat word en terugkeer na die teikenplaas waar die slagoffer en aanvaller daaglikse kontak met mekaar het. Vertroue in die regstelsel is geskaad. Dit skep 'n gevoel van magteloosheid, frustrasie, vrees en woede by die slagoffer. Volgens Visser (1998:20) sal mense nie meer kan boer as dinge so voortgaan nie.

Die impak van plaasaanvalle is ernstig. Die buitewêreld kry 'n beeld van politieke onstabiliteit in Suid-Afrika wat die land se ekonomie benadeel ten opsigte van beleggingsvertroue, werkverskaffing en toerisme. Suid-Afrika verloor kapitaal en professionele vaardighede. 'n Algemene gevoel van vrees en besorgdheid oor die boeregemeenskap heers. 'n Gevoel van woede word ook verskerp as gevolg van die onvermoë om beheer oor die aanvalle te verkry. Plaasaanvalle het 'n stryd om finansiële oorlewing, werkloosheid en potensiële konflik in die boeregemeenskap tot gevolg. Daar word nêrens veel melding van die psigososiale gevolge van 'n plaasaanval gemaak nie. Hierdie aspek word breedvoerig in die navorsingstudie in Hoofstuk 6 bespreek.

8.3 PSIGOSOSIALE GEVOLGE

Hierdie aanvalle het 'n sterk emosionele impak op die samelewing. Dit verhoog ook 'n gevoel van woede omdat daar 'n onvermoë blyk te wees om die aanvalle te voorkom (Moolman,

1998:4). Volgens die Crime Information Management Centre (Moolman, 1998:5) is die gevolge van hierdie situasie in die boeregemeenskap die volgende:

- Vertroue word verloor in veiligheid- en sekuriteitinstellings.
- Die boere dreig dat hulle die reg in eie hande sal neem.
- Hulle bewapen hulle.
- Hulle sluit aan by selfbeskermingstrukture.
- Hulle verdink soms lede van die veiligheidsmagte van sameswering met die vyand.
- Hulle bring omheining en beskerming aan om die omgewing teen indringers te beveilig.

Volgens Moolman (1998:4) en Visser (1998:22) is die potensiaal vir konflik in die boeregemeenskap hoog as gevolg van die omvang van die aanvalle. Slagoffers en potensiële slagoffers ervaar gevoelens van onveiligheid, onsekerheid, frustrasie en woede as uitvloeisels van die moorde op boere. Openlike protes en optrede volg vanuit die gemeenskappe.

9. PRAKTIESE WENKE AAN BOERE OM PLAASAANVALLE AF TE WEER

Boere se eerste belangrike wapen teen plaasaanvalle is 'n bewustheid van die moontlike gevaar en dat hulle verantwoordelikheid vir hulle eie veiligheid moet aanvaar. Volgens 'n opname wat die polisie se misdaadinligting- en ontwikkelingsentrum op 207 plase in die Oos-Kaap gedoen het, is daar ruimte vir verbetering ten opsigte van veiligheidsmaatreëls en veiligheidsbewustheid (Van Burik, 1999a:4). Volgens die bevindings is daar op slegs 40% van die plase honde wat as afskrikmiddel dien, 45% het veiligheidshekke, 42% het diefwering, 61% het buiteligte, en net 19% van die boere dra vuurwapens. Op meer as die helfte van die plase was vyf of meer vuurwapens. Dit is dus vir rowers nie moeilik om 'n plaas te vind waar vuurwapens geroof kan word nie (Van Burik, 1999a:4).

Dit blyk dus dat veiligheidsmaatreëls en veiligheidsbewustheid op plase verskerp kan word. Van Zyl (1997:10) meld dat die hoë moordsyfer boere dwing om meer in veiligheid op hulle plase te belê. Van Zyl (1997:10) noem ook dat die paraatheidstand van die boeregemeenskap op net 45,5% geraam word, wat beteken dat minder as die helfte van die boere stappe geneem het om hulle te beveilig. Paraatheid kan met weldeurdagte beplanning tot stand gebring word. Plaasaanvalle volg 'n patroon en kan dus gefnuik word indien die boer kennis van die aanvallers se modus operandi dra (Badenhorst, 2002:52). Die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en die Landbou-unie het 'n lys reëls saamgestel wat as riglyn teen moontlike aanvalle dien. Die riglyne is soos volg (Martins, 1998:31;79):

9.1 HUIS

Plaasaanvalle vind plaas waar die aanvallers die slagoffers in die huis inwag nadat toegang verkry is deur vensters of deure wat oop was of deur geweld oopgebreek is (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:9). Volgens Van der Merwe (soos aangehaal deur Van Zyl, 1998:12) is die aanvallers in 90% van die gevalle vertroud met die uitleg van die woning en die inwoners se roetiene. Doeltreffende diefwering en veiligheidshekke voor alle vensters en deure, wat aan sekuriteitsligte en alarmstelsels gekoppel is, is noodsaaklik. Deure moet voorsien wees van loergaatjies en veiligheidskettings (Badenhorst, 2002:52; Martins, 1998:31; Steyn, 2002:52). Deure moet te alle tye gesluit wees, al is daar 'n huishulp wat in en uit beweeg. Niemand moet met die sluit van 'n deur vertrou word nie (Van Rooyen, 2002:34). Die alarmstelsel moet van 'n gekoppelde bystand-batterykragbron voorsien wees in geval die krag afgesny word. Naas 'n gebiedsradioverbinding (Marnetstelsel) is twee aparte telefone met aparte koppelings na die hooftelefoonverbinding in verskillende dele van die huis nodig. 'n Selfoon is ook nodig. Marnetverbinding in elke voertuig is die ideaal (Martins, 1998:31).

Van Rooyen (2002:34) stel voor dat die gordyne in die aande voor die vensters toegetrek moet word en dat werkers en ander persone nie bewus moet wees van geld in die huis nie. Verder moet 'n flits snags in die kamer gehou word en moet ligte nie aanskakel word as onraad vermoed word nie. Niemand, buiten die huishulp, mag vrye toegang tot die huis hê nie. Die deur moet nie vir vreemdelinge oopgemaak word nie, al is daar 'n veiligheidshek. Indien die huisbewoners (bedags of saans) uithuisig was, moet hulle met hulle terugkeer baie versigtig wees deur te let op vreemde reuke in die huis. Die vrou moenie eerste in die huis ingaan nie en 'n vuurwapen moet gereed gehou word. Daar moet na die honde se gedrag gelet word tydens die aankoms by die huis.

9.2 NOODPLAN

Beskik oor 'n noodplan wat elke gesinslid ken en in tye van 'n aanval kan toepas. Gesinslede moet basiese noodhulp ken en die preparate in die noodhulpkas kan gebruik (Martins, 1998:31). Sorg dat die SAPD, kommando en bure u gereeld besoek. Hekke in die paaie na die huis moet nie gesluit word nie, sodat toegang nie belemmer word as daar nood is of die veiligheidsmagte bejaardes wil besoek nie. Indien onraad bemerk word, moet hulp dadelik ontbied word al blyk dit later onnodig te gewees het. Sorg dat die naambord saans duidelik sigbaar is sodat mense dit in 'n noodgeval maklik kan kry (Van Rooyen, 2002:34). Sorg dat vuurwapens op ten minste twee plekke in die huis in veilige bewaarplekke (kluise) is, maar met gemaklike en vinnige toegang.

Verantwoordelike gesinslede moet opgelei word om die vuurwapens te kan gebruik (Martins, 1998:31).

9.3 BELIGTING

Strategiese beligting vanaf die huis oor die werf kan potensiële aanvallers verblind. Beligting wat met 'n hittesoekende sensor outomaties aanskakel, maak dit moeilik vir 'n aanvaller om nader te kom. Elke moontlike verskuilde hoek moet belig wees. Dit is nodig om te onthou dat hierdie tipe ligte ook deur 'n waghond of gans aangeskakel kan word (Martins, 1998:79). Ligte maak die moontlike skuilplek vir aanvallers net minder. Ligte moet op hoë punte opgerig word vanwaar die hele opstal belig kan word. Boere kan gebruik maak van afstandbeheer op hulle ligte deur middel van selfoongeaktiveerde toestelle of 'n soortgelyke kontrole as die van elektriese hekke (Badenhorst, 2002:52-53). Wees bedag op ligte wat nie werk nie (Martins, 1998:79).

Praktiese voorsorgmaatreëls, soos die strategiese plasing van lanterns en flitsligte in die huis (in geval van kragonderbrekings) is noodsaaklik. Sorg dat die motor- en buitekamersleutels op 'n veilige plek gebêre word. Dit kan in 'n noodsituasie tyd wen (Martins, 1998:31).

9.4 WAGHONDE

Doeltreffende waghonde en ganse kan dit vir vreemdelinge moeilik maak om saans by 'n plaashuis aan te klop sonder vooraf waarskuwing (Martins, 1998:31; Badenhorst, 2002:52-53). Waghonde wat onverklaarbaar vrek of verdwyn, is ook tekens dat 'n aanval beplan word (Badenhorst, 2002:52-53; Steyn, 2002:53). 'n Waaksame hond wat in die huis slaap, is 'n uitstekende afskrikmiddel (Martins, 1998:31; Van Rooyen, 2002:32). Aanvallers lok snags mense uit hulle huise deur die honde te laat blaf en val dan aan sodra iemand die huis verlaat om ondersoek in te stel. Dit is belangrik dat boosdoeners nie naby die honde kan kom om hulle gif in te gee of buite aksie te stel nie. Kenners is van mening dat twee heinings met 'n spasie van drie meter tussen die twee heinings gespan moet word. Die honde kan dan in die binneste heining om die huis gehou word (Badenhorst, 2002:52-53).

9.5 WERF

Van der Merwe noem dat 60% van alle aanvalle op die werf plaasvind. Die meeste aanvalle (82%) vind plaas nadat aanvallers ongeforseerde toegang tot die woning verkry het (Van Zyl, 1998:12). Eerstefasebeskerming is 'n geëlektrifiseerde lemmetjiesdraadheining gekoppel aan 'n lig- en alarmstelsel, wat van 'n stewige hek voorsien is. Die hek moet te alle tye gesluit wees. Dra sorg dat die terrein om die hek oop en skoon is van wegkruipplekke (Martins, 1998:31; Van Rooyen, 2002:32).

Daar moet genoeg oop terrein tussen die huis en die grensdrade wees. Huisves een van die voertuie op die werf en die res elders (Martins, 1998:79). Snoei die struike en bome naby die huis gereeld sodat niemand daarin kan wegkruip nie (Van Rooyen , 2002:32). Berg vlugtige en ontvlambare vloeistowwe in 'n buitekamer agter slot en grendel met 'n vuurblusser teen die muur (Martins, 1998:79). Wees oplettend deur te kyk na verdagte voetspore, sakkies en lappe op of om die werf. Mnr Danie Roux en sy vader het byvoorbeeld 'n plaasaanval afgeweer nadat hulle verdagte voetspore om die huis opgemerk het (Fourie, 1999b:2).

'n Plaas en opstal moet twee ingange hê en daar moet geen vaste patroon van in en uitgaan tye na die dorp wees nie sodat dit vir aanvallers moeilik is om 'n suksesvolle lokval te stel. Verwittig u gesin en buurman van watter roete u gaan ry, wat u bestemming is en hoe laat u terug sal wees.

Hanteer geldsake versigtig deur besoeke na die bank op alternatiewe dae en tye te doen. Sorg dat maandelikse lone onooglopend uitbetaal word. 'n Vuurwapen (vir 'n regshandige persoon teen die linkerblad met die kolf na voor en sonder 'n lyfband) moet vinnig bereikbaar wees.

9.6 WERKNEMERS

Wees bedag op skielike verandering in plaaswerkers of huishulpe se gedragspatroon (Badenhorst, 2002:53; Steyn, 2002:53). Van der Merwe noem dat plaaswerkers dikwels geïntimideer word om die eienaar om die lewe te bring (Van Zyl, 1998:12) of om inligting oor die boer se roetine, die huis se uitleg en ander tersaaklike inligting te bekom (Badenhorst, 2002:53). Ken die werknemers persoonlik. Weet waar hulle vandaan kom. Weet waar hulle ander familielede woon en wees in besit van 'n afskrif van hulle identiteitsdokumente (Martins, 1998:79). Ontwerp 'n noodplan waarin elke vertroueling 'n aandeel het in die beveiliging van die plaas en sy mense, ook die plaaswerkers (Martins, 1998:79; Van der Merwe – soos aangehaal deur Van Zyl, 1998:12). Dit is belangrik dat plaaswerkers enige vreemdelinge, vreemde

voertuie, voetspore, opslagplekke, leë kospakke en drankbottels, bosslaapsakke, geknipte drade en vreemde vure dadelik aanmeld (Martins, 1998:79). Enige teken van kriminele teenwoordigheid moet onmiddellik en breedvoerig by die plaaslike veiligheidskwartiere en by die bure aangemeld word (Martins, 1998:79). Wees bedag op vreemde en onverklaarbare gedrag van werknemers kort nadat 'n nuwe werknemer in diens geneem is, of die diens verlaat het, of ontslaan is. Bevorder goeie arbeidsverhoudinge deur vas te stel wat die afwykende gedrag veroorsaak en skenk aandag daaraan tot bevrediging van die betrokke partye (Martins, 1998:79).

9.7 KOMMUNIKASIE

Luister met aandag na gesprekke van mense in die omgewing en reageer op gesprekke ten opsigte van vreemde gebeurtenisse of verdagte motors. Slaan ag op die model, kleur, fabrikaat en registrasienommer van 'n verdagte motor. Indien onrustigheid bestaan, moet die besonderhede aan u veiligheidsdienste en bure gegee word. Moenie alleen verdagtes probeer voorkeer of agtervolg nie. Woon boere- en veiligheidsvergaderings by. Raak betrokke as lid van die kommando's, reserviste of gemeenskapspolisiëringsforum. Dra kennis oor aan die werknemers en moedig 'n sekerheidsbewustheid by hulle aan. Wanneer die gemeenskap 'n verenigde front vorm en gereeld met mekaar kommunikeer, is dit vir misdadigers moeilik om ongemerk deur daardie gemeenskap te beweeg (Martins, 1998:79).

9.8 BESOEKE DEUR VREEMDELINGE

Boere moet waaksaam wees en te alle tye weet wie om watter rede op hulle grond is. Dit is belangrik dat boere nooit iemand sonder 'n afspraak sal ontvang nie en dat altyd vir 'n bewys van identiteit gevra sal word. Boere moet 'n gewoonte daarvan maak om vreemdelinge op te merk en hulle vriendelik oor hulle teenwoordigheid uit te vra. Let op na vreemde voertuie wat skynbaar sonder rede in die omgewing rondry. 'n Goeie afskrikmiddel is waarskuwingstekens wat daarop dui dat oortreders vervolg sal word indien hulle privaatgrond betree. Hierdie waarskuwingstekens moet op verskeie plekke op die plaas en die opstal aangebring word. Besoeke deur vreemdelinge word dikwels gebruik om die plaas se sekerheidsopset te verken en om inligting in te win. Die aanvallers wil gewoonlik sogenaamd vee koop of hulle soek hulp, kos of 'n fiktiewe werker (Badenhorst, 2002:52-53). Die navorser wil die moontlikheid van persone wat fiktiewe grafte in plaasbegrafnisse wil kom besoek, byvoeg. Aanvallers maak ook dikwels asof hulle van die veiligheidsmagte is deur uniforms te dra (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:10). Huisbewoners maak dan in onkunde die deure oop vir aanvallers wat in die veiligheidsmagte se uniforms geklee is. Aanvallers kry ook toegang tot huise deur saam met die

huishouers in te stap wanneer hulle vir werk opdaag (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1998:10).

9.9 WAARSKUWINGSTEKENS

'n Plaas wat vir 'n aanval geteiken word, word deur verskeie tekens gemerk sodat die aanvallers presies weet waar die aanvalsterrein is. Dit is daarom belangrik dat boere sal oplet na tekens in die veld, langs die pad, by die plaas se motorhek en nog plekke. Daar kan tekens wees soos gras wat geknoop is, hopies klippies langs die pad naby die motorhek, plastieksakke wat om bome, heiningpale of hekke geknoop is, padtekens wat met pyle of afstande gemerk is en koeldrankblikkies wat by die motorhek geplaas is. 'n Groen blikkie kan daarop dui dat 'n aanval binne die volgende dag of twee kan plaasvind en 'n rooi blikkie kan daarop dui dat 'n aanval afgelas is. Bottels op heiningpale of langs die pad naby hekke is ook tekens dat 'n aanval dreig. Die bottel sal gewoonlik met sy nek na die hek toe wys (Badenhorst, 2002:52-53).

Deur die modus operandi van die aanvaller te ken en paraat te wees op aanvalle, kan die slagoffer van 'n plaasaanval die aanval voorkom, afweer of doeltreffend hanteer. Afgesien van bogenoemde wenke is daar ook 'n paar ander faktore wat boere en landbougemeenskappe in gedagte moet hou, naamlik:

9.10 LANDELIKE BEVEILIGINGSPLAN

Fivaz sonder in Van Zyl (1998:12) gesonde arbeidsbetrekkinge tussen boere en plaaswerkers, en selfverdediging binne die landelike beveiligingsplan uit as belangrik vir die voorkoming van plaasaanvalle. In die African Armed Forces Journal (1999:38) word verwys na die kommando wat op 'n 24-uur-basis hulp verleen aan landelike gebiede. Hier word spesifiek verwys na 'n plaasaanval.

Die kommando- en reservistestelsel maak voorsiening vir (http://www.landbou.com/nuus16 Okt 98.asp:bladsy 18 berig 12 Okt 1998):

- die verbetering van die plattelandse beveiligingsplan, wetenskaplike navorsing oor die oorsake van plaasaanvalle, opknapping van die strafregstelsel, armoedeverligting op die platteland en beter verhoudings tussen die plaaseienaars, -werkers en –bewoners;
- die totstandbring van verteenwoordigende plaaslike oorlegstrukture landwyd om die konflik tussen rolspelers te beëindig;

- die uitbreiding van die kommando- en reservistestelsel om meer verteenwoordigend van die plattelandse gemeenskap te wees;
- die skep van 'n permanente taakgroep om uitvoer te gee aan die misdaadplan.

9.11 AGRI SUID-AFRIKA

Agri Suid-Afrika (AgriSA) is die nuwe naam vir die ou Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU). Die organisasie se kerntaak is om die ekonomiese en maatskaplike welvaart van sy lede te bevorder (Van Burick, 1999b:9). AgriSA verteenwoordig meer as 80 000 boere (Pieterson, 2000:3).

Die veldtog, Aksie Stop Plaasaanvalle, is gesamentlik deur Agri Suid-Afrika, die Transvaalse Landbou-unie (TLU) en die Landbou-werkgewersorganisasie van stapel gestuur (Fourie, 2000a:4). Die Aksie Stop Plaasaanvalle is op 31 Mei 2000 gestig. Volgens Weber (Van Burick, 2000b:6) kon die stroom aanvalle ondanks "deurlopende gesprekvoering met die regering en die instel van beveiligingsmaatreëls, ... nie gestuit word nie. 'n Oplossing hiervoor kan op die lange duur veiligheid in die hele land bevorder." Georganiseerde landbou het handtekeninge in 'n nasionale veldtog ingesamel in 'n poging om die ongelukkigheid met misdaad teen die boeregemeenskap te illustreer (Beeld, 2000e:11; Die Boer, 2000:6). Honderduisend handtekeninge is ingevorder as mandaat om by die regering aan te dring om iets aan die situasie te doen (Van Rooyen, 2000:16). Die landbousektor bekyk tans uit eie perspektief die plaasaanvalle omdat daar gemeen word dat aanvalle nie as suiwer misdadigheid beskou kan word nie.

Aksie Stop Misdaad het waargeneem dat bykans geen plaasaanvalle twee weke voor die verkiesing in 2000 plaasgevind het nie. Dit kan volgens Jordaan nie toegeskryf word aan veiligheidsmagoptredes nie omdat geen verskerpte bedrywighede voorgekom het nie (Van Burick, 2000e:8). Boere moet kennis neem van die bedrywighede van Aksie Stop Misdaad.

9.12 DEPARTEMENT VEILIGHEID EN SEKURITEIT

Tshwete, die vorige minister van veiligheid en sekuriteit, het 'n satellietkommunikasie- en veiligheidstelsel bekend as S@tGuard, die land se eerste noodroep- en datakommunikasiestelsel, bekendgestel. "In die geval van nood op 'n plaas word 'n boodskap per satelliet na die naaste reddingstasie en die buurplase gestuur. Boere het terselfdertyd deur die stelsel toegang tot e-pos, fakse en die internet" (Van Burick, 1999c:19).

Tshwete het die polisiediens ook versoek om 'n navorsingspan saam te stel om die voortslepende vlaag plaasaanvalle te ondersoek. 'n Adhoc-komitee in Mpumalanga is op die been gebring om die beweerde mishandeling en moord op plaashuurders, -werkers en -boere in die provinsie te ondersoek. Mabena (LUR vir ekonomiese sake, dobbelary en toerisme) sê dat 'n "string bewerings oor die skending van grafte, aanrandings, intimidasie, onwettige verwyderings, moord op plaashuurders, -werkers en -boere waaroor beskuldigdes nooit vervolg is nie", onder sy aandag gebring is (Van Burick, 1999c:19).

Die COSATU/ANC/SAKP-alliansie het nie die verantwoordelikheid aanvaar om aan sy aanhangers te verduidelik dat sosiale veranderinge 'n stadige proses is en dat hulle meer realistiese verwagtinge moet hê nie. Hulle het ook nie moeite gedoen om aan hulle aanhangers te verduidelik dat blankes ook die reg het om grond te besit nie. Daarom behoort hierdie alliansie verantwoordelik gehou te word vir die frustrasie en onverdraagsaamheid van hulle aanhangers ten opsigte van die herverdeling van grond, wat op hierdie stadium 'n belangrike oorsaak van plaasaanvalle blyk te wees (Moolman, 1999:48).

10. DIE HANTERING VAN AANVALLERS WAT TOESLAAN

Selfverdediging word gebruik in die geval van 'n onregmatige aanval, wat reeds begin het of dreig om te begin, teenoor die boer self, sy vrou, familielede en ander mense. Die individu wat aangeval word, mag net geweld gebruik wat nie gevaarliker is as die gevaar waaraan hy/sy blootgestel word nie, en die slagoffer moet ook weet dat hy/sy uit selfverdediging optree en dat daar geen ander uitweg is nie (Geldenhuys, 2002:32-33).

Die wet lê riglyne neer waarvolgens alle landsburgers mag optree wanneer hulle aangeval word. Dit is belangrik om genoeg van die wet te weet om in 'n krisissituasie reg op te tree, veral in tye wanneer die boosdoener onregmatig die individu se eiendom betree (Geldenhuys, 2002:32). Riglyne word neergelê vir hoe die slagoffer hierdie situasies moet hanteer. Die riglyne moet nie as onbuigsaam beskou word nie, aangesien elke situasie op eie meriete beoordeel moet word. Die riglyne is soos volg (Geldenhuys, 2002:32-33):

- Waar die aanvaller doelgerig met 'n wapen op sy slagoffer afstorm om hom/haar ernstig te beseer, of besig is om sy/haar slagoffer te martel of te verkrag, en dit blyk dat hy/sy in lewensgevaar verkeer, mag hy/sy doodmaak terwyl die aanval aan die gang is. As die aanvaller nie gewapen is nie, en besig is om te vlug nadat hy die mense aangeval het en niemand is dood nie, mag die aanvaller nie van agter doodgeskiet word nie.

- As 'n aanvaller 'n handwapen op iemand rig en daar 'n situasie van aanhouding ontstaan waarin die slagoffer vermoed dat die motief is om dood te maak, mag die slagoffer die aanvaller skiet al blyk dit later dat die aanvaller 'n speelgoedpistool of ongelaaide pistool gehad het.
- Waar 'n aanvaller met 'n vuurwapen op 'n slagoffer afstorm, met sy vinger op die sneller en hy gereed is om sy slagoffer dood te maak, mag die slagoffer die aanvaller skiet omdat dit blyk dat dit die aanvaller se motief is om dood te skiet.
- 'n Aanvaller moet volgens die Strafproseswet in hegtenis (gevang) geneem word. Die wet bepaal daarom dat die minimum geweld wat redelik is om die verdagte te stuit of te vang, gebruik moet word.
- Die verweerder (slagoffer) behoort altyd eers 'n waarskuwing aan die aanvaller te rig.

11. SAMEVATTING

Aanvalle op plase en kleinhoewes is een van die misdade in die Suid-Afrikaanse gemeenskap wat onverpoosd voortduur. Die aanvallers tree brutaal op en moor maklik. Hulle buit gewoonlik geld en wapens. In die lig van hierdie misdaadkultuur in ons samelewing, is plaasaanvalle 'n ernstige probleem. Daar bestaan nie konsensus oor die werklike motiewe vir plaasaanvalle nie. Dit neem ook nie af nie. Boere moet steeds toenemend veiligheidsmaatreëls tref. Hierdie toedrag van sake het 'n negatiewe impak op die samelewing in die geheel en versterk die gevoel onder Suid-Afrikaners dat misdaad hand-uit geruk het.

Die patroon van misdaad teen boere, hulle families en werkers het verander van misdade soos eers diefstal, dan aanranding en dan moord en verkragting, na diefstal en moord eerste op die lys, gevolg deur aanranding en verkragting. Misdaad teen die boeregemeenskap toon die volgende tendense: aanhouding, gewapende roof en diefstal, gewelddadigheid, moord en voertuigkapings. Kenmerke van plaasaanvalle is die militêre presiesheid, georganiseerdheid en voorbedagdheid waarmee plaasaanvalle plaasvind. Vreemdes tree tot die area toe en beskou swart en wit boere as hulle slagoffers. Aanvalle word gekenmerk aan bendeaktiwiteite en dreigemente. Aanvalle is gemik op prominente boere in 'n bepaalde gemeenskap. Slagoffers word in hinderlae gelei. Aanvallers kom met vals identiteite, stig brande en steel vee. Aanvalle vind plaas in die laaste week van die maand en gewoonlik op Donderdae, Vrydae en Sondae. Die motiewe vir plaasaanvalle kan verband hou met armoede, werkloosheid en ontbering. In die Suid-Afrikaanse samelewing heers daar kultuur van geweld, vergelding, haat en swak verhoudings. Daar is ook te veel onwettige immigrante en 'n hoë beskikbaarheid van wapens. Politieke vraagstukke, grondeise en Suid-Afrika se grondvraagstuk asook intimidasie en frustrasie is alles faktore wat

plaasaanvalle ondersteun. Plaasaanvalle hou ekonomiese, politieke en psigologiese gevolge vir slagoffers in.

HOOFSTUK 4

TRAUMA: 'N TEORETIESE ONDERBOU

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk bied die navorser 'n teoretiese uiteensetting van wat trauma is. Dit sluit aspekte in soos die belewing van 'n traumatiese gebeurtenis, die kriteria vir die identifisering van 'n getraumatiseerde, verplettering van basiese veronderstellings, stadiums van rou na 'n traumatiese gebeurtenis, psigologiese reaksie op geweldmisdaad, die interpretasie en evaluering van die gebeurtenis, die hantering van trauma, simptome van posttraumatiese stresversteuring en sekondêre traumatisering. Gewelddadige misdrywe het een van die belangrikste bekommernisse vir die mensdom geword (Hansen *et al.*, 1995:129). Daar is daagliks rondom ons soveel persone met seer en pyn uit die verlede. Die verhaal van ons gemeenskap is ook 'n verhaal van pyn en trauma. Geestelike leiers en beraders word oorweldig deur die groot nood aan emosionele restorasie en genesing van persone na traumatiese ervarings. Die klem in hierdie hoofstuk en in die daaropvolgende hoofstuk val dus op trauma, die proses van genesing en die herstel ná 'n traumatiese gebeurtenis.

Daar sal dus, in aansluiting by Kleber en Brom (1992:7-11) na die volgende vier vrae gekyk word:

- Hoe beïnvloed 'n ernstige lewensgebeurtenis die individu se lewe?
- Hoe hanteer 'n individu 'n traumatiese gebeurtenis?
- Watter faktore beïnvloed die individu se reaksie op 'n traumatiese gebeurtenis en die proses van hantering daarvan?
- Hoe kan 'n individu begelei word om 'n traumatiese gebeurtenis te hanteer?

2. OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP TRAUMA

Trauma sluit gewoonlik 'n gevoel van verlies in, waarna die individu en sy/haar wêreld nie meer dieselfde is nie. Sodra die individu gewond is, word hy/sy gekonfronteer deur sy/haar eie kwetsbaarheid (Johnson, 2002:14). Volgens Terr (Hudgins, 2002:10) is trauma "an (external) blow or series of blows rendering the person temporarily helpless and breaking past ordinary coping and defensive operations". Trauma is dus die resultaat van enige ervaring wat as lewensbedreigend beleef word en waarvoor die normale hanteringsmeganismes nie genoegsaam blyk te wees nie (Hudgins, 2002:vii). Norris (1992:409) noem dat 'n traumatiese gebeurtenis 'n

ervaring is wat met geweld (op drie terreine, naamlik die natuur, die tegnologie of die mens) gepaard gaan. Volgens Green *et al.* (1990:50) kan traumatiese gebeurtenisse geklassifiseer word as beide akuut (die dag van die plaasaanval) en chronies (die voortgaande stressors).

Volgens Blake *et al.* (1992:477) is daar 'n groei in traumaliteratuur, veral ten opsigte van oorlog -en seksuele traumatisering. In hierdie navorsing is plaasaanvalle as 'n traumatiese gebeurtenis geïdentifiseer. Dit is 'n lewensbedreigende ervaring wat met mensgemaakte geweld gepaard gaan. Die slagoffers van plaasaanvalle word gewoonlik op een van drie wyses getraumatiseer: óf deur 'n persoonlike belewenis óf deur 'n ooggetuie te wees van wat met iemand anders gebeur het óf deur bloot te hoor wat met iemand anders gebeur het. Dit het tot gevolg dat probleme ervaar word op die psigiese, fisiese, maatskaplike, godsdienstige en ekonomiese gebied. 'n Mens kan dus van 'n plaasaanval as die traumatiese gebeurtenis praat en van die slagoffers as die getraumatiseerdes.

Freedy en Donkervoet (1995:23) en Hyer en Associates (1994:1) noem dat traumatiese gebeurtenisse nie skaars of ongewoon is gedurende 'n mens se lewe nie. Wanneer die individu 'n traumatiese gebeurtenis beleef, ervaar hy/sy pyn. Die American Psychiatric Association noem dat hierdie gebeurtenisse die perke van normale menslike ervaringe oorskry (Norris, 1990:1706). Die "salient characteristic of the traumatic event is its power to inspire helplessness and terror" (Herman, 1992:34). Green (1990:1633) en Norris (1992:409) beskryf trauma as 'n emosionele ervaring van skok. Dit veronderstel 'n interaksie tussen die gebeurtenis, die omgewing en die persoon wat dit ervaar, sodanig dat dit voorkom of die gebeurtenis oorweldigend is. Bromet (1990:1723) noem: "Traumatic experiences are complex and dynamic in nature."

Bezuidenhout (1976:6) is van mening dat elke mens die interne en eksterne aanslae op hom/haar op sy/haar eie besonderse wyse beleef. Die wyse waarop 'n persoon 'n gebeurtenis of aanslag op emosionele vlak beleef, bepaal grootliks wat sy/haar fisiese reaksie daarop sal wees. Sommige individue druk hulle gevoelens uit deur emosionele uitbarstings. Ander krop op en ontken die pyn (Hicks, 1996:3). Die mens poog om sommige herinneringe uit sy verstand te ban. Hierdie herinneringe kan nie heel word nie en word deel van ons persoonlikhede (liggaam, denke en gees) op skokkende en destruktiewe wyses wat later verskyn as fisiese siekte, ongelukkige huweliksituasies en herhaaldelike siklusse van wanhoop en depressie (Seamands, 1993:39). Hudgins (2002:11) noem dat trauma die individu fisies, intellektueel, psigologies, emosioneel en geestelik bedreig. Trauma lei tot chroniese psigobiologiese veranderinge (Mollon, 1996:72). Volgens Maldonado en Spiegel (Bremner & Marmar, 1998:57) skep die hulpeloosheid wat deur die trauma veroorsaak is skielike veranderinge ten opsigte van normale maniere waarop

persepsies, kognisie, affeksie en verhoudings verwerk word. Volgens Backus (1996:46) bly dit egter elke individu se plig om verantwoordelikheid vir sy/haar eie welsyn te aanvaar.

Elke individu ontwikkel sekere strategieë om pyn te oorleef. Volgens Hicks (1996:3) probeer die individu so normaal moontlik met sy/haar lewe voortgaan. Dit werk 'n ruk lank, maar dan begin die pyn weer sy tol eis. Sodra die individu die pyn voel, begin hy/sy met die rouproses. Sodra die pyn in hierdie proses met ander gedeel word, bevry dit die individu van die juk waarmee die pyn hom/haar vasgevang gehou het (Hicks, 1996:47).

Coetzer (2000:7; Sessie 1) noem dat elkeen van die hulpwetenskappe eintlik te make het met die mens as geheel, en nie slegs met 'n sekere deel van die mens nie, hetsy geestelik of liggaamlik. Dit wat gebeur op die geestelike en emosionele sy van die mens se lewe, oefen dikwels 'n invloed uit op die fisiese. Die teenoorgestelde is ook waar: stres, spanning en trauma aan die fisiese kant het 'n direkte invloed op die gees en die gemoed van die mens. Hyer en Sohnle (2001:3) noem dat, namate 'n mens ouer word, die sosiale, biologiese en psigologiese aspekte van ontwikkeling groter interaktiewe gevolge het. Hierdie opmerking van Hyer en Sohnle is vir die navorser belangrik omdat dit hoofsaaklik ouer persone is wat slagoffers van plaasaanvalle is. Hyer en Associates (1994:650) noem dat die bestaan van trauma 'n groter impak op ouer persone mag hê as op jong mense, maar dat ouer persone beter reageer op trauma as jonger mense.

3. BASIESE VERONDERSTELLINGS

Die skielike verlies van 'n geliefde asook die individu se eie noue ontkoming aan die dood kan vir hom/haar traumaties wees. Volgens De Vos (1999:40) kan 'n sekonde se trauma 'n leeftyd van lyding tot gevolg hê. Hierdie traumatiese gebeurtenis het bepaalde gevolge. Die vraag is of sekere individue minder vatbaar vir die gevolge van trauma is as ander (Harvey, 2000:216). "Wanneer trauma toeslaan, word die individu se basiese veronderstellinge uitgedaag en soms verpletter ... die teorie wat ons gehelp het om sin te maak uit alles val dan plat – die raamwerk kan die prentjie nie meer bevat nie" (Coetzer, 2000:8; Sessie 2). Elke individu lewe binne 'n kognitiewe raamwerk van hoop, verwagtinge en drome. Elke individu het 'n raamwerk van hoe die lewe vir hom/haar behoort te verloop. Die individu sien sy/haar lewe as wonderlik, suksesvol en mooi en beskou homself/haarself as onkwetsbaar. So maak die lewe vir die individu sin, maar 'n tragedie vernietig hierdie prentjie en dan lyk die lewe sonder sin (Coetzer, 2000:8-9; Sessie 2; Hicks, 1996:15). Persone wat 'n trauma ervaar, reageer verskillend op 'n traumatiese gebeurtenis omdat die veronderstellings wat hulle rakende die traumatiese gebeurtenisse het, verskil.

Veronderstellings wat na vore kom wanneer mense slagoffers van traumatiese gebeure word, is soos volg (Coetzer, 2000:8-9; Sessie 2; Hicks, 1996:16-47; Kleber & Brom, 1992:278):

3.1 KWETSBAARHEID

Slagoffervatbaarheid beteken 'n toestand van oop of kwesbaar wees vir 'n aanval of beskadiging (Davis, 2002:167) en verwys na die risiko, potensiaal of ontvanklikheid vir persoonlike, finansiële en materiële verlies, beserings, benadeling of beskadiging wat 'n individu aktief of passief, vanweë sekere individuele en/of situasionele veranderlikes vir misdaad toon (Davis, 2002:169). Die individu dink aan homself/haarself as onaantasbaar (Hicks, 1996:16; Richards & Lovell, 1997:269), " ... dit kan nie met my gebeur nie ..." (Hicks, 1996:16). Hierdie gevoel van onaantasbaarheid neem die individu met hom/haar saam tot in sy/haar volwassenheid. Wanneer die individu 'n traumatiese gebeurtenis ervaar, spat die gevoel van veiligheid, onaantasbaarheid en onkwetsbaarheid in skerwe. Na 'n traumatiese gebeurtenis sien die individu die wêreld nie meer as 'n veilige plek nie. Hy/sy is geneig om die gevare te beklemtoon en om sy/haar omgewing as boos en onveilig te sien (Hicks, 1996:16). Min slagoffers is werklik voorbereid op die gevolge wat 'n traumatiese gebeurtenis meebring (Hicks, 1996:18; Kleber & Brom, 1992:150-151). Onaantasbaarheid en onkwetsbaarheid word 'n illusie (Kleber & Brom, 1992:278). Die veronderstelling dat pyn en trauma my gespaar sal bly, verander, en die individu kom tot die besef dat hy/sy nie onkwetsbaar is nie (Coetzer, 2000:8; Sessie 2). Mense gaan deur die lewe met beelde van hulleself en van die wêreld. Die siening dat die individu onkwetsbaar is, is vir hom/haar nodig vir sy/haar funksionering. Die individu maak nie voorsiening vir die onvoorsiene soos geweld nie. Die "niks sal met my gebeur"-houding stel hom/haar in staat om aktiwiteite sonder vrees te onderneem (Kleber & Brom, 1992:278).

3.2 DIE VERONDERSTELLING VAN KOUSALITEIT

Mense leef met die veronderstelling dat die wêreld 'n rasionele plek is, " ... dinge gebeur omdat ...". Daar is dus 'n rede waarom dinge gebeur en waarom dit juis gebeur soos dit gebeur (Coetzer, 2000:8, Sessie 2 Hicks, 1996:21). Die individu verwag dat die wêreld 'n geordende en verstaanbare plek sal wees (Richards & Lovell, 1997:269). Sodra 'n traumatiese gebeurtenis plaasvind, duik daar dele van die gebeurtenis op wat nie sin maak nie. Hoe meer hy/sy probeer om sin uit die traumatiese gebeurtenis te maak, hoe meer onverstaanbaar word dit. 'n Gevoel van verwardheid kom dan voor omdat daar nie 'n oorsaak vir die gevolge gevind kan word nie. Wanneer die wêreld vir die individu nie sin maak nie, kwyn sy/haar selfvertroue omdat die verlies aan lewe, 'n huis, 'n werk, 'n selfbeeld irrasioneel is. Die irrasionele maak die

traumatiese gebeurtenis moeilik om te verstaan en daarom kan die individu vrae stel soos: "Waarom was ek op daardie stadium daar?" of "Waarom is my lewe gespaar?" Die sinloosheid van die traumatiese gebeurtenis kan tot kitsoplossings soos mishandeling, afhanklikheidsmiddels en neweverhoudings lei. Die individu het dan 'n al hoe groter behoefte daaraan om die chaos te verstaan en te herorganiseer (Coetzer, 2000:8, Sessie 2; Hicks, 1996:21).

3.3 MORALITEIT

Wanneer die prentjie van die werklikheid soos 'n individu dit vir homself/haarself gekonstrueer het, in skerwe spat, word die slagoffer se moraliteitsin beïnvloed. Die wêreld moet reg en regverdig wees. Of daar dood is, of verlies aan 'n werk of ledemate, die individu se reaksie op al hierdie verliese is dieselfde. Die eerste krisis wat die individu ervaar, is dat dit nie met hom/haar moes gebeur het nie. Dit is onregverdig. Die slagoffers blameer God en geestelike vrae word dikwels gestel soos: "Waar is God?" Die slagoffer dink dat slegte mense gestraf word en daarom kan hy/sy nie verstaan waarom dit met hom/haar gebeur het nie. Dit maak dan vir hom/haar nie sin nie (Coetzer, 2000:9; Sessie 2). Die hele geloofsisteem kom onder verdenking (Hicks, 1996:23-24). As realiteite kwyn, kwyn moraliteit ook. Dit het die volgende krisis tot gevolg - 'n krisis van geloof en totale herevaluering van hulle geloofservaringe (Coetzer, 2000:9, Sessie 2; Hicks, 1996:25). Dan word die kerk daarvan beskuldig dat dit misluk het in die opdrag om die individu toe te rus om die lewe te hanteer. Trauma kan 'n persoon in een van twee rigtings stuur, naamlik óf weg van God af (en dan vra hy/sy "Waar is God nou?") óf na God toe. Dan kom die besef dat daar werklik 'n God is (Hicks, 1996:26-28).

3.4 IDENTITEIT

Die individu sien homself/haarself as 'n positiewe wese (Richards & Lovell, 1997:269). Die individu het 'n prentjie van homself/haarself in sy/haar kop. Die meeste mense sien hulleself as individue wat in staat is om behoorlik en onafhanklik te funksioneer en wat oor 'n mate van waarde beskik. 'n Traumatiese gebeurtenis verander hierdie prentjie. Dit het 'n negatiewe selfbeeld tot gevolg (Hicks, 1996:28). Die eens menswaardige individu sien homself/haarself nou as 'n slagoffer. Hy/sy glo dan ook: "een keer 'n slagoffer, altyd 'n slagoffer" (Hicks, 1996:28). Slagoffers sê: "I don't know who I am any more" (Bourne & Olivier, 1998b:1). Slagoffers word dus gekonfronteer deur negatiewe beelde oor hulleself (Coetzer, 2000:9; Sessie 2; Kleber & Brom, 1992:278).

3.5 ANDER REAKSIES

Die individu sien nie altyd die pyn van ander raak nie omdat hy/sy verskillende idees het oor hoe 'n getraumatiseerde persoon behoort te lyk. Die tipiese simptome wat volgens Hicks (1996:35) voorkom, is onder andere die herbelewing van die traumatiese gebeurtenis, uitdrukkingloosheid, die afname in betrokkenheid by die eksterne wêreld, slaapversteurings, geheueverlies, eetversteurings, terugflitse, nagmerries en konsentrasieprobleme. Soms ervaar 'n persoon ook skuld omdat hy/sy oorleef het en ander nie (Hicks, 1996:46-47). Die volgende reaksies kan ook voorkom, naamlik: Hoe kan ek verseker wees daarvan dat iets soortgelyks nie weer sal gebeur nie? (Kleber & Brom, 1992:278).

4. IMPLIKASIES VAN TRAUMA

Die implikasies wat trauma vir die individu inhou, kan soos volg beskryf word:

4.1 FISIES

Die mens bestaan liggaamlik (fisies). Wanneer 'n mens se liggaam of sy/haar liggaamlike vermoëns aangetas word, word sy/haar psigiese sowel as sy/haar emosionele ewewig versteur (Bezuidenhout, 1976:3). Slagoffers kan byvoorbeeld kla oor pyne in die liggaam, liggaamlike swakheid, gehoorprobleme, duiseligheid en hoes (Peltzer, 1996:106).

4.2 PSIGIES

Tyd genees wonde, maar nie die herinneringe wat so pynlik is dat die mens se verstand dit nie kan verdra nie (Seamands, 1993:34). Die mens het 'n kognitiewe, affektiewe en konatiewe belewenis van gebeure. Die mens het ook 'n sin vir waardes. Hy/sy strewe na ideale, maar ondervind ook vrese, beleef spanning, neem besluite en beweeg willend voort. Hoe en wat 'n individu dink, voel en wil, raak al sy/haar handelinge en sy/haar hele menswees. Sodra hierdie vermoëns van hom/haar versteur word, word sy/haar psigiese ewewig versteur (Bezuidenhout, 1976:3). Traumatiese gebeure vind plaas in die psige van die individu en die subjektiewe ervaring van die traumatiese gebeure verskil van persoon tot persoon (Wilson, 1989:5).

Denke en 'n negatiewe selfgesprek skep dikwels meer emosionele probleme as die aanvanklike traumatiese gebeurtenis self. Selfgesprek verwys na die manier waarop die individu die gebeure vir homself/haarself verwerk en hoe die individu die dinge wat met hom/haar gebeur het,

interpreteer en herinterpreteer (Backus, 1996:10). Seamand (1993:183) noem dat dit noodsaaklik vir genesing is om die manier waarop die individu dink, te verander. Volgens Backus (1996:10) herinterpreteer die individu die werklike gebeure deur dit in te kleur en dan aan homself/haarself voor te skryf wat om daarvan te dink. Volgens Backus (1996:22) kan die individu se denke en oortuigings hom/haar siek maak, veral denke wat 'n innerlike klimaat van woede, vrees, ontmoediging, bitterheid, jaloesie, frustrasie, misnoeë en verwerping skep. Peltzer (1996:106) voeg herinneringe, alleenheid, isolasie, onttrekking, bekommernisse oor die toekoms en 'n gebrek aan begrip van ander by. Hierdie tipe denke werk negatief in op fisiologiese prosesse en onderdruk die liggaam se immuunresponse (Backus, 1996:22).

4.3 SOSIAAL

Die mens is nie 'n geïsoleerde wese nie. Elke mens is 'n verhoudingswese wat eise stel en aan wie eise deur sy/haar medemens gestel word. Wanneer die individu se rolvervulling, aanvaarde waardes en onderlinge verhoudings ontwrig word, versteur dit sy/haar emosionele ewewig. Wanneer die mens psigies, sosiaal en fisies in ekwilibrium verkeer, ondervind hy/sy nie probleme nie. Sodra een of meer van hierdie vlakke versteur word, beïnvloed dit ook die ander vlakke van sy/haar menswees (Bezuidenhout, 1976:3). Emosionele ondersteuning ten tye van die trauma (of kort daarna) kan moontlik die primêre beskerming teen traumatisering wees (Hyer & Sohnle, 2001:9). Vir die navorser is dit belangrik om in ag te neem dat sosiale ondersteuning afneem namate 'n persoon ouer word omdat naasbestaandes en familie sterf, wegtrek of ernstig siek word (Hyer & Sohnle, 2001:9). Slagoffers maak melding van gebrek aan skuiling en regsadvies (Peltzer, 1996:106). Slagoffers van plaasaanvalle is gewoonlik ouer persone wat die leemte en behoefte aan sosiale ondersteuning uitspreek. Vir die navorser is dit belangrik om kennis te neem dat nie net die slagoffer self deur 'n traumatiese ervaring geraak word nie, maar ook diegene wat toegekyk het terwyl die gebeurtenis hom afgespeel het óf diegene wat met die slagoffer saamleef.

4.4 RELIGIEUS

Volgens Deist (1982: 104) bly die individu geestelik lewend solank hy/sy ly. Plaasaanvalle het 'n geestelike invloed op die slagoffer self. Slagoffers van trauma stel vrae soos: Waarom? Waarom ek? Waarom? Waarom? Waarom? Die slagoffer se geloof word deur 'n traumatiese gebeurtenis geskud, maar hy/sy verloor nie noodwendig sy/haar geloof nie. Wanneer trauma toeslaan, is dit geloof wat vir die slagoffer hanteringsmeganismes bied. Geloof bied 'n raamwerk om 'n nuwe

aanvaarbare narratief te skep. Die slagoffer herstruktureer gebeure en betekenis om 'n riglyn vir genesing te skep (Meichenbaum, 1997:545).

4.5 EKONOMIES

Volgens Peltzer (1996:106) kan slagoffers ekonomiese probleme ervaar na traumatisering. 'n Traumatiese gebeurtenis soos 'n plaasaanval hou dus ekonomiese gevolge vir die slagoffer in. Boere verander boerderypraktyke om minder arbeidsintensief te wees in 'n poging om hulle te beveilig deur minder kontak met werkers te hê en minder kwetsbaar te wees vir veediefstal wat soms met plaasaanvalle gepaard gaan. Addisionele uitgawes gaan gepaard met plaasaanvalle soos die verbetering van sekuriteit, die opstel van boedels en die uitneem van versekering. Boere ervaar produksieverliese as gevolg van diefstalle en brandstigting. Trauma het dikwels chroniese gesondheidsprobleme tot gevolg wat verhoogde mediese sorg vereis en verhoogde finansiële koste impliseer. Uitgeputte mediese fondse bring addisionele ekonomiese implikasies mee. As gevolg van die vrees vir nog 'n plaasaanval of die verlies van 'n lewensmaat tydens die plaasaanval, verlaat slagoffers dikwels die plase.

5. FASES VAN 'N TRAUMATIESE GEBEURTENIS

Coetzer (2000:9, Sessie 2) en Peterson *et al.* (1991:46) bespreek die verskillende fases van 'n traumatiese gebeurtenis. Die navorser het die fases soos volg saamgestel:

5.1 FASE 1: PRE-IMPAKFASE

Volgens Coetzer (2000:9; Sessie 2) is daar vir sommige individue die geleentheid om hulle voor te berei op die traumatiese gebeurtenis wat kom.

5.2 FASE 2: IMPAKFASE

Die impak van die traumatiese gebeurtenis kan psigiese verlamming, vrees, angs, hulpeloosheid, gedisorganiseerdheid, afreagerende gedrag, verbasing en/of geheueverlies tot gevolg hê (Coetzer, 2000:9; Sessie 2). Peterson *et al.* (1991:46) noem dat die onmiddellike reaksie op die traumatiese gebeurtenis 'n hulpkreet is, byvoorbeeld iets soos paniek, vreemde gedrag, reaktiewe psigoses, domheid of 'n dowwe en onverstaanbare gesigsuitdrukking.

5.3 FASE 3: TERUGSLAGREAKSIE

Die slagoffer kan as gevolg van skok, nadat die traumatiese gebeurtenis en die gevaar verby is en die verliese gely is, verskillende emosies ervaar, soos woede, vyandigheid, bekommernis en/of doodsheid (Coetzer, 2000:9, Sessie 2). Peterson *et al.* (1991:46) noem dat 'n periode van ontkenning en doodsheid, insluitende 'n wanaangepaste vermydingsindroom (byvoorbeeld onttrekking, dwelm- en alkoholmisbruik, angs en moegheid) die direkte gevolge van posttraumatiese stresversteuring kan wees.

5.4 FASE 4: POSTTRAUMATIESE FASE (POSTIMPAKFASE)

Volgens Peterson *et al.* (1991:46) vind emosionele skommelings by die individu plaas. Die individu se gevoelens wissel tussen ontkenning en 'n intense herinnering, dan weer 'n volslae gevoelloosheid, opgevolg deur helder beelde en indringende emosies. Hierdie emosionele skommelinge kan die direkte gevolge van posttraumatiese stresversteuring wees. Die volgende is kenmerkend van die fase, naamlik (Coetzer, 2000:9-10, Sessie 2; information/trauma, 2000:1):

5.4.1 Gevoelloosheid

Gebeure word telkens herbeleef op een of meer van die volgende wyses:

5.4.2 Herhaaldelike en skielike ontstellende herinneringe aan die gebeure – dit sluit in beelde, gevoelens en persepsies

Herhaaldelike ontstellende drome wat verband hou met die gebeure – selfs drome oor 'n ander situasie, maar met dieselfde emosionele inhoud

5.4.3 Voortdurende vermyding van stimuli wat geassosieer word met die trauma asook 'n gevoelloosheid en 'n lusteloosheid wat deur die volgende simptome en reaksies gekenmerk word, naamlik:

- Pogings om gedagtes en gesprekke te vermy wat geassosieer word met die trauma
- Pogings om aktiwiteite, plekke en mense te vermy wat moontlike herinneringe aan die trauma na vore kan bring, soos:
- Onvermoë om belangrike aspekte van die trauma te onthou
- Sigbare afname in belangstelling in of deelname aan belangrike aktiwiteite
- Gevoelens van vervreemding van ander
- Onvermoë om gevoelens te toon
- Gevoelens van toekomsloosheid

5.4.4 Volgehoue simptome van gespannenheid wat nie aanwesig was voor die trauma nie

Twee of meer van die volgende is gewoonlik aanwesig:

- Probleme om aan die slaap te raak

- Geïrriteerdheid of woede-uitbarstings
- Probleme met konsentrasie
- 'n Oordrewe waaksaamheid
- Skuldgevoelens

5.5 FASE 5: DEURWERK

Direkte gevolge van posttraumatiese stresversteuring kan wees dat herinneringe minder intens en meer hanteerbaar word. Die gevoelens van ontkenning en doodsheid verlig. Angs, depressiereaksie en fisiologiese versteurings kom nog van tyd tot tyd voor (Peterson *et al.*, 1991:46).

5.6 FASE 6: HERSTELFASE

Volgens Peterson *et al.* (1991:46) vind werklike genesing en herstel seker nooit regtig plaas nie. Hierdie fase beteken dan dat verskeie permanente veranderings in die individu se mondering moet plaasvind, sodat hy/sy weer die lewe met selfvertroue in die oë kan kyk.

6. STADIUMS VAN ROU

Omdat traumatiese stresreaksies somtyds dieselfde as die dood- en sterwensreaksie is en omdat traumatiese gebeurtenisse die verlies van lewe en ander verliese kan insluit, is die roureaksies deel van die traumatiese stresreaksies. Omdat trauma verder ook gepaard gaan met verlies is daar 'n interaksie tussen trauma en rou. Die oorvleueling van trauma en rou beïnvloed die rouproses soos volg (Figley *et al.*, 1997: 18-19):

- die wisselwerking tussen rou en trauma mag die simptome algemeen by beide intenser maak;
- denke oor die afgestorwene mag lei tot traumatiese herinneringe;
- traumatiese aspekte van dood mag in die pad staan of aspekte van rou kompliseer soos roudrome, die verhouding met die afgestorwene, probleme met identifikasie, en die verwerking van woede;
- posttraumatiese vervreemding of alleenheid mag inmeng met die genesingsinteraksie.

Elizabeth Kubler-Ross het vyf roureaksies geïdentifiseer, naamlik ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding. Struwig (1997:26) voeg oorgee ("resignation") by. Slagoffers kan weier om uit vrees of uit trots te rou. Dit is belangrik om die rou as 'n aksie van

moed eerder as vernedering te herformuleer (Herman, 1992:188). Nighswonger (Hicks, 1996:49-50) noem dat hierdie roufase die persoon kan help of kan verhinder om vorentoe te beweeg. Weerstand teen die roureaksie het stagnasie tot gevolg (Herman, 1992:155). Die stadiums van rou na traumatiese gebeurtenisse word dan soos volg omskryf:

6.1 ONTKENNING EN VERMYDING

Trauma bring aanvanklik skok en ontkenning (Coetzer, 2000:9, Sessie 2; Hicks, 1996:47; Winn, 1994:3). Die skok sluit ongeloof oor wat gebeur het, gevoelloosheid, ontkenning, soms onttrekking, verbeelding, soms fantasie, herroeping en soms histerie in (Hicks, 1996:47). Die individu voel bevries, gevoelloos en magteloos. Sy/haar liggaam beskerm hom/haar teen gevoelens. Ontkenning is 'n normale reaksie op traumatiese gebeure (Struwig, 1997:24). Volgens Eaton en Nieuwoudt (1996:17) en Peterson *et al.* (1991:25) is ontkenning die poging om denke en gevoelens wat met die trauma geassosieer word te vermy, en om aktiwiteite en situasies te vermy wat herinneringe aan die trauma by die individu wakker maak. Dit kan ook manifesteer as die onvermoë om belangrike aspekte van die trauma te herroep. Verhoogde gespannenheid of angstigheid kan ontwikkel. Traumatiese gebeurtenisse het soms ook 'n langtermyneffek, soos versteurde slaappatrone wat selfs jare kan voortduur, tot gevolg (Peterson *et al.*, 1991:27). Om hierdie fase te verstaan, is deel van die genesing. Dit is 'n wyse van hantering van die verlies of verandering. In hierdie fase is dit nodig om slegs daar te wees en die slagoffer te laat weet dat jy daar is vir hom/haar wanneer hy/sy jou nodig het (Struwig, 1997:24).

6.2 WOEDE

Dit is die "Waarom ek?"-stadium. Die slagoffer voel stukkend en gegrief. Hy/sy dink dat dit onregverdig is en voel geïrriteerd en bitsig. Hy/sy kan moontlik woede teenoor God, homself/haarself, dokters, die lewe self, familie en die samelewing ervaar (Struwig, 1997:24). In hierdie stadium stel die slagoffer die volgende vrae (Figley & Kleber, 1995:93): Wat het gebeur? Waarom het dit gebeur? Waarom het ek gereageer soos ek gereageer het? Waarom reageer ek sedertdien soos ek nou reageer? en As dit weer gebeur, sal ek in staat wees om dit te hanteer?

Soms gebeur dit dat 'n individu in sy/haar denke vir homself/haarself sê dat die gebeurtenis nie plaasgevind het nie (Coetzer, 2000:9, Sessie 2). Die oorweldigende aard van die trauma dra by tot die onderdrukking van die trauma. Genesing kan nie plaasvind indien die slagoffer nie die gebeure kan onthou nie. Wanneer die individu 'n traumatiese gebeurtenis gedeeltelik of geheel en al blokkeer, ervaar hy/sy emosionele, fisiese, verstandelike en/of geestelike probleme

(Coetzer, 2000:9, Sessie 2). Probleme soos woede-uitbarstings wat nie beheer kan word nie (argumente, die behoefte om voorwerpe te breek of stukkend te stamp, die belewing van 'n soortgelyke ervaring en 'n oordrewe vorm van paraatheid) kan by die individu voorkom (Peterson *et al.*, 1991:29).

In hierdie stadium kan woede ook voorkom omdat die individu kan voel dat hy/sy beheer verloor het. Die individu wend woede ook aan wanneer hy/sy emosioneel seer het en bang is om nog seerder te kry. Woede word dus aangewend om mense van ons af weg te hou. Wanneer die individu woede ervaar, voel hy/sy dat hy/sy nie beheer het nie en daarom probeer hy/sy almal rondom hom/haar beheer (Struwig, 1997:25). Die gesonde reaksie op 'n traumatiese gebeurtenis is om uiting te gee aan emosies, veral aan woede en 'n gevoel van depressie (Hicks, 1996:47).

6.3 ONDERHANDELING MET GOD

Dit is die "Ja, maar ..." -stadium en die "As ... maar ..." -stadium. Die slagoffer onderhandel met God en die lewe in 'n poging om betekenis vir die gebeurtenis/se te vind. Om te regverdig wat gebeur het en om deel van die proses te word, probeer die slagoffer verskillende metodes van hantering soos om 'n tweede opinie te kry, 'n ander plan te volg, soos 'n dieet, en hy/sy kan moontlik voel dat hy/sy lewe aan God wil opdra (Struwig, 1997:25).

Dit is 'n wonderlike en kreatiewe stadium hierdie, omdat die persoon na hoop en betekenis soek. Hoop is 'n grype na die toekoms wat ons sal beskerm van die nou wat so pynlik is (Struwig, 1997:26). Dit sluit onderhandeling met God en selfs gebed in (Hicks, 1996:47). Onderhandeling is gesond, maar om prys te gee, te verraai, uit te lewer, uit te verkoop, te onttrek en terug te trek is ongesond (Hicks, 1996:49). Dit is ook die stadium waarin die individu begin om kennis in te samel. 'n Realistiese hoop en soeke na betekenis is gesond, terwyl bitterheid, vertwyfeling, wanhoop en somberheid ongesond is (Hicks, 1996:49).

6.4 DEPRESSIE

Depressie is deel van die stadium van rou nadat verlies ervaar is (Winn, 1994:3). Dit is die stadium waarin die slagoffer die verlies begin beleef en die realiteit onder die oë begin sien. Die slagoffer ervaar gevoelens van woede, vrees, hartseer, alleenheid, skuld en ingeperktheid. "Depression is the womb in which a new choice or way of being grows!" Die slagoffer begin voorberei op die verlies. Die slagoffer het moontlik nou tyd nodig om alleen en stil te wees (Struwig, 1997:26).

6.5 OORGAWE

Dit is die stadium waarin die individu oorgee en 'n slagoffer word. Die individu glo dat hy/sy nie 'n keuse of 'n reg het nie. Hy/sy voel dat hy/sy beheer verloor het, en hy/sy vergeet van sy/haar innerlike kragte. Volgens Struwig (1997:26) mag kan die individu in hierdie stadium moontlik so voel want as jy vir iemand omgee, sal jy waarskynlik hulpeloos voel as die iemand nie meer daar is nie. Winn (1994:3) noem dat die erkenning van die verlies nie noodwendig die aanvaarding daarvan beteken nie. In hierdie stadium is die verbintenis tot die traumatiese gebeurtenis gesond, maar eenvoudige uittrede of onderwerping aan die gebeurtenis ongesond (Hicks, 1996:49).

6.6 AANVAARDING

In hierdie stadium word die gebeurtenis aanvaar. Volgens Winn (1994:3) word aanvaarding as genesing gesien. Aanvaarding beteken nie dat jy meen dat die gebeurtenis geregverdig was nie, dit beteken slegs dat jy deur van die stadiums van verlies gewerk het (Struwig, 1997:27). In hierdie stadium het die persoon vrede gemaak met sy/haar situasie en kan hy/sy verder leef met hierdie aanvaarding van die betekenis, doel en bewussyn van wat gebeur het (Hicks, 1996:49-50). Die drie stadiums in herstel is volgens Herman (1992:155) eerstens die ontwikkeling van veiligheid; tweedens herinneringe en rou; en die derde stadium is herverbinding met die daaglikse lewe. Om oor te gee of uit te tree, kan gesien word as aanvaarding, maar dit kan bitterheid wek, terwyl aanvaarding na vervulling kan beweeg. Vervulling is die gesonde reaksie en wanhoop is in hierdie geval ongesond. Wanhoop kan beskryf word as 'n toestand waarin 'n persoon agtergelaat, verlate en sonder voel is. Dit is daardie gevoel van: "Ek kan nie voortgaan nie!" Die teenoorgestelde van wanhoop is vervulling wat beteken dat die persoon vervul is in die mate dat iets as resultaat van die traumatiese gebeure die persoon vervul. Nuwe insig, vaardighede en verhoudings ontstaan as gevolg van die lewensramp (Hicks, 1996:50). Die finale stadium van die reaksies is kognitiewe of intellektuele prosesse waarvolgens die individu anders redeneer of dink oor wat in die traumasituasie gebeur het. Begeleiding is dalk nodig om hom/haar te help om die negatiewe denke oor die lewe in die verlede deur te werk. Hier is "reframing" belangrik. Sonder hierdie nuwe geestelike prentjie van wat met hom/haar gebeur het, is finale aanvaarding, aanpassing en genesing onmoontlik (Hicks, 1996:48).

Hierdie stadiums van rou wat elke persoon deurmaak, vind nie noodwendig in 'n spesifieke kronologiese of voorspelbare volgorde plaas nie (Hicks, 1996:51; Winn, 1994:3). Die stadiums is

meer logies as kronologies (Hicks, 1996:51). Mense verwerk trauma verskillend en teen verskillende tempo's (Hicks, 1996:52).

7. POSTTRAUMATIESE STRESVERSTEURING

'n Persoon wat getraumatiseer is, ervaar die een of ander vorm van stres. Stres is nie dit wat met die individu gebeur nie, maar dit is die manier waarop die individu reageer op dit wat met hom/haar gebeur (Norris, 1990:1712). As 'n gebeurtenis en die situasie as bo die individu se hanteringsvermoë ervaar word, is dit stress wat hy/sy ervaar. Dit wat hy/sy vir homself/haarself vertel van 'n bepaalde gebeurtenis maak die gebeurtenis stresvol (Backus, 1996:78; McMillen, 1998:82). Vir Coetzer (2000:10, Sessie 2) en Hicks (1996:44) is dit moeilik om te evalueer wat traumaties is en wat nie, of wat traumaties behoort en nie behoort nie te wees nie. Wat vir die een persoon traumaties is, is nie vir die ander persoon traumaties nie. Stres is dus die individu se houding en interpretasie van 'n situasie en nie die situasie self nie. Die aard van die stressor, die persepsie van die individu rondom die stressor asook die vorige ervaringe in die slagoffer se lewe bepaal hoe hy/sy op 'n traumatiese gebeurtenis reageer (Sonderup, 1996:15). 'n Traumatiese gebeurtenis beïnvloed elke faset van 'n persoon se menswees – denke, emosies, gedrag en fisiese reaksie (Sonderup, 1996:12). 'n Persoon se persepsies van die wêreld word omgekeer en die normale oorlewingsmeganismes blyk nie voldoende te wees nie (Sonderup, 1996:12). Stressors (traumatiese gebeurtenisse) wat intens, enkel en van korte duur is, genereer ander response as veelvuldige, uitgestelde en herhaaldelike ervarings (Parry-Jones, 1997:230). Die getraumatiseerde persoon ly aan 'n vorm van stresversteuring. In die literatuur staan hierdie versteuring bekend as posttraumatiese stresversteuring.

7.1 DIE AARD VAN POSTTRAUMATIESE STRESVERSTEURING

Kardiner soos aangehaal deur (Rothbaum *et al.*, 1992:456) het reeds in 1941 'n beskrywing gemaak van wat hy posttraumatiese sindroom genoem het. Dit stem merkbaar ooreen met dit wat vandag as posttraumatiese stresversteuring beskryf word. Dit kom op die volgende neer: Soms word die reaksies van 'n persoon op 'n traumatiese gebeurtenis uitgestel. Hierdie simptome, wat dan eers na verloop van tyd kop uitsteek en die persoon se normale funksionering beïnvloed, staan bekend as posttraumatiese stresversteuring. Posttraumatiese stresversteuring is dus 'n reaksie op 'n traumatiese gebeurtenis en word gekenmerk deur vermyding van stimuli wat met die trauma geassosieer word, indringende beelde van die trauma, terugflitse en nagmerries, ontstellende reaksies, oordrewe waaksaamheid en psigologiese panieksimptome. Hierdie simptome kan vir die persoon verwarrend wees en die idee by hom/haar laat ontstaan dat daar

met hom/haar iets verkeerd is (Eaton & Nieuwoudt, 1996:17). Hicks (1996:53) noem dat wanneer reaksies op 'n traumatiese gebeurtenis lank duur en voortduur, byvoorbeeld tot ses maande na die aanvanklike trauma, daar sprake kan wees van posttraumatiese stresversteuring. As 'n persoon na ses maande nie die herstelproses voltooi het nie (deur die verskeie stadiums of dramas gewerk het nie) begin die pyn op verskeie ander maniere manifesteer.

Posttraumatiese stresversteuring is een van die meer algemene psigologiese versteurings wat geassosieer word met blootstelling aan geweld (Hansen *et al.*, 1995:143). Met ander woorde traumatiese reaksies kan so intens wees dat dit as posttraumatiese stresversteuring deur die psigologie en psigiatrie gediagnoseer word (Harvey, 2000:20-21). Posttraumatiese stresversteuring word dan beskryf as 'n stel kenmerkende simptome wat volg na 'n traumatiese gebeurtenis wat deel is van menslike ervaring (Meichenbaum, 1997:46). Die drie primêre kategorieë van reaksies is (i) die herbelewing van die traumatiese gebeurtenis deur herhaaldelike of indringende denke, beelde, drome of terugflitse en die ontkenning, gevoelloosheid, en 'n vermydingsreaksie; (ii) 'n afname in reaksie op die wêreld daar buite, afname in belangstelling in aktiwiteite en beperkte beïnvloeding en (iii) toename in spanning (Meichenbaum, 1997:36-37).

Om te onderskei of 'n persoon aan posttraumatiese stresversteuring of gewone stres ly, is dit nodig om te let op die groot verskil tussen die drie. Die slagoffer van posttraumatiese stresversteuring het 'n ervaring beleef wat deel is van die normale lewenspatroon. In die aanvangsfase wat op hierdie gebeurtenis volg, kom 'n normale reaksie tot die abnormale gebeurtenis voor. Wanneer akute stresverteuringsimptome vir langer as 'n maand aanhou, kan posttraumatiese stresversteuring ontwikkel (Meichenbaum, 1997:36). Posttraumatiese stresversteuring ontwikkel op 'n later stadium, gewoonlik na ongeveer een maand. 'n Persoon wat stres ervaar, kan deur verandering van gedrag en aktiwiteite soos deur met 'n vakansie te gaan, sy/haar probleem hanteer. 'n Vakansie sal byvoorbeeld nie die persoon wat psigologies getraumatiseer is, help nie. Posttraumatiese stresversteuring is 'n verlies op 'n ernstige vlak en kan die resultaat wees van openbare of persoonlike gebeure. Dit kan die verlies in eiewaarde, selfrespek, betekenis van die lewe en geloof insluit (Winn, 1994:3; Wolfe, 1994:3). 'n Uitstaande kenmerk wat posttraumatiese stresversteuring van ander vorme van stres onderskei, is dat, in posttraumatiese stresversteuring, die slagoffer 'n insident ervaar wat buite die normale lewenspatroon lê. Persone wat psigologies getraumatiseer is deur dit wat met hulle gebeur het, kan nie aangemoedig word om hulle gedrag en aktiwiteite aan te pas in 'n poging om hulle stres as gevolg van hulle werk of lewenstyl te verander nie. Dit hoef nie noodwendig gekoppel te word aan dood of besering of ekstreme vorme van blootstelling nie, maar dit kan die verlies van eiewaarde, selfrespek, betekenis vir die lewe, en geloof ook insluit. Hierdie verlies vra daarna

om erken en hanteer te word om sodoende die persoon in staat te stel om voort te gaan met sy/haar lewe (Winn, 1994:3).

Posttraumatiese stresversteuring word dikwels by slagoffers van groot rampe soos oorlog, terrorisme, brande, groot ongelukke en vloede aangetref. Die gebeure is op verskeie maniere anders, wat die reaksie van die wat dit ervaar, verskillend maak van enige ander tipe droefheidreaksie, naamlik (Winn, 1994:4; Wolfe, 1994:4):

- Die gebeurtenis is openlik noukeurig beskou en ontleed. Sondebokke en helde word geskep en herdenkings word gevier. Dit plaas dikwels langtermyndruk op die wat daarby betrokke was.
- Dit is 'n groot gebeurtenis. Die dood word verwar met lewe; dit val ver buite die normale grense.
- Helpers is onvoorbereid daarop.
- Ernstige vereenselwiging kan moontlik tussen werkers en die wat geaffekteer is, plaasvind. Dit kan lei tot die traumatisering van werkers.

Mense kan ook posttraumatiese stresversteuring ervaar na 'n meer persoonlike gebeurtenis, soos persone wat verkrag of seksueel aangerand is, of 'n slagoffer van 'n gyselaarsdrama of motorongeluk was, of dalk ooggetuies van 'n moord of selfmoord was, selfs slagoffers van 'n huisbraak was. Hierdie gevalle kry nie so baie mediadekking nie, en as gevolg daarvan kan die slagoffer geïsoleer voel. Hy/sy kan ook druk ervaar om alles weer tot normaal te laat terugkeer (Winn, 1994:4; Wolfe, 1994:4). Dit is onwaarskynlik dat psigologiese ontlonting op hierdie stadium gedoen sal word. Sommige hulpverleners sien raak dat die moontlikheid van posttraumatiese stres bestaan, en reël assessering. Dit sou sinvol gewees het as individue op hierdie stadium kon hoor dat hulle eintlik 'n normale reaksie ervaar op wat gebeur het (Winn, 1994:4-5). Victor Frankl (soos aangehaal deur Figley, 1988:220) stel dit so: "Abnormal reaction to an abnormal situation is normal behavior."

Wie loop die gevaar om posttraumatiese stresversteuring (PTSV) te ontwikkel (Winn, 1994:5; Wolfe, 1994:5)? Navorsing moet nog gedoen word om kriteria met betrekking tot persoonlikheidseienskappe, of ander faktore, wat die risiko om posttraumatiese stresversteuring te ontwikkel, te kan uitwys. Hierdie lys toon die moontlike kandidate aan:

- Die slagoffer en die betekenisvolle ander
- Ooggetuies
- Die wat veronderstel was om daar te wees
- Nooddienstepersoneel

- Die individue wat nie direk met die aanval te make het nie soos skakelbordoperateurs, skoonmakers, vrywilligers en joernaliste.

7.2 KRITERIA VIR POSTTRAUMATIESE STRESVERSTEURING

Vir die diagnosering van posttraumatiese stresversteuring is die volgende kriteria in die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie se "Diagnosic Statistical Manual of Mental Disorder (1987)" (Winn, 1994:1; Wolfe, 1994:1) vasgestel:

- Die ervaring van 'n abnormale stressor
- Die herbelewing van die gebeurtenis (terugflitse) (sien ook Hicks, 1996:44)
- Vermydingsgedrag (die persoon vermy situasies wat herinneringe aan die gebeure kan aktiveer)
- Verhoogde sensitiwiteit vir stimuli (sekere reuke, geluide en plekke word geassosieer met die insident en kan moontlik 'n fisiese reaksie, soos paniek, wakker maak)
- 'n Toestand wat langer as 'n maand voortduur

Posttraumatiese stresversteuring word ook gekenmerk deur (Winn, 1994:1; Wolfe, 1994:1):

- 'n Herkenbare stressor ('n gebeurtenis wat direk bygedra het tot die huidige probleem)
- 'n Herbelewing van die gebeurtenis
- 'n Doodsheid ten opsigte van reaksie (dit kan uitmergelend wees, soos die herroep van 'n motorongeluk en die sien van leë voertuie sonder helpers of ander betrokkenes) (Peterson *et al.*, 1991:22)

Die finale kriteria vir die herkenning van 'n persoon wat die effek van trauma deurmaak, is dat hy/sy ten minste twee van die volgende ervaar (Hicks, 1996:46-47; McCann, 1988:536; Winn, 1994:2):

- Oordrewe waaksaamheid na 'n oordrewe ontstellende reaksie
- Slaapstoornisse
- Skuldgevoelens omdat die slagoffer die trauma oorleef het en ander nie, of oor gedrag wat nodig was vir die oorlewing van die gebeurtenis
- Geheueverlies of konsentrasieprobleme
- Vermyding van aktiwiteite wat bydra tot die herroep van traumatiese gebeure
- Verskerping van simptome weens die blootstelling aan gebeure wat met die traumatiese gebeurtenis ooreenstem of dit simboliseer

Traumatiese simptome het die geneigdheid om losgemaak te word van hulle bron en 'n lewe van hulle eie aan te neem (Herman, 1992:34). In die aanbieding van die kliniese eienskappe van die posttraumatiese stresversteurings word onderskeid getref tussen die primêre en sekondêre simptome (Peterson *et. al.*, 1991:11).

7.2.1 Primêre simptome

Primêre simptome vorm die basis van die diagnostiese kriteria vir posttraumatiese stresversteuring soos uiteengesit in die DSM-III en DSM-III-R (Hyer & Associates, 1994:32-33; Ochberg, 1988:7-9; Peterson *et. al.*, 1991:11) en die DSM-IV (Meichenbaum, 1997:47-48). Die diagnostiese kriteria vir posttraumatiese stresversteuring, volgens die DSM-IV (Joseph et al., 1999:13; Meichenbaum, 1997:47-48; Yule *et al.*, 1999:6-7) is soos volg:

7.2.1.1 Die individu is blootgestel aan 'n traumatiese gebeurtenis waarby **beide** die volgende kenmerke voorkom:

- Die persoon het 'n gebeurtenis ervaar of waargeneem, of is daardeur gekonfronteer, wat deiging met die dood óf ernstige besering of 'n bedreiging van die self of ander insluit.
- Die persoon se respons sluit intense vrees, hulpeloosheid of afgryse (by kinders verwarring of verontrusting) in.

7.2.1.2 Die traumatiese gebeurtenis is 'n **volgehoue herbelewing** van ten minste **een (of meer)** van die volgende:

- Terugkerende en indringende angsherinneringe van die gebeure, insluitend beelde, denke of persepsies (by kinders kan herhalende spel voorkom waarin temas of aspekte van die trauma tot uitdrukking kom)
- Terugkerende ontstellende drome van die gebeurtenis (by kinders kan daar moontlik nagmerries sonder herkenbare inhoud voorkom)
- Die persoon handel of dit voel vir hom/haar asof die traumatiese gebeurtenis weer gaan plaasvind (dit sluit gevoelens in van herbelewing van die ervaring, droombeelde, wanvoorstellings/hallusinasies en gedistansieerde episodes (terugflitse), selfs die wat voorkom wanneer die individu nugter of onder die invloed is (by jong kinders kan trauma in spesifieke reaksies voorkom)
- Intense psigologiese nood by die blootstelling aan interne en eksterne gebeure wat 'n aspek van die traumatiese gebeurtenis simboliseer of verteenwoordig, ingeslote verjaarsdae van die trauma
- Fisiologiese reaksie op blootstelling aan interne en eksterne leidrade wat 'n aspek van die traumatiese gebeure simboliseer of verteenwoordig

7.2.1.3 **Konstante vermyding** van stimuli wat met die trauma geassosieer word **en** 'n gevoelloosheid ten opsigte van algemene reaksies (nie teenwoordig voor die trauma nie) soos aangedui deur ten minste **drie (of meer)** van die volgende:

- Doelbewuste pogings om denke, gevoelens of gesprekke wat geassosieer word met die trauma, te voorkom
- Doelbewuste pogings om aktiwiteite, situasies of mense wat herinneringe aan die trauma oproep, te vermy
- Onvermoë om 'n belangrike aspek van die trauma te herroep
- Merkbaar verminderde belangstelling in en deelname aan belangrike aktiwiteite
- Gevoelens van verlies of 'n vervreemding van ander
- Beperkte ervaringe van emosies soos onvermoë om liefdevolle gevoelens te toon
- 'n Gevoel dat die toekoms ingeperk is(verwag nie om 'n beroep, huwelik, kinders of 'n lang lewe te hê nie).

7.2.1.4 Volgehoue simptome of **verhoogde spanning** (wat nie voor die trauma teenwoordig was nie) soos aangedui deur ten minste twee (of meer) van die volgende:

- Slaapstoornisse (probleme om aan die slaap te raak of aan die slaap te bly)
- Geïrriteerdheid of woede-uitbarstings
- Konsentrasieprobleme
- Oordrewe vyandigheidsgevoel
- Oordrewe ontstellende reaksie

7.2.1.5 Die duur van die versteuring (simptome in kriteria 7.2.1.2, 7.2.1.3 en 7.2.1.4) vir langer **as 'n maand.**

7.2.1.6 Die versteuring veroorsaak klinies betekenisvolle nood/angs of opvallende aantasting in sosiale, opvoedkundige of ander belangrike areas van die persoon se funksionering. Hierdie simptome word gespesifiseer as:

- Akuut: as die duur van die simptome korter as drie maande voorkom.
- Chronies: as die duur van die simptome langer as drie maande voorkom.
- Uitgestelde reaksies: as die simptome ten minste ses maande na die gebeurtenis steeds voortduur.

7.2.1.7 Subkategorieë van primêre simptome - Hierdie simptome is soos volg (Ochberg, 1988:8-9):

- Skaamte/skande - diepe vernedering, verleentheid en selfkastyding
- Selfblamering – voel verantwoordelik vir die gebeurtenis met skuld en selfverwyt ten spyte van bewyse van onskuld

- Onderwerping – voel verkleineer, van menswees gestroop, ondergeskiktheid, magteloos as 'n direkte resultaat van trauma
- Obsessie van haat, morbiditeit en bevooroordeeldheid teenoor die aanvaller om hom/haar seer of vernedering te bring met of sonder uitbarsting van woede of wraak.
- Teenstrydige gevoelens van dankbaarheid teenoor die aanvaller (van meegevoel tot romantiek, die slagoffer voel aangetrokke tot die aanvaller, maar identifiseer nie noodwendig met die aanvaller nie) - die gevoel word beskou as ironies: dit is dankbaarheid vir die geskenk van lewe van een wat hom/haar kon doodgemaak het, en staan bekend as patalogiese verplasing en die Stockholm-sindroom.
- Verontreiniging, wat beteken dat die slagoffer gevoelens van vuilheid, walging, besmetting ervaar
- Seksuele inhibisie, verlies aan libido, kleiner kapasiteit vir intimiteit, eerder geassosieer met seksuele aanranding (Hansen *et al.,* 1995:145).
- Verkrummeling van die gevoel van onaantasbaar te wees (Richards & Lovell, 1997:269)
- Uittrede, 'n staat van gebroke wilskrag of wanhoop, dikwels geassosieer met herhaaldelik slagoffer-wees of langdurige blootstelling - dit het 'n merkbare afname in belangstelling in die verlede of toekoms tot gevolg
- Tweede beserings of tweede wonde wat as herviktimisering beleef word tydens deelname aan die verhoor van die misdadiger.
- Verlaagde sosio-ekonomiese status - vermindering van geleenthede of lewenstyl, verhoogde risiko van herhaalde kriminele slagoffer-wees te wyte aan psigologiese, sosiale, beroepsaantasting

7.2.1.8 Fisiese simptome as deel van die primêre simptome - Fisiese simptome van posttraumatiese stresversteuring word deur Hansen *et al.* (1995:143-145) en Wolfe (1994:2) soos volg gelys: Misbruik van bedwelmende middels, geïrriteerdheid, isolasie, woede, gevoelloosheid, terugflitse, depressie, roekelose gedrag, oordrewe paraatheid, slaapsteurnisse en psigose. Slagoffers sal nie noodwendig sê dat hulle getraumatiseer is nie, maar simptome van hulle versteuring kan op een van die volgende maniere manifesteer (Sonderup, 1996:12): Afwesigheid, swak konsentrasie, nalatige foute, oordrewe vyandigheid, konflik, aggressie, sosiale onttrekking, hoofpyne, maagpyne en diarree.

Die aanwesigheid van traumasimptome is die hoof bydraende faktor vir die diagnosering van posttraumatiese stresversteuring. Die primêre simptome is die basis van die diagnostiese kriteria vir posttraumatiese stresversteuring, terwyl die sekondêre simptome hand aan hand gaan met primêre simptome, maar nie deel uitmaak van die kriteria vir die diagnosering van posttraumatiese stresversteuring nie.

7.2.2 Sekondêre simptome

Sekondêre simptome van posttraumatiese stresversteuring verwys na die groter en meer komplekse kliniese beeld wat by posttraumatiese stresversteurde persone aangetref word (Peterson *et al.*, 1991:11). Deur ook die sekondêre kenmerke van die versteuring te identifiseer, skep 'n meer omvattende prentjie van die slagoffer se probleem, asook die moontlikheid van 'n beter behandelingsprogram en 'n holistiese terapeutiese intervensie. Die primêre simptome word beïnvloed deur sekondêre simptoomgroepe. Sekondêre simptome kan later primêre simptome word (Peterson *et al.*, 1991:35). Peterson *et al.* (1991:36-42) noem die volgende sekondêre simptome:

7.2.2.1 Depressie

Dit sluit die volgende simptome in: terneergedruktheid, huilerigheid, lae energievlakke, hartseer, geen belangstelling in iets nie, sien geen toekoms nie, voel waardeloos, gebrek aan seksuele belangstelling, moegheid, herhaaldelike gevoelens van depressie (soms vrees).

7.2.2.2 Angstigheid

Hartkloppings, oordrewe sweetreaksies, hiperventilasie, senuagtigheid, vrees.

7.2.2.3 Doodsvrees

Doodsvrees word deur Peterson. *et al* (1991:37) gedefinieer as 'n radikale lewensbedreigende ervaring en 'n gevoel van "die einde van my lewe is hier."

7.2.2.4 Impulsiewe gedrag

Soos skielike reise wat onderneem word, onverklaarbare afwesigheid, veranderinge in lewenstyl of 'n verhuising.

7.2.2.5 Misbruik van bedwelmende middels en alkohol

Medikasie wat saam met alkohol gebruik word, het die effek dat dit 'n persoon meer laat slaap, angstigheid verminder, spierspanning verlig en nagmerries oor die trauma afneem. Vir die

slagoffer bring dit oënskynlike verligting sodat hy/sy sy/haar probleem kan hanteer. Met verloop van tyd word die gebruik van die alkohol egter minder effektief (Peterson *et al.*, 1991:38-39).

7.2.2.6 Somatiese spanningstoestande

Die mees algemene vorme wat aangetref word, is: Oordrewe senuagtigheid (chroniese spierspasmas), moegheid en 'n gevoel van totale uitputting, gewrigspyne, arthritis, hoofpyne, allergiese simptome, maagsere, gastro-interitus, colitis, (dikdermontsteking), kortasemheid, hartkloppings en hipokonders (Peterson *et al.*, 1991:39).

7.2.2.7 Tydsbegripversteurings

Die volgende tydversteurings en verwante posttraumatiese verskynsels is by kinders en volwassenes waargeneem (Peterson *et al.*, 1991:40):

- Wanpersepsie van tydsduur – Vir die slagoffer het die tyd stadig verby gegaan in 'n kort traumatiese gebeurtenis.
- Verwarring met betrekking tot die volgorde van gebeure – veral by kinders word die volgorde waarin die gebeure tydens die traumatiese situasie afgespeel het, verwar.
- Tydsverskuiwings – Gebeure wat gedurende die trauma plaasgevind het, word onthou asof dit voor die gebeurtenis plaasvind het.
- Retrospektiewe terugblik – Dit kom daarop neer dat as jy op die gebeurtenis terugkyk, jy meen dat jy sekere waarskuwings moes gesien het.
- Voorspelbaarheid – Drome word geïnterpreteer asof dit gebeure sou voorspel het en die individu ervaar homself/haarself as iemand met bonatuurlike instinkte.

7.2.2.8 Veranderinge in die funksionering van die ego

Dit sluit die volgende in (Peterson *et al.*, 1991:41):

- Oordrewe poging om denke, gevoelens, beelde en herinneringe te beheer
- Regressie
- Rigiditeit en sensitiwiteit met betrekking tot karaktereienskappe – verskerpte en onbuigsame verdedigingsmeganismes
- Afname in die beskikbare hulpbronne
- Mislukkings word ervaar met die hantering van vyandige impulse
- Psigiese beskerming – die persoon hom/haar onttrek aan enige nuwe uitdagings

- Posttraumatiese afname - dit dui op 'n spiraalaksie tussen negatiewe karakterveranderinge en swak bestuur van die situasie; dit lei tot spanningstoestande en beskadigde verhoudings

7.2.2.9 Ander

'n Verskeidenheid ander sekondêre simptome kan ook voorkom, soos (Peterson *et al.*, 1991:41): aanpassingsprobleme, versteurde interpersoonlike funksionering, seksuele probleme, geestelike probleme, verandering in lewenstyl, intense gevoelens van wantroue, gevoelens van verraai-wees, soeke na 'n sondebok en 'n versteurde selfbeeld (Richards & Lovell, 1997:269).

Simptome mag verskil in intensiteit en duur. Wanneer die individu hierdie simptome angswekkend vind, kan dit sinvol wees om hulp te kry (Trauma-Counselling Service, 2000).

7.3 TRAUMASTRESSORS

Die meeste kritieke punt in die diagnose van posttraumatiese stresversteuring is die vasstelling van die aard van die traumatiese stressor. Die meeste traumatiese gebeurtenisse bestaan uit veelvoudige stressors (Hicks, 1996:42; Meichenbaum, 1997:43; Wilson, 1989:10). Dit beteken dat die individu tydens 'n traumatiese gebeurtenis aan meer as een stressor blootgestel is. Hicks (1996:42;43) is nie seker of daar iets soos geestesgesondheidsprobleme bestaan nie. Hy is eerder van mening dat persone wat sogenaamd geestesgesondheidsprobleme ondervind, mense is wat nie van 'n verskeidenheid traumatiese stressors in hulle lewens herstel het nie.

Die eienskappe van 'n stressor van 'n traumatiese gebeurtenis (daar is geen beperking net tot hierdie eienskappe nie) is (Green, 1990:1636-1637; Hicks, 1996:41-43; Kleber & Brom, 1992:7-11; Meichenbaum, 1997:43; Norris, 1990:1706 en 1709; Peterson et al., 1991:15):

- 'n Traumatiese gebeurtenis is teenwoordig
- 'n Ernstige bedreiging van 'n persoon se lewe deur die interpersoonlike omgewing, soos byvoorbeeld om 'n slagoffers van geweld (soos verkragting, kapings, aanranding tydens diefstal, foltering, roof en diefstal wat geweld insluit, of dreigemente van geweld) te wees
- 'n Ernstige bedreiging van die normale funksionering van 'n persoon se liggaam
- Akkumulatiewe gebeurtenisse oor 'n tydperk
- Skielike en gewelddadige verlies van 'n geliefde, wat waargeneem is of waarvan verneem is
- Inligting oor 'n traumatiese gebeurtenis wat aan 'n individu deurgegee word (om kennis te neem van 'n ernstige bedreiging of leed aan naasbestaandes of familie)

- 'n Ernstige bedreiging van of moontlike skade aan 'n persoon se kinders, huweliksmaat, naby familie en naby vriende
- Skielike vernietiging van of ernstige skade aan 'n persoon se huis en/of gemeenskap
- Om 'n ander persoon te sien wat ernstig beseer of doodgemaak is weens 'n ongeluk of fisiese geweld (motorongelukke en ander ongelukke wat ernstig genoeg is om beserings te veroorsaak)
- Liggaamlike geweld wat die individu doelbewuste leed aandoen
- Blootstelling deurdat die persoon toekyk hoe ander persone ernstig beseer, gedood of vermink word
- Ernstige fisiese leed of besering vanuit die omgewing (soos verkragting, marteling, strafbare manslag en geweld)

Vir McMillen (1998:107) is dit belangrik dat die stressor hanteer moet word. Langdurige blootstelling aan die stressors moet vermy word en die regte houding moet teenoor die stressor ingeneem word.

7.4 SEKONDêR GETRAUMATISEERDES

By die hantering van 'n traumatiese gebeurtenis en die ondersteuning wat verleen word, val die klem gewoonlik op diegene wat direk gekonfronteer is met die gebeure, terwyl diegene wat indirek of sekondêr deur die gebeure gekonfronteer word, min aandag kry. Om bloot kennis te neem van 'n geliefde se blootstelling aan 'n traumatiese gebeurtenis kan op sigself traumaties wees. Die sekondêr getraumatiseerde persoon word dikwels verkeerdelik nie as getraumatiseerd beskou nie en hulle reaksies word geïnterpreteer as omgeereaksies (Figley & Kleber, 1995:77; Riggs & Kilpatrick, 1990:120; Skogan *et al.*, 1990:15). Kaplan (1997:184) noem dat die persoon wat die traumatiese gebeurtenis op 'n afstand waarneem, ook getraumatiseer word. Hicks (1996: 137) noem dat professionele persone en vrywilligers sekondêr getraumatiseerdes is. Hulle het nie iemand persoonlik aan die dood afgestaan nie, maar deur hulle werk maak hulle kontak met individue wat dit wel deurgemaak het. Mense leef nie in 'n vakuum nie. Hulle is omring deur ander mense. 'n Mens word geraak deur die traumatiese gebeurtenisse en die implikasies daarvan in ander se lewens. Hierdie persone hoor van die gebeurtenis, hulle sien die pyn van die slagoffer en die hele ervaring, en alhoewel hulle nie primêr daarin deel nie, word hulle ook getraumatiseer (Figley & Kleber, 1995:77). Naasbestaandes en intieme maats van geweldslagoffers kan naastenby dieselfde simptome rapporteer as die slagoffers self. Dit is simptome soos angstigheid, depressie, indringende denke, herinneringe en selfbeelde wat kwyn (Riggs & Kilpatric, 1990:120).

Die direkte konfrontasie met 'n traumatiese gebeurtenis word gedefinieer as die primêre stressor. Die sekondêre stressor word gedefinieer as die kennisname van 'n traumatiese situasie wat deur 'n betekenisvolle ander persoon ervaar is. Sekondêre trauma verwys dan na die gedrag van die persoon wat 'n traumatiese gebeurtenis gesien het of het van die traumatiese gebeurtenis verneem.

7.5 DIE BETEKENISVOLLE ANDER

7.5.1 Die huweliksmaat van die slagoffer, hulle kinders en familie

Afgesien van die slagoffer self, is die huweliksmaat en die kinders van die slagoffer die persone wat die ergste deur die traumatiese gebeurtenis beïnvloed word (Riggs & Kilpatrick, 1990:122). Probleme met gesinskohesie en intimiteit kom dikwels voor. Huweliksmaats kan soms hulpeloos en alleen voel, terwyl die kinders probleme met sosiale verhoudings ondervind (Figley & Kleber, 1995:79).

Sekondêre traumatiese stres van huweliksmaats kan gesien word as "the stress of caring too much." Dit is die uitvloeisel van hulle behoefte om hulle lewensmaat se traumatiese ervaring te verstaan en te verwerk. Hulle kan dan ook verantwoordelik voel vir die beskerming van die slagoffer. Die aard van die verhouding kan die herstel van die slagoffer vergemaklik en bespoedig. Dit verg egter dikwels nuwe maniere van dink, nuwe vaardighede, nuwe gedrag en nuwe interaksionele patrone wat aangeleer moet word (Figley & Kleber, 1995:82). Waar verkragting voorgekom het, word na twee aspekte gekyk, naamlik die impak van die trauma op die verhouding tussen die slagoffer en die intieme maat en dan ook na die psigologiese funksionering van die maat self. Mans beskryf gevoelens van magteloosheid, kwetsbaarheid, woede en skuld, en meen dat hulle daarin misluk het om hulle lewensmaats te beskerm. Hulle toon minder eiewaarde en 'n laer selfbeeldsisteem. Hierdie mislukking kan lei tot die onttrekking van die slagoffer se maat. Mans toon indringende denke wat verband hou met die aanval. Hulle kommunikeer verhoudingsprobleme na die verkragting soos kommunikasieprobleme, vrees dat hullle hulle maats aan die aanval, uitdrukking van emosies en beheer oor woede herinner. Dit dra by tot probleme ten opsigte van die uitdrukking van affeksie en met betrekking tot seksuele interaksie (Riggs & Kilpatrick, 1990:125).

Kinders neem die effek van 'n traumatiese ervaring in die lewe van hulle ouers, ander kinders en vriende op 'n direkte en indirekte wyse waar. Dikwels het die kinders gebrekkige inligting oor

die gebeurtenis. Kinders van slagoffers met posttraumatiese stresversteurings ervaar dikwels gedragsprobleme. Op die langtermyn word die ouer-kind-verhouding beïnvloed en die kind se funksionering, soos by skoolvordering, word direk hierdeur geraak (Figley & Kleber, 1995:84-85).

Die ervaring van 'n traumatiese gebeurtenis, soos misdaad, kan moontlik 'n impak hê, selfs groter as die rou wat met dood gepaard gaan. Ondersteuning aan individue is geringer as in die geval waar individue byvoorbeeld deel uitgemaak het van 'n massainsident. In sulke gevalle word selfhelp- en ondersteuningsgroepe gewoonlik gestig. Naasbestaandes van die slagoffers is gewoonlik geïsoleer, en hulle is nie daartoe in staat om vergelykings te tref met ander families, wat ook trauma ervaar, om sodoende sin te maak uit hulle geliefde se gedrag nie (Winn, 1994:5).

7.5.2 Vriende en bure van die slagoffer

Vriende en bure van die slagoffer word gekonfronteer deur die swaarkry van die slagoffer en hulle moet met hulle eie reaksie daarop saamleef (Figley & Kleber, 1995:79).

7.5.3 Werkverwante sekondêre traumatiese stres

Die kollegas by die werk word gekonfronteer deur die nagevolge van die traumatiese gebeurtenis. Die irritasie en onsekerheid van die slagoffer kan tot gevolg hê dat ander kollegas ook slagoffers kan word (Figley & Kleber, 1995:79). Die werknemers moet die nadraai van die trauma in die werksituasie kan hanteer. 'n Bankroof is 'n goeie voorbeeld. Die bestuurder en twee werknemers is byvoorbeeld aangehou en beveel om die kluis oop te sluit. Die nadraai van die insident is dat die ander werkers ook deur hierdie roof getraumatiseer is (Figley & Kleber, 1995:88). Die indirekte effek kom tot uiting in die volgende reaksies (Figley & Kleber, 1995:88-89):

- 'n Gevoel van verlies aan sekuriteit, en onsekerheid omdat hulle enige persoon as 'n verdagte beskou
- Verhoging in werkslading omdat die slagoffer se produktiwiteit kan afneem en die ander werknemers vir die slagoffer moet instaan
- Verhoogde sosiale spanning in die werkplek as gevolg van irritasie en woede-uitbarstings, asook vrae oor waarom dit gebeur het
- Verhoogde gevoelens van onbekwaamheid omdat die stresreaksies sterker in die teenwoordigheid van ander beleef word. Die persoon voel dan ook verleë oor sy/haar eie gedrag

In verskeie professies loop 'n mens die risiko om 'n slagoffer van geweld te word (Figley & Kleber, 1995:87). Dit word werkverwante geweld genoem. Persone in hoërisikoberoepe is dus ook meer kwetsbaar vir posttraumatiese stresversteurings.

7.5.4 Persone in hulpverlenende professies as slagoffers

Persone uit die hulpverlenende professies ervaar dikwels die invloed van traumatiese stres. Hulpverleners toon dan dieselfde simptome as sekondêr getraumatiseerdes. Dit sluit simptome in soos veranderinge in die eie identiteit en selfbeskouing, self-kapasiteit, egokragte, psigologiese behoeftes en kognitiewe denkstrukture. Hulpverleners kan moontlik vertroue in hulle eie vaardighede verloor en net so hulpeloos en skuldig soos die slagoffer voel (Figley & Kleber, 1995:91).

Strategieë wat McCann en Pearlman (Figley & Kleber, 1995:91) voorstel wat aangewend kan word om die negatiewe effek op die hulpverleners teen te werk, is die volgende: die behoefte aan balans, die benutting van eksterne bronne, selfaanvaarding, verhoudings en kontakte, die behoefte om sin vir die lewe te koester, interafhanklikheid en hoop. Die probleem ontstaan wanneer die hulpverleners ooridentifiseer met die situasie van die slagoffer (Figley & Kleber, 1995:92).

7.5.5 Gemeenskap

Geweld deur een of meer individue teenoor 'n lid van 'n gemeenskap bring 'n gevoel van woede, gebrek aan sekuriteit en wantroue by daardie gemeenskap mee. Elkeen se persoonlike sin vir vertroue en veiligheid in die daaglikse samelewing word in sulke omstandighede geskok. Vrees dat 'n soortgelyke gebeurtenis weer kan plaasvind en dat dit selfs deur dieselfde oortreders veroorsaak kan word, ontstaan. 'n Eis vir geregtigheid is algemeen. As die oortreders nie gevang word nie, ontstaan 'n groter gevoel van wantroue, verlies en woede by die slagoffers, wat nie maklik verdwyn nie (Dembert & Simmer, 2000:252). Die navorser is van mening dat dit vir 'n gemeenskap wat ook getraumatiseer is, moeilik is om aan 'n slagoffer die nodige ondersteuning te bied om by genesing uit te kom. Dit is vir ander gemeenskapslede wat ook aan die trauma (as ooggetuie, die wat die effek ervaar het) blootgestel is nie ongewoon om lank na die ramp vir emosionele ondersteuning na vore te kom nie (Dembert & Simmer, 2000:252).

8. HANTERING VAN TRAUMA

Vervolgens word aandag geskenk aan die omskrywing van die hantering van trauma, gedrag en denke wat die herstelproses vertraag, nieprobleemoplossende hanteringsvaardighede, probleemoplossende hanteringsvaardighede en die interpretasie en evaluering van die gebeurtenis.

8.1 OMSKRYWING VAN DIE HANTERING VAN TRAUMA

Slagoffers van trauma is nie altyd bereid om hulpverlening te ontvang nie. Hulle wil eerder hulle tragedie en die herbelewing daarvan probeer vermy (Reid, 1990:1696). Wanneer trauma geïgnoreer word, verhoog dit die risiko dat die persoon 'n gevoel van verlies aan waarde en van verwerping bly ervaar (Sonderup, 1996:12).

Die hantering van trauma is egter belangrik omdat daar beweeg moet word van 'n ou denkstruktuur na die nuwe. Die akkommodasie van die gebeurtenis in die denkraamwerk van die persoon moet plaasvind (Kleber & Brom, 1992:137). Hantering is die proses waartydens ervaringe en die implikasies daarvan aan die een kant en die bestaande idees, verwagtinge en perspektiewe aan die ander kant by mekaar uitgebring word (Kleber & Brom, 1992:277). Solank dit nie gebeur nie, sal die diskrepansie tussen die gevolge van die gebeurtenis en die bestaande raamwerk bly voortbestaan en emosies soos vrees dat dit weer kan gebeur, skuldgevoelens oor eie verantwoordelikheid, hartseer oor die onomkeerbaarheid van die situasies en die woede omdat dit gebeur het, bly voortduur (Kleber & Brom, 1992:277). Dit behels 'n proses om byvoorbeeld gewoond te raak aan die gedagte dat jy nie meer getroud is nie en 'n weduwee geword het. Hierdie proses word deur Horowitz 'n hanteringsteorie genoem (Kleber & Brom, 1992:137).

'n Traumatiese gebeurtenis het dus tot gevolg dat die balans tussen 'n persoon se bestaande denke en die aanvaarding van nuwe inligting ernstig versteur word. Die resultaat is dan 'n diskrepansie tussen die gevolg van die nuwe gebeurtenis en die bestaande denkstruktuur van die individu. Hierdie versteuring skep emosionele reaksies wat gewoonlik intens en as pynlik beleef word. Om hierdie situasie te probeer normaliseer, staan bekend as die hantering van trauma.

8.2 GEDRAG EN DENKE WAT DIE HERSTELPROSES VERTRAAG

Die herstel na 'n natuurlike ramp verloop vinniger as na 'n mensveroorsaakte ramp (Wolfe, 1994: 5). Wolfe (1994:6) het gevind dat die persone wat sterk ondersteunende gesins- en sosiale netwerke het, minder geneig is om posttraumatiese stresversteuring te ontwikkel as hulle in die vroeë stadium van die trauma hulp soek en deur naasbestaandes aangemoedig word om dit te doen. Volgens Peterson *et al.* (1991:49) hou die identifisering van gedrag en denkpatrone wat die herstelproses vertraag, 'n hele aantal potensiële voordele in. Dit kan byvoorbeeld bydra tot 'n meer akkurate DSM-klassifikasie, dit verg 'n fyner differensiasie in die terapeutiese intervensie en dit vereis nog beter en meer akkurate navorsing op hierdie gebied. Die doel van hierdie afdeling is om individue te help om negatiewe gedrag en denkpatrone wat die herstelproses vertraag te identifiseer. Die volgende kenmerke van 'n persoon wat negatiewe gedrag en denkpatrone openbaar, word gelys (Backus, 1996:22-23; Hicks, 1996:60-75; Wolfe, 1994:7):

- My situasie is hopeloos
- Ek kan net sowel moed opgee omdat daar nie vir my hulp is nie
- Deur te maak asof niks verkeerd is nie omdat veral mans nie wil erken dat hulle mislukking ervaar nie
- Ek kan dit nie verhelp dat ek iemand anders haat of verwerp nie
- Ek het niks om na uit te sien nie, behalwe pyn, lyding en dood
- Daar is niks wat ek aan die spanning in my lewe kan doen nie
- Ek kan die frustrasie in my lewe nie verdra nie
- My probleme is oorweldigend
- Hy/sy verwag altyd die ergste
- Hy/sy vermy mense, weier om vriende te maak en vervreem hom/haar van ander
- Hy/sy laat na om die nodige medikasie te neem
- Hy/sy volg 'n passiewe lewenstyl sonder die nodige oefening
- Hy/sy laat te min tyd toe vir ontspanning, rus en genoegsame slaap
- Hy/sy win te min tyd in vir eerlike oop kommunikasie met God
- Hy/sy toon min diensbaarheid teenoor ander
- Hy/sy maak hom/haar skuldig daaraan dat hy/sy oormatig rook, drink en/of eet, dwelms misbruik, op toer gaan, geld bestee, en skielik verhuis en ontoelaatbare seksuele aktiwiteite beoefen
- Hy/sy maak hom/haar skuldig aan gewelddadige gedrag
- Hy/sy merk dat familielede en ander individue nie geneë is om onmiddellik by die veranderde omstandighede aan te pas nie

- Hy/sy begin wetsoortredings
- Hy/sy stel sy eie lewe of ander se lewens in gevaar (vinnig ry)
- Hy/sy raak psigoties
- Hy/sy ervaar blaam
- Die slagoffer kan sy gesin oorbeskerm teen gevare of die familie kan oorbeskermend optree teenoor die slagoffer, omdat hulle voel dat hulle hom/haar beter moes beskerm het. Ook kan die slagoffer homself/haarself oorbeskerm. In oordrewe vorme word dit kontraproduktief vir genesing.

8.3 NIEPROBLEEMOPLOSSENDE HANTERINGSVAARDIGHEDE

Oortuigings en simptome wat as nieprobleemoplossende hanteringsvaardighede gelys word, is die volgende (Peterson *et al.*, 1991:50):

8.3.1 Oplossings wat gebaseer is op die veralgemening van die vreesresponse.

8.3.1.1 Belangrikste oortuigings soos: Die wêreld is gevaarlik; die self swak en kwesbaar is; ander gevaarlik is en nie hulp aanbied nie. Die maniere van hantering daarvan is waaksaamheid en ontsnapping.

8.3.1.2 Simptome soos: Oordrewe bewustheid van allerhande gevare; sensitiwiteit vir traumatoepaslike leidrade; chroniese angstigheid en oordrewe versigtigheid; en psigosomatiese simptome.

8.3.2 Oplossings wat gebaseer is op die veralgemening van die woedereaksie (Beweeg teen ander):

8.3.2.1 Belangrikste oortuigings soos: Die wêreld is kwaadwillig; om die self te mishandel, bloot te stel en te verraai; en ander is onregverdig en onbetroubaar. Maniere van hantering is om: sterk te wees, die self te verdedig en vyande aan te val.

8.3.2.2 Simptome soos: Paranoïese agterdog; en anti-sosiale of afreagering.

8.3.3 Oplossings wat gebaseer is op die veralgemening van die onttrekkingsresponse (beweeg weg van ander) is soos volg:

8.3.3.1 Belangrikste oortuigings soos: Die wêreld is gevaarlik, selfsugtig en onbeheerbaar; die self is nie waardevol nie, is selfgenoegsaam en kan nie liefgehê word nie; en verhoudings met ander is gevaarlik. Maniere van hantering is om ander te verwerp en staat te maak op eie bronne.

8.3.3.2 Simptome soos: Onttrekking; vervreemding, ontvreemding, kranksinnigheid en verstandverbystering; en onbevoeg vir intimiteit.

8.3.4 Oplossings wat gebaseer is op die distansiëring/ontbinding/losmaking:

8.3.4.1 Belangrikste oortuigings (Twee geloofsisteme) soos: 'n Dominante geloofsisteem wat dieselfde is as voor die trauma, maar met die geloof dat die traumaverwante leidrade vermy moet word; en die geloofsisteem waarmee die individu nie wil assosieer nie wat dieselfde is as voor die onopgeloste trauma.

8.3.4.2 Pre-dominante simptome soos: Dominante sisteem: normaal, verwagtinge van beperkinge van gedrag en emosies; en die sisteem waarmee die individu nie wil assosieer nie is dieselfde as vir onopgeloste trauma.

8.3.5 Oplossings wat gebaseer is op die omhelsing en vertroeteling van die trauma:

8.3.5.1 Pre-dominante oortuigings soos: Die wêreld is gevaarlik, kwaadwillig en daar is 'n gebrek aan betekenis; die self is onbelangrik en nie belangrik genoeg om liefgehê te word nie; en ander is onbetroubaar en is objekte om te manipuleer.

Maniere van hantering is: Die vermyding van verantwoordelikheid, soeke na opkikkers, die uitdaag van vrees en gevaarlike dinge, en die verandering van passief na aktief.

8.3.5.2 Simptome soos: Onredelike risiko's wat aangegaan word; geen vrees gedrag – tart traumatiese situasies uit; die gebrek aan rigting en verantwoordelikheid; die onvermoë om intieme verhoudings op te bou.

8.4 PROBLEEMOPLOSSENDE HANTERINGSVAARDIGHEDE

8.4.1 Oortuigings en simptome van suksesvol opgeloste trauma

Oortuigings en simptome van suksesvol opgeloste trauma (Peterson *et al.*, 1991:49) is die volgende:

8.4.1.1 Oortuigings soos: Binne perke mag die wêreld maar onvoorspelbaar en onkontroleerbaar wees met hier en daar 'n gevaar; binne perke mag "ekself" soms swak en hulpeloos wees; en ander mense is soms gevaarlik, onsensitief, swak of onbetroubaar - binne perke, natuurlik. Die maniere van hantering is: verandering, aanpasbaarheid, onderskeiding, aanvaarding, versoening en akkommodasie van ander.

8.4.1.2 Simptome en positiewe gevolge soos: Oorblywende sensitiwiteit vir traumaverwante leidrade; verminderde sekuriteit; en die verhoogde waarneming. 'n Hartseerder mens wat eksistensiële aspekte van die lewe in die oë moet kyk soos kwetsbaarheid, lyding, dood, goed en sleg, onafhanklikheid en verbintenis.

8.4.2 Take wat slagoffers verrig om die trauma te kan hanteer

Slagoffers het dit nodig om hulle siening van die wêreld en hulleself te hersien om hulle in staat te stel om 'n redelike mate van veiligheid en sekuriteit te ervaar dus om heropbou te bewerkstellig (Kleber & Brom 1992:278). Hierdie proses van heropbou, vind op verskeie maniere plaas, naamlik (Hicks, 1996:70; Kleber & Brom, 1992:279):

- Die isolasie van die gebeurtenis deur die emosionele betekenis daarvan te erken
- Om 'n kognitiewe raamwerk saam te stel - individue ontwikkel 'n patroon van tekens wat hulle waarsku teen die herhaling van die gebeurtenis, byvoorbeeld die plek waar dit plaasgevind het
- Interne beperkings dra by tot die betekenis van die gebeurtenis. Persone herbeleef die situasie en besef dan wat hulle behoort te gesê het. Die gevolg is dat hulle hulleself blameer vir hoe hulle die gebeurtenis hanteer het
- Deur te praat met iemand (huweliksmaat en ouer) wat ondersteunend en nie veroordelend is nie, is dikwels die beste aanvangsterapie.
- Traumatiese gebeure is onverwags en hou nie verband met redelikheid en geregtigheid nie. Die behoefte om te blameer is geregverdig en normaal en fundamenteel aan die traumatiese ervaring (Hicks, 1996:62)
- Dit is normaal vir 'n slagoffer om in sy dop te kruip wanneer trauma toeslaan. Hy/sy moet met die realiteit afreken en die nodige aanpassing maak om te oorleef. Hantering van trauma verg buigsaamheid (Hicks, 1996:70).

8.5 INTERPRETASIE EN EVALUERING VAN DIE GEBEURTENIS

Individue interpreteer hulle omstandighede op 'n bepaalde manier en hierdie interpretasie bepaal in 'n groot mate die wyse waarop hulle die situasie verwerk.'n Persoon interpreteer onmiddellik en outomaties elke situasie wat hy/sy ervaar ooreenkomstig die betekenis, waarde en belangrikheid wat dit vir hom/haar inhou. Evaluering is gewoonlik nie bewustelik nie. Dit vind spontaan plaas (Kleber & Brom, 1992:132). Die interpretasie wat 'n persoon aan 'n situasie heg, word duidelik uit die eerste reaksie van die persoon op 'n traumatiese gebeurtenis (Kleber & Brom, 1992:132). Die situasie word onmiddellik geïnterpreteer en dan reageer die persoon op die basis van sy/haar evaluering van die situasie. Lazarus en Launier soos aangehaal deur (Kleber & Brom, 1992:133) onderskei drie tipes evaluerings:

8.5.1 Primêre evaluering

Dit is die eerste evaluering van die situasie om te bepaal of dit persoonlike gevaar inhou, al dan nie. Die individu interpreteer die situasie met die doel om vas te stel watter skade reeds gedoen is, wie dalk dood of ernstig beseer is, watter bedreigings of uitdagings daar nog is, en wat die moontlikhede is om in die situasie te groei (Kleber & Brom, 1992:133).

8.5.2 Sekondêre evaluering

Wanneer 'n situasie as stresvol geïnterpreteer word, vind 'n tweede evaluering plaas. Die individu vra homself/haarself af: Wat kan ek daaraan doen? Om 'n manier te vind om die probleem te ondervang, benut die individu sy/haar eie vaardighede, neem die eise wat die situasie stel, asook sy/haar evaluering van die onderskeie maniere waarop die omstandighede hanteer kan word, in ag (Kleber & Brom, 1992:133-134).

8.5.3 Herevaluering

Op grond van inligting wat deur die individu bekom is, word 'n interpretasie van sy/haar reaksie en van die gebeure in die omgewing gemaak. Die persoon evalueer dus sy/haar omstandighede opnuut (Kleber & Brom, 1992:134). Konstante wisselwerking tussen die persoon en sy/haar omgewing vind dus plaas. Hierdie proses van herinterpretasie word ook herevaluering genoem (Kleber & Brom, 1992:134).

9. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk bied 'n teoretiese uiteensetting van wat trauma is. Dit sluit aspekte soos die kenmerke van basiese veronderstellings en die implikasies van trauma in. Die individu wat 'n traumatiese gebeurtenis ervaar, word 'n gewonde persoon. Die effek van die traumatiese gebeurtenis hou fisiese, psigiese, sosiale, religieuse en ekonomiese implikasies in vir die individu tydens sy/haar hantering van die trauma. Die fases van 'n traumatiese belewenis en die stadiums van rou verklaar die reaksies op en verloop van die belewenis van die traumatiese gebeurtenis. Dit verskil van persoon tot persoon. Die individu wil graag die pyn wat ervaar word, verwoord, maar vind dit moeilik. Die onvermoë om die pyn te verwoord, vertraag die genesingsproses. Indien die genesingsproses as gevolg van verskeie redes te lank sloer, is een van die mees algemene verskynsel posttraumatiese stresversteuring. Die kenmerke van posttraumatiese stresversteuring, die aard en kriteria van posttraumatiese stresversteuring, traumastressors en

sekondêre traumatisering is breedvoerig belig. Die hantering van trauma is noodsaaklik ten einde posttraumatiese stresversteuring te voorkom. Daarom is die hantering van trauma omskryf. Daar is gefokus op gedrag en denke wat die herstelproses vertraag, nieprobleemoplossende en probleemoplossende vaardighede is belig en daar is gekyk na hoe die slagoffer sy/haar gebeurtenis interpreteer en evalueer.

HOOFSTUK 5

MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING AAN DIE SLAGOFFER

1. INLEIDING

Krisis is 'n interne reaksie op 'n eksterne situasie wat lewensbedreigend is en waaroor 'n persoon geen beheer het nie. Volgens Switzer in Stone (1976:7) is die persoon wat in 'n krisis verkeer "(the) one who has begun to lose perspective, feels anxious and helpless, often depressed and worthless, frequently without hope, whose future seems to be blocked out, who even has lost sight of some of his own past". 'n Krisis verwys dus na 'n individu se onvermoë om 'n probleem op te los. 'n Persoon in so 'n situasie voel nie in staat daartoe om die disekwilibrium te verander na 'n ekwilibrium nie (Aguileria, 1998:1). 'n Krisis dui ook op 'n keerpunt in die normale lewensritme met die moontlikheid van "groei" of disintergrasie (Louw, 1989: 186).

Die hulpverlening aan slagoffers moet te alle tye gefokus wees op die traumatiese situasie en op die slagoffer se reaksie op die gebeure. 'n Beduidende hoeveelheid mense wat aan 'n traumatiese gebeurtenis, soos 'n skielike of lewensbedreigende situasie blootgestel word, ontwikkel ernstige en uitgerekte psigologiese reaksies (Canterbury & Yule, 1999:221-222). Dit staan bekend as posttraumatiese stresreaksies. 'n Plaasaanval is gewoonlik skielik, onverwags en lewensbedreigend. Dit word fisies en emosioneel intens deur die slagoffer beleef. Wanneer 'n primêre of sekondêre slagoffer se lewe deur 'n plaasaanval so ontwrig word dat hy/sy dit nie self onafhanklik kan hanteer nie, ervaar hy/sy 'n krisis en is hy/sy aangewese op maatskaplikewerkhulpverlening. Lyons en Keane (1989:137) noem dat feitlik enigeen wat 'n traumatiese en/of lewensbedreigende gebeurtenis oorleef het, 'n mate van psigologiese nagevolge ervaar. Volgens Davis *et al.* (1999:102;104) bereik slagofferhulpverleningsprogramme slegs 'n klein hoeveelheid geweldslagoffers en faal daarin om die belangrike behoeftes van die slagoffers te bevredig. Volgens Maguire & Corbett (Mezey, 1997:177) het een uit elke vier slagoffers van geweld 'n behoefte aan psigologiese ondersteuning. Hierdie realiteit stel hoë eise aan maatskaplikewerkhulpverlening en vereis 'n toenemende mate van gespesialiseerde kennis. 'n Studie van bestaande terapeutiese programme vir trauma is deur die navorser uitgevoer sodat 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van spesifiek plaasaanvalle saamgestel kan word. Na aanleiding van die hulpverleningstrategieë wat in hierdie hoofstuk bespreek word, het die navorser 'n groepwerkprogram as hulpverleningsmetode gekies.

2. OMSKRYWING VAN MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING

Hulpverlening moet gefokus wees op die traumatiese situasie en op die slagoffer se reaksie op die trauma. Die sentrale doel van hulpverlening moet wees om die slagoffer met posttraumatiese stresreaksie te laat terugkeer na sy/haar funksioneringsvlak van voordat die trauma plaasgevind het, maar met die besef dat die persoon nooit weer dieselfde sal wees as voor die trauma nie. Hierdie hulpverlening moet kort en kragtig wees. Bourne en Oliver (1998a:Trauma Website) beveel aan dat die hulpverlening in kort sessies aangebied moet word. Dit skep die verwagting dat vordering intree, en so word hoop gebore. In kort terapiesessies is dit nodig dat daar nougeset deur elke proses gewerk moet word voordat na die volgende proses beweeg word. Slagoffers moet gehelp word om hulle eie bronne te mobiliseer en te handhaaf om sodoende weer hulle eie lewe te kan beheer. So kry die slagoffer die hoop dat hy/sy nie vir altyd 'n slagoffer sal bly nie.

3. DIE DOEL VAN HULPVERLENING

Volgens Freedy en Hobfoll (1995:371-372) moet hulpverlening aan traumaslagoffers volgens 'n intervensieplan geskied. Die trauma is opgelos en chroniese traumaveroorsakende simptome is sukses volhanteer wanneer (Freedy & Hobfoll, 1995:373):

3.1 'n oriëntering vir die voorkoming van traumatiese gebeure gedoen is, of die beperking van die impak van 'n gebeurtenis deur tydige intervensie verkry is;

3.2 die behandeling gefokus bly op traumagebaseerde inhoude om die slagoffer te help om sy/haar toestand beter te verstaan;

3.3 die ontwikkeling van vaardighede bereik is om intense gevoelsinhoude en versteurde denkprosesse te hanteer deur die fisiologiese simptome van posttraumatiese stresversteuring tot binne hanteerbare perke te bring;

3.4 die individu beheer oor sy/haar herinneringe verkry het deur óf die trauma te onthou óf die herinneringe opsy te skuif óf die herinneringe aan die traumatiese gebeure tot 'n samehangende verhaal te konstrueer wat die betrokke emosies daarby inkorporeer;

3.5 die individu 'n raamwerk van sin en betekenis gerekonstrueer het wat die verhaal van die trauma kan akkommodeer;

3.6 'n poging om die interne (selfbeeld) te herstel, aangewend is;

3.7 eksterne bronne (sosiale ondersteuning) bevorder is deur aanmoediging om 'n wyer ondersteuningsisteem te ontwikkel en die individu se belangrikste verhouding herstel is;

3.8 'n meer bevredigende lewenstyl gevestig is; en

3.9 die psigososiale en biologiese benaderings met mekaar geïntegreer is.

4. STADIUMS VAN HERSTEL

Slagoffers van 'n traumatiese gebeurtenis voel onveilig in hulle eie liggaam en in hulle verhoudings met ander mense. 'n Slagoffer voel dat hy/sy nie oor sy/haar emosies en denke beheer het nie. Dit dra by tot 'n gevoel van onveiligheid. Om veiligheid te skep, moet die individu self oor sy/haar liggaam beheer verkry, wat dan weer uitkring na beheer oor die omgewing. Liggaamlike beheer behels aandag aan gesondheidsbehoeftes, regulering van liggaamfunksies (slaap, eet en oefening), die bestuur van posttraumatiese simptome en die beheer van selfdestruktiewe gedrag (Herman, 1992:160). Beheer oor die omgewing behels die skep van 'n veilige leefsituasie, finansiële sekuriteit, beweeglikheid en 'n plan van selfbeskerming wat die individu se daaglikse lewe omsluit. Die individu kan nie 'n veilige omgewing uit eie krag skep nie. Dit sluit altyd die sosiale ondersteuning van ander in (Herman, 1992:160). In hierdie herstelproses is dit belangrik om tussen verskillende stadiums van die proses te onderskei (Herman, 1992:162-212). Johnson (2002:32-35) verwys na die stadiums van herstel soos deur Perlman geïdentifiseer, naamlik:

4.1 STADIUM 1: STABILISERINGSFASE

Johnson (2002:32) en Sympson (2000:293) noem dat dit in hierdie stadium gaan om die ontwikkeling van 'n veilige omgewing. Sympson (2000:293) noem verder dat dit ook gaan om die oorkoming van intense vrees en verdedigingsreaksies wat die traumaverwante emosies vergesel. Deur die aard van posttraumatiese stresversteuring en die geassosieerde simptomatologie te verstaan, verstaan die slagoffers hulle eie reaksies. Wanneer hulle hulleself volgens Herman (1992:162) en Johnson (2002:32) verstaan, verkry hulle beheer oor hulle eie liggame en dan kan daar meer op persoonlike veiligheid gefokus word. Sodoende word die beheer oor die omgewing groter. Die akuut getraumatiseerde het veral 'n behoefte aan 'n veilige omgewing. Daarom is die onmiddellike taak van krisisintervensie om 'n veilige hawe te skep en om hom/haar aan te moedig om na ander persone vir ondersteuning uit te reik. Krisisintervensie sluit 'n ontmoeting met die ondersteunende gesinslede (soos deur die slagoffer bepaal) in. Die doel van die ontmoeting is om die individu se herstel te verseker en nie om die gesin te behandel nie. Die gesinselede wat bereid is om deel uit te maak van die individu se veiligheidsisteem, moet weet dat hulle lewens tydelik moontlik ontwrig kan word

(Herman, 1992:162). Besluitneming gedurende hierdie fase kan vir die individu self en vir die wat vir hom/haar omgee spanningsvol wees. Omdat die slagoffer verward en onseker voel, mag die vriende, geliefdes en familie nie vir die getraumatiseerde voorsê wat om te besluit nie (Herman, 1992:164). Na ongeveer drie maande kan die stabilisering van die simptome van die slagoffer verwag word.

4.2 STADIUM 2: HERINNERING EN ROU

In die tweede stadium van die herstelproses herbou die individu verbintenisse en die slagoffer bou homself/haarself en sy/haar vermoëns weer op (Johnson, 2002:33). Volgens Sympson (2000:294) is dit moontlik dat slagoffers leef asof die gebeure nie iets is wat tot die verlede behoort nie, maar asof die traumagebeure konstant in die hede herhaal word. Daarom is dit belangrik dat die slagoffer moet leer hoe om intense herinneringe te hanteer. Volgens Sympson (2000:294-295) begelei die hulpverlener die slagoffer om die aard van die trauma te verstaan. Die hulpverlener moet die slagoffer ook help om die lyding as betekenisvol en draaglik te etiketteer. Die slagoffer moet gehelp word om die trauma te bowe te kom deur die gebeurtenis in 'n simboliese, kommunikeerbare taal te verwoord. Volgens Sympson (2000:295) kan dit gedoen word deur verbeeldingoorstimulering, sistematiese desensitisasie, stresinentingsopleiding, implosiewe terapie, hipnoterapie, oogbewegingsdesensitisasie, bioterugvoering en psigodinamikaterapie. In hierdie fase vertel die slagoffer sy/haar traumaverhaal (Herman, 1992:175-181).

4.3 STADIUM 3: HERVERBINDINGSFASE

Volgens Johnson (2002:34) word na Stadium 3 verwys as konsolidering en integrering. Sympson (2000:295) verwys daarna as rekonstruering van persoonlike skemas. Die slagoffer word ondersteun om vrede te maak met die traumatiese verlede en met die verantwoordelikheid om 'n toekoms te skep. Die slagoffer het gerou oor die ou self wat deur die trauma verwoes is en nou moet hy/sy 'n nuwe self skep (Johnson, 2002:34; Sympson, 2000:295). Die slagoffer moet hom/haar herdefinieer en herposisioneer ten opsigte van veral homself/haarself, verhoudings, die wêreld, oortuigings en geloof (Herman, 1992:196; Meichenbaum, 1997:189; Sympson, 2000:295; Winn, 1994:9). In hierdie fase is die slagoffer dus gereed om meer aktief met die wêreld herverbind te word. Nou erken die getraumatiseerde dat hy/sy 'n slagoffer was en verstaan hy/sy die effek van die viktimisering. Hy/sy is gereed om die lesse wat hy/sy uit die traumatiese ervaring geleer het, in sy/haar lewe te inkorporeer. Die individu kan nou konkrete stappe neem wat sy/haar mag en beheer oor situasies kan verbeter. Dit

beskerm hom/haar ook teen toekomstige gevare en verdiep die verhoudinge met diegene wat hy/sy geleer het om te vertrou (Herman, 1992:197).

4.3.1 Leer om te veg

Waar daar in die eerste fase van herstel aandag gegee is aan die terugkyk na 'n beskermde omgewing, het die individu in die derde fase die wens om ander te konfronteer met dit wat gebeur het (Herman, 1992:200). Sodra die slagoffer sy/haar eienskappe of leefstyl wat hom/haar kwetsbaar gemaak het, erken, kan hy/sy ook die potensiële gevare vir die toekoms identifiseer.

4.3.2 Herverbinding met jouself

In hierdie stadium van herstel moet die leuse wees: "Ek weet ek het myself." Dit voel nie meer vir die individue asof die traumatiese verlede hom/haar beheer nie, maar asof hy/sy nou in beheer is. Hy/sy het 'n mate van begrip vir die persoon wat hy/sy was en die skade wat die traumatiese ervarig aan daardie persoon aangerig het. Sy/haar taak is nou om die persoon te word wat hy/sy graag wil wees (Herman, 1992:204).

4.3.3 Herverbinding met ander

Die individu verkry selfvertroue (voel selfstandig) en ervaar weer vertroue in ander (hy/sy kan weer bande met ander smee). Saam met ander is hy/sy nou bereid om verdieping in verhoudings te waag (Herman, 1992:205).

4.3.4 Lewensvisie

Die individu ontdek dat die betekenis van sy/haar persoonlike tragedie verander die oomblik wanneer hy/sy dit met die res van sy/haar lewe integreer en dit deel van sy/haar sosiale optrede maak (Herman, 1992:207-208). In die derde fase van herstel besef die individu dat die trauma nie uitgewis kan word nie en dat sy/haar wense vir kompensasie of vergelding nie werklik vervul kan word nie. Hy/sy besef ook dat die aanvaller verantwoordelik is vir die misdaad en verstaan sy/haar eie persoonlike grief teen die oortreder (Herman, 1992:209).

4.3.5 Oplossing van die trauma

Die trauma word nooit finaal "opgelos" nie en herstel is nooit volledig nie. Die impak van die traumatiese gebeurtenis duik telkens in die loop van die individu se lewensiklus weer op. Traumatiese herinneringe word telkens herroep. Huwelik, egskeiding, geboorte, dood in die familie, siekte en aftrede is algemene tye en omstandighede vir die oplewing van traumatiese herinneringe (Herman, 1992:211).

4.4 STADIUM 4: INTERPERSOONLIKE VERBINTENISSE

In hierdie stadium word die individu gehelp om betrokke te raak by ander asook by die samelewing. Aangebode sosiale ondersteuning hou positief verband met verhoogde vlakke van psigologiese funksionering en algemene welsyn (Sympson, 2000:296). Om die traumatiese gebeure in groepverband onder die loep te neem, voorsien die groeplede van 'n mate van gemeenskaplike belang, omdat hulle hulle verhale met mekaar deel en hulle saam probeer verstaan wat dit is om 'n traumatiese ervaring te hê. Volgens Sympson (2000:296) leer hulle so dat hulle nie alleen is nie en word veilige bande dan ook in 'n kort tydperk tussen hulle gesmee. Dit bied 'n forum om probleme oor veiligheid en vertroue te kan deel. Dit verminder die stigma, asook die gevoel van isolasie en skaamte.

4.5 STADIUM 5: EMOSIONELE ERVARINGE

Die individu fokus op hierdie stadium nie meer op die vermyding van sy/haar reaksies op die traumaherinneringe nie, maar het nou tyd en energie tot sy/haar beskikking om op die lewe te fokus. Namate sosiale netwerke ontwikkel, word meer moontlikhede vir groei geskep en nuwe aktiwiteite en belangstellings gegenereer. So verkry die slagoffer meer beheer oor verskeie lewensterreine en stel hy/sy ook meer lewensdoelwitte (Sympson, 2000:297).

5. PROBLEME BY HULPVERLENING

Tydens die hulpverlening aan slagoffers na 'n traumatiese gebeurtenis, moet verskeie probleme oorbrug word, wat volgens Peterson *et al.* (1992:149) in twee kategorieë uiteenval, naamlik:

- **Slagoffergesentreerde probleme:** In hierdie kategorie is dit die hulpverlener wat probleme met die slagoffer ondervind, onder andere weens sy/haar onwilligheid om met die hulpverlener te kommunikeer, sy/haar vrees dat niemand regtig sy/haar traumatiese ervaring sal verstaan nie, sy/haar swak interpersoonlike verhoudings, sy/haar verwerping van gesagsfigure, sy/haar hewige oorreaksie, substansafhanklikheid, intense psigiese doodsheid, verswakte selfkonsep, oordrewe skuld en skaamte, asook die vrees dat hy/sy beheer sal verloor.
- **Terapeutgesentreerde probleme:** In hierdie kategorie is dit die slagoffer wat probleme met sy/haar hulpverlener ondervind, in die sin dat die hulpverlener die getraumatiseerde kan benader as die skuldige persoon of die een wat verantwoordelik is vir die trauma. Posttraumatiese stresversteuring kan verwar word met 'n tipe vergeldingsneurose. Die simptome wat die getraumatiseerde in so 'n toestand openbaar, kan 'n buitenstander die indruk laat kry dat hy/sy eintlik die aggressor in die traumasituasie was – dus die oorsaak van die geweld en wat daarmee gepaard gegaan het.

  Dit kan gebeur dat die hulpverlener op die getraumatiseerde se kwetsbaarheid fokus en dit dan as leidraad aangryp om geregverdig te voel om van die veronderstelling uit te gaan dat die fout eintlik by die getraumatiseerde self lê.

  Wanneer die hulpverlener nie met die terapie vorder nie, kan hy/sy, hom/haar verontskuldig deur die blaam vir sy onvermoë na die getraumatiseerde te verplaas.

Met die hantering van die slagoffer se reaksie op 'n traumatiese gebeurtenis moet die volgende beginsels waarvolgens die begeleier moet werk in gedagte gehou word (Peterson *et al.*, 1991:144-146):

- By ego-ondersteunende intervensies beskou (Peterson *et al.*, 1991:146) 'n positiewe terapeutiese vertrouensverhouding en samewerking as die primêre vereiste vir behandeling en vir die ontwikkeling van 'n ondersteunende omgewing. Die doel van ego-ondersteunende intervensie is dat die individu 'n middeweg tussen oordrewe ontkenning en oordrewe indringende simptomatologie moet vind. Ego-ondersteunende intervensie het die vermindering van vermydingsimptome om negatiewe terugvoer oop te breek ten doel. Dit het ook die voorsiening van die nodige bronne om die oplossing vir die trauma te hanteer en die verhoging van aanvaarbare vlakke van funksionering in die oog.

- 'n Afname in vermyding is noodsaaklik omdat vermyding op verskeie vlakke voorkom, naamlik die vermyding van gevoelens (gevoelloosheid), van kennis van die gebeure (vergeetagtigheid), van die gedrag (vreesreaksies) en van gesprekke oor die gebeurtenis. Die slagoffer moet waak teen die neiging om die hantering van die trauma en die vertakkings daarvan te vermy. Die slagoffer kan nie die traumatiese ervaring verwerk as hy/sy alles daaromheen vermy nie, omdat vermyding self 'n sekondêre probleem word wat die situasie net vererger. Psigodinamika, groep- en familieterapie, asook kognitiewe gedragsterapie versterk die betrokkenheid van die individu by die traumatiese situasie. Dit verhoog ook die katarsis en die oorvertel van die traumagebeure, asook die gevoelens wat daarmee gepaard gaan (Peterson *et al.*, 1991:147).
- Om die abnormale te normaliseer is belangrik. 'n Plaasaanval is 'n abnormale gebeurtenis. Die slagoffers ervaar reaksies wat hulle nie verstaan nie. Die slagoffer word deur maatskaplikewerkhulpverlening gelei tot die besef dat sy/haar reaksies normaal is vir die gegewe omstandighede. Normalisering en die regverdiging van die individu se reaksies is belangrik. Deur na die verhaal van die slagoffer te luister, gee die hulpverlener ook erkenning aan die dieptegraad van die trauma. Die hulpverlener verduidelik aan die slagoffer dat traumatiese gebeure by alle mense bepaalde simptome tot gevolg het en dat hierdie gevoelens normale reaksies op 'n abnormale situasie is (Meichenbaum, 1997:350). Volgens Peterson *et al.* (1991:147) is die doel van normalisering dus om verdere traumatisering van die slagoffer te voorkom deur die simptome te verstaan en 'n atmosfeer te skep waarin die slagoffer 'n keuse het om hulpbronne te mobiliseer. Intervensies wat konsentreer op die normalisering van die abnormale is geneig om fasette van ego-ondersteunende intervensies in te sluit, sowel as aspekte van intervensies vir die verandering van die betekenis wat aan die traumatiese gebeurtenis geheg word (Peterson *et al.*, 1991:148).
- Deel van die terapeutiese strategie is om die betekenis wat aan die traumatiese gebeurtenis geheg word, asook die gevolge daarvan te herinterpreteer en te wysig. Die bedoeling is dat die slagoffer die ervaring van pynlike herinneringe en emosies sal herinterpreteer om sy/haar selfbelewing te verander van 'n passiewe slagoffer na 'n aktiewe oorwinnaar. Stresontladingsoefeninge, gesinsterapie, hipnose en psigodinamika is intervensies wat die persoon kan help om die betekenis wat aan die traumatiese gebeurtenis geheg word, te wysig. Hierdie intervensies sluit in: interpretasie, herdefiniëring, kognitiewe herstrukturering, ontwikkeling van 'n genesingsteorie en die verskuiwing van die fokus van die verlede na die toekoms (Peterson *et al.*, 1991:148).

6. HULPVERLENINGSTRATEGIEë

Vervolgens word gekyk na die verskillende hulpverleningstrategieë wat benut kan word by die hulpverlening aan slagoffers van plaasaanvalle. Hierdie strategieë dien as basis vir die program wat in hierdie ondersoek saamgestel en geëvalueer word.

6.1 ONTLONTING

6.1.1 Omskrywing van ontlonting

Ontlonting het die vermindering van die impak van 'n traumatiese gebeurtenis deur middel van ondersteuning, en aanmoediging tydens die verwerkingsfase, hoofsaaklik in 'n groepsituasie, ten doel. Ontlonting fokus daarop om gemak te skep deur te praat oor die traumatiese gebeurtenis en om sin te maak uit die inligting oor die traumatiese gebeure. Dit bied ook die ruimte waar uitdrukking gegee kan word aan emosies soos angs. Dit wil ook help met die normalisering van persoonlike ervarings en dit wil slagoffers aanmoedig om na die toekoms uit te reik (Busuttil & Busuttil, 1997:239; Joseph *et al.*, 1999:117).

Ontlonting is nie terapie nie en word nie gedoen om bepaalde reaksies by die slagoffer te voorkom nie. Dit kan die slagoffer nie laat vergeet nie, maar dit kan hom/haar help om die gebeurtenis anders te onthou. Deur anders te onthou, kan hy/sy 'n mate van beheer oor die gebeure verkry (Sonderup, 1996:16-17). Ontlonting sluit blootstelling aan traumaverwante stimuli in (Joseph *et al.* 1999:118). Canterbury en Yule (1999:224) en Joseph *et al.* (1999:115-117) noem dat ontlonting binne 24-tot 72 uur, maar verkieslik binne 24 uur na die trauma effektief is. Volgens Mauchenbaum (1997:519) duur ontlontings tussen 60 en 90 minute, maar dit kan selfs 2 tot 3 ure duur.

Ontlonting is 'n semigestruktureerde groepbyeenkoms bestaande uit 6 tot 15 getraumatiseerdes. Ontlonting kan egter ook op 'n individuele basis gedoen word (Meichenbaum, 1997:519). 'n Verskeidenheid psigologiese ontlontingsprogramme bestaan, soos Mitchell (Canterbury & Yule, 1999:223-224) se "Critical Incident Stress Debriefing"-program (CISD) en Raphael (Canterbury & Yule, 1999: 225-226) se ontlontingsbenadering.

Volgens Canterbury en Yule (1999:226) kan psigologiese ontlonting gedoen word met slagoffers van natuurlike en mensgemaakte rampe. Gedurende die ontlontingproses is dit belangrik om die verwagtinge om weer maatskaplik goed te kan funksioneer te versterk om sodoende die terugkeer na die voortraumavlak van psigososiale funksionering te bewerkstellig (Joseph *et al.*, 1999:117).

6.1.2 Die ontlontingsproses

Die ontlontingsbyeenkoms skep geleentheid om gebeure te bespreek. Hierdie eenmalige byeenkoms bestaan uit sewe fases wat saam 203 ure duur (Busuttil & Busuttil, 1997:239-241; Canterburry & Yule, 1999:224-225; Joseph *et al.*, 1999:116; Meichenbaum, 1997:519-5265):

- In die **inleidingfase** word die reëls en rasionaal vir ontlonting neergelê, deelname van groeplede aangemoedig en vertroulikheid beklemtoon. Die klem val op die bied van ondersteuning sodat die slagoffer uitdrukking aan sy/haar gevoelens kan gee en om van ander in die proses te leer.
- In die **feitefase** beskryf elke groeplid kortliks sy/haar rol gedurende die trauma-ervaring en so word die aard en opeenvolging van die gebeure uitgelig en wanopvattings uitgeklaar.
- In die **denkefase** bring elke groeplid sy/haar mees prominente denke wat gedurende die traumagebeure by hom opgekom het, in konteks. Sodoende word die aanvanklike spanning gedeeltelik verlig.
- Die **reaksiefase** is die mees emosionele fase. Groeplede word gevra na die elemente in die gebeure wat vir hulle die meeste spanning meegebring het en wat die moeilikste was om te hanteer sedert die gebeurtenis afgeloop het.
- In die **simptoomfase** word die individu uitgevra na enige simptome van spanning, fisies of psigologies, wat hulle het gedurende of sedert die gebeure ervaar.
- Die simptoomfase lei die **onderrigfase** in waartydens hulpverleners die groep leer aangaande normale stresreaksies en tegnieke wat nuttig sal wees vir die vermindering van die spanning wat herstel sal bevorder.
- In die **hertoetredefase** kry die slagoffers die geleentheid om enige onbeantwoorde vrae te stel, en opsommende opmerkings word gemaak. Die navorser sou ook wou voorstel dat die slagoffer se ondersteuningsisteem tydens hierdie fase gevestig moet word.

Ontlonting mag wel nuttig wees as 'n vorm van intervensie nadat 'n groot traumatiese gebeurtenis plaasgevind het, maar dit moet slegs gesien word as 'n onderdeel van die krisisintervensiebenadering (Busuttil & Busuttil, 1997:247). Rick (BBC News/Health, 2000:1) noem dat die intensiteit van die herbelewing van die trauma probleme mag veroorsaak. Hannaford (BBC News/Health, 2000:1) is dus daarom van mening dat ontlonting selektief gebruik moet word.

6.2 KRISISINTERVENSIE

6.2.1 Omskrywing van krisisintervensie

Krisisintervensie bied die geleentheid vir vinnige en doeltreffende hulpverlening in 'n onmiddellike krisis. Dit het ten doel om psigologiese oplossings te vind en herstel te bewerkstellig tot ten minste die funksioneringsvlak wat bestaan het voor die krisisperiode (Aguileria, 1998:1;18; Bezuidenhout, 1976:46; Falsetti & Resnick, 1995:274). Vir Skogan *et al.* (1990:13) is krisisintervensie vroeë intervensie waar ondersteuning aan die slagoffer gebied word. Die vroeë behandeling van geweldslagoffers fokus op die onmiddellike nagevolge van viktimisering (Falsetti & Resnick, 1995:273).

Die doel van vroegtydige krisisintervensie is volgens Joseph *et al.* (1999:115) om emosionele verligting vir slagoffers te bring deur ondersteuning en fasilitering in 'n veilige omgewing te bied (Busuttil & Busuttil, 1997:239). Die verhoging van die kwaliteit van die slagoffer se sosiale ondersteuning kan direk 'n invloed hê op die duur en intensiteit van sy/haar depressiewe simptome (Atkeson *et al.*, 1982:101). Krisisintervensie het volgens Falsetti en Resnick (1995:274), Meichenbaum (1997:513) en Stone (1976:5) ten doel om die slagoffer te help om die krisis te hanteer deur hom/haar te begelei sodat hy/sy sy/haar reaksies verstaan, mediese diens kan bekom, familie en vriende in kennis kan stel van die gebeure, verlof by die werk kan reël, begeleiding kan ontvang om die wetlike aspekte wat kan volg, te verstaan, psigiatriese verwysing indien nodig, kan kry en sodat hy/sy ten opsigte van ander praktiese probleme soos finansiële en veiligheidsbehoeftes, hulp kan ontvang (Falsetti & Resnick, 1995: 273). Dit geld veral by verkragting en gewapende roof (Joseph *et al.*, 1999:115). Volgens Stein (Joseph *et al.*, 1999:115) bied krisisintervensie die "on-the-scene"-ondersteuning met "follow-up" binne twee dae. Krisisintervensie verskil van die sistematiese kognitiewe gedragsbenadering omdat die hulpverlener in die geval van krisisintervensie dikwels net in een sessie hulp aan die slagoffer bied (Scott & Stradling, 1993:185).

6.2.2 Die proses van krisisintervensie

Tegnieke wat tydens krisisintervensie gebruik word is die lug van gevoelens, die ekplorasie van alternatiewe hanteringstyle, die mobilisering van sosiale ondersteuning, die bevordering van oplossings vir die krisis en die beplanning vir toekomstige probleme (Busuttil & Busuttil, 1997:239). Die stappe vir krisisintervensie is soos volg:

6.2.2.1 Assessering

Die assessering van die individu en sy probleem geskied in die eerste plek deur middel van akkuraat gefokusde tegnieke. Die doel is om die impak wat die onvoorsiene gebeurtenis op die individu gehad het, asook die uitwerking van die krisis in die individu se lewe wat die persoon genoop het om professionele hulp te gaan soek, te bepaal (Hoff, 1995:30).

Die erns van die krisis vanuit die individu se oogpunt behoort so gou as moontlik gedurende die aanvangsonderhoud geassesseer te word. Objektiewe assessering deur die hulpverlener is gebaseer op kognitiewe (denkpatrone), affektiewe (gevoels- of emosionele toon); en psigomotoriese (gedrag) funksionering van die individu. Die individu se denkpatrone word geassesseer om te bepaal hoe die individu gehelp kan word om irrasionele en verwarrende denke te weerlê, positiewe en produktiewe denkpatrone oor die krisis te ontwikkel en werkbare alternatiewe te kry. In krisisintervensie is dit belangrik om positiewe aksies te fasiliteer wat die individue dadelik kan toepas (Gilliland & James, 1993:33-34).

In die assessering van die individu se emosionele stabiliteit is die duur van die krisis (tydsgleuf van die krisis- eenmalig, kort, kragtig/akuut en situasional); herhaling/treitering vir 'n lang periode (chronies, langtermyn en transkrisis) en die graad van emosionele stamina of hantering die oomblik van behandeling van die individu. In asssesering is dit belangrik om vas te stel of die individu hom/haar in 'n eenmalige situasie bevind en of die individu 'n chroniese, krisisgeoriënteerde lewensgeskiedenis het. 'n Eenmalige krisis vereis gewoonlik direkte intervensie terwyl 'n chroniese krisis langtermynbehandeling vra. Die individu word begelei om geskikte hanteringsmeganismes te ondersoek, strategieë te herontgin wat gedurende die voorkrisisperiode suksesvol benut is, nuwe hanteringsmeganismes te genereer en die versekering en aanmoediging van die hulpverlener en ander te verkry as bron van krag om verby die huidige krisis (langetremyn professionele hulp) te beweeg.

Die hulpverlener moet in assessering let op die individu se emosionele funksionering. Die individu se reservoir van vorige emosionele krag behoort in assessering in ag geneem te word. Die individu wat totaal gestroop is van emosionele kragte het behoefte aan meer direkte response van die hulpverlener as die individu wat goeie emosionele kragte het (Gilliland & James, 1993:35).

Die totale emosionele status van die individu moet geassesseer word. Kyk na die duur (chronies versus akuut) en die graad van die emosionele stabiliteit (reservoir van kragte). Faktore wat in ag geneem word, is die ouderdom van die individu, opvoedkundige vlak, gesinsituasie, huwelikstatus, beroepstabiliteit, finansiële stabiliteit, dwelm- en alkoholmisbruik, geregtelike agtergronde, sosiale agtergrond, intelligensievlak, lewenstyl, geloofsoriëntasie en die vermoë om naby verhoudinge te hê (Gilliland & James, 1993:36). Dit is ook belangrik om alternatiewe hanteringsmeganismes, ondersteuningsisteme en ander bronne wat beskikbaar is, te assesseer. Opsies moet geïdentifiseer word en saam met die individu geëvalueer word. Dit is belangrik dat die individu met die oplossing wat daar gestel word, kan versoen (Gilliland & James, 1993:37).

Getraumatiseerde pesone se situasie met betrekking tot hulle eie veiligheid en die van ander moet altyd geassesseer word. In die hantering van die individu se krisis moet die hulpverlener die moontlikheid van selfmoord eksploreer. Die individu kan leidrade gee dat hy/sy sy/haar lewe gaan neem en tog ignoreer gesinne en naby vriende hierdie leidrade. Om hierdie rede is dit belangrik dat elke krisis geassesseer word om te bepaal of daar sprake van selfmoord is. Die belangrikste selfmoordevaluasie is die feit dat die werker besef dat selfmoord 'n altyd teenwoordige moontlikheid is in alle tipe individue (Gilliland & James, 1993:37-38).

Traumawerk is 'n multi-dissiplinêre terrein en daarom moet die volgende in gedagte gehou word: As die persoon 'n groot gevaar vir homself/haarself of ander inhou, word hy/sy verwys na 'n psigiater vir evaluering of hospitalisering. As hospitalisasie nie nodig is nie, word intervensie voortgesit (Aguileria, 1998:20).

6.2.2.2 Beplanning van die terapeutiese intervensie

Nadat assessering van die persoon binne die situasie en die spesifieke gebeurtenis gedoen is, moet 'n intervensieplan met die individu en die gesin in krisis ontwikkel word (Aguileria, 1998:20; Hoff, 1995:30). Dit is belangrik om te weet hoe lank gelede die spesifieke traumatiese gebeurtenis

plaasgevind het. Van 24 uur tot twee weke nadat die gebeurtenis plaasgevind het, vra die individu hulp. Dit is ook nodig om te weet in watter mate die krisis die persoon se lewe ontwrig het, wat die effek van die ontwrigting op ander in sy/haar omgewing se lewens was en watter ander persone hy/sy as ondersteuning gebruik. Hier kan gelet word op die sterkpunte en hanteringsvaardighede wat die individu in die verlede suksesvol aangewend het en wat nie tans benut word nie (Aguileria, 1998:20).

6.2.2.3 Intervensie

Die aard van die intervensietegnieke hang van die hulpverlener se vaardighede, kreatiwiteit en buigsaamheid af. Die volgende riglyne kan sinvol wees:

- Help die individu om begrip te verkry vir sy/haar krisis deur die verband tussen die krisis en die gebeurtenis te beskryf (Aguileria, 1998:21).
- Help die individu om bewus te word van sy/haar huidige gevoelens (woede, ontkenning van rou, skuld). Die doel hiermee is om 'n vermindering van spanning te weeg tebring. Dit is somtyds nodig om 'n emosionele katarsis te fasiliteer omdat dit ook spanning verminder (Aguileria, 1998:21).
- Eksploreer hanteringsmeganismes. Die individu ondersoek alternatiewe maniere van hantering. As die gedrag, wat in die verlede suksesvol aangewend is om byvoorbeeld woede te hanteer, nie tans geïmplimenteer is nie, word die moontlikheid om dit toe te pas geëksploreer. Nuwe hanteringsmeganismes word ook ondersoek om die individu te help om tot verhaal te kom (Aguileria, 1998:21).
- Heropen die sosiale wêreld. As die krisis ontlok is deur die verlies van 'n geliefde, kan die bekendstelling aan nuwe mense om die leemte te vul (ondersteuning en erkenning) effektief wees (Aguileria, 1998:21).

6.2.2.4 Oplossing van die krisis en vooruitbeplanning

Volgens Aguileria (1998:21) moedig die hulpverlener die toepas van hanteringsmeganismes aan om spanning en angstigheid te laat afneem. Namate die hanteringsvermoëns verbeter en positiewe veranderinge voorkom, kan die individu die vordering wat gemaak is, bevestig. Ondersteuning word ook gegee ten opsigte van realistiese beplanning vir die toekoms, en geleentheid vir 'n bespreking oor hoe die huidige ervaring moontlik in die toekoms kan help, word ook ingeruim.

6.2.3 Toepasbaarheid van krisisintervensie

Daar is ruimte vir die toepassing van krisisintervensie in die hulpverlening aan slagoffers van plaasaanvalle. Tog word daar selde, indien ooit, daarvan gebruik gemaak. Die slagoffers ontvang wel mediese behandeling en besoeke van professionele persone, familie en vriende. Hulle spreek waardering uit vir hierdie ondersteuningsisteme, maar hulle het tog ook die behoefte aan effektiewe krisisintervensie. Die navorser sou wou sien dat hierdie tipe hulpverlening meer dikwels in die toekoms aangewend word.

6.3 KOGNITIEWE GEDRAGSTERAPIE

6.3.1 Omskrywing van kognitiewe gedragsterapie

Kognitiewe gedragsterapie het die volgende ten doel:

- Om die individu op te lei om sy/haar negatiewe denke en onderliggende aannames te identifiseer en te monitor (Foa *et al.*, 1993:262; Richards & Lovell, 1997:268)
- Om logiese foute in die denkproses te identifiseer en meer realistiese en nuttige alternatiewe vir hulle huidige manier van dink te vind en om tegnieke aan te leer wat gedragspatrone kan verander sodat dit op ander aspekte van die lewe veralgemeen kan word (Foa *et al*, 1993:262; Hyer & Sohnle, 2001:326; Richard & Lovell, 1997:268; Skogan et al., 1990:14)

Kognitiewe gedragsterapie is uit die gedragpsigologie ontwikkel (McLeod, 1994:45) en is dus 'n gedragsbehandeling wat by die hantering van individue met depressie, vrees, angstigheid, huweliksprobleme, sosiale probleme, afhanklikheidsprobleme en posttraumatiese stresversteuring benut word (Foa *et al.*, 1993:262; Scott & Stradling, 1993:18;33). Kognitiewe gedragsterapie het volgens Hyer en Sohnle (2001:326) 'n persoongeoriënteerde, opvoedkundige en samewerkende oriëntasie. Barker (1997:65) voeg 'n psigososiale dimensie daarby. Volgens Foa *et al.*, (1993:262) is die uitkoms van kognitiewe terapie soortgelyk aan sistematiese desensitisasie. Twee ander kognitiewe prosedures waarvan kennis geneem behoort te word, is kognitiewe herstrukturering en denkestolling (Foa *et al.*, 1993:262-263).

Kognitiewe verwys na die denke, en gedrag verwys na aksies. Die individu kan dus meer beheer verkry oor sy/haar gevoelens deur te leer watter denke en aksies sy/haar gevoelens beïnvloed. In

kognitiewe gedragsterapie leer die individu tegnieke aan van hoe om beheer te verkry oor sy/haar lewe, hoe om te fokus op realistiese denke en hoe die tegnieke nou en in die toekoms aangewend kan word (Hyer & Sohnle, 2001:326; Miranda *et al.*, 1992:139; Scott & Stradling, 1993:30;). Epictetus noem dat die slagoffer versteur word, nie soseer deur die gebeurtenisse nie, as deur sy/haar siening van die gebeure (Ellis, 1993:2; Möller, 1990:15; Scott & Stradling, 1993:1;18).

Die eienskappe van kognitiewe gedragsterapie is die volgende (Barker, 1997:64-65; Hyer & Sohnle, 2001:327; McLeod, 1994:45;52; Scott & Stradling, 1993:1, 32-33; Taylor *et al.*, 2000: 111-112):

- Dit is sistematiese, tog empatiese, benadering tot die individu se spanningsvolle interpretasies.
- Dit is aktiewe, kort en direktiewe benadering.
- Dit is 'n gefokusde benadering wat inligting oor onvanpaste fantasieë en oortuigings verskaf om die manier waarop individue negatiewe, onwillekeurige denke en bewuste denkprosesse verander, bloot te lê.
- Dit is 'n probleemgeoriënteerde benadering wat die individu se probleem definieer en omraam, en die aard van die probleme afbaken en wat dan 'n oplossing vir die probleem vind.
- Hierin word kliniese probleme hiërargies hanteer.
- Hierin word die redes vir sekere gedrag ondersoek.
- Dit stel aktiewe en direktiewe vrae om die denke wat tot spanning lei, krities te evalueer en om negatiewe oortuiginge te verifieer.
- Dit stel operasionele doelwitte en prioriteite.
- Dit fokus op hanteringsvaardighede en fokus op motivering.
- Terugvalvoorkoming word aan die einde van die terapie beklemtoon.
- Dit gee tuisopdragte wat selfmonitering aanmoedig en onafhanklikheid bevorder.
- Die benadering lewer 'n bydrae tot die verligting van die individu se spanning, nood en angs.
- Spesifieke kognitiewe tegnieke, hipoteses en realiteitstoetse, asook die identifisering en modifisering van kognitiewe versteurings word aangeleer.
- Dit gebruik gedragstegnieke, geskeduleerde ontspanningsaktiwiteite, kognitiewe herhaling en onafhanklike inoefening. Rollespel in in vivo-blootstelling, blootstelling aan spanning, ontspanningsoefeninge, tydbestuur en probleemoplossing word benut.
- Voortdurende terugvoer oor vordering ten opsigte van behoeftedoelwitte word gegee.

6.3.2 Die proses van kognitiewe gedragsterapie

Die terapeutiese prosesse wat in kognitiewe gedragsterapie onderskei word, is soos volg:

6.3.2.1 Blootstellingsbehandeling

Blootstellingsbehandeling bestaan uit nege tweekeer-'n-week 90-minute-sessies. Dit sluit in verbeeldingsblootstelling (wat tydens die sessies hanteer word) en in vivo-blootstelling, wat toegewys word as huiswerk. Tydens die eerste sessie word inligting deur middel van 'n gestruktureerde onderhoud oor die trauma en die reaksie daarop ingewin. Gedurende die tweede sessie word die rasionaal vir blootstellingsbehandeling in posttraumatiese stresversteuring aangebied en 'n hiërargie van vermydingsituasies word gekonstrueer. Hierdie hiërargie sluit 'n lys in van situasies wat vermy is, maar wat tog realisties veilig is (Rothbaum & Foa, 1991:452). Die voorkoming van blootstelling aan situasies dra daartoe by dat individue ontdek dat hulle angstigheid begin afneem. Slagoffers leer dat, al betree hulle die gevreesde situasie, hulle dit kan verduur omdat die ongemak van korte duur is. Hulle leer ook dat herstel nie die afwesigheid van obsessies en vrese beteken nie. In kognitiewe gedragsterapie is hierdie terapeutiese prosesse gedefinieer as in vivo:

- In **in vivo-blootstelling** konfronteer die hulpverlener die individu direk met die situasie wat by hom/haar ongemak skep.
- **Verbeeldingsblootstelling** begin in die derde sessie en duur vir ses sessies voort. Die slagoffer herroep so lewendig moontlik detail van die trauma en in die teenwoordige tyd vir ongeveer 60 minute lank (Rothbaum & Foa, 1991:452).

6.3.2.2 Kognitiewe gedragsbehandelingsprogramme

- **Kognitiewe gedragsbehandelingsprogramme** soos die "stress inocculation training"-program van Meichenbaum fokus veral op verkragtingverwante vrees, angstigheid en depressie (Foa *et al.*, 1991:715;717).
- **Die drie tipes groepsterapie** vir verkragtingslagoffers is soos volg (Foa *et al.*, 1991:715-718): (i) "assertion training" (ii) "supportive psychotherapy." Hier leer die individu probleemoplossende tegnieke aan en (iii) "wait-list control group" waar 'n hulpverlener tussen sessies met slagoffers in aanraking kom om vas te stel of daar enige nood is.

6.3.2.3 Die struktuur van 'n kognitiewe gedragsterapiesessie

'n Kognitiewe gedragsterapiesessie bestaan uit die volgende aspekte (Scott & Stradling, 1993:34): Inligting inwin oor die individu se emosionele stand, struikelblokke en oorwinnings sedert die laaste sessie vasstel, 'n werksagenda vir die sessie saamstel, hersien vorige sessies se huiswerkopdragte, fokus op die punte op die agenda, bepaal die huiswerk en gee terugvoer.

6.3.2.4 Kognitiewe gedragstegnieke

Die twee unieke kenmerke wat posttraumatiese stresversteuring beskryf, is verbeelding en vermydingsreaksies. Strategieë wat toegepas word om posttraumatiese stresversteuring te hanteer, word deur Scott en Stradling (1993:36-39) beskryf as:

- **Indringende verbeelding** - Beelde en onwillekeurige denke bedreig die individu tot die perke waar hy/sy nie meer in beheer voel nie (Scott & Stradling, 1993:36). Vier strategieë stel die individu in staat om hierdie sogenaamde indringing te kan hanteer: indamming, skryf oor die trauma, kognitiewe herstrukturering en desensitisasie.
- **Normaliseer** - Trauma is geneig om in die individu se geheue ingegraveer te raak. Die gevolg is dat traumaherinneringe 'n oorweldigende en belangrike plek inneem in die emosionele bewussyn. Die doel van hulpverlening is om die individu te help om positiewe herinneringe uit te lig om daardeur die negatiewe herinneringe uit te balanseer. Die sukses van hierdie strategie hang af van die aantal positiewe herinneringe wat deur die individu gelys kan word (Scott & Stradling, 1992:40-41).
- **Vermydingsreaksie** - Vermydingsreaksie kan twee vorme aanneem, naamlik (i) vermyding van situasies wat moontlik gesien kan word as stimulasie vir die herroeping van die trauma of (ii) die ontwyking van situasies wat waargeneem word as soortgelyk aan die trauma. Die individu is konstant besig om die omgewing dop te hou vir enige ooreenkomste met die oorspronklike trauma. As die individu tot die gevolgtrekking kom dat ooreenkomste bestaan, genereer dit denke van bedreiging wat dan lei tot vermydingsreaksies. Drie strategieë is bruikbaar vir die oorkoming van vermydingsgedrag (Scott & Stradling, 1993:41): desensitisasie met betrekking tot die vermyde situasie, kognitiewe rekonstruksie en taakoriëntering.

6.4 IMPLOSIEWE TERAPIE

6.4.1 Omskrywing van implosiewe terapie

Implosiewe terapie is 'n gedragsterapie. Dit is 'n vorm van psigoterapie (gebaseer op leerteoretiese beginsels) waardeur die individu aangemoedig word om traumaverwante stimuli (die angsgevoelens wat hy/sy probeer vermy) so intens moontlik te ervaar, totdat 'n afname in die angs wat met die stimuli geassosieer word, intree. Die individu word geleer om sy/haar verbeelding te gebruik en om hom/haar dan in 'n veilige situasie die skrikwekkende gevolge van 'n angswekkende situasie so duidelik moontlik te probeer voorstel (Gouws *et al.*, 1982:128; Joseph *et al.*, 1999:120; Lyons & Keane, 1989:137). Die mees kenmerkende eienskap van posttraumatiese stresversteuring is die indringende herbelewing van die traumatiese gebeurtenis deur herinneringe, nagmerries en terugflitse. Hierdie herbelewing word vergesel deur ernstige angstigheid (Lyons & Keane, 1989:137-138). Volgens Sharf (2000:302) word die toneel eerder oordrewe as realisties voorgestel. Hipoteses word gestel van stimuli in die toneel wat die vrees of angs moontlik kan veroorsaak. Implosiewe terapie wil hierdie probleem, naamlik die herbelewing van die traumatiese gebeurtenis, ondervang.

Implosiewe terapie is gebaseer op 'n doelbewuste uitwissingsmodel terwyl sistematiese desensitisasie (sien 7.5) gebaseer is op klassieke kondisionering (Joseph *et al.*, 1999:120). Een rede waarom implosiewe terapie verkies word bo desensitisasie is juis omdat desensitisasie nie altyd uitvoerbaar is nie, want die herinneringe van die slagoffer kan so realisties wees dat dit beide die hulpverlener se poging om geleidelike blootstelling te bied, asook die slagoffer se vermoë om ontspanne te bly, uitskakel. In die geval waar herinneringe van die slagoffer realisties is, is implosiewe terapie die aanbevole terapie vir behandeling (Lyons & Keane, 1989:138).

6.4.2 Die proses van implosiewe terapie

Implosiewe terapie fokus op posttraumatiese stresversteuring en traumatiese stres (Lyons & Keane, 1989:137). Implosiewe terapie word soos volg deur Peterson *et al.* (1991:160-162) in drie stadiums uiteengesit, naamlik:

6.4.2.1 Fase I: Ontspanningsoefeninge

Voordat begin kan word met implosiewe terapie moet spierontpanningsoefeninge eers gedoen word (Lyons & Keane, 1989:141). Ontspanningsoefeninge verhoog die slagoffer se vermoë om 'n toneel op te roep en dit verminder die angstigheid na die aanbieding van die traumatiese toneel in Fase III (Peterson *et al.,* 1991:160). Die individu word geleer om ontspanningstegnieke toe te pas, dan word die tegnieke toegepas terwyl die individu aan 'n reeks toenemend angswekkende denke deur die hulpverlener blootgestel word. So leer die individu dan om die stimuli wat vroeër angs veroorsaak het, te assosieer met gevoelens van ontspanning eerder as met angs (Lyons & Keane, 1989:138; Sharf, 2000:298-299).

6.4.2.2 Fase II: Aangenameverbeeldingsoefeninge

Die slagoffer word geleer om 'n aangename beeld op te roep sodat aangename beelding die ontspanningsvlak kan verhoog. Die hulpverlener word sodoende in staat gestel om die slagoffer sinvol te kan help (Peterson *et al.,* 1991:160). Hierdie inoefening van die tegniek om 'n aangename beeld op te roep, geskied voordat daar met implosiewe terapie begin kan word (Lyons & Keane, 1989:141).

Voordat daar met spierontspanningsoefeninge begin word, word die slagoffer gevra om 'n toneel te beskryf wat vrede uitstraal en wat hy/sy as ontspanne beleef. Indien die slagoffer 'n probleem ondervind om aan so 'n toneel te dink, kan die see of 'n bergtop voorgestel word. Dit is noodsaaklik dat die beeld nie aversie uitlok of traumaverwant is nie. Gedurende hierdie, en ook die daaropvolgende sessies, moet die vertrek stil wees, die ligte verdoof en die vensters verdonker. Die slagoffer sit in 'n leunstoel met sy/haar stywe klere los. Die hulpverlener begelei die slagoffer deur die ontspanningsoefening. Die hulpverlener gee opdrag dat die individu 'n aangename toneel moet selekteer. Die hulpverlener herhaal segmente van die individu se beskrywings soos "die water is 'n diep blou" en bou verder op die beskrywing uit soos "sien die sonlig skyn op die diepblou see" (Lyons & Keane, 1989:141). Die hulpverlener vra die individu om self verder uit te bou op die beskrywing om seker te maak dat al die sintuie betrek word (Lyons & Keane, 1989:141-142). Interne responsimpulse soos "wat ervaar jy en wat voel jy? word gebruik, sowel as eksterne stimulusimpulse soos "wat ruik jy?" Die hulpverlener bou op hierdie beskrywing wat die individu gee om 'n toenemend ingewikkelde beeld te skep soos " ... jy luister na daardie voëls, probeer om te hoor

hoeveel verskillende liedjies of roepe jy kan hoor. Is daar net een tipe voël, of is daar meer soorte?" (Lyons & Keane, 1989:142).

Verskeie oefensessies is dalk nodig voordat die individu genoegsame ontspanningsvaardighede ontwikkel het. Gedurende die finale oefensessie gee die hulpverlener instruksies aan die individu dat hy/sy hom/haar moet verbeel dat hy/sy 'n spesifieke aktiwiteit uitvoer wat hy/sy nog nie voorheen kon doen nie. "Vlieg asof jy vlerke het", is 'n effektiewe beeld om te gebruik, behalwe as die individu bang is om te vlieg. Die individu word begelei in 'n verbeeldingsvlug oor die traumatoneel. Die hulpverlener moet seker maak dat al die sintuie betrek is. Dit stel die hulpverlener in staat om die individu se vermoëns te assesseer en om met nuwe perspektiewe via sy/haar verbeelding te eksperimenteer. Dit is belangrik om te onthou dat die doel van die oefening is om die individu te leer om die beeld in detail te herroep en om al sy/haar sintuie ten volle by die ervaring te betrek. Gewoonlik vind individue dit maklik om te doen as hulle eers by hulle eie aanvanklike inhibisies verby beweeg het (Lyons & Keane, 1989:142).

Wanneer hierdie verbeeldingsvlug voltooi is, verkry die hulpverlener 'n aanduiding van hoe gespanne die slagoffer voel, en dan begelei die hulpverlener die individu geleidelik weer terug na die hede. Nadat die individu ontspan het en die begeleide verbeeldingsvlug voltooi is, en die individu sy oë oopmaak, regop sit en uitstrek, laat die hulpverlener tyd toe vir 'n bespreking van wat die individu pas ervaar het (Lyons & Keane, 1989:142).

6.4.2.3 Fase III: Implosiewe terapie

'n Sterk en ondersteunende terapeutiese verhouding is noodsaaklik. Implosiewe terapie word in kombinasie met die ontwikkeling van vaardighede en tegnieke benut en het ten doel om hanteringsvaardighede en sosiale gedragspatrone te ontwikkel (Lyons & Keane, 1989:140). Individue met afhanklikheidsprobleme word eers verwys vir afhanklikheidsmisbruikbehandeling voordat hulle die program deurloop. Psigote en individue met breinskade word nie by hierdie behandeling ingesluit nie (Lyons & Keane, 1989:140).

Ter aanvulling van die implosiewe terapiekomponent van die program, het individue ook nodig om in te skakel by 'n reeks gedragsvaardigheidsessies (ontspanning, probleemoplossing, woedebestuur) wat gerig is op simptoombeheer en die ontwikkeling van aanvaarbare sosiale gedrag (Lyons & Keane,

1989:140). Omdat individue sensitief kan word vir herinneringe wat hulle probeer onderdruk, kan die aanvanklike implosiewe sessies 'n tydelike toename in die simptomatologie meebring. Dit is vir die individu belangrik om vinnig daardeur te beweeg sodat noemenswaardige simptoomverligting verkry kan word (Lyons & Keane, 1989:143).

Die eerste implosiewe sessie begin met 'n bekendstelling van die rasionaal vir implosiewe terapie. Die individu word daarvan verseker dat daar begin sal word met een van die minder ontstellende tonele en dat die hulpverlener uiters versigtig sal wees met die aanbieding van die impulse. Die individu gaan nie sy traumatiese herinnering as resultaat van implosiewe terapie vergeet nie, maar suksesvolle terapie sal die individu in staat stel om die gebeurtenisse te herroep sonder dat die herinnering sy/haar lewe tot stilstand sal dwing. Die doel van die hulpverlener se begeleiding tydens die implosiewe sessie is om voortdurend elke aspek van die trauma aan die orde te stel totdat dit nie meer sulke hoë vlakke van angstigheid opwek nie (Lyons & Keane, 1989:143).

In die verduideliking van implosiewe terapie aan die individu kan 'n analogie tussen indringende herbelewing en 'n plaat op 'n outomatiese draaitafel getrek word (Lyons & Keane, 1989:143). Wanneer 'n plaat op die draaitafel geplaas word en dit begin speel en die naald word opgelig, beteken dit nie dat die krag ook afgeskakel is nie. Die plaat kan weer begin speel sodra die naald weer op die plaat geplaas word, en dit kan oor en oor gedoen word. Die krag word eers afgeskakel wanneer die naald die einde van die plaat bereik. Dus, as die individu die plaat (traumatiese herinneringe) toelaat om deur te speel tot aan die einde, eerder as om die naald op te lig (poog om herinneringe te vermy), is die musiek (indringende herbelewing) in staat om self tot aan die einde te vorder. Die meeste individue besef dat sulke kognitiewe prosesse noodsaaklik is, selfs al is hulle aanvanklik nie baie gemaklik daarmee om aan so 'n oefening mee te doen nie (Lyons & Keane, 1989:144). Die sessie behels die volgende:

- Inligting inwin: Die individu het reeds sy traumatiese gebeurtenisse beskryf en in die vorige sessie in rangorde van mins angswekkend tot mees angswekkend geplaas. Die hulpverlener en individu selekteer 'n toneel wat die individu beskryf as 'n toneel wat 'n mate van angs opwek. Die individu moet die toneel in detail beskryf sodat dit in vivo in die implosiewe sessie aangebied kan word. Die individu word versoek om die graad van angstigheid, geassosieer met die herinnering, te herevalueer (0-10 "Subjective Units of Distress Scale") (Lyons & Keane, 1989:144).
- Ontspannings- en voorbereidingsvoorstelle: Deur die ontspanningsprosedure, soos bo bespreek, te gebruik, stel die hulpverlener diep spierontspanning in werking. Eers as die individu ten volle

ontspanne is, word hy/sy gevra om die huidige spanning te evalueer op 'n skaal van 0 tot 10, soos vroeër bespreek. Hierdie fase het subfases, naamlik (Peterson *et al.*, 1991:161-162):

- die ontwikkeling van 'n hiërargie van traumatiese herinneringe;
- evaluering van herinneringe (Lyons & Keane, 1989:141);
- ontspanning. Die slagoffer word aangemoedig om te ontspan. Dit verhoog die slagoffer se vermoë om sy/haar denke te beheer;
- skets die toneel. Interaksie met die slagoffer oor die detail van die toneel, skep die mees realistiese beeld in die persoon se denke;
- verskaf traumatiese leidrade. Konstante interaksie met die slagoffer maak dit moontlik dat die mees angswekkende aspek van die gebeurtenis na vore gebring en deurgewerk word;
- Bied addisionele impulse. Help die slagoffer om twee addisionele impulskategorieë te onthou;
- Afskakeling van die toneel. Deurgaans in die oorstimuleringsprosedure vra die hulpverlener subjektiewe maatstawwe op 'n skaal van 1 tot 10. Langdurige blootstelling aan die toneel loop uit op 'n verlaging in die meting. 'n Vermindering op die skaal oor 'n aantal sessies heen veronderstel 'n vermindering in angstigheid ten opsigte van daardie herinnering;
- Eindig die sessie. Ontspanning is aan die einde van die sessie weer 'n noodsaaklikheid. 'n Bespreking van die sessie kan volg. Die hoeveelheid tyd nodig om die angstigheid te verminder, wat deur traumatiese herinneringe veroorsaak word, neem af namate die vordering deur die hiërargie begin vlot. Aandag word aan elke traumatiese herinnering geskenk totdat die angsvlak genoegsaam gedaal het.

6.5 SISTEMATIESE DESENSITISASIE

6.5.1 Omskrywing van sistematiese desensitisasie

Sistematiese desensitisasie is 'n psigoterapeutiese tegniek wat gebaseer is op leerteoretiese beginsels waarin spierspanning gebruik word om die effek van angswekkende stimuli te inhibeer. So moet die individu begin om in 'n volkome ontspanne toestand aan 'n situasie te dink wat min angs opwek en aanhou om daaraan te dink totdat dit geen angs meer wek nie. Sodra dit bereik is, dink hy/sy in 'n ontspanne toestand aan die situasie wat die tweede minste angs wek en gaan hy/sy voort totdat hy/sy uiteindelik aan die situasie dink wat die meeste angs wek. Volgens Kleber & Brom (1992:211) en Foa *et al.* (1993:260) is sistematiese desensitisasie 'n metode waardeur die individu die traumatiese gebeurtenis waarin hy/sy vasgevang was, herbeleef met die doel om die gevoel van beheer wat deur

die gebeurtenis verwoes is, te herstel (verminder). Sistematiese desensitisasie fokus op die ontwikkeling van idees en die aanleer van vaardighede in die slagoffer se hantering van vrees, angstigheid, depressie, sosiale aanpassing, spraakprobleme, slaaploosheid, nagmerries, seksuele impotensie en chroniese alkoholisme.

Drie vorme van sistematiese desensitisasie word onderskei, naamlik **tradisionele sistematiese desensitering** (Foa *et al.*, 1993:260; Kleber & Brom, 1992:211), **individuele in vivo** sistematiese desensitisering (Kleber & Brom, 1992:211-212) en **oorstimulering** (Foa *et al.*, 1993:263; Gouws *et al.*, 1982:211).

Die sistematiese desensitiseringsmetode is ontwerp as 'n teenkondisioneringstegniek waar 'n sekere reaksie (angstigheid) uitgeskakel word deur die teenwoordigheid van 'n ander reaksie (ontspanning). Desensitisering is so ontwikkel dat dit die klassiek gekondisioneerde stimuli-respons-ketting verbreek (Kleber & Brom, 1992: 212). Dit is egter van kardinale belang by teenkondisionering dat die onaanpasbare of onversoenbare response wat gekies word (soos ontspanning), sterker sal wees as die angstigheidsrespons (Kleber & Brom, 1992:214).

Gedurende desensitering leer die slagoffer om bewus te word van fisiese gevoelens en spanning asook om met die aangeleerde vaardighede vir ontspanning daarop te reageer. So leer hy/sy om vrees aktief te hanteer (Kleber & Brom, 1992: 215). Desensitering maak dit dus vir die slagoffer moontlik om beheer oor die situasie te verkry. Hy leer dat die gevolge van die traumatiese ervaring hanteer kan word met behulp van sy eie vaardighede (Kleber & Brom, 1992:216).

6.5.2 Die proses van sistematiese desensitisering

Die volgende elemente is belangrik by traumadesensitisering:

6.5.2.1 Behandelingskedule - Die behandelingskedule duur gewoonlik 15 sessies van een uur elk. Die behandeling per sessie moet verkieslik kort wees (Kleber & Brom, 1992:216).

6.5.2.2 Instruksies - Die voorbereiding van die individu vir terapie is 'n voortdurende proses. Kognitiewe instruksies bied aan die slagoffer 'n raamwerk van watter tipe behandeling voorgestel word (Kleber & Brom, 1992:217).

6.5.2.3 Eksplorasie - In die eksplorasiefase word stimuli wat direk verband hou met die traumatiese ervaring, ingesamel deur die individu uit te vra oor die detail en die herinneringe wat die individu probeer vermy. Temas word geïdentifiseer wat stimuli (beelde, persone, plekke) met verbandhoudende gevoelens (angstigheid, woede, skuld en ander emosies) insluit. Die verskillende temas word dan deur die individu beoordeel op 'n 100-punt-skaal (Kleber & Brom, 1992:217-219). Foa *et al.* (1993:260) deel die tonele in op 'n 1-tot-10-skaal en die hiërargie word gekonstrueer volgens die mins angswekkende tot die mees angswekkende beelde. Op hierdie manier word verskillende vlakke van angstigheid, woede, skuld, berou, magteloosheid en ander emosies wat relevant lyk, in berekening gebring (Kleber & Brom, 1992:219). Foa *et al.* (1993:260) noem dat individue die toneel oproep terwyl hulle ontspan en dan begin hulle gewoonlik met die mins angswekkende tonele. Die individue gee 'n teken dat hulle angstigheid ervaar en die oproep van die toneel word dan gestaak. Elke toneel word twee keer aangebied en nie meer as drie tonele per sessie nie. Behandeling begin eers wanneer die individu elke toneel, sonder angstigheid, in die hiërargie kan oproep.

6.5.2.4 Ontspanning - Van die vierde sessie af word ontspanningsoefeninge gedoen deur voortdurende spieroefeninge te gebruik, afhangende van die individu se persoonlikheidseienskappe en voorkeure. Die ontspanningsoefeninge moet die gevoelens van persoonlike beheer en onafhanklikheid verhoog (Kleber & Brom, 1992:219).

6.5.2.5 Desensitering - Die proses van desensitering vind dus volgens die volgende sirkelgang plaas (Kleber & Brom, 1992:220-221):

- **Ontspanning** - Die slagoffer ontspan met of sonder die hulp van die hulpverlener. Sodra die slagoffer voel hy/sy is ten volle ontspanne, volg die stap na konfrontasie.
- **Konfrontasie met 'n impuls** - Die slagoffer word gevra om die beeld wat met die spesifieke impuls op die hiërargie verbind word, op te roep. Dit is sinvol om eers deur die impuls wat met een emosie verbind word, te werk voordat daar oorgegaan word tot die volgende impuls. Wees bewus daarvan dat skielike veranderinge en deurbrake kan voorkom. Ervaring toon dat slagoffers 'n verskeidenheid konfrontasies nodig het, met dieselfde impuls, voordat hulle die beelde duidelik sien.
- **Herbelewing en terminering** - Die slagoffer word versoek om die gevoelens wat aangewakker word, te herbeleef. Hierdie herbelewing word vergesel van die volgende instruksies: "Wanneer jy voel dat jy werklik die situasie ervaar, kan jy die beelde staak deur hardop te sê: Dit is oor, ek laat dit gaan". Tydens hierdie laaste instruksie moet druk vermy word. Die slagoffer werk teen sy/haar eie tempo en dit is hy/sy wat besluit wanneer om sy/haar voorstelling te staak deur die bepaalde

sin uit te spreek. Die manier waarop hierdie sin gesê word, kan vir die hulpverlener leidrade bied. As dit vinnig en onnatuurlik gesê word, toon dit vermyding eerder as ervaring. 'n In vivo-ervaring gaan gewoonlik gepaard met intense emosies. Elke impuls, afhangende van die graad van herbelewing, moet 2 tot 3 keer aan die orde kom.

- **Die aanwakker van 'n aangename beeld** - Na elke konfrontasie word die individu gevra om te ontspan en 'n aangename beeld wat verbind kan word met die impuls, op te roep. Gevoelens van droefheid word nie in desensitering hanteer nie. Die waarde van verdriet lê op 'n ander vlak. Gedurende die laaste twee sessies word ook beelde wat met die toekoms verband hou, opgeroep. Dit moet verband hou met die individu se daaglikse lewe. Dit sal logiese vergelykings moet wees waarin die individu tans funksioneer.

6.6 DRAMATERAPIE

6.6.1 Omskrywing van dramaterapie

Dramaterapie (psigodrama) is 'n projektiewe tegniek en 'n vorm van groeppsigoterapie waarin die individu betekenisvolle situasies dramatiseer in die aanwesigheid van die hulpverlener en 'n gehoor. Enigeen van die aanwesiges kan die individu met die een of ander saak of probleem konfronteer en 'n bepaalde rol vertolk. Die doelwit is om die persoon te help om beter insig in homself/haarself te verkry, sy gedrag te wysig en meer spontaan op te tree (Gouws *et al.*, 1982:246; Winn, 1994:64).

Dramaterapie bestaan uit drie fases, naamlik (Hudgins, 2002:31):

- **Opwarmingsfase** - om 'n atmosfeer te skep van vertroue en veiligheid met 'n gewilligheid om die nuwe gedrag te speel/te probeer speel.
- **Aksiefase** - die individu speel die rol en werk deur die protagonis se situasie;
- **Bespreking en deelfase** – groeplede deel hulle waarnemings met die protagonis (Sharf, 2000:587). Die protagonis sit die storie aan die gang. Mense deel hulle ervaringe van die drama en verbind dit met hulle verlede om iets nuuts rakende hulle toekoms te leer.

6.6.2 Die proses van dramaterapie

6.6.2.1 'n Normaliseringshulpmiddel

Volgens Winn (1994:10) speel normalisering as tegniek in dramaterapie 'n belangrike rol by die voorkoming van 'n totale ineenstorting na 'n traumatiese gebeurtenis. Volgens haar is die toerus van die slagoffer met gevoelens en simptome wat normaal is en wat na 'n spesifieke gebeurtenis ervaar word, noodsaaklik. Hierdie toerusting moet volgens Winn (1994:12) ook aan die familie en aan hulpverleners in die gemeenskap gegee word omdat hulle dikwels die persone die naaste aan die geaffekteerde persoon is en in die beste posisie is om ondersteuning te bied. Wanneer hulle bewus is van watter simptome normaal is, sal hulle minder geneig wees om met paniek te reageer.

6.6.2.2 Narratiewe terapie

Narratiewe terapie bied die geleentheid aan die individu vir die vertelling en hervertelling en die beleef en herbeleef van sy/haar storie om sodoende te verstaan waarom hy/sy optree soos hy/sy doen en om bewus te raak van 'n alternatiewe storie en alternatiewe kennis en vaardighede te ontdek en voorstelle te eksploreer om nuwe moontlikhede raak te sien (Malan, 2000:5). Storievertelling is 'n nuttige tegniek in die proses van normalisering. Storievertelling stel die luisteraar in staat om afstand te verkry terwyl hy/sy die metafore absorbeer soos hulle op die situasie van toepassing is. Die ander slagoffers mag identifiseer met 'n spesifieke karakter, gebeurtenis of emosie. Verskillende aspekte van die storie kan op verskillende tye bygetrek word. As deel van normalisering is 'n belangrike deel van 'n storie dat jy sal sê: ".... dit is oraait - jy is oraait" (Winn, 1994:17). Belangrike gebeure in ons lewe word in verhaalvorm vertel en is belangrik vir ons hantering van intense lewenstressors (Harvey, 2000:27). Storievertelling poog om die traumatiese gebeure in die verlede te plaas (Bourne & Olivier, 1998b:1).

Volgens Van Zyl en Müller (2002:365) verskaf die "herinneringe aan die verlede en daarom die interpretasie van die verlede" die "materiaal waarmee die toekomsstorie gebou word." Dit maak verandering moontlik omdat dit tot die herinterpretasie en rekonstruksie van die werklikheid lei (Müller & Louw, 2002:342). Die doel van storievertelling is dat dit die denkraamwerk agter die belewing van die individu blootlê. Die kern is dat probleme nie die een en al in 'n individu se lewe is nie. Daar is altyd tye, situasies, gebeure en verhoudings wat nie geraak is nie of nie geheel en al

vernietig is nie. Sonder die in-perspektief-stel van die trauma as 'n uitsonderlike gebeurtenis, sien individue hierdie aspek nie raak nie. Deur oor hierdie tye te praat, tree geleenthede na vore waarin die individue kan kies watter betekenis hulle rondom die gebeure wil ontwikkel. So word verskillende gebeure met mekaar in verband gebring en nuwe scenarios kan geskep word, wat verskillende betekenisse en 'n nuwe storie vir die individu kan bied. Die nuwe storie van die persoon (nie net 'n nuwe storie nie maar fundamenteel bepalend van wie die persoon is) kan uitgebrei word om die individu se sosiale omgewing in te sluit (Riikonen & Smith, 1997:15).

'n Hulpverlener kan nie dinge verander na wat dit voor die insident was nie. Die slagoffer moet ontdek dat ook ander persone in soortgelyke situasies soortgelyke gevoelens soos woede, angstigheid, paniek en desperaatheid ervaar. Deur die proses van normalisering word hierdie ooreenkomste waargeneem (Herman, 1992:176-181; Winn, 1994:18).

6.6.2.3 Ontlonting

Die deurpraat van 'n traumatiese of stresvolle gebeurtenis bevorder die herstel van diegene wat psigologiese wonde opgedoen het (Raphael *et al.*, 1995:1479). Mense wat nie na 'n traumatiese gebeurtenis psigologies ontlont is nie, is meer geneig om posttraumatiese stresversteuring te ontwikkel (Winn, 1994:9). Ontlonting help ook om die gevoel van hulpeloosheid en skuld te oorkom - die slagoffer voel dikwels skuldig omdat hy/sy oorleef het. Dit maak herstel moontlik en ondervang die ervaring dat ander vir jou gely het, aan (Raphael *et al.*, 1995:1480).

Winn beveel ontlonting in groepsverband aan. Die volgende werkswyses vir verdere ontlontingsessies (Winn, 1994:40-41) word voorgestel:

- **Hernude betrokkenheid** behels die herskepping van die gebeure en 'n verkenning van aspekte soos nood, verwardheid, woede en hulpeloosheid, sowel as 'n eksplorasie van dinge wat goed afgeloop het of gehelp het om 'n mate van beheer te verkry.
- Dit mag wees dat 'n individu voel dat hy/sy iets aan iemand wat nie meer daar is nie, moet of wil sê. **'n Leë stoel** kan gebruik word om die afwesige individu te verteenwoordig. Die groeplid word aanmoedig om daardie individu aan te spreek (Sharf, 2000:287).
- Om vorentoe te kan beweeg, moet daar eers van sekere emosies ontslae geraak word. Dit kan net gedoen word deur **uitdrukking te gee aan daardie emosies**. Dit word soos volg gedoen: Erken hulle woede. Gee geleentheid vir emosionele reaksies. Die groep bespreek dit. Sommige

groeplede besef dat hulle woede toe te skryf is aan gevoelens uit die verlede. Na die uitbarsting voel hulle kalmer en kan hulle verskeie maniere ondersoek waarop hulle hulle gevoelens kan kommunikeer. Die groep moet rustig en gemaklik wees voordat hulle verdaag.

Die teenwoordigheid van ander slagoffers met soortgelyke ervaringe in 'n groep, dra by tot die beperking van die gevoel van isolasie (Winn, 1994:85). Dramaterapie neem die hier-en-nou-funksionering van die individu onder die loep wanneer individue nie in staat is om ervaringe met die res van hulle lewe te integreer nie en wanneer hulle 'n onvermoë toon om hulle normale take voort te sit (Winn, 1994:63-64).

6.7 GROEPTERAPIE

6.7.1 Omskrywing van groepterapie

Groepterapie (groeppsigoterapie) is 'n psigoterapeutiese tegniek waaraan twee of meer individue en die groepleier deelneem om emosionele ervaringe en probleme met mekaar te deel, probleemoplossings te vind, gedrag te verander of om fisiese, psigologiese of sosiale trauma te rehabiliteer. Een van die aannames is dat die aanhoor van ander se probleme, en die oplossing daarvan, 'n terapeutiese effek het (Barker, 1997:157-158; Gouws *et al.*, 1982:109; Toseland & Rivas, 1998:25-26). Volgens Anderson (1997:249) is die doel van groepterapie om die groeplede te bemagtig. Terapeutiese groepe word van ondersteunende groepe onderskei omdat terapeutiese groepe op genesing en rehabilitasie fokus (Toseland & Rivas, 1998:25-26).

In groepsituasies is die teenwoordigheid van ander slagoffers met soortgelyke probleme 'n groot voordeel. Dit verminder weerstand, veral waar die slagoffer glo dat die hulpverlener hom/haar in 'n individuele sessie nie sal verstaan nie. Wantroue word ook beter hanteer omdat vertroue makliker en natuurliker onder groeplede ontwikkel (Peterson *et al.*, 1991:183). Volgens Sharf (2000: 324) kan groepbehandeling slegs as aanvullend tot individuele terapie gesien word. 'n Vorm van groeppsigoterapie of sensitiwiteitsgroepe waarin individue 'n geruime tyd saam deurbring (Barker, 1997:225), is in die navorsingstudie toegepas.

6.7.2 Die proses van groepterapie

In groepbehandeling bestaan vier basiese teoretiese oriëntasies:

6.7.2.1 Interaktief georiënteerde groeppsigoterapie

Die groep bestaan volgens Peterson *et al.* (1991:184) uit 5 tot 8 groeplede wat soortgelyke traumatiese gebeure ervaar het. Die groep kom twee-weekliks vir 1½ uur-sessies bymekaar. Riglyne aan die hulpverlener vir die hantering van hierdie groepe (Peterson *et al.*, 1991:185) is onder andere: empatie, betrokkenheid en beslistheid, gefokusdheid op die slagoffer en die groep, die aanmoediging van interaksie, ondersteuning aan die individue en groep, beheer gedurende tye van intense emosie, veral as geweld gevrees word en pynlike herinneringe opduik, die handhawing van fokus op die trauma en voortgesette probleme en die aanmoediging van en ondersteuning vir lede se belydenisse.

6.7.2.2 Kognitiewe gedragsgroepbehandeling

Kognitiewe gedragsterapie is gebaseer op die daaglikse waarneming van verskillende individue se reaksies op dieselfde situasie. Individue word nie soseer beïnvloed deur die situasie nie, as deur die opinies wat hulle daaroor vorm (Scott & Stradling, 1998:1). Elke beradingsessie begin met die onderhandeling van 'n agenda tussen die groeplede en die hulpverlener. Kognitiewe gedragsterapie duur nie lank nie in vergelyking met ander tradisionele psigoterapieë (Scott & Stradling, 1998:1-2). Dit bestaan uit weeklikse sessies van 45 tot 60 minute oor 3 tot 4 maande. Slagoffers word hanteringsmeganismes aangeleer en hulle word aangemoedig om dit suksesvol toe te pas sonder noodwendige voortgesette kontak met die hulpverlener. Die kern teoretiese punt van kognitiewe gedragsterapie is dat slagoffers se denke en beelde oor die situasie 'n belangrike rol speel by hoe hulle voel.

Slagoffers word bekendgestel aan die kognitiewe gedragsraamwerk deur te verduidelik dat individue hulle hele geskiedenis met hulle saamdra wanneer hulle 'n spesifieke situasie ervaar. Daarom word die interpretasie van dieselfde gebeurtenis verskillend deur verskillende individue ervaar. Al handel kognitiewe gedragsterapie oor die denke en beelde van 'n individu, moet dit ook die rolle in ag neem (Scott & Stradling, 1998:6). Alhoewel kognitiewe gedragsberading op die hede fokus, hou dit die individu se geloofsoortuiginge, wat in die verlede gevorm is, in ag. Die sukses van die groep hang van die volgende faktore af: die getroue bywoning van die sessies, dat die groepervaring positief versterkend sal wees, die aanmoediging van kameraadskap en groepkohesie (moedig vriendskap aan, stel makkersisteem in en ruil telefoonnommers uit), die uitlok van selfopenbaring; en die bevordering van komplementerende standpunte.

- **Fase I: Oriëntasie en verbondenheid** - Verduidelik die groepfunksionering aan die slagoffer en eksploreer sy/haar verwagtinge en onsekerhede. Verkry 'n geskrewe en getekende kontrak van verbondenheid aan die groepproses. So 'n handeling is bevorderlik vir groepbywoning en vordering (Peterson *et al.*, 1991:185).
- **Fase II: Bepaling van doelwitte** - In hierdie fase gaan dit om die assessering deur die hulpverlener met die doel om vas te stel wat elke groeplid se probleme is. Die proses vir doelidentifikasie is soos volg (Peterson *et al.*, 1991: 186):

➢ Verduidelik probleme met verwysing na waarneembare gedrag en denkpatrone.
➢ Definieer parameters van gedrag (gereeldheid en intensiteit).
➢ Teken geskiedenis aan asook kognitiewe psigologiese en kognitiewe fisiologiese komponente en gevolge vir elke tipe gedrag.
➢ Maak gebruik van assesseringstegnieke en –instrumente om data in te samel.
➢ Baken sterkpunte en swakpunte af.
➢ Stel doelwitte, gebaseer op kumulatiewe data (verkieslik korttermyndoelwitte).
➢ Definieer die konteks, tydraamwerk en kriteria vir suksesvolle bereiking van die doelwitte.

Marafiote (Peterson *et al.*, 1991:186-187) se behandelingstegnieke en toepassing geskied volgens die volgende stappe:

- Ontspanningsoefening aan die begin van 'n sessie
- Denkestolling vir obsessiewe wanaangepaste denke
- Modellering deur die hulpverlener en die ander individue
- Gedragsrepetisie en die groep se terugvoer is belangrik
- Kognitiewe herstrukturering
- Huiswerkontspanning asook die aanwending van tegnieke wat in groepe aangeleer word en daarmee saam die kontrollering van huiswerk
- Biblioteekmateriaal, geselekteer deur die hulpverlener, om sekere opdragte uit te voer

6.8 SAAMGESTELDE BEHANDELINGSTRATEGIE

6.8.1 Omskrywing van saamgestelde behandelingsprogram

Foa *et al.* (1993:266) verwys na Holmes en St Lawrence se standpunt dat die mees belowende behandelingstrategie dié is wat die slagoffer voorsien van spesifieke hanteringsmeganismes en alternatiewe response op angstigheid. Foa *et al.* (1993:266) beskryf twee behandelingstrategieë wat hieraan voldoen, naamlik stresbekendstellingsoefeninge en vlugtige gedragsintervensie. Hierdie strategieë maak deel uit van die saamgestelde behandelingsprogram.

6.8.2 Proses van die saamgestelde behandelingsprogram

6.8.2.1 Stresbekendstellingsoefeninge

Stresbekendstellingsoefeninge is 'n psigologiese benadering tot behandeling wat gebaseer is op die leerteorie (Falsetti & Resnick, 1995:273-274) en ontwikkel is vir slagoffers wat tot drie maande nadat hulle getraumatiseer is, angstig gebly het (Foa et al., 1993:266). Hierdie program handel oor stresvolle gedrag en die manier waarop probleemhantering verander kan word. Dit sluit die volgende in (Sharf, 2000:306): die deurgee van inligting, ontspanningsoefeninge, kognitiewe herstrukturering, probleemoplossing, gedragsherhaling en ander kognitiewe en gedragstegnieke. Dit bestaan volgens Foa *et al.* (1993:266) uit twee fases, naamlik 'n opvoedkundige fase, en die toerus met hanteringsvaardighede. Falsetti en Resnick (1995:275) voeg die toepassingsfase by. In die twee-uur-lange opvoedkundige fase word die behandelingsprogram aan die slagoffer beskryf as 'n kognitiewe gedragsbenadering om vrees en angs te kan bestuur deurdat hanteringsvaardighede aangeleer word (Falsetti & Resnick, 1995:274; Foa *et al.*, 1993:266).

Die behandeling vereis 8 tot 14 sessies, afhangende van die behoeftes van die slagoffers en die bereiking van die spesifieke doelwitte (Falsetti & Resnick, 1995:273). In die toepassingsfase integreer die individu die vaardighede wat hy/sy geleer het deur die volgende stappe toe te pas: assesseer die moontlike gevreesde gebeurtenis, bestuur ontvlugting en vermydingsgedrag deur denkestolling, beheer selfkritiek met selfdialoog, raak betrokke by die gevreesde gedrag en selfversterking deur die aanwend van vaardighede (Falsetti & Resnick, 1995:275).

Die stresbekendstellingsoefening bestaan uit drie behandelingsfases, naamlik die opvoedkundige fase, vaardigheidsontwikkelingsfase en toepassingsfase (Falsetti & Resnick, 1995:273; Sharf, 2000:307).

6.8.2.2 Vlugtige gedragsintervensie

Hierdie intervensie word gebruik direk nadat iets soos 'n verkragting voorgekom het (Foa *et al.*, 1993:269). Dit is 'n 4 tot 6 ure behandeling wat ten doel het om voorkomende behandeling teen posttraumatiese stresversteuring te wees omdat vreesreaksies en ander posttraumatiese stresversteuringsimptome moontlik kan ontwikkel. Eerstens word die slagoffer aangemoedig om die verkragtingsgebeurtenis in die verbeelding te herbeleef en om haarself toe te laat om gevoelens uit te druk wat geassosieer word met die verkragting. Dan word sy toegerus met leerteoriemodelle ten opsigte van die ontwikkeling en instandhouding van vrees, asook met die driesisteemmodel van vreesresponse (gedrag, kognitiewe en fisiologiese). Derdens word pogings aangewend om die gevoelens van skuld en verantwoordelikheid vir die verkragting te laat afneem. Dit word gedoen deur gesprekvoering en deur die sosiale verwagtinge en mites oor verkragting uit te wys. Hanteringsvaardighede soos selfhandhawing, ontspanning, denkestolling en metodes vir die hervatting van normale aktiwiteite word aangeleer (Foa *et al.*, 1993:269).

6.9 HUWELIKS- EN GESINSTERAPIE

6.9.1 Omskrywing van huweliks- en gesinsterapie

In die gesinsgesentreerde behandelingsprogram moet elke individu wat traumatiese stres ervaar, binne 'n sosiale netwerk van ondersteuners, insluitend familie, uitgelig word. Deur te fokus op die sosiale ondersteuningsisteem, is individuele en sistematiese simptome van posttraumatiese stresversteuring sigbaar (Figley, 1988:83). Volgens Johnson (2002:115-116) behoort 'n slagoffer eers individuele hulpverlening te ontvang voordat huweliksterapie kan realiseer. Die doel met huweliksterapie is om 'n veilige band te skep waar die individuele slagoffer eers die effek van die trauma in individuele terapie sal probeer verwerk voordat huweliksterapie interpersoonlike traumasimptome kan behandel.

Min aandag is gegee aan die impak wat posttraumatiese stresversteuring op gesinne het, asook aan die ondersteuning aan families van gesinslede met posttraumatiese stresversteurings. Behandeling fokus gewoonlik net op die individuele slagoffer. Gesinsterapie het die potensiaal om posttraumatiese

stresversteuring by die gesinslid wat dit ervaar, te elimineer. Gesinsterapie kan dus sinvol wees, nie net vir die individu nie, maar insgelyks dan ook vir die gesin (Peterson *et al.*, 1991:193). Figley (1998:86) beklemtoon die feit dat 'n gesonde gesinsisteem belangrik is vir die proses van herstel van 'n individu wat traumatiese en posttraumatiese versteurings ervaar. 'n Belangrike aspek van gedragshuweliksterapie is kommunikasievaardighede wat die ontwikkeling van praat- en luistervaardighede insluit (Sharf, 2000:323).

Gesinsterapie is 'n individuele model wat fokus op 'n geïdentifiseerde individu, homeostase, differensiasie van die self, die uitgebreide gesin en emosionele driehoekforming. Gesinsterapie streef na 'n verandering in die totale emosionele sisteem sodat almal, en nie net die geïdentifiseerde individu nie, tot persoonlike groei kan kom (Müller, 1996:76-77).

As 'n intieme sosiale ondersteuningsisteem, bevorder gesinslede die herstelproses op die volgende vier afsondelike maar verbandhoudende maniere, naamlik (Figley, 1988: 86-88): Hulle neem die traumatiese stres betyds waar, konfronteer die trauma, vertel die traumagebeure oor, help die slagoffer om sy/haar traumatiese herinneringe en gepaardgaande konflik deur te werk.

6.9.2 Die proses van huweliks- en gesinsterapie

Huweliks- en gesinsterapie sluit onder andere die voorbehandelingsfase, assessering, lug van emosies, oorbrugging, toerusting en huiswerk in (Ochberg, 1988:100-105; Peterson *et al.*, 1991:199). Fases in die behandeling van gesinne verloop soos volg:

6.9.2.1 Fase I: Assessering en verbondenheid tot die terapeutiese doelwitte

Die hulpverlener moet eerstens uitvind of die gesin die probleem as 'n traumaverwante versteuring beskou. In gesinne kan dit ook gebeur dat gesinsproblematiek nie as traumaverwant gesien word nie. Die gesinsprobleme word dan byvoorbeeld toegeskryf aan 'n rebelse tiener of aan gesinsgeweld (Peterson *et al.*, 1991:199). 'n Manier waarop hulpverleners 'n beraming van die graad van die traumaverwante disfunksies kan maak, is deur vrae te stel oor die verskillende vorme van stres wat die gesinslede ervaar het. Die ideaal is dat die gesin die rede vir die trauma reeds vroeg in die behandeling sal identifiseer. Die doelwitte in die aanvangsfase is: die ontsluiting van die traumatiese ervaring deur die gesinslede, die formulering van spesifieke behandelingsdoelwitte, die inboesem van

vertroue en die skep van 'n gevoel van optimisme vir 'n positiewe behandelingsuitkoms (Peterson *et al.*, 1991:199-200). Verbondenheid en vertroue is noodsaaklike elemente van terapie. Motiveer soveel moontlik van die gesinslede om die trauma bloot te lê, want dit ontwikkel en bevorder verbondenheid aan die behandeling.

6.9.2.2 Fase II: Die lug van en definiëring van die probleem

Volgens Peterson *et al.* (1991:201) bespreek die gesinslede die trauma gewoonlik tydens hierdie fase. Die suksesvolle afhandeling van hierdie fase van terapie is selfonthulling deur die gesinslede. Die mite dat 'n gesin nie in staat is om oor die trauma te praat nie, word hierdeur vernietig en die aandag word van die slagoffer na die totale gesinsisteem verskuif. Jurich (Peterson *et al.*, 1991:201) verwys na hierdie fase as "ventilasie." Peterson *et al.* (1991:200) beskryf hierdie fase as die uitspel van die probleme. Die terapeutiese strategieë vir hierdie fase is: laat gesinslede hulle eie sienings oor en reaksies op die toepaslike trauma beklemtoon, bevorder erkenning en aanvaarding van die betekenisvolheid van elke gesinslid se persoonlike ervaring (bevordering van differensiasie) en laat die gesin toe om die positiewe en negatiewe gevolge van die trauma te lys. Die hulpverlener en die gesinslede het nodig om diè probleemoplossing wat hulle tot op hede in die oog gehad het, te hersien. In 'n vroeë stadium van die behandeling word die gesin ook aangemoedig om die gevolge van die traumatiese gebeurtenis te herdefinieer. Die hulpverlener se taak is om erkenning te gee aan die pogings van die gesinslede om die aandag weg van die slagoffer te verskuif en eerder op die hele gesin as slagoffer te fokus.

Gesinslede moet aangemoedig word om te kyk na hoe die traumatiese gebeurtenis die gesin se roetine versteur het om sodoende te besef dat hulle beroof is van die voordele van 'n normale gesinslewe. Hulle moet ook aangemoedig word om te verstaan dat hulle as gesin moet saamspan om mekaar te help om die tragedie te oorkom (Figley, 1988:102). Daar is soms vyandigheid tussen gesinslede teenoor die slagoffer. Die slagoffer word gesien as swak, onintelligent, onbevoeg of ongelukkig. Die doel van die terapie is om gesinslede in staat te stel om hierdie gevoelens deur te werk en om vergiffenis teenoor die slagoffer te kommunikeer. Sodoende skuif die verantwoordelikheid vir die huidige situasie na die individuele gesinslede wat verantwoordelikheid vir hulle lot aanvaar (Figley, 1988:102).

6.9.2.3 Fase III: Herdefinieer die probleem

Figley (1988:102) sien dit as die mees kritieke fase van die terapie. Volgens Peterson *et al.* (1991:201) is die doel van die sessie om die geskille tussen gesinslede te oorbrug. Elke gesinslid het sy eie individuele stel *aannames* en persoonlike teorieë oor hulle motiewe, asook oor ander se motiewe. Die hulpverlener help om die verskillende ervaringe van die gesinslede te herdefinieer sodat almal hulle met die finale konstruksie van die helingsteorie sal kan versoen (Figley, 1988:102).

Peterson *et al.* (1991:201) noem die volgende as tegnieke wat aangewend kan word om die doel te bereik: normaliseer gedrag, herbenoem gedrag, koppel gedrag positief, herdefinieer gesinspatrone, fasiliteer erkenning van ooreenkomste tussen gesinslede en fasiliteer die ontdekking van nuwe betekenis saam met die gesin. Hier help die hulpverlener die gesin om die verskillende gevoelens en persepsies wat met die traumatiese gebeurtenis geassosieer word te verwoord en te groepeer. Uiteindelik moet die hulpverlener die gesin help om 'n helingsteorie te ontwikkel oor die gebeurtenis en moontlike toekomstige gebeure. Om dit te doen, help die hulpverlener die gesinslede om hulle verskillende ervaringe en insigte te herdefinieer sodat hulle kan aanpas by die proses van die konstruering van die helingsteorie (Figley, 1988:102-103).

6.9.2.4 Fase IV: Ontwikkel 'n genesingsteorie

Dit is die finale fase in die herstel na trauma. 'n Helingsteorie is 'n stel standpunte oor die omstandighede waaronder die traumatiese gebeurtenis plaasgevind het, hoe en waarom elke gesinslid gehandel het soos hy/sy het en 'n optimistiese scenario van wat kan gebeur as 'n soortgelyke traumatiese gebeurtenis weer sou plaasvind. Gesinne moet 'n helingsteorie ontwikkel wat al die gesinslede aanvaar. Dit is nie altyd 'n maklike taak nie, veral in onstabiele gesinne waarin min kohesie bestaan. Namate elke gesinslid tekens begin toon van insig en aanvaarding van die huidige krisis en van optimisme oor die hantering van toekomstige uitdagings, begin die hulpverlener die gesin lei om die volle betekenis van die trauma en die gevolge te artikuleer. Dit word gedoen deur elke gesinslid aan te moedig om aan die slagoffer die volgende vrae te stel: "Wat het gebeur? Waarom het dit gebeur? Waarom het jy gehandel soos jy het? As iets soortgelyks weer sou gebeur, sal jy dit anders hanteer?" Telkens wanneer 'n gesinslid die situasie opsom, stel die ander gesinslede stimulerende en verduidelikende vrae. Uiteindelik skik die gesin vir 'n konsensussiening vir 'n helingsteorie. Nie al die gesinslede hoef die gesinsteorie met ewe veel entoesiasme aan te neem nie, maar wat belangrik is, is

dat elke gesinslid moet glo dat die helingsteorie 'n goeie vertrekpunt is en dat dit aanvaarbaar is totdat 'n ander teorie voorgestel kan word (Figley, 1988:104). Dit moet dus in beginsel deur al die gesinslede aanvaar word.

6.9.2.5 Fase V: Afsluiting en gereedheid

Hier word die gesin voorberei op die afsluiting van die terapie deur die spesifieke doelwitte van die intervensieprogram te hersien en hulle aan te moedig om hulle vaardighede te herken. Die hulpverlener kan krisissituasies vir bespreking skets. Dit stel die gesin in staat om hulle insig en vaardighede wat hulle in die intervensieprogram ontwikkel het, toe te pas. Dit gee ook aan hulle die selfvertroue om toekomstige situasies te kan hanteer (Figley, 1988:104). Die gesin kan gevra word om as rolmodel vir ander gesinne op te tree wat ondersteuning nodig het. So kan hulle in die toekoms genader word om met ander gesinne te gesels oor die proses van herstel waardeur hulle gegaan het. Die laaste sessie moet iets hê van "a-haa, ons het iets bereik." Die gesin moet besef dat hulle dit meestal op hulle eie gedoen het. Hulle moet aangemoedig word om te enige tyd met die hulpverlener in verbinding te tree. Hulle moet egter ook aangemoedig word om die insigte en vaardighede wat hulle aangeleer het, toe te pas om hulle individuele probleme te hanteer. Gedurende hierdie fase kan die gesin hertoets word (metingskaal). Dit is goed om tussen 6 en 12 maande na die terapie regressie te toets (Figley, 1988:105).

6.10 VERLENGDE BLOOTSTELLINGSTERAPIE

Verlengde blootstellingsterapie verwys na oorstimulering. Dit word beskou as 'n psigologiese benadering tot die behandeling van geweldslagoffers. Die behandelingsbenadering is gebaseer op die beginsel van die leer- en inligtingprosesseringsteorie (Falsetti & Resnick, 1995:273;276; Rothbaum & Foa, 1991:453). Een van die primêre doelwitte van blootstellingsterapie is om die gevreesde stimuli in die verbeelding te konfronteer sodat vrees en angstigheid kan afneem (Falsetti & Resnick, 1995:276). Die herhaling van die oproep van die gevreesde herinnering word later minder bedreigend namate dit verskeie kere in 'n veilige objektiewe omgewing herhaal word (Falsetti & Resnick, 1995:276). Volgens Foa *et al.* (1991:717) word die eerste twee sessies gewy aan inligtingsinwinning. Gedurende die aanvangsonderhoud vind die verduideliking van die behandelingsrasionaal en behandelingsbeplanning plaas. Die volgende sewe sessies word gewy aan die herlewing van byvoorbeeld die verkragtingstoneel in die verbeelding (verbeeldingsblootstelling). Die slagoffer kry

die opdrag om die aanval so getrou moontlik aan die werklikheid te herbeleef en te beskryf, verkieslik hardop en in die teenwoordige tyd. Die slagoffer herhaal byvoorbeeld die verkragtingscenario verskeie kere gedurende die 60 minute van die sessie. Die slagoffer se verhaal word op band opgeneem en die slagoffer kry instruksies om daarna te luister - een keer per dag as huiswerk. Oorstimulering is nogal merkwaardig suksesvol by die behandeling van angsversteurings (Foa et al., 1993:263).

Slagoffers word ook versoek om gevreesde stimuli, wat nie gevaarlik is nie, maar met gevaar geassosieer word, tydens die traumatiese gebeurtenis te konfronteer (Falsetti & Resnick, 1995:276). Hierdie blootstelling begin met situasies wat relatief lae vlakke van angstigheid aanwakker en beweeg op in die hiërargie na meer gevreesde situasies (Foa *et al.*, 1993:264). Hierdie hiërargie sluit 'n lys situasies in wat aanvanklik vermy is, maar wat eintlik redelik veilig is. In vivo-blootstelling vind tuis plaas (Rothbaum & Foa, 1991:453). In vivo-blootstelling aan vreesimpulse word gebruik om vrees wat met die stimuli geassosieer word uit die weg te ruim (Falsetti & Resnick, 1995:276).

6.11 KOGNITIEWE PROSESSERINGSTEORIE

Dit is ook 'n behandeling wat gebaseer is op 'n psigologiese benadering (Falsetti & Resnick, 1995:273). Hierdie terapie is gebaseer op inligtingsverwerking en op die kognitiewe konstruksieteorie. Die doel is meer as om net te konsentreer op die vreesnetwerk van die individu. Slagoffers worstel met sterk gevoelens soos vernedering, skaamte en woede. Wanneer 'n persoon blootgestel word aan inligting wat ongewoon is, vind assimilasie en akkommodasie plaas (Falsetti & Resnick, 1995:277). Dit beteken dat wanneer iets ongewoons gebeur, waarvoor ons nie werklik 'n kategorie het nie, of as iets gebeur soos dit nie behoort te gebeur nie (verkragting vind slegs plaas met mense wat alleen in donker plekke loop), moet ons die inligting verander (assimileer) of ons kategorie verander (Falsetti & Resnick, 1995:277).

Die doel van die behandeling is om die integrasie van die gebeure met die emosies van die slagoffer te fasiliteer en om hom/haar sodoende te help om 'n gesonde uitkyk en gebalanseerde perspektief op die wêreld te handhaaf. Kognitiewe prosesseringsterapie bied blootstelling aan die traumatiese herinneringe en dit rus die individu toe om wanaangepaste denke uit te daag. Dit voorsien ook die korrigerende inligting met betrekking tot wanopvattings en ander wanaangepaste waardes. Die sessie word in 12 weeklikse sessies afgehandel. Kognitiewe prosesseringsterapie fokus op die identifisering

en verandering van slagbome wat die konflik tussen vorige kategorieë en nuwe inligting (die traumatiese gebeurtenis) nie genoegsaam verwerk nie (Falsetti & Resnick, 1995:278).

6.12 SEKSUEELDISFUNKSIONELE TERAPIE

Foa *et al.* (1993:265) het 'n gedragsbehandelingsprogram vir slagoffers van seksuele aanranding wat seksuele probleme ervaar, ontwikkel. Hierdie program is ook gebaseer op die tweefaktor leermodel wat uit 10 groepbehandelingsessies bestaan. Dit begin met 'n volledige geskiedenis van die seksuele probleem wat die volgende insluit:

- 'n duidelike en gedetaileerde beskrywing van die huidige situasie;
- inligting oor die ontstaan en duur van die probleem;
- identifikasie van die oorsake en instandhouding van die probleme;
- vorige behandeling en die uitkoms daarvan;
- die slagoffer se verwagtinge en doelwitte vir die behandeling (Foa *et al.*, 1993:265).

Die behandeling is gebaseer op die "P*LI*SS*IT" behandelingsmodel van Annon wat die volgende insluit: "Permission to engage in certain behaviors; Limited Information regarding certain aspects of their problem or 'normal' functioning; Specific Suggestions for engaging in new behaviors; and Intensive Therapy." Die laaste komponent is nie by Becker en Skinner se behandelingsprogram ingesluit nie (Foa *et al.*, 1993:265). Die hoofdoel van die behandeling is die toerus van die slagoffer ten opsigte van die seksuele probleme in ooreenstemming met die tweefaktormodel. Dit behels die vasstel van behandelingsdoelwitte, die bevordering van 'n liggaamsbeeld, die identifisering van seksueel genotvolle aktiwiteite, die aanmoediging van seksuele fantasieë, die bevordering van seksuele opwekking en die vermoë om 'n orgasme te verkry, die vermindering van angstigheid, die herstrukturering van denke, onderrig in seksuele kommunikasie en die handhawing van seksuele vaardighede, die bekendstelling aan sensasioneel gefokusde oefeninge, asook huiswerkopdragte.

6.13 LOGOTERAPIE

Victor Frankl het bevind dat 'n persoon wat 'n traumatiese gebeurtenis oorleef het, 'n persoon is wat ten spyte van lyding vir homself/haarself 'n toekoms kan visualiseer. Hy/sy is ook 'n persoon wat glo dat hy/sy 'n betekenis, 'n doel en sin in die lewe het. So 'n mens is nie iemand wat oorgee aan wanhoop nie (Pastornet, 2002:1).

Logoterapie is 'n benadering tot terapie aan die getraumatiseerde, wat fokus op Frankl (1982:102) se siening van die belangrikheid van sin en betekenis in die individu se lewe. Dit kom neer op die herformulering van die individu se lewensdoel. Die doel is om die individu te help om betekenis te vind of te ontdek of te herontdek in sy/haar lewe, ongeag hoe/wat sy/haar omstandighede is (Harvey, 2002:258; Shantall, 1988:459). Dit moet hier ook in gedagte gehou word dat die betekenis van lewe van persoon tot persoon, van dag tot dag en van uur tot uur verskil (Durbinhypnosis, 2003:14). Hierdie betekenis vir die individu se lewe word gevind in sy/haar lewensingesteldheid. Die individu word bewus gemaak van dinge buite homself/haarself wat hom/haar tot verantwoordelikheid roep en op sy/haar liefde en versorging of op sy/haar betrokkenheid aanspraak maak. Logoterapie is terapie deur betekenis toe te voeg. Die hulpverlener kan nie vir die individu vertel wat die betekenis van sy/haar lewe is nie, maar die individu kan daarop gewys word dat betekenis wel bestaan. Ons almal het baie geleenthede vir betekenisvinding. Logoterapie help die individu om die uniekheid van hierdie betekenis te vind en voorsien so die individu van 'n meer betekenisvolle lewe in die algemeen. Die persoon se grootste motivering is die wil om sin uit alles te maak (Harvey, 2002:258; Shantall, 1988:459).

Die betekenis van die lewe kan gekry word deur waardes te skep, waardes te ervaar en deur 'n houding van waarde te hê. Dit beteken dat betekenis deur dit kom wat die individu vir die lewe gee (skep waardes), wat die individu van die wêreld neem (ervaar waardes) soos om na musiek te luister en te lees en die houding wat die individu inneem teenoor die noodlot wat die individu nie kan verander nie (soos die verlies van 'n geliefde) (Durbinhypnosis, 2003:14).

Psigiese probleme ontstaan uit die belewenis dat die lewe sonder enige sin is (Louw, 1982:124). Logoterapie hanteer probleme in die daaglikse lewe wat verskerp kan word deur bedreiginge soos oorlog, rampe en aktiwiteite wat die gees van die mens degradeer. Fatalisme, 'n houding wat veroorsaak dat 'n individu die soeke na betekenis as hopeloos beskou omdat die menslike lot bepaal word deur psigologiese dryfvere, die omgewing en ander invloede, asook 'n saak soos konformisme, is sake wat deur logoterapie aan die orde gestel word (Harvey, 2002:258-259). Die doel van logoterapie met die persoon wat aan trauma blootgestel was, is om betekenis te gee aan die groei wat plaasgevind het (Shantall, 1988:460). Die individu moet dus begelei word om te sien watter mate van groei daar in sy/haar lewe sedert die traumatiese gebeurtenis plaasgevind het.

7. DIE BENUTTE HULPVERLENINGSPROGRAM

In die res van hierdie hoofstuk sal 'n deeglike ontleding gemaak word van die eienskappe van die traumabegeleidingsprogram en die vereistes waaraan die programleier moet voldoen. Waar in hierdie teks na programleier verwys word, word bedoel dat 'n ander persoon as 'n maatskaplike werker ook die program kan aanbied. Daar sal ook gefokus word op die doel en doelwitte van die traumabegeleidingsprogram en die teikensisteme van die traumabegeleidingsprogram. Groepwerk as metode in Maatskaplike Werk word ondersoek deur groepwerk te omskryf en die tipe groepe, groepberading, groepproses, tegnieke in groepwerk, die taak van die groepwerker en die beplanning van die traumabegeleidingsprogram te bespreek. Vir hierdie navorsing is daar 'n kombinasie van drie teoretiese raamwerke vir groepwerk benut, naamlik: psigo-opvoedkundige benadering, kognitiewe gedragsbenadering en psigodinamiese benadering met veral klem op die kognitiewe gedragsbenadering omdat daar gefokus is op die verandering van die negatiewe gedrag en aanleer van nuwe vaardighede.

7.1 OMSKRYWING VAN 'N TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

In hierdie navorsing word 'n traumabegeleidingsprogram ('n opgestelde groepwerkprogram) aan die traumabegeleier beskikbaar gestel ten einde slagoffers van plaasaanvalle te begelei tot die ontwikkeling en verbetering van hulle hanteringsvaardighede ten einde hulle lewenskwaliteit te verhoog. Vir die navorser beteken traumabegeleiding dat die hulpverlener (professionele persoon) fokus op maatskaplikewerkhulpverlening deur terapeutiese onderhoudvoering wat daarop gemik is om die slagoffer te lei tot insig met die oog op die bevordering van sy/haar maatskaplike funksionering.

7.2 EIENSKAPPE VAN 'N TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

Volgens Gotay (1984:608) is 'n gespesialiseerde hulpverleningprogram waardevol vir 'n persoon wat onderskraging gedurende of na 'n spanningsvolle lewensgebeurtenis nodig het. 'n hulpverleningsprogram in die vorm van 'n traumabegeleidingsprogram kan nie lukraak opgestel en aangebied word nie. Spesifieke aspekte moet in hierdie program ingewerk word om die slagoffer se nood te verlig en aan sy/haar behoeftes te voldoen.

Die teenwoordigheid van ander slagoffers met soortgelyke probleme is voordelig in die sin dat dit weerstand om samewerking te gee laat afneem by die slagoffer wat glo dat die hulpverlener hom/haar in 'n individuele sessie nie sou verstaan nie. Wantroue word ook beter hanteer in 'n groepsituasie omdat vertroue makliker en natuurliker tussen groeplede ontwikkel (Peterson *et al.*, 1991:183). Geen besluite aangaande groepbeplanning kan geneem word nie alvorens die groepleier besluit het wat met die groep bereik gaan word. Sekere noodsaaklike besluite en besluite oor take wat uitgevoer moet word, moet geneem word wanneer 'n groepwerkprogram beplan word. Die navorser het die traumabegeleidingsprogram hiervolgens saamgestel.

Die herbelewing van die traumatiese gebeurtenis is 'n trauma op sigself. Daar is bevind dat die deurwerk van die ervaring noodsaaklik is sodat die slagoffer die betekenis van wat gebeur het, kan verstaan en die negatiewe selfbeeld wat dikwels daardeur ontwikkel, kan herstel. Daar is ook bevind dat 'n program alleenlik tot hulp kan wees as dit ook ruimte laat vir rusperiodes en ontspanning (Peterson *et al.*, 1991:6). Tot onlangs nog was die enigste vorm van geestesgesondheidsorg in die veld van trauma, psigoterapie. Nie alle slagoffers vereis gespesialiseerde terapie nie, maar hulle kan voordeel trek uit die ondersteuning en advies van 'n begeleier. Deur persone in 'n vroeë stadium te help, kan ernstige versteurings, wat in 'n later stadium sou opduik, betyds voorkom word (Kleber & Brom, 1992:186).

Beradingsgroepe verskil van psigoterapiegroepe omdat die fokus in 'n beradingsgroep op die geïdentifiseerde probleme wat lede in hulle huidige situasie ervaar, val (Anderson, 1997:249). Groeplede het behoefte daaraan om maniere te vind om probleme van die oomblik te hanteer. Groepnorme bevorder sulke probleemoplossings deur middel van die generering van kognitiewe, emosionele en gedragsinligting. Hierdie norme reguleer ook die probleme en oplossings weens hulle relevansie vir ander groeplede en die ondersteuning wat sodoende gebied word (Anderson, 1997:250).

7.3 VEREISTES WAARAAN DIE PROGRAMLEIER MOET VOLDOEN

Die vereistes waaraan die programleier moet voldoen, is soos volg:

7.3.1 In enige interpersoonlike situasie, in 'n groep of individueel, waar een persoon die rol van begeleier vervul, aanvaar hy/sy ook die verantwoordelikheid vir sy/haar eie gedrag en sy/haar vermoë om effektief in 'n verhouding met ander individue te staan. Die begeleier moet as 'n

werklike persoon met die getraumatiseerde empatiseer en moet streef na 'n sensitiwiteit vir die faktore wat by die hele proses betrokke is. Die begeleier moet bewus wees daarvan dat hy/sy nie volkome objektief en rasioneel kan wees nie, as gevolg van eie gevoelens, persepsies en idees (Munro *et al.*, 1989:17).

7.3.2 Die begeleier moet die volgende vrae aan homself/haarself stel (Munro *et al.*, 1989:20): Wie is ek? Wat is my sterkpunte? Swakhede? Wat het ek nodig van ander? Wat kan ek aan ander bied? Wat glo ek is reg vir ander?

7.3.3 Die begeleier moet oor die volgende vaardighede en kwaliteite beskik:

7.3.3.1 Interpersoonlike vaardighede (McLeod, 1994:194) en (Munro *et al.*, 1989:20): Buigsaamheid, hartlikheid, aanvaarding van ander, openheid, empatie, selfbewussyn, egtheid, respek vir ander, objektiwiteit, moenie oorheersend wees nie, moet 'n produktiewe verhouding kan opbou met ander om rapport en kontak te bewerkstellig, luistervaardighede, kommunikasievaardighede, realiteitsbewussyn, sensitiwiteit vir nie-verbale kommunikasie, sensitiwiteit vir stemkwaliteit, moet aansluiting kan vind by die uitdrukking van emosies, moet tyd kan struktureer en taalvaardig wees.

7.3.3.2 Persoonlike oortuigings en houdings (McLeod, 1994:194): Die begeleier moet oor die vermoë beskik om ander te kan aanvaar. Die begeleier moet in ander se potensiaal kan glo. Hy/sy moet bewus wees van etiese en morele keuses en sensitief wees vir die waardes van die individu en die self.

7.3.3.3 Konseptuele vermoë (McLeod, 1994:194): Die begeleier moet oor die vermoë beskik om die kleinste probleem te verstaan en te assesseer en om toekomstige gevolge van aksies te kan antisipeer. Hy/sy moet ook sin kan maak uit onmiddellike prosesse ooreenkomstig groter konseptuele skemas. Hy/sy moet inligting kan onthou, kognitief buigsaam wees en oor vaardighede in probleemoplossing beskik.

7.3.3.4 Persoonlike welsyn (McLeod, 1994:194): Afwesigheid van persoonlike behoeftes of irrasionele oortuiginge wat destruktief is vir die begeleidingsverhouding. Moet persoonlike grense stel. Moet self oor die vermoë beskik om 'n slagoffer te kan wees. Afwesigheid van sosiale vooroordele, etnosentrisme en gesagsbeheptheid.

7.3.3.5 Bedrewenheid om tegnieke toe te pas (McLeod, 1994:194): Die begeleier beskik oor die kennis van wanneer en hoe om spesifieke intervensies uit te voer. Besit die vermoë om die effektiwiteit van die intervensies te assesseer. Verstaan die rasionaal agter die tegniek en is in besit van 'n wye repertoire van intervensies.

7.3.3.6 Die vermoë om te verstaan en te werk binne 'n sosiale sisteem deur sensitiwiteit vir die individu van 'n ander geslag, etnisiteit, seksuele oriëntasie en ouderdomsgroep te hê (McLeod, 1994:194).

7.4 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGPROGRAM

Die traumabegeleidingsprogram het die volgende ten doel:

7.4.1 Doel

Om die slagoffer van 'n plaasaanval toe te rus vir en te begelei tot die ontwikkeling en verbetering van hanteringsvaardighede om beheer oor die gebeure te verkry en sy/haar maatskaplike funksionering te verbeter.

7.4.2 Doelwitte

7.4.2.1 Om die slagoffer toe te rus ten opsigte van wat 'n traumatiese gebeurtenis is

7.4.2.2 Om die behoeftes wat slagoffers na 'n traumatiese gebeurtenis moontlik kan hê, uit te lig

7.4.2.3 Om die belangrikheid van die keuse wat die slagoffer moet maak om te herstel, te beklemtoon

7.4.2.4 Om die vloei van die individu se lewe te herstel deur die traumatiese gebeurtenis te rekonstrueer

7.4.2.5 Om oor belangrike verhoudings, ideale, drome, konflikte en stryde wat voor die trauma bestaan het, te praat

7.4.2.6 Om die emosies en reaksies op die gebeurtenis en die reaksie van die slagoffer en belangrike mense in die slagoffer se lewe in perspektief te stel

7.4.2.7 Om die individu te help om sy/haar simptome as 'tekens van herstel' te herdefinieer

7.4.2.8 Om die individu in staat te stel om die fases van rou na traumatiese gebeure te identifiseer en as normaal te beskou

7.4.2.9 Om die individu in staat te stel om die posttraumatiese simptome as tekens van herstel te identifiseer, te normaliseer en te herdefinieer

7.4.2.10 Om die gedrag en denke wat die herstel na die traumatiese gebeure vertraag, te identifiseer

7.4.2.11 Om die hanteringsvaardighede wat probleemoplossend en nieprobleemoplossend is, te identifiseer

7.4.2.12 Om moontlike hanteringsvaardighede te ondersoek ten einde beheer oor die situasie te verkry deur emosies en reaksies te hanteer en deur die herverbinding van die individu met homself/haarself, ander, sy/haar gesin, vriende, bure, werkers, misdadiger en sy verhouding met God.

Hierdie traumabegeleidingsprogram het die vermeerdering in kennis van die slagoffer van 'n plaasaanval ten doel sodat die slagoffer toegerus is vir die ontwikkeling en verbetering van hanteringsvaardighede ten einde sy/haar maatskaplike funksionering te verbeter.

7.5 HULPMIDDELS

Hulpmiddels word in hierdie program gebruik ter bereiking van die doelstellings. 'n Hulpmiddel in maatskaplike groepwerk kan beskou word as 'n onderdeel van hulpverlening wat hulpverlening doeltreffend maak (Du Preez, 1981:215). Hulpmiddels wat in die ondersoek gebruik is, is onder andere die professionele persoonlikheid van die groepwerker, programmedia (groepgesprekke, musiek, speletjies, lekkernye, skryfkuns, verbale en nieverbale groeptegnieke), groepinteraksie, leierskap, verslagskrywing, oudiovisuele hulpmiddels (bandopnemers, video) en leiding van die promotor. Die begeleier maak nie net gebruik van vaardighede en tegnieke nie, maar ook van 'n verskeidenheid ander hulpmiddels soos kerse en koerantberigte.

7.6 GROEPWERK AS METODE IN MAATSKAPLIKE WERK

7.6.1 Omskrywing van groepwerk

Volgens Toseland en Rivas (1998:12) kan groepwerk soos volg gedefinieer word: "Goal-directed activity with small treatment and task groups aimed at meeting socioemotional needs and accomplishing tasks. This activity is directed to individual members of a group and to the group as a whole within a system of service delivery." Du Preez (1981:5) brei hierop uit deur daarop te wys dat groepwerk 'n metode van Maatskaplike Werk is wat deur 'n maatskaplike groepwerker gedoen word om aan groepe, bestaande uit individue, hulp te verleen. Traumagefokusde groepe het die uitdruklike doel om die trauma te ondersoek en aan elke groeplid die geleentheid te gee om die verloop van die

traumagebeure te herkonstrueer (Goodman & Weiss, 2000:50). Groepterapie kan sinvol benut word waar individue traumatiese gebeure ervaar het. Groepterapie kan alleen of gesamentlik met ander vorme van behandeling (krisisintervensie, verkragtingsgroepe, huweliks- en gesinsgroepe) toegepas word (Meichenbaum, 1997:316).

Groepberading fokus op die identifisering van probleme wat lede in die huidige situasie ervaar. Daar word aanvaar dat lede onmiddellike probleme in hulle daaglikse lewe ervaar. Die probleem is óf chronies óf situasiegebonde. Die groeplede moet maniere vind om hierdie probleme te hanteer. Hierdie groepsessies duur tussen 4 en 16 weke en is meestal geslote groepsessies. Groeplede het behoefte aan die deel van individuele probleemoplossende doelwitte deur kognitiewe, emosionele en gedragsinligting (Anderson, 1997:249-250). Vir die doel van hierdie studie is groepberading gebruik.

Verskeie teoretiese benaderings tot traumagroepbehandeling bestaan, naamlik:

- Psigo-opvoedkundige groepe is gestruktureerde groepe en is sinvol in die vroeë stadium van behandeling omdat die individu ingelig word aangaande posttraumatiese simptome, siektes en beskikbare behandelingswyses (Goodman & Weiss, 2000:50).
- Die kognitiewe gedragsbenadering fokus op die verandering van negatiewe gedrag en op die aanleer en aanwend van nuwe vaardighede (Goodman & Weiss, 2000:50).
- Die psigodinamiese benadering beklemtoon insig in traumaverwante konflikte en bevorder aanpasbare hanteringsvaardighede (Lindy in Goodman & Weiss, 2000:50).

'n Kombinasie van bogenoemde drie benaderings is deur die navorser gebruik.

7.6.2 Tipes groepe

Dit is belangrik om te weet wat die doel van 'n groep is. Die doel van 'n groep bepaal watter aktiwiteite uitgevoer sal word en watter tipe groep geïnisieer sal word. Die doel met die bespreking van die verskillende tipes groepe is om vir die leser 'n aanduiding te gee dat 'n kombinasie van al die verskillende tipes groepe in 'n ondersoek van hierdie aard ter sprake is. Watter tipe groep ookal benut word, sou kon oorgaan in 'n ondersteuningsgroep. Die verskillende tipes groepe is die volgende:

7.6.2.1 Ondersteunende groepe

Die primêre doel van 'n ondersteunende groep is om groeplede te help om stresvolle lewensgebeure te hanteer. Die doel is ook om lede opnuut te inspireer en om hulle hanteringsvaardighede te verbeter sodat hulle effektief in toekomstige stresvolle lewensgebeure kan funksioneer. Die groepwerker fasiliteer die groep waar groeplede ervaringe deel, gevoelens lug en op hanteringsvaardighede fokus. Die groepwerker se hoofrol is om die groeplede te motiveer om hanteringsvaardighede aan te leer en te bevorder met die oog op die toekoms. 'n Voorbeeld van so 'n groep is 'n groep vir kinders wat die effek van egskeiding op hulle lewens bespreek, of 'n groep individue wat die effek van kanker op 'n familielid en hoe om dit te hanteer, bespreek (Anderson, 1997:250; Toseland & Rivas, 1998:21).

7.6.2.2 Opvoedkundige groepe

Die doel van 'n opvoedkundige groep is om nuwe inligting deur te gee en vaardighede aan te leer. Opvoedkundige groepe word in skole, gesinsbeplanningklinieke en hospitale gebruik. Voorbeelde van sulke groepe is groepe vir seksueel-aktiewe adolessente, welsyn-in-die-werksplekgroepe en pleegsorggroepe (Toseland & Rivas, 1998:23).

7.6.2.3 Groeigeoriënteerde groepe

Groeigeoriënteerde groepe fokus op die ontwikkeling van die individu se potensiaal deur middel van die verandering van denke, gevoelens en gedrag teenoor die self en ander (Toseland & Rivas, 1998:24; Van Heerden, 2001:167). Die fokus lê hier op selfontwikkeling. Voorbeelde van sulke groepe is huweliksverrykingsgroepe en groeigroepe vir adolessente (Toseland & Rivas, 1998:24).

7.6.2.4 Sosiale groepe

In sosiale groepe leer groeplede vaardighede en sosiaal aanvaarbare gedragspatrone aan sodat hulle effektief in die gemeenskap kan funksioneer. Voorbeelde van sulke groepe is 'n sosiale groep vir buitepasiënte, 'n enkelouergroep wat pieknieke, danse en ander sosiale aktiwiteite reël (Toseland & Rivas, 1998:26). Sosiale groepe is hoofsaaklik ontspannend en ondersteunend, maar tog hou dit ook terapeutiese waarde in (Van Heerden, 2001:166).

7.6.2.5 Terapeutiese groepe

Terapeutiese groepe help die groeplede om hulle gedrag te verander, om pesoonlike probleme te hanteer en om hulleself te rehabiliteer na fisiese, psigologiese of sosiale trauma. Voorbeelde van terapeutiese groepe is 'n psigoterapeutiese groep vir buitepasiënte by 'n gemeenskapsgesondheidsentrum en 'n groep vir individue wat wil ophou rook. In terapeutiese groepe kom lede bymekaar om hul probleme op te los. In 'n terapeutiese groep gaan dit dus om die verligting van simptome, vermindering van emosionele pyn of die oplossing van 'n probleem. Baie beplanning word verlang voor die groep kan begin funksioneer. 'n Groep word dan saamgestel uit lede met gemeenskaplike probleme (Toseland & Rivas, 1998:25-26). Vir die doel van hierdie studie is daar van 'n terapeutiese groep gebruik gemaak, wat uiteraard elemente van die ander tipes groepe insluit.

7.6.3 Groepproses

Die groepproses kan volgens Meichenbaum (1997:316-317) van 'n verskeidenheid doelwitte voorsien word, naamlik:

7.6.3.1 Die herlewing van die trauma en die uitruil van nuttige inligting in 'n veilige ruimte. Die begeleier moet nie die groeplid te gou druk vir detailinligting nie, maar die individu moet toegelaat word om hom/haar te lei

7.6.3.2 Die vermindering van die gevoel van isolasie en voorsiening vir 'n gevoel van regverdiging, geldigheid, kohesie, gemeenskaplike doel, gemak, ondersteuning en koestering van 'n gevoel van aanvaarding in 'n nie-blamerende ondersteunende omgewing

7.6.3.3 Werk met ander saam wat soortgelyke ervaringe het en wat voorsien in 'n gemeenskaplike band om 'n gevoel van universaliteit te skep

7.6.3.4 Die afname in gevoelens van isolasie en vervreemding – om nie uitsonderlik of uniek te voel nie - bevestig die realiteit en die betekenis van die traumatisering

7.6.3.5 Die bevordering van sosiale ondersteuning. Deel emosies met ander en leer van ander

7.6.3.6 Die identifisering van gemeenskaplike probleme: deel hanteringsmeganismes met mekaar, verkry insig in eienskappe van die eie trauma wat opgelos moet word en verwerk die onafgehandelde aspekte in 'n ondersteunende atmosfeer.

7.6.3.7 Om kontak te hê met ander persone in tye wanneer jy intense trauma ervaar, is bemoedigend en bemagtigend.

7.6.3.8 Deur ondersteuning te gee, voorstelle aan die hand te doen en insig te deel, selftrots te herstel, 'n gevoel van groepsorg te ontwikkel en soortgelyke probleme met ander te deel, word die individu se gevoel dat hy/sy niks het om aan iemand anders te bied nie, beveg. Dit help die individu om oor die lewe van ander groeplede te dink en verminder so die fokus op self-vernietigende denke en gevoelens van isolasie.

7.6.3.9 Dit verminder skuld en skaamte. Bevorder vertroue. Deel verlies en droefheid.

7.6.3.10 Los probleme met betrekking tot geheimhouding op.

7.6.3.11 Dit skep gevoelens van hoop deur deelnemers 'n kans te gee om te sien hoe ander herstel en sodoende 'n gevoel van optimisme oor vordering te ontwikkel. Potensiaal om die herbalansering van verhoudings te ervaar.

7.6.3.12 Genereer groepsideologie, -taal, en -slagspreuke wat groeplede in staat stel om stres duideliker uit te druk en te verstaan.

7.6.3.13 Verbintenis tot 'n plan kan verkry word deurdat die individu dit in die openbaar bevorder.

7.6.3.14 Aanvaar verantwoordelikheid om te deel in die "hier-en-nou"-groepbespreking.

7.6.3.15 Voorsien geleentheid vir selfbydraes oor die veranderings wat elke lid ondergaan het.

7.6.4 Tegnieke in groepwerk

As groepwerk uitsluitlik terapeuties georiënteerd was, sou dit volgens Toren die tegnieke van psigoterapie gebruik, naamlik aanmoediging tot die uitdrukking van gevoelens, om angstighede en vrese na die oppervlak te bring en te bespreek en die generering van selfbewussyn en nuwe insig in probleme asook om meer rasionele hanteringsmeganismes te ontwikkel (Douglas, 1993:81). Die groepwerkprogram vir slagoffers van plaasaanvalle is terapeuties van aard en maak dus van die tegnieke van psigoterapie gebruik. Bertcher (Douglas, 1993:81) lys die volgende tegnieke wat die traumabegeleidingsgroep suksesvol kan maak, naamlik: bywoning, die soeke, inwin en gee van inligting, kontraksluiting, behoort aan, reageer op gevoelens, fokus, opsomming, "gatekeeping", konfrontasie, modellering, bemiddeling en begin.

7.6.5 Die taak van die groepwerker

Die taak van die groepwerker is volgens Schwartz (Douglas, 1993:88) om deur onderhandeling die neutrale basis tussen die behoeftes van die groeplede en die van die sisteem te vind; hindernisse te identifiseer en aandag te skenk aan die hindernisse; idees, feite en waardes oor te dra vanuit sy/haar

eie perspektief wanneer hy/sy dink dat hierdie inligting vir die groeplede nuttig is in 'n poging om die probleme te hanteer; sy/haar eie siening en gevoelens oor te dra oor die stryd waarin die groeplede betrokke is; en die behoeftes en beperkinge van die situasie waarin die kliënt-werk-sisteem is, te definieer.

7.7 BEPLANNING VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

7.7.1 Struktuur van die groep

Tabel 9: Struktuur van die groepbyeenkomste

SESSIE	MODULE	TEMA	TYDSDUUR
1	Module 1 – Inleiding	'n Plaasaanval – 'n werklikheid of 'n droom?	120 minute
2	Module 2 – My traumaverhaal	"Ek vertel my verhaal"	120 minute
3	Module 3 - Emosies en reaksies op trauma	"Wat voel ek?"	120 minute
4	Module 4 – My keuse? Die hanteringsproses	Passiewe slagoffer of aktiewe oorwinnaar?	120 minute
5	Module 5 – Herverbinding met die alledaagse lewe	"Hoe raak die traumatiese gebeure my verhoudingslewe?"	120 minute
6	Module 6 – Afsluiting	Samevatting, evaluering en afsluiting	60 minute

Die voorafgaande literatuurstudie en die empiriese bevindinge uit die behoeftebepalingskedule word in die struktuur van die groepbyeenkomste weerspieël. Die doel van elke byeenkoms word in hoofstuk 7 hanteer. Die modules verloop in 'n bepaalde volgorde juis omdat daar by die algemene begin word, na die spesifieke beweeg word en weer by die algemene afgesluit word.

7.7.2 Karakter van die groep

- **Oop of geslote groep**

Volgens Brandler en Roman (1999:247) en Meichenbaum (1997:318) is posttraumatiese stresversteuringsgroepe gewoonlik oop groepe waarby nuwe groeplede van tyd tot tyd kan inskakel. Goodman & Weiss (2000:53) noem dat geslote groepe minder onderbrekings het in die groepproses, maar 'n spesifieke hoeveelheid groeplede vereis om te voorkom dat die groep te klein word as groeplede later onttrek. In die geval van hierdie traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle was dit 'n geslote groep.

- **Die samestelling van die groeplede**

Volgens Goodman en Weiss (2000:54) is 'n siftingsonderhoud sinvol omdat die inligting en agtergrond van die individu sodoende verkry word. So word inligting bekom oor die potensiële probleme en kan 'n diagnose gemaak en vasgestel word of die individu geskik is vir die groep. Dit verseker ook 'n sterker gekompromitteerdheid tot die groep, en berei die individu voor vir die groep. So weet die individu wat om te verwag. Dit voorsien ook 'n forum om groepbeleid te hersien soos tariewe en afwesigheid en ander reëls. Volgens Goodman en Weiss (2000:49) moet die hulpverlener die graad van ooreenkomste en verskille tussen groeplede in ag neem omdat getraumatiseerde persone meer aan mekaar verbonde voel as hulle 'n soortgelyke tragedie deel. Die navorser het voor die aanvang van die eerste groepsessie afsonderlik met elke lid gesels. Die doel van hierdie ontmoeting was om die groeplede op die groepproses voor te berei. Meichenbaum (1997:318-319) ondersteun dit ook en noem verder dat daar aan die groeplede oorgedra kan word dat hulle in die proses waartydens hulle self gehelp word, baie hulp aan ander kan verleen. Die groepsamestelling is gewoonlik homogeen, wat bevorderlik is vir groter deelname en begrip vir medegroeplede. Veral groepe in hulle vroeë stadiums is meer suksesvol as hulle saamgestel word uit soortgelyk getraumatiseerde individue (Goodman &Weiss, 2000:52-53). Homogene groepe vorm gouer kohesie, bied meer onmiddellike ondersteuning aan medegroeplede en bring meer onmiddellike verligting (Meichenbaum, 1997:318).

- **Tema vir elke module**

Die groep is gewoonlik kliënt-gedrewe omdat die begeleier begin deur die groeplede te versoek om enige spesifieke probleem wat hulle moontlik ervaar, te beskryf. Die begeleier kom met 'n reeks rigtinggewende vrae wat die groep met die behandelingsidees na vore laat kom. Groeplede word versoek om met voorstelle te kom as byvoegings tot die agenda, sowel as om die stand van sake sedert die laaste sessie met mekaar te deel (Meichenbaum, 1997:319). Dit is belangrik om op die huidige eerder as op 'n hervertelling van die posttraumatiese ervaring te fokus. Daar moet in gedagte gehou word dat die verlede nie weggeneem kan word nie, maar dat daar beheer wel uitgeoefen kan word oor die hede en die toekoms (Meichenbaum, 1997:320). Elke sessie het 'n spesifieke tema (onderwerp). Spesifieke temas is geïdentifiseer na afloop van die voorondersoek en na aanleiding van die behoeftes wat die slagoffers self aangedui het. Hierdie spesifieke behoeftes is by die modules ingesluit en elke module bevat van hierdie onderwerpe. Daar is ruimte vir wysiging namate die program vorder, indien dit deur die groeplede self so aangedui word of deur die ontwikkeling van die groepwerkproses.

- **Aktiwiteite, oefeninge en huiswerk**

Sekere tegnieke en die inoefening van sekere probleemoplossende gedrag word toegepas. Hierdie inoefening sal as huiswerk vir die groep dien. Die navorser hou die moontlikheid in gedagte dat groeplede by gevallewerk (individuele, gesins- en huweliksterapie) bykomend kan inskakel. Nadat die slagoffer vrede gemaak het met die traumatiese verlede, staar die verantwoordelikheid om 'n toekoms te skep die slagoffer in die gesig. Die slagoffer het gerou oor die ou self wat deur die trauma vernietig is en nou moet hy/sy 'n nuwe self opbou. Die slagoffer se taak is nou om homself/haarself te herposisioneer ten opsigte van verhoudings, oortuigings en geloof (Herman, 1992:196). Ruimte word gelaat vir die feit dat sodra die individu nie meer voel dat hy/sy deur die situasie beheer word nie, maar dat hy/sy in beheer van die situasie is, die individu hom/haar herverbind tot ander persone.

- **Aktiewe deelname aan besprekings**

Die fokus val op aktiewe deelname van die groeplede.

7.7.3 Grootte van die groep

Die grootte van die groep vir posttraumatiese stresversteuring varieer gewoonlik tussen ses en agt groeplede. Minder of meer groeplede kan die effektiwiteit van die groep beperk. Die aanbevole getal is gewoonlik tussen agt en tien lede (Meichenbaum, 1997:318). Yalom (Goodman & Weiss, 2000:53) noem dat traumagroepe uit 'n maksimum van agt groeplede bestaan. In die later stadiums van die groepsessies word die groepe gewoonlik kleiner as gevolg van die intensiteit van die werk wat weer die moontlikheid van mense wat onttrek, vergroot. Die navorser het met sewe persone gereël om hierdie groepsessies by te woon om binne die aanbeveling van Meichenbaum en Goodman en Weiss te val. Net vyf van die sewe persone het egter opgedaag.

7.7.4 Evaluering

Evaluering moet deurlopend plaasvind. Deur middel van die enkelstelsel is 'n meting voor, 'n meting na en 'n meting ses weke na die traumabegeleidingsprogram gedoen om vas te stel of die maatskaplike funksionering van die groeplede verbeter het (sien Hoofstuk 7, Uitdeelstuk 1, bladsy 312; Uitdeelstuk 16, bladsy 336; en Uitdeelstuk 17, bladsy 338).

7.8 DIE TEIKENSISTEME VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:63) beskou 'n teikensisteem as die "(p)ersone, groepe, en/of gemeenskap wat in belang van 'n kliëntsisteem beïnvloed moet word of verandering moet ondergaan om die doelwitte van maatskaplikewerkhulpverlening te bereik."

Slagoffers van plaasaanvalle moet individueel begeleiding ontvang voordat besluit kan word of hulle by 'n traumabegeleidingsprogram betrek kan word. Die begeleier moet met elke slagoffer die faktore wat tot die intensiteit van die traumabelewenis bydra, soos in Hoofstuk 4 bespreek, deurwerk en verken.

Die teikengroep van hierdie spesifieke program is slagoffers van plaasaanvalle. Elke slagoffer van 'n plaasaanval is 'n potensiële lid vir insluiting by die traumabegeleidingsprogram omdat enige individu wat getraumatiseer is, baat kan vind by die ondersteuning ten einde die reaksie op die traumatiese gebeurtenis te hanteer.

Tydens die onderhoud ter voorbereiding vir die groep (voorbereidingsfase van die verloop van groepwerk) en die vooröndersoek is vasgestel watter behoeftes die slagoffers van plaasaanvalle geïdentifiseer het as probleme wat hanteer moet word. Die navorser het ook vasgestel of die slagoffers bereid sou wees om by 'n traumabegeleidingsprogram in te skakel. Die omvang van die program is ook aan die slagoffers verduidelik. Die slagoffers is voorberei op die aard van die program, die duur daarvan, die tydsduur van elke sessie en die verwagtinge wat die hulpverlener van elke groeplid het. Elke voornemende groeplid ontvang ook oorsigtelike inligting met betrekking tot elke ander groeplid. In die verband is inligting soos naam en van, geografiese ligging, ouderdom, huwelikstaat, en die aard van die aanval bekend gemaak. Die navorser beskou dit as van belang dat elke voornemende groeplid voorberei moet wees op die moontlike uitwerking van hulle deelname aan die groep op mekaar en op hulleself.

Elke voornemende groeplid het ook 'n uitnodiging na en 'n program van die traumabegeleidingsprogram ontvang. Sestien respondente (47%) wat besoek is, het 'n behoefte daaraan getoon en was aanvanklik bereid om by 'n traumabegeleidingsprogram in te skakel. Die behoefte aan ondersteuning na traumatisering (ten spyte daarvan dat die slagoffers lank reeds aangeval is) kon dus hieruit afgelei word. Die slagoffers wat nie 'n behoefte daaraan gehad het om by die program in te skakel nie, noem dat die impak van hulle aanval minder ernstig was of dat hulle van mening is dat hulle nie sou baat vind by so 'n program nie. Hulle noem ook dat hulle bang is vir 'n negatiewe ontladingsessie soos waaraan hulle gewoond is wanneer die boere bymekaar kom. Sommige slagoffers wat ontken het dat hulle hulp nodig het en ander wat nie belang gestel het nie, was sekondêre slagoffers.

Omdat dit kenmerkend is van traumaslagoffers dat hulle die herbelewing van die traumatiese gebeurtenis vermy, is hierdie aspek tog in die voorbereidingsonderhoud vir die groep aangeraak sodat groeplede kon weet dat vermyding van die ervaring 'n normale reaksie op die traumatisering is en dat dit nie 'n rede is om uit die groep uitgesluit te word nie. 'n Getraumatiseerde persoon kan nie in die groep ingedwing word om sy/haar emosies met ander te deel nie, en daarom het die navorser die keuse vir insluiting by die groep aan die slagoffers self oorgelaat. Die slagoffers wat by die traumabegeleidingsprogram betrek is, toon nie noodwendig eenderse reaksies op die traumatiese gebeurtenisse nie. Die slagoffers verkeer ook nie almal in dieselfde fase van die herstelproses nie. Sommige het die effek van die traumatisering al beter verstaan en nader aan aanvaarding en aan die

hantering daarvan gekom. Die slagoffers wat by die traumabegeleidingsprogram inskakel, ervaar dus 'n verskeidenheid uiteenlopende emosies en het nie noodwendig in dieselfde omstandighede verkeer nie. Dit verhoog en bevestig die geslaagdheid van die program. Werk in by empiriese hoofstuk.

8. SAMEVATTING

Die sentrale doel van hulpverlening moet wees om die slagoffer met posttraumatiese stresreaksie te laat terugkeer tot die funksioneringsvlak wat hy/sy gehandhaaf het voordat die traumatiese gebeure plaasgevind het, maar met die besef dat die persoon nooit weer dieselfde sal wees as tóé nie. In die herstelproses van die slagoffer is dit belangrik om te onderskei tussen die stabiliseringsfase, herinnering en rou, herverbindingsfase, interpersoonlike verbintenisse en emosionele ervaringe.

Tydens die hulpverlening aan slagoffers na 'n traumatiese gebeurtenis moet slagoffergesentreerde en terapeutgesentreerde probleme oorbrug word. Hulpverleningstrategieë wat benut kan word tydens die hulpverlening aan slagoffers van plaasaanvalle is kortliks bespreek. Hierdie hulpverleningstrategieë sluit ontlonting, krisisintervensie, kognitiewe gedragsterapie, implosiewe terapie, sistematiese desensitering, dramaterapie, groepterapie, saamgestelde behandelingstrategieë, huweliks- en gesinsterapie, verlengdeblootstellingsterapie, kognitiewe prosesseringsteorie, seksuele disfunksionele terapie en logoterapie in. Die onderskeie strategieë wat bespreek is, toon ooreenkomste en duidelike oorvleuelings wat dit moontlik maak om dit in kombinasie met mekaar te gebruik.

Na aanleiding van die hulpverleningstrategieë wat hierbo bespreek is, het die navorser op 'n groepwerkprogram as hulpverleningsmetode besluit. Die einddoel van die hulpverlener is om die slagoffer te begelei om met die bronne tot sy/haar beskikking en met gekontroleerde blootstelling 'n punt van genesing te bereik.

HOOFSTUK 6

DIE EMPIRIESE DATA VAN DIE OPNAMEPROSEDURE RAKENDE PLAASAANVALLE

1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om die faktore wat die intensiteit van 'n traumatiese gebeurtenis aandui, soos wat dit geïdentifiseer is, te beskryf. In hierdie geval die van 'n plaasaanval. Veel meer faktore wat 'n invloed uitoefen op slagoffers se traumabelewenis bestaan as dié wat in die hoofstuk bespreek word, maar dit is nie moontlik om in hierdie navorsing aandag te skenk aan elke afsonderlike faktor nie. Die traumabelewenis van slagoffers word dikwels geïntensiveer deur geliefdes, familie, vriende, professionele persone en die gemeenskap, maar dit word nie effektief hanteer nie omdat hierdie persone nie oor die nodige kennis van en begrip vir die gevoelens van slagoffers van traumatiese gebeurtenisse beskik nie. Geen slagoffer moet meer pyn verduur as wat die aanval self meegebring het nie, en daarom is dit vir die vriende, familie, gemeenskap en hulpprofessies noodsaaklik om die slagoffers in hulle pyn by te staan en nie deur goedbedoelde woorde en/of dade hulle ontreddering verder te vererger nie.

Dikwels word daar so op die primêre slagoffer (die individu wat direk getraumatiseer is) gefokus dat die sekondêre slagoffers (geliefdes en die gemeenskap) se traumabelewenisse misgekyk word. Dit bring mee dat die sekondêre slagoffers wat "gesond" genoeg moet wees om as effektiewe ondersteuners van die primêre slagoffer op te tree, dan nie die nodige ondersteuning ontvang nie.

Die navorser het 'n skedule gebruik om data in te samel vir die ontwikkeling van 'n traumabegeleidingsprogram. 'n Literatuurstudie en ander vraelyste is nagevors om die gestruktureerde skedule te kon saamstel. Die skedule het beide kwalitatiewe en kwantitatiewe eienskappe (sien 6.1 en 6.2). Die skedule het die behoeftes, probleme en belewenisse wat slagoffers van plaasaanvalle ervaar, uitgewys (sien Bylae A). 'n Behoeftebepaling is dus met die 34 respondente gedoen en hierdie behoeftebepaling het as riglyn gedien vir die ontwikkeling van die traumabegeleidingsprogram. Vier en dertig persone, wat slagoffers van plaasaanvalle was, is uit die landbougemeenskap as respondente betrek. Van die respondente wat aan die ondersoek in Fase 1 deelgeneem het, is by die traumabegeleidingsprogram betrek. In die selektering van die groep is respondente betrek wat vrywillig by die groep wou inskakel en wat aangedui het dat hulle deur die plaasaanval getraumatiseer is. Hulle is vooraf daarop voorberei om die

programaanbieding oor ses sessies by te woon. 'n Niewaarskynlikheidstipe steekproef is in hierdie studie gebruik. Namate die ondersoek gevorder het, is tot die sneeubalsteekproeftrekking oorgegaan. Die navorser het met die nuutgeïdentifiseerde deelnemers in aanraking gekom, data is verkry, en hierdie groep is ook gevra om ander in die populasie te identifiseer.

In hierdie hoofstuk word die teorie en empiriese gegewens geïntegreer ten einde 'n beskrywing en uiteensetting van die verskillende aspekte van die traumabelewenis te kan bespreek.

2. INTENSITEIT VAN DIE TRAUMABELEWENIS: 'N OORSIG.

Die landsburgers van Suid-Afrika leef in tye waarin egskeiding, geweld, armoede, onsekerheid, angs en depressie die psige van elke Suid-Afrikaner in meerdere of mindere mate knou. Byna elke Suid-Afrikaner ly aan geestelike, liggaamlike en emosionele moegheid. Ons leef in een van die stresvolste lande ter wêreld, veral vanweë die hoë misdaadsyfer, en ons is nie toegerus om met hierdie tipe stres saam te leef nie. Die navorser kan nie anders nie as om die gevolgtrekking te maak dat ons hulpverlening nodig het. Plaasaanvalle is maar een van die oorsake van geestelike, liggaamlike en emosionele matheid.

'n Plaasaanval het 'n krisis tot gevolg in die lewens van die individue wat daarby betrokke was. Hicks (1996:15) beweer die volgende: "When a person encounters a traumatic experience, he becomes a wounded individual, and with all wounds there must be a time of healing". Die letsels wat plaasaanvalle meebring, kan as ontwrigtend ervaar word. Omdat hierdie trauma 'n verlies in gebalanseerde lewensfunksionering tot gevolg het, worstel slagoffers gewoonlik met gevoelens wat hulle nie altyd weet hoe om te hanteer nie. "Some people express their feelings through emotional outburst that clearly reveal how badly they have been hurt. Others may stuff the pain inside and deny its existence by minimizing the effects and going on with their lives as usual. Burying one's pain is unhealthy. The individual outwardly may continue to appear well but inwardly may never grow beyond the moment of the traumatic event. The result is being emotionally trapped in time, waiting for a psychic explosion that will eventually happen" (Hicks, 1996:3.) Dit is veral egmaats wat aandui dat hulle in die huwelik hulle gevoelens verskillend uitdruk. Hulle dui aan dat dit veral mans is wat nie oor die pyn van die trauma praat nie, die seer ontken en minimaliseer. Vrouens noem dat hulle mans hulle stil maak as hulle oor hulle emosies rondom die gebeure wil praat. Slagoffers glo dat die gesondheidsprobleme en finansiële probleme wat later volg, verband hou met die reaksies op die traumatiese gebeurtenis.

Om 'n slagoffer van 'n plaasaanval te wees en om geliefdes tydens 'n aanval te sien ly en sterf, het 'n traumatiese reaksie tot gevolg in die lewe van die betrokkenes. Die intensiteit van die traumatiese gebeurtenis het 'n sterk emosionele uitwerking op die slagoffer, sy/haar geliefdes en die gemeenskap. Peterson *et al.* (1991:6) teken die volgende prentjie. Hy sê: Wanneer daar iets gebeur wat die dwarsbalke van 'n konstruksie verwoes, moet herstelwerk gedoen word. Daarmee bedoel hy dat baie van die simptome van posttraumatiese stresversteuring weerspieëlings is van dit wat gebeur het. Die aanpassingsproses met betrekking tot die situasie sluit die verwerking van die nuwe data (trauma) in. Aanpassings (herstel) wat intree, word gemaak binne die interne struktuur van die realiteitsbewussyn van die persoon. Hy noem verder dat intrapsigiese organisasie (vorige konflikte en persoonlikheidspatrone) belangrik is vir die verstaan van die individu se eiesoortige variasie in sy simptome wat tydens die traumabelewenis manifesteer.

Om met 'n getraumatiseerde na 'n plaasaanval te werk, is kompleks. "Die mens is van nature self daartoe in staat om sy ewewig te bewaar, maar sommige persone vind dit moeiliker as ander" (Bezuidenhout, 1976:11). 'n Traumatiese gebeurtenis veroorsaak pyn en seer wat traumabegeleiding noodsaak. Traumabegeleiding, spesifiek gerig op slagoffers van plaasaanvalle, is 'n aspek waarvan min mense kennis dra. Dit is nodig om oor gespesialiseerde kennis te beskik om die slagoffer in die hantering van die traumatiese gebeure te begelei. Die literatuur bevat baie min inligting rakende traumabegeleiding aan slagoffers van plaasaanvalle asook min inligting aangaande slagoffers van geweldmisdaad. Waardevolle kennis kan daarom slegs bekom word deur die individu wat in trauma verkeer, te bestudeer, 'n evaluasie te maak en ook te bepaal watter traumabegeleidingsprogram en -tegnieke aangewend moet word om hulp te verleen.

3. GESLAG

Volgens Moolman (1998:1) is mans meer kwetsbaar as vroue om slagoffers van plaasaanvalle te word. Tydens die ondersoek wat die navorser uitgevoer het, is meer vroue egter as mans betrek. Dit was nie 'n beplande strategie nie. Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar in die aanvalle primêr op die man (boer) gekonsentreer word. Dit is ook die mans wat tydens aanvalle erg aangerand en gemartel word. Met die invul van die onderhoudskedules is aangedui dat twee mans en 'n vrou tydens die plaasaanvalle gedood is. Die moorde het met marteling en uiterste brutaliteit gepaard gegaan. Waar slagoffers lewensbedreigende ervaringe gehad het, is hulle oor die algemeen daarvan oortuig, ongeag van wat die bevindinge van die SAPD is, dat die aanvallers se motief in die eerste instansie was om hulle te vermoor.

Huweliksmaats het verskillende style in die hantering van verliese. Elke eglied se agtergrond word gevorm deur sy/haar geslag, persoonlikhede, gesin van oorsprong, en kulturele agtergrond. Een huweliksmaat kon al voorheen 'n groot verlies ervaar het terwyl dit die ander eglied se eerste blootstelling is (Talbot, 2002:114). Huweliksmaats (hetsy een of albei wat die trauma direk beleef het) verwerk nie die traumabelewing op eenderse wyses nie. Tydens traumatiese gebeurtenisse heg die egmaats verskillende inhoude aan die gebeure wat tot gevolg het dat hulle verskillend op die gebeurtenis reageer. Hulle bied dus nie aan mekaar die nodige ondersteuning nie. Dit kan tot gevolg hê dat huweliksmaats mekaar nie altyd in hulle onderskeie hanteringsprosesse van die traumatiese gebeurtenisse begryp nie. Die egpaar verkeer in dieselfde omstandighede en ervaar dikwels dieselfde behoeftes, en tog beleef en verwerk hulle die traumatiese gebeure verskillend. Hulle ervaar nie altyd begrip vir mekaar in die ondersteuning wat hulle aan mekaar bied nie.

Met die invul van die onderhoudskedule blyk dit dat mans en vroue ook verskil ten opsigte van die uiting van emosies. In die onderhoude was dit die vroue wat emosies gedeel het en toekomstige probleme, wat moontlik sou kon opduik, bespreek het. Vroue beskryf die aanvalle in detail en skryf ook met gemak hulle gevoelens tydens die invul van die onderhoudskedules neer. Sodra van die mans hierdie oop vrae moes beantwoord, het hulle hulle eggenotes of die navorser gevra om die skedule verder in te vul. Dit blyk vir mans moeilik te wees om hulle gevoelens te kommunikeer. In sommige gevalle keer die mans die vroue om hulle emosies bloot te lê.

Dit is ook waargeneem dat kinders hulle ouers keer om hulle emosies bloot te lê. Vir die navorser is dit duidelik dat die kommunikering van intense emosies ongemak by die hoorders skep. Die hoorders weet nie altyd wat om met hierdie boodskappe te maak nie en hou nie daarvan om die eens sterk mens nou as 'n "swakkeling" te sien nie.

Ten spyte van hierdie waarneming het huweliksmaats waardering teenoor mekaar uitgespreek vir ondersteuning wat wel gebied is. Dit laat verder die vrae onstaan: In watter mate het die mans die traumabelewing van die aanval verwerk en hanteer? In watter mate bied huweliksmaats effektiewe ondersteuning aan en begrip vir mekaar? Dra die mate van ondersteuning by tot die verwerking van die trauma? Die navorser kan dus die stelling maak dat mans en vroue traumatiese gebeurtenisse verskillend beleef en hanteer. Huweliksmaats is afhanklik van mekaar vir ondersteuning en hulle hunker na innerlike ondersteuning van mekaar omdat beide gevoelens van ongemak, onsekerheid en seer ervaar. Hulle het dus 'n behoefte daaraan om begrip en

ondersteuning van mekaar te ontvang. Nie al die respondente was getroud nie. Die terugvoer tydens die voltooiing van die onderhoudskedule het die voorafgaande bekend gemaak.

Die volgende sirkeldiagram dui die geslag van die respondente in die ondersoek aan:



Sirkeldiagram1: Geslag van die respondente (N=34)

Agtien respondente (53%) was vroue en 16 respondente (47%) was mans.

4. HUIDIGE OUDERDOM VAN DIE SLAGOFFERS

Die kwetsbaarheid van individue speel 'n belangrike rol by plaasaanvalle (Moolman, 1998:3). Daarom is veral ouer persone die slagoffers van plaasaanvalle (Haefele, 1998:12; Moolman, 1998:3). Moolman (1998:2) noem dat in 1997 40% van die slagoffers 60 jaar en ouer was. Hierdie ondersoek het beslis ook ouer persone as die teikenslagoffers uitgewys.

Geen navorsing is nog gedoen oor die invloed wat ouderdom op die slagoffers van plaasaanvalle uitoefen nie. Die navorser wil nie die stelling dat respondente van 'n hoë ouderdom trauma meer intens ervaar as jonger respondente bevestig of verwerp nie. Respondente van verskillende ouderdomme se hanteringsproses verskil wel in intensiteit, maar die ouderdom is nie 'n enkele bepalende faktor nie. Uit die navorsingsondersoek is dit veral ouer respondente wat die volgende kommunikeer:

- "Hierdie ding het my ouer gemaak as wat ek is."
- "My gesondheid het baie verander. Voor die gebeurtenis was ek gesond! Maar nou …"
- "Die lewe is nou vir my 'n worstelstryd."
- "'n Mens voel soms jy het jouself verloor net om van jou innerlike droefheid ontslae te raak."

Uit die navorsing blyk dit dat die ouer respondente meer intense gevoelens van skaamte as gevolg van betasting en verkragting ervaar het. Ouer persone het makliker oor hulle emosies gekommunikeer as die jonger persone. Ouderdom is wel 'n bepalende faktor, maar die omstandighede met betrekking tot die traumatiese gebeurtenis, speel net so 'n groot rol by die belewenis en hantering van die onderskeie slagoffers. Die ouderdom van die slagoffers ten tye van die aanval is slegs 'n enkele faktor wat die intensiteit van die traumabelewenis bepaal. Onderstaande staafdiagram 1 toon dat die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep wissel van jonger as dertig tot en met die groep 60 tot 69 jaar. Die ouderdomsverspreiding lyk soos volg: Nege respondente jonger as 30 jaar (26,47%), 4 respondente 30 tot 39 jaar (11,76%), 3 respondente 40 tot 49 jaar (8,82%), 1 respondent 50 tot 59 jaar (2.94%), 13 respondente 60 tot 69 jaar (38,24%), 4 respondente 70 tot 79 jaar (11,76%), geen respondente 80 tot 89 jaar (0%) nie. Geen respondente 90 jaar en ouer (0%) is in die ondersoek betrek nie. Dertien respondente van die ouderdom 60 tot 69 jaar (38,23%) is die sterkste verteenwoordig en geen verteenwoordiging het voorgekom by die ouderdomsgroep 80 tot 89 jaar (0%) en ouderdomsgroep 90 jaar en ouer (0%). Die gemiddelde ouderdomsgroep lê tussen 50 tot 59 jaar. Omdat intervalle benut is, is bevind dat ouer persone die slagoffers van plaasaanvalle is. Hierdie navorsingsondersoek bevestig die aanname in die literatuur (sien Hoofstuk 3) dat ouer persone gewoonlik die slagoffers van plaasaanvalle is. 'n Staafdiagram om die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep aan te dui volg:



Staafdiagram 1: Ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep (N=34)

5. VERWANTSKAP TOT SLAGOFFER VAN PLAASAANVAL

Die verwantskap tot die slagoffer van 'n plaasaanval is in die volgende tabel aangedui:

Tabel 3: Verwantskap tot slagoffer van 'n plaasaanval (N=34)

	VERWANTSKAP	JA	NEE	TOTAAL
1	EK SELF WAS DIE SLAGOFFER	18 (52.94%)	16 (47,06%)	34 (100%)
2	SLAGOFFER SE VROU/MAN/ KIND	20 (58.82%)	14 (41,18%)	34 (100%)
3	SLAGOFFER SE OUER	2 (5,88%)	32 (94,12%)	34 (100%)
4	SLAGOFFER SE FAMILIELID	3 (8,82%)	31 (91.18%)	34 (100%)
5	SLAGOFFER SE VRIEND	1 (2,94%)	33 (97.06%)	34 (100%)
6	SLAGOFFER SE WERKNEMER	1 (2,94%)	33 (97,06%)	34 (100%)

Die moontlikheid bestaan dat die respondente met die invul van hierdie vraag hulle verwantskap tot die slagoffer van die plaasaanval by meer as een van die moontlikhede kon aandui. Waar twee huweliksmaats byvoorbeeld slagoffers was, sou die respondent by kategorieë 1 en 2 'n kruisie kon trek.

Agtien (52,94%) van die respondente was self die slagoffers van plaasaanvalle (direk getraumatiseer), terwyl 20 (58,82 %) respondente wat die onderhoudskedule ingevul het die slagoffer se vrou, man of kind was. Twintig van die sekondêre slagoffers het saam met die primêre slagoffers gewoon.

Uit die onderhoudskedule blyk dit duidelik dat in 5 plaasaanvalle beide huweliksmaats aangeval is. In 1 plaasaanval waar twee egpare en 1 kind aangeval is, sterf die 2 mans. In 1 plaasaanval is 'n ma en dogter aangeval. In 3 plaasaanvalle is 1 van die 2 huweliksmaats (die mans) aangeval waarvan 1 man vermoor is. In 2 plaasaanvalle is ook 1 van die 2 huweliksmaats (die vroue) aangeval. In 1 plaasaanval is 2 sekondêre slagoffers se moeders vermoor. Een enkellopende respondent is 2 keer aangeval. Die volgende ander sekondêre slagoffers het die onderhoudskedules ingevul, naamlik: 3 familielede; 1 werknemer; 1 vriend en 6 kinders uit 3 plaasaanvalle waartydens hulle ouers die slagoffers was. Ten opsigte van die primêre slagoffers van die plaasaanvalle het al die respondente ten tye van die aanval op die plase gewoon of op plase besoek afgelê. Die sekondêre slagoffers was nie noodwendig tydens die aanval op die plase nie en het ook nie noodwendig die plaasaanval direk meegemaak nie.

6. OPVOEDINGSPEIL

Die ondersoek het nie aangedui of die opvoedingspeil van die slagoffers 'n invloed op die intensiteit van die traumabelewing uitoefen nie. Die navorser kon geen onderskeid tref tussen die slagoffers wat oor 'n hoër onderwyspeil beskik en diegene met 'n laer onderwyspeil in die verwerking van die traumatiese gebeurtenis nie. Die meeste respondente het reeds voor die aanval persoonlike beveiliging aangebring gehad. Geeneen het verwag dat hulle getraumatiseer sou word nie. Een respondent het 'n album saamgestel en haar verhaal neer geskryf in 'n poging om ander slagoffers te kan help. Die skryf van haar verhaal hou vir haar terapeutiese waarde in omdat sy ontlading daarin vind en so die sin uit die gebeure kan soek. Dit is vir sommige van die slagoffers moeilik om die feit te verwerk dat hulle, ten spyte van goeie beveiliging, aangeval is. Respondente kommunikeer dat dit beter is om oorsee te gaan bly. Verskeie slagoffers worstel met die regstelsel wat "korrup" is en dat die land se politiek 'n klimaat van diskriminasie teen die boeregemeenskap skep. Kinders worstel met 'n toekoms en 'n droom in Suid-Afrika.

'n Staafdiagram om die opvoedkundige kwalifikasies van die ondersoekgroep aan te toon, volg:



Staafdiagram 2: Opvoedingspeil van die ondersoekgroep (N=34)

Uit die staafdiagram blyk dit duidelik dat 12 (35,29%) van die ondersoekgroep standerd 10 as hoogste kwalifikasie aangedui het; 5 respondente (14.71%) beskik oor 'n naskoolse diploma; 5 respondente (14,71%) oor beroepskwalifikasies; 4 respondente (11,76%) nagraadse kwalifikasies; 4 respondente (11.76%) laer as standerd 10; 3 respondente (8,82%) 'n graad; en 1

respondent (2,94%) ander kwalifikasies. Die meerderheid respondente (18) het na matriek verdere opleiding ontvang.

7. HUISTAAL

Al die respondente (100%) wat by die ondersoekgroep betrek is, het tydens die ondersoek Afrikaans as kommunikasiemedium gebruik. Twee en dertig respondente (94,12%) se huistaal is Afrikaans, 1 respondent (2,94%) se huistaal is Engels en 1 respondent (2,94%) se huistaal Duits. 'n Sirkeldiagram om die taalverspreiding van die ondersoekgroep aan te dui, volg:



Sirkeldiagram 2: Huistaalverspreiding van die ondersoekgroep (N=34)

8. HUIDIGE BEROEP

Die navorser is van mening dat die aard van die beroep en die beroepsomgewing waarbinne die respondente werksaam is, 'n groot invloed uitoefen op die belewenis en hantering van traumatiese ervarings. Die respondente wat aandui dat hulle boere is, beskou hulleself (as gevolg van die aard van hulle werk) as ideale teikens vir misdaad – spesifiek 'n risiko vir plaasaanvalle. Hierdie respondente ervaar dat die aanvalle polities gekleur is, dat die beveiliging van die land opgeskerp moet word, dat finansiële eise hoër is weens persoonlike beveiliging, dat finansiële verliese groot is as gevolg van plaasaanvalle en veediefstalle, dat rassisme teen blankes heers en dat wantroue in werknemers voorkom, wat alles saam onsekerheid skep, naamlik oor wie om te vertrou en wie nie.

Hierdie faktore strem die boer en sy gesin se daaglikse funksionering, en dit het ook 'n impak op die gesin se emosionele en fisiese gesondheid. Boere en hulle gesinne is konstant onderliggend gespanne, kry selde goeie nagrus en voel oral waar hulle op hulle plase beweeg onveilig. Honde blaf snags en veediefstalle vind gereeld plaas. Dit lei tot swak konsentrasie en chroniese moegheid. 'n Boer het nie daaglikse interaksie met kollegas nie omdat hy nie van sy huis na byvoorbeeld 'n kantoor wegry nie en daarom is hy ook nie blootgestel aan ander individue nie. Dit lei tot geïsoleerdheid en word verder verskerp deur die feit dat die boer ook nie saans sy grond durf verlaat nie. Die boer neem hoofsaaklik persone van ander kulture in diens en word daarom konstant gekonfronteer deur kultuurverskille en dus ook isolasie. Na 'n plaasaanval kan die slagoffers nie ontvlugting van die pynlike situasie soek nie. Hulle verwag dat so iets weer sal gebeur. Die volgende staafdiagram dui die beroepsverspreiding van die ondersoekgroep aan:



Staafdiagram 3: Beroepsverspreiding van ondersoekgroep (N=34)

Elf respondente (32,35%) is voltydse boere, terwyl 11 respondente (32,35%) ook ander beroepe beoefen. Sewe van die respondente (20,59%) was tuisteskeppers, 3 pensioenarisse (8,82%), 1 'n deeltydse boer (2,94%) en 1 'n plaasbestuurder (2,94%). Geen plaaswerkers, werkloses of huiswerkers het deel van hierdie ondersoek uitgemaak nie.

9. HUWELIKSTATUS

Brown & Harris (soos aangehaal deur Crowe en Ridley, 2000:20-21) neom dat " … life events …….. place additional strain on couples. Life events are often unexpected adding layers of strain and tension." Die navorser is van mening dat veral die huweliksverhouding baie kwetsbaar

is na die ervaring van 'n traumatiese gebeurtenis. Die hantering van 'n traumatiese gebeurtenis het beslis 'n invloed op die verhouding van die huweliksmaats. Soms kan dit so negatief wees dat dit aanleiding kan gee tot huwelikspanning en selfs 'n egskeiding, en soms so positief dat dit 'n huweliksverhouding kan versterk. Die mate waarin 'n traumatiese ervaring die huweliksverhouding beïnvloed, hang af van die kwaliteit van die huwelik voor die traumatiese gebeurtenis. Huweliksmaats is potensieel mekaar se beste ondersteuningsbronne, omdat hulle dieselfde verlies ervaar en in 'n mate soortgelyke emosies behoort te ervaar. In hierdie navorsingsondersoek is die waardering vir en behoefte aan die ondersteuning van die respondente (huweliksmaats) duidelik sigbaar. Soos reeds bespreek, speel die verskil tussen die twee geslagte ten opsigte van 'n belangrike rol by traumabelewing, soms in so 'n mate dat die wedersydse begrip en ondersteuning tussen die huwelikmaats benadeel word. Die navorser is van mening dat die aard en gevolge van die aanval 'n groot invloed uitoefen op die huweliksgeluk na die traumatiese gebeurtenis. Die navorser verwys na die volgende voorbeelde:

- 'n Respondent noem dat hy emosioneel seer het omdat sy vrou nou sieklik is na die aanval. Hy sê verder: "Sy was my emosionele steunpilaar en nou kan sy niks vir my doen nie."
- 'n Respondent reageer dat daar na die aanval op en verkragting van sy vrou "gedeeltelike verdeeldheid", "nie samehorigheid", en "belangeloosheid" gekom het en dat hulle toekomsbeplanning skade ly.

Die volgende tabel dui die huwelikstatus van die ondersoekgroep (slagoffers van plaasaanvalle) soos volg aan:

Tabel 4: Huwelikstatus van die ondersoekgroep (N=34)

HUWELIKSTATUS	AANTAL RESPONDENTE (FREKWENSIE)	PERSENTASIE RESPONDENTE
GETROUD	26	76,47%
NOOIT GETROUD	4	11,77%
WEDUWEE/WEWENAAR	2	5,88%
GESKEI	2	5,88%
WOON SAAM	0	0%
TOTAAL	34	100%

Tydens die ondersoek het die navorser 26 getroude respondente betrek. Vier respondente was nooit getroud nie, 2 respondente is weduwees wat hulle huweliksmaats tydens die aanval aan die dood afgestaan het en 2 twee slagoffers is geskei.

Die aantal jare wat die huweliksmaats getroud was, is nie nagevors nie. Die graad van spanning in die huweliksverhoudings na die traumatiese gebeurtenisse is ook nie ondersoek nie. Die moontlikheid dat die traumatiese gebeurtenis die huweliksgeluk vertroebel het, is nie deur die navorser ondersoek nie. Twee respondente (1 egpaar) dui aan dat die traumatiese gebeurtenis bygedra het tot die huwelikspanning wat hulle tans ervaar. Nog twee respondente dui aan dat hulle huweliksverhouding tog dramaties verander het na die aanval. Mans en vroue kommunikeer die traumatiese gebeure verskillend en hierdie verskillende emosionele verwerking van die traumatiese gebeurtenisse dra by tot huwelikspanning. Hierdie bevinding sluit aan by Fourie (1996:126) se navorsing waarin ook bevind is dat "... die verskil tussen die twee geslagte... 'n belangrike rol speel by die belewenis van verlies, soms in so 'n mate dat die wedersydse begrip en ondersteuning tussen die partye belemmer kan word."

10. AANTAL KINDERS

Die volgende sirkeldiagram dui die aantal kinders in die gesinne aan:



Sirkeldiagram 3: Aantal kinders (N=34)

Nege (25%) respondente dui aan dat hulle geen kinders het nie, 4 (12%) repondente het elkeen 1 kind, 4 (12%) repondente het elkeen 2 kinders, 6 (18%) respondente het elkeen 3 kinders, 8 (24%) respondente het elkeen 4 kinders en 3 (9%) respondente het elkeen 5 en meer kinders. Geen kinders is tydens die aanvalle oorlede nie. Een egpaar (2 respondente) dui wel aan dat hulle vroeër 'n kind aan die dood afgestaan het. Die plaasaanval was volgens hulle net nog 'n traumatiese gebeurtenis wat tot hulle lewe toegevoeg is. Die plaasaanval het ook weer die seer en rou oor hulle afgestorwe kind na die oppervlak gebring.

11. KERKVERBAND/GELOOFSOORTUIGING

Geloof oefen 'n invloed uit op die getraumatiseerde se houding teenoor die negatiewe gebeurtenis, asook op die individu se hanteringsmeganismes. Enige groot krisis kan potensieel geloofsgroei bring. Gelowiges glo dat God in elke mens se droefheid en pyn deel. In die diepste pyn en verlies en woede en verwardheid is Hy altyd met ons. Elke mens het die reg om bedroef te voel, ongeag hoe sterk jou geloof is. "…. (H)oewel niemand lyding verkies nie, is dit 'n onvermydelike middel (kanaal) waardeur God sy Goddelike doel bereik." (Louis Caldwell soos aangehaal deur Hugo, 1998:11.) "Rampspoed word dan 'n werktuig in God se meesterplan met jou lewe." (Hugo, 1998:11.) Die navorser is dus van mening dat geloof, watter vorm dit ook al aanneem, 'n invloed uitoefen op die mens se reaksie op verandering, en op die verlies wat 'n traumatiese gebeurtenis meebring. Die respondente wat betrek is, is lidmate van verskillende denominasies. Tabel 3 sit dit duidelik uiteen:

Tabel 5: Kerkverband van respondente (N=34)

NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK	11	32,35%
AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK	10	29,41%
GEREFORMEERDE KERK	4	11,77%
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK	4	11,77%
APOSTOLIESE GELOOFSENDING	2	5,88%
HATFIELD BAPTISTE KERK	2	5,88%
LUTHERSE KERK	1	2,94%
GRIEKS-ORTODOKSE KERK	0	0%
JEHOVA GETUIE	0	0%
JOODSE GELOOF	0	0%
MOSLEM	0	0%
METODISTE KERK	0	0%
BAPTISTE KERK	0	0%
AFRICAN INDEPENDENT CHURCHES	0	0%
PINKSTER PROTESTANTSE KERK	0	0%
PRESBITERIAANSE KERK	0	0%
ROOMS-KATOLIEKE KERK	0	0%
SEWEDAG ADVENTISTE KERK	0	0%
VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK	0	0%
VOLLE EVANGELIE KERK	0	0%
ZION CHRISTIAN CHURCH	0	0%
GEEN KERK	0	0%
ANGLIKAANSE KERK	0	0%
TOTAAL	34	100%

Tydens die invul van die onderhoudskedule het die onderhoud grotendeels vanuit 'n Christelike geloofsoortuiging geskied. Die respondente hanteer die verwerking van hulle traumatiese gebeurtenis dan ook vanuit 'n Christelike perspektief. Die respondente kommunikeer hulle dankbaarheid teenoor God vir die wete dat hulle ten tye van die aanval nie alleen was nie, en dat God se genade en Sy krag vir hulle kalmte gebring het om die aanval te kon hanteer. Daar heers nog steeds na die aanvalle 'n bewustheid van God se teenwoordigheid, Sy genade, krag en vertroosting. God se teenwoordigheid in die seerkry, swaarkry en pyn van die slagoffers, asook die teenwoordigheid van die geloofsgemeenskap, kom duidelik na vore in die volgende aanhalings van respondente:

- "Ek het ondersteuning van 'n groepie vrouelidmate gekry na die gebeurtenis in die vorm van gebedsgroepies."
- "Die Here het 'n kalmte oor my gebring tydens die aanval."
- "As dit nie vir Hom was nie, sou ek nie daardeur gekom het nie."
- 'n Aantal slagoffers noem dat hulle predikant hulle kort na die aanval eenmalig besoek het.
- "... ek het gereelde en deurlopende onderskraging van die pastoor se vrou gekry."

Respondente kommunikeer ook hulle waardering en dankbaarheid teenoor die predikant/pastoor en medegelowiges, maar noem dat hulle ongemak waargeneem het by gemeentelede en dat hulle ervaar dat hulle doelbewus vermy word. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat 'n groot stuk onkunde by gemeentelede bestaan ten opsigte van die hantering van 'n persoon wat deur 'n traumatiese ervaring worstel. Slagoffers spreek 'n behoefte uit aan gesprekvoering met en die belangstelling van ander.

Die navorser het nie die uitwerking en rol van die traumatiese ervaring op die geestelike lewe ondersoek nie. Tog is dit duidelik dat die traumatiese gebeurtenis 'n positiewe rol speel by die slagoffers se geestelike lewe. Slagoffers getuig van gebed tydens die aanval waar hulle innerlike krag van God vra om die aanval te kan hanteer. So getuig die slagoffers ook dat hulle tydens die aanval ten spyte van marteling en lewensbedreigende ervaringe innerlike kalmte gekry het om die situasie te kon hanteer. Slagoffers spreek ook hulle dankbaarheid teenoor God uit omdat hulle lewens gespaar is.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die respondente se geestelike lewe deur die traumatiese gebeure beïnvloed is en dat die traumatiese gebeure oor die algemeen 'n positiewe rol by die slagoffers se geestelike en kerklike inskakeling speel.

12. AARD VAN DIE PLAASAANVAL

12.1 HOE LANK GELEDE HIERDIE GEBEURE PLAASGEVIND HET

Tyd neem nie die herinneringe aan 'n traumatiese belewenis weg nie. Die volgende staafdiagram dui aan hoe lank gelede die gebeure plaasgevind het:



Staafdiagram 4: Tydsverloop na die aanval (N=34)

Drie respondente (8,82%) dui aan dat hulle minder as 'n maand gelede aangeval is; 9 respondente (26,47%) een tot ses maande gelede; 2 respondente (5,88%) sewe maande tot een jaar gelede; 11 respondente (32,35%) een tot twee jaar gelede; 3 respondente (8,82%) twee tot drie jaar gelede; 4 respondente (11,76%) drie tot vier jaar gelede; geen respondente (0%) vier tot vyf jaar gelede nie; en twee respondente (5,88%) meer as vyf jaar gelede. Dit lyk dus asof die plaasaanvalle gemiddeld 1 jaar en 7 maande gelede plaasgevind het.

Een respondent was twee keer die slagoffer van 'n plaasaanval - drie tot vier jaar gelede. Die eerste keer (die aanvallers het geroof en respondent ingewag, maar hy het nie opgedaag nie) en twee tot drie jaar gelede die tweede keer (respondent is gyselaar gehou, aangerand en gemartel). Die respondent word ten tye van die invul van die onderhoudskedule steeds deur een van die aanvallers geteister. Die respondent kommunikeer ontevredenheid met die regstelsel omdat aanvallers om die een of ander rede volgens hom te gou vrygelaat word. Baie vrees en

onsekerheid bestaan ook as die aanvallers op parool vrygelaat word en dan terugkeer na hulle woonadres (wat dan die plaas is waarop hulle die aanval uitgevoer het).

12.2 DIE DUUR VAN DIE AANVAL

Boere, werkers en families is tydens plaasaanvalle gewoonlik vir lang rukke in aanhouding. In sommige gevalle hou die aanvallers die boer se vrou ure lank gevange terwyl hulle wag op die boer se aankoms om hom dan te vermoor (Haefele, 1998:11). Of die tydsduur van die aanval 'n rol speel by die intensiteit van die traumabelewing is nie ondersoek nie. Die duur van 'n traumatiese gebeurtenis blyk tog verband te hou met die intensiteit van die emosionele belewenis van die gebeurtenis. Hierdie gebeurtenisse is beide geestelik en fisies ervaar en dit vorm die basis van die getraumatiseerde se lewe. Die volgende staafdiagram dui die duur van die aanvalle aan:



Staafdiagram 5: Die duur van die aanval (N=33)

Elf respondente (33,33%) toon aan dat die aanval 15 minute geduur het; 8 respondente (24,24%) 30 minute; 6 respondente (18,18%) 45 minute; en 3 respondente (9,09%) een uur. Van die 5 respondente (15,15%) wat aangedui het dat die aanvalle meer as een uur geduur het, noem een respondent dat hy/sy 1 uur 45 minute aan die traumatiese gebeure blootgestel was en twee respondente dui aan dat hulle drie ure in aanhouding was. Een respondent het geen aanduiding gegee van hoe lank die aanval geduur het nie. Die plaasaanvalle het gemiddeld 38 minute geduur.

12.3 DIE AARD VAN DIE GEWELD

Aanvalle is uiters brutaal en gaan gepaard met marteling. Slagoffers word meestal gedood en gemartel ten aanskoue van ander gesinslede. Lyke word vermink, slagoffers word vasgebind voordat hulle vermoor word en vroue word verkrag. Die aanvallers wil die slagoffers nie net dood nie, maar wil hulle ook pyn toedien en vernedering en lyding bring. Moord blyk die norm te wees. (Moolman, 1998:2). Volgens Haefele (1998:12) is die aanvallers daarop ingestel om te moor. Die aanvalle in hierdie ondersoek het met geweld en brutaliteit gepaard gegaan. Slagoffers kommunikeer dat van die groepe aanvallers swart balaklawas dra. In een aanval het slegs een aanvaller 'n rooi balaklawa gedra terwyl sy makkers almal swartes gedra het. Vir die respondente was die aanvallers se identiteite in 'n mate deur die balaklawas verberg. Van die respondente reageer dat die marteling onnodig was. Vir die slagoffers was dit ook duidelik dat elke aanvaller sy besonderse opdrag en taak gehad het. Die respondente glo dat die aanvallers gekom het om hulle te vermoor.

As gevolg van bogenoemde vind die respondente dit moeilik om te glo dat die aanvalle nie met rassisme, politieke motiewe en met die doel om die boer van die plaas af te kry verband hou nie. Twee respondente (sekondêre slagoffers) het nie aangedui wat die aard van die geweld was nie. Uit die grafiese voorstelling wat volg, is dit duidelik dat die meeste respondente (26) aangedui het dat fisiese geweld deel van die aanval uitgemaak het. Tien respondente dui ook aan dat ook van ander geweld gebruik gemaak is, soos wurging en versmoring, brandstigting, rig van vuurwapen, skiet in 'n koeëlreën onvoorwaardelik op slagoffers en verkragting.

Die navorser neem waar dat hierdie geweld hoofsaaklik fisies van aard is. Respondente is oortuig daarvan dat as hulle hulle sou verset, hulle gewelddadig doodgemaak sou gewees het. Van die respondente se mening is dat die motief van die aanvalle eintlik moord is. Die plaasaanvalle word gekenmerk deur lewensbedreigende situasies. 'n Respondent antwoord die volgende in die onderhoudskedule: "Die aanvaller word voorgesê wat om te doen. 'n Mens hoor van minder jonger mense wat aangeval word, my gevoel is dat dit lafhartig is en in hierdie geval dink ek dit was hul eerste roof of aanval wat hulle gedoen het. Dinge sal verbeter as die wet en orde reggestel word en die doodstraf weer ingestel word." Verbale geweld word beskryf as rassistiese slagspreuke wat uitgeskreeu is teenoor die slagoffer, veral teenoor die boer. Hulle wil hom doodmaak. Respondente beskryf die aard van geweld in die volgende lyndiagram soos volg:



Lyndiagram 1: Die aard van geweld (N=32)

Twee respondente wou geen aanduiding gee van die aard van geweld wat hulle ervaar het nie. Die aard van geweld is soos volg deur die navorser uit die onderhoudskedule aangehaal en opgesom:

- "Met handwapens aangehou, aangerand, beroof en vasgebind."
- Respondent is betas, gewurg, geskop en geslaan. "Hulle wou my verkrag en het my ontklee. Hulle het my toe betas en aanmerkings gemaak."
- "Was gewurg met 'n tou, geslaan in die gesig met 'n rewolwer, oor kop geslaan tot harsingskudding, op geslagsdele geskop, op ribbekas gespring ook op bo-arms om skouerontwrigting te veroorsaak. Op kop getrap en kop op vloer gestamp, op ore getrap en met growwe skoensole ore beseer, op my oë geskop, hande dood gebind by gewrigte."
- " …. soos wat jy verby die venster gehardloop het, het die koeëls deur die venster getrek."
- "… moeder geslaan, vader met mes doodgesteek, man geskiet en met mes vermoor."
- " … my man oorrompel deur twee aanvallers in die kombuis terwyl ek in die kamer was."
- "Vuurwapen teen kop gedruk en gedreig om te skiet, tweede aanvaller het met mes gestorm."
- "Een aanvaller het my met die agterkant van 'n pistool geslaan op my skouer."
- "Geslaan met behandelde paal –vasgedraai met baie dik draad."
- "Skuifdeur oopgeforseer … hond het my wakker gemaak. In portaal het vyf gewapende gemaskerdes my ingewag (een rooi masker). My dogter is wakker gemaak met pistool teen kop – hulle het geld, kluis se sleutels en ander waardevolle items geneem. Na ongeveer een uur het hulle voertuie, kluis en sleutels geneem. Op pad na die badkamer wou die tweede rower die lig aanskakel. In die donker het hy per abuis die noodknoppie gedruk. Die telefoon het vanaf sekuriteitsmaatskappy gelui. Hulle het die draad afgesny. Daarna lui die selfoon …

hulle rig pistool teen my kind se kop en sê sy moet mooi praat. Hulle was kwaad en het ons toegesluit en my dogter op haar skouer met die pistool gekap. Honde is met hondepille gevoer. Op een stadium van die aanval het een van die rowers aan sy belt gekarring - ek het my dogter gevra of sy aan hulle genoem het dat sy vigs het. Geen verkragting het plaasgevind nie."

- In een van die gevalle het die aanvallers 'n wapen op die vrou ook gerig. Die aanvallers vlug maar skiet nog steeds. Die man wond een van die aanvallers.
- In 'n ander geval het die egpaar van die kerk af gekom. Die skape was buite die kraal. Die man wou hulle injaag. Die vrou het 'n brood uit die kar gehaal. Drie aanvallers storm toe uit die motorhuis met wapens. Die vrou rig ook 'n pistool op hulle. Toe vlug die aanvallers, maar skiet eers die hond. Die honde is voor die aanval polonie gevoer. Die man vuur toe sommer deur die deur. Die aanvallers skiet toe ook. Die aanvallers het op die vlug geslaan. Die man wond een aanvaller wat op hom geskiet het. Die man is drie weke na die aanval gediagnoseer met blaaskanker. Medici op die toneel wou die vrou inspuit vir skok. Sy weier omdat hulle hande vuil is. Die dokter wou later deur die dag vir hulle iets gee, maar hulle het weer geweier. Die vrou is later gediagnoseer met longontsteking. Die vrou glo dat sy en die gewonde aanvaller saam by die X-straalafdeling was. Dit was 'n skok. Die onkoloog het vir die vrou gesê dat die man aggressiewe kanker het. Die gewasse is toe verwyder. Die een aanvaller is bekend aan die gesin.
- Daar was drie aanvallers. Die een het buite gewag. Die boer en sy vrou is vasgegryp en oor die kop geslaan met 'n rewolwer, geskop en vasgebind.
- "Ons is geslaan met 'n knopkierie, daarna het vuishoue en worsteling gevolg."
- "Geslaan met yster, stokke en rewolwer."
- Respondent skryf dat hy aangerand en aan die geslagsdele rondgeruk is om hom sodoende uit te skakel sodat hy geen selfverdediging kon toepas nie.
- 'n Ander persoon skryf dat hy geslaan is met 'n rewolwer, hout en ysters en hy is ook versmoor. Hy is fisies gebyt, geknyp en gedruk aan sy geslagsdele."
- "Stok geslaan, geskop, vuis geslaan, vasgebind met elektriese kabels, blou kolle, oopgekloofde kop."
- "Was in gesig geslaan met harde voorwerpe en deur fisiese houe. Klere van my lyf afgeruk. Bril van my gesig afgeslaan. Twee keer verkrag, in vleiskamer toegemaak met temperatuur van 4°C saam met twee ander persone."
- "Ek was weg van die plaas ten tye van die aanval. Ek het telefonies van my seun gehoor van die aanval op my vrou en met 'n privaat vliegtuig na Klerksdorp gevlieg."
- "My man is doodgeskiet."
- "Verwurg en verkrag."

- "Verkragting en fisiese geweld."
- "My pa is doodgeskiet - in sy keel."

13. VERLIESE

13.1 VERLIESE VOOR DIE PLAASAANVAL

Die navorser het in die empiriese navorsing nie op hierdie aspek gefokus nie. Vorige traumatiese ervarings wat deur die slagoffers ervaar is, kan beslis 'n invloed uitoefen op die hantering en verwerking van die traumatiese gebeurtenis. Waar geen vorige ervaring van ernstige traumatiese gebeurtenisse bestaan nie, kan die traumatiese ervaring so verpletterend wees dat dit die verlies van die slagoffers se hele leefwêreld insluit. Die slagoffers ervaar nie meer die omgewing waarin hulle leef as 'n veilige plek nie. Die ingrypende veranderinge wat die slagoffer beleef met betrekking tot sy/haar verhouding, gesinsamestelling en interaksie, dra verder daartoe by dat die intensiteit van die traumabelewing vererger. Voorbeelde van vorige verliese wat respondente ervaar het, is soos volg:

- 'n Respondent het ten tye van die invul van die onderhoudskedule reeds 'n tweede plaasaanval oorleef. 'n Mens sou dink dat hy voorbereid sou wees op die impak van wat die traumatisering van so 'n aanval behels. Tog is dit duidelik dat 'n mens nie voorbereid kan wees op herhaaldelike belewing van 'n traumatiese gebeurtenis nie.
- 'n Egpaar bespreek tydens die sessie hulle een kind se dood en 'n ander kind se egskeiding en hulle bekommernis oor hom na die aanval, omdat hy geensins oor enige van die gebeure praat nie.
- Een van die respondente het 'n egskeiding deurgemaak en twee weke na haar tweede huwelik is haar man en vader oorlede en sy, haar kind en moeder ernstig in 'n plaasaanval beseer.
- 'n Ander respondent se seun het verhuis. Die dogter is kort voor die aanval getroud en 'n paar dae na haar kind se huweliksluiting, pleeg haar alkoholisman selfmoord.
- 'n Ander egpaar deel die verlies van twee kinders en dié se gesinne wat na Amerika verhuis het.

13.2 VERLIESE AS GEVOLG VAN DIE PLAASAANVAL

Verliese wat gely is as gevolg van die plaasaanval word soos volg in die sirkeldiagram uiteengesit:



Sirkeldiagram 4: Verliese gely as gevolg van die aanval (N=84)

Die verliese as gevolg van die plaasaanvalle is soos volg: Twee en twintig respondente (26,19%) noem dat hulle besittings verloor het; 17 respondente (20,24%) emosionele gesondheid; 17 respondente (20,24%) sosiale verhoudings; 9 respondente (10,71%) fisiese gesondheid; 7 respondente (8,33%) gesinslede; 5 respondente (5,96%) ander verliese; 4 respondente (4,76%) werkers; 1 respondent (1,19%) ander familie; 1 respondent (1,19%) vriende en 1 respondent (1,19%) vaste eiendom. By hierdie vraag was dit moontlik dat respondente by meer as een van die kategorieë kon antwoord.

13.3 WIE TYDENS DIE AANVAL BESEER IS

Wie tydens die aanval beseer is, is in die volgende sirkeldiagram uiteengesit:



Sirkeldiagram 5: Individue beseer tydens die aanval (N=43)

Van die respondente wat hierdie vraag beantwoord het, kon in twee of meer kategorieë aangedui het wie tydens die aanval beseer is. Vyftien (34,88%) respondente is self in die aanval beseer, 13 (30,23%) huweliksmaats; 7 (16,28%) ander persone; 6 (13,95%) ander familie; 1 (2,33%) kind, 1 (2,33%) vriend en geen (0%) werkers nie.

13.4 WIE TYDENS DIE AANVAL DOOD IS

'n Uiteensetting van sterftes word in die volgende sirkeldiagram gegee:



Sirkeldiagram 6: Individue tydens die aanval dood (N=11)

Van die respondente wat hierdie vraag beantwoord het, kon in twee of meer kategorieë aangedui het wie tydens die aanval gedood is. Ses (54,55%) ander familie; 3 (27,27%) ander persone; 2

(18,18%) huweliksmaats; geen (0%) kinders nie; geen (0%) vriende nie en geen (0%) werkers nie is in die aanvalle gedood.

13.5 BESERINGS WAT RESPONDENTE IN DIE AANVAL OPGEDOEN HET

Die aard van beserings soos deur die respondente in die aanvalle opgedoen, is in die volgende tabel uiteengesit:

Tabel 6: Aard van beserings wat respondente in die aanval opgedoen het (N=33)

	AARD VAN BESERINGS	JA		NEE		TOTAAL
1	SLAAN	14	42,42%	19	57,58%	33 (100%)
2	VASGEBIND	10	30.30%	23	69,70%	33 (100%)
3	SKOP	9	27,27%	24	72,73%	33 (100%)
4	MARTEL	8	24,24%	25	75,76%	33 (100%)
5	SNYWONDE	4	12,12%	29	87,88%	33 (100%)
6	ANDER (SPESIFISEER)	3	9.09%	30	90,91%	33 (100%)
7	SKIETWONDE	0	0%	33	100%	33 (100%)
8	STEEKWONDE	0	0%	33	100%	33 (100%)

Van die respondente wat hierdie vraag beantwoord het, kon in twee of meer kategorieë aangedui het wat die aard van beserings is wat die respondente in die afsonderlike aanvalle opgedoen het. Veertien (42,42%) van die respondente het aangedui dat hulleself die slagoffers was en dat hulle geslaan is. Tien (30,30%) is vasgebind; 9 (27,27%) is geskop en 8 (24,24%) van die respondente is gemartel. Een respondent dui ook aan dat sy ore beskadig is en dat hy gewurg is. Een van die 34 respondente wou hierdie vraag nie invul nie. 'n Ander respondent noem dat haar heup gebreek en stuitjie gekraak is. Nog 'n respondent toon aan dat sy chroniese longprobleme ontwikkel het na die aanval en haar man kanker. Die respondente wat verkrag is, is onder die kategorie "ander" ingereken.

13.6 BESERINGS WAT ANDER PERSONE IN DIE AANVAL OPGEDOEN HET

Die beserings wat ander persone tydens die aanvalle opgedoen het, is in die volgende tabel uiteengesit:

Tabel 7: Aard van beserings wat ander persone in die aanval opgedoen het (N=34)

	AARD VAN BESERINGS	JA		NEE		TOTAAL
1	VASGEBIND	17	50%	17	50%	34 (100%)
2	SLAAN	16	47.06%	18	52,94%	34 (100%)
3	SKOP	13	38.24%	21	61,76%	34 (100%)
4	MARTEL	11	32,35%	23	67.65%	34 (100%)
5	ANDER (SPESIFISEER)	6	17,65%	28	82,35%	34 (100%)
6	SNYWONDE	5	14.71%	29	85,29%	34 (100%)
7	SKIETWONDE	5	14,71%	29	85,29%	34 (100%)
8	STEEKWONDE	3	8.82%	31	91.18%	34 (100%)

Van die respondente wat hierdie vraag beantwoord het, kon in twee of meer kategorieë aangedui het wat die aard van beserings is wat die ander persone in die aanvalle opgedoen het. Sewentien (50%) ander persone in die aanvalle is vasgebind, 16 (47,06%) persone is geslaan, 13 (38,24%) persone is geskop, 11 (32,35%) persone is gemartel, 6 (17,65%) persone het ander beserings opgedoen, 5 (14,71%) persone het snywonde, 5 (14,71%) persone het skietwonde en 3 (8,82%) persone het steekwonde in die aanvalle opgedoen.

13.7 ANDER VERLIESE AS GEVOLG VAN DIE AANVAL

Hier word onderskei tussen materiële, emosionele en fisies-liggaamlike verliese. Respondente noem die volgende ander verliese wat tydens die onderhoude deurgegee is:

13.7.1 Materiële verliese

- Goedere skade – Sluit in: Vuurwapens en ammunisie, selfone, geld, 'n horlosie, 'n bril, voertuie waarmee gevlug word, radio's.
- Moes werkers met afdankingsvoordele uitbetaal.
- Hoë mediese koste – dokters en medikasie.
- Hospitaalkoste –"R 300 000 tot dusver."
- Brandstigting.

13.7.2 Emosionele verliese

- "Geen vertroue meer nie, word gou kwaad."
- "My menseregte is geskend."

- "Na die aanval was ek die hele tyd bang, ek wonder wanneer die volgende aanval gaan plaasvind."
- "Aggressie, woede, vrees, al hierdie dinge het met my gebeur, dit het my menswees verander."
- "Angs, kan nie sosiaal verkeer met vriende buite ons erf nie."
- "Vrede is weg, lewensomstandighede binne my huis het verander."
- "Ons ontwyk ander."
- "Verlies van blyplek, trek weg. Niemand om boerdery oor te neem nie. Dit het 'n hele reeks emosionele verliese tot gevolg: diere moes verkoop word, het geen werkers meer nie."
- Verlies van ouerhuis.
- "Werkers is afgeskaal."

Respondente noem dat hulle veral vertroue verloor in swart persone. Hierdie wantroue kring verder uit na wantroue in hulle werknemers. Respondente noem ook dat hulle sosiale lewe tot stilstand gekom omdat hulle dit vermy om saans uit te gaan. Vir 'n respondent is die verlies van sy siek vrou wat sy emosionele steunpilaar was, 'n terugslag. 'n Ander respondent noem dat geheueverlies emosionele worsteling veroorsaak.

13.7.3 Fisies-liggaamlike verliese

- Sedertdien het een van die slagoffers chroniese longontsteking ontwikkel. Sy ly aan asma en moet van 'n suurstoftenk gebruik maak. Haar man het 'n hartstilstand gehad. Hy het ook lipkanker en blaaskanker, en moes sy tande chirurgies laat verwyder as gevolg van 'n gekraakte kakebeen. Voorts het hulle ook talle ander finansiële verliese gely.
- Nog 'n slagoffer ly aan hoë bloeddruk, hartkloppings en angssweet.
- 'n Slagoffer ly aan maagprobleme wat volgens die dokter met posttraumatiese stresversteuring verband hou.
- 'n Verkragting van 'n slagoffer het mediese behandeling en hospitalisasie tot gevolg gehad asook 'n invloed op haar en haar huweliksmaat se seksuele intimiteit.
- 'n Skietwond het tot gevolg gehad dat 'n slagoffer geval en dood gebloei het.

14. OORDRAG VAN DIE TRAUMATIESE GEBEURTENIS

Die navorser is van mening dat die wyse waarop die slagoffer se traumatisering die naasbestaandes bereik, 'n groot invloed uitoefen op die intensiteit van die traumabelewing, veral as die mate van skok wat met die tyding gepaard gaan in gedagte gehou word. Die tyding moet

so ver moontlik op 'n persoonlike wyse oorgedra word. Die persoon wat die tyding oordra, moet empaties met die sekondêre slagoffers kan optree.

Die volgende gee 'n aanduiding van hoe die respondente die tyding van die plaasaanval ontvang het:

- Met hulle aankoms op die plaas vir 'n Sondagmiddagkuiertjie word die respondent, haar man en kind deel van die aanval op haar ouers.
- Die respondent en sy seun kry sy moeder se lyk in haar tuin.
- Die respondent help haar gewonde man in die voertuig … hy sterf op pad na die dokter.

Die grootste persentasie respondente het die tyding persoonlik, dit wil sê van aangesig tot aangesig, van iemand ontvang. Die sekondêre slagoffers het die telefoniese oordra van die tyding as onpersoonlik ervaar en dit verhoog die intensiteit van die traumatiese ervaring. Die individue wat op die aanvalstoneel afkom, is ook deur die aanval getraumatiseer. Die persone wat die tyding ontvang, word ook deur die aanval geraak en kan ook getraumatiseer word. Vir die navorser is dit noodsaaklik dat die samelewing opgevoed moet word ten opsigte van traumatiese gebeure en die belewing daarvan, en ook ten opsigte van die empatiese oordrag van die traumatiese gebeure aan naasbestaandes.

15. DIE UITWERKING VAN DIE TRAUMA IN DIE ALGEMEEN

Deur te praat oor 'n traumatiese of stresvolle gebeurtenis kan bydra tot die psigologiese herstel van diegene wat emosioneel seergekry het (Raphael *et al.*, 1995:1479).

Die brutaliteit van die aanvalle kan tot gevolg hê dat van die slagoffers so erg getraumatiseer is, dat hulle nie in staat is om oor die aanval te praat nie. Hulle kan dan ook nie hulle samewerking gee ten opsigte van die ondersoek na die aanvallers nie (Beeld, 2000a:5). Dit is noodsaaklik dat individue kan bly kommunikeer en nie hulle verhoudings met 'n lewensmaat, familie of die samelewing afsny weens die pyn nie. Om oor al die seer te kan praat, dra daartoe by dat wonde skoongemaak word. In die volgende sirkeldiagram dui die respondente aan of hulle oor die gebeure kan praat of nie:

Sirkeldiagram 7: Praat moeilik oor die gebeure (N=32)

Ses en twintig (81,25%) respondente dui aan dat dit nie vir hulle moeilik is om oor die gebeure te praat nie, terwyl 6 (18,75%) respondente aandui dat dit moeilik is om oor die gebeurte te praat. Twee respondente wou nie aangedui of dit maklik of moeilik is om oor die gebeure te praat nie.

Respondente wat aangedui het dat dit moeilik is om oor die gebeure te praat, reageer soos volg:

- "Wil nie graag daaroor praat nie."
- Dit is moeilik om daaroor te praat: "Ek hou nie daarvan nie, dit voel vir my dit word gedramatiseer. Ek teer nie op sensasie nie. Dit is verby."
- " … ek dink mense sal my nie glo nie."
- "Dat die mense sal dink ek/ons soek bejammering."
- "Dit was moeilik aan die begin."
- "Dit herhaal alles van vooraf."

Respondente wat aangedui het dat dit nie moeilik is om oor die gebeure te praat nie, reageer soos volg:

- " … makliker verwerk as ek dit vertel…" - sy skryf ook 'n boek.
- "Beter om dit uit my gedagtes te kry."
- " …. aanvanklik moeilik, nou nie meer nie, vind ontlading daarin."
- "Nie meer moeilik … omdat jy meer en meer daaroor praat."
- "Dit was nie so erg vir my gewees nie."
- "Dit het gebeur en … 'n mens praat daaroor sodat jy jou medemens, boere kan waarsku en dat hulle op hulle hoede kan wees."
- "Ek ontlaai deur te praat, ek bied so ook geleentheid vir mense om met my te praat."

- "Dit is terapeuties om daaroor te praat."
- "Die ondersteuning van familie en vriende het dit makliker gemaak."
- "Ek glo dit help om baie daaroor te praat en dit te probeer uitpluis."
- "Omdat ek die aanvallers vergewe het en besluit het dat die gebeure nie die res van my lewe 'n negatiewe kleur aan my lewe mag gee nie."

Die volgende respondente het nie aangedui of dit moeilik of maklik is nie, maar reageer soos volg:

- "Herleef die gebeure."
- "As jy by die ontkenningsfase verby is, kan jy in breë trekke daaroor praat, maar om jou diepste gevoelens aan iemand te kommunikeer, bly baie moeilik."

16. RESPONDENTE SIEN/HOOR HOE DIE ANDER SLAGOFFER/S AANGEVAL WORD

Respondente dui in die volgende staafdiagram aan of hulle gesien/gehoor het hoe die ander slagoffer/s aangeval is:

Staafdiagram 6: Gesien/gehoor hoe die ander slagoffer/s aangeval is (N=30)

Twintig respondente (66.67%) dui aan dat hulle gesien/gehoor het hoe die ander slagoffer/s aangeval is. Tien (33,33%) respondente dui aan dat hulle nie gesien/gehoor het hoe die slagoffer/s aangeval is nie. Vier respondente het nie aangedui hoe die ander slagoffers aangeval is nie.

17. GEVOELENS WAT OP DIE VOORGROND STAAN WANNEER DAARAAN TERUGGEDINK WORD

Merwin en Smith-Kurtz (1988:57) noem dat slagoffers van geweld meer ervaar as " ... physical assault. Injuries are inflicted on the mental, emotional, and spiritual self, as well." Verdedigingsmeganismes tree gewoonlik in indien 'n individu uit 'n bepaalde situasie ontsnap of poog om dit te vermy. Tipiese gevoelsverdediging van slagoffers om uit die werklike, pynlike omstandighede na die aanval te kom, is soos volg:

- "Ek is nou baie meer op my hoede."
- "Ek ervaar erge woede (vasgekeerde), erge teleurstelling, soort van emosionele verlamming, magteloosheidsgevoel, sukkel om aangeleentheid te verwerk."
- "Vrees, angs, ons moet vlug, ontnugtering, ongeloof."
- " ... genade van Bo dat aanvallers ..... nie doodgeskiet het nie."
- "Teleurgesteld in myself omdat ek nie opgelet het na sekere dinge."
- "Jy kan niemand vertrou nie."
- "Eers was dit wraak."
- "Magteloos teen regstelsel, bang, vrees. Woede teen aanvallers in hof omdat hulle so arrogant was."
- "Ek mis net my pa ... Is soms kwaad vir die plaaswerkers (daar werk nog net een vir ons.) Ander een het bedank en 18 is afgeskaal. Hulle moes geweet het."

Dit is duidelik uit die aanhalings dat die oorheersende gevoelens woede, vernedering en vrees was. Ander emosies wat ervaar is, was dankbaarheid, teleurstelling, magteloosheid en hartseer.

18. UITWERKING VAN DIE TRAUMA OP DIE RESPONDENT

Die uitwerking van die trauma op die respondent is in die volgende tabel uiteengesit:

Tabel 8: Uitwerking van trauma (N=32)

UITWERKING	JA		NEE		TOTAAL
Woede	23	71,88%	9	28,13%	32(100%)
Magteloosheid	21	65,63%	11	34,38%	32(100%)
Angstigheid	17	53,13%	15	46,88%	32(100%)
Terugflitse	14	43,75%	18	56,25%	32(100%)
Isolasie	14	43,75%	18	56,25%	32(100%)
Depressiewe gemoedstoestand	12	37,50%	20	62,50%	32(100%)
Aggressie	12	37,50%	20	62,50%	32(100%)
Slaapsteurnisse	12	37,50%	20	62,50%	32(100%)
Drome	11	34,38%	21	65,63%	32(100%)
Nagmerries	11	34,38%	21	65,63%	32(100%)
Gesondheidsprobleme	10	31,25%	22	68,75%	32(100%)
Gevoel van doodsheid	10	31,25%	22	68,75%	32(100%)
Swak konsentrasie	10	31,25%	22	68,75%	32(100%)
Skuldgevoelens	8	25%	24	75%	32(100%)
Vermyding	6	18,75%	26	81,25%	32(100%)
Konflik	5	15,64%	27	84,38%	32(100%)
Nalatigheid	5	15,64%	27	84,38%	32(100%)
Ontkenning	4	12,50	28	87,5%	32(100%)
Skaamte	4	12,5%	28	87,5%	32(100%)
Eetversteurings	4	12,50	28	87,5%	32(100%)
Dwelmverslawing	2	6,25%	30	93,75%	32(100%)

Twee respondente (6,25%) het nie aangedui wat die uitwerking van die trauma op hulle was nie. Probleme soos woede-uitbarstings wat nie beheer kan word nie, kan by die individu voorkom (Peterson *et al.*, 1991:29). Woede word deur die meeste respondente (71,88%) ervaar, ongeag hoe lank gelede die plaasaanval plaasgevind het. Volgens McKay (1992:163) het langdurige woede 'n emosionele (verbale en fisiese aanranding, probleme met interpersoonlike verhoudinge, alleenheid en 'n verlies aan sosiale ondersteuning) en fisiologiese (hartsiektes, kanker, gastritus, colitis en dood) effek op die individu. Magteloosheid word deur 65,63% respondente en angstigheid deur 53,13% slagoffers ervaar. Ook hier het slagoffers magteloosheid en angstigheid ervaar ongeag hoe lank gelede die plaasaanval plaasgevind het. Terugflitse is deur 43,75% respondente en isolasie deur 43,75% respondente ervaar. Hier blyk dit dat isolasie en terugflitse tog in 'n geringe mate meer voorkom by respondente wat meer onlangs 'n plaasaanval deurleef het. Swak konsentrasie is deur 37,5% respondente ervaar, slaapsteurnisse is deur 37,5% respondente ervaar en 'n depressiewe gemoed is deur 37,5% respondente ervaar. 'n Depressiewe gemoedstoestand en slaapsteurnisse blyk tog in 'n mate voor te kom by respondente wat meer

onlangs 'n plaasaanval deurleef het. Aggressie kom by alle respondente voor, ongeag hoe lank gelede die plaasaanval plaasgevind het. Drome kom voor by 34,38% respondente en nagmerries kom voor by 34,38% respondente. Hier blyk dit dat die meeste respondente meer onlangs (tussen 0 en 2 jaar) 'n plaasaanval deurleef het. Gesondheidsprobleme word ervaar deur 31,23% respondente en 'n gevoel van doodsheid word ervaar deur 31,25% respondente wat meer onlangs (0 tot 2 jaar) 'n plaasaanval deurleef het.

Die kriteria vir die herkenning van 'n persoon wat die effek van trauma deurmaak, is dat hy/sy ten minste twee van die volgende ervaar: Oordrewe waaksaamheid, slaapstoornisse, skuldgevoelens, geheueverlies of konsentrasieprobleme, vermyding, en verskerping van die simptome weens blootstelling aan gebeure wat met die traumatiese gebeurtenis ooreenstem of simboliseer (Hicks, 1996:46-47; McCann, 1988:536; Winn, 1994:2). Emosionele pyn manifesteer liggaamlik en die individu kan moeg en depressief voel en sukkel om te slaap. Iewers sal die individu se liggaam hom/haar waarsku dat hy/sy emosioneel ongesond is. Ten opsigte hiervan maak die respondente die volgende voetnotas: " .... sedertdien gebruik ek kalmeerpille ..."; " ... gesondheidsprobleme ..."; " ... eetversteurings ..."; en "woede - ek het net goed gedoen." Respondente het op die vraag: "Het die traumatiese gebeurtenis enige ander uitwerking op u gehad wat nie bo gemeld is nie?" soos volg gereageer:

- Respondent worstel met 'n wrok. Hy sê: "Ek het nie meer geduld nie."
- "Ek sou graag wou weet wie dit was. Ons het goeie verhoudings met die werkers. Ons sou wou weet wie het ons so te na gekom."
- " ... 'n skoktoestand wat af en toe herhaal ..."
- "Woede vir rowers, nie alle swartes nie en nie teenoor plaaswerkers nie. Aanvanklik drome, maar net kort daarna nie meer nie. Alleen bly maak my magteloos. Ek is versigtiger."
- "Gedeeltelike verdeeldheid tussen my en my vrou."

19. WAT TYDENS DIE AANVAL GEBEUR HET

Wat onthou word van wat tydens die aanval gebeur het, is soos volg in die volgende staafdiagram uiteengesit:

Staafdiagram 7: Onthou wat tydens die aanval gebeur het (N=31)

Nege en twintig (93,55%) respondente noem dat hulle nog kan onthou wat tydens die aanval gebeur het. Slegs 2 (6,45%) respondente (1 sekondêre slagoffer en 1 primêre slagoffer wat vroeg in die aanval haar bewussyn verloor het) kan nie onthou wat tydens die aanval gebeur het nie. Drie sekondêre slagoffers wou nie die vraag beantwoord nie.

20. ERNSTIGE GEVOLGE VAN DIE TRAUMA

Ernstige gevolge wat die aanvalle vir sommige van die respondente meegebring het, is soos volg weergegee:

- "Onttrek van mense, het geen selfvertroue, (voel skaam). Vergeet wat om te doen."
- "Innerlike bedroefdheid, kort van geduld, raak gouer aggressief, worstel met vasgevangde woedes, erg sin verloor in baie daaglikse dinge."
- "Is bang om alleen te loop, veral in die donker. "Ek was altyd rustig gewees; nou is ek angsbevange. As ek alleen is, bly ek glad nie na 6 nm alleen nie."
- " …. moes my besigheid verkoop, was in rolstoel, moes trek, was te bang om alleen te bly, was altyd bang … "
- "Finansiële verliese. Mediese koste kan ons nie dra nie.'n Jaar en nege maande later en my vrou se oë, arm, tande, knieë, tandkake het nie die nodige mediese behandeling ontvang nie as gevolg van geen mediese fonds en omdat beserings ook weer later probleme maak. Nou het ons traumaversekering by die Landbou-unie uitgeneem."
- "Permanente longkwaal" toegeskryf aan trauma.
- "Mens skrik en jy sal nooit daardie gebeure vergeet nie. Jy kan jou toesluit maar as 'n skelm wil inkom, keer niks hom."

- Verhouding in huwelik het daaronder gely. "Nie samehorigheid, beplanning van die toekoms lei skade, belangeloosheid vererger."
- "Vertrou nie maklik nie, moes plaas na 29 jaar verlaat binne kort tydperk, moes iemand kry om aan te gaan met die boerdery, kinders en ek was onstabiel, studie het daaronder gely, moes in 'n stad gaan bly, boerderyprobleme, geldelike probleme - skuld en pakkette vir die werkers uitbetaal, vrees vir onsekerheid, groot probleme met die werkers wat weier om te trek – maak lewe moeilik vir die kinders op die plaas, aggressie van die werkers. Ek moes begin doen en besluite neem wat ek nog nooit gedoen het nie."
- "Die geweldige verlies omdat my skoonpa dood is, het egter ander veranderinge in ons lewens tot gevolg gehad. Ek vertrou ook baie moeiliker enige vreemdelinge."

21. DIE EFFEK VAN DIE TRAUMA OP DIE VERHOUDINGS VAN DIE RESPONDENT

Een respondent het nie die effek van die trauma op sy/haar verhoudings aangedui nie. Agtien respondente (54,55%) dui aan dat die trauma 'n effek op hulle verhouding met God het; 15 respondente (45,45%) noem dat die trauma 'n effek op hulle verhouding met hulleself het; 18 respondente (54,55%) noem dat die trauma 'n effek op hulle verhouding met hulle huweliksmaats het; 11 respondente (33,33%) sê trauma het 'n effek op hulle verhouding met hulle kind/ers; 10 respondente (30,30%) se verhoudings met hulle ander familie is deur die trauma geraak; 10 respondente (30,30%) se verhoudings met hulle vriende is geraak; 15 respondente (45,45%) se gemeenskapslewe is deur die trauma beïnvloed; die verhoudings van 19 respondente (57,58%) met ander rasse is beïnvloed; en 1 respondent (3,13%) noem dat sy/haar verhouding met ander deur die trauma beïnvloed is deurdat hy/sy "onttrek uit die samelewing en gemeenskap." Volgens Riggs en Kilpatrick (1990:122) word nie net die slagoffer self nie, maar ook die huweliksmaat en die kinders van die slagoffer die ergste deur die traumatiese gebeurtenis beïnvloed. Vriende en bure van die slagoffer word gekonfronteer deur die swaarkry van die slagoffer en moet met hulle eie reaksie daarop saamleef (Figley & Kleber, 1995:79).

Die effek van die trauma op die verhoudings van die respondent word soos volg in die volgende staafdiagram uiteengesit:



Staafdiagram 8: Effek van trauma op verhoudings (N=33)

Ten opsigte van die laaste kategorie (ander) het twee respondente nie 'n aanduiding gegee van wat die effek van trauma op hulle verhoudings is nie. Vir die navorser blyk dit dat 'n plaasaanval verandering in die denke, gevoelens, verdedigingsmeganismes en verhoudings van die slagoffer tot gevolg het. Die slagoffer hanteer hierdie veranderinge deur onttrekking, vermyding en isolasie en ervaar probleme met sy/haar binding in verhoudings. Onbewustelik projekteer die individu gevoelens wat hy/sy nie wil ervaar nie in sy/haar interaksie met ander. Goeie sosiale ondersteuning van familie en vriende kan 'n groot rol speel by die hantering van die reaksies op die traumastressor. Die erns van die gebeure, persoonlike bronne (soos huwelikstatus en opvoeding) en omgewingsomstandighede (bestaande sosiale ondersteuningsisteme) beïnvloed die hoeveelheid en tipe ondersteuning wat die slagoffers na die plaasaanval ontvang.

Dit wil voorkom of die slagoffers wat meer ernstige gebeure ervaar het, meer ondersteuning ontvang het. Dit wil ook voorkom of diegene wat sosiale ondersteuning ontvang het die traumatiese gebeure beter hanteer. Die slagoffers wat in staat is daartoe om hulle gevoelens met hulle huweliksmaat, gesinne en vriende te deel, het meer selfvertroue en hanteer gebeure op die sosiale en emosionele vlak beter as die wat nie daaroor kan praat nie. Sosiale ondersteuning hou direk verband met minder opeenvolgende depressiewe simptome en dit bevorder 'n positiewe hanteringsingesteldheid. Dit kom duidelik na vore dat die slagoffers van plaasaanvalle die lewe meer as te vore koester. In krisistye dien 'n stabiele en hegte familie as 'n buffer.

Ondersteuning van die gemeenskap dra by tot die bevordering van die genesing en aanpassing na die plaasaanval. Gemeenskapsdienste wat gesinskommunikasie bevorder, moet uitgebou word om groei na die traumatiese gebeure te bevorder.

22. UITWERKING VAN DIE TRAUMA OP DIE RESPONDENT SE TOEKOMSPERSPEKTIEF

Tydens 'n traumatiese gebeurtenis, soos 'n plaasaanval, word die slagoffers genoodsaak om anders na hulle lewe te kyk. Sommige plaasaanvalle het die dood van 'n lewensmaat tot gevolg en dit is gewoonlik die vrou wat agterbly. Ander plaasaanvalle het ernstige finansiële implikasies tot gevolg, soos groot mediese uitgawes en nog ander plaasaanvalle kan slagoffers konfronteer met die moontlikheid om van lewenstaat te verander. 'n Traumatiese gebeurtenis het 'n impak op die slagoffer se toekomsperspektief. In hierdie afdeling word lig gewerp op die voortgaande uitwerking van die gebeure op die lewe van die slagoffer van 'n plaasaanval.

22.1 DIE DURENDE UITWERKING VAN DIE GEBEURE OP DIE LEWE VAN DIE RESPONDENT

Vyf en twintig respondente (73,53%) noem dat die gebeure nog steeds 'n uitwerking op hulle lewe het. Die respondente wat aangedui het dat die gebeure nog steeds 'n uitwerking op hulle lewe het, motiveer soos volg:

- "Die lewe is vir my 'n worstelstryd."
- "Ek is bang om alleen te bly of alleen te ry" en " … ek kan nie saans meer uitgaan nie."
- "My vrou se gesondheid en veiligheid."
- "Dit bly in 'n mens se gedagtes en jy bly altyd oor jou skouers terugkyk."
- "Dit pla jou nog in die nag. Jy droom. As jy iets in die nag hoor, skrik jy klaar."
- "Huwelikskonflik."
- "Ek word gerem om toekomsplanne te maak."
- "Het tydelik iemand wat help met die boerdery, kinders sal graag wil emigreer, een dogter gaan in Sydney, Australië bly; kinders wil nie op die grond boer nie. Die plaas is my brood en botter."
- "… lewenstyl het heeltemal verander en ek kan nie meer mense sommer net vertrou nie."

Die durende uitwerking van die gebeure op die lewe van die respondente is in die volgende sirkeldiagram uiteengesit:



Sirkeldiagram 8: Die durende uitwerking van die trauma (N=34)

22.2 IETS GOEDS UIT DIE GEBEURE

Die respondente noem die volgende redes waarom hulle van mening is dat iets goeds uit die gebeure voortgespruit het:

- **Verhouding met God**
  - "My geloof in God is versterk."
  - "Dank aan God."
  - "Vertroue in die Here het toegeneem."
  - "Beter verhouding met my moeder en met God."
  - "God se teenwoordigheid het my nie deel van moord/aanrandingstatistiek gemaak nie"
- **Verhouding met huweliksmaat/familie en vriende**
  - "Ons huweliksband is sterker."
  - "Verhouding met familie en vriende het verdiep."
  - "Vriende wonderlike ondersteuning."
- **Gesondheid**
  - "My man se aorta-aneurisme is opgespoor."
  - "Daar is vasgestel dat ek 'n aorta-aneurisme het."
- **Emosionele ingesteldheid**
  - "Moet meer oplet."
  - "Versigtig en paraat wees."
  - "Meer veiligheidsbewus."

- "Omdat ek deur 'n plaasaanval gekom het, kan ek 'n positiewe bydrae lewer teenoor ander mense in soortgelyke situasies."
- "Leer self ken. Doen dinge wat ek nie geweet het ek kan doen nie en leer elke dag meer."
- "Lewe ten volle, geniet die lewe, lewe verantwoordelik."
- "Beklemtoon 'n mens se kwesbaarheid, psigies asook fisies."

Of iets goeds uit die gebeure voortgekom het, is in die volgende sirkeldiagram aangedui:

Sirkeldiagram 9: Iets goeds uit die gebeure (N=33)

Een en twintig respondente (63,64%) is van mening dat iets goeds uit die gebeure voortgespruit het. Tien (30,30%) respondente is van mening dat daar nie iets goeds uit die gebeure voorgekom het nie. Twee (6,06%) respondente is onseker of daar iets goeds uit die gebeure voortgespruit het. Een van die 34 respondent wou nie 'n antwoord op hierdie vraag gee nie.

Slagoffers ervaar geestelike en emosionele groei na die plaasaanvalle. Van die respondente beskryf ook dat hulle verdieping in hulle verhoudings met hulle God, huweliksmaats en kinders na die plaasaanvalle ervaar het. Nog 'n slagoffers noem dat die plaasaanval bygedra het tot die diagnose van 'n mediese siekte wat hy lank reeds onderlede gehad het. Slagoffers wat nie iets goeds uit die gebeure ervaar het nie skryf dit toe aan huwelikspanning wat ingetree het na die aanval as gevolg van die verskillende hantering van die trauma deur die egmaats; finansiële probleme en beroepsverandering wat gemaak is; en die krisis om woede wat hulle ervaar teenoor die aanvallers te hanteer.

23. ONDERSTEUNINGSDIENSTE

Hierdie aspek fokus op die ondersteuning wat ontvang is van persone wat meer persoonlike bande met die respondente het.

23.1 ONDERSTEUNING VAN DIE BURE, BUURTWAG, VRIENDE, FAMILIE EN GESIN

Van die 34 respondente was 18 respondente (52,94%) van mening dat bure; 3 respondente (8,82%) dat die buurtwag; 23 respondente (67.65%) dat vriende; 28 (82,35%) dat familie; 23 respondente (67.65%) dat die gesin (man/vrou/kinders); 6 (17,65%) dat ander persone na die traumatiese gebeurtenis die meeste ondersteuning gebied het. Die mate van ondersteuning wat die respondente na die traumatiese gebeure ontvang het is in die staafdiagram uiteengesit:



Staafdiagram 9: Ondersteuning na traumatiese gebeure - ander, gesin, familie, buurtwag en bure (N=34)

Respondente moes by hierdie vraag in elke kategorie antwoord. Agt en twintig (82,35%) respondente dui aan dat hulle ondersteuning ontvang het van hulle familie, 23 (67,65%) respondente van hulle gesinne (man/vrou/kinders), 23 (67,65%) respondente van vriende, 18 (52,94%) respondente van bure, 6 (17,65%) respondente van ander en 3 (8,82%) respondente

van die buurtwag. Die persoon/persone wat die meeste ondersteuning gebied het, is in prioriteitsvolgorde soos volg:

- Kinders, omdat dit hoofsaaklik ouer persone is wat die slagoffers van plaasaanvalle is (9).
- Huweliksmaats soek in mekaar baie ondersteuning (6).
- Bure en vriende bied ondersteuning (4).
- Broers en susters vind in mekaar ondersteuning (3).
- Familie, skoonsusters en swaers (2).
- 'n Kind wat 'n slagoffer van 'n plaasaanval was, beskou haar moeder as die persoon wat die meeste ondersteuning gebied het (1).
- Skoonouers (1).
- "My ma, sy was saam met my deur dit en het geweet hoe ek voel."

Gesinskohesie, ondersteunende familielede, en goeie ouer-kind-verhoudings is belangrike faktore by die beskerming van die emosionele gesondheid van die slagoffer. Sosiale bande op gemeenskapsvlak kan bydra tot die afname in simptome na viktimisering. In plaasaanvalle blyk dit dat die slagoffers dikwels ondersteuning soek en vind by die wat óók getraumatiseer is. Familie en vriende se emosionele ondersteuning kan die getraumatiseerde help om die nodige aanpassings te kan maak om die traumagebeure beter te kan hanteer. Die meeste mense, dit wil sê, ook familie en vriende, vermy egter die onderwerp (veral wanneer die slagoffer verkrag is) en is nie voorbereid daarop om daaroor te praat wanneer so 'n krisis iemand anders tref nie.

Die gevoel van isolasie word veroorsaak deur die hele ontwrigtende proses. Indien vriende die slagoffers na die traumatiese gebeure vermy, dra dit by tot nog meer pyn in 'n reeds onhanteerbare pynlike ervaring. Dit is veral bejaardes wat in rou geïsoleer word. Die navorser wil ook beklemtoon dat dit nie altyd die gemeenskap is wat verantwoordelik is vir die isolasie van die slagoffers nie. Die slagoffer self kan bydra tot sy/haar isolasie. Omdat die slagoffer 'n verlies gely het, is hy/sy gepreokkupeerd met die probleem. Die persoon wat trauma ervaar, toon nie noodwendig belangstelling in die daaglikse dinge nie en het nie altyd die krag en moed om uit te reik na die gemeenskap nie, al is die behoefte miskien teenwoordig. Alhoewel getraumatiseerdes soms eensaam voel, vermy of ignoreer hulle ander se pogings om emosionele ondersteuning te verleen.

Die slagoffer wil steeds voel dat hy/sy deel uitmaak van die gemeenskap. Betrokkenheid by die slagoffer is reeds die begin van ondersteuning aan die slagoffer en sy/haar gesinslede ten opsigte van die belewing en hantering van die trauma. Ondersteuningsnetwerke speel dus 'n positiewe rol. Die navorser is van mening dat die familie, vriende en gemeenskap vir die slagoffers van

groot waarde kan wees indien hulle bereid is om die hulp, ondersteuning en liefde te aanvaar. Die eise wat die getraumatiseerde aan die verhouding met die vriende en gemeenskapslede stel, is groot. Die onmiddellike vriendekring het die taak om 'n ondersteunende rol te vervul, maar heel dikwels moet hulle ook as klankbord vir die getraumatiseerde dien. Die navorser het besef dat die ondersteuning, liefde en begrip wat deur die vriendekring verskaf word, dikwels die skakel is wat die bedroefde nodig het om weer 'n rol en plek in die gemeenskap te vind.

Hierdie navorsing beklemtoon die gemeenskap se ondersteuning ten opsigte van die slagoffer se hantering van die traumatiese gebeurtenis met betrekking tot sosiale ondersteuning. Deur die gemeenskap word die eiewaarde van die getraumatiseerde opgebou, die konsentrasie op die self afgelei en aktiwiteite wat tot nuttige plaasvervanging kan lei, gestimuleer. Die getraumatiseerde ontwikkel dan deur middel van gemeenskapsbetrokkenheid weer toekomsplanne. Kontak met en ondersteuning van ander is dus noodsaaklik. Die navorser het egter aangetoon dat die getraumatiseerde nie hierdie waarde wat die gemeenskap vir hulle inhou, beleef het nie. Die getraumatiseerde vind dit moeilik om die positiewe idees wat ander persone aangaande die trauma voorhou, te aanvaar. Die gemeenskap probeer goedbedoelend om die getraumatiseerde beter te laat voel deur die positiewe sy van die trauma voor te hou, terwyl die getraumatiseerde op daardie oomblik nie die positiewe daarin wil raaksien nie.

Die gemeenskap faal daarin om die getraumatiseerde oor die langtermyn te ondersteun. Die meeste getraumatiseerdes ontvang dus nie die emosionele ondersteuning wat hulle benodig ten einde die traumatiese gebeurtenis te kan verwerk nie. Die gemeenskap raak ook geïrriteerd met die getraumatiseerde omdat hy/sy aanmekaar oor die trauma wil praat. Die gemeenskap onttrek en staak dan om besoeke te bring of telefoonoproepe aan die getraumatiseerde te maak, met die hoop dat die getraumatiseerde hom/haar sal regruk en daaroor sal kom.

23.2 ONDERSTEUNING VAN DIE KERK, KOMMANDO, SAPD, SKOOL EN DOKTER

Professionele persone of dienste wat die meeste ondersteuning gebied het, is soos volg in prioriteitsvolgorde:

- Kerk, spesifiek die predikant (4);
- TVL-LU (2);
- Kommando en SAPD (1)

Die betekenis van die ondersteuning wat ontvang is, is soos volg deur die respondente weergegee:

- "Hulle het ons nood gesien en hulp aangebied en ondersteun."
- Die gevoel van veiligheid.
- Was absoluut daar vir alles.
- Ek het besef ander mense gee vir my om.
- Om geestelik versterk te word.
- In tye van nood is elkeen se teenwoordigheid vir jou baie werd.

Ondersteuning wat na die traumatiese gebeure van professionele persone en professionele dienste ontvang is, is in die volgende staafdiagram uiteengesit:



Staafdiagram 10: Ondersteuning na traumatiese gebeure – kerk, kommando, SAPD, skool, dokter en ander (N=32)

Negentien respondente (59,38%) beskou die kerk; 14 (43,75%) die kommando; 20 (60,61%) die SAPD; 3 (9,38%) die skool; 15 (46,88%) die dokter; en 10 (31,25%) die Tvl Landbou-unie, die W-Tvl sekerheidsdienste, die Sekuriteitsmaatskappy en die suster as die professionele persone of dienste wat die meeste ondersteuning gebied het. Respondente moes by hierdie vraag in elke kategorie antwoord.

23.3 DIE PERSOON/PERSONE SE ONDERSTEUNING WAT DIE MEESTE GEMIS IS

Die persoon/persone se ondersteuning wat die meeste gemis is:

- "My grootouers wie op daardie dag die slagoffers was."
- "My pa, my man, my ma: "... hulle was die slagoffers daardie dag ..." en ook oorlede tydens en na die aanval.
- "... ek het my man gemis ..." Haar man het 'n paar maande voor die aanval selfmoord gepleeg.
- "My vriende het hulle onttrek en nie meer by my kom kuier nie."
- "My man." (Hy is doodgeskiet).
- 'n Dogter noem: "Ek mis my pa na sy dood tydens 'n plaasaanval."

Uit bogenoemde is dit duidelik dat 'n negatiewe tendens voorkom met betrekking tot die rol wat die plaasaanval by die sosiale inskakeling by vriende en die gemeenskap speel. Bogenoemde bevestig dat 'n leemte bestaan ten opsigte van die kennis en begrip van die gemeenskap en houding teenoor die slagoffers van trauma. Gemeenskapsopvoeding vereis dus nog baie aandag.

24. TERAPIE

24.1 TERAPIE NA DIE TRAUMA ONTVANG

Die volgende staafdiagram dui aan of respondente terapie na die traumatiese gebeure ontvang het:



Staafdiagram 11: Terapie na die trauma ontvang (N=34)

Slegs 7 van die 34 respondente (20,59%) het terapie na die aanval ontvang. Sewe en twintig (79,41%) respondente, die meerderheid, het geen terapie na die traumatiese gebeurtenisse ontvang nie.

24.2 VAN WIE TERAPIE ONTVANG IS

Van wie terapie ontvang is, is soos volg uiteengesit:



Staafdiagram 12: Van wie terapie ontvang (N=9)

Respondente kon hier meer as een moontlikheid selekteer. Sewe respondente toon aan dat hulle terapie ontvang het. Vyf (55,56%) respondente het van 'n psigoloog terapie ontvang. Vier (44,44%) respondente het met ander woorde aangetoon dat hulle ook terapie van ander ontvang het en verwys na die predikant en sy vrou, mediese dokter (een respondent ontvang medikasie vir posttraumatiese stres), fisioterapeut en gebedsgroepie.

Diegene wat terapie van 'n psigoloog ontvang het, dui aan dat hulle geleer het om die emosies wat hulle na die plaasaanval ervaar het, te verstaan en te beheer. Diegene wat met hulle predikant en sy vrou en gebedsgroepie na die aanval kontak gehad het, meld dat daar geestelike troos en ondersteuning in hulle situasie was.

24.3 AANTAL TERAPIESESSIES ONTVANG

Die aantal terapiesessies wat die respondente ontvang het, is in die sirkeldiagram uiteengesit:



Sirkeldiagram 10: Aantal terapiesessies (N=7)

Drie respondente (42,86%) het slegs een sessie; 2 respondente (28,57%) 2 sessies; en 2 respondente (28,57%) 5 sessies terapie ontvang. Een huwelikspaar het die sielkundige slegs twee keer gesien en nog 'n respondent het 'n sielkundige 5 keer besoek.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat bitter min individue terapie ontvang het om die intense emosionele belewenisse te leer hanteer. Die terapie wat wel ontvang is, was van korte duur.

25. DIE BEHOEFTE OM MET ANDER SLAGOFFERS VAN PLAASAANVALLE KONTAK TE MAAK

Die meerderheid slagoffers, 20 (58,82%) respondente dui aan dat hulle nie 'n behoefte het aan kontak met ander slagoffers van plaasaanvalle nie. Daarteenoor het 14 (41,18%)respondente die behoefte uitgespreek om wel kontak te hê met ander slagoffers van plaasaanvalle. Vrese vir kontak word ook uitgespreek, moontlik na aanleiding van die vele protesvergaderings oor plaasaanvalle by boereverenigings en sosiale kontak met ander boere. Die boerevergaderings en sosiale gesprekke ontaard volgens die respondente in ontladingsessies. Dit blyk dat die respondente eerder behoefte daaraan het om op 'n ander vlak kontak te maak. Slagoffers blyk behoefte te hê aan emosionele ondersteuning en begrip, asook emosionele ontlading. Die behoefte aan kontak met ander slagoffers is in die sirkeldiagram uiteengesit:

Staafdiagram 13: Inskakel by 'n traumabegeleidingsprogram (N=32)



Sirkeldiagram 11 : Kontak met ander slagoffers (N=34)

Dit is dus duidelik dat 20 (58,82%) nie behoefte aan kontak met ander slagoffers het nie, terwyl 14 (41,18%) wel sodanige behoefte ervaar.

26. GEWILLIGHEID OM BY 'N TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM IN TE SKAKEL

Gewilligheid om by 'n traumabegeleidingsprogram in te skakel, is soos volg in die staafdiagram uiteengesit:



Staafdiagram 13: Inskakel by 'n traumabegeleidingsprogram (N=32)

Twee (6%) respondente het geen aanduiding gegee daarvan of hulle by 'n traumabegeleidingsprogram sou wou inskakel nie; 16 (50%) respondente dui aan dat hulle wil; en 16 (50%) respondente dat hulle nie wil inskakel by 'n traumabegeleidingsprogram nie.

27. INHOUD VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

Die inhoud waarop die respondente graag sou wou konsentreer, is soos volg:

- "Selfvertroue."
- "Hoe om vrees te oorkom, hoe om verlig te voel, hoe om vrede te hê."
- "Vrees, angs, woede, wantroue en depressie te hanteer."
- "Hoe om die lewe weer normaal aan te pak."
- "Om my te help met my negatiewe gevoel teenoor swartmense."
- "Om nie myself te verwyt dat ek daardie dag dalk iets kon doen om die aanval te voorkom nie." " … voel opgekrop en ervaar 'n woede …. " en dat hy " … nou impulsief sy humeur sal verloor." Dit pla hom want hy "is nie so nie.".
- "Ophou drome droom."
- "Ophou vergeetagtig wees."
- "Hoe om die trauma te bowe te kom en te verwerk."
- "Veiligheid."
- "Mense moet meer bewus gemaak word van plaasaanvalle en wat daarna gedoen moet word."
- Die hantering van die reg se verloop - "Regstelsel en howe moet sake afhandel en klaarkry. Uitkenningsparade was 9 maande na die aanval. Wat kon ek toe nog onthou." Die regstelsel vertraag die verwerkingsproses van die trauma."
- "Die oplossing van negatiewe gedragspatrone."
- "Herstel van verhoudings."
- "Herprogrammering van lewens."
- "Gevolge van negatiewe gedagtes op gesondheid."
- "Vergifnis teenoor oortreders."
- "Wat lei jou tot herstel en normalisering."
- "Om jou omstandighede in die oë te kyk, om vrede te maak en aanvaarding van hoe jou lewe nou is, om jouself te herontdek - wie jy is en toekomsvisie."
- "Voorkoming van soortgelyke gevalle."
- "Hoe om die skok te hanteer, hoe om die pyn en lyding waardeur jou geliefde gegaan het, voordat hy/sy dood is, te verwerk, hoe om jou familie te ondersteun terwyl jyself hartseer is."

- "Depressie, toekomsperspektief, aanpassing in nuwe omstandighede."

Die respondente dui aan dat hulle 'n behoefte het aan 'n traumabegeleidingsprogram wat aansluiting sal vind by die hantering van haat, selfverwyt, selfvertroue, vrees, angs, woede drome, humeur, vergifnis, vergeetagtigheid, negatiewe gedagtes, wantroue en aanvaarding. Respondente het 'n behoefte aangedui om so normal moontlik met hulle lewens te kan voortgaan en noem dat hulle graag hulle gedragspatrone sal wil verander, verhoudingslewe sal wil herstel, 'n toekomsvisie sal wil hê en beter hanteringsvaardighede sal wil aanleer.

28. OPMERKINGS

Algemene opmerkings wat deur die respondente gemaak is, sluit die volgende in:

- "Ek het 'n behoefte om meer sinvol te lewe. Wil weer sinvol kan deel in die gemeenskapslewe."
- "Die regering behoort finansiële steun te gee waar voorvalle plaasgevind het. Waar skuldiges deur slagoffers geïdentifiseer is, moet SAPD ook vergoeding gee."
- " Mense moet betrokke raak daarna, nie net met die aanval nie, maar veral daarna."
- "Om vir mekaar uit jou ondervinding tot hulp te kan wees."
- "Berading aan slagoffers direk na 'n aanval is na my mening noodsaaklik."
- "Daar sal iets moet gebeur om hierdie toestande te verbeter want ons word nou beskou as slaansakke. Dis 'n vorm van rassisme!"
- "Vorige traumas wat persone ervaar het, speel 'n groot rol en moet aangespreek word. Projekteer 'n begeerte na oplossings."
- "Die traumabegeleidingsprobleem as sodanig kan nie die probleem wegvat nie – die sisteem moet verander. Veiligheid en wet en orde is elke persoon in hierdie land se absolute reg en niemand kan dit van jou af wegvat nie!"
- "'n Mens voel soms jy het jouself verloor, met ander woorde jy wil die verlies aan eie waarde herstel om van innerlike droefheid (geestelike bedroefdheid) ontslae te raak."
- "Om direk na die plaasaanval met 'n terapeut kontak te kan hê."
- "Om absoluut dadelik iemand te kry om daardie vrees te kan help verwerk. Dis 'n doodsvrees wat mens nie aan enige iemand anders kan verduidelik nie."

Terapeutiese hulpverlening direk na 'n aanval blyk noodsaaklik te wees. Na 'n plaasaanval kom 'n vorige traumatiese gebeure in die slagoffer se verlede weer op die voorgrond, wat die verwerking van die plaasaanval moeilik maak. 'n Behoefte om die verlies aan eiewaarde te herstel en om van innerlike droefheid (geestelike bedroefdheid) ontslae te raak, speel 'n

belangrike rol. Slagoffers het na 'n aanval aan mekaar ondersteuning gebied. 'n Behoefte van slagoffers om sinvol na 'n aanval by die gemeenskapslewe in te skakel, kom voor. Respondente ervaar dat die gemeenskap na die aanval, aan die slagoffers onttrek.

Toetrede van die regering om rassisme teen die boeregemeenskap, veiligheid en wet en orde te waarborg blyk volgens die slagoffers noodsaaklik te wees. Die nodige finansiële ondersteuning van die regering aan die SAPD en diegene wat misdadigers identifiseer, moet aandag geniet.

29. SAMEVATTING

'n Traumatiese gebeurtenis, soos 'n plaasaanval, is 'n intense ervaring van pyn. Vrees wat op hierdie manier ingeboesem word, lei tot die vernietiging van basiese veronderstellings soos dat die mens onkwetsbaar is, dat daar 'n rede is waarom iets gebeur en dat daar iets soos reg en regverdigheid in die lewe is. Die vernietiging van hierdie basiese veronderstellings lei tot allerhande langtermyn-biopsigososiale veranderinge in die lewe van die slagoffer, sy/haar familie en geliefdes wat moes toekyk of wat van die aanval moes verneem. Hierdie vorm van traumatisering verg hulpverlening!

Die uitwerking van 'n plaasaanval is so groot dat die ervaring van intense emosies onvermydelik is. Ook ander faktore wat die intensiteit van die traumabelewenis kan beïnvloed, kom voor. 'n Traumatiese gebeurtenis is gewoonlik onvoorspelbaar en die mens maak gedurende sy lewe nie voorsiening daarvoor dat so iets met hom/haar sal gebeur nie. Daarom is sy/haar gevoelens ten tye van die aanval en daarna vir hom/haar onbekend. Dit is ook nie slegs een bepalende faktor nie, maar 'n sameloop van faktore, wat die intensiteit van die traumabelewing en traumahantering bepaal.

Die traumabelewenis by en die behoeftes van slagoffers na 'n plaasaanval is bepaal. Dit blyk egter dat maatskaplikewerkhulpverlening so gou moontlik na 'n aanval noodsaaklik is. 'n Behoefte aan 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle bestaan. Begeleiding aan die slagoffer van 'n plaasaanval is nie moontlik nie tensy die begeleier kennis dra van traumahantering en van die getraumatiseerde. In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die traumabegeleidingsprogram.

HOOFSTUK 7

TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM VIR SLAGOFFERS VAN PLAASAANVALLE

In hierdie hoofstuk word 'n beskrywing gegee van die traumabegeleidingsprogram wat ontwikkel is vir die slagoffers van plaasaanvalle. Die traumabegeleidingsprogram is ontwikkel vanuit die literatuurstudie in Hoofstuk 3 oor plaasaanvalle, Hoofstuk 4 oor trauma, Hoofstuk 5 oor die verskillende hulpverleningstrategieë en Hoofstuk 6 wat bestaan uit resultate van die onderhoudskedules (Bylae A) asook kursusse in traumabegeleiding wat deur die navorser bygewoon is. 'n Traumabegeleidingsprogram het die begeleiding van slagoffers tot 'n lewe van hoë kwaliteit na die traumatiese gebeurtenis ten doel. 'n Traumabegeleidingsprogram is dus nodig om diegene wat as gevolg van 'n plaasaanval getraumatiseer is, te ondersteun. Die program voldoen aan die noodsaaklikste behoeftes van die slagoffers. Hierdie program is reeds by geleentheid aangebied, dit wil sê dit is in die praktyk getoets. Die ontwikkeling van hierdie program is uniek in die opsig dat die program aangepas kan word by die behoeftes van die teikengroep vir wie dit aangebied word. Dit is belangrik om in ag te neem dat die behoeftes in die traumahanteringsproses van slagoffer tot slagoffer kan verskil.

Hierdie traumabegeleidingsprogram bestaan uit ses modules. Elke module gee 'n beskrywing van die sessie wat aangebied word. In elke sessie word gefokus op die doelstellings, benodigdhede, wenke aan die aanbieder, die aanbieding (inhoud en toepassing), samevatting en afsluiting van daardie spesifieke sessie. Die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram dien slegs as 'n riglyn en moenie rigied aangebied word nie. Soos wat die program aangebied word, kan die hulpverlener volgens die groep se behoeftes en vordering die modules oor meer as een sessie laat plaasvind om aan die hulpverlening reg te laat geskied.

Daar behoort ten minste 'n maand te verloop voordat terapie 'n aanvang neem sodat deelnemers eers kan stabiliseer. Programme sal seker op enige stadium van waarde kan wees, maar 'n maand is dalk die ideale tydsverloop.

TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM VIR SLAGOFFERS VAN PLAASAANVALLE

HANDLEIDING VIR HULPVERLENERS

Die inhoud van die program word in die volgende struktuur uiteengesit:

Tabel 9: Struktuur van die groep

SESSIE	MODULE	TEMA	TYDSDUUR
1	Module 1 – Inleiding	'n Plaasaanval – 'n werklikheid of 'n droom?	120 minute
2	Module 2 – My traumaverhaal	"Ek vertel my verhaal"	120 minute
3	Module 3 - Emosies en reaksies op trauma	"Wat voel ek?"	120 minute
4	Module 4 – My keuse? Die hanteringsproses	Passiewe slagoffer of aktiewe oorwinnaar?	120 minute
5	Module 5 – Herverbinding met die alledaagse lewe	"Hoe raak die traumatiese gebeure my verhoudingslewe?"	120 minute
6	Module 6 – Afsluiting	Samevatting, evaluering en afsluiting	60 minute

Die traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle lyk soos volg:

RIGLYNE MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIK VAN DIE HANDLEIDING

Daar is sekere inligting (ten opsigte van elke module) waaroor die hulpverlener moet beskik alvorens hy/sy die traumabegeleidingsprogram kan aanbied. Hierdie inligting word nie in die groep aangebied nie, maar is slegs vir die hulpverlener saamgestel vir kennisname. Hierdie inligting word in die handleiding in rooi aangebied.

Inligting en insette wat deur die hulpverlener (tydens elke module) aangebied word, word in groen aangedui.

Die groeplede se deelname word in blou aangedui.

In hierdie modules verskaf die hulpverlener inligting aan die individu aan die hand van die biopsigososiale model van posttraumatiese stresreaksie en oor die fisiologiese impak om hierdie traumatiese gebeure kan te hanteer. Die eienskappe van hierdie opvoedkundige proses is die vernietiging van populêre mites, die gee van inligting oor die aktiveerders vir gebeure en durende (talmende) gevolge en die voorsiening van inligting oor spesifieke probleme soos terugflitse, herinneringe en die voorkoming van terugvalle (Meichenbaum, 1997:349).

Die doel met toerusting is nie net die gee van inligting nie, maar ook om hoop te skep, om betekenis vir die lewe uit die traumatiese gebeure te kry en om die individu te help om 'n nuwe narratief te konstrueer. Die beste vorm van toerusting is dié waardeur die individu die inligting vir homself/haarself ontdek. Die individu se reaksie op traumatiese gebeure word as simptome uitgelig. Elk van die simptomatiese reaksies soos herdefiniëring, ontkenning, gevoelloosheid, distansiëring, angstigheid, digotome denke en selfblaam kan gesien word as hanteringspogings en oorlewingsinstinkte. Dit gaan hier om hoe die individu sy reaksies in 'n positiewe en aanvaarbare lig as 'n selfbeskermingsaktiwiteit kan sien. So kan die individu 'n ander storie ontwikkel, een wat hom/haar in staat stel en bemagtig om sy/haar maatkaplike funksionering te verhoog (Meichenbaum, 1997:349).

Die hulpverlener gee inligting aan die individu oor posttraumatiese stresreaksies, die proses en herstel deur die volgende te vertel:

As gevolg van die emosionele impak van 'n traumatiese gebeurtenis op 'n slagoffer se lewe, kan dit gebeur dat die individu sy/haar lewe op so 'n wyse organiseer dat hy/sy die emosionele

angs wat sy/haar herinneringe aan die trauma meebring, wil vermy. Wanneer slagoffers herinneringe aan die trauma ondervind, kan dit emosionele reaksies sneller en hernu. Die getraumatiseerde individue ervaar die trauma dan asof dit oor en oor plaasvind. Mense wat 'n traumatiese gebeurtenis ervaar het, is geneig om onmiddellik te beweeg van die stimulus (die sneller) na die respons sonder om hulleself af te vra wat gebeur het? Hierdie outomatiese respons maak sin in die lig van dit waardeur hulle is. Die outomatiese respons reflekteer die wysheid van die liggaam wat die oorlewingsinstink in werking stel. Hierdie outomatiese respons kan lei tot 'n oorreaksie met betrekking tot spesifieke emosies. Trauma kan 'n mens se gevoel van veiligheid en sekuriteit oorweldig en daarom voel die individu kwetsbaar vir enige stimuli wat 'n herinnering aan die oorspronklike trauma opgeroep (Meichenbaum, 1997:351).

Getraumatiseerdes is sensitief vir enigiets wat hulle fisiese en emosionele veiligheid moontlik kan bedreig. Hulle reageer op enige waarneembare gevaar. Hulle beskerm hulleself dikwels teen die moontlike gevaar van pyn (Meichenbaum, 1997:351).

Wanneer die individu trauma herbeleef (terugflitse en nagmerries), kan dit die vrylating van die streshormone sneller en die proses begin weer van vooraf. Eers as ons weet hoe hierdie proses werk, kan ons saam werk om dit te probeer verander.

Elke groeplid moet vooraf voorberei word op die sessies en die programinhoud wat aangebied gaan word.

DIE INHOUD VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

MODULE 1 – INLEIDING

- **Tema- 'n Plaasaanval – 'n Werklikheid of 'n droom?**
- **Doelstelling**
- **Doelwitte**
- **Benodigdhede**
- **Wenke vir die aanbieder**
- **Aanbieding – inhoud en toepassing**
  - Opening
  - Verwelkoming en bekendstelling
  - Kenmekaar
  - Oriëntering tot die groepprogram
  - Die doel van die traumabegeleidingsprogram
  - Kontraksluiting
  - Wat 'n traumatiese gebeurtenis is
  - Om 'n slagoffer van 'n plaasaanval te wees
  - Die behoeftes van die slagoffer
  - Groepbespreking
  - Die keuse wat die slagoffer gaan maak
- **Evaluasie**
- **Samevatting**
- **Afsluiting**

MODULE 2 - OM TOT VERHAAL TE KOM

- **Tema - My traumaverhaal**
- **Doelstelling**
- **Doelwitte**
- **Benodigdhede**
- **Wenke vir die aanbieder**
- **Aanbieding – inhoud en toepassing**

- Opening
- Terugvoer
- Konstruktiewe narratiewe raamwerk
- Gesprek oor plaasaanvalle in die algemeen
- Die individu vertel sy traumaverhaal
- Normalisering en regverdiging van die individu se gedagtes en reaksies
- Voorbereiding van die manuskrip
- Huiswerk
- Die keuse wat die slagoffer maak – "Genesing of verkniesing?"

- **Samevatting**
- **Afsluiting**

MODULE 3 - EMOSIES BY EN REAKSIES OP TRAUMA

- **Tema – "Wat voel ek?"**
- **Doelstelling**
- **Doelwitte**
- **Benodigdhede**
- **Wenke vir die aanbieder**
- **Aanbieding – inhoud en toepassing**
  - Opening
  - Terugvoer
  - Emosies by traumatiese gebeure
  - Die herkenning van 'n individu wat die effek van trauma deurgaan
  - Rou oor verliese
  - Stadiums van rou
  - Beskrywing van die individu se reaksies op traumatiese gebeure as simptome
  - Herdefinieer simptome
  - Stut die individu se doeltreffendheid en hoop
- **Samevatting**
- **Afsluiting**

MODULE 4 – "MY KEUSE?" DIE HANTERINGSPROSES

- **Tema – Passiewe slagoffer of aktiewe oorwinnaar?**
- **Doelstelling**
- **Doelwitte**
- **Benodigdhede**
- **Wenke vir die aanbieder**
- **Aanbieding – inhoud en toepassing**
  - Opening
  - Terugvoer
  - Gedrag en denke wat die herstel na die traumatiese gebeure vertraag
  - Hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie
  - Hanteringsvaardighede wat probleemoplossend is
  - Om beheer oor 'n situasie te verkry
  - Persoonlike hanteringsvaardighede wat die slagoffer ontwikkel het om die traumatiese gebeurtenis te kan hanteer
  - Die hanteringsvaardighede wat die slagoffer kan ontwikkel om die emosionele seer wat die traumatiese gebeure meebring, te kan hanteer.
- **Samevatting**
- **Afsluiting**

MODULE 5 – HERVERBINDING MET DIE DAAGLIKSE LEWE

- **Tema – Hoe raak die traumatiese gebeure my herverbinding met die daaglikse lewe?**
- **Doelstelling**
- **Doelwitte**
- **Benodigdhede**
- **Wenke vir die aanbieder**
- **Aanbieding – inhoud en toepassing**
  - Opening
  - Terugvoer
  - Herverbinding
  - Hantering van sosiale situasies
  - Herverbinding met jouself

- ➢ Herverbinding met ander
- ➢ Herverbinding met jou gesin
- ➢ Bure en vriende van die slagoffer
- ➢ Herverbinding met God
- ➢ Herverbinding met die plaaswerkers
- ➢ Misdadiger
- ➢ Om 'n nuwe lewensvisie te vind
- ➢ Oplossing van die trauma
- **Samevatting**
- **Afsluiting**

MODULE 6 – AFSLUITING

- **Tema – Samevatting, evaluering en afsluiting**
- **Doelstelling**
- **Doelwitte**
- **Benodigdhede**
- **Wenke vir die aanbieder**
- **Aanbieding – inhoud en toepassing**
- ➢ Opening
- ➢ Terugvoer
- ➢ Samevatting van die inhoud van die modules
- ➢ Evaluering van die toepassing van die modules
- ➢ Evaluering van die funksioneringsvlak van die groeplede
- **Samevatting**
- **Afsluiting**
- **Liturgiese oomblik**

SKEMATIESE VOORSTELLING 3 : UITEENSETTING VAN MODULE 1 - INLEIDING

MODULE 1

Inleiding

⇩

TEMA

'n Plaasaanval – 'n werklikheid of 'n droom?

⇩

DOEL

Om slagoffers aan mekaar en mekaar se omstandighede bekend te stel

Om slagoffers in te lig oor die doel, struktuur, onderwerpe en verloop van die program

Om die slagoffers toe te rus ten opsigte van wat 'n traumatiese gebeurtenis is

Om die behoeftes wat slagoffers na 'n traumatiese gebeurtenis moontlik kan hê, uit te lig

Om die belangrikheid van die keuse wat die slagoffer moet maak om te herstel, te beklemtoon.

⇩

BENODIGDHEDE

Geskikte lokaal

Skryfbehoeftes

Hulpmiddels vir die kenmekaarspeletjie (blinddoeke en agtergrondmusiek).

Uitdeelstukke 1 – 4

⇩

WENKE VIR DIE AANBIEDER

Kontakmaking tussen groeplede is belangrik vir die sinvolle funksionering van 'n groep

Moedig deelname aan, veral ten opsigte van groepgesprekke

Verduidelik die doelstellings, take en werkwyses van die groep

Die groeplede moet daarop voorberei word dat intense gevoelens, gedagtes en belewenisse gedeel gaan word.

⇩

AANBIEDING

Die uitwerking van die trauma op die slagoffer – Uitdeelstuk 1

Verwelkoming en bekendstelling

Groeptegniek - Kenmekaarspeletjie

Oriëntering tot die groepprogram

Die doel van die traumabegeleidingsprogram – Uitdeelstuk 2

Kontraksluiting – Uitdeelstuk 3

Wat 'n traumatiese gebeurtenis is

Om 'n slagoffer van 'n plaasaanval te wees – die aanvang van die traumaproses

Die behoeftes van die slagoffer van 'n plaasaanval

Groepbespreking - Uitdeelstuk 4

Die keuse wat die slagoffer maak

⇩

SAMEVATTING

Gevolgtrekking en samevatting

⇩

AFSLUITING

Evalueer en sluit die sessie af

MODULE 1 - INLEIDING

1. TEMA

'n Plaasaanval – 'n werklikheid of 'n droom?

2. DOELSTELLING

Om inleidende kennis met betrekking tot 'n traumatiese gebeurtenis oor te dra.

3. DOELWITTE

Die sessie behels die volgende:

3.1 Om slagoffers aan mekaar en mekaar se omstandighede bekend te stel ten einde begrip vir mekaar se werklike situasie te ontwikkel.

3.2 Om 'n hartlike, gesellige en gemaklike atmosfeer van aanvaarding te skep waarin die slagoffers veilig sal voel om ten volle deel te neem en om gevoelens tydens die aktiwiteite aan mekaar te kommunikeer.

3.3 Om slagoffers in te lig oor die doel, struktuur, onderwerpe en verloop (tyd, duur en doelwitte) van die traumabegeleidingsprogram.

3.4 Om die grondreëls aan die groep te verduidelik.

3.5 Om deur kontraksluiting doelgerig by traumabegeleiding uit te kom.

3.6 Om die slagoffers toe te rus ten opsigte van die betekenis van 'n traumatiese gebeurtenis en om die aanvang van die traumaproses aan hulle uiteen te sit.

3.7 Om die behoeftes wat slagoffers moontlik na 'n traumatiese gebeurtenis kan hê, uit te lig.

3.8 Om die belangrikheid van die keuse wat die slagoffer moet maak om te kan herstel, te beklemtoon.

4. BENODIGDHEDE

4.1 'n Geskikte lokaal om 'n groep van ongeveer 6 persone te kan akkommodeer.

4.2 Skryfbehoeftes.

4.3 Die nodige hulpmiddels vir die kenmekaarspeletjie, naamlik blinddoeke en agtergrondmusiek.

4.4 Uitdeelstukke 1-4.

5. WENKE VIR DIE AANBIEDER

5.1 Tydens die aanvangsfase van die groepwerkproses is kontakmaking en ontmoeting belangrik (Amerslav, 1992:4; Du Preez, 1981:155,157). Die taak van die hulpverlener is om so gou moontlik uit hierdie losstaande individue 'n groep te vorm waarin verhoudings tussen die groeplede geskep kan word (Du Preez, 1981:157). Dit is belangrik dat die hulpverlener al die groeplede sal aanmoedig om aan die groepbesprekings deel te neem om sodoende die inskakeling van die groeplede by die groep te verseker.

5.2 In hierdie sessie moet die doelstellings, take en werkswyses van die groep verduidelik en uitgewerk word.

5.3 Moedig die groeplede aan om identifiserende besonderhede met mekaar te deel en om met mekaar te kommunikeer ten einde 'n stewige basis te lê vir groepgesprekke waardeur uitdrukking aan gedagtes en gevoelens gegee kan word (Du Preez, 1981:158).

5.4 Die hulpverlener kan verwag dat dit vir die slagoffers emosioneel gesproke moeilik sal wees om reeds in die eerste sessie die traumagebeure met mekaar te deel. Die hulpverlener moet seker maak dat die groeplede wel vooraf daarop voorberei word dat daar deurlopend oor intense gevoelens, gedagtes en belewenisse gepraat gaan word.

5.5 Die doel van hierdie sessie is om reeds tydens die aanvangsfase groepkohesie te skep en so te verseker dat daar nie op die oppervlak gekommunikeer gaan word nie. Dit skep ook die basis vir 'n vertouensverhouding.

6. AANBIEDING - INHOUD EN TOEPASSING

6.1 Funksioneringsvlak van slagoffers voor die aanvang van die traumabegeleidingsprogram.

Aan die hulpverlener:

Uitdeelstuk 1 is 'n voormeting om te bepaal wat die funksioneringsvlak van die slagoffers van plaasaanvalle voor die aanvang van die traumabegeleidingsprogram is. So kan die vordering of agteruitgang van die groeplede met die beplande intervensieprogram bepaal word. Die effektiwiteit van die intervensiestrategie word dus deur middel van die invul van hierdie

uitdeelstuk bepaal. Hierdie uitdeelstuk word voor die aanvang van die traumabegeleidingsprogram, na afloop van die traumabegeleidingsprogram en weer ses weke na afloop van die traumabegeleidingsprogram invul.

Die hulpverlener doen die volgende:

Deel uitdeelstuk 1 aan elke groeplid uit.

Die groeplede doen die volgende:

Die groeplede vul uitdeelstuk 1 in en oorhandig dit aan die hulpverlener.

Tydens die aanvangsfase van die groepproses, wat ook die eerste sessie van die program is, word die volgende aangebied:

6.2 Verwelkoming en bekendstelling

Die hulpverlener heet die groeplede welkom en stel homself/haarself aan die groep voor.
Die groeplede stel hulleself aan die groep voor.

6.3 Groeptegniek – Kenmekaarspeletjie

Die hulpverlener gee die volgende opdrag aan die groeplede ('n Groeptegniek om die groeplede in staat te stel om mekaar beter te leer ken en om vertroue in mekaar te skep) (Remocker & Storch, 1984:40-42):

Die groeplede moet langs mekaar in 'n ry, voor die hulpverlener, kom staan. Die groeplede moet hulleself dan van oud na jonk rangskik. Die jongste groeplid word versoek om voor die oudste persoon te gaan staan terwyl hulle na mekaar kyk en die tweede jongste voor die tweede oudste ensovoorts. (Nou is daar twee rye.) Elke paar word dan versoek om hande met mekaar te skud. Dan word die pare versoek om dubbelloopwoorde te soek soos grondboontjie-botter, sout-peper. Elke persoon in die paar kies dan een van die woorde asof dit sy/haar naam is. Elke groeplid noem nou sy/haar naam aan die grootgroep en almal deel in die humor daarvan. Hierdie proses is veronderstel om die ys te breek.

Elke ry word versoek om na teenoorgestelde kante van die vertrek/tuin te beweeg. Al die groeplede word geblinddoek en kry opdrag om hulle "woordmaat" te gaan soek deur te roep

(as dit in die buitelig gedoen word) of te fluister (as dit binnenshuis gedoen word). Voordat daar begin word, skommel die hulpverlener elke ry sodat die "woordpare" nie regoor mekaar staan nie. Die groeplede word versoek om met hulle hande voor hulle uitgestrek te loop om te voorkom dat hulle in iemand of iets vasloop. Eers as hulle hul "woordmaats" gevind het, moet hulle hulle blinddoeke afhaal. Nou stel elkeen homself/haarself aan sy/haar "woordmaat" bekend deur te sê waar hy/sy vandaan kom, en waarom hy/sy aan die program deelneem. Na vyf tot tien minute kom al die groeplede bymekaar en elke lid van elke "woordpaar" stel sy/haar maat aan die groep voor (Brandler & Roman, 1999:302-303).

6.4 Oriëntering tot die groepprogram

Die hulpverlener doen die volgende:

Die groeplede word georiënteer ten opsigte van die doel van die groep.

6.4.1 Die doel van die traumabegeleidingsprogram

Tydens die voorbereiding van die groep is 'n uiteensetting van die verloop van die traumabegeleidingsprogram deur die hulpverlener aan elke voornemende groeplid gegee. Ten spyte hiervan word die doelstelling en doelwitte van die groep deur die hulpverlener verduidelik:

Verduidelik die doelstelling en doelwitte van die groep aan die hand van 'n skriftelike uiteensetting van die verloop van die traumabegeleidingsprogram asook van die temas wat bespreek gaan word (Uitdeelstuk 2).

6.4.2 Kontraksluiting

Die hulpverlener hanteer die volgende:

Die hulpverlener deel Uitdeelstuk 3 aan die groeplede uit. Die grondreëls vir die groep word bespreek (Amerslav, 1992:4) (Uitdeelstuk 3) en kontraksluiting vind plaas. Die hulpverlener deel Uitdeelstuk 3 aan die groeplede uit.

Die groeplede kan byvoegings tot die kontraksluiting maak.

6.5 Wat 'n traumatiese gebeurtenis is

Die hulpverlener hanteer die volgende inligting didakties met die groeplede:

'n Traumatiese gebeurtenis is 'n skielike, dramatiese, buitengewone, onvoorspelbare en gewelddadige ervaring. Dit beteken dat 'n individu wat 'n traumatiese gebeurtenis ervaar, seerkry en 'n gewonde persoon word. Soos met alle wonde het hy/sy tyd nodig om te genees. Trauma is dus 'n emosionele staat van ongemak en stres wat voortspruit uit herinneringe aan 'n buitengewone, gewelddadige en katastrofiese gebeurtenis. 'n Traumatiese gebeurtenis kom sonder enige waarskuwing. Dit is iets waarop 'n individu nooit voorbereid genoeg kan wees nie. Dit is ook iets wat nie werklik is nie, tot die oomblik dat dit gebeur. Traumatiese belewenisse gaan gepaard met emosionele en fisiese seer, wat nie dadelik verdwyn nadat die gebeure plaasgevind het nie. Die individu se normale reaksie op hierdie tipe pyn is om daarvan weg te skram. 'n Plaasaanval is vir die individu iets onbekends, veral as hy/sy nooit voorheen daardeur gekonfronteer is nie. Die intensiteit van die aanvalle op plase verskil, maar een ding is seker en dit is dat dit altyd met trauma gepaard gaan. Daarom kan gesê word dat die individu nie voorbereid is op die impak wat 'n traumatiese gebeurtenis, soos 'n plaasaanval, meebring nie.

Wanneer 'n individu deel word van 'n plaasaanval, word die individu gekonfronteer deur belewenisse wat deel van sy/haar lewe word, ongeag of hy/sy wil of nie. 'n Plaasaanval is 'n ontwrigtende lewensgebeurtenis. Die traumatiese gebeurtenis (plaasaanval) moet egter nie as 'n eindpunt beskou word nie, maar as net nog 'n lewensgebeurtenis - in hierdie geval 'n baie ontwrigtende lewensgebeurtenis.

6.6 Om 'n slagoffer van 'n plaasaanval te wees

Die hulpverlener deel die volgende met die groep:

'n Slagoffer is 'n persoon wat as gevolg van ander se optredes en aksies moet ly. Traumatiese gebeure is 'n ervaring wat met geweld gepaard gaan of dit deur die natuur, die tegnologie of die mens gemaak is. Die individu staan magteloos teenoor traumatiese gebeurtenisse. Traumatiese gebeurtenisse is ook nie skaars of ongewoon tydens die lewe nie. Wanneer 'n persoon 'n traumatiese gebeurtenis beleef, ervaar hy/sy pyn. Dit is 'n emosionele ervaring van skok. Die traumatoestand is dus hierdie emosionele ervaring wat beleef word nadat 'n groot traumatiese gebeurtenis plaasgevind het; in dié geval, 'n plaasaanval. 'n Plaasaanval het 'n emosionele krisis tot gevolg omdat die slagoffer voortdurend met die gebeurtenis in sy/haar

denke besig is. Die traumatoestand beteken dus om in 'n emosionele staat van ongemak en stresverwante herinneringe te verkeer as gevolg van die herinneringe aan 'n buitengewone, katastrofiese ervaring wat die slagoffer se sin vir onkwetsbaarheid aan skerwe laat spat het.

Die slagoffer blyk voortdurend met die gebeure in sy/haar gedagtes besig te wees. Die manier waarop die individu die dinge wat met hom/haar gebeur, interpreteer en herinterpreteer, bepaal hoe hy/sy die traumatiese gebeure verwerk. Dit kan een persoon dalk langer neem as 'n ander persoon om die trauma te verwerk. Sommige individue druk hulle gevoelens in die vorm van deur emosionele uitbarstings, wat toon hoe seer hulle het. Ander krop op en ontken die pyn deur die effek daarvan op hulle te minimaliseer en so probeer hulle so normaal moontlik voort te gaan. Hierdie herinneringe kan nie heel word nie en word deel van die individu se persoonlikheid (liggaam, verstand en gees). Op skokkende en destruktiewe wyse verskyn dit later as fisiese siekte, ongelukkige huweliksituasies en herhaalde siklusse van wanhoop en depressie. Tyd genees die wonde, maar nie die herinneringe wat so pynlik is dat die mens se verstand dit nie eens kan verwerk nie.

6.7 Die behoeftes van die slagoffer

Die hulpverlener deel die volgende met die groep:

Ten opsigte van slagoffers van plaasaanvalle moet die volgende in ag geneem word:

- Hulle het begrip en vriendskap nodig.
- Hulle moet aangemoedig word om die traumaproses positief te hanteer.
- Elke slagoffer moet sy eie manier vind om die traumaproses te deurleef.
- Deur die program kry slagoffers die geleentheid om met ander te deel en van ander te leer.
- Dit gaan nie altyd maklik wees om gevoelens bloot te lê nie, maar net deur te praat en ongemaklike emosies en gedagtes te hanteer, kan die effek van die traumatiese belewenisse hanteer word.
- Elke slagoffer het eiesoortige behoeftes, daarom is daar nie 'n regte of verkeerde manier vir die verwerking van trauma nie.
- Daar is ook nie net een oplossing vir die emosionele krisisse wat moontlik na die traumatiese gebeurtenis kan voorkom nie.

6.8 Groepbespreking

Die hulpverlener gee die volgende opdrag aan die groeplede:

Die groeplede word versoek om hulle omstandighede met mekaar te deel. Uitdeelstuk 4 word as riglyn gebruik. Elke slagoffer is vry om te deel wat hy/sy wil. Geen slagoffer is verplig om teen sy/haar sin te praat nie. Die hulpverlener maak seker dat die volgende inligting deurgegee word:

- Elke groeplid sê weer wie hy/sy is
- Hoe die plaasaanval plaasgevind het
- Wat die traumabelewing vir hom/haar beteken het
- Hoe lank gelede die traumagebeure plaasgevind het
- Hoe lank die plaasaanval geduur het
- Die beserings wat die slagoffer opgedoen het
- Hoe die slagoffer voel om deel van die traumabegeleidingsprogram te wees
- Wat die slagoffer hoop om uit die program te ontvang
- As daar enigiets anders is wat die slagoffer op hierdie stadium met die groep wil deel, is hy/sy welkom.

6.9 Die keuse wat die slagoffer maak

Die hulpverlener hanteer die volgende in groepverband:

Die vraag wat nou gestel moet word, is: "Gaan ek groei of gaan ek kwyn?" "Gaan ek by die traumatiese gebeurtenis stilstaan of gaan ek vorentoe beweeg?" "Gaan ek oplossings probeer vind om beheer oor my lewe te kry?" Elke mens het die reg op 'n keuse. Elkeen kies hoe hy/sy sy/haar lewensomstandighede gaan hanteer. Dit is elke mens se reg om te kies of hy/sy die geleenthede wat die traumatiese gebeurtenis bied, gaan benut. Elke mens kies of hy/sy 'n lewe van 'n hoë kwaliteit wil hê, al dan nie. As 'n mens spesifiek kyk na die plaasaanvalle, blyk dit dat u reeds tydens die aanvalle sekere keuses moes maak. U moes besluit en kies of u gaan doen wat die aanvallers u beveel het om te doen of nie. U het gekies om saam met God deur die aanval te gaan. U het ook keuses gemaak van hoe u die gevolge van die aanvalle gaan hanteer. U kan ook nou die volgende kies:

- of u die plaasaanval as 'n geleentheid sien om te groei;
- of u uself as 'n slagoffer van die plaasaanval sien wat altyd 'n slagoffer gaan bly;
- of u die pynlike gebeure gaan blokkeer deur op te krop en nie daaroor te praat nie;

- of u onbeheerste uitbarstings gaan kry omdat u die seer nie meer binne kan hou nie;
- of u uself wil verstaan en ken;
- of u en u lewensmaat nog saam wil droom; en
- hoe u wil hê u toekomsplanne moet lyk.

'n Slagoffer kan kies om lewenslank 'n slagoffer van 'n plaasaanval te bly, waarvan hy/sy nooit sal kan ontsnap nie, of hy/sy kan kies om die trauma te verwerk - en gou ook. 'n Plaasaanval laat blywende indrukke. Die verwerking van trauma kan oor 'n tydperk heen plaasvind en geskied nie vinnig en dadelik nie. Wat wel belangrik is om te onthou, is dat die slagoffer die traumatiese ervaring positief kan aanwend. As ons dit nie doen nie, word die lewe sinloos en word jy bang om te lewe. Daar is baie faktore wat die traumaproses beïnvloed en wat in 'n mens se pad staan om die traumatiese ervaring positief aan te wend. Dit kan die volgende wees:

- Jou persoonlikheid
- Jou verhouding met die wat in die plaasaanval dood is
- Jou verhoudings met jou plaaswerkers
- Die ouderdomme van slagoffers wat in die plaasaanval dood is
- Jou verhouding met diegene wat agterbly en saam met jou die aanval moet verwerk
- Jou verhouding met die gemeenskap
- Beskikbaarheid van 'n ondersteuningstelsel
- Die kwaliteit van jou verhoudings voor die aanval
- Jou geloofsverhouding
- Jou geestesgesondheid voor en tydens die aanval
- Die intensiteit van die plaasaanval
- Die oorsake van die plaasaanval
- Jou teenwoordigheid of nie by die plaasaanval
- Jou ouderdom tydens die plaasaanval
- Jou ouderdom nou, na die plaasaanval
- Vorige ervarings van verliese
- Mites – "swakkelinge toon emosies, my verwardheid maak van my 'n mislukking, ek treur te lank, mans huil nie"
- Jou emosies en gedagtes oor die aanval
- Jou hantering van die gebeure

In die daaropvolgende sessies gaan hierdie aspekte aandag geniet.

7. SAMEVATTING

7.1 Die groeplede doen die volgende:

'n Samevatting van die groepsessie word gegee.

7.2 Die hulpverlener doen die volgende:

Gee 'n samevatting uit die inligting wat die groeplede gedeel het en bring ook byvoegings aan.

8. AFSLUITING

Die groeplede evalueer en die hulpverlener sluit die sessie af.

SKEMATIESE VOORSTELLING 4: UITEENSETTING VAN MODULE 2 - MY VERHAAL

MODULE 2

My traumaverhaal

⇩

TEMA

"Ek vertel my verhaal"

⇩

DOEL

Om die vloei van die individu se lewe te herstel en dit in kontinuïteit met die verlede te bring.

Om oor belangrike verhoudings, ideale, drome, konflikte en stryde voor die trauma te praat.

Om die traumatiese gebeurtenis te rekonstrueer.

Om die reaksie op die gebeurtenis en die reaksie van belangrike mense in die slagoffer se lewe in perspektief te stel.

Om die individu te help om sy/haar simptome as 'tekens van herstel' te herdefinieer.

⇩

BENODIGDHEDE

Koerantberigte en tydskrifartikels.

Vir huiswerk neem die individu sy verhaal op band op of skryf sy verhaal:

'n Bandopnemer

Pen en papier

⇩

WENKE VIR DIE AANBIEDER

Laat die slagoffer sy/haar traumaverhaal vertel

Stimuleer gesprek oor plaasaanvalle

Stimuleer deelname aan die groepbespreking

Normaliseer van die individu se gedagtes en reaksies

Moedig individue aan om die manuskrip op te stel

Gee huiswerk

⇩

AANBIEDING

Inleiding - Konstruktiewe narratiewe raamwerk

Gesprek oor plaasaanvalle in die algemeen

Die individu vertel sy traumaverhaal

Normalisering en regverdiging van die individu se gedagtes en reaksies

Voorbereiding van die manuskrip

Die keuse wat die slagoffer maak – "Genesing of verkniesing?"

⇩

SAMEVATTING

Gevolgtrekking en samevatting

⇩

AFSLUITING

Evalueer en sluit die sessie af

MODULE 2 - MY TRAUMAVERHAAL

1. TEMA

"Ek vertel my verhaal"

2. DOELSTELLING

Om die individu in staat te stel om deur middel van storievertelling nuwe betekenis aan die traumatiese gebeure te gee.

3. DOELWITTE

Hierdie sessie stel die volgende ten doel:

3.1 Om die vloei van die individu se lewe te herstel en dit in kontinuïteit met die verlede te bring deur die individu aan te moedig om:

3.1.1 'n oorsig van sy/haar lewe voor die trauma te gee;

3.1.2 die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die traumatiese gebeurtenis, weer te gee;

3.1.3 weer beheer oor sy/haar lewe te verkry;

3.2 oor belangrike verhoudings, ideale, drome, konflikte en stryde voor die trauma te praat sodat die konteks van die trauma verstaan kan word;

3.3 die traumatiese gebeurtenis te rekonstrueer;

3.4 die reaksie op die gebeurtenis en die reaksie van belangrike mense in die slagoffer se lewe in perspektief te stel;

3.5 die individu in staat te stel om sy/haar visie, gehoor, reuk, gevoel en denke asook liggaamlike sensasies en emosionele belewenisse in detail te kan identifiseer en te verwoord;

3.6 die individu in staat te stel om sy/haar opgekropte gevoelens/emosies te ontlaai;

3.7 die individu te begelei sodat die voltooide verhaal 'n volledige en getroue weergawe van die traumatiese ervaring en van die beelde bied, soos dit in die individu se gedagtewêreld leef;

3.8 sommige van die individu se reaksies op die traumatiese gebeure te regverdig deur die omstandighede te skep waarin die individu die vergeselde emosionele tol daarmee in verband kan bring;

3.9 die individu te help om sy/haar simptome as 'tekens van herstel' te herdefinieer;

3.10 die individu te begelei om dit wat met hom/haar gebeur het, te bestuur en om beheer oor sy/haar emosies te verkry;

3.11 die trauma positief in sy/haar lewe aan te wend nadat die aanval behoorlik deurgewerk is;

3.12 die trauma te normaliseer;

3.13 die betekenis van die traumatiese gebeure te verstaan; en

3.14 die reaksie op die traumatiese gebeure en die mense in die slagoffer se lewe in perspektief te stel.

4. BENODIGDHEDE

4.1 Koerantberigte en tydskrifartikels.

4.2 Vir huiswerk neem die individu sy/haar verhaal op band op of skryf sy/haar verhaal:

4.2.1 'n Bandopnemer

4.2.2 Pen en papier

5. WENKE VIR DIE AANBIEDER

5.1 Die narratief – Die slagoffer vertel sy/haar verhaal

Die volgende inligting ten opsigte van storievertelling is vir kennisname aan die hulpverlener en moet nie aan die groeplede gekommunikeer word nie: Sommige slagoffers wil nie ou herinneringe oproep en oorgaan tot selfonthulling nie. Nie alle slagoffers wil hulle verhaal oorvertel nie (Meichenbaum, 1997:337). Waar die individu nie sy/haar verhaal wil vertel nie, kan die redes daarvoor geëksploreer word en die individu kan toegelaat word om die trauma geleidelik te herbeleef. Klem moet hier val op die konstruksie, eerder as op die herstel van die trauma (Meichenbaum, 1997:338).

Dit is belangrik dat die hulpverlener die volgende tydens die aanbieding van hierdie module in ag sal neem: Emosionele katarsis of emosionele lugting is 'n belangrike deel van die vroeë fase van bykans alle beradingsmodelle. Friedman bespreek vier stappe in die herbelewenis van trauma (Coetzer, 2000:14-15, Sessie 7):

5.1.1 Vertel wat gebeur het - Help die individu om die gebeure in 'n veilige plek te herbeleef. Die individu moet beheer verkry oor al die detail van die verhaal. Om die individu

aan te moedig om die storie te vertel, moet hy/sy gehelp word om die totale prentjie van die traumatiese gebeurtenis te skets. Dit het beter begrip en uiteindelik genesing tot gevolg. Die getraumatiseerde moet weer die gevoel kry dat hy/sy 'n heel mens is wat nie deur die traumatiese gebeure beheer word nie. Die slagoffer moet dus weer beheer verkry. Hy/sy moet uitbrei oor elke emosie en elke gedagte om sodoende die verhaal so volledig moontlik te vertel. Berei die individu dus vooraf voor daarop dat die hulpverlener met tye die slagoffer se vertelling gaan onderbreek om vrae te stel en om te verseker dat die volledige prentjie verkry gaan word.

5.1.2 Werk aan die skuldgevoelens en selfverwyte - Indien hierdie gevoelens van skuld nie onder die loep geneem word nie, kan hy/sy vir die res van sy/haar lewe daarmee worstel. Waar 'n individu werklik die verkeerde ding gedoen het, kan sy/haar denke nie daaroor verander nie. Probeer dan eerder om hom/haar te begelei om te besef dat hy/sy nie die trauma doelbewus beplan het nie. Sou daar aanduidings wees van vroeëre onverwerkte traumatiese ervarings, moet dit eers hanteer word, voordat die mees onlangse traumatiese gebeurtenis hanteer kan word.

5.1.3 Normaliseer die simptome - Die individu moet die versekering kry dat die simptome as gevolg van die traumatiese gebeure tipies en normaal is.

5.1.4 Verkry weer beheer - Die hoofdoel van hierdie hele oefening is dat die individu weer ten volle beheer oor sy/haar lewe sal verkry.

5.2 Verbale groeptegniek om gesprek oor die traumagebeure te stimuleer

Die doel van die verbale groeptegniek, soos uiteengesit in 6.4, is om gesprek tussen die groeplede te stimuleer. Deur aan die begin van hierdie sessie eers te praat oor die traumas van die minder bedreigde groeplede, word die groep daarvan bewus dat daar nog slagoffers is met soortgelyke probleme en traumas. Hierdie tegniek kan die groeplede ook stimuleer om hulle eie traumaverhaal vir bespreking, op die tafel te plaas.

Die verbale tegniek is ideaal vir 'n groep met individue wat onttrek en depressief is. 'n Informele atmosfeer is nodig om vrymoedig te kan gesels oor ander slagoffers se traumas. Hierdie verbale groeptegniek kan 'n bydrae lewer omdat die volgende kenmerk in die aanvangstadium by groeplede aanwesig is: Ongemak om die traumaverhaal bloot te lê of behoefte daaraan om te praat oor die traumaverhaal, 'n behoefte aan inligting, behoefte aan normalisering, 'n swak selfbeeld, probleme om in 'n groepsituasie te praat, doodsheid en swak konsentrasie.

Die hulpverlener vra die groeplede om in 'n kring te kom sit. Dan word tydskrifartikels en koerantberigte wat oor plaasaanvalle handel in die middel van die kring geplaas. Die groeplede kry opdrag om die artikels en berigte te bestudeer.

Die groeptegniek kan verder uitgebrei word deur 'n video van die storievertelling te maak sodat die deelnemers hulle eie pogings kan sien. Die terugspeel van die video bring die besef dat, afgesien van gedagtes en gevoelens wat gebruik kan word, ook effektief gekommunikeer kan word deur middel van woord en liggaamstaal. Hierdie oefening is nuttig waar individue nie oor die traumatiese gebeure wil praat nie en waar hulle hulle gedagtes en gevoelens daaroor onderdruk. Dit is ook sinvol in gevalle waar individue dink dat niemand kan raai hoe hulle op 'n spesifieke tydstip voel nie. Die tegniek fokus die aandag op individue wat probleme ondervind het met die handhawing van kontak met die realiteit oor lang periodes heen. Dit bevorder 'n mate van verantwoordelikheid by die groeplede met betrekking tot die versameling van berigte en/of artikels wat handel oor plaasaanvalle. Die opdrag skep geleentheid vir leierskap en besluitneming. Die hulpverlener gebruik die tegniek as stimulus vir die groeplede wat nie oor hulle gedagtes en gevoelens met betrekking tot die traumatiese gebeurtenisse wil kommunikeer nie.

5.3 Normalisering

Kennis waaroor die hulpverlener moet beskik ten opsigte van normalisering: Normalisering vind plaas nadat die slagoffer sy/haar storie vertel het. Ten opsigte van normalisering is dit belangrik dat die hulpverlener van die volgende bewus sal wees: Storievertelling is baie nuttig tydens die proses van normalisering. Dit kom algemeen voor dat verskillende aspekte van die storie op verskillende tye bygetrek kan word. As deel van die normalisering is dit belangrik dat die slagoffer sal hoor dat daar niks met hom/haar skort nie, maar dat hy/sy normaal is. Maatskaplike hulpverlening help dat die individu besef dat sy/haar reaksies normaal is vir die gegewe omstandighede. Storievertelling en normalisering voorkom verdere traumatisering en skep 'n atmosfeer waarin die individu 'n keuse kan maak om sy/haar eie innerlike bronne te genut - iets wat hy/sy dalk nie voorheen sou gedoen het nie.

6. AANBIEDINGSWYSE - INHOUD EN TOEPASSING

6.1 OPENING

Open die sessie.

6.2 TERUGVOER

Kry terugvoer van die groeplede oor die vorige sessie en stel vas of iets daaruit voortgespruit het wat hulle wil bespreek.

6.3 KONSTRUKTIEWE NARRATIEWE RAAMWERK

Die hulpverlener deel die volgende met die groeplede:

> In die daaglikse lewe word min tyd aan emosionele ontlading na traumatiese ervaringe afgestaan, wat beteken dat 'n getraumatiseerde nie altyd iemand het wat luister na sy/haar ervarings nie. Dit is vir die slagoffer belangrik om sy/haar verhaal oor te vertel. Dit stel die getraumatiseerde in staat om terug te kyk na wat in die verlede gebeur het. Hy/sy vertel sy/haar verhaal weer en weer om aan die gebeure 'n plek te gee in sy/haar lewensgeskiedenis. Met die vertel en ontplooiing van die verhaal, kom verligting. Die traumatiese gebeurtenis moet in 'n verhaal omgesit word en in 'n tydraamwerk geplaas word, met 'n begin, 'm middel en 'n slot (Meichenbaum, 1997:378). Deur die verbalisering van sy/haar emosies en gevoelens oor die traumatiese gebeure, kom die emosies en gevoelens na die oppervlak. As emosies en gevoelens onderdruk word, kan liggaamlike reaksies (siektes) voorkom. Wanneer die slagoffer sy verhaal vertel, gee hy/sy homself/haarself aan die ander persoon, reflekteer dit wie hy/sy is en leef hy/sy hom/haar teenoor ander uit. Deur vorige gebeure weer te laat plaasvind, bestaan die moontlikheid dat die verlede opgeklaar kan word en insig verkry kan word. Herinneringe wat geverbaliseer word, met intense emosies, word nie beskou as feitelike informasie nie, maar eerder as 'n uitdrukking van gevoelens (Coetzer, 2000:13, Sessie 7).

6.4 VERBALE GROEPTEGNIEK - STIMULEER GESPREK OOR PLAASAANVALLE

Die hulpverlener hanteer die volgende:

Die hulpverlener vra die groeplede om in 'n kring te kom sit.

Dan word tydskrifartikels en koerantberigte wat oor plaasaanvalle handel in die middel van die kring geplaas.

Die verbale groeptegniek se doel is om kommunikasie en 'n gevoel van samehorigheid te stimuleer.

Die groeplede kry opdrag om die artikels en berigte te bestudeer.

Die hulpverlener gee die volgende instruksies:

- Elke groeplid selekteer twee artikels of berigte oor plaasaanvalle uit die beskikbare koerante en tydskrifte. (Dit word gedoen om aktiewe individuele deelname te bewerkstellig en om groeplede van ander persone, wat slagoffers van plaasaanvalle was, bewus te maak).
- Soms is dit sinvol om die aantal berigte wat deur elke groeplid geselekteer is, te beperk (twee tot vyf).
- Sodra die individue seleksies gemaak het, deel elke groeplid sy/haar seleksie met die grootgroep (hierdie opdrag dra by tot doelgerigte gedrag en samewerkende interaksie met die ander groeplede. Dit stimuleer die individu se gedagtes en emosies).
- Sodra hierdie afdeling van die oefening afgehandel is, verduidelik die hulpverlener die volgende:

* Twee vrywilligers word vir die volgende sessie benodig, naamlik 'n leier en medeleier. So skep die hulpverlener die moontlikheid om leierskap van die hulpverlener op die groeplede oor te dra.

* Die groep selekteer een van die berigte of artikels wat die groep die meeste geraak het. Die groepleier lei die groeplede om te besluit watter algemene gevoel die artikel of berig by hulle gewek het. Dit vereis besluitneming van die leier en van die groeplede. Dit verskaf 'n kontrolepunt vir individuele belewenisse. Dit kan 'n bewustheid van 'n wye reeks gevoelens skep.

* Sodra die meerderheid saamstem, sal die medeleier die gevoelens op 'n papier skryf wat hy/sy in 'n houer plaas. Dit help die leier om diplomasie te beoefen en om die finale meerderheidsbesluitneming te erken.

* Die groep besluit nou saam:

- hoe ander se traumas hulle raak;
- waarvan hulle bewus geraak het;
- watter advies hulle vir die slagoffers sou wou gee om van die emosionele las wat die trauma meebring, ontslae te raak;
- wat hulle graag met die slagoffer/s in die artikel of berig sou wou deel;
- wat hulle vir die slagoffer/s sou wou doen;

- of dit moeilik of maklik is om oor ander se traumas te praat;
- of dit moeilik of maklik is om oor hulle eie traumas te praat;
- waarvan hulle bewus raak as hulle aan hulle eie traumas dink.

- Aan die einde vra die hulpverlener die groeplede of hulle enige opmerkings oor die oefening wil maak.

6.5 GROEPBESPREKING: DIE INDIVIDU VERTEL SY/HAAR VERHAAL

6.5.1 Die groeplede bespreek onderling die volgende aanhaling:

- "Keep encouraging people to talk, even if it's very painful to watch them. It takes a long time to believe. The more I talk about it, the more I have confidence that it happened; the more I can integrate it" (Herman, soos aangehaal deur Meichenbaum, 1997:337). Nadat die groep die aanhaling bespreek het en die hulpverlener 'n samevatting daarvan gegee het, kry die groeplede opdrag om hulle traumaverhaal te vertel.
- Nou volg die groeptegniek. Vir die individu voel dit asof die traumatiese gebeure sy lewe beheer. 'n Doelstelling van die traumabegeleidingsprogram is om die individu in staat te stel om te voel dat hy/sy beheer oor die traumatiese gebeure het. Dit word gedoen deur die individu te begelei om die verloop van sy/haar lewensverhaal te herstel. Daarom is dit nodig dat die individu die traumatiese gebeure deel van sy/haar lewensverhaal sal maak. Die traumatiese gebeure word deel van die individu se lewensverhaal deurdat hy/sy oor die gebeure praat en dit 'n plek in sy/haar lewe toeken. Die hulpverlener versoek die groeplede om weer vir die groep van hulle traumatiese gebeurtenis (plaasaanval) te vertel.

6.5.2 Die hulpverlener lê die volgende riglyne neer voordat die groeplede begin vertel, naamlik:

- Vertel wat gebeur het. Gaan deur die gebeurtenis. Begin aan die begin van die gebeurtenis en beweeg deur die gebeurtenis tot aan die einde daarvan.
- Vertel alles wat jy dink die groep moet weet, sodat jy kan weet dat die groep verstaan wat gebeur het.
- Moenie iets met iemand deel wat jy voel op hierdie stadium privaat gehou moet word nie.
- Jy kan op enige tydstip, as jy voel dit is nodig, ophou om jou verhaal te vertel. Die groep kan later, as jy voel dat dit nodig is, weer daaroor praat. So kry die individu die boodskap dat hy/sy gerespekteer word, hy/sy keuses kan maak en bemagtig word om probleme te bespreek of nie te bespreek nie.

- Enige slagoffer kan eerste begin.
- Die traumatoneel moet so lewendig moontlik herroep word, asof dit pas gebeur het. Dit moet hardop in die teenwoordige tyd vertel word.

6.5.3 Gedurende die vertelling van die verhaal realiseer die volgende:

Die individu word toegelaat om te bepaal watter detail hy/sy by sy/haar verhaal wil insluit. Dit is belangrik dat die slagoffer voel dat hy/sy 'n mate van beheer het en bemagtig is.

Tydens die narratief kan die hulpverlener die volgende uitgebreide vrae, wat die slagoffer lei om self sy/haar eie gevoelens en interpretasie aan die verhaal te gee, stel: Voor die hulpverlener dit doen, vra hy/sy of hulle sal omgee as hy/sy sekere vrae stel. Hierdie vrae dra ook daartoe by dat volledige inligting in die traumaverhaal oorgedra word. Die vrae het nie noodwendig 'n vaste verloop volgens die sessie of direkte verband met die teorie nie. **Die hulpverlener stel die volgende vrae aan die individue (Meichenbaum, 1997:129-131; Scott & Stradling 1992:10-12):**

VRAE WAT STORIEVERTELLING KAN STIMULEER

- Waar dink jy moet jy begin?
- Kan jy vir die groep vertel wat gebeur het?
- Wanneer het dit gebeur?
- Wat het aanleiding gegee tot die traumatiese gebeurtenis?
- Hoe lank het die gebeure geduur?
- Beskryf al die dinge waarvan jy bewus was.
- Beskryf die onmiddellike omgewing.
- Wat het deur jou gedagtes geflits?
- Hoe of wat het jy gedoen om te oorleef?
- Het die verkragting, aanval, skietery baie verandering in jou lewe meegebring?
- Wat het die verkragting, aanval, skietery jou laat ophou doen?
- Wat van die aanval het jou die meeste geraak?
- Hoe het die aanvallers gelyk?
- Wat het die aanvallers gesê voor, tydens en na die aanval?
- Wat het eerste gebeur?
- Wat het jy toe gedink?
- Wat het jy toe gevoel?

- Wat het volgende gebeur?
- Was enige wapens of gevaarlike objekte betrokke?
- Het jy gedink dat jy dood gaan of ernstig beseer gaan word?
- Het iemand na aan jou gesterf?
- Is jy beseer?
- Hoe het jy gevoel, hanteer jy die situasie op daardie stadium?
- Het jy 'n vroeëre insident, soortgelyk aan hierdie een, al beleef ?
- Wat was jou gevoelens en emosionele reaksies op daardie stadium?
- Wat het jy gesien, gevoel, geruik, gehoor, en wat dink jy het hulle gedink. Let op na liggaamlike sensasies (soos reuke, hartklop, spierspanning, swakheid in jou bene). Die individu herleef wat hy/sy gevoel het en wat hy/sy ook nou voel?
- Wat was jou fisiese reaksie?
- Wat was jou emosionele reaksies en gevoelens op 'n latere stadium?
- Wat was jou onmiddellike reaksie op die gebeurtenis?
- Wat was ander belangrike mense in jou lewe se reaksie op die traumatiese gebeurtenis.
- Wat beteken die gebeure vir jou en die belangrike mense in jou lewe?
- Mans en vroue ervaar trauma verskillend – Ervaar jy en jou huweliksmaat die gebeure verskillend? Hoe verskil julle ervaring daarvan? Watter effek het dit op julle huweliksverhouding? Wat is die effek daarvan op jou genesing?
- Vertel van die pyn wat die trauma gebring het.
- Wat was vir jou die ergste omtrent dit wat gebeur het?
- Slagoffers bereik 'n punt waar hulle hulle afvra: "Waarom het hierdie traumatiese gebeurtenis plaasgevind?" Het jy dit ook al gevra?
- Hoe kyk jy nou na die insident? Wat was jou gevolgtrekking oor dit wat jy gesien en beleef het?
- Wat het jy besluit om te doen en waarom?
- Wat was jou indrukke toe en nou?
- Wat gaan jy nou doen?
- Het jy behoefte daaraan om te praat?
- Soms voel 'n mens dat jy ander teleurstel of in die steek laat. Het jy op enige stadium so gevoel?
- Wat raak jou die meeste van die hele traumatiese ervaring?
- Hoe het jy mense vertrou voor die aanval? Hoe beïnvloed dit jou vertroue in mense? Hoe dink jy nou oor vetroue?

- Hoe voel jy nou oor jou vertroue in jouself?
- Kan jy vir die groep vertel hoe dinge was voor die aanval?
- Vertel vir die groep van die drome en ideale wat jy gehad het voor die traumatiese gebeurtenis.
- Was daar enige konflikte en stryd voor die trauma?
- Vertel vir die groep van belangrike verhoudings wat jy voor die traumatiese gebeurtenis gehad het.
- Hoe het dinge verander?
- Dink jy dat jy pertinente probleme sedert die trauma ondervind?
- Wat jy beskryf het, is 'n krisissituasie. In watter opsig is dit anders as ander spanningsvolle gebeure wat jy al in jou lewe beleef het?
- Was jy al in soortgelyke situasies? Wat het jy gedoen? Hoe het dit afgeloop? Wat weet jy nou wat jy toe nie geweet het nie?
- Watter advies sal jy vir 'n vriend gee wat vir jou iets soortgelyks vertel?
- Jy beskryf in hierdie geval dat jy gevoelens van ..... (hulpeloosheid, buite beheer, na aan die dood, soos 'n kind) ervaar het. Het jy al op enige ander tyd in jou lewe soortgelyke gevoelens ervaar?
- Kan jy jou gevoelens toelaat om tot uiting te kom? Indien nie, wat staan in jou pad?
- Hoe verduidelik jy die totale ervaring aan jouself?
- Het die traumatiese gebeure vir jou enige betekenis gehad?
- Deel jy jou gevoelens met enigiemand anders? Met wie? Hoe ervaar jy dit? Het dit jou gehelp om beter te voel? Wat is sleg daaromtrent?
- As jou emosionele pyn kon praat, wat sou dit sê? Jou kop sê iets anders as jou hart, wat sê jou hart?
- Dink jy dat jy genoeg inligting oor jou situasie het en oor dit wat besig is om met jou te gebeur? Watter inligting dink jy het jy nog nodig?
- Dink jy daar is aspekte van die traumatiese gebeure wat die groep nie genoegsaam hanteer nie?
- Waaroor praat ons nie waaroor jy dink ons oor behoort te praat?
- Dink jy jy het hulp nodig vir enige probleme wat opgeduik het?
- Wat wil jy bereik met die terapie?
- Wat wil jy verander?
- Wat is jou doelwitte?
- Hoe sal jy anders wil optree?

- Is dit die eerste keer dat jy hulp ontvang? (Indien nee, bespreek vorige ervarings) Het jy tevore al terapie ontvang? (Indien ja, bespreek jou ervaring daarvan? Wat het gehelp? Wat het nie gehelp nie?)
- Het jy enige vorige ervarings van berading?
- Hoe voel jy oor die aangebode hulp of terapie?
- Hoe verwag jy dat die terapie of berading jou gaan help?
- Hoe lank verwag jy dat die terapie gaan duur om jou te help om jou doelwitte te bereik?

6.6 NORMALISERING EN REGVERDIGING VAN DIE INDIVIDU SE GEDAGTES EN REAKSIES

Die hulpverlener doen die volgende:

Nadat die hulpverlener en die groeplede na mekaar se verhale geluister het, gee die hulpverlener erkenning aan die dieptegraad van die traumas (Meichenbaum, 1997:350). Die hulpverlener gee nou aan die groeplede geleentheid om hierop te reageer. Die hulpverlener normaliseer deurlopend deur te verduidelik dat elke groeplid 'n abnormale gebeurtenis ervaar het en verduidelik ook dat elke slagoffer reaksies ervaar wat hulle nie verstaan nie. In die groep word daar by ander groeplede gehoor dat hulle soortgelyke emosies ervaar het en so blyk dit dat baie van die reaksies vir die gegewe omstandighede normaal is. Die hulpverlener noem dat traumatiese gebeure simptome by feitlik enigeen kan skep, ongeag of die individu vorige ervarings van trauma gehad het. Die hulpverlener verseker elke groeplid dat hy/sy nie alleen in die ervaring van hierdie gevoelens is nie, maar dat dit normale reaksies op abnormale situasies is. Om patalogie te vermy, word hier liefs na posttraumatiese reaksies en nie na posttraumatiese stresversteurings verwys nie (Meichenbaum, 1997:350). Die hulpverlener skep weer geleentheid vir gesprekvoering onder die groeplede.

Die hulpverlener vra die groeplede of dit vir hulle enige waarde gehad het om hulle verhaal te vertel. Hy/sy vra ook aan wie hulle graag nog hulle verhaal sal wil vertel en/of weer wil vertel. Die hulpverlener beklemtoon die belangrikheid daarvan om oor hierdie gebeure te praat totdat daar genesing en verligting kom. Deur met ander oor sy/haar traumaverhaal te praat tree die slagoffer in herverbinding met sy sosiale netwerk (familie, vriende en gemeenskap). Isolering van hierdie belangrike steunstelsel is dikwels die gevolg na traumatiese gebeure. Om dit moontlik te maak om met ander oor die traumatiese gebeure te praat, gaan die groeplede nou elkeen 'n manuskrip opstel oor sy/haar traumaverhaal.

6.7 Voorbereiding van 'n manuskrip

Die hulpverlener doen die volgende:

Die groeplede word versoek om 'n manuskrip oor hulle traumaverhaal voor te berei wat die traumatiese gebeurtenis volledig weergee. Die groeplede moet seker maak dat die verhaal in die manuskrip oor 'n konteks, feite, emosie en betekenis beskik. As verskillende traumatiese gebeurtenisse voorgekom het, word daar vir elkeen afsonderlik 'n manuskrip opgestel. Hierdie manuskrip/te kan tuis of tydens die sessie voorberei word. Indien die manuskrip tuis voorberei word, kan die groeplede aangemoedig word om die opdrag eers met die hulpverlener te bespreek alvorens hulle die herinneringe met ander deel. Die groeplede word aangemoedig om hierdie herinneringe tuis oor en oor vir hulleself, vir 'n huweliksmaat, kinders en ander betekenisvolle persone in hulle lewe te lees, want so word die gefragmenteerde herinneringe tot 'n samehangende getuienis omvorm. So brei die individu sy/haar manuskrip uit tot die finale geskrewe getuienis afgehandel is. Die individu moet in die teenwoordige tyd oor die verhaal dink en dit vertel. Die individu moet gevoelens so volledig moontlik ervaar en so volledig moontlik uitdruk. Gaan deur hierdie manuskrip tot jy nie meer daaroor wil praat nie. (Hierdie oefening moet liewer nie sonder die teenwoordigheid van 'n maatskaplikewerkhulpverlener gedoen word as die slagoffers indringende emosies, angs en spanning oor die gebeure ervaar nie.)

6.8 Huiswerk

Die groeplede kry die volgende opdrag:

- Die individu kry opdrag om hierdie verhaal elke dag by die huis te gaan deurlees. Indien die individu dink daar is nog inligting (gedagtes, gevoelens en reaksies) wat weggelaat is, moet dit bygewerk word.
- Die individu kry opdrag om 'n klankband oor die verhaal te maak.
- Die individu moet hierdie verhaal vir 'n persoon na aan hom/haar gee om deur te lees, of die individu kan self die verhaal aan die persoon voorlees, of die individu kan die verhaal vir die persoon oorvertel, of die individu kan die persoon na die band laat luister.

6.9 Die keuse wat die slagoffer maak – "Genesing of verkniesing?"

Die hulpverlener kommunikeer die volgende aan die groep:

Dit is nie ongewoon dat 'n individu vrees dat hy/sy beheer kan verloor nie. Dit is 'n teken dat belangrike dinge oor die traumagebeurtenis voorkom waardeur die slagoffer moet werk. Die slagoffer mag nie verantwoordelikheid aanvaar vir die traumatisering van die gebeurtenis nie, maar hy/sy kan wel verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om vir homself/haarself om te gee. Tyd alleen laat nie vernietigende emosies verdwyn nie. Behoefte bestaan daaraan om te leer hoe om die verlede agter te laat en om op te hou om tyd daaraan te bestee, en jouself dan toe te laat om voort te gaan met die lewe.

Die vraag is nou: Wat kies jy, verkniesing of genesing? Laat die groep dit bespreek.

7. SAMEVATTING

7.1 Die hulpverlener vra die groeplede die volgende:

Tot watter gevolgtrekking kom julle? Bespreek in die groep.

7.2 Die hulpverlener doen die volgende:

Gee 'n samevatting uit die inligting wat die groeplede met mekaar gedeel het en bring ook byvoegings aan.

8. AFSLUITING

Die groeplede evalueer en die hulpverlener sluit die sessie af.

SKEMATIESE VOORSTELLING 5: UITEENSETTING VAN MODULE 3 - EMOSIES EN REAKSIE OP TRAUMA

MODULE 3

Emosies en reaksies op trauma

⇩

TEMA

"Wat voel ek?"

⇩

DOEL

Om die individu bewus te maak van die tipiese emosies en eienskappe van 'n individu wat 'n traumatiese ervaring deurgemaak het.

Om die individu in staat te stel om sy/haar emosies op traumatiese gebeure uit te druk en te erken.

Om die individu in staat te stel om die fases van rou na traumatiese gebeure te identifiseer en as normaal te sien.

Om die individu in staat te stel om die posttraumatiese simptome as tekens van herstel te identifiseer, te normaliseer en te herdefinieer.

⇩

BENODIGDHEDE

Uitdeelstukke 5 en 6

Skryfbehoeftes

⇩

WENKE VIR DIE AANBIEDER

Vernietiging van mites

Inligting oor aktiveerders van gebeure en die gevolge daarvan

Inligting oor spesifieke probleme

⇩

AANBIEDING

Emosies op traumatiese gebeure

Rou oor verliese

Stadiums van rou – Uitdeelstuk 5

Simptome as tekens van herstel

Normalisering en regverdiging

Beskrywing van die individu se reaksies op traumatiese gebeure as simptome – Uitdeelstuk 6

Herdefinieer simptome

Stut die individu se selfdoeltreffenheid en hoop

⇩

SAMEVATTING

Gevolgtrekking en samevatting

⇩

AFSLUITING

Evalueer en sluit die sessie af.

MODULE 3 – EMOSIES BY EN REAKSIES OP TRAUMA

1. TEMA

"Wat voel ek?"

2. DOELSTELLING

Om dit vir die slagoffer moontlik te maak om die emosies en reaksies op trauma te verstaan en te hanteer.

3. DOELWITTE

Hierdie sessie stel die volgende ten doel, naamlik:

3.1 om die individu bewus te maak van die tipiese emosies en eienskappe van 'n individu wat 'n traumatiese ervaring deurgemaak het;

3.2 om die individu in staat te stel om sy/haar emosies op traumatiese gebeure uit te druk en te erken;

3.3 om die individu in staat te stel om die fases van rou na traumatiese gebeure te identifiseer en as normaal te sien; en

3.4 om die individu in staat te stel om die posttraumatiese simptome as tekens van herstel te identifiseer, te normaliseer en te herdefinieer.

4. BENODIGDHEDE

4.1 Skryfbehoeftes

4.2 Uitdeelstukke 5 en 6

5. WENKE VIR DIE AANBIEDER

Emosies by en reaksies op trauma kan op die volgende wyses met ander gedeel word: Die groeplede kan tot nieverbale kommunikasie (teken en verf), geskrewe kommunikasie (skryf van die traumastorie) of verbale kommunikasie (vertelling van die traumastorie) oorgaan. Waar nieverbale en geskrewe kommunikasie gebruik word, is dit belangrik dat die hulpverlener en

die slagoffer in gesprek sal tree om te verseker dat alle detail wel aandag geniet omdat die kommunikasie van emosies genesende waarde het.

6. AANBIEDING – INHOUD EN TOEPASSING

6.1 Opening

Open die sessie.

6.2 Terugvoer

Kry terugvoer van die groeplede oor die vorige sessie en stel vas of iets daaruit voortgespruit het wat hulle wil bespreek.

6.3 Emosies by traumatiese gebeure

Die hulpverlener deel die volgende met die groeplede:

> Na 'n traumatiese gebeurtenis kom daar tye voor wanneer die individu emosioneel goed voel en dan kom daar weer tye voor wanneer hy/sy sleg voel. Hierdie emosionele skommelings (ops en afs in die individu se emosies) is deel van genesing. Gevoelens van angs, skuld, hartseer en vrees kan moontlik vir die individu bo ander gevoelens uitstaan. Die individu kan ook gevoelens ervaar soos skaamte en onttrekking, asook dat hy/sy nie geliefd is nie. Hy/sy kan aseksueel voel en wantrouig staan teenoor ander. Al hierdie gevoelens, hoe onaangenaam ook al, is normaal vir 'n persoon wat trauma ervaar het. Gee die individu toestemming om hierdie gevoelens te mag hê (Conyers-Boyd, 1992:274). Die individu moet nie skuldig voel oor hierdie gevoelens wat hy/sy ervaar nie. Hy/sy moet ook nie skuldig voel omdat hy/sy hierdie gevoelens nie kan beheer nie. Die individu sal sien dat sodra hy/sy meer beheer oor homself/haarself het, hy/sy minder skuldig gaan voel oor hierdie emosies, en dat hy/sy beheer begin verkry oor hierdie gevoelens. Deur te leer watter denke en aksies die individu se gevoelens beïnvloed, kan hy/sy leer om meer beheer oor sy/haar gemoed te verkry (Miranda *et al.*, 1992:130).

6.4 Die herkenning van 'n individu wat die effek van trauma deurmaak

Die hulpverlener gee aan die groeplede die opdrag om die volgende vrae asook te bespreek:

- Dink terug aan die traumatiese gebeure.
  - * Wat was jou emosies en reaksies net na die traumatiese gebeure?
  - * Hoe dink julle herken 'n mens 'n persoon wat die effek van trauma deurmaak?
- Die groeplede neem deel aan hierdie bespreking.

6.5 Rou oor verliese

6.5.1 Die hulpverlener deel die volgende met die groeplede:

'n Traumatiese gebeurtenis soos 'n plaasaanval, kan die verlies van 'n geliefde insluit, maar ook baie ander verliese. Die normale reaksie van enige mens, wanneer hy/sy iets belangriks in sy/haar lewe verloor het, is om hartseer te wees en gewoonlik wys hy/sy die hartseer onwillekeurig. Dit beteken dat 'n individu nodig het om te rou oor hierdie verliese wat hy/sy ervaar. Hy/sy rou deur sekere gevoelens te hê oor die verliese en deur na die gebeure op sekere maniere op te tree.

Die groeplede bespreek die verliese wat na 'n traumatiese gebeurtenis ervaar word:

- Bespreek die verliese wat julle dink 'n mens het in die geval van 'n plaasaanval.
- Bespreek die gevoelens wat ervaar word oor die verliese na die traumatiese gebeurtenis.

6.5.2 Die hulpverlener normaliseer deur die volgende uit te lig (saamgevat uit Meichenbaum, 1997:350):

- Enige gebeurtenis wat buite die raamwerk van die gewone menslike ervaringsveld lê, is vir feitlik enige individu angswekkend.
- Posttraumatiese stresreaksie is daarom normaal.
- Dit kan met enigeen gebeur wat dieselfde ervaar het as wat die slagoffer ervaar het.
- Elke mens het sy/haar breekpunt.
- Dit is nie ongewoon vir mense om sterk emosies in reaksie op traumatiese gebeure te hê nie. Die vrees vir fisiese en psigologiese seer, asook die vrees vir die dood, is normaal in sulke omstandighede. Dit is nie normaal om nie bang en onsteld te wees nie.
- Die individu mag hartseer voel oor verliese wat hy/sy ervaar. As hy/sy treur oor sy/haar verliese, wys die individu sy/haar hartseer. Gewoonlik probeer hy/sy nie aan ander wys dat

hy/sy treur nie, omdat hy/sy dink dat dit onbehoorlik is om hartseer uit te druk. Die mens wat sy/haar hartseer in woorde uitdruk en openlik rou, is die uitsondering en nie die reël nie. As die individu sy/haar hartseer onderdruk, dink ander hy/sy huil nie en praat nie oor sy/haar verlies nie en dink hulle hy/sy het sy/haar verlies verwerk omdat hy/sy minder daaroor praat. Maar eintlik is hy/sy net besig om sy/haar hartseer te onderdruk en weg te steek. In werklikheid stel hy/sy net sy/haar proses van herstel uit. Wanneer die individu hartseer onderdruk, het dit die gevolg dat sy/haar emosies stadig en geleidelik uitlek of dat hy/sy emosionele uitbarstings kry.

6.6 Stadiums van rou

Die hulpverlener bespreek uitdeelstuk 5 wat handel oor die stadiums van rou wat slagoffers na traumatiese gebeure ervaar en dalk nog steeds ervaar (Coetzer, 2000:9, Sessie 2; Eaton & Nieuwoudt, 1996:17; Figley & Kleber, 1995:93; Hicks, 1996:49-52; Horowitz soos aangehaal deur Peterson *et al.*, 1991:28); Lavie in Peterson *et al*, 1991:27; Peterson *et al.*, 1991:25-29, 49-50; Struwig, 1997:24-27; Winn, 1994:3):

Bespreek Uitdeelstuk 5.

Die hulpverlener maak die volgende opmerking:

Hierdie stadiums van rou wat elke persoon ervaar, vind nie noodwendig in 'n spesifieke chronologiese of voorspelbare volgorde plaas nie. Die stadiums of dramas is meer logies as chronologies. Mense verwerk trauma verskillend en teen verskillende tempo's.

6.7 Beskrywing van die individu se reaksies op traumatiese gebeure as simptome

6.7.1 Die hulpverlener deel die volgende met die groeplede:

- Elke individu ontwikkel sekere strategieë om pyn te kan oorleef. Die individu se reaksie op traumatiese gebeure word as simptome uitgelig. Van hierdie strategieë werk 'n ruk lank, maar dan begin die pyn weer sy tol eis. Eers net in die innerlike, maar later ook in die uiterlike welsyn van die individu. Sodra die individu die pyn begin voel, begin hy/sy rou. Sodra die pyn erken en gedeel word, bevry die individu hom/haar van die juk wat die pyn op hom/haar lê (Hicks, 1996:47). Jy is nie alleen in die ervaring van hierdie gevoelens nie. Dit is 'n normale respons op 'n abnormale situasie.

- Erken die erns van die impak van elke individu se trauma. Die hulpverlener deel die feit dat traumatiese gebeure simptome by feitlik enigeen kan skep, ongeag die individu se voor-trauma ervaringe.

6.7.2 Die hulpverlener behandel die volgende met die groeplede. Gee 'n beskrywing van posttraumatiese stresreaksie en DSM IV-kriteria. Hierdie kriteria (Uitdeelstuk 6) (Meichenbaum, 1997:47-48) dui aan hoe die individu op traumatiese gebeure reageer. Die individu se reaksies op traumatiese gebeure word as simptome (Hudgins, 2002:202-203; Meichenbaum, 1997:47-48; Sympson, 2000:286-287) beskryf:

- Werk saam met die groeplede deur die kriteria. Spesifieke klem val op die aanvanklike sin in Uitdeelstuk 6 wat kriterium A beskryf.
- Die groeplede en hulpverlener bespreek die simptome.

6.7.3 Die hulpverlener normaliseer aan die hand van die volgende verduideliking (Meichenbaum, 1997:350):

- Dit is nie ongewoon vir 'n individu om sterk emosies in reaksie op traumatiese gebeure te hê nie. Die vrees vir fisiese en psigologiese seer en die vrees vir die dood is normaal. Dit sal nie normaal wees om nie beangs te wees nie. Om nie bang te wees nie is ook onrealisties. Die hulpverlener gebruik die metafoor van 'n psigologiese nadraai of naskok om die onmiddellike en uitgestelde reaksies op die traumatiese gebeure te beskryf.
- Reaksies op traumatiese gebeure verskyn gedurende, kort na en/of heelwat later (indringende verbeelding, gevoelloosheid, angs, woede en droefheid).
- Trauma beteken wond. Net soos 'n liggaam gewond word en 'n gebreekte been verbind word en tyd nodig het om te genees, moet psigologiese wonde na traumatiese gebeurtenisse ook versorg word en tyd hê om te genees.
- Dit is nie ongewoon dat 'n individu vrees dat hy/sy beheer kan verloor nie. Dit is net 'n teken dat daar belangrike dinge rakende die trauma is wat die inidividu wil deurwerk. Die individu kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir die viktimisering nie, maar kan wel verantwoordelikheid aanvaar vir sy/haar eie versorging. Tyd genees nie alle onaangename gebeure in die verlede nie en daarom het die individu nodig om die verlede agter hom te laat en op te hou om tyd daaraan te bestee. Die individu moet homself/haarself toelaat om aan te gaan met sy/haar lewe (Meichenbaum, 1997:351).

6.7.4 **Die hulpverlener lewer die volgende inset en versoek die groeplede om te reageer (Meichenbaum, 1997:351-352):**

Dit was 'n mondvol, kom ons besin nog saam ..... Vra die individue se reaksie op die beskrywing van posttraumatiese stres en die implikasies wat dit vir hulle reaksies en prosesse van verandering inhou.

6.7.5 **Individue moet gehelp word om hulle simptome te herken en te benoem. Selfmonitering geskied deur 'n daaglikse simptoomkontrolelys of deur rekord te hou van al die aktiveerders. Deur die individu se simptome objektief voor te stel, gee dit 'n mate van beheer en verminder dit die gepreokkupeerdheid wat sommige individue het dat daar iets met hulle verkeerd moet wees omdat hulle sekere reaksies toon. Wys dit aan die individu uit dat sy/haar simptome moontlik die volgende kan insluit:**

- Herbelewing van die trauma (terugflitse, indringende denke, nagmerries wat 'n mens teister)
- Herbelewing van emosionele gevoelloosheid ten opsigte van die aanvanklike blootstelling wat vir selfbeskerming aangewend
- Oordrewe waaksaamheid en woede wat inmeng met konsentrasie en daaglikse funksionering
- Die individu se neiging om in die herbelewing van die trauma te bly leef. Alle mense is geneig om op 'n stadium beide in die verlede en in die toekoms te reflekteer. Vra die individu of hy/sy geneig is om dit meer dikwels te doen en of sy/haar denke geneig is om te draal en of die herinneringe angswekkend is. Voel die individu dat hy/sy nie in staat is om sulke herinneringe te beheer nie, asof hulle ongenooid te voorskyn kom en buite beheer is? Ervaar die individu dit soos 'n elektriese skakelaar wat aangeskakel word? Die denke en prentjies kom asof van nêrens. Die pyn/stres maak deure van slegte herinneringe oop. Hy/sy word onkant betrap.

6.7.6 Die hulpverlener vra aan die groeplede die volgende:

Die hulpverlener kan die groeplede vra of dit vir hulle voel asof hulle tyd verloor, afgesonder is en of dinge vir hulle vreemd lyk. Vind uit of mense vir die slagoffer sê: "Jy het nie gehoor wat ek sê nie. Jy is nie met ons nie. Waar is jy?" Die hulpverlener vertel dat dit ooreenstem met 'n geval waar jy byvoorbeeld vir 'n lang ruk motor bestuur terwyl jy in jou denke afdwaal sonder om dit te besef, totdat jy jou skielik afvra of jy nie dalk al by 'n sekere afrit verby is nie? Het die slagoffer al soortgelyke ervaringe gehad? Sien raak dat daar tye is dat individue nie eens besef dat hulle peins of tydgleuwe in die verlede het nie. Hierdie bespreking van bepeinsing lei tot 'n bespreking van hoe om indringende verbeelding kognitief te herdefinieer en van maniere om dit te beheer, soos hieronder beskryf.

As hierdie gevolge geëtiketteer, beskryf en bevestig kan word, kan hulle onbekendheid verdwyn. Sulke ervarings kan nou met belangrike persone in die individu se lewe gedeel word, eerder as om dit te verswyg (Meichenbaum, 1997:352). Fokus op die versoekinge en gevare van die gebruik van alkohol en dwelms as 'n manier om die simptome mee te hanteer of om die impak van posttraumatiese stresreaksies mee te verminder. Fokus ook op hoe mense afskakel, onttrek, die saak vermy en op die moontlike effek van viktimisering op interpersoonlike areas soos vertroue, intimiteit en seksuele verhoudings (Meichenbaum, 1997:352-353). Lewer kommentaar op die onderhandelende aard van gedrag. Help die individu om in te sien hoe sy/haar gedrag onopsetlik reaksies by ander ontlok, wat die individu se siening van die self en die wêreld bevestig.

6.8 Herdefinieer simptome

Die kenmerk van herdefiniëring (opvoedkundige proses) is dat die individu gehelp word om simptome anders te benoem, naamlik as **hanteringsmeganismes,** as **selfbeskermende en helingspogings** en as 'n **normale deel van die herstelproses. Herdefiniëring** moet nie te vroeg in die maatskaplike hulpverleningsproses toegepas word nie. Die hulpverlener moet eers hoor wat die individu se emosionele pyn is, anders sal die individu nie voel dat die hulpverlener die erns van sy/haar nood erken nie. Die hulpverlener gebruik onderstaande lys om ooreenkomste en simptome van die individu te erken. Die individu moet nie oorweldig voel word nie (Meichenbaum, 1997:353).

Die volgende simptome kan deur die hulpverlener geherdefinieer word as hanteringsmeganismes waarmee die individu hom/haar probeer beskerm het en as poging om na die traumatiese gebeure te herstel:

- **Indringende verbeelding** – Die individu ervaar terugflitse en nagmerries in 'n poging om sin te maak uit die gebeure. Terugflitse/nagmerries is toegangsroetes na herinneringe en na aspekte van die dramatiese herinneringe wat onwillig herleef word. Terugflitse is leidrade om mee te werk. Terugflitse en indringende verbeelding dui daarop dat jy aktief poog om inligting te verwerk en om sin te maak uit wat gebeur het. Indringende beelde wat met emosies gepaard gaan, is die psigologiese oorblyfsels van posttraumatiese stres. Feitlik alle persone wat traumaties stresvolle ervaringe soos natuurrampe en oorlog ervaar het, ervaar die gebeurtenis in die een of ander vorm (drome, nagmerries, herinneringe en terugflitse). As die individu nie omgegee het oor die verlies nie, sou hy/sy nie terugflitse en indringende denke gehad het nie. Die huidige trauma kan herinneringe van vorige traumas in die individu se lewe oproep (Meichenbaum, 1997: 353).
- **Ontkenning en gevoelloosheid** - Dit is maniere waarop die verstand tyd uitsny as 'n hanteringsmeganisme, sodat die individu met net soveel stres met 'n slag sal sit as wat hy/sy kan hanteer. Dit is 'n manier van ontrekking aan angswekkende inligting met 'n slag wanneer hy/sy nie in staat is om die inligting te konfronteer of te verwerk nie (Meichenbaum, 1997:353).

- **Ontkenning** laat 'n individu toe om die tempo waarteen die individu die inligting en implikasies van wat gebeur het, te vertraag of te beheer. Ontkenning laat die individu 'n klein bietjie met 'n slag hanteer (Meichenbaum, 1997:353).
- **Vermyding** – Dit was vir die individu belangrik om die besonderhede van die gebeure uit sy/haar bewustheid te ban. Maar noudat hy/sy veiliger voel en meer in beheer is, kan hy/sy bekostig om geleidelik die paniek te voel en teen sy/haar eie tempo deur die pyn, angs en vrees te werk (Meichenbaum, 1997:353-354).
- **Emosionele gevoelloosheid** is episodies - dit kom en gaan. Dit laat die individu toe om aan die gang te bly. Dit kan gesien word as 'n poging van die individu om nie beheer te verloor nie en om nie oorweldig te word nie. Die herhaalde belewing van die moment van die trauma kan een manier wees om deur te breek deur die gevoelloosheid en diskonneksie. Sulke opmerkings het ten doel om aan individue te kommunikeer dat hulle simptome 'n sekere doel dien en nie sommer maar net toevallige onbeheerbare emosies is nie (Meichenbaum, 1997:354).

- **Losmaking en isolasie** van ander kan beskermend wees, spesifiek wanneer die individu die verlies van emosionele beheer vrees. In reaksie op 'n vrees dat jy ander dalk kan seermaak, kan dit as 'n vorm van beskerming dien (Meichenbaum, 1997:354).

- **Dissosiasie** op die tyd van die gebeure kan gesien word as 'n nuttige meganisme vir die beveiliging van die integriteit van die individu se persoonlikheid. Dit is 'n verdediging teen trauma, vrees en angs. Dit is ook 'n manier om pynlike gebeure buite die bewuste en herinneringe te hou. Dissosiasie reflekteer die vermoë om te vergeet in 'n poging om te oorleef. Later kan hierdie denke en gevoelens terugkeer in die vorm van indringende herinneringe. Dissosiasie kan gesien word as die verstand se manier om tou op te gooi. As die verstand nie tou opgooi nie, kan dit totaal en al uitgeput raak. Die onbewuste verstand neem dan oor, maar dit is nie heeltemal gereed om vrees te ervaar nie. In plaas daarvan word die verstand losgemaak en die gebeure word uitgesny. Dissosiasie kan vergelyk word met wat met 'n pasiënt gebeur wat op 'n teaterbed lê en homself kan sien. Dit word as 'n soort "buite die liggaam"-ervaring beskou. Alkoholmisbruik en ander afhanklikheidsvormende middels kan gebruik word om 'n dissosiasie te skep. Dit kan ook 'n impulsiewe handeling wees as 'n soort vlug weg van die individu se gevoelens en 'n ontsnapping van homself/haarself (Meichenbaum, 1997:354).

- **Hiperwaaksaamheid** - Boere en hulle gesinne is deesdae ingestel daarop om gevaar aan te voel en raak te sien nog voordat dit voorkom. Boere en hulle gesinne word sodanig toegerus dat dit tweede natuur is om so gou as moontlik te reageer op enige gegewe gevaar. Hulle ontwikkel later 'n geheimsinnige vermoë om gevaar uit te snuffel, om risiko's aan te voel en te antisipeer. Hierdie vaardigheid is krities vir die individu se oorlewing en vir die veiligheid van ander. In die daaglikse lewe gaan sommige boere voort om te leef asof met dieselfde gedrag in die vorm van hiperwaaksaamheid. Medikasie, alkohol en dwelms kan deur die individu geneem word om hierdie valsalarmsisteem en -reaksie te demp (Meichenbaum, 1997:354-355).

- **Gedragselfblaam** kan gesien word as 'n poging om toekomstige gedrag te beïnvloed. Help die individu om pogings van selfblamering kognitief te herdefinieer as 'n poging om beheer te verkry. Om skuldig te voel maak sin, gesien in die lig van wat met die individu gebeur het. Eksploreer saam met die individu of hierdie siening sin maak. Werk saam met die individu om voorbeelde te genereer. Onderskeid kan getref word tussen twee tipes selfblaam naamlik (i) toegeskryf aan spesifieke gebeure soos "Ek het aan die verkeerde kant van die pad gery" en (ii) toegeskryf aan eienskappe soos "Ek is 'n onnosel persoon". Selfblaam veronderstel dat iets in die toekoms daaraan gedoen kan word. Dit bring die moontlikheid mee dat verandering en beheer moontlik is (Meichenbaum, 1997:355).

- **Swart-wit digotome denke** - Vir die boer en sy gesin is wit-en-swart-denke nodig. Dit waarborg in hulle veiligheid en dit verseker oorlewing (die vyand is sleg en verdien die dood, ons is goed en moet beskerm word). In die daaglikse lewe word gevoelens soms aktiveerders en wanneer die individu by 'n argument betrokke is of 'n bedreiging ervaar of dreigende gevaar beleef, glip die individu terug in die ou denkpatroon. Hierdie aangeleerde denkpatroon is natuurlik. Die individu se denke word nie as 'n fout uitgewys nie, ook nie as 'n verdraaiing nie, maar daarmee eerder as oorveralgemening omdat die individu daarmee voortgaan om iets te doen wat nie eintlik nodig is nie. Die individu het nodig om te leer om sekere patrone raak te sien, saam te vat, te onderbreek en te verander (Meichenbaum, 1997:355).
- Die hulpverlener kan praat van die "wisdom of the body" eerder as die verstand wat uitsny. Ontkenning is een van die natuur se klein genadetjies. Beklemtoon dat hierdie simptome **oorlewingstrategieë** is wat tydens die trauma toegepas is, maar dat dit nie meer nodig is nie (Meichenbaum, 1997:355).
- Beklemtoon dat die individu gedoen het wat hy/sy nodig gehad het om te doen om te kon oorleef. **"There is a wisdom in survivorship that is worth salvaging."** Die slagoffer kan kies om 'n getuie te word en 'n nuwe lig te skep. Behoefte bestaan daaraan om pynlike herinneringe te respekteer in plaas daarvan om dit teë te staan. Om getuienis te gee deur te skryf, teken, skets en skilder, en deur uit te reik en 'n missie te vind, kan die individu onthou en rou (Meichenbaum, 1997:355). Help die individu om sy traumastorie te verander (Meichenbaum, 1997:356).
- Die begeerte om te vergeld is die spieëlbeeld van traumatiese herinneringe met die rol van die oortreder en die slagoffer omgeruil. Vergifnis is 'n geskenk aan die self. **Wat is die beste vergelding? Om die lewe goed te leef** (Meichenbaum, 1997:356)!
- Ooreenkomstig die interpersoonlike gevolge van posttraumatiese stresreaksie kan die hulpverlener die individu help om die transaksionele aard van sy/haar gedrag te waardeer. Verduidelik dat psigiese trauma soos 'n klip is wat in die water gegooi word. Dit skep 'n rimpeleffek, nie net vir die slagoffer nie, maar ook vir die na aan hom/haar. Kyk of dit met die individu gebeur het! Beklemtoon hier die transaksionele aard van menslike gedrag in die geval van depressie of aggressie. Dan word die individu versoek om na sy/haar eie gedrag te kyk. Vra: **Wat dink jy weet ons van 'n persoon wat depressief is?** Hulle handel op 'n manier wat ander mense afstoot. Laat die individue ook voorbeelde noem. Die reaksie van daardie individue wat afgestoot word, se gedrag versterk die depressiewe

persoon se bekommernis oor verwerptheid. Depressiewe mense lewe op maniere wat reaksie van ander oor hulle bevestig (Meichenbaum, 1997:356).

- Die hulpverlener kan opmerk dat, terwyl die individu nie die trauma en die letsels wat die trauma gelaat het, kan wegneem nie, hy/sy tog kan leer om te leef ten spyte van die wonde wat nie gesond gaan word nie (Sinclair in Meichenbaum, 1997:356). Die hulpverlener kan ook noem dat, al het die individu 'n siektetoestand, dit nie beteken dat hy/sy siek hoef te wees nie (Lipton, soos aangehaal deur Meichenbaum, 1997:356). Viktimisering kan met gebrokenheid vergelyk word. Oorlewing kan met genesing en verbetering vergelyk word. Die individu moet daaraan werk om homself/haarself daartoe te bring dat hy/sy homself/haarself nie meer sien as 'n slagoffer nie maar as 'n oorwinnaar.

Met herdefiniëring streef die hulpverlener daarna om die individu daartoe te beweeg dat hy/sy sy/haar storie so sal verstaan dat sy/haar gedrag oorlewingsvaardighede en hanteringsmeganismes is en dat dit aanvanklike tekens van herstel is. So sien die individu hierdie simptome dan as die eerste stap in die helingsproses en as 'n gunstige teken van herstel (Meichenbaum, 1997:356).

6.9 Stut die individu se selfdoeltreffendheid en hoop

6.9.1 Die hulpverlener stel die groeplede met die volgende gerus:

- Dit is normaal om gespanne en depressief te wees en om ander simptome ook te ervaar. Sê iets soos die volgende: "In die lig van dit waardeur jy is, sou ek bekommerd gewees het as jy nie stresreaksies gehad het, of depressief gevoel het, of nie getob het oor wat gebeur het nie (gebruik die individu se simptome). Hierdie gedrag toon aan (die groep) dat jy in voeling is met jou emosies. Jy is besig om te probeer om die gebeure te verstaan en om vorentoe te beweeg. Jy verkeer in die proses om te leer hoe om jou verdraagsaamheid teenoor negatiewe gevoelens te verhoog" (Meichenbaum, 1997:356-357).
- Moenie valse verwagtinge koester nie. Elke mens is uniek en elke mens se situasie is anders. Daarom is daar geen voorskrif vir herstel nie. Begeleiding is 'n voertuig waardeur elke individu gehelp kan word om self sy/haar eie persoonlike pad na genesing te ontdek of 'n unieke pad na herstel te vind na die traumatiese stres. Daar is nie 'n benadering wat die beste vir almal is nie. Verskeie maniere bestaan om by genesing uit te kom. Die vraag wat ons gaan ondersoek, is watter een die beste vir jóú is. As die een benadering wat ons gekies het nie vir jou werk nie, moet jy nie ontmoedig voel nie. Dit kan net beteken dat dit nie die

regte benadering vir jóú is nie. Dan vind ons iets wat vir jou werk. Ek is bereid om jou by te staan totdat ons uitgevind het wat vir jou werk. Dit neem tyd om te genees, vorentoe te beweeg en heel te word. Genesing vind nie oornag plaas nie. Jy herstel een tree met 'n slag.

6.9.2 **Die hulpverlener lees die volgende (Peterson *et al.*, soos aangehaal deur Meichenbaum, 1997:357) voor, waarna die groep die aanhaling bespreek:**

"A terrible thing befell me. Not only have I survived it, but I have incorporated it into me. I may hurt more, but I am wiser and stronger. I have overcome the darkness and the pain. I can move forward in my life. I can laugh and love and work. I overcame the traumas, they did not overcome me."

Die hulpverlener skep ruimte vir die groeplede om op bogenoemde aanhaling te reageer.

6.9.3 **Die hulpverlener bespreek die moontlikheid van verval en terugval.**

Dit gebeur dat ons daadwerklik probeer om ons traumasituasies te hanteer en te beheer. Maar dit gebeur tog en gaan nog gebeur dat ons iets probeer wat nie werk nie. Dit kan ook goed wees dat nie al ons pogings altyd werk nie. Dit is soos 'n eksperiment wat 'n navorser uitvoer. Soms werk die eksperiment, ander kere nie. Wanneer leer die wetenskaplike die meeste? Dikwels wanneer die eksperiment misluk.

Wanneer gaan jy die meeste leer? Dit is dikwels wanneer dinge nie werk nie of nie in die rigting beweeg wat jy wil hê dit moet nie. As alles wat ons doen, werk, is dit moontlik dat ons nie ten volle uitgedaag is nie. Elke mislukking is 'n normale deel van herstel.

Namate begeleiding vorder, kan onverwagte gebeure ons lewens beïnvloed, net soos 'n verkeerde afdraai ons hele toer kan beïnvloed. Maar die gehalte van die hele toer is selde aangetas weens 'n enkele draai of tydelike terugslag (Meichenbaum ,1997:357).

6.9 4 **Beklemtoon die volgende:**

Die oorlewingsvaardighede wat die individu op 'n stadium aangeleer het, is nie noodwendig meer geskik nie. Dit is so omdat hy/sy reageer op die huidige situasies soos hy/sy dit in die verlede gedoen het. Die individu gebruik uitgediende metodes om stressors te hanteer. Hier fokus die groep op oorveralgemening van response. Laat die individu uitlig wat hy/sy gedoen

het om te oorleef/oorwin (Meichenbaum, 1997:358). Die individu kon geleer het om oordrewe waaksaam te wees om sy/haar gesinslede te beskerm, maar een van die probleme is dat hy/sy nog steeds in die daaglikse lewe hiperwaaksaam is al is daar nie op die oomblik enige gevaar nie.

6.9.5 Posttraumatiese stresreaksie kan deur maatskaplikewerkhulpverlening hanteer word en begeleiding kan 'n lewenslange proses wees:

Hulpverlening kan moontlik langer neem as wat die individu verwag het dit sou duur, maar dit hoef nie vir ewig aan te hou nie. Die hoop bestaan dat die individu oor die vermoëns beskik om te genees van die effek van trauma. Daar kan lewe wees na 'n trauma. Daar sal 'n tyd in jou lewe kom dat die trauma nie die sentrale plek in jou lewe inneem nie (Meichenbaum, 1997:358). Tog kan daar in die toekoms situasies opduik wat emosies oor vorige traumatiese gebeurtenisse kan laat herleef. Begeleiding kan dan weer nodig wees.

6.9.6 Die hulpverlener noem die volgende:

- Simptome mag dalk nooit heeltemal weggaan nie. Dit is dalk nodig om dit deur te werk en dan voort te beweeg en nie die verlede toe te laat om jou van die teenwoordige en die toekoms te beroof nie (beklemtoon hoop). Daar is positiewe en negatiewe simptome wat daarop dui dat ons nooit die gebeure volledig sal vergeet nie. Sommige herinneringe kom sommer net na vore, ander herinneringe is geheg of verbind aan eksterne en interne gebeure. Saam gaan ons soek na hierdie verbindinge (Meichenbaum, 1997:358).
- Namate ons deur dit wat gebeur het werk en vra waarom dit gebeur het en op die trauma herfokus, kan sommige simptome moontlik vererger, voordat dit verbeter (Meichenbaum, 1997:358).
- Posttraumatiese reaksies kan beheer word, verminder word en die erns en frekwensie verloor en selfs geëlimineer word. (Hierdie proses gee aan die individu begrip vir wat gebeur het, wat tans besig is om te gebeur, wat moontlik nog met hom/haar kan gebeur, en wat hy/sy daaraan kan doen [dit gee 'n mate van 'n keuse en beheer.) Die herinneringe hieraan verdwyn dalk nie, tog sal dit die greep wat dit op jou het, verloor. Dit sal sy mag om jou te beheer, verloor. Sommige simptome kan terugkeer (Meichenbaum, 1997:358).
- Jy sal vind dat die resultaat van die ervaring wat jy gehad het, naamlik jou gewilligheid om dit aan te pak en daaraan te werk, positiewe voordele vir jou en jou lewe inhou. Jy moet baie sterk wees om te kon ervaar wat jy ervaar het en om nog steeds daaroor te kan praat (Scurfield, soos aangehaal deur Meichenbaum, 1997:359). Die blootstelling aan ekstreme

stresvolle gebeure kan 'n positiewe, gesondheidsbevorderende effek hê omdat dit tot nuwe aanpasbare prosesse lei.

7. SAMEVATTING

7.1 Die hulpverlener vra die groeplede die volgende:

Tot watter gevolgtrekking kom julle? Bespreek in die groep.

7.2 Die hulpverlener doen die volgende:

Gee 'n samevatting uit die inligting van wat die groeplede met mekaar gedeel het en bring ook byvoegings aan.

8. AFSLUITING

Die groeplede evalueer en die hulpverlener sluit die sessie af.

SKEMATIESE VOORSTELLING 6: UITEENSETTING VAN MODULE 4 - MY KEUSE?

DIE HANTERINGSPROSES

MODULE 4

"My keuse?" Die hanteringsproses

⇩

TEMA

Passiewe slagoffer of aktiewe oorwinnaar?

⇩

DOEL

Om die gedrag en denke wat die herstel na die traumatiese gebeure vertraag, te identifiseer.

Om hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie, te identifiseer.

Om hanteringsvaardighede wat probleemoplossend is, te identifiseer.

Om moontlikhede om beheer oor situasies te verkry, te ondersoek.

Om persoonlike hanteringsvaardighede om die traumatiese gebeurtenis te hanteer, te ondersoek.

Om hanteringsvaardighede om die emosionele seer na traumatiese gebeure te hanteer, te ontwikkel.

⇩

BENODIGDHEDE

Skryfbehoeftes.

Uitdeelstukke 7 - 10

⇩

WENKE VIR DIE AANBIEDER

Dit is nie soseer die traumagebeure, as die denke en gedrag daarna, wat bepaal hoe die gebeure geïnterpreteer en verwerk word nie.

⇩

AANBIEDING

Gedrag en denke wat herstel vertraag – Uitdeelstuk 7

Hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie – Uitdeelstuk 8

Hanteringsvaardighede wat probleemoplossend is – Uitdeelstuk 9

Om beheer oor 'n situasie te verkry

Persoonlike hanteringsvaardighede wat die slagoffer ontwikkel het om gebeure te kan hanteer – Uitdeelstuk 10

Hanteringsvaardighede wat ontwikkel word om emosionele seer te kan hanteer.

⇩

SAMEVATTING

Gevolgtrekking en samevatting.

⇩

AFSLUITING

Evalueer en sluit sessie af

MODULE 4 – MY KEUSE? DIE HANTERINGSPROSES

1. TEMA

Passiewe slagoffer of aktiewe oorwinnaar?

2. DOELSTELLING

Om hanteringsvaardighede aan te leer om beheer oor die traumatiese gebeure te verkry.

3. DOELWITTE

Hierdie sessie stel ten doel:

3.1 om die gedrag en denke te identifiseer wat die herstel na die traumatiese gebeure vertraag;

3.2 om die hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie, te identifiseer;

3.3 om die hanteringsvaardighede wat probleemoplossend is, te identifiseer;

3.4 om moontlikhede te ondersoek om beheer oor situasies te verkry;

3.5 om persoonlike hanteringsvaardighede wat die slagoffer ontwikkel het, te bestudeer om die traumatiese gebeurtenis te kan hanteer;

3.6 om hanteringsvaardighede te ondersoek wat die slagoffer kan ontwikkel om die emosionele seer wat die traumatiese gebeurtenis meebring, te kan hanteer;

3.7 om maniere te belig waarop gevoelens na die traumatiese gebeure hanteer kan word;

4. BENODIGDHEDE

4.1 Skryfbehoeftes.

4.2 Uitdeelstukke 7 – 10.

5. WENKE VIR DIE AANBIEDER

Volgens Scott & Stradling (1998:44) het Epictetus gesê: Mense word versteur, nie soseer deur gebeure nie, as deur die interpretasies wat hulle aan die gebeure heg.

6. AANBIEDING - INHOUD EN TOEPASSING

6.1 Opening

Open die sessie.

6.2 Terugvoer

Kry terugvoer van die groeplede oor die vorige sessie en stel vas of iets daaruit voortgevloei het wat hulle wil bespreek.

6.3 Gedrag en denke wat die herstel vertraag

6.3.1 Die hulpverlener lei die volgende sessie hiermee in:

Mense word versteur, nie soseer deur dit wat met hulle gebeur het nie, maar eerder deur dit wat hulle dink oor dit wat met hulle gebeur het. Individue interpreteer dus wat met hulle gebeur het, en hulle interpretasie daarvan bepaal dikwels hoe hulle hierdie gebeure hanteer en hoe hulle uiteindelik herstel. Dit is nodig dat daar in hierdie sessie gelet word op hoe gedrag en denke voor en na traumatiese gebeure lyk en hoe dit herstel beïnvloed.

6.3.2 Die hulpverlener vra die groeplede die volgende:

Wat dink jy, vertraag of rem jou herstel?

6.3.3 Die hulpverlener deel Uitdeelstuk 7 aan elke groeplid uit (Backus, 1996:22-23; Epstein, soos aangehaal deur Peterson *et al.*, 1991:50; Hicks, 1996:60-75; Wolfe, 1994:7):

Uitdeelstuk 7 word saam in die groep bespreek. Laat die groeplede deelneem en byvoegings aangebring.

6.4 Hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie

6.4.1 Die hulpverlener bespreek die volgende met die groeplede:

Dikwels hanteer die individu traumatiese gebeurtenisse so dat hy/sy dink dat hy/sy die oplossings vir die probleem gevind het, om maar net later uit te vind dat die probleem toe nie opgelos is nie.

6.4.2 Die groeplede kry die volgende opdrag:

Was daar al 'n keer dat jy gedink het die probleem is hanteer, maar toe het dit op die ou einde geblyk nie hanteer te gewees het nie?

6.4.3 Die hulpverlener deel Uitdeelstuk 8 uit (Epstein, soos aangehaal deur Peterson *et al.*, 1991:50).

Die hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie, word vervolgens bespreek.

6.5 Hanteringsvaardighede wat probleemoplossend is

6.5.1 Die hulpverlener kommunikeer die volgende aan die groeplede:

Die hanteringsvaardighede van trauma het baie te make met hoe 'n mens dink oor die traumatiese gebeure. Deurdat die individu denke rekonstrueer hy/sy oneffektiewe denke vervang met meer produktiewe en positiewe denke. Deur dit te doen, word die individu in staat gestel om sy/haar denke te assesseer en te verstaan in verhouding tot sy/haar gedrag.

6.5.2 Die groeplede bespreek die volgende:

Hoe dink jy kan die probleem hanteer word?

6.5.3 Die hulpverlener deel Uitdeelstuk 9 (Peterson *et al.*, 1991:49) uit:

Die groeplede bespreek Uitdeelstuk 9.

6.6 Om beheer oor 'n situasie te verkry

Die hulpverlener deel die volgende met die groep:

Hoe meer beheer 'n individu oor 'n situasie uitoefen, hoe minder sukkel hy/sy met negatiewe emosionele simptome en hoe beter sal hy/sy in die algemeen funksioneer. 'n Slagoffer wil na 'n trauma beheer oor die situasie verkry (Kleber & Brom, 1992:147). Wanneer die individu voel dat hy/sy nie beheer daaroor het nie, skep dit gevoelens van hulpeloosheid, gebrek aan belangstelling, emosionele gevoelloosheid en angstigheid. Hierdie gevoelens word dan op ander situasies oorgedra. Die individu wil dus die situasie begin beheer en daarin slaag om die gevoelens van hulpeloosheid te beveg. Die individu kry net kognitiewe beheer oor 'n situasie

deur anders te dink oor die traumatiese gebeure (Kleber & Brom, 1992:148-149). Kognitief verwys na denke en gedrag verwys na aksie of handeling (Miranda *et al.*, 1992:130).

6.7 Persoonlike hanteringsvaardighede wat die slagoffer ontwikkel het om die traumatiese gebeurtenis te kan hanteer

Die groeplede kry opdrag om die volgende vraelys (Uitdeelstuk 10) in te vul:

Die groeplede vul Uitdeelstuk 10 in en bespreek dit. Elke groeplid maak 'n gevolgtrekking ten opsigte van sy/haar hanteringsvaardighede?

6.8 Die hanteringsvaardighede wat die slagoffer kan ontwikkel om die emosionele seer wat die traumatiese gebeurtenis meebring, te hanteer

6.8.1 Die hulpverlener vra die groeplede die volgende:

Op watter maniere kan gevoelens wat die slagoffer na afloop van die traumatiese gebeure ervaar, hanteer word?

6.8.2 Die hulpverlener deel die volgende:

Gevoelens is normaal, almal ervaar dit. Sommige gevoelens is meer aanvaarbaar as ander. Party gevoelens maak 'n mens ongemaklik. Daar is maniere waarop hierdie gevoelens hanteer.kan word. Onthou, gevoelens kom en gaan. Geen gevoel duur vir ewig nie (Conyers-Boyd, 1992:275).

6.8.3 Die hulpverlener deel die volgende maniere waarop gevoelens hanteer kan word met die groeplede. (Die groeplede neem aan die bespreking deel en kom eers met oplossings voordat die hulpverlener die samevatting gee):

- **Woede/kwaad wees** - Slaan 'n kussing, gaan na 'n geïsoleerde plek en skree, voer 'n harde fisiese taak uit soos om hout te saag, skryf 'n kwaai brief en skeur die brief in klein stukkies op sodra dit klaar geskryf is. Sit al jou energie in die opskeur van die brief. As jy nie in 'n situasie verkeer waar jy van die woede ontslae kan raak nie, kan jy fantaseer dat jy sterker, en groter en beter is as die situasie of persoon of gebeurtenis wat jou kwaad maak. Tel dan die situasie, persoon of gebeurtenis op en swaai dit om en om in die lug (Conyers-Boyd, 1992:275).

- **Skuld en skaamte** - Ondersoek die denke wat hierdie gevoelens vergesel. Om gevoelens te ervaar dat jy verkeerd, sleg of immoreel was, plaas jou in die posisie dat jy jouself oordeel. Praat dan liewer met iemand wat jy vertrou oor jou gevoelens en denke om 'n duidelike perspektief daarop te verkry. Jy kan vrae aan jouself stel soos: Is dit altyd die waarheid? Is daar situasies wat ek kan onthou waarin dit nie waar was nie? Watter ander kwaliteite in myself ignoreer ek wanneer ek dié denke het? Fokus in hierdie tyd op die oortreder wat die skuldige en veroordeelde persoon is, want dit is hy/sy wat jou getraumatiseer het (Conyers-Boyd, 1992:275).
- **Droefheid en rou** - Droefheid en rou is normale reaksies op verlies. Om getraumatiseer te word, bring verliese in vertroue, stabiliteit, sekuriteit, gesondheid en vryheid. Jy het tyd nodig om oor hierdie verliese te rou. Laat jouself toe om hartseer te wees. Moenie jou rou wegdink nie. Jy sal nie vir ewig hartseer voel nie, maar vir nou het jy die reg om hartseer te voel. Jy het baie verloor (Conyers-Boyd, 1992:275-276).
- **Vrees** - Daar kom tye wanneer jy bevrees voel. Bekyk die situasies waarin jy vrees ervaar. Vra jouself af wanneer jy die veiligste voel: Voel jy die veiligste as jy alleen is of tussen mense? In die stad of op die platteland? Gevoelens van vrees bestaan omdat jy glo dat jy nie genoegsaam in beheer is van jou omgewing nie. Doen wat jy moet doen om nou jou veiligheid te verseker. Skakel ligte aan, koop 'n hond en/of vra vriende om jou na plekke te neem. Sommige van hierdie dinge is makliker om te doen as ander. Vind uit watter faktore jy kan beheer en oefen dan beheer daaroor uit. Troetel jouself nou en respekteer jou vrese (Conyers-Boyd, 1992:276).
- **Onttrekking** - Gee jouself toestemming om jou vir 'n rukkie aan ander te onttrek. Alleentyd kan dit vir jou moontlik maak om jou denke te struktureer en persoonlike gevoelens te ervaar. Sit daagliks of weekliks tyd opsy vir jou emosionele genesing. Dit verg dissipline. Jy sal dalk ongemaklik voel om dit te doen maar hierdie troeteling is deel van jou genesing. Respekteer hierdie tyd en maak seker dat ander rondom jou dit ook respekteer. Respekteer jou afsondering. Moenie jou alleentyd kombineer met ander aktiwiteite nie. Bestee 20 minute aan daaglikse afsondering. As jy agterkom dat jy op 'n dag meer tyd nodig het as 20 minute, is dit beter om 'n hulpverlener te besoek of by 'n ondersteuningsgroep aan te sluit (Conyers-Boyd, 1992:276).
- **Waardeloosheid en aangetaste selfbeeld** – Dit kan gebeur (veral as jy verkrag is) dat jy jou vermoë om liefde te gee en te ontvang bevraagteken. As gevolg van sosiale wanopvattings wat oor vroue en verkragting bestaan, kan jy glo dat jy nie werd is om liefde en affeksies te ervaar nie. Dit is 'n goeie tyd om jou oortuiginge te ondersoek. Gebruik 'n vel papier om die name neer te skryf van almal wat jy liefhet, ook jou troeteldiere se name.

Skryf nou al die name van mense en diere neer wat jy dink jou liefhet. Wat het jy ontdek? As jy nodig het om die resultaat weer te ondersoek, bel drie mense op die lys (of maak kontak met jou diere) en vra hulle of hulle jou liefhet. Kies twee van die mense of diere en gee hulle 'n druk. Wat het gebeur? Wat jy sal ontdek, is dat gevoelens en oortuiginge nie feite is nie. Soms moet hulle uitgedaag en ondersoek word (Conyers-Boyd, 1992:276).

- **Aangetaste seksualiteit** - Seksuele aanranding het niks te make met geslagsgemeenskap of liefkosing nie. Eie aan die aard van geweld en die manier waarop geweld toegepas is, is dit dikwels moeilik om die emosionele en fisiese (die daad en geslagsgemeenskap of liefkosing) van die aanranding te onderskei. Jy sal dalk terugflitse ervaar en emosionele afsydigheid teenoor jou maat gedurende liefkosing ervaar. As dit gebeur, is dit nodig dat jou maat jou naam fluister of 'n aangename gedagte met jou deel. Sekere dele van jou liggaam is dalk hipersensitief vir aanraking wees na die aanranding. Laat jou maat weet wat jou gemaklik en ongemaklik laat voel. Moenie bekommerd wees oor die kommunikasie van enige nuwe bekommernisse aan jou maat as dit opduik nie. 'n Liefdevolle maat sal verstaan (Conyers-Boyd, 1992:276-277). Jy kan dalk vir 'n ruk lank na die verkragting voel dat jy seksueel afsydig is en ook nie 'n orgasme kan kry nie. Dit is 'n normale proses by heling. Hierdie gevoelens kan mettertyd verander. As deel van heling, sal sommige slagoffers dalk toenemend seksuele bevestiging eis. Elkeen heel op 'n ander manier. Luister na jou liggaam en luister na jou gevoelens. Respekteer jou behoeftes (Conyers-Boyd, 1992:277).
- **Wantroue** - Jy kan dalk verwardheid ervaar. Jy weet nie wie om nou te vertrou nadat jou vertroue so geskend is nie. Jy kan dalk bekommerd wees dat jy niemand weer sal kan vertrou nie en dat ander jou as kil en afsydig kan ervaar. Jy het die reg om jou gevoel van vertroue 'n ruk lank te beperk, want dit is jóú vertroue wat geskend is. Vertroue is een van daardie ingewikkelde emosies wat verniet en onvoorwaardelik vir die eerste keer gegee word, maar as dit eers geskend is, moet dit herverdien word. Daar is dalk net 'n paar mense wat jy vertrou en in wie jy glo. Dit is in orde om van ander te verwag om die reg om jou te leer ken, te verdien voordat jy hom/haar as 'n vriend sal beskou. Skep persoonlike riglyne vir hoe lank jy iemand moet ken voor jy hom/haar as 'n vriend sal vertrou. Moenie te rigiede grense stel nie (Conyers-Boyd, 1992:277).

6.8.4 Gee aan die groeplede geleentheid om op bogenoemde te reageer en byvoegings aan te bring.

Die groeplede bring byvoegings aan.

7. SAMEVATTING

7.1 Die hulpverlener vra vir groeplede die volgende:

Tot watter gevolgtrekking kom julle? Bespreek in die groep.

7.2 Die hulpverlener gee dan 'n samevatting uit die inligting wat die groeplede gemaak het en voeg ook die volgende by:

Moenie in 'n slagoffermentaliteit belê nie. Word 'n oorwinnaar. Moenie toelaat dat 'n aanval jou lewe verder vernietig nie.

8. AFSLUITING

Die groeplede evalueer en die hulpverlener sluit die sessie af.

SKEMATIESE VOORSTELLING 7: UITEENSETTING VAN MODULE 5 - HERVERBINDING MET DIE DAAGLIKSE LEWE

MODULE 5

Herverbinding met die daaglikse lewe

⇩

TEMA

"Hoe raak die traumatiese gebeure my verhoudingslewe?"

⇩

DOEL

Om slagoffers in staat te stel om sosiale situasies te hanteer.

Om die individu te begelei tot die herverbinding met homself/haarself.

Om die individu te begelei tot die herverbinding met ander.

Om die herverbinding met die gesin te beklemtoon.

Om sosiale verhoudinge met vriende en bure van die slagoffer aan te moedig.

Om die verhouding tussen die slagoffer en sy/haar werkers te ondersoek.

Om die ongemak ten opsigte van die kontak met die misdadiger te hanteer.

Om die slagoffer te begelei tot stabiliteit in sy/haar geloofslewe.

Om die slagoffer aan te moedig om 'n nuwe lewensvisie te vind

⇩

BENODIGDHEDE

Skryfbehoeftes

Uitdeelstukke 11 – 14

⇩

WENKE VIR DIE AANBIEDER

Huweliksverhouding

Verhouding met God

⇩

AANBIEDING

Hantering van sosiale situasies – Uitdeelstuk 11

Herverbinding met jouself – Uitdeelstuk 12

Herverbinding met ander

Herverbinding met gesin – Uitdeelstuk 13

Vriende, bure van die slagoffer

Herverbinding met God – Uitdeelstuk 14

Herverbinding met die werkers

Die misdadiger

Om 'n nuwe lewensvisie te vind

Oplossing van die trauma

⇩

SAMEVATTING

Gevolgtrekking en samevatting

⇩

AFSLUITING

Evalueer en sluit sessie af

MODULE 5 – HERVERBINDING MET DIE DAAGLIKSE LEWE

1. TEMA

Hoe raak die traumatiese gebeure my verhoudingslewe?

2. DOELSTELLING

Om vaardighede aan te leer om veranderde verhoudings in die veranderde omstandighede te hanteer en te verbeter.

3. DOELWITTE

Die sessie behels:

3.1 om slagoffers in staat te stel om sosiale situasies te hanteer;

3.2 om die individu te begelei tot die herverbinding met homself/haarself;

3.3 om die individu te begelei tot die herverbinding met ander;

3.4 om die herverbinding met die gesin te beklemtoon;

3.5 om sosiale verhoudinge met vriende en bure van die slagoffer aan te moedig;

3.6 om die verhouding tussen die slagoffer en sy/haar werkers te ondersoek;

3.7 om die ongemak ten opsigte van die kontak met die misdadiger te hanteer;

3.8 om die slagoffer te begelei tot stabiliteit in sy/haar geloofslewe; en

3.9 om die slagoffer aan te moedig om 'n nuwe lewensvisie te vind.

4. BENODIGDHEDE

4.1 Skryfbehoeftes.

4.2 Uitdeelstuk 11-14.

5. WENKE VIR DIE AANBIEDER

Die volgende inligting is slegs bedoel vir die hulpverlener se kennisname:

5.1 Huweliksverhouding

Die intimiteit (seksuele intimitiet) in die huweliksverhoudings van die slagoffers moet liefs nie in die groep bespreek word nie. Intimiteit moet eers afsonderlik met elke huweliksmaat en dan gesamentlik met die huweliksmaats bespreek word.

5.2 Verhouding met God

Die hulpverlener moet voorberei word ten opsigte van vrae oor die individu se verhouding met God en sy/haar geloof. Getraumatiseerdes, ongeag aan watter denominasie hulle behoort, vra: "Waarom het God toegelaat dat dit gebeur?" (Hicks, 1996:106.) Ander vrae kan ook deur getraumatiseerdes gestel word, soos: "Waar was God tydens die aanval?" Geloofstwyfel is algemeen. Sommige slagoffers voel dat God hulle straf vir iets wat hulle verkeerd gedoen het. Ander vra hoe die Here so iets kan toelaat. Die hulpverlener poog om die slagoffer se persepsie te herstel. Goeie dinge val nie vanselfsprekend vir 'n gelowige in die skoot nie. Die oorsprong van die plaasaanval lê by die sonde en die gebrokenheid van die wêreld. Dis nie God se wil dat gelowiges moet swaarkry nie. Dit is ook nie God se wil dat Satan soms oorwinnings behaal nie. God is midde-in die trauma by die slagoffer teenwoordig. God laat dit wel toe omdat Hy weet wat die uiteinde sal wees. Die hoop lê daarin dat die oorwinning wel behaal sal word. Die kruis op Golgota is die waarborg daarvoor (Gaum, 1997:46-47). Selfs al sterf 'n individu in 'n plaasaanval behaal hy/sy ook 'n oorwinnning omdat hy/sy in Christus sterf. Daardie oorwinning is die ewige lewe. Die groeplede word aangemoedig om met hulle pyn na God self toe gaan. Die slagoffer moet ook die sin van die aanval verstaan, maar dis 'n unieke situasie wat elkeen op sy eie manier moet verwerk.

6. AANBIEDING – INHOUD EN TOEPASSING

6.1 Opening

Open die sessie.

6.2 Terugvoer

Kry terugvoer van die groeplede oor die vorige sessie en stel vas of iets uit die vorige sessie voortgespruit het wat hulle wil bespreek.

6.3 Herverbinding

Die hulpverlener deel die volgende met die groeplede:

Nadat die slagoffer vrede gemaak het met die traumatiese verlede, moet die slagoffer die verantwoordlikheid om 'n toekoms te skep, aanvaar. Die slagoffer het gerou oor die ou self wat deur die trauma verwoes is en nou moet hy/sy 'n nuwe self "skep". Die slagoffer se taak is nou om hom/haar te herposisioneer ten opsigte van verhoudings, oortuigings en geloof (Herman, 1992:196). In hierdie sessie gaan dit daaroor dat die individu nie meer voel dat hy/sy deur die situasie beheer word nie, maar dat hy/sy in beheer van die situasie is. Hier word gekyk na hoe die individu hom/haar aktief met die wêreld kan herverbind. Hulpeloosheid en isolasie is die kernervarings van psigologiese trauma. Bemagtiging en herverbintenis is belangrike ervarings by die herstelproses.

6.4 Hantering van sosiale situasies

Die hulpverlener deel Uitdeelstuk 11 uit en doen die volgende:

Elke groeplid ontvang 'n vraelys (Uitdeelstuk 11) om individueel in te vul. Daarna word die vraelys in die grootgroep bespreek. Die bespreking het die herevaluering van elke groeplid se manier van hantering van sosiale situasies ten doel. Die slagoffer ondersoek aspekte van sy/haar gedrag en persoonlikheid wat sy/haar kwetsbaarheid weerspieël en watter potensiële gevare in die toekoms geïdentifiseer kan word. Hy/sy moet ook let op die faktore wat hy/sy moet oorkom om nie voortdurend aan die herhaling van die trauma onderwerp te word nie. Die individu kyk na wie hy/sy graag met die traumagebeure wil konfronteer en watter inligting hy/sy wens om bekend te maak en aan wie.

6.5 Herverbinding met jouself

6.5.1 Die hulpverlener deel Uitdeelstuk 12 uit en doen die volgende:

- Elke groeplid ontvang Uitdeelstuk 12 om individueel in te vul. Daarna word die vraelys in die grootgroep bespreek.

- Die aspekte waaraan die individue moet werk word verken. Die individu vra homself/haarself af wat hy/sy graag wil wees? Watter eienskappe in homself/haarself van voor die trauma waardeer hy/sy die meeste? Watter eienskappe in homself/haarself tydens die ervaring van die trauma waardeer hy/sy die meeste? Watter eienskappe in homself/haarself gedurende die tydperk van herstel waardeer hy/sy die meeste? Die individu skep 'n nuwe self deur al die ideale en werklike eienskappe saam te voeg. Die ideale gaan nou oor in konkrete aksies.
- Die volgende word in die grootgroep bespreek:
  - Watter van hierdie aspekte moet jy aanvaar?
  - Watter van hierdie aspekte sou jy graag wou verander? Waarom?
  - Watter aspekte kan jy verander?
  - Watter aspekte kan jy nie verander nie?
  - Watter eienskappe van jouself van voor die trauma waardeer jy die meeste?
  - Watter eienskappe van jouself tydens die trauma waardeer jy die meeste?
  - Watter eienskappe van jouself na die trauma waardeer jy die meeste?
  - Hoe wil jy graag wees?
  - Wat het jy van jouself geleer?
  - Hoe gaan jy nou die toekoms anders aanpak?
- Die groep formuleer nou 'n leuse vir hulleself. (Iets soos byvoorbeeld: "Ek weet ek het myself." (Herman, 1992:202.)

6.6 Herverbinding met ander

6.6.1 Die hulpverlener bespreek die volgende met die groeplede:

Tydens die voorondersoek het die groeplede aangedui dat hulle 'n behoefte het aan 'n sosiale ondersteuningsnetwerk. Groeplede het aangedui dat hulle na die plaasaanval meer geïsoleerd gevoel het en dat mense nie na hulle in hulle nood uitgereik het nie.

6.6.2 Die groeplede gaan nou die volgende vrae in die groep bespreek:

- Hoe kan 'n sosiale netwerk voordelig wees?
- Genereer idees van hoe ons kontak met ander kan maak.
- Identifiseer probleemareas in die verhoudinge met ander.
- Hoe kan verdieping in die verhouding met ander (bande opbou) realiseer?

6.7 Herverbinding met die gesin

6.7.1 Die hulpverlener noem:

Die groeplede het in die voorondersoek aangedui dat hulle huweliks- en gesinsverhouding na die plaasaanval verander het. Dit is belangrik om te onthou dat verhoudings (huweliksverhoudings, gesinsverhoudings, vriendskapsverhoudings) baie belangrik is. Die individu is van ander mense afhanklik om te kan oorleef. Die mens het ter wille van sy/haar emosionele behoeftes sy/haar huweliksmaat, kinders, familie en vriende nodig (Van Staden, 1988:39). Die mens het 'n emosionele behoefte om met iemand te kan praat en om deur iemand liefgehê te word. Die individu het ook 'n behoefte daaraan om lief te hê. As ons ondersteuning kry van mense wat vir ons belangrik is, word dit vir ons moontlik om eerlik uitdrukking te gee aan ons gevoelens. Hierdie ondersteuning skep 'n gevoel van aanvaarding. Hierdie aanvaarding keer dat ons innerlike konflik vererger. Dit gee selfvertroue en bevorder persoonlike effektiwiteit. Ons moet onthou dat ons geliefdes nie altyd weet hoe om ons te ondersteun nie en daarom gebeur dit dat hulle hulle uit onkunde en ongemak aan ons onttrek - nie omdat daar fout is met ons nie, maar bloot omdat hulle nie weet hoe om ons te ondersteun nie. Afgesien van die slagoffer self, is die huweliksmaat en die kinders van die slagoffer die persone wat die ergste deur die traumatiese gebeurtenis beïnvloed en geraak word. Probleme met gesinskohesie en intimiteit kom dikwels voor. Huweliksmaats kan soms hulpeloos en alleen voel, terwyl die kinders probleme ervaar met sosiale verhoudings (Figley & Kleber, 1995:79). Sekondêre traumatiese stres van huweliksmaats kan gesien word as "the stress of caring too much" (Figley & Kleber, 1995:82). Dit is die uitvloeisel van hulle behoefte om hulle lewensmaat se traumatiese ervaring te verstaan en te verwerk. Hulle kan dan ook verantwoordelik voel vir die beskerming van die slagoffer. Die aard van die verhouding kan die herstel van die slagoffer vergemaklik en bespoedig. Dit vereis egter dikwels nuwe maniere van dink, nuwe vaardighede, nuwe gedrag en nuwe interaksionele patrone wat aangeleer moet word. Kinders neem die effek van 'n traumatiese ervaring in die lewe van hulle ouers, ander kinders en vriende op 'n direkte en indirekte wyse waar. Kinders is dikwels nie volledig ingelig oor al die fyner besonderheid aangaande die gebeure nie (Steinberg, soos aangehaal deur Figley & Kleber, 1995:84). Kinders van slagoffers met posttraumatiese stresversteurings openbaar dikwels gedragsprobleme (Figley & Kleber, 1995:84). Op die lang termyn word die ouer-kind-verhouding beïnvloed en die kind se funksionering, soos skoolvordering, word direk daardeur geraak (Figley & Kleber, 1995:85).

6.7.2 Die aanbieder hanteer die volgende:

Deel die volgende vraelys (Uitdeelstuk 13) aan elke groeplid uit. Hierdie vraelys is deur die navorser saamgestel, onder andere uit Meichenbaum (1997:237). Die doel met hierdie vraelys is om die groeplede in staat te stel om inligting met betrekking tot hulle huweliksmaats en gesinslede in te win. Die harmonie wat die traumagebeure in hulle gesinslewe gebring het, word belig asook, daarteenoor , die konflik wat die traumagebeure in hulle gesinslewe gebring het en die letsels van die slagoffers en van die familie.

6.7.3 Die groeplede doen die volgende:

Bestudeer Uitdeelstuk 13 en gee terugvoer in die grootgroep ten opsigte van die volgende:

- Watter voorstelle kan die groeplede maak om die ongemak wat in die gesinne en families bestaan, te hanteer?
- Die hulpverlener gee 'n samevatting en maak nog voorstelle.

6.8 Vriende en bure van die slagoffer

6.8.1 Die aanbieder deel die volgende met die groeplede:

Vriende en bure van die slagoffer word gekonfronteer deur die swaarkry van die slagoffer en moet met hulle eie reaksies daarop saamleef (Figley & Kleber, 1995:79).

6.8.2 Die groeplede bespreek nou:

Wat dit vir hulle moeilik maak om na die traumatiese gebeure met hulle vriende en bure kontak te hê. Die groeplede identifiseer so die probleem ten opsigte van herverbinding met vriende en bure.

6.8.3 Die hulpverlener begelei vervolgens die groeplede ten opsigte van die herverbinding met vriende en bure deur middel van die volgende groeptegniek (ideekaarte):

- Elke groeplid word voorsien van 10 ideekaarte (ongeveer 12cm by 20 cm groot).
- Elke groeplid kry ongeveer 10 minute om een idee bo-aan 'n kaart neer te skryf van hoe hulle weer kontak met hulle bure en vriende kan hê.
- Gedurende die oefening mag daar geen kritiek teenoor enige idee uitgespreek word nie, en die idees moet spontaan vloei .
- Groeplede ruil nou die kaarte onder mekaar uit. Indien 'n groeplid deur die idees van 'n ander lid tot verdere idees gestimuleer word, skryf hy/sy dit onder die oorspronklike idee neer - weer een idee per kaart.

- Die kaarte word nou weer uitgeruil en die twee idees wat reeds op elke kaart is, kan elke lid tot nog 'n verdere idee prikkel.
- Hierdie proses kan voortgaan totdat elkeen in die groep elke ander lid se kaart onder oë gehad het, of hulle kan, nadat daar drie idees op elke kaart is, daartoe oorgaan om die ideekaarte teen die muur te plak.
- Wanneer al die groeplede se ideekaarte teen die muur verskyn, kan daar in die verbyloop nog idees bygevoeg word.
- Voordat die idees geselekteer en uitgesorteer word, moet eers gekyk word of van die idees nie gekombineer of uitgebrei kan word nie.
- Nou word die gekombineerde en uitgebreide idees, een per kaart, neergeskryf.
- Die idees word geëvalueer en in die rangorde van die lid se besondere behoeftes geplaas.
- 'n Voorstellings- en idee-aksieplan word ontwikkel. Sodanige plan kan gestruktureer word deur die aantal aksies per idee deur die spesifieke omstandighede te laat bepaal.

6.9 Herverbinding met God

6.9.1 Die hulpverlener dra die volgende aan die groeplede oor:

Die mens soek na betekenisvolle verhoudings omdat hy 'n betekenisvolle skepsel is. Sonder 'n sin vir betekenis, vergaan die mens. Frankl sê: "He who has a why to live can bear with almost any how."(Hicks, 1996:108.) Die individu mag glo in 'n God wat betekenis en 'n doel het vir alles wat gebeur, maar die individu kan nie sê hy/sy weet wat die doel van die trauma is nie. God is nie die outeur van ons traumatiese gebeure nie, maar as die individu trauma ervaar, kan God hom/haar help om die geleentheid positief as 'n groeigeleentheid te benut. God beantwoord dalk nie die vraag waarom ons traumas ervaar nie, maar om deur die diepte van wanhoop te werk met God, is makliker. Die soeke na betekenis plaas ons van aangesig tot aangesig voor onsself en voor God.

Ons weet dat traumas nie reg en goed is nie, anders sou ons dit nie beveg het nie. Elke slagoffer probeer dus om die bose te herdefinieer met hoe God in die prentjie van hierdie lewensbedreigende traumas pas. Die bose konfronteer ons met keuses wat ons moet maak en vir die grootste deel hou ons nie van die oplossings nie. Sommige glo daar is 'n bose, ander glo daar is nie, maar sodra trauma kom, voel dit wat gebeur het boos en dan stel ons die vraag: Hoe kon God dit laat gebeur? Boosheid bestaan en is werklik. Baie van die traumatiese gebeure wat ons in die lewe in die gesig staar, is die konfrontasie met die bose. Dit lyk na die

enigste verduideliking vir die diepte van die angs wat veroorsaak word deur dinge soos verliese van lewens en marteling. God is teenwoordig by ons in ons pyn. Die herkenning van betekenis en doel is 'n belydenis van geloof. Om die goedheid van God te midde van boosheid te ervaar, is om iets te bevestig van wat jy glo. Die feit dat God by jou in jou nood is, gee tog hoop om te kan voortgaan (Hicks, 1996:112-115).

Implikasies van skuld. Die oplossing vir ware skuld (waar jy mense doodgemaak het) is selfvergiffenis. Selfvergiffenis is nie moontlik as ons nie deur mense buite onsself vergewe is nie. Met ander woorde ek kan nie net myself vergewe nie, ek moet ook aan die persoon wat ek te na gekom het, gaan sê dat ek verkeerd was en dat ek deur daardie persoon vergewe wil word. Ons kan nie altyd by die slagoffer gaan verskoning vra nie, daarom kan ons begin by God. Want 'n misdryf teen die mensdom is 'n midryf teen God (Hicks, 1996:115-123). Die getraumatiseerde sien ook geen hoop nie, tog het hy/sy hoop nodig om te kan oorleef. Om te sien hoe die trauma nuwe perspektief en persoonlike groei bring, is sekulêre hoop. Daar sal 'n tyd kom dat daar vir elkeen van ons hoop sal wees. Dit is wanneer elke traan weggevee word en hartseer en dood nie meer bestaan nie. Dit is die hoop wat God geskep het (Hicks, 1996:123-126).

6.9.2 Uitdeelstuk 14 (Meichenbaum, 1997:547) word aan elke groeplid uitgedeel:

Die groeplede vul hierdie vraelys eers alleen in en dan word die vrae in die groep bespreek.

6.9.3 Die aanbieder deel die volgende met die groeplede:

Medegelowiges speel 'n belangrike rol in ons lewens. In ons verhouding met God vind ons vertroosting en geloofsopbou. Ons vind in ons verhouding met medegelowiges geestelike versterking en wedersydse bemoediging. God skenk innerlike sterkte en innerlike sekuriteit, wat weer lei tot bereidwilligheid om daaglikse verantwoordelikhede en eise in die oë te kyk. Hierdie genesingsproses kulmineer mettertyd in emosionele en geestelike standvastigheid. Dan volg die moed om voort te gaan. Die sin van die lewe keer weer terug, asook die krag en versterking om te volhard en die vermoë om voortaan krisissituasies beter te kan hanteer.

6.10 Herverbinding met die plaaswerkers

Die probleem ten opsigte van die herverbinding met die plaaswerkers word deur die groeplede self geskets:

'n Dinkskrum word gehou om idees te ondersoek met die oog daarop om uit eindelik weer binding met die plaaswerkers te bewerkstellig.

6.11 Die misdadiger

6.11.1 Die hulpverlener gee didakties die volgende inligting ten opsigte van die misdadiger deur:

Die trauma kan nie uitgewis word nie en die wens om te kompenseer of te vergeld kan nie werklik realiseer nie. Die aanvaller moet verantwoordelik gehou word vir die misdaad en vir die individu se persoonlike lyding. Daar is begrip vir die persoonlike grief wat teenoor die misdadiger gekoester word. Die regstelsel blyk onpersoonlik te wees. Die individu weet dat die misdadiger die waarheid die meeste vrees en daarom moet en kan hy/sy oor die waarheid in die openbaar praat. So kry die misdadiger die boodskap dat hy/sy die individu nie kan beheer nie.

6.11.2 Die groeplede kry geleentheid om aan die groepbespreking deel te neem.

Die groeplede bespreek moontlike oplossings vir hulle gevoelens teenoor die misdadiger.

6.11.3 Die hulpverlener maak die volgende voorstel:

Die slagoffer moet die aanvaller vryspreek. Dit sal nie die daad regverdig nie, maar word dit nie gedoen nie, word die insident emosionele bagasie en dan kan jy nie weer beheer oor jou lewe terugkry nie. Dan beheer die aanvaller jou op emosionele vlak, in elke besluit wat jy neem en elke emosie wat jy ervaar. Vergifnis is moeilik, maar dit het groot waarde. Dit gebeur nie in een dag nie en dit is ook nie 'n eenmalige besluit nie. Dit is 'n proses wat oor en oor geskied totdat jy jou kan distansieer van die proses. Doen jy dit nie, belê jy net nog verder in die pyn van die trauma.

6.11.4 Groepbespreking:

Skep ruimte vir die groeplede om op hierdie voorstel te reageer.

6.12 Om 'n nuwe lewensvisie te vind

6.12.1 Die groeplede kry opdrag om:

Elkeen alleen sy/haar lewensvisie ten opsigte van sy/haar verhoudings te bedink, te beplan en neer te skryf. Daarna vind 'n groepbespreking hieroor plaas.

6.12.2 **Die hulpverlener bring na die bespreking die volgende byvoegings aan:**

- Help ander wat soortgelyke viktimisering ervaar het.
- Help ander om te voorkom dat hulle in die toekoms slagoffers word.
- Kweek publieke bewustheid.
- Om oor die trauma te praat, help ander.
- Gee om vir ander.

6.13 Oplossing van die trauma

Die hulpverlener deel die volgende met die groeplede:

Die trauma word nooit finaal opgelos nie en herstel is nooit volledig nie. Die impak van die traumatiese gebeurtenis hou aan om telkens deur die individu se lewensiklus weer op te duik of herroep te word. Omstandighede soos 'n egskeiding, huwelik, dood in die familie, geboorte, siekte en aftrede kan die traumagebeure herroep. Individue moet weet dat posttraumatiese stressimptome geneig is om telkens weer op te duik. Die individu moet plesier put uit die lewe en verbind word tot verhoudings met ander. Die individu moet betrokke raak by die hede en die toekoms in plaas van by die verlede. Die individu moet leer om die lewe, in dankbaarheid te leef eerder as met vrees. Hoe meer die ondersteuning wat die individu van sy/haar ondersteuningsnetwerk ontvang, hoe beter is sy/haar kanse op herstel.

7. SAMEVATTING

7.1 Die hulpverlener vra die groeplede die volgende:

Tot watter gevolgtrekking het julle gekom? Bespreek in die groep.

7.2 Die hulpverlener doen die volgende:

Gee 'n samevatting uit die inligting wat die groeplede genoem het en bring ook byvoegings aan.

8. AFSLUITING

Die groeplede evalueer en die hulpverlener sluit die sessie af.

SKEMATIESE VOORSTELLING 8: UITEENSETTING VAN MODULE 6 - AFSLUITING

MODULE 6

Afsluiting

⇩

TEMA

Samevatting, evaluering en afsluiting

⇩

DOEL

Om 'n samevatting van die program te gee

Om die verskillende aspekte van die program te evalueer

Om vas te stel of die meeste doelstellings bereik is

Om vas te stel of daar enige verandering/groei by groeplede plaasgevind het

⇩

BENODIGDHEDE

Skryfbehoeftes

Uitdeelstuk 15-17

Musiek en kerse

⇩

WENKE VIR DIE AANBIEDER

Verandering by groeplede evalueer.

Insette van groeplede om verandering te ervaar.

Stel vas wat groeplede van mekaar geleer het.

Wie kan individu by sy/haar lewe betrek?

Groeplede kan in kontak met mekaar bly en sosiale ondersteuning aan mekaar bied, indien hulle sou wou.

⇩

AANBIEDING

Samevatting van die inhoud en toepassing van die temas van elke module – Uitdeelstuk 15

Evaluering van die inhoud en toepassing van die temas van elke module – Uitdeelstuk 16

Evaluering van die funksioneringsvlak van elke individuele groeplid – Uitdeelstuk 17

⇩

SAMEVATTING

Gevolgtrekking en samevatting

⇩

AFSLUITING

Sluit sessie af

⇩

LITURGIESE OOMBLIK

Liturgiese oomblik met kerslig

MODULE 6 – AFSLUITING

1. TEMA

Samevatting, evaluering en afsluiting.

2. DOELSTELLING

Om die traumabegeleidingsprogram te evalueer om sodoende die effektiwiteit van die program te bepaal.

3. DOELWITTE

Die sessie behels naamlik:

3.1 om 'n samevatting van die program te gee;

3.2 om die verskillende aspekte van die program te evalueer;

3.3 om vas te stel of die meeste doelstellings bereik is; en

3.4 om vas te stel of daar enige, indien wel, watter verandering/groei by groeplede plaasgevind het.

4. BENODIGDHEDE

4.1 Skryfbehoeftes.

4.2 Uitdeelstukke 15 - 17.

4.3 Musiek en kerse.

5. WENKE VIR DIE AANBIEDER

Groeplede benut die laaste sessie om die veranderinge wat in hulle plaasgevind het, te evalueer.

5.1 Hoe het elke lid se denke verander sedert die beginsessie tot nou?

5.2 Wat het elke groeplid gedoen om tot die verandering by te dra?

5.3 Op watter wyse kan hulle dit wat hulle van mekaar gekry het, in die toekoms gebruik?

5.4 Wat het elke groeplid geleer (neem met hom/haar saam) uit die groepervaring?

5.5 Met wie in hulle lewens kan hulle gaan deel wat hulle van die groep geleer het? (Poog om van die einde van die programaanbieding 'n begin te maak). 'n Gesonde tot siens. Tog kan groeplede aangemoedig word om in verbinding met mekaar te bly en sosiale ondersteuning

aan mekaar te bied, indien hulle sou wou.

6. AANBIEDING – INHOUD EN TOEPASSING

6.1 Opening

Open die sessie.

6.2 Terugvoer

Kry terugvoer van die groeplede oor die vorige sessie en stel vas of iets uit die vorige sessie voortgespruit het wat hulle wil bespreek.

6.3 Samevatting van die inhoud van die modules

Die hulpverlener en die groeplede gee 'n samevatting van die doel en inhoud van die modules.

6.4 Evaluering van die toepassing van die modules

6.4.1 Die groeplede ondersoek die volgende aspekte ten einde vas te stel of die hulpverlening afgehandel en afgesluit kan word, naamlik:

- Is die meeste doelstellings bereik?
- Het enige veranderinge in u lewe ingetree?

6.4.2 Die geslaagdheid van die groepwerkproses word bepaal deurdat die groeplede die hulpverlening tydens die byeenkomste evalueer deur middel van die invul van 'n evalueringsvraelys. Elke groeplid vul 'n evalueringsvraelys in Uitdeelstuk 15 (Anderson, 1997:303-305). Die hulpverlener kommunikeer die volgende aan die groeplede:

Die vraelys het ten doel om die effektiwiteit van die traumabegeleidingsprogram te evalueer. Die vraelys word anoniem ingevul om ruimte te skep vir eerlikheid ten opsigte van die program.

Die groeplede vul die vraelys in (Uitdeelstuk 15).

6.5 Evaluering van die funksioneringsvlak van die groeplede

6.5.1 'n Tweede vraelys word ingevul (Uitdeelstuk 16). Die vraelys het ten doel om die funksioneringsvlak van elke groeplid vas te stel. Dit is dieselfde vraelys as wat in module 1 ingevul is. Hierdie vraelys het ten doel om vas te stel of enige groei en verandering in die funksioneringsvlak van die slagoffer plaasgevind het:

Die groeplede voltooi die vraelys (Uitdeelstuk 16).

6.5.2 Die volgende vraelys (Uitdeelstuk 17) is dieselfde as die vorige vraelys (Uitdeelstuk 16) en word ses weke na afloop van die programaanbieding herhaal. Hierdie uitdeelstuk word in 'n gefrankeerde koevert aan elke groeplid gegee om na ses weke te voltooi en na die hulpverlener te versend:

Die groeplede ontvang Uitdeelstuk 17 om later in te vul.

7. SAMEVATTING

7.1 Die hulpverlener vra die groeplede die volgende:

Tot watter gevolgtrekking kom julle ten opsigte van die groei wat julle die afgelope sessies ervaar het? Bespreek in die groep.

7.2 Die hulpverlener doen die volgende en moedig die groeplede aan om byvoegings aan te bring:

Maak 'n samevatting uit die inligting van al die sessies met mekaar.

8. AFSLUITING

Die groeplede kry geleentheid om die volgende te doen:

Deel julle gevoelens oor die afsluiting van die groep met mekaar.

Die hulpverlener verduidelik die volgende:

Die moontlikheid bestaan dat sommige van die traumasimptome weer kan ontwikkel, maar dat dit in die nabye toekoms behoort af te neem. Indien dit egter vier weke en langer voortduur, moet maatskaplikehulpverlening weer plaasvind.

9. LITURGIESE OOMBLIK

Sluit af met 'n liturgiese oomblik. Steek 'n groot kers aan. Speel toepaslike agtergrondmusiek. Gee aan elke groeplid 'n kers.

Laat een opstaan, sy kers by die groot kers aansteek en weer gaan sit. Eers wanneer hy/sy sit, staan die volgende persoon op.

Verduidelik die tweeledige simboliek:

Ons kry ons krag (lig) by God. Daarom moet elkeen van ons se lewe aan Syne verbind word. Baie lig saam verdryf die donker. Die trauma kan nie alleen hanteer word nie. Eers as almal se kerse brand, word die donker verdryf en sien ons die lig (Lig).

Gee nou 'n paar oomblikke van stilte sodat elkeen 'n stil gebed kan doen.

Sluit dan die gebed af met die woorde: "Mag God se genade en vrede met julle wees en bly."

UITDEELSTUK 1

DIE UITWERKING VAN DIE TRAUMA OP DIE SLAGOFFER (VOORMETING)

1. Traumagebeure

Antwoord deur 'n kruisie te trek in die toepaslike blokkie.

	Beslis ja	Ja	Onseker	Nee	Beslis nee
Is dit vir jou moeilik om oor die traumagebeure te praat?					
Kan jy onthou wat tydens die aanval gebeur het?					
Het die traumagebeure nog steeds 'n uitwerking op jou lewe?					
Het daar iets goeds uit die gebeure na vore getree?					

2. Die uitwerking van die trauma op u as persoon

Dui aan deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek.

		Altyd	Dikwels	Soms	Selde	Nooit
1	Angstigheid					
2	Woede					
3	Skuldgevoelens					
4	Skaamte					
5	Terugflitse					
6	Drome					
7	Nagmerries					
8	Konflik					
9	Magteloosheid					
10	Gesondheidsprobleme					
11	Ontkenning					
12	Isolasie					
13	Dwelmverslawing					
14	Vermyding					

		Altyd	Dikwel	Soms	Selde	Nooit
15	Depressiewe gemoedstoestand					
16	Aggressie					
17	Swak konsentrasie					
18	Nalatigheid					
19	Gevoel van doodsheid					
20	Slaapstoornisse					
21	Eetversteurings					

3. Het die trauma 'n effek op u verhouding/s met:

Trek 'n kruisie in die toepaslike blokkie:

		Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1	God				
2	Self				
3	Huweliksmaat				
4	Kinders				
5	Ander familie				
6	Vriende				
7	Gemeenskapslewe				
8	Ander rasse				
9	Ander				

UITDEELSTUK 2

DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

MODULE 1 – INLEIDING

Tema- 'n Plaasaanval – 'n Werklikheid of 'n droom?

Verwelkoming en bekendstelling

Kennekaar

Oriëntering tot die groepprogram

Die doel van die traumabegeleidingsprogram

Kontraksluiting

Wat 'n traumatiese gebeurtenis is

Om 'n slagoffer van 'n plaasaanval te wees

Die behoeftes van die slagoffer

Groepbespreking

Die keuse wat die slagoffer gaan maak

MODULE 2 - OM TOT VERHAAL TE KOM

Tema - My traumaverhaal

Konstruktiewe narratiewe raamwerk

Gesprek oor plaasaanvalle in die algemeen

Die individu vertel sy traumaverhaal

Normalisering van en regverdiging vir die individu se gedagtes en reaksies

Voorbereiding van die manuskrip

Die keuse wat die slagoffer maak – "Genesing of verkniesing?"

MODULE 3 - EMOSIES BY EN REAKSIES OP TRAUMA

Tema – "Wat voel ek?"

Emosies by traumatiese gebeure

Die herkenning van 'n individu wat die effek van trauma deurmaak

Rou oor verliese

Stadiums van rou

Beskrywing van die individu se reaksies op traumatiese gebeure as simptome

Herdefinieer simptome

Stut die individu se doeltreffendheid en hoop

MODULE 4 – DIE HANTERINGSPROSES

Tema – Passiewe slagoffer of aktiewe oorwinnaar?

Gedrag en denke wat die herstel na die traumatiese gebeure vertraag

Hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie

Hanteringsvaardighede wat probleemoplossend is

Om beheer oor 'n situasie te verkry

Persoonlike *hanteringsvaardighede* wat die slagoffer ontwikkel het om die traumatiese gebeurtenis te kan hanteer

Die hanteringsvaardighede wat die slagoffer kan ontwikkel om die emosionele seer wat die traumatiese gebeure bring, te kan hanteer.

MODULE 5 – HERVERBINDING MET DIE DAAGLIKSE LEWE

Tema – Hoe raak die traumatiese gebeure my herverbinding met die daaglikse lewe?

Herverbinding

Hantering van sosiale situasies

Herverbinding met jouself

Herverbinding met ander

Herverbinding met jou gesin

Bure en vriende van die slagoffer

Herverbinding met God

Herverbinding met die plaaswerkers

Misdadiger

Om 'n nuwe lewensvisie te vind

Oplossing van die trauma

MODULE 6 – AFSLUITING

Tema – Samevatting, evaluering en afsluiting

Samevatting van die inhoud van die modules

Evaluering van die toepassing van die modules

Evaluering van die funksioneringsvlak van die groeplede

Afsluiting

Liturgiese oomblik

UITDEELSTUK 3

KONTRAKSLUITING

Hiermee onderneem ek ..... om my volle ondersteuning te gee gedurende die verloop van hierdie traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle.

Ek onderneem om die volgende te respekteer:

- Elke sessie sal **stiptelik** begin en eindig.
- Elke groeplid verdien die geleentheid om **gehoor** te word.
- Geeneen word **gedwing** om te praat nie.
- Almal het die verantwoordelikheid om na mekaar te **luister**.
- Elke groeplid word aangemoedig om aan die groepbespreking deel te neem.
- 'n Traumatiese gebeurtenis is oorweldigend – ongeag wat presies gebeur het. Hierdie seer as gevolg van die trauma, is intens en kompleks. Dikwels keer is jou seer so intens dat jy nie mooi weet wat met jou gebeur nie. Daarom het die meeste slagoffers behoefte aan **begrip, kennis, aanmoediging, vertroulikheid, respek** en **hoop.**
- Ek respekteer die behoefte aan begrip, kennis, aanmoediging en hoop en sal dit ook aan my medegroeplede gun.
- In hierdie traumabegeleidingsprogram **erken** ons mekaar se pyn en **deel** ons mekaar se seer.
- Ons wil in hierdie program mekaar **help** om met die trauma saam te leef.
- Indien u nie 'n groepsessie kan bywoon nie, moet u asseblief telefonies verskoning maak.
- .....
- .....
- .....
- .....
- .....

Geteken : ..... Datum: .....

Getuie: ..... Getuie: .....

UITDEELSTUK 4

BEKENDSTELLING

Vertel die groep van die plaasaanval. Jy kan enigiets met die groep deel. Die volgende kan ook as riglyn dien:

- Stel jouself weer voor aan die groep.
- Hoe het die plaasaanval plaasgevind?
- Wat was jou belewenis van die traumatiese gebeurtenis?
- Hoe lank gelede het die traumatiese gebeurtenis plaasgevind?
- Hoe lank het die plaasaanval geduur?
- Het jy enige beserings tydens die aanval opgedoen?
- Watter herinneringe aan die gebeure staan vir jou voorop?
- Hoe voel dit vir jou om deel te wees van hierdie traumabegeleidingsprogram?
- Wat hoop jy om uit die traumabegeleidingsprogram te kry?
- Is daar enigiets anders wat jy graag met die groep sou wou deel?

UITDEELSTUK 5

STADIUMS VAN ROU NA 'N TRAUMATIESE GEBEURTENIS

Die fases van rou is soos volg (Hierdie fases hoef nie in die presiese volgorde plaas te vind soos dit hier weergegee word nie:

- **Ontkenning en vermyding**

In hierdie fase is die slagoffer geskok en gevul met ongeloof oor wat gebeur het. Hy/sy beleef 'n gevoel van doodsheid, gevoelloosheid en magteloosheid. Ontkenning is normaal. Die individu se liggaam beskerm hom/haar teen gevoelens. Vir die meeste individue is een van die aanvanklike reaksies op trauma die ontkenning daarvan. Dit is vir die individu 'n poging om denke en gevoelens wat met die trauma geassosieer word, te vermy. Dit is die poging om aktiwiteite en situasies te vermy wat herinneringe aan die trauma by die individu wakker maak. Dit kan ook manifesteer as die onvermoë om belangrike aspekte van die trauma te herroep. Verhoogde gespannenheid of angstigheid kan ontwikkel. Traumatiese gebeurtenisse het soms ook 'n langtermyneffek op byvoorbeeld slaappatrone en dit kan selfs jare lank voortduur.

Om hierdie fase te verstaan, is deel van die genesing. Dit is 'n wyse van hantering van die verlies of verandering. In hierdie fase is dit nodig om slegs daar te wees en die slagoffer te laat weet dat jy hom sal onderskraag wanneer hy/sy dit nodig het.

- **Woede**

Dit is die "Waarom ek?"-fase hierdie. Die slagoffer voel stukkend en gegrief. Hy/sy dink dat dit wat gebeur het onregverdig was. Hy/sy voel geïrriteerd en bitsig. Hy/sy kan dalk woede ervaar teenoor God en homself/haarself. Hy/sy kan moontlik verkeerde besluite neem, en dokters, die lewe self, familie en die samelewing blameer.

Vrae wat die slagoffer stel, is:

* Wat het gebeur?
* Waarom het dit gebeur?
* Waarom het ek gereageer soos ek gereageer het?
* Waarom reageer ek sedertdien soos ek reageer?
* As dit weer gebeur, sal ek in staat wees om dit te kan hanteer?

Soms gebeur dit dat 'n persoon in sy/haar denke vir homself/haarself sê dat die gebeurtenis nie plaasgevind het nie. Dit word kognitiewe dissonansie genoem. Drie kognitiewe kenmerke kom algemeen voor, naamlik 'n verswakte geheuespan, konsentrasieprobleme asook die onvermoë om take behoorlik af te handel. Individue ervaar ook probleme met die neem van bepaalde besluite. Geïrriteerdheid, woede en 'n gevoel van vyandigheid en gewelddadigheid kan ook voorkom.

Die oorweldigende aard van die trauma dra by tot die onderdrukking van die trauma. Genesing kan nie plaasvind indien die slagoffer die gebeure nie kan onthou nie. Die wond moet oopgemaak word. Wanneer die individu 'n traumatiese gebeurtenis gedeeltelik of volkome blokkeer, ervaar hy/sy emosionele, fisiese, verstandelike en/of geestelike probleme. Die volgende probleme kan dan na vore tree: Woede-uitbarstings wat nie beheer kan word nie wat in argumente tot uiting kom, asook die behoefte om voorwerpe te breek of stukkend te stamp; 'n individu kan ook 'n psigologiese reaksie ervaar as hy/sy 'n soortgelyke ervaring beleef, of as hy/sy hoor van 'n ervaring soortgelyk aan die traumatiese ervaring wat hy beleef het; en 'n amper oordrewe vorm van paraatheid kan by die individu teenwoordig wees. Hierdie paraatheid of verskerpte waaksaamheid gaan gepaard met 'n gevoel van woede en vyandigheid.

Woede kan voorkom omdat hy/sy voel hy/sy het beheer verloor. Die individu reageer met woede wanneer hy/sy emosioneel seergekry het en bang is om nog seerder te kry. Ons reageer met woede om mense van ons af weg te hou. Wanneer ons woede ervaar, voel ons dat ons nie beheer het nie en daarom probeer ons almal rondom ons beheer.

- **Onderhandeling met God**

Dit is die "Ja, maar ..."-fase en die "As ... maar ..."-fase. Die slagoffer onderhandel met God en die lewe in 'n poging om betekenis in die gebeurtenis/se te vind. Om te regverdig wat gebeur het en deel van die proses te word, probeer die slagoffer verskillende metodes van hantering soos om 'n tweede opinie te kry, 'n ander plan te volg, soos 'n dieet, en hy/sy kan selfs voel om sy/haar lewe aan God op te dra.

Hierdie is 'n wonderlike en kreatiewe fase omdat die persoon na hoop en betekenis soek. Hoop is 'n grype na die toekoms wat ons sal beskerm teen die nou wat so pynlik is.

- **Depressie**

Dit is die stadium waarin die slagoffer die verlies begin ervaar en die realiteit in die oë begin kyk. Die slagoffer ervaar gevoelens van woede, vrees, hartseer, alleenheid, skuld en ingeperktheid. "Depression is

the womb in which a new choice or way of being grows!" Die slagoffer begin voorberei vir die verlies. Die slagoffer kan dalk nou tyd nodig hê om alleen en stil te wees.

- **Oorgee**

Dit is die stadium waarin die individu oorgee en 'n slagoffer word. Die individu glo dat hy/sy nie 'n keuse of 'n reg het nie. Hy/sy voel dat hy/sy beheer verloor het en hy/sy vergeet van sy/haar innerlike krag.

- **Aanvaarding**

In hierdie fase word die gebeurtenis aanvaar. Aanvaarding beteken nie dat die gebeurtenis goedgepraat word nie; dit beteken slegs dat jy deur baie van die stadiums van verlies gewerk het. In hierdie fase het die persoon vrede gemaak met sy/haar situasie en kan hy/sy verder leef met hierdie aanvaarding van die betekenis, doel en bewussyn van wat gebeur het.

UITDEELSTUK 6

SIMPTOME WAT NA 'N PLAASAANVAL ERVAAR WORD

A. Die individu is blootgestel aan 'n traumatiese gebeurtenis waarby **beide** die volgende aspekte teenwoordig is:

1. Die persoon het 'n gebeurtenis/se wat dreiging met die dood of ernstige besering ingehou het, of wat die fisiese integriteit van die self of ander bedreig het, ervaar of waargeneem of is daardeur gekonfronteer.
2. Die persoon se respons sluit intense vrees, hulpeloosheid of afgryse in (by kinders verwarring of verontrusting).

B. Die traumatiese gebeurtenis is 'n **volgehoue herbelewing** van ten minste **een (of meer)** van die volgende:

1. Terugkerende en indringende angsherinneringe van die gebeure, insluitend beelde, denke of persepsies (by kinders kan herhalende spel moontlik voorkom waardeur temas of aspekte van die trauma uitgebeeld word).
2. Terugkerende ontstellende drome van die gebeurtenis (by kinders kan nagmerries sonder herkenbare inhoud voorkom).
3. Handel of voel asof die traumatiese gebeurtenis weer gaan plaasvind (dit sluit gevoelens in van die herbelewing van die ervaring, droombeelde, wanvoorstellings/hallusinasies en episodes uit die verlede (*terugflitse*), selfs die wat voorkom wanneer die individu nugter of onder die invloed is (by jong kinders kan trauma in spesifieke reaksies voorkom).
4. Intense psigologiese nood by die blootstelling aan interne en eksterne gebeure wat 'n aspek van die traumatiese gebeurtenis simboliseer of verteenwoordig, ingesluit verjaarsdae van die trauma.
5. Fisiologiese reaksie op blootstelling aan interne en eksterne leidrade wat 'n aspek van die traumatiese gebeure simboliseer of verteenwoordig.

C. **Konstante vermyding** van stimuli wat met die trauma geassosieer word asook 'n gevoelloosheid ten opsigte van ten minste **drie (of meer)** van die volgende (nie teenwoordig voor die trauma nie):

(1) Doelbewuste pogings om denke, gevoelens of gesprekke wat met die trauma geassosieer word, te voorkom.

(2) Doelbewuste pogings om aktiwiteite, situasies of mense wat herinneringe aan die trauma oproep, te voorkom.

(3) Onvermoë om 'n belangrike aspek van die trauma op te roep.

(4) Merkbaar verminderde belangstelling in en deelname aan belangrike aktiwiteite.

(5) Gevoelens van verlies of 'n vervreemding van ander.

(6) Beperkte ervaringe van emosies soos onvermoë om liefdevolle gevoelens te toon.

(7) Gevoel van 'n ingeperkte toekoms (verwag nie om 'n beroep, huwelik, kinders of 'n lang lewe te hê nie).

D. Volgehoue simptome of **verhoogde spanning** (wat nie voor die trauma teenwoordig was nie) soos aangedui deur ten minste twee (of meer) van die volgende:

(1) Slaapstoornisse (probleme daarmee om aan die slaap te raak of aan die slaap te bly).

(2) Geïrriteerdheid of woede-uitbarstings.

(3) Konsentrasieprobleme.

(4) Oordrewe vyandigheidsgevoel.

(5) Oordrewe reaksie van ontstelling.

E. Die duur van die versteuring (simptome in kriteria B, C en D) vir **langer as 'n maand.**

F. Die versteuring veroorsaak klinies betekenisvolle nood/angs of opvallende aantasting in sosiale, opvoedkundige of ander belangrike funksioneringsareas.

Spesifiseer as:

Akuut: as die duur van die simptome korter as drie maande is.

Chronies: as die duur van die simptome langer as drie maande is.

Uitgestelde reaksies: as die simptome eers na ses maande hulle verskyning maak.

UITDEELSTUK 7

GEDRAG EN DENKE WAT DIE HERSTELPROSES VERTRAAG

- My situasie is hopeloos
- Ek kan net sowel moed opgee omdat daar nie vir my hulp is nie
- Ek kan dit nie verhelp dat ek iemand anders haat of verwerp nie
- Ek het niks om na uit te sien nie, behalwe pyn, lyding en dood
- Daar is niks wat ek aan spanning in my lewe kan doen nie
- Ek kan die frustrasie in my lewe nie verdra nie
- My probleme is oorweldigend
- Verwag altyd die ergste
- Vermyding van mense, weier om vriende te maak en vervreem jou van ander
- 'n Passiewe lewenstyl sonder die nodige oefening
- Laat te min tyd vir oefening, rus en genoegsame slaap toe
- Te min tyd vir oop, eerlike kommunikasie met God
- Min diensbaarheid teenoor ander
- Vermyding deur te rook, drank en dwelms te gebruik, te toer, geld te bestee, en te verhuis, en deur promiskuïteit, eetstoornisse, ontoelaatbare seksuele aktiwiteite
- Gewelddadige gedrag
- Wetsoortredings
- Dit is verby, ons praat nie daaroor nie
- Stilte en ontkenning vat die skaamte oor die gebeure weg
- As ons versigtiger was, sou dit nie gebeur het nie
- Die wêreld is vyandig
- Oorbeskerming
- Vermy diepste gevoelens van pyn deur 'n besig-bly-strategie
- Ongeneë om by die veranderde omstandighede aan te pas
- Wys hulp van die hand
- .....
- .....
- .....

UITDEELSTUK 8

HANTERINGSVAARDIGHEDE WAT NIE PROBLEEMOPLOSSEND IS NIE

OPLOSSINGS IS GEBASEER OP DIE VERALGEMENING VAN DIE VREESRESPONSE

1. Belangrike oortuigings

Die wêreld is gevaarlik

Die self is swak en kwetsbaar

Ander is gevaarlik en bied nie hulp aan nie

Hantering deur waaksaamheid en ontsnapping

2. Simptome

Oordrewe bewustheid van gevare van alle aard

Sensitiwiteit vir traumatoepaslike leidrade

Chroniese angstigheid en oordrewe versigtigheid

Psigosomatiese simptome

OPLOSSINGS IS GEBASEER OP VERALGEMENINGS VAN DIE WOEDEREAKSIE (BEWEEG TEEN ANDER)

1. Belangrike oortuigings

Die wêreld is kwaadwillig

Om die self te mishandel, bloot te stel en te verraai

Ander is onregverdig en onbetroubaar

Hantering deur sterk te wees, deur die self te verdedig en vyande aan te val

2. Simptome

Paranoïese agterdog

Anti-sosiale afreagering

OPLOSSINGS GEBASEER OP VERALGEMENING VAN DIE ONTTREKKINGS-RESPONSE (BEWEEG WEG VAN ANDER)

1. Belangrike oortuigings

Die wêreld is gevaarlik, selfsugtig en onbeheerbaar

Ekself is nie waardevol of selfgenoegsaam nie en kan nie liefgehê word nie

Verhoudings met ander is gevaarlik

Hantering deur ander te verwerp en op eie bronne staat te maak

2. Simptome

Onttrekking

Vevreemdheid, kranksinnigheid en verbystering

Onbevoegheid vir intimiteit

OPLOSSINGS GEBASEER OP DISTANSIËRING/ONTBINDING/LOSMAKING

1. Belangrike oortuigings (Twee geloofsisteme)

Dominante geloofsisteem: Dieselfde as voor die trauma, maar met die geloof dat die traumaverwante leidrade vermy moet word

Die geloofsisteem waarmee die individu nie wil assosieer nie. Dieselfde as voor die onopgeloste trauma

2. Pre-dominante simptome

Dominante sisteem: Normaal, verwagtinge van beperkinge van gedrag en emosies

Die sisteem waarmee die individu nie wil assosieer nie is dieselfde as vir onopgeloste trauma

OPLOSSING GEBASEER OP DIE "OMHELSING EN VERTROETELING" VAN DIE TRAUMA

1. Pre-dominante oortuigings

Wêreld is gevaarlik, kwaadwillig en betekenis bestaan nie

Die self is onbelangrik en nie belangrik genoeg om liefgehê te word nie

Ander is onbetroubaar en objekte om te manipuleer

Hantering deur verantwoordelikheid te vermy, opkikkers te gebruik, vrees en gevaarlike dinge uit te daag, en van passief na aktief te verander

2. Simptome

Onredelike risiko's wat aangegaan word

Geenvreesgedrag - tart die traumatiese situasie uit

Gebrek aan rigting en verantwoordelikheid

Onvermoë om intieme verhouding aan te knoop

UITDEELSTUK 9

HANTERINGSVAARDIGHEDE WAT PROBLEEMOPLOSSEND IS

A. Oortuigings

1. Binne perke mag die wêreld maar onvoorspelbaar en onkontroleerbaar wees met hier en daar 'n gevaar.
2. Binne perke mag "ekself" soms swak en hulpeloos wees.
3. Ander mense is soms gevaarlik, onsensitief, swak of onbetroubaar - binne perke, natuurlik.
4. Maniere van hantering: verandering, aanpasbaarheid, onderskeiding, aanvaarding, versoening en akkommodasie van ander.

B. Simptome en positiewe gevolge

1. Voortgesette sensitiwiteit vir traumaverwante leidrade.
2. Afname in sekuriteitsbewustheid.
3. Verhoogde waarneming. 'n Hartseerder mens wat eksistensiële aspekte van die lewe in die oë moet kyk soos kwetsbaarheid, lyding, dood, goed en sleg, onafhanklikheid en verbintenis.

UITDEELSTUK 10

DIE INDIVIDU SE HANTERINGSVAARDIGHEDE

1. Hoe dink jy funksioneer jy sedert die trauma?

2. Hoe dink jy het jy onaangename herinneringe hanteer?

3. Is sommige situasies nou vir jou moeiliker om te hanteer as voor die trauma?

4. Hoe het jy *moeilike* situasies hanteer? Wanneer? Voor/tydens?

5. Hoe het jy hierdie trauma oorleef?

6. Waar het jy krag ontvang?

7. Wat dink jy doen jy reg?

8. Wat sou jy graag wou sien moet nog gebeur?

9. As jy aan die traumatiese gebeure dink, watter onopgeloste probleme is daar nog?

10. Watter herstelwerk lê nog voor?

UITDEELSTUK 11

HANTERING VAN SOSIALE SITUASIES

Beantwoord die volgende vrae volledig. Wees spesifiek en gee duidelike voorbeelde.

- Hoe het jy voor die trauma sosiale situasies hanteer?
- Hoe hanteer jy sosiale situasies nou na die trauma?
- Watter aanpassings moes jy maak ten opsigte van die hantering van die hantering van sosiale situasies?
- Watter aspekte van jou gedrag en persoonlikheid maak jou kwetsbaar in die hantering van jou trauma?
- Watter potensiële gevare kan jy vir die toekoms identifiseer?
- Hoe gaan jy hierdie potensiële gevare hanteer?
- Watter slaggate moet jy oorkom om nie voortdurend aan die herhaling van die trauma onderwerp te word nie?
- Wie wil jy konfronteer met dit wat gebeur het?
- Watter inligting wens jy om bekend te maak en aan wie?

UITDEELSTUK 12

MY STERKPUNTE, MY UITDAGINGS EN MY TOEKOMS

Wees spesifiek met die beantwoording van hierdie vraelys en verstrek voorbeelde by elkeen van die punte.

My sterkpunte

Wat dink jy van jou fisiese voorkoms?

Wat dink jy van jou algemene vermoëns?

Wat dink jy van jou persoonlikheid?

Wat dink jy van jou hantering van sosiale situasies?

Aspekte in jou gedrag en persoonlikheid wat sterkpunte is?

Watter eienskappe in jouself waardeer jy die meeste van voor die trauma?

Watter eienskappe in jouself waardeer jy die meeste van die ervaring van die trauma self?

Watter eienskappe in jouself waardeer jy die meeste van die tydperk van herstel?

My uitdagings

Waarvan in jou fisiese voorkoms hou jy nie?

Wat is vir jou uitdagings ten opsigte van jou algemene vermoëns?

Wat is vir jou uitdagings ten opsigte van jou persoonlikheid?

Wat is vir jou uitdagings in die hantering van sosiale situasies?

Aspekte in jou gedrag en persoonlikheid wat uitdagings is?

Watter eienskappe in jouself waardeer jy die minste van voor die trauma?

Watter eienskappe in jouself waardeer jy die minste van die ervaring van die trauma self?

Watter eienskappe in jouself waardeer jy die minste van die tydperk van herstel?

Die toekoms

Wat begeer jy vir die toekoms?

Hoe gaan jy die toekoms anders aanpak?

UITDEELSTUK 13

GESINSVERHOUDINGE

Vul die vraelys so volledig moontlik in. Wees spesifiek en verstrek voorbeelde.

- Hoe het julle gesinsverhoudinge voor die traumagebeure gelyk?
- Hoe het die harmonie in julle gesinsverhoudinge voor die gebeure gelyk?
- Hoe het die traumagebeure die harmonie in julle gesinslewe versteur?
- Het die traumagebeure harmonie in julle gesinslewe gebring?
- Watter konflik het die traumagebeure in julle gesinslewe gebring?
- Beskryf die letsels wat elke gesinslid na die traumagebeure opgedoen het?
- Waarom het jy gereageer soos jy gedurende en sedert die gebeure gedoen het?
- Waarom het jou huweliksmaat gereageer soos hy/sy gedurende en sedert die gebeure gedoen het?
- Waarom het jou kind/ers gereageer soos hy/sy/hulle gedurende en sedert die gebeure gedoen het?
- Wat het jy van elkeen van jou gesinslede (man, vrou, kinders) gedurende en sedert die gebeure leer ken?
- Verstaan en aanvaar die gesinslede die oorsake van die stres wat hulle affekteer?
- Sien die gesinslede die probleme waardeur hulle in die gesig gestaar word as nodig om gesinsgesentreerd te raak?
- Is die gesin oplossinggeoriënteerd of blaamgeoriënteerd?
- Hoe verbonde is die gesinslede aan mekaar?
- Hoeveel affeksie is daar in die gesin ?
- Wat is die kwaliteit en kwantiteit van kommunikasie tussen gesinslede ?
- Wat is die kohesie van die gesin as 'n groep? (Geniet die gesinslede dit om saam te wees soveel as wat hulle dit sou geniet het as hulle nie in dieselfde gesin was nie? Hoe buigsaam is gesinsreëls?)
- Benut of vermy gesinslede bronne buite die gesin?
- Wat staan in jou pad om jou gevoelens volkome voor jou lewensmaat bloot te lê?
- Wat sou jy graag met jou lewensmaat wou deel?
- As iets soos dit weer gebeur, hoe sal julle in staat wees om dit meer effektief te hanteer?
- Is daar aspekte van die traumatiese gebeure wat jy nie met jou geliefdes gedeel het nie? Watter?
- Wat sal jy graag met jou geliefdes wil deel?
- Wat dink jy kan julle as geliefdes nader aan mekaar bring?

UITDEELSTUK 14

WAAR PAS GOD IN DIT ALLES?

- Hoe belangrik is geloof vir jou?
- Hoe gereeld woon jy eredienste by?
- Was jy in staat om enige sin te maak uit of enige betekenis te vind in wat met jou gebeur het? (Wees spesifiek in die notering van die verlies - dood van ....., siekte, vernietiging van ons huis, opbreek van 'n verhouding)
- Het jou geloof of godsdiens jou gehelp om die emosionele nagevolge van wat gebeur het, te hanteer?
- Het jou geloof of godsdiens jou gehelp om betekenis te vind in wat gebeur het?
- Sien jy enige moontlike manier waarop jou geloof jou kon gehelp het?

UITDEELSTUK 15

EVALUERING TEN OPSIGTE VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

Hierdie vraelys het ten doel om die effektiwiteit van die traumabegeleidingsprogram te evalueer. Die vraelys is anoniem. U kan met eerlikheid u werklike gevoelens oor die program aandui. Antwoord die vraelys so korrek moontlik deur die toepaslike nommer by elke vraag te omkring. Die volgende skaal gee 'n aanduiding van die waarde wat aan elke nommer toegeken word.

1	2	3	4	5	6
Beslis nee					Beslis ja

Die voorbereiding van groeplede op die traumabegeleidingsprogram was bevredigend	1 2 3 4 5 6
Ek kon identifiseer met die inhoud van die traumabegeleidingsprogram	1 2 3 4 5 6
Ek kon identifiseer met die inhoud van die hulpverlener se besprekings	1 2 3 4 5 6
Ek het gehou van die groepbesprekings, dit was sinvol	1 2 3 4 5 6
Ek kon gemaklik my eie gevoelens en menings oor my situasie deel	1 2 3 4 5 6
Die hulpverlener was goed voorberei	1 2 3 4 5 6
Die kontak met ander slagoffers van plaasaanvalle was sinvol	1 2 3 4 5 6
My behoeftes en verwagtinge ten opsigte van die traumabegeleidingsprogram is bevredig	1 2 3 4 5 6
Die programinhoud was duidelik en verstaanbaar	1 2 3 4 5 6
Die aanbieding van die programinhoud was duidelik en verstaanbaar	1 2 3 4 5 6
Die groeplede is voldoende tyd gegun om 'n tema/onderwerp te bespreek	1 2 3 4 5 6
Ek het genoegsame geleentheid gekry om insette te lewer	1 2 3 4 5 6
Ek het waardevolle inligting gekry uit die ander groeplede se belewenis van hul trauma	1 2 3 4 5 6
Dit is verrykend om 'n traumabegeleidingsprogram na die traumatiese gebeure by te woon	1 2 3 4 5 6
Dit sal goed wees as boere en hulle gesinne voorberei kan word op die hantering van traumatiese gebeure	1 2 3 4 5 6
Ek het meer kennis oor wat trauma is	1 2 3 4 5 6
Ek het 'n beter manier gevind om my traumaproses te deurleef	1 2 3 4 5 6
Ek begryp my gedagtes en gevoelens ten opsigte van die trauma beter	1 2 3 4 5 6
Ek kan my gedagtes en gevoelens ten opsigte van die trauma beter uitdruk	1 2 3 4 5 6
Ek kan nou makliker praat oor my gedagtes en gevoelens	1 2 3 4 5 6
Ek verstaan die trauma waardeur ek gaan, beter	1 2 3 4 5 6

Ek verstaan die betekenis van die trauma beter	1 2 3 4 5 6
Ek verstaan mense se reaksie op die gebeurtenis nou beter	1 2 3 4 5 6
Ek kan nou liggaamlike en emosionele belewenisse, sintuie en denke in detail identifiseer en verwoord	1 2 3 4 5 6
Ek het nou meer beheer oor wat met my gebeur het	1 2 3 4 5 6
Ek verstaan nou dat my gedagtes oor die trauma normaal is	1 2 3 4 5 6
Die gevaartekens van die traumaproses is uitgelig	1 2 3 4 5 6
Dit was waardevol om as huwelikspaar/gesin die traumaprogram by te woon	1 2 3 4 5 6
Ek beheer nou my herinneringe oor die traumatiese gebeure beter	1 2 3 4 5 6
Ek kan my traumaverhaal nou gemaklik aan ander oorvertel	1 2 3 4 5 6
Ek voel beter oor myself	1 2 3 4 5 6
Ek voel beter oor my verhouding met my lewensmaat	1 2 3 4 5 6
Ek voel beter oor my verhouding met my kinders	1 2 3 4 5 6
Ek voel beter oor my verhouding met my vriende	1 2 3 4 5 6
Ek het gegroei in my verhouding met God	1 2 3 4 5 6
Ek wantrou my werkers minder	1 2 3 4 5 6
'n Meer bevredigende lewenstyl wag op my	1 2 3 4 5 6
Ek is meer gereed om 'n wyer ondersteuningsisteem te ontwikkel	1 2 3 4 5 6
Ek het beter beheer oor die traumagebeure	1 2 3 4 5 6
Ek het groter behoefte aan kontak met die sosiale wêreld	1 2 3 4 5 6
Die program het net ou wonde oopgekrap	1 2 3 4 5 6

Wat was jou verwagtinge met betrekking tot die groepsessies? Is jou verwagtinge bereik? Verduidelik.

.....

.....

.....

Het jy enige verandering ervaar in jou emosies oor jouself in die algemeen gedurende die groepervaring? As jy het, wat was dit? Wat het jy van jouself geleer?

.....

.....

.....

In watter mate was jy daartoe in staat om die inset van jou interne kritiek te verminder en te vervang met gesonder, meer objektiewe sienings?

.....

.....

.....

Het jou houding teenoor die aanval gedurende die verloop van die groepsessies verander? Indien wel, hoe?

.....

.....

.....

Het jou gedrag met die verloop van die groepsessies verander? Indien wel, hoe?

.....

.....

.....

Aanbeveling

.....

.....

.....

Kommentaar

.....

.....

.....

Het jy planne om voort te gaan met die werk aan jouself waarmee jy in die groepsessies begin het?

.....

.....

.....

Baie dankie vir u samewerking

.....

(Mev) SC Schutte

Navorser/hulpverlener

UITDEELSTUK 16

DIE UITWERKING VAN TRAUMA OP DIE SLAGOFFER (EINDMETING)

1. Traumagebeure

Antwoord deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek.

	Beslis ja	**Ja**	**Onseker**	**Nee**	**Beslis nee**
Is dit vir u moeilik om oor die traumagebeure te praat?					
Kan u onthou wat tydens die aanval gebeur het?					
Het die traumagebeure nog steeds 'n uitwerking op u lewe?					
Het iets goeds uit die gebeure na vore gekom?					

2. Die uitwerking van die trauma op u as persoon

Dui aan deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek

		Altyd	**Dikwels**	**Soms**	**Selde**	**Nooit**
1	Angstigheid					
	Woede					
3	Skuldgevoelens					
4	Skaamte					
5	Terugflitse					
6	Drome					
7	Nagmerries					
8	Konflik					
9	Magteloosheid					
10	Gesondheidsprobleme					
11	Ontkenning					
12	Isolasie					
13	Dwelmverslawing					
14	Vermyding					
15	Depressiewe gemoedstoestand					

		Altyd	Dikwels	Soms	Selde	Nooit
16	Aggressie					
17	Swak konsentrasie					
18	Nalatigheid					
19	Gevoel van doodsheid					
20	Slaapstoornisse					
21	Eetversteurings					

3. Het die trauma 'n effek op u verhouding/s met:

Trek 'n kruisie in die toepaslike blokkie:

		Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1	God				
2	Self				
3	Huweliksmaat				
4	Kinders				
5	Ander familie				
6	Vriende				
7	Gemeenskapslewe				
8	Ander rasse				
9	Ander				

UITDEELSTUK 17

DIE UITWERKING VAN TRAUMA OP DIE SLAGOFFER (METING SES WEKE LATER)

1. Traumagebeure

Antwoord deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek.

	Beslis ja	**Ja**	**Onseker**	**Nee**	**Beslis nee**
Is dit vir u moeilik om oor die traumagebeure te praat?					
Kan u onthou wat tydens die aanval gebeur het?					
Het die traumagebeure nog steeds 'n uitwerking op u lewe?					
Het iets goeds uit die gebeure na vore getree?					

2. Die uitwerking van die trauma op u as persoon

Dui aan deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak

		Altyd	**Dikwels**	**Soms**	**Selde**	**Nooit**
1	Angstigheid					
2	Woede					
3	Skuldgevoelens					
4	Skaamte					
5	Terugflitse					
6	Drome					
7	Nagmerries					
8	Konflik					
9	Magteloosheid					
10	Gesondheidsprobleme					
11	Ontkenning					
12	Isolasie					
13	Dwelmverslawing					
14	Vermyding					
15	Depressiewe gemoedstoestand					

		Altyd	Dikwels	Soms	Selde	Nooit
16	Aggressie					
17	Swak konsentrasie					
18	Nalatigheid					
19	Gevoel van doodsheid					
20	Slaapstoornisse					
21	Eetversteurings					

3. Het die trauma 'n effek op u verhouding/s met:

Trek 'n kruisie in die toepaslike blokkie:

		Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1	God				
2	Self				
3	Huweliksmaat				
4	Kinders				
5	Ander familie				
6	Vriende				
7	Gemeenskapslewe				
8	Ander rasse				
9	Ander				

HOOFSTUK 8

EVALUERING VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle geëvalueer. Die evaluering van die traumabegeleidingsprogram bepaal die effektiwiteit van die program deur vas te stel in watter mate die doelwitte van die program bereik is. Evaluering is volgens Thomas (1985:108) die assessering van sekere fenomene; of die waardebepaling van 'n program; of 'n oordeel oor 'n vorm van intervensie. Evaluering voorsien dus inligting oor die poging, doeltreffendheid en nuttigheidsgraad van die program in die bereiking van die doelwitte van die program (Theobald, 1985:87).

In hierdie navorsing is van die enkelstelsel gebruik gemaak. Die enkelstelsel is toegepas as metode om die effektiwiteit van die program te bepaal deur middel van 'n voormeting, eindmeting en meting ses weke na afloop van die program. Deur middel van die enkelstelsel kan bepaal word of die slagoffers se funksionering gedurende die maatskaplikewerk-intervensie verbeter het (Cheetham *et al.*, 1994:24). Die enkelstelsel is in hoofstuk twee reeds volledig bespreek.

Die evaluering van die traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle is nodig omdat bepaal moet word of die program die volgende verreken het:

- Plaasaanvalle neem 'n eiesoortige vorm van misdaadgeweld aan wat verskil van ander misdaad. Omdat onsekerheid en verskil van mening bestaan oor die werklike redes vir hierdie tipe geweld (polities of blote misdaad), is dit vir slagoffers moeilik om antwoorde op hulle vrae te kry en die traumatisering te verwerk.
- Slagoffers van plaasaanvalle word nie net aan een misdaad, byvoorbeeld diefstal, blootgestel nie, maar aan verskeie vorme van geweld tegelyk, soos fisiese geweld (eie lewensbedreiging, fisiese marteling, verkragting, aanranding, dood) en emosionele geweld (gyselaarsdramas, verkragting, vernedering). Dit maak die traumatisering intens en die verwerking daarvan gekompliseerd.
- Plaasaanvalle is 'n gekompliseerde vorm van traumatisering en hulpverleners beskik nie noodwendig oor voldoende kennis vir effektiewe intervensie nie. ('n Respondent noem dat hulle vir sielkundige behandeling ingeskakel het, maar dat die sielkundige gereageer

het dat dit 'n nuwe verskynsel is en dat hy/sy nie kennis dra van hoe die hulpverlening behoort te geskied nie.)

2. STEEKPROEF

Die populasie was blanke persone van die landbougemeenskap van beide geslagte in die Noordwes Provinsie, spesifiek in die Lichtenburg-area omdat dit nie prakties, geografies en ekonomies haalbaar is om alle slagoffers van plaasaanvalle landswyd in die traumabegeleidingsprogram te betrek nie. Hierdie persone bewoon plase en kleinhoewes. 'n Totaal van 14 respondente is gekontak ten einde te verseker dat ten minste 7 respondente aan die traumabegeleidingsprogram sou deelneem. Drie van die 14 respondente is intussen (tussen die voorondersoek en die voorbereiding vir die traumaprogram) aan hart en longprobleme oorlede, 2 is gehospitaliseer en ondervind sedertdien ernstige gesondheidsprobleme. Een respondent tree na 'n kortstondige verhouding in die huwelik en verhuis. Nog 'n respondent moes dringend ekstra werkkontrakte elders vind as gevolg van sy egmaat se afsterwe en uitstaande mediese uitgawes wat gedelg moes word.

'n Niewaarskynlikheidstipe steekproef is in hierdie studie gebruik. Die navorser het aanvanklik van die beskikbaarheidstipe steekproeftrekking gebruik gemaak. Namate die ondersoek gevorder het, is tot die sneeubalsteekproeftrekking oorgegaan. 'n Klein hoeveelheid deelnemers in die populasie is gelokaliseer van wie inligting verkry is en wat ook gevra is om ander in die populasie met soortgelyke eienskappe te identifiseer. Die navorser het met die nuut geïdentifiseerde deelnemers in aanraking gekom, data is verkry, en hierdie groep is ook gevra om ander in die populasie te identifiseer. Die proses het voortgegaan totdat die verlangde steekproefgrootte verkry is (Grinnell, 1993:163; Monette *et al.*, 1998:143; Reid & Smith, 1981:172; Williams *et al.*, 1995:231). Dit is 'n nuttige strategie vir minder toeganklike populasies. Die sneeubaltipe steekproef beteken dat elke beskikbare geval in die populasie wat by die verskynsel (plaasaanvalle) betrokke is, genader is om inligting ten opsigte van ander persone te verkry (Strydom, 1999:69-70). So is voortgegaan totdat genoeg proefpersone betrek kon word.

Vier en dertig persone, wat slagoffers van plaasaanvalle was, is uit die landbougemeenskap as respondente betrek. Van die respondente wat aan die ondersoek in Fase 1 deelgeneem het, is by die traumabegeleidingsprogram betrek. In die selektering van die groep is respondente betrek wat vrywillig by die groep wou inskakel en wat aangedui het dat hulle deur die plaasaanval

getraumatiseer is. Hulle is vooraf daarop voorberei om die programaanbieding oor ses sessies heen by te woon.

Sewe respondente het hulle vooraf (tydens die voorbereidingsonderhoude vir die groep) beskikbaar gestel om aan die program deel te neem. Vyf van die sewe respondente het opgedaag om aan die traumabegeleidingsprogram deel te neem.

3. EVALUASIE VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

3.1 AANTAL PROEFPERSONE

Onderhoudskedule 1 is deur 34 respondente ingevul. Die doel van hierdie skedule was om 'n evaluasie te maak van watter aspekte en tegnieke aangewend moet word om hulp aan die slagoffers van plaasaanvalle te verleen. Hierdie skedule is reeds in Hoofstuk 6 bespreek. Uit die inligting wat uit hierdie skedule bekom is, is die traumabegeleidingsprogram ontwikkel. Hierdie traumabegeleidingsprogram is aangebied en die aantal proefpersone wat Uitdeelstukke 1, 17 en 18 ingevul het, is soos volg:

- Uitdeelstuk 1 (voormeting) is deur 5 groeplede (respondente) ingevul (sien bladsy 312). Die vraelys het die funksionering van die groeplede voor die aanvang van die intervensie (traumabegeleidingsprogram) gemeet.
- Uitdeelstuk 16 (eindmeting) is deur 5 groeplede direk na afloop van die intervensie ingevul om die funksionering van die groeplede direk na die hulpverlening te evalueer (sien bladsy 336).
- Uitdeelstuk 17 (meting ses weke later) is ook deur al 5 groeplede ingevul. Die doel van hierdie vraelys was om die langtermyn funksionering van die groeplede te bepaal (sien bladsy 338).

Deur middel van Uitdeelstukke 1, 16 en 17 kon bepaal word hoe effektief die traumabegeleidingsprogram was.

3.2 TIPE VRAE

In die navorsing is die respondente van anonimiteit verseker. Daarom is die identiteit van die individue nie met die invul van die vraelyste bekend gemaak nie. Al is die respondente tydens die voorondersoek verseker van anonimiteit, het hulle nie gehuiwer om tydens die invul van die onderhoudskedule reeds baie sensitiewe inligting met die navorser te deel en selfs hulle

persoonlike besonderhede op die vraelyste neer te skryf nie. Die respondente het hulle verwardheid en probleme toe reeds duidelik verbaal en nieverbaal uitgedruk.

Om vas te stel wat die verskil is tussen die voormeting, eindmeting en meting ses weke na die intervensie is 'n vergelyking getref tussen die voor-, eind- en ses-weke-later-meting. Daar kon 'n vergelyking getref word tussen die voor-, eind- en ses-weke-later-meting van elke respondent. Die navorser het elke respondent se Vraelyste 2, 3 en 4 met 'n ander simbool in die linkerkantste boonste hoek gemerk. Sodoende kon die inhoud van die drie vraelyste na die tyd ook met mekaar vergelyk word.

3.3 MEETINSTRUMENTE

Die navorser het selfontwerpte metingskale gebruik wat uit bestaande metingskale saamgestel is, soos dit in die literatuur voorkom. Die invul van die vraelyste het vlot en sonder probleme verloop. Die groeplede het die vraelyste dadelik verstaan en maklik ingevul. Die navorser het haar eie skale saamgestel. Vervolgens word die skale bespreek:

3.3.1 Uitdeelstukke 1, 16 en 17

Die vraelys is ontwerp om die funksionering van elke groeplid te meet. Elke groeplid het aan die begin van die eerste groepsessie, aan die einde van die laatste groepsessie en ses weke na afloop van die groepsessies 'n vraelys ingevul. Die inhoud van al drie hierdie vraelyste wat elke slagoffer moes invul, was presies dieselfde. Die drie vraelyste van elke groeplid (volgens die simbole wat daarop aangebring is) is met mekaar vergelyk om die funksionering van die spesifieke groeplid te kan bepaal, maar die groep as geheel se vraelyste is ook vergelyk om vas te stel hoe die groep se funksionering verander het. Die inhoud van hierdie vraelyste het ooreengestem met die inhoude van die modules van die traumabegeleidingsprogram.

Die vraelyste het uit drie afdelings bestaan, naamlik:

- **Traumagebeure** - Ten opsigte van die traumagebeure moes die groeplede met 'n kruisie "Beslis ja; Ja; Onseker; Nee" of "Beslis nee" aandui. 'n Hoër telling gedurende die meting ses weke na afloop van die traumabegeleidingsprogram dui op 'n beter funksionering na die intervensie.
- **Die uitwerking van die trauma op die slagoffer** - Ten opsigte van die uitwerking van die trauma op die slagoffer moes die groeplede met 'n kruisie "Altyd; Dikwels; Soms; Selde" of "Nooit" aandui. 'n Hoër telling gedurende die meting ses weke na afloop van

die traumabegeleidingsprogram dui daarop dat die uitwerking van die trauma op die slagoffer minder is na die intervensie.

- **Die effek van trauma op die verhoudings van die slagoffer** - Ten opsigte van die uitwerking van die trauma op die verhoudings van die slagoffer moes die groeplede met 'n kruisie "Beslis ja; Ja; Onseker; Nee" of "Beslis nee" aandui. 'n Hoër telling gedurende die meting ses weke na afloop van die traumabegeleidingsprogram dui daarop dat die effek van die trauma op die verhoudings van die slagoffer minder is na die intervensie.

3.3.2 Uitdeelstuk 15

Aan die einde van die finale sessie het die groep die totale program geëvalueer. Die doel hiervan was om vas te stel wat die positiewe en negatiewe aspekte van die program was, om sodoende die nodige aanpassings te kon maak (sien bladsy 332). Hierdie vraelys was kwalitatief en kwantitatief van aard.

Agt oopeindevrae is by die vraelys ingesluit. Die respondente het vrae ooreenkomstig 'n sespuntresponskategorie beantwoord. Hierdie kategorieë is soos volg:

1	2	3	4	5	6
Beslis nee					Beslis ja

'n Lae telling dui daarop dat die sessies nie suksesvol was nie. 'n Hoë telling dui daarop dat die sessies wel suksesvol was.

3.4 DATA-ANALISE

Wanneer die resultate van die enkelstelsel geanaliseer word, behoort drie vrae volgens Rubin en Babbie (1993:323) gestel te word:

- Kom 'n visuele patroon in die grafiek voor wat daarop dui dat die neigings of vlak van die probleem eers nadat intervensie plaasgevind het, verander het?
- Wat is die statistiese moontlikheid dat die data wat tydens die intervensiefase waargeneem is net 'n deel van die normale verandering en fluktuasie kon uitgemaak het, wat 'n mens dalk sou kon verwag as die basislyn verleng sou word sonder dat intervensie plaasgevind het?
- Is die mate van verandering, gesien vanuit 'n substantiewe of kliniese standpunt belangrik as die verandering in die geïdentifiseerde probleemarea verband hou met die intervensie?

Wanneer die resultate van die navorsing geanaliseer word, moet die navorser bepaal of dit werklik die onafhanklike veranderlike was wat verantwoordelik was vir die verandering in die afhanklike veranderlike (Bloom & Fisher, 1982:18).

4. PROGRAM

Die traumabegeleidingprogram wat uit ses modules bestaan, is ontwerp om oor 'n naweek of oor ses weke heen aangebied te word. Op versoek van die groeplede is die program in een dag aangebied. Die navorser sou graag wou gehad het dat die program oor 'n langer tydperk aangebied moes word, maar ter wille van die realisering van die groep is besluit om aan die versoek te voldoen. Die groeplede rig die versoek om verskeie redes, onder andere siekte, verhuisings, opening van 'n besigheid, finansiële probleme, veiligheid en die algehele uitverkoping van een groeplid se plaas. Die doel van die program is om slagoffers van plaasaanvalle te bemagtig om hanteringsvaardighede te ontwikkel en te verbeter ten einde na die trauma 'n lewe van 'n goeie kwaliteit te lei. Elke module is volgens die inhoud aangebied en geen veranderinge is aan die inhoud aangebring nie.

In tabelvorm is die uiteensetting van die program soos volg:

TABEL 10: DIE PROGRAM

TYD	MODULE	TEMA
8:30 – 9:30	Module 1 – Inleiding.	Evaluering, inleiding en 'n plaasaanval – 'n werklikheid of droom?
10:00-12:30	Module 2 – Om tot verhaal te kom	My traumaverhaal
13:00-15:00	Module 3 – Emosies en reaksies op trauma.	Wat voel ek?
15:30 – 16:00	Module 4 – My keuse? Die hanteringsproses.	Passiewe slagoffer of aktiewe oorwinnaar?
16:00 – 18:00	Module 5 – Herverbinding met die daaglikse lewe.	Hoe raak die traumatiese gebeure my verhoudingslewe?
18:00 – 18:30	Module 6 – Afsluiting.	Samevatting, evaluering en afsluiting.

Die groeplede se belewenis van die program word vervolgens bespreek.

5. BELEWENIS VAN DIE PROGRAM

5.1 MODULE 1: INLEIDING

5.1.1 Doel

Die doel van hierdie sessie was dat die groeplede mekaar beter moes leer ken sodat 'n vertrouensverhouding tussen die groeplede en die hulpverlener geskep kon word. Die hulpverlener het reeds verskeie kere voor die aanvang van die programaanbieding individueel kontak (tydens die voorondersoek, tydens die voorbereidingonderhoud vir die groep asook tydens telefoononderhoude) met die groeplede gehad. Aan die einde van die sessie was dit belangrik dat die groeplede spontaan met mekaar sou assosieer en kommunikeer.

5.1.2 Verloop van die sessie

Voor die aanvang van die eerste sessie het die groeplede die voormetingskedule (enkelstelsel) ingevul. Die hulpverlener het verduidelik waarom die voormeting gedoen word. Tydens die sessie het die hulpverlener die verwelkoming en bekendstelling waargeneem. Die groeplede se spontane deelname ten opsigte van die voorstelling en bekendstelling van hulleself en hulle omstandighede aan die ander groeplede het tot gevolg gehad dat die hulpverlener dit nie nodig geag het om die kenmekaarspeletjie te speel nie. Die groeplede het onmiddellik in die ontmoetingsfase - reeds begin met die vertel van hulle traumaverhale. Naamplakkers is ook uitgedeel sodat die groeplede mekaar op die naam kon noem. Vervolgens is die groeplede georiënteer ten opsigte van die groepprogram. Dit behels die doel van die program en kontraksluiting asook die wyse waarop dit gedurende die aanbieding van elke sessie uitgevoer sou word. Hierdie groepprogram is ook vooraf tydens die voorbereidingsonderhoud individueel met die groeplede bespreek. Die hulpverlener het kortliks en inleidend inligting gegee oor 'n traumatiese gebeurtenis soos 'n plaasaanval, om 'n slagoffer van 'n plaasaanval te wees, die behoeftes van die slagoffer, en die keuse wat die slagoffer maak. Die feit dat die groeplede almal slagoffers van plaasaanvalle was, het meegewerk daartoe dat hulle gemaklik daaroor begin kommunikeer het. Die feit dat hulle uit dieselfde portuurgroep kom, het ook verder tot hierdie groepkohesie bygedra.

5.1.3 Bespreking van die sessie

Die groeplede was gemaklik met die toepassing van hierdie module. Kommunikasie het spontaan in 'n ontspanne atmosfeer plaasgevind. Dit het voorgekom of die groeplede behoefte daaraan gehad het om oor hulle traumagebeure te praat. Die hulpverlener moes hulle gerusstel deur daarop te wys dat daar tydens die tweede module weer aandag gegee gaan word aan die traumaverhaal. Kommunikasie tussen die hulpverlener en die groeplede was informeel en groepkohesie het reeds begin vorm. In die geheel gesien was hierdie sessie uiters geslaagd en het die groeplede boverwagting gou reeds sensitiewe inligting met mekaar begin deel.

5.2 MODULE 2: MY TRAUMAVERHAAL

5.2.1 Doel

Die doel van hierdie sessie was die instaatstelling van groeplede om deur middel van storievertelling nuwe betekenis aan die traumagebeure te gee.

5.2.2 Verloop van die sessie

Die hulpverlener gee 'n inleiding ten opsigte van die gebrek aan ruimte vir emosionele ontlading in die daaglikse lewe. Dit bring mee dat die behoefte by die slagoffer om sy/haar traumaverhaal te vertel toeneem. Nadat die hulpverlener 'n toepaslike aanhaling aan die groeplede voorgelees het, bespreek die groeplede waarom individue aangemoedig moet word om oor hulle traumagebeure te praat. Die hulpverlener het besluit om die verbale groeptegniek (die stimulering van groepgesprek deur middel van koerantberigte en tydskrifartikels) weg te laat omdat die groeplede reeds in die vorige sessie 'n aanduiding gegee het daarvan dat hulle so gou moontlik oor die traumagebeure wou praat. Die hulpverlener het die riglyne vir storievertelling neergelê en geleentheid aan die groeplede gegee om hulle verhale te vertel. Die hulpverlener het toepaslike vrae gestel terwyl elke groeplid sy/haar storie vertel het, om sodoende volledige storievertelling te stimuleer. Die hulpverlener het deurlopend normalisering van en regverdiging vir die slagoffers se gedagtes en reaksies ingewerk. Die hulpverlener het die groeplede (slagoffers) aangemoedig om tuis (huiswerk) 'n manuskrip of 'n brief voor te berei wat elkeen daagliks vir homself/haarself kan voorlees en wat hy/sy kan aanvul totdat hy/sy tevrede voel dat die traumaverhaal volledig neergeskryf is. Hierdie verhaal kan net so geskrewe bly of op video of band opgeneem word en aan 'n geliefde gegee word om te lees, of daarna te kyk of te luister en dit dan te bespreek. So kan kommunikasie oor die gebeure gestimuleer word. Daar kan selfs

'n begrafnisritueel gevolg word waar die manuskrip, brief, video of band verbrand of begrawe word sodra die slagoffer voel dat die traumaverhaal met homself/haarself deurgewerk is. Hiervoor is nie aanvanklik in die traumabegeleidingsprogram voorsiening gemaak nie. Dit was 'n uitbreiding op die aanvanklike traumabegeleidingsprogram. Die groeplede het versoek om 'n riglyn te kry van dit waarop hulle moet fokus in die weergee van hulle traumaverhaal. Hiervoor het die hulpverlener aanvanklik nie voorsiening gemaak nie. Moontlike inhoude is aan die groeplede voorgehou om neer te skryf (sien punt 6.5.3, bladsy 264-267). Die hulpverlener het met die volgende vraag aan die groeplede afgesluit: "Wat kies jy, verkniesing of genesing?"

5.2.3 Bespreking van die sessie

Die groeplede het hierdie sessie verwelkom en maklik geakkommodeer. Waardevolle insette is deur die groeplede gelewer. Die groeplede het spontaan ooreenkomste tussen hulle eie en ander se emosies en reaksies op die traumatiese gebeure, fases van rou en simptome van posttraumatiese stresreaksie geïdentifiseer. Belangrike insidente tydens die traumagebeure en die fisiese, emosionele en sosiale impak daarvan is bespreek. Voorbeelde hiervan is:
Een groeplid is tydens die aanval herhaaldelik verkrag. Al die ander groeplede was tydens die traumagebeure gedreig met verkragting. Die impak daarvan op hulle verhoudings is uitgelig en die groeplede kon mekaar begelei. Die een groeplid beklemtoon dat die ander groeplede wat na die aanval probleme ervaar met hulle seksualiteit, dit met hulle huweliksmaat sal moet deurwerk. Al die slagoffers is fisies gemartel. Hulle het hulle ervaring daarvan met mekaar gedeel.

Normalisering het ook spontaan tussen die groeplede plaasgevind omdat hulle gehoor het dat al die ander groeplede soortgelyke emosies gehad en reaksies getoon het. Kommer is uitgespreek oor die sekondêre slagoffers (kinders en huweliksmaats wat nie tydens die aanvalle teenwoordig was nie) se hantering van die traumagebeure en die belangrikheid daarvan dat hulle begelei sal moet word tot die vertelling van hulle eie traumaverhale as sekondêre slagoffers.

5.3 MODULE 3: EMOSIES EN REAKSIES OP TRAUMA

5.3.1 Doel

Die doel van hierdie sessie is om dit vir die groeplede moontlik te maak om die emosies en reaksies op die trauma te verstaan en te hanteer. Deurdat die slagoffers/groeplede hulle emosies en reaksies hanteer en verstaan, verkry hulle beheer oor hulle omstandighede.

5.3.2 Verloop van die sessie

Die hulpverlener verduidelik aan die groeplede dat hulle kan leer hoe om meer beheer oor hulle gemoed te verkry deur in die eerste plek van hulle emosies bewus te word. Die groeplede deel elkeen met die res van die groep hulle emosies en reaksies wat hulle direk na die traumatiese gebeure ervaar het. Daarna bespreek die groeplede die eienskappe waaraan 'n persoon, wat die effek van trauma deurgegaan het, herken kan word. 'n Uitdeelstuk oor die eienskappe van so 'n persoon word met die groeplede bespreek. Vervolgens word die feit dat die individu verliese ervaar het en dat hy/sy dan gevoelens ervaar as gevolg van die verliese wat hy/sy ervaar het, in die groep bespreek. Die hulpverlener normaliseer weer nadat die groeplede die gevoelens oor die verliese gedeel het. Die stadiums van rou word met die groeplede bespreek. Die groeplede neem aan hierdie bespreking deel. Die groeplede word voorsien van 'n uitdeelstuk oor die stadiums van rou. Die groeplede word bekendgestel aan sekere strategieë (reaksies) wat die individu kan aanleer om sy/haar pyn te verlig. Hierdie reaksies op pyn word as simptome uitgelig. Die simptome wat na 'n plaasaanval en/of moord ervaar word, word uitgelig. Die hulpverlener beklemtoon dat die simptome van toepassing gemaak kan word op ander traumas ook. Ook hier vind normalisering deurlopend plaas. Die groeplede herken en benoem die simptome wat hulle by hulleself kan identifiseer. Nou herdefinieer die hulpverlener die simptome wat die groeplede identifiseer. Die sessie sluit af met die gedagte dat daar rede tot kommer sou wees as die groeplede nie stresreaksies sou gehad het nie en dat stresreaksies wys dat die individu in voeling is met homself/haarself en dat hy/sy probeer om die gebeure te verstaan sodat hy/sy vorentoe kan beweeg. Die hulpverlener verduidelik verval en terugval en dat 'n mens die meeste leer wanneer jy mislukkings ervaar. Die groeplid sal dalk agterkom dat die hanteringsvaardighede wat die individu aanvanklik aangeleer het, nie noodwendig nou meer geskik is nie. Dit beteken dat aanpassings gemaak moet word. Simptome kan dalk nooit heeltemal verdwyn nie, maar stresreaksies kan ten minste beheer word.

5.3.3 Bespreking van die sessie

Hierdie sessie was suksesvol. Die groeplede het met die inhoud van hierdie sessie geïdentifiseer en aan die besprekings deelgeneem. Groeplede het verduidelik oor watter verliese hulle rou. So verduidelik die een respondent dat sy vrede gemaak het met haar man se selfmoord en nie vir hom kwaad is daaroor nie, maar dat sy haar man se ondersteuning mis en na hom verlang. Sy het nou sy ondersteuning en hulp nodig. Die volgende respondent verduidelik dat sy nie oor haar man se dood rou nie, maar dat sy nou die trauma ervaar wat hy drie jaar gelede na die

plaasaanval ervaar het. Sy ervaar nou ook sy onverwerkte emosies en reaksies. Daar kon meer tyd aan hierdie sessie bestee gewees het omdat die groeplede nog baie kon praat.

5.4 MODULE 4 : MY KEUSE? DIE HANTERINGSPROSES

5.4.1 Doel

Die doel van hierdie sessie was om hanteringsvaardighede aan te leer om beheer oor die traumatiese gebeure te verkry.

5.4.2 Verloop van die sessie

Gedrag en denke wat die herstel na die traumatiese gebeure vertraag, word aan die hand van 'n uitdeelstuk bespreek. Hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie, is nie in die groep bespreek nie, maar as huiswerk aan die groeplede gegee. Aanvanklik is daar in die traumabegeleidingsprogram besluit om hierdie inhoud in groepsverband te bespreek. Tydens die groepbespreking was die hulpverlener van mening dat die inligting wat handel oor die hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie, 'n herhaling van die inhoud is wat reeds in die voorafgaande sessies bespreek is. Vir hierdie spesifieke groepaanbieding was die bespreking van die inhoud 'n herhaling. Tog is die hulpverlener van mening dat die inligting by ander groepe sinvol aangewend kan word. Hanteringsvaardighede wat probleemoplossend is, is weer volledig in die groep bespreek. Die groeplede is tyd gegun om hulle eie hanteringsvaardighede aan die hand van 'n vraelys te evalueer. Die hulpverlener gee riglyne vir hanteringsvaardighede wat die slagoffer kan ontwikkel om die emosionele seer wat die traumatiese gebeure meebring, te hanteer.

5.4.3 Bespreking van die sessie

Dit was asof die groeplede nie heeltemal met hierdie inhoud kon identifiseer nie. Dit word toegeskryf aan die feit dat die groeplede se plaasaanvalle reeds lank terug plaasgevind het en ook daaraan dat omstandighede hulle gedwing het om hulle situasies te hanteer. Tog kon hulle identifiseer met sekere inhoude wat hulle van toepassing gemaak het op nuwe traumas wat intussen bygekom het. Omstandighede dwing 'n mens vorentoe om te beweeg, of jy wil of nie. Ten opsigte van persoonlike hanteringsvaardighede wat die slagoffers ontwikkel het, het hulle eenparig besluit dat hulle tog nog meer hanteringsvaardighede kan aanleer om hulle situasies beter te leer hanteer. Die volgende gevolgtrekkings is gemaak: Dat dit nie net gaan om

standvastigheid nie, maar eerder koersvastheid. Die groeplede het 'n behoefte gehad aan konkrete riglyne ten opsigte van hanteringsvaardighede om die emosionele seer wat die traumatiese gebeure bring, te kan hanteer. Konkrete riglyne is aan die groeplede gegee om neer te skryf (sien punt 6.8.3, bladsy 292-294).

5.5 MODULE 5: HERVERBINDING MET DIE DAAGLIKSE LEWE

5.5.1 Doel

Hierdie sessie poog om die groeplede te begelei om vaardighede aan te leer sodat hulle die veranderde verhoudings tydens veranderde omstandighede kan hanteer.

Die tipe vaardighede wat veranderde verhoudings tydens veranderde omstandighede kan hanteer, is onder andere die vaardighede om sosiale situasies te kan hanteer en om met die gesin, vriende, bure, God en plaaswerkers te kan bind en om die misdadiger te kan vergewe.

5.5.2 Verloop van die sessie

Die hulpverlener verduidelik aan die groeplede dat die slagoffer, nadat hy/sy vrede gemaak het met sy/haar verlede, die verantwoordelikheid het om 'n nuwe toekoms te skep. Herverbinding met sosiale situasies is belangrike ervarings vir die herstelproses. Die groeplede vul 'n vraelys in ten einde hulle hantering van sosiale situasies te evalueer. Hierdie hanteringsvaardighede word in die groep bespreek. 'n Tweede vraelys is ingevul waarin die groeplid sy/haar sterk- en swakpunte en die effek daarvan op die toekoms evalueer. 'n Vraelys ten opsigte van gesinsverhoudinge en die verhouding met God word ook ingevul. Daarna het die groeplede terugvoer gegee oor die vraelyste wat ingevul is. Die volgende vrae is toe gestel: Hoe kan 'n sosiale netwerk voordelig wees? Bespreek die idees van hoe kontak met ander gemaak kan word. Bespreek die probleemareas in verhouding met ander mense. Bespreek hoe verdieping in verhoudings met ander kan plaasvind. Bespreek die herverbinding met die gesin en met jou huweliksmaat, vriende en bure. Hoe kan met God herverbind word? Die verhouding tot plaaswerkers en misdadigers word belig. Die groeplede voeg hierby die verhouding met die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

5.5.3 Bespreking van die sessie

Die inhoud van hierdie sessie is grotendeels tydens die vorige sessies reeds behandel.

5.6 MODULE 6: AFSLUITING

5.6.1 Doel

Om die traumabegeleidingsprogram te evalueer om die effektiwiteit van die program te bepaal.

5.6.2 Verloop van die sessie

'n Samevatting van die inhoud van die modules is gegee. Evaluering van die onderskeie modules is gedoen. 'n Evaluering van die funksioneringsvlak van die groeplede (nameting) is ook gedoen. 'n Samevatting is gegee en 'n afsluiting deur middel van 'n liturgiese oomblik is aangebied. Elke groeplid het 'n kers aangesteek. Die hulpverlener deel met die groeplede dat ons ons krag (lig) van God kry. Daarom moet elkeen van ons se lewe aan Syne verbind word. Baie lig saam verdryf die donker. Dit beteken dat trauma nie alleen hanteer kan word nie. Eers as almal se kerse brand, word die donker verdryf en sien ons die lig. 'n Paar oomblikke van stilte word gegee vir individuele gebed. Die individuele gebed word afgesluit met die volgende woorde: "Mag God se genade en vrede met julle wees en bly."

5.6.3 Bespreking van die sessie

Die groeplede bevestig God se teenwoordigeheid in hulle lewe en dat hulle deur Sy krag die onderskraging vind om die trauma te verwerk.

6. DIE RESULTATE VAN VERWERKTE GEGEWENS

6.1 ENKELSTELSEL

Die kern van die enkelstelsel is die herhaaldelike meting van 'n probleem ten einde vas te stel of veranderinge in die respondent se maatskaplike funksionering voor, tydens en na ingryping ingetree het (Strydom, 1986:218). Die vordering en agteruitgang van die respondente se maatskaplike funksionering is voor, na en ses weke na afloop van die traumabegeleidingsprogram gemeet. So is die effektiwiteit van die traumabegeleidingsprogram wat deur die navorser ontwikkeling en geïmplementeer is, bepaal en kon die navorser vasstel of die navorsing suksesvol in die praktyk toegepas kan word.

6.2 VOORMETING

Voor die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram is die respondente aan meting blootgestel. 'n Meting van die respondente se maatskaplike funksionering voor die aanbieding van die intervensie is gedoen om as basis te dien om te bepaal of veranderinge ten opsigte van probleemhantering by die respondente ingetree het.

6.3 EINDMETING

Meting is weer na afloop van die traumabegeleidingsprogram gedoen om te kon vasstel of daar reeds direk na intervensie 'n verandering was in die hanteringsvaardighede van die respondente in vergelyking met voor die intervensie.

6.4 METING SES WEKE LATER

Meting is ook weer ses weke na afloop van die traumabegeleidingsprogram gedoen. Dieselfde meetinstrument (sien Uitdeelstuk 1, bladsy 305; Uitdeelstuk 17, bladsy 330; Uitdeelstuk 18, bladsy 332) is in al drie gevalle gebruik. So is vasgestel of die groeplede hulle funksioneringsvlakke na die intervensie verbeter het en of hulle hierdie funksioneringsvlakke na ses weke steeds kon handhaaf.

6.5 OORHOOFSE EVALUERING

Die verwerkte gegewens word aangebied aan die hand van die volgende meetinstrumente: 'n evalueringsvraelys ten opsigte van die traumabegeleidingsprogram en vraelyste (voormeting, eindmeting en meting ses weke later) ten opsigte van die uitwerking van die trauma op die slagoffer (enkelstelsel) as groep en as individue.

6.6 DIE UITWERKING VAN DIE TRAUMAGEBEURE IN DIE ALGEMEEN

Die traumabegeleidingsprogram is in een dag voltooi. Lede het dus nie 'n kans gehad om na die aanbieding van elke sessie die insigte, kennis en vaardighede te gaan beleef en uit te toets in hulle daaglikse bestaan nie. Die verwerkte gegewens word dus aangebied aan die hand van die kennis en insig wat slagoffers verkry het.

6.6.1 Praat oor die traumagebeure (individuele groeplede)

Deur middel van die onderstaande tabel dui die individuele groeplede aan of dit vir hulle moeilik is om oor die traumagebeure te praat. Hierdie metings is voor die intervensie (A1-basislyn), na die intervensie (B-intervensie) en ses weke na die afloop van die intervensie (A2-basislyn) gedoen. Die tabel wat die resultate voorstel, is soos volg:

Tabel 11: Is dit vir u moeilik om oor die traumagebeure te praat? (N=5)

		Slagoffer 1	Slagoffer 2	Slagoffer3	Slagoffer 4	Slagoffer 5
Voormeting (A1)	Beslis ja	✖				
	Ja					
	Onseker		✖			
	Nee				✖	✖
	Beslis nee			✖		
Eindmeting (B)	Beslis ja					
	Ja					
	Onseker		✖			
	Nee	✖				✖
	Beslis nee			✖	✖	
Meting ses weke later (A2)	Beslis ja					
	Ja					
	Onseker	✖				
	Nee		✖			✖
	Beslis nee			✖	✖	

Uit die tabel blyk dit dat die meeste individuele slagoffers dit direk na die intervensie (B), maar ook ses weke na die intervensie (A2) makliker gevind het om oor die traumagebeure te praat as voor die intervensie (A1). Dit is veral slagoffer 1 wat dit baie makliker gevind het om na die traumabegeleidingsprogram oor die traumagebeure te praat. Slagoffer 2 en 4 dui aan dat dit ses weke na die intervensie (A1) makliker was om oor die traumagebeure te praat. Slagoffer 3 en 5 het dit deurgaans nie moeilik gevind om oor die traumagebeure te praat nie.

6.6.2 Praat oor die traumagebeure (groep as geheel)

Die volgende grafiese voorstelling toon die groep as geheel se ervaring van die uitwerking van die traumagebeure ten opsigte van "praat oor die gebeure" voor die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) aan. Uit die grafiese voorstelling blyk dit duidelik dat groeplede na die intervensie (B) makliker oor die traumagebeure praat as voor die intervensie (A). Ses weke later (A2) praat groeplede nog steeds makliker oor die traumagebeure as voor die intervensie (A1).

Hieruit blyk dit dat die groeplede na afloop van die traumabegeleidingsprogram makliker oor die traumagebeure kan praat. Die grafiese voorstelling van hierdie bevindinge is soos volg:



Staafdiagram 14: Praat oor die traumagebeure (N=5)

6.6.3 Onthou gebeure tydens die aanval (groeplede individueel)

Deur middel van die onderstaande tabel dui die individuele groeplede aan of hulle kan onthou wat tydens die aanval gebeure het. Hierdie metings is gedoen voor die intervensie (A1-basislyn), na die intervensie (B-intervensie) en ses weke na afloop van die intervensie (A2-basislyn).

Tabel 12:Kan u onthou wat tydens die aanval gebeure het? (N=5)

		Slagoffer 1	Slagoffer 2	Slagoffer 3	Slagoffer 4	Slagoffer 5
Voormeting (A1)	Beslis ja	✖	✖		✖	
	Ja					✖
	Onseker					
	Nee					
	Beslis nee			✖		
Eindmeting (B)	Beslis ja	✖	✖	✖		
	Ja				✖	✖
	Onseker					
	Nee					
	Beslis nee					
Meting ses weke later (A2)	Beslis ja	✖	✖		✖	
	Ja					✖
	Onseker					
	Nee					
	Beslis nee			✖		

Uit hierdie tabel blyk dit duidelik dat slagoffer 3 beslis nie voor intervensie (A1) kon onthou wat tydens die aanval gebeur het nie. Na intervensie (B) het hy/sy beslis onthou wat gebeure het, maar ses weke na die intervensie (A2) kon hy/sy weer beslis nie onthou wat gebeure het nie. Die res van die slagoffers kon voor die intervensie (A1), tydens die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) onthou wat tydens die aanval gebeur het:

6.6.4 Onthou gebeure tydens die aanval (groep as geheel)

Deur middel van die onderstaande grafiese voorstelling dui die groep aan of hulle kan onthou wat tydens die aanval gebeure het. Hierdie metings is gedoen voor die intervensie (A1-basislyn), na die intervensie (B-intervensie) en ses weke na afloop van die intervensie (A2-basislyn). Die grafiese voorstelling van die bevindinge is soos volg:



Staafdiagram 15: Onthou wat gebeur het (N=5)

Uit die grafiese voorstelling blyk dit dat meer slagoffers na intervensie (B) beter kon onthou, as voor die intervensie (A1), wat tydens die aanval gebeur het. Ses weke na die intervensie (A2) kon hulle steeds onthou wat tydens die aanval gebeur het, alhoewel die meting vergelyk met die meting voor die intervensie (A1). Hieruit kan afgelei word dat die traumabegeleidingsprogram nie werklik 'n verskil gemaak het daarin óf en hóé die groeplede onthou het wat gebeur het nie.

6.6.5 Voortgesette uitwerking van traumagebeure op individuele groeplede

Deur middel van die volgende tabel dui die individuele groeplede aan dat die traumagebeure nog steeds 'n uitwerking op hulle lewe het. Hierdie metings is voor die intervensie (A1-basislyn), na

die intervensie (B-intervensie) en ses weke na afloop van die intervensie (A2-basislyn) gedoen. Die volgende tabel bevat die resultate van hierdie metings:

Tabel 13: Het die traumagebeure nog steeds 'n uitwerking op u lewe? (N=5)

		Slagoffer 1	Slagoffer 2	Slagoffer3	Slagoffer 4	Slagoffer 5
Voormeting (A1)	Beslis ja	✖	✖			
	Ja				✖	
	Onseker					
	Nee			✖		✖
	Beslis nee					
Eindmeting (B)	Beslis ja		✖			
	Ja	✖			✖	
	Onseker			✖		
	Nee					✖
	Beslis nee					
Meting ses weke later (A2)	Beslis ja		✖	✖		
	Ja	✖			✖	
	Onseker					
	Nee					✖
	Beslis nee					

Uit die tabel is dit duidelik dat slagoffer 1 'n afname ervaar in die uitwerking wat die traumagebeure het, na intervensie, asook ses weke later. Vir slagoffers 2, 4 en 5 bly die uitwerking wat die traumagebeure het, voor die intervensie, na die intervensie en ses weke na die intervensie dieselfde. Slagoffer 3 noem dat die uitwerking van die traumagebeure na intervensie en ses weke na die intervensie toegeneem het. 'n Eendag intervensie kan nie werklik 'n dramatiese verskil in die slagoffer se hantering van sy/haar traumatiese belwenisse maak nie. Die ideaal is dat intervensie oor 'n langer tydperk moet geskied.

6.6.6 Voortgesette uitwerking van die trauma op die groep as geheel

Onderstaande grafiese voorstelling dui daarop dat die voortgesette uitwerking van die traumagebeure direk na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) meer is as voor intervensie (A1). Hieruit kan afgelei word dat die trauma na intervensie 'n voortgesette uitwerking op die slagoffers het. Dit kan moontlik aspekte insluit soos verhuising, verkoop van eiendom, ander langtermyn finansiële implikasies en die verandering in lewenstaat. Die grafiese voorstelling van die bevindinge is soos volg:



Staafdiagram 16: Voortgesette uitwerking van die traumagebeure (N=5)

6.6.7 Iets goeds uit die gebeure (individuele groeplede)

Deur middel van die volgende tabel dui die individuele groeplede aan of iets goeds uit die gebeure na vore gekom het. Hierdie metings is gedoen voor die intervensie (A-basislyn), na die intervensie (B-intervensie) en ses weke na afloop van die intervensie (A-basislyn). Die volgende tabel bevat die resultate van hierdie meetings.

Tabel 14:Het iets goeds uit die gebeure na vore gekom? (N=5)

		Slagoffer 1	Slagoffer 2	Slagoffer3	Slagoffer 4	Slagoffer 5
Voormeting (A1)	Beslis ja		✖			
	Ja					✖
	Onseker	✖		✖		
	Nee				✖	
	Beslis nee					
Eindmeting (B)	Beslis ja		✖			
	Ja				✖	✖
	Onseker	✖		✖		
	Nee					
	Beslis nee					
Meting ses weke later (A2)	Beslis ja		✖			
	Ja					✖
	Onseker				✖	
	Nee	✖				
	Beslis nee			✖		

Uit die bogenoemde grafiek is slagoffers 1 en 3 direk na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) al hoe minder daarvan oortuig dat iets goeds uit die traumagebeure na vore gekom het. Slagoffers 2 en 5 is deurlopend daarvan oortuig dat iets goeds uit die gebeure na vore gekom het. Vir slagoffer 4 het daar na die intervensie (B) en ook ses weke na die intervensie (A) tog iets goeds uit die gebeure na vore gekom. Of iets goed uit die traumatiese gebeure na vore gekom het, verskil van groeplid tot groeplid. Dit hou ook verband met die voortgesette probleme (veral ekonomiese en gesondheidsprobleme) wat nog steeds 'n impak op die groeplede het.

6.6.8 Iets goeds uit die gebeure (groep as geheel)

In die volgende grafiese voorstelling toon die groep as geheel aan of iets goeds uit die gebeure na vore gekom het, voor die intervensie (A1), na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2). Die volgende grafiese voorstelling gee die bevindinge weer.



Staafdiagram 17: Iets goeds uit die gebeure (N=5)

Uit die grafiese voorstelling was daar by groeplede na die intervensie (B) vergeleke met voor intervensie (A1) 'n toename in oortuiging dat iets goeds uit die gebeure na vore gekom het. Ses weke na intervensie (A2) was die groeplede weer minder oortuig daarvan dat iets goeds uit die gebeure gekom het as direk na die intervensie (B). Plaasaanvalle hou vir die meeste slagoffers langtermyngevolge in, wat hulle lewens na die aanval drasties verander. In sulke voortslepende probleme is dit moeilik om daarvan oortuig te wees dat iets goeds uit die gebeure kan voortspruit.

6.6.9 Gevolgtrekking

Slagoffers vind dit makliker om na die intervensie oor die traumagebeure te praat. Die meerderheid slagoffers kon wel onthou wat tydens die aanval gebeur het. Die voortgesette uitwerking van die traumagebeure het steeds 'n invloed op slagoffers na die intervensie. Die meeste groeplede is daarvan oortuig dat iets goeds uit die traumagebeure na vore gekom het.

Dit blyk dat slagoffer 3 nie dieselfde mate van groei getoon het in vergelyking met die ander slagoffers nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die huidige omstandighede (onder andere finansiële probleme, gesinsproblematiek, werkloosheid en gesondheidsprobleme) nie gunstig is vir groei en ontwikkeling nie. Dalk sou die slagoffer beter baat vind by gevallewerk. Daar kan moontlik ook sprake wees van posttraumatiese stresversteuring.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die slagoffers baat gevind het by die traumabegeleidingsprogram.

6.7 DIE UITWERKING VAN DIE TRAUMA OP DIE SLAGOFFER

Die emosionele uitwerking van die trauma op die slagoffers word vervolgens aangedui:

6.7.1 Angstigheid, woede en skuldgevoelens

Die uitwerking van die trauma op elke individuele slagoffer ten opsigte van angstigheid, woede en skuldgevoelens, voor die intervensie (A1), na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) is onderstaande tabel soos volg saamgevat:

- **Angstigheid** - Slagoffers 1 en 5 noem dat 'n afname in angstigheid na intervensie (B) ingetree het. Slagoffers 2 en 4 noem dat hulle deurgaans angstigheid ervaar en slagoffer 3 ervaar nooit angstigheid nie. Dit blyk dus dat angstigheid na die intervensie afgeneem het.
- **Woede** – Slagoffer 1 toon 'n afname in woede na intervensie. Slagoffer 2 ervaar deurgaans woede. Slagoffers 3, 4 en 5 se ervaring van woede bly min of meer dieselfde. Die ervaring van woede bly dus na intervensie min of meer dieselfde as voor intervensie en ses weke na intervensie.
- **Skuldgevoelens** – Slagoffer 1 ervaar meer skuldgevoelens na intervensie. Slagoffer 2 ervaar deurgaans skuldgevoelens. Slagoffers 3 en 5 ervaar nie skuldgevoelens nie. Slagoffer 4 toon 'n toename in skuldgevoelens na intervensie. Die meerderheid groeplede ervaar dus nie skuldgevoelens nie.

Die uitwerking trauma ten opsigte van angstigheid, woede en skuldgevoelens is in die onderstaande tabel soos volg aangedui:

Tabel 15: Die uitwerking van trauma ten opsigte van angstigheid, woede en skuldgevoelens (individuele groeplede) (N=5)

	SLAGOFFERS	VOORMETING (A1)					EINDMETING (B)						METING SES WEKE LATER (A2)				
		ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	GEEN AANDUIDING	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT
ANGSTIGHEID	1	X						X						X			
	2	X										X	X				
	3					X					X						X
	4		X					X						X			
	5				X					X							X
WOEDE	1	X								X					X		
	2	X					X						X				
	3					X					X						X
	4					X				X							X
	5					X					X						X
SKULDGEVOELENS	1				X			X							X		
	2	X					X						X				
	3					X					X						X
	4					X			X							X	
	5					X					X					X	

Die volgende grafiese voorstellings toon die groep se ervaring van die uitwerking van die trauma ten opsigte van angstigheid, woede en skuldgevoelens voor (A1), na (B) en ses weke na (A2) intervensie. Uit die grafiese voorstelling is dit duidelik dat angstigheid na intervensie (B) afgeneem het, maar ses weke later (A2) weer toegeneem het. Die feit dat daar geleentheid was om tydens die intervensie, oor emosies en reaksies te kon praat, het bygedra tot die afname in angstigheid direk na intervensie. Na intervensie (B) het 'n toename in woede voorgekom, wat weer ses weke later (A2) afgeneem het. Woede kon direk na intervensie toegeneem het omdat die groeplede die woede, tydens die intervensie, na die oppervlak gebring het. Skuldgevoelens het na intervensie (B) en ses weke na intervensie (A2) effens toegeneem. Dit blyk dat angstigheid en woede by die groeplede na die intervensie afgeneem het. Die meerderheid groeplede ervaar nie skuldgevoelens nie, maar tog het 'n toename in skuldgevoelens by een

groeplid voorgekom. In die lig hiervan is die navorser van mening dat die groeplede ten opsigte van die hantering van angstigheid, woede en skuldgevoelens gebaat het by die traumabegeleidingsprogram.



Staafdiagram 18: Die uitwerking van trauma ten opsigte van angstigheid, woede en skuldgevoelens (groep as geheel) (N=5)

6.7.2 Skaamte, terugflitse en drome

Uit die volgende tabel blyk die uitwerking van die trauma op elke individuele slagoffer ten opsigte van skaamte, terugflitse en drome voor die intervensie (A1), na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) soos volg te wees:

- **Skaamte** - Slagoffers 1 en 4 toon 'n afname in skaamte oor die traumagebeure, na intervensie. Slagoffer 2 bly na die intervensie deurgaans skaam. Slagoffers 3 en 5 is deurgaans nie werklik skaam oor die traumatiese gebeure nie. Die meerderheid groeplede het 'n afname getoon in die gevoel van skaamte na die intervensie.
- **Terugflitse** – Slagoffers 1 en 2 ervaar deurgaans terugflitse. Slagoffer 4 ervaar 'n afname in terugflitse na intervensie. Slagoffers 3 en 5 ervaar feitlik nooit terugflitse nie. Hier blyk 'n afname te wees in die terugflitse by groeplede na intervensie.

Drome – Slagoffer 1 dui nie aan of hy/sy enige drome voor intervensie ervaar het nie, maar dui aan dat hy/sy na intervensie en ses weke na intervensie gereeld drome kry. Slagoffers 3 en 5 kry nooit drome nie en slagoffers 2 en 4 het na intervensie 'n geringe toename in drome getoon. Drome by groeplede het 'n geringe mate van afname getoon na intervensie.

Tabel 16: Die uitwerking van trauma op die slagoffer ten opsigte van skaamte, terugflitse en drome (individuele lede) (N=5)

	SLAGOFFERS	VOORMETING (A1)						EINDMETING (B)						METING SES WEKE LATER (A2)				
		ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	GEEN AANDUIDING	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	GEEN AANDUIDING	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT
SKAAMTE	1	X						X							X			
	2	X											X	X				
	3					X						X						X
	4			X						X							X	
	5				X							X					X	
TERUGFLITSE	1	X							X					X				
	2	X						X						X				
	3					X					X							X
	4		X							X						X		
	5					X						X					X	
DROME	1						X		X					X				
	2					X						X					X	
	3					X						X						X
	4					X					X						X	
	5					X						X						X

Die volgende grafiese voorstelling toon die groep se ervaring van die uitwerking van die trauma ten opsigte van skaamte, terugflitse en drome, voor (A1), na (B) en ses weke na (A2) intervensie aan. Uit die grafiese voorstelling is dit duidelik dat minder slagoffers na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2), as voor die intervensie (A1) skaamte ervaar. Meer slagoffers ervaar egter skaamte ses weke na die intervensie (A2) as direk na die intervensie (B). Minder slagoffers ervaar terugflitse na die intervensie (B) as voor die intervensie (A1), maar slagoffers toon 'n toename ses weke na intervensie (A2) in terugflitse vergeleke met net direk na intervensie (B). Slagoffers toon 'n toename in drome na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) teenoor voor die intervensie (A1). Uit bogenoemde blyk dit dat groeplede gebaat het by die traumabegeleidingsprogram ten opsigte van die hantering van skaamte en terugflitse.



Staafdiagram 19: Die uitwerking van trauma ten opsigte van skaamte, terugflitse en drome (groep as geheel) (N=5)

6.7.3 Nagmerries, konflik en magteloosheid

Uit die volgende tabel blyk die uitwerking van die trauma op elke individuele slagoffer ten opsigte van nagmerries, konflik en magteloosheid voor die intervensie (A), na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A) soos volg te wees:

- **Nagmerries** – Slagoffer 1 dui 'n afname in nagmerries oor die traumagebeure aan na intervensie. Slagoffer 2 ervaar selde nagmerries. Slagoffers 3 en 5 ervaar nooit nagmerries nie en slagoffer 4 het ses weke na die intervensie aangedui dat hy/sy selde nagmerries ervaar. Net een groeplid dui 'n geringe toename in nagmerries aan na intervensie.
- **Konflik** - Slagoffer 1 dui 'n afname in konflik oor die traumagebeure aan na die intervensie. Slagoffer 2 ervaar deurgaans konflik. Slagoffers 3 ervaar deurgaans geen konflik nie. Slagoffer 4 en 5 toon aan dat hulle ses weke na die intervensie selde konflik ervaar. Konflik het by groeplede na die intervensie effens toegeneem vergeleke met voor die intervensie.
- **Magteloosheid** – Vir slagoffers 1, 2, 4 en 5 het die gevoel van magteloosheid deurgaans dieselfde gebly. Slagoffer 3 dui 'n toename in magteloosheid aan na die intervensie. Groeplede noem verskeie kere dat plaasaanvalle langtermyngevolge het. Magteloosheid na intervensie kan verband hou met hierdie langtermyngevolge wat nie in 'n positiewe rigting verander nie.

Tabel 17: Die uitwerking van trauma ten opsigte van nagmerries, konflik en magteloosheid (individuele lede) (N=5)

	SLAGOFFERS	VOORMETING (A1)					EINDMETING (B)					METING SES WEKE LATER (A2)				
		ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT
NAGMERRIES	1	X						X					X			
	2				X					X					X	
	3					X					X					X
	4					X					X				X	
	5					X					X					X
KONFLIK	1		X						X					X		
	2	X					X					X				
	3					X					X					X
	4					X					X				X	
	5					X					X				X	
MAGTELOOSHEID	1	X						X				X				
	2	X					X					X				
	3					X				X					X	
	4		X					X					X			
	5					X					X					X

Die volgende grafiese voorstelling toon die groep se ervaring van die uitwerking van die trauma ten opsigte van nagmerries, konflik en magteloosheid voor (A1), na (B) en ses weke na (A2) intervensie aan. Uit die grafiese voorstelling blyk die volgende: Daar was 'n toename in nagmerries na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) en in vergelyking met voor die intervensie (A1). Dit lyk tog asof nagmerries effens toegeneem het ses weke na die intervensie (A2) vergeleke met direk na die intervensie (B). Daar was 'n afname in konflik na die intervensie (B) teenoor voor die intervensie (A1). Daar was 'n groter toename in konflik ses weke na die intervensie (A2), alhoewel nie so intens as voor die intervensie (A1) nie. Slagoffers is minder magteloos na die intervensie (B) as voor die intervensie (A1). Ses weke na afloop van die intervensie (A2) toon slagoffers meer magteloosheid vergeleke met voor die intervensie (A1) alhoewel dit nie so intens is nie.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die groeplede ten opsigte van nagmerries gebaat het by die traumabegeleidingsprogram. Nagmerries kon moontlik afgeneem het omdat groeplede hulle traumaverhaal kon herkonstrueer en dit voortdurend met ander kon deel. Die hantering van

konflik en magteloosheid het nie positief verander nie, moontlik omdat die groeplede se omstandighede na intervensie nie verbeter het nie.



Staafdiagram 20: Uitwerking van die trauma op die slagoffers ten opsigte van nagmerries, konflik en magteloosheid (groep as geheel) (N=5)

6.7.4 Gesondheidsprobleme, ontkenning en isolasie

Uit die volgende tabel blyk die uitwerking van die trauma op elke individuele slagoffer ten opsigte van gesondheidsprobleme, ontkenning en isolasie voor die intervensie (A1), na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) soos volg te wees:

- **Gesondheidsprobleme** – Slagoffers 1, 2, 3 en 4 ervaar deurgaans gesondheidsprobleme. Slagoffer 5 ervaar selde gesondheidsprobleme. Die groeplede dui aan dat hulle na die traumatiese gebeurtenisse gesondheidsprobleme ontwikkel het.
- **Ontkenning** – Slagoffer 1 ervaar dikwels ontkenning. Slagoffers 2 en 3 ervaar nie ontkenning nie. Slagoffer 4 ervaar na intervensie 'n toename in ontkenning wat weer ses weke na die intervensie afneem. Slagoffer 5 ervaar selde ontkenning.
- **Isolasie** – Slagoffer 1 ervaar na intervensie en ses weke na die intervensie minder isolasie as voor intervensie. Slagoffer 2 ervaar isolasie. Slagoffer 3, 4 en 5 ervaar na intervensie 'n toename in isolasie wat weer ses weke na die intervensie afneem. Isolasie neem toe na die

intervensie, moontlik omdat groeplede se omstandighede bygedra het tot isolasie. Tydens die aanbieding van die program het twee groeplede gemeld dat hulle binnekort gaan verhuis. Nog 'n groeplid noem dat hy/sy nie meer op Sondae kerkdienste saam met sy/haar huweliksmaat kan bywoon nie. Een van die twee bly gewoonlik tuis om hulle eiendom te beskerm.

Tabel 18: Die uitwerking van trauma op gesondheid, ontkenning en isolasie (individuele lede) (N=5)

	SLAGOFFERS	VOORMETING (A1)						EINDMETING (B)					METING SES WEKE LATER (A2)					
		ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	GEEN AANDUIDING	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	GEEN AANDUIDING
GESONDHEIDSPROBLEME	1	X						X					X					
	2	X						X					X					
	3	X						X					X					
	4	X						X					X					
	5				X						X					X		
ONTKENNING	1		X						X					X				
	2					X						X						X
	3					X						X					X	
	4					X			X							X		
	5				X						X					X		
ISOLASIE	1	X									X			X				
	2						X		X				X					
	3					X			X								X	
	4		X					X						X				
	5				X					X						X		

Die volgende grafiese voorstelling toon die groep se ervaring van die uitwerking van die trauma ten opsigte van gesondheidsprobleme, ontkennning en isolasie, voor (A1), na (B) en ses weke na (A2) intervensie.

Uit die volgende grafiese voorstelling blyk dit dat die gesondheid van die slagoffers deurgaans dieselfde bly. Slagoffers dui na die intervensie (B) aan dat hulle meer dikwels die trauma ontken as voor die intervensie (A1). Ses weke na afloop van die intervensie (A2) erken minder slagoffers dat hulle die trauma ontken as na die intervensie (B), maar meer as voor die intervensie (A1). Meer slagoffers dui isolasie aan na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) as voor die intervensie (A1). Na die traumabegeleidingsprogram het die

gesondheid van die groeplede ondervanderd gebly en ontkenning en isolasie het ook onveranderd gebly.



Staafdiagram 21: Uitwerking van die trauma op die slagoffers ten opsigte van gesondheidsprobleme, ontkenning en isolasie (groep as geheel) (N=5)

6.7.5 Dwelmverslawing, vermyding en depressiewe gemoed

Die uitwerking van die trauma op elke individuele slagoffer ten opsigte van dwelmverslawing, vermyding en 'n depressiewe gemoed voor die intervensie (A1), na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) is soos volg:

- **Dwelmverslawing** – Slagoffer 1 dui 'n afname in dwelmverslawing aan. Slagoffer 2 is deurgaans afhanklik van afhanklikheidsvormende middels. Slagoffers 3, 4 en 5 gebruik geen afhanklikheidsvormende middels nie. Hier is sprake van 'n afname in dwelmafhanklikheid by een slagoffer.
- **Vermyding** – Slagoffer 1 dui aan dat hy/sy deurgaans dikwels situasies vermy wat herinneringe aan die traumagebeure kan aktiveer. Slagoffer 2 dui ses weke na die intervensie aan dat hy/sy altyd situasies vermy wat aan die traumagebeure herinner. Slagoffer 3 ervaar nooit vermyding van situasies wat herinner aan die traumagebeure nie. Slagoffer 4 ervaar 'n afname in vermyding van situasies wat herinner aan die traumagebeure ses weke na intervensie. Slagoffer 5

noem dat hy/sy ses weke na intervensie selde vermyding van situasies wat herinner aan die traumagebeure ervaar. Een slagoffer dui aan dat hy/sy altyd vermyding van situasies wat herinner aan die traumagebeure ervaar. Die ander slagoffers se ervaring van vermyding van situasies wat herinner aan die traumagebeure is minder intens.

✗ **Depressiewe gemoed** – Slagoffer 1 dui 'n afname in sy/haar depressiewe gemoed aan na die intervensie. Slagoffer 2 dui aan dat hy/sy soms 'n depressiewe gemoed ervaar. Slagoffer 3 ervaar nooit 'n depressiewe gemoed nie. Slagoffer 4 ervaar altyd 'n depressiewe gemoed. Slagoffer 5 dui na die intervensie en ses weke na die intervensie aan dat hy/sy selde 'n depressiewe gemoed ervaar. Die depressiewe gemoed van die slagoffers blyk 'n toename te toon alhoewel daar nie sprake is van diepliggende intense depressiewe gemoedstoestande nie.

Die uitwerking van die trauma op dwelmverslawing, vermyding en depressiewe gemoed is soos in die onderstaande tabel uiteengesit volg:

Tabel 19: Uitwerking van trauma op dwelmverslawing, vermyding en depressiewe gemoed (individuele lede) (N=5)

	SLAGOFFERS	VOORMETING (A1)					EINDMETING (B)						METING SES WEKE LATER (A2)				
		ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	GEEN AANDUIDING	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT
DWELMVERSLAWING	1	✗										✗			✗		
	2	✗					✗						✗				
	3					✗					✗						✗
	4					✗				✗							✗
	5					✗				✗							✗
VERMYDING	1		✗						✗					✗			
	2					✗				✗			✗				
	3					✗					✗						✗
	4				✗			✗									✗
	5					✗				✗						✗	
DEPRESSIEWE GEMOED	1	✗						✗						✗			
	2			✗					✗						✗		
	3					✗					✗						✗
	4	✗					✗						✗				
	5					✗				✗						✗	

Die volgende grafiese voorstelling toon die groep se ervaring van die uitwerking van die trauma ten opsigte van dwelmverslawing, vermyding en 'n depressiewe gemoed aan, voor (A1), na (B) en ses weke na (A2)-intervensie. Die grafiese voorstelling van die bevindinge is soos volg:



Staafdiagram 22: Uitwerking van die trauma op die slagoffers ten opsigte van dwelmverslawing, vermyding en depressiewe gemoed (groep as geheel) (N=5)

Meer slagoffers dui na die intervensie (B) aan dat hulle afhanklik van dwelms is, as voor die intervensie (A1). Meer slagoffers dui ses weke na die intervensie (A2) aan dat hulle minder gereeld afhanklik van dwelms is as na die intervensie (B) en voor die intervensie (A1). Minder slagoffers dui voor die intervensie (A1) aan dat hulle die situasies vermy wat herinneringe aan die traumagebeure kan aktiveer as na die intervensie (B). Minder slagoffers dui ses weke na die intervensie (A2) aan dat hulle die traumagebeure vermy as na die intervensie (B). Meer slagoffers dui na intervensie (B) en ses weke na intervensie (A2) 'n minder intense depressiewe gemoed aan as voor intervensie (A1). Alhoewel slagoffers voor intervensie (A1), vergeleke met na (B) en ses weke na (A2) intervensie, aangedui het dat hulle meer gereeld 'n depressie gemoed het, het meer ook aangedui dat hulle nooit 'n depressiewe gemoed gehad het nie. Uit die voorafgaande blyk dit dat daar 'n afname in dwelmverslawing en in die intensiteit van vermyding van die traumagebeure is.

6.7.7 Gevoel van doodsheid, slaapstoornisse en eetversteurings

Die uitwerking van die trauma op elke individuele slagoffer ten opsigte van 'n gevoel van doodsheid, slaapstoornisse en eetversteurings voor die intervensie (A1), na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) is soos volg:

Tabel 21: Die uitwerking op die gevoel van doodsheid, slaapstoornisse en eetversteurings (individuele groeplede) (N=5)

	SLAGOFFERS	VOORMETING (A1)					EINDMETING (B)					METING SES WEKE LATER (A2)				
		ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT	ALTYD	DIKWELS	SOMS	SELDE	NOOIT
GEVOEL VAN DOODSHEID	1	✘						✘				✘				
	2				✘					✘				✘		
	3					✘					✘					✘
	4		✘					✘					✘			
	5				✘				✘							✘
SLAAPSTOORNISSE	1	✘							✘				✘			
	2	✘						✘				✘				
	3					✘					✘					✘
	4	✘					✘					✘				
	5				✘				✘							✘
EETVERSTEURINGS	1		✘						✘					✘		
	2	✘									✘					✘
	3					✘					✘					✘
	4	✘					✘					✘				
	5				✘						✘					✘

✘ **Gevoel van doodsheid** – Slagoffer 1 ervaar feitlik altyd 'n gevoel van doodsheid. Slagoffer 3 ervaar nooit 'n gevoel van doodsheid nie. Slagoffer 4 ervaar dikwels 'n gevoel van doodsheid. Slagoffer 5 ervaar 'n afname in die gevoel van doodsheid na intervensie. Slagoffer 2 ervaar ses weke na intervensie soms 'n gevoel van doodsheid. Net een groeplid dui 'n afname in die gevoel van doodsheid na intervensie aan.

✘ **Slaapstoornisse** – Na die intervensie (B) blyk dit asof die slagoffers 'n ander interpretasie aan hul slaapstoornisse gee as voor die intervensie (A1). Dit blyk uit die feit dat hulle die vraelys anders voltooi het as voor die intervensie (A1). Slagoffers 1 en 5 ervaar 'n

afname in slaapstoornisse na intervensie. Slagoffer 2 ervaar feitlik altyd slaapstoornisse. Slagoffer 3 ervaar nooit slaapstoornisse nie en slagoffer 4 ervaar altyd slaapstoornisse. Dit blyk dat daar by twee groeplede 'n afname was in slaapstoornisse terwyl die ander groeplede se ervaring van slaapstoornisse onveranderd gebly het.

- **Eetversteurings** – Slagoffers 1, 2 en 5 ervaar 'n afname in eetversteurings. Slagoffer 3 ervaar nooit eetversteurings nie. Slagoffer 4 ervaar altyd eetversteurings. Oor die algemeen ervaar minder groeplede eetversteurings na die intervensie.

Die volgende grafiese voorstelling toon die groep se ervaring van die uitwerking van die trauma ten opsigte van 'n gevoel van doodsheid, slaapstoornisse en eetversteuring voor (A1), na (B) en ses weke na intervensie (A2) aan.



Staafdiagram 24: Uitwerking van die trauma op die slagoffers ten opsigte van die gevoel van doodsheid, slaapstoornisse en eetversteurings (groep as geheel) (N=5)

Uit die grafiese voorstelling het die volgende na vore gekom: 'n Gevoel van doodsheid is minder intens ervaar voor die intervensie (A1) as direk na die intervensie (B). Die gevoel van doodsheid

is effens minder ses weke na die intervensie (A2) as direk na die intervensie (B). Meer slagoffers dui slaapstoornisse voor die intervensie (A1) aan as na die intervensie (B). Minder slagoffers dui slaapstoornisse ses weke na die intervensie (A2) aan as voor die intervensie (A1), maar meer as na die intervensie (A2). Meer slagoffers dui eetversteurings voor die intervensie (A1) aan as na die intervensie (B) en ses weke na intervensie (A2).

Dit blyk dat 'n afname in slaapstoornisse en eetversteurings na die traumabegeleidingsprogram voorkom.

6.7.8 Gevolgtrekking

Slagoffers ervaar na die intervensie minder angstigheid, woede, skaamte, aggressie, swak konsentrasie, nalatigheid, terugflitse, nagmerries, slaapstoornisse, dwelmverslawing, vermyding van situasies wat herinner aan die traumagebeure asook eetversteurings. Slagoffers ervaar na intervensie meer skuldgevoelens, drome, konflik, isolasie, 'n gevoel van doodsheid en 'n geringe toename in 'n depressiewe gemoed. Magteloosheid, ontkenning en gesondheidsprobleme het onveranderd gebly. Dit kan moontlik wees dat die slagoffers na intervensie nog steeds hierdie emosies en reaksies ervaar omdat hulle reeds gemiddeld een jaar en sewe maande gelede aan die plaasaanvalle blootgestel was. Die emosies en reaksie op die traumatiese gebeure het deel geword van hulle daaglikse gedragspatrone. Hierdie indringende emosies en reaksies kan nie oornag uitgewis word nie. Onmiddellike hulpverlening asook langtermynhulpverlening na die plaasaanvalle het moontlik ontbreek. Dit blyk ook dat sekere langtermyngevolge van die plaasaanval ekonomiese, psigologiese en sosiale gevolge nog steeds 'n invloed op die slagoffer het.

6.8 DIE EFFEK VAN TRAUMA OP VERHOUDINGS

Vervolgens sal gekyk word na die effek van trauma op die verhoudings van die slagoffers. Tabelle is gebruik om die effek van trauma op die verhoudings van die individuele groeplede aan te dui. Die grafiese voorstellings dui weer die effek van trauma op die verhoudings van die groep as geheel aan.

6.8.1 GOD

Die volgende tabel dui die groeplede se individuele sienings oor die effek van trauma op hulle verhouding met God aan:

Tabel 22: Effek van trauma op die verhouding met God (individuele groeplede) (N=5)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1			X					X				X
2	X				X				X			
3	X							X				X
4	X				X				X			
5				X				X				X

Uit die tabel blyk dit dat die groeplede 'n verhouding met God het wat fluktueer tussen geloof en twyfel. Tydens die voormeting (A1) was slagoffers 2, 3 en 4 daarvan oortuig dat die trauma wel 'n effek op hulle verhouding met God gehad het. Slegs een groeplid het gesê dat dit beslis geen effek gehad het nie. Na intervensie (B) en ses weke na intervensie (A2) toon die situasie 'n geringe verandering. Toe was die meerderheid oortuig daarvan dat die trauma beslis nie 'n invloed op hulle verhouding met God gehad het nie. In die volgende grafiese voorstelling toon die groep in die geheel aan dat die effek van die trauma op hul verhouding met God soos volg daar uitsien:



Staafdiagram 25: Verhouding met God (groep as geheel) (N=5)

Uit die voorgaande grafiese voorstelling kan afgelei word dat die effek wat trauma op die slagoffers se verhouding met God gehad het, groter was voor die intervensie (A1) as direk na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2). Die feit dat die slagoffers tydens intervensie by die ander slagoffers kon hoor dat die trauma ook 'n effek op hulle verhouding met God gehad het, het by die slagoffers 'n gevoel van verligting gebring.

6.8.2 SELF

Vervolgens word die effek van trauma op die verhouding met die self belig:

Tabel 23: Die effek van die trauma op die verhouding met die self (individuele lede) (N=5)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1	X					X				X		
2	X				X				X			
3	X							X	X			
4	X					X				X		
5				X				X				X

Ten opsigte van slagoffer 1 en slagoffer 4 het die intervensie bygedra tot 'n vermindering in die effek wat die trauma op die verhouding met die self gehad het. Slagoffers 2 en 3 dui deurgaans aan dat die trauma beslis 'n effek op hulle verhouding met hulleself gehad het. Slagoffer 5 dui deurgaans aan dat die trauma beslis nie 'n effek op die verhouding met homself/haarself gehad het nie. Uit die tabel blyk dit dat die groeplede se verhouding met hulleself, na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) verbeter het. In die volgende grafiese voorstelling toon die groep in die geheel aan dat die effek van die trauma op die verhouding met hulleself soos volg daar uitsien:



Staafdiagram 26: Verhouding met self (groep as geheel) (N=5)

Minder slagoffers dui aan dat die trauma 'n effek op die verhouding met hulleself het, na intervensie (B) en ses weke na intervensie (A2) as voor intervensie (A1), alhoewel meer slagoffers ses weke na intervensie (A2) 'n effek op hulle verhouding met hulleself aandui as direk na intervensie (B).

Om 'n slagoffer van 'n plaasaanval te wees en om geliefdes tydens 'n aanval te sien ly en sterf, het 'n traumatiese reaksie tot gevolg in die lewe van die betrokkenes. Die intensiteit van die traumatiese gebeurtenis het 'n sterk emosionele uitwerking op die slagoffer, sy/haar geliefdes en die gemeenskap. Elke slagoffer kon tydens die intervensie deur die traumatiese gebeurtenis werk en hulle gevoelens en reaksies ten opsigte van die traumatiese gebeurtenis kommunikeer en hanteer. Dit het daartoe bygedra dat minder slagoffers aandui dat hulle traumatiese gebeurtenis 'n effek op die verhouding met hulleself het, na intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2).

6.8.3 HUWELIKSMAAT

Die volgende tabel toon die effek van die trauma op die verhouding van elke individuele groeplid met sy/haar huweliksmaat aan. Slagoffers 1 en 3 dui aan dat hulle na intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) van mening was dat die trauma minder effek op hulle verhouding met hulle huweliksmaats gehad het as voor die intervensie (A1). Slagoffer 2 was deurgaans van mening dat die effek van die trauma 'n invloed op sy/haar huweliksverhouding gehad het. Slagoffers 4 en 5 dui nie aan wat die effek van die trauma op hulle huweliksverhouding was nie. Daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die twee slagoffers se lewensmaats oorlede is. Uit die tabel blyk dit dat die effek van trauma na intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) minder op die slagoffers se huweliksverhouding was. Die tabel dui die resultate aan:

Tabel 24: Die effek van die trauma op die verhouding met die huweliksmaat (individuele lede) (N=3)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1	X					X				X		
2	X				X				X			
3	X							X				X

In die volgende grafiese voorstelling toon die groep in die geheel aan dat die effek van die trauma op die verhouding met hulle huweliksmaats soos volg daar uitsien:



Staafdiagram 27: Verhouding met huweliksmaat (groep as geheel) (N=3)

'n Afname het voorgekom in die effek van die trauma op die huweliksverhoudings van die slagoffers na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) vergeleke met voor die intervensie (A1).

Huweliksmaats verwerk nie die traumabelewing op dieselfde wyse nie. Egmaats heg verskillende inhoude aan die gebeure wat tot gevolg het dat hulle verskillend op die gebeurtenis reageer. Hulle ervaar nie altyd begrip vir mekaar in die ondersteuning wat hulle aan mekaar bied nie. Die afname in die effek van die trauma op die huweliksverhouding van die slagoffers na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) kan toegeskryf word aan die feit dat die slagoffers insig ontwikkel het in die feit dat huweliksmaats se traumabelewing verskillend is.

6.8.4 KINDERS

In die volgende tabel toon die slagoffers individueel aan wat die effek van die trauma op die verhouding met hulle kinders was:

Tabel 25: Die effek van trauma op die verhouding met die kinders (individuele lede) (N=5)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1			X				X				X	
2	X				X				X			
3		X						X				X
4	X				X					X		
5			X					X				X

Slagoffer 1 dui aan dat die trauma geen effek op sy/haar verhouding met sy/haar kinders gehad het nie. Slagoffer 2 dui aan dat die trauma beslis 'n effek op sy/haar verhouding met sy/haar kinders gehad het voor intervensie, na intervensie en ses weke na die intervensie. Slagoffers 3 en 5 is van mening dat die effek van trauma na intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) minder is as voor die intervensie (A1). Slagoffer 4 dui aan dat die effek van trauma op sy/haar verhouding met sy/haar kinders minder is, ses weke na die intervensie (A2) as voor (A1) of direk na die intervensie (B).

In die volgende grafiese voorstelling toon die groep as geheel aan wat die effek van die trauma op die verhouding met hulle kinders is:



Staafdiagram 28: Verhouding met kinders (groep as geheel) (N=5)

Die grafiese voorstelling dui aan dat die effek van die trauma op die slagoffers se verhoudings met hulle kinders na die intervensie (B) minder was as voor die intervensie (A1) en dit toon 'n verdere afname ses weke na die intervensie (A2). Die waarneming is gemaak dat kinders hulle ouers keer om hulle emosies bloot te stel. Kinders weet nie altyd wat om met hierdie boodskappe

te maak nie. Die slagoffers wil graag met hulle kinders oor die traumatiese gebeurtenisse praat. Na intervensie verstaan die slagoffers ook hulle kinders se ervaring van die traumatiese gebeurtenis beter en is die effek van die trauma op die slagoffers se verhoudings met hulle kinders minder intens.

6.8.5 ANDER FAMILIELEDE

In die volgende tabel toon die slagoffers individueel aan wat die effek van die trauma op die verhouding met ander familielede was:

Tabel 26: Die effek van trauma op die verhouding met ander familielede (individuele lede) (N=5)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1			X				X				X	
2	X				X				X			
3		X						X				X
4	X				X					X		
5			X					X				X

Slagoffers 1 en 2 dui aan dat die effek van die trauma op die verhouding met ander familielede deurgaans tydens die intervensie dieselfde gebly het. Slagoffers 3 en 5 dui aan dat die effek van die trauma op die verhouding met ander familielede na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) minder was as voor die intervensie (A1). Slagoffer 4 dui ook aan dat die effek van die trauma ses weke na die intervensie (A2) minder was as voor die intervensie (A1) en direk na die intervensie (B). In die volgende grafiese voorstelling toon die groep in die geheel aan wat die effek van die trauma op die verhouding met ander familielede was:



Staafdiagram 29: Verhouding met ander familielede (groep as geheel) (N=5)

Die grafiese voorstelling dui aan dat die effek van die trauma op die slagoffers se verhouding met ander familielede na intervensie (B) minder is as voor intervensie (A1) en dat dit ses weke na intervensie (A2) verder afgeneem het. Slagoffers noem dat familielede hulle na die traumatiese gebeurtenisse nie doelbewus vermy het nie, maar dat hulle nie geweet het hoe om na hulle toe uit te reik nie.

6.8.6 VRIENDE

In die volgende tabel toon die slagoffers individueel aan wat die effek van die trauma op die verhouding met hulle vriende is. Slagoffer 1 is van mening dat die effek van die trauma op sy/haar verhouding met vriende toegeneem het. Slagoffer 2 is van mening dat die effek van die trauma op sy/haar verhouding met sy/haar vriende deurgaans dieselfde gebly het, ongeag die intervensie. Slagoffers 3 en 4 dui aan dat die effek van die trauma op die verhouding met vriende direk na die (B) intervensie en ses weke na die intervensie (A2) afgeneem het vergeleke met voor die intervensie (A1). Slagoffer 5 dui aan dat die effek van die trauma op die verhouding met vriende ses weke na die intervensie (A2) afgeneem het vergeleke met voor die intervensie (A1) en direk na die intervensie (B).

Tabel 27: Die effek van die trauma op die verhouding met vriende (individuele lede) (N=5)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1			X				X		X			
2	X				X				X			
3		X						X				X
4	X					X				X		
5			X				X					X

In die volgende grafiese voorstelling toon die groep in die geheel aan wat die effek van die trauma op die verhouding met vriende was. Die effek van die trauma op die verhouding met vriende het na die intervensie (B) afgeneem vergeleke met voor die intervensie (A1) en verder afgeneem ses weke na die intervensie (A2).



Staafdiagram 30: Verhouding met vriende (groep as geheel) (N=5)

Slagoffers noem dat hulle vriende hulle na die traumatiese gebeurtenisse vermy het. Hulle skryf dit toe aan die feit dat die vriende nie geweet het hoe om na hulle toe uit te reik nie. Hierdie begrip vir hulle vriende het daartoe gelei dat die effek van die trauma op die verhouding met die vriende na die intervensie afgeneem het.

6.8.7 GEMEENSKAPSLEWE

Die onderstaande tabel dui die effek van die trauma op die verhouding tot die gemeenskap aan.

Tabel 28: Die effek van trauma op die gemeenskapslewe (individuele lede) (N=5)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1	X						X		X			
2	X				X				X			
3			X					X	X			
4	X				X					X		
5			X			X						X

Uit die tabel blyk dit duidelik dat die effek van trauma op die gemeenskapslewe ten opsigte van slagoffers 1 en 3 minder is na die intervensie (B) as ses weke na die intervensie (A2) en voor die intervensie (A1). Slagoffer 2 dui aan dat die effek van die trauma op die gemeenskapslewe deurgaans teenwoordig was. Slagoffer 4 dui aan dat die effek van die trauma op die gemeenskapslewe ses weke na die intervensie (A2) minder was as voor die intervensie (A1) en direk na die intervensie (B). Slagoffer 5 ervaar die effek van trauma minder op die gemeenskapslewe na die intervensie (B) as voor die intervensie (A1) en ses weke na die intervensie (A2). Die effek van trauma op die gemeenskapslewe het 'n afname getoon na die intervensie (B) vergeleke met voor die intervensie (A1). Die effek van trauma op die gemeenskapslewe was tog weer duidelik sigbaar ses weke na die intervensie (A2).

In die volgende grafiese voorstelling toon die groep in die geheel aan wat die effek van die trauma op die gemeenskapslewe was:



Staafdiagram 31: Gemeenskapslewe (groep as geheel) (N=5)

Die grafiese voorstelling dui aan dat 'n afname in die effek van die trauma op die gemeenskapslewe van slagoffers na die intervensie (B) voorgekom het. Ses weke na die intervensie (A2) het 'n toename in die effek van trauma op gemeenskaplewe ingetree, alhoewel die effek minder was as voor die intervensie (A1). Slagoffers ervaar 'n onbetrokkenheid van die gemeenskap teenoor die slagoffer van 'n plaasaanval. Dit is egter nie altyd die gemeenskap wat verantwoordelik is vir die gevoel van onbetrokkenheid by die slagoffers nie. Slagoffers kan hulleself isoleer van die gemeenskap in 'n poging om die traumatiese gebeurtenis, asook die praat oor die traumatiese gebeurtenis, te vermy. Soos wat die slagoffers die effek van die traumatiese gebeurtenisse beter vestaan, verminder hierdie gevoelens teenoor die gemeenskap.

6.8.8 ANDER RASSE

Die onderstaande tabel dui die effek van die trauma op die verhouding tot ander rasse aan.

Tabel 29: Die effek van trauma op verhoudings tot ander rasse (individuele lede) (N=5)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1	X					X				X		
2	X				X				X			
3			X									X
4		X				X				X		
5				X			X					X

Dit is duidelik dat slagoffer 1 van mening is dat die effek van trauma op die verhouding met ander rasse na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2) beter was as voor die intervensie (A1). Slagoffer 2 is van mening dat trauma deurgaans 'n effek op die verhouding tot ander rasse het. Slagoffers 3 het tydens die eindmeting (B) nie aangetoon wat die effek op die verhouding tot ander rasse is nie. Slagoffers 4 en 5 is van mening dat die effek van trauma op die verhouding met ander rasse dieselfde gebly het, ses weke na die intervensie (A2).

Die grafiese voorstelling dui die groep se mening oor die effek van die trauma op die verhouding met ander rasse aan:



Staafdiagram 32: Verhouding met ander rasse (groep as geheel) (N=5)

Ses weke na die intervensie (A2) was meer slagoffers daarvan oortuig dat die trauma nie 'n effek op rasseverhoudings het nie. Slagoffers dui aan dat die trauma minder effek op rasseverhoudings het, na die intervensie (B) en ses weke na die intervensie (A2).

6.8.9 ANDER

Tydens die voorondersoek het die groeplede aangedui dat hulle 'n behoefte het aan 'n spesiale ondersteuningsnetwerk. Groeplede het aangedui dat hulle na 'n plaasaanval meer geïsoleerd gevoel het en dat mense nie na hulle uitgereik het nie.

Die onderstaande tabel dui die effek van trauma op die verhouding met ander aan:

Tabel 30: Die effek van trauma op die verhouding met ander (individuele lede) (N=5)

Slagoffer	Voormeting (A1)				Eindmeting (B)				Meting ses weke later (A2)			
	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee	Beslis ja	Ja	Nee	Beslis nee
1			X				X			X		
2									X			
3			X									X
4											X	
5				X			X					X

Slagoffers 2, 3 en 4 het nie tydens die eindmeting (B) en/of voormeting (A1) aangetoon wat die effek van trauma op die verhouding met ander was nie. Twee slagoffers is van mening dat die effek van trauma op hulle verhouding met ander, ses weke na die intervensie (A2) minder is as

voor die intervensie (A1). Een slagoffer meen dat daar 'n toename is in die effek van trauma op die verhouding met ander ses weke na die intervensie (A2).

In die volgende grafiese voorstelling toon die groep in die geheel aan wat die effek van die trauma op ander was:



Staafdiagram 33: Verhouding met ander (groep as geheel) (N=5)

Ses weke na die intervensie (A2) was daar 'n toename in die effek van die trauma op die verhouding met ander persone in vergelyking met voor die intervensie (A1) en direk na die intervensie (B). Die "ander" dui op alle ander persone wat nie eksplisiet in een van die ander vrae genoem word nie.

6.8.10 Gevolgtrekking

'n Afname in die effek van trauma op die slagoffers se verhouding met God, hulleself, die huweliksverhouding, kinders, ander familielede, vriende en die gemeenskapslewe het voorgekom. 'n Toename in die effek van trauma op die verhouding met ander na die intervensie is aangedui. Die effek van trauma op ander is nie gespesifiseer nie om juis aan die slagoffer ruimte te bied om diegene wat volgens hom/haar nie in die bogenoemde ingesluit is nie hier in te sluit. In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat die traumabegeleidingsprogram beter maatskaplike funksionering by die slagoffers van plaasaanvalle tot gevolg het.

6.9 EENMALIGE EVALUERING TEN OPSIGTE VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

6.9.1 Traumabegeleidingsprogram

Die groeplede het in die laaste sessie van die traumabegeleidingsprogram (sessie 6) 'n evalueringsvraelys ingevul (Uitdeelstuk 16). Die doel van hierdie vraelys was om die effektiwiteit van die traumabegeleidingsprogram vas te stel. Die groeplede is van anonimiteit verseker en kon daarom hulle ware mening en gevoelens ten opsigte van die program weergee. By elke vraag op die vraelys is 'n keuse gemaak op 'n skaal van 1 (Beslis nee) tot 6 (Beslis ja). In die onderstaande tabel is die menings en gevoelens van die groeplede soos volg weergegee:

Tabel 31: Evaluering van die traumabegeleidingsprogram

Aspekte vir evaluering	Beslis nee										Beslis ja		Geen respons Geen %	Totale %
	1		2		3		4		5		6			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
1. Die voorbereiding van groeplede op die traumabegeleidingsprogram was bevredigend	0	0	0	0	0	0	1	20	0	0	4	80	0	100
2. Ek kon identifiseer met die inhoud van die traumabegeleidingsprogram	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
3. Ek kon identifiseer met die inhoud van die hulpverlener se besprekings	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
4. Ek het gehou van die groepbesprekings, dit was sinvol	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
5. Ek kon gemaklik my eie gevoelens en menings oor my situasie met ander slagoffers deel	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
6. Die hulpverlener was goed voorberei	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	5	100	0	100
7. Die kontak met ander slagoffers van plaasaanvalle was sinvol	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
8. My behoeftes en verwagtinge ten opsigte van die traumabegeleidingsprogram is bevredig	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
9. Die programinhoud was duidelik en verstaanbaar	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	5	100	0	100
10. Die aanbieding van die programinhoud was duidelik en verstaanbaar	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	5	100	0	100
11. Die groeplede is voldoende tyd gegun om 'n tema/onderwerp te bespreek	0	0	0	0	0	0	1	20	0	0	4	80	0	100
12. Ek het genoeg geleentheid gekry om insette te lewer	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100

13. Ek het waardevolle inligting gekry uit die ander groeplede se belewenis van die trauma	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
14. Dit is verrykend om 'n traumabegeleidingsprogram na die traumatiese gebeure by te woon	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
15. Dit sal goed wees as boere en hulle gesinne voorberei kan word op die hantering van traumatiese gebeure	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	5	100	0	100
16. Ek het nou meer kennis van wat trauma is	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	5	100	0	100
17. Ek het 'n beter manier gevind om my traumaproses te deurleef	0	0	0	0	0	0	0	0	2	40	3	60	0	100
18. Ek begryp my gedagtes en gevoelens ten opsigte van die trauma beter	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
19. Ek kan my gedagtes en gevoelens ten opsigte van die trauma beter uitdruk	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
20. Ek kan nou makliker praat oor my gedagtes en gevoelens	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
21. Ek verstaan die trauma waardeur ek gaan, beter	0	0	0	0	0	0	1	20	1	20	3	60	0	100
22. Ek verstaan die betekenis van die trauma beter	0	0	0	0	0	0	0	0	2	40	3	60	0	100
23. Ek verstaan mense se reaksie op die gebeurtenis nou beter	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	3	60	20	80
24. Ek kan nou liggaamlike en *emosionele* belewenisse, sintuie en denke in detail identifiseer en verwoord	0	0	0	0	0	0	0	0	3	60	2	40	0	100
25. Ek het nou meer beheer oor wat met my gebeur het	0	0	0	0	0	0	0	0	3	60	2	40	0	100
26. Ek verstaan nou dat my gedagtes oor die trauma normaal is	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	5	100	0	100
27. Die gevaartekens van die traumaproses is uitgelig	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
28. Dit was waardevol om as huwelikspaar/gesin die traumaprogram by te woon	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	3	60	40	60
29. Ek beheer my herinneringe oor die traumatiese gebeure beter	0	0	0	0	0	0	0	0	3	60	2	40	0	100
30. Ek kan my traumaverhaal gemaklik aan ander oorvertel	0	0	0	0	0	0	0	0	2	40	3	60	0	100
31. Ek voel beter oor myself	0	0	0	0	0	0	1	20	2	40	2	40	0	100
32. Ek voel beter oor my verhouding met my lewensmaat	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	3	60	20	80
33. Ek voel beter oor my *verhouding* met my kinders	0	0	0	0	0	0	1	20	1	20	3	60	0	100
34. Ek voel beter oor my verhouding met my vriende	0	0	0	0	0	0	1	20	1	20	3	60	0	100
35. Ek het gegroei in my verhouding met God	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	5	100	0	100
36. 'n Meer bevredigende lewenstyl wag op my	0	0	0	0	0	0	0	0	2	40	3	60	0	100

37. Ek is meer gereed om 'n wyer ondersteuningsisteem te ontwikkel	0	0	0	0	0	0	0	0	1	20	4	80	0	100
38. Ek wantrou my werkers minder	1	20	0	0	1	20	1	20	0	0	1	20	20	80
39. Ek het beter beheer oor die traumagebeure	0	0	0	0	0	0	0	0	2	40	3	60	0	100
40. Ek het groter behoefte aan kontak met die sosiale wêreld	0	0	0	0	0	0	1	20	1	20	3	60	0	100
41. Die program het net ou wonde oopgekrap	3	60	0	0	2	40	0	0	0	0	0	0	0	100

Ten opsigte van vrae 28 en 32 het groeplede nie van toepassing nie aangedui omdat hulle hulle lewensmaats verloor het.

Uit die evaluering blyk dit dat al die groeplede die hulpverlener as goed voorbereid beskou het en dat die programinhoud en die aanbieding daarvan duidelik en verstaanbaar was. Al die groeplede was van mening dat boere en hulle gesinne voorberei kan word op die hantering van traumatiese gebeure. Groeplede het na die intervensie meer kennis gehad van wat trauma is en hulle het ook beter verstaan dat hulle gedagtes oor die trauma normaal is. Al die groeplede dui aan dat hulle verhouding met God gegroei het. Nie al die groeplede is van mening dat hulle nou liggaamlike en emosionele belewenisse, sintuie en denke in detail kan identifiseer en verwoord nie, of dat hulle beter beheer het oor dit wat met hulle gebeure het nie, of dat hulle hulle herinneringe oor die traumatiese gebeure beter kan beheer nie.

Uit die evalueringsvraelys is dit voor die hand liggend dat al die groeplede baat gevind het by die aanbieding van die program. Hulle evaluasie was daarom ook deurlopend positief.

6.9.2 Verwagtinge met betrekking tot die groep

Die oop vrae in die evalueringsvraelys is soos volg deur die groeplede beantwoord:

- "Sou graag skriftelike riglyne om trauma te verwerk wou ontvang. Alle vrae is tydens die verduidelikings beantwoord."
- "Verwagtinge is bereik, baie is ingeneem en daar is tot die slotsom gekom dat dit wat met my gebeur het nie my skuld was nie."
- "Ons het 'n behoefte aan begrip."
- "Dit was omtrent wat ek verwag het."
- "Dit was 'n genesing vir my emosies."
- "Ek het nou 'n beter idee van hoe om omstandighede te hanteer."

6.9.3 Emosionele veranderinge

Op die vraag oor die veranderings wat in emosies ervaar is oor die self gedurende die groepervaring, antwoord hulle soos volg

- "Ek het besef dat ek baie selfgesentreerd is en ek sou baie graag my kind beter wou help met haar trauma."
- "My emosies en optredes is vir my nou meer verstaanbaar."
- "Die emosie tot aanvaarding oor wat gebeur het, word versterk."
- "Ek kan uiting gee aan my gevoelens, dit het gevoel asof die groep my ondersteun."
- "Ek het besef dat my emosies normaal is en dat dit deel van 'n genesingsproses is."

6.9.4 Interne kritiek

In watter mate was jy daartoe in staat om die inset van jou interne kritiek te verminder en te vervang met gesonder meer objektiewe sienings?:

- "Ek besef ek is onskuldig en 'n slagoffer en dat ek met positiewe denke my lewe moet verander."
- "Ek het baie geleer."
- "Ek is nog steeds bekommerd oor die voortsetting van plaasaanvalle."

6.9.5 Houding teenoor aanval

Het jou houding teenoor die aanval verander tydens die verloop van die program? Indien wel, hoe?:

- "Ek het besef dat daar ander was wat ook al deur 'n aanval moes gaan."
- "Nee, ek het nog nie alles verwerk nie."
- "Nie eintlik nie. Ek was nooit aggressief of woedend nie."
- "Ek moet vergewe en positief voortgaan met 'n nuwe visie."
- "Ek sien die aanval as 'n geleentheid vir 'n nuwe visie van oorwinning."

6.9.6 Gedrag

Het jou gedrag tydens die verloop van die program verander? Indien wel, hoe?:

- "Ek het baie inligting om myself emosioneel te versterk ontvang."
- "Ek dink nie so nie."

- "Ek moet aanvaar dat ander ook begrip nodig het."
- "My gedrag is positief omgeswaai."

6.9.7 Aanbeveling

Die volgende aanbevelings is deur die groeplede gemaak:

- "Meer mense behoort toegerus/ingelig te word ten opsigte van die trauma en die hantering daarvan."
- "Navorsingsresultate moet tuisgebring word op alle terreine."
- "Dit is 'n prysenswaardige onderneming en moet uitgebrei word."
- "Dit sal 'n goeie ding wees om spoedig na 'n plaasaanval hierdie kursus deur te werk."

6.9.8 Kommentaar

Die volgende kommentaar is deur die groeplede gemaak:

- "Dalk is meer tyd benodig. Daar moet streng by die tyd vir elke sessie gebly word."
- "Ek is bly dinge kom van die grond af."
- "Die passie van die aanbieder is uniek."

6.9.9 Tuiswerk

Het jy planne om voort te gaan met die werk aan jouself waarmee jy in die groepsessies begin het?:

- "Beslis."
- "Ek probeer berus en aanvaar."
- "Beslis, ja! Dankie vir die sorgsame voorbereiding, goeie aanbieding, meelewing en heerlike kos!"

6.9.10 Gevolgtrekking

Die volgende gevolgtrekking vanuit die resultate gemaak word:

- Die traumabegeleidingsprogram moet verkieslik so gou moontlik na die traumatiese gebeurtenis aangebied word.
- Alhoewel die groeplede besef dat hulle nie op die langtermyn by die program wou inskakel nie (om die volgende redes: geografiese ligging, afstande, finansiële redes, laat

plase alleen, bang om saans te ry) is hulle tog van mening dat dit sinvoller sou wees as die traumabegeleidingsprogram oor 'n tydperk heen versprei, aangebied sou kon word.

- Aspekte van die traumabegeleidingsprogram (ter voorkoming) moet met die landbougemeenskap gedeel word ongeag of hulle aangeval is of nie.
- Aspekte van die traumabegeleidingsprogram moet skriftelik aan die landbougemeenskap voorsien kan word.
- Waardering is uitgespreek vir die handleiding wat aan die groeplede voorsien is vir eie gebruik wat na afloop van die program sinvol deurgewerk kan word, soos en wanneer die groeplede behoefte het om te doen.

7. SAMEVATTING

Plaasaanvalle neem 'n eiesoortige vorm van misdaadgeweld aan wat verskil van ander misdaad. Plaasaanvalle is 'n gekompliseerde vorm van traumatisering omdat die slagoffers nie net aan een vorm van geweld blootgestel word nie. Dit maak die traumatisering kompleks en die verwerking daarvan gekompliseerd.

Slagoffers vind dit makliker om na die aanbieding van die hulpverleningsprogram oor die traumagebeure te praat. Slagoffers kan meestal onthou wat tydens die aanval gebeur het en dat die gebeure 'n voortgesette uitwerking het wat steeds 'n invloed het op die slagoffers, selfs ook na die intervensie. Slagoffers is van mening dat iets goeds uit die traumagebeure na vore gekom het. Tog blyk dit dat nie al die slagoffers by 'n groepwerkprogram baat gevind het nie. Sommige slagoffers moet eerder individuele traumabegeleiding ontvangomdat hulle 'n geskiedenis het van vorige traumatiese ervarings.

Indringende emosies en reaksies wat deel geword het van daaglikse gedragspatrone kan nie oornag uitgewis word nie. Plaasaanvalle het ook sekere langtermyngevolge wat selfs blywend 'n invloed kan hê op die slagoffers se daaglikse funksionering. Dit is om hierdie redes dat nie net onmiddellike hulpverlening nie, maar ook langtermynhulpverlening na plaasaanvalle die ideaal is. Dit blyk dus asof die traumabegeleidingsprogram 'n beter maatskaplike funksionering by die slagoffers van plaasaanvalle tot gevolg gehad het.

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke het die algemene inleiding, navorsingsmetodologie, die teoretiese onderbou van plaasaanvalle, die teoretiese onderbou van trauma, hulpverleningsprogramme, die belewenis van 'n plaasaanval, die ontwikkeling en aanbieding van die traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle en die evaluering van die traumabegeleidingsprogram aandag geniet. Teoretiese en empiriese data is verwerk om 'n duidelike beeld te kry van die effek wat trauma op slagoffers van plaasaanvalle het. 'n Maatskaplikewerkhulpverleningsprogram om slagoffers van plaasaanvalle te begelei, is in die praktyk ontwikkel.

In die lig van bogenoemde agtergrond word elke hoofstuk afsonderlik ooreenstemmig 'n samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings opgesom.

2. HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING

2.1 SAMEVATTING

Die Suid-Afrikaanse bevolking leef in 'n getraumatiseerde samelewing waarin misdaad en geweld krisisafmetings aangeneem het. Misdaad en geweld het trauma en ontnugtering tot gevolg wat die lewenskwaliteit van 'n mens benadeel. Dit is veral aanvalle en moorde op plase wat 'n skerp styging in die Suid-Afrikaanse misdaadstatistiek toon.

Plaasaanvalle neem elke jaar toe, ondanks verskerpte veiligheidsmaatreëls in landelike gebiede. Statistiek om hierdie opmerking te staaf, is dat 274 boere per 100 000 van die populasie vermoor word in vergelyking met 153 polisiemanne per 100 000 (Agriinfo/misdaadcontent; Dispatch Online). As gevolg van die moratorium op die statistiek ten opsigte van plaasaanvalle is daar sedert 1999 nie meer amptelike statistiek en inligting oor plaasaanvalle beskikbaar nie en word daar nie afsonderlik aangedui wat die plaasaanvalsyfer is nie. Dit laat die bevolking ook in die duister oor die hoë voorkoms van plaasaanvalle. Min is ook bekend ten opsigte van die voorkoming, die traumatiese gevolge en die hantering van 'n slagoffer van 'n plaasaanval.

'n Plaasaanval is 'n ontwrigtende lewensgebeurtenis, wat 'n traumatiese ervaring meebring. Dit het ook 'n verlies in gebalanseerde lewensfunksionering en 'n worsteling met gevoelens tot gevolg. Dikwels weet slagoffers nie hoe om dit te hanteer nie. Die slagoffer is nie altyd daartoe in staat om effektief op so iets te reageer nie. Dit is om hierdie rede dat ondersteuning aan slagoffers van plaasaanvalle nodig is.

2.2 GEVOLGTREKKINGS

2.2.1 Die keuse wat op hierdie spesifieke studie geval het, impliseer dat 'n ondersoek op die gebied van trauma en traumabegeleiding geregverdig is. Daar is 'n behoefte aan navorsing op die gebied (sien Hoofstuk 1, 11.1, bladsy 21).

2.2.2 Literatuur op die gebied van begeleiding aan slagoffers van plaasaanvalle (traumabegeleiding) is beperk (sien Hoofstuk 1, 11.1, bladsy 21).

2.2.3 Die noukeurigheid waarmee die voorondersoek gedoen is, het tot gevolg gehad dat die werklike probleemareas nagevors is (sien Hoofstuk 1, 4, bladsye 6-9).

2.2.4 Die literatuur in die plaaslike biblioteek was beperk, met die gevolg dat die aanvra van literatuur hoë onkostes en soms tydsverspilling van tyd tot gevolg gehad het.

2.2.5 Die geografiese gebied tydens die voorondersoek was wyd en dit het meer tyd in beslag geneem as wat beplan is om die sleutelfigure in die gemeenskap, by wie identifiserende besonderhede van slagoffers bekom kon word, te ontgin (sien Hoofstuk 1, 4, bladsye 6-9).

2.2.6 Die universum wat by die ondersoek betrek is, het nie alle slagoffers van plaasaanvalle wat besoek is, ingesluit nie. Die navorser moes op 'n stadium op 'n afsnypunt besluit ten einde die voortsetting van die ondersoek te verseker.

2.2.7 Statistiese gegewens kan in 'n groter omvang weergegee word as wat in die proefskrif gedoen is. Slegs die belangrikste en mees relevante gegewens van hierdie ondersoek is weergegee.

2.2.8 Die doelstellings en doelwitte wat vir hierdie navorsing gestel is, is bereik en alle aspekte daarvan is onder die loep geneem (Hoofstuk 1, 3, bladsy 6). Die hipoteses (sentrale teoretiese argument) wat deur die navorser gestel is, is as korrek bewys. Dit kan soos volg saamgevat word: Die aanbieding van die voorgestelde traumabegeleidingsprogram sal in die behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle, wat in 'n traumaproses verkeer, voorsien, en dit sal ook 'n konstruktiewe invloed op die slagoffers se verdere maatskaplike funksionering uitoefen.

2.2.9 Die traumabelewenis en behoeftes by slagoffers na 'n plaasaanval kon empiries bepaal word deur (i) 'n teoretiese fundering van die traumabelewenis van 'n plaasaanval te bied

en (ii) die behoeftes en probleme waarmee slagoffers na 'n plaasaanval te kampe het, te identifiseer (sien Hoofstuk 6).

2.2.10 'n Hulpverleningsprogram, naamlik 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle, is ontwikkel, aangebied en geëvalueer. Die volgende is bereik: (i) die aard van traumabegeleiding is ondersoek, (ii) bestaande traumabegeleidingsdienste aan slagoffers van plaasaanvalle is geëvalueer, (iii) 'n traumabegeleidingsprogram wat aan die behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle voldoen, is ontwikkel en (iv) 'n traumabegeleidingsprogram is aangebied en geëvalueer (sien Hoofstuk 7).

2.2.11 Die sentrale argument wat deur die navorser vir hierdie studie gestel is, is as korrek bewys. Dit kan soos volg saamgevat word: Die aanbieding van die traumabegeleidingsprogam voorsien in die behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle, wat trauma ervaar en oefen 'n konstruktiewe invloed op hulle uit (sien Hoofstuk 7).

2.2.12 Die beperkinge en leemtes wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is, stel die navorser in staat om dieselfde beperkinge en leemtes ten tye van moontlike verdere aanbiedinge en navorsing sover moontlik uit te skakel.

2.3 AANBEVELINGS

2.3.1 Meer navorsing op die betrokke gebied van veral traumabegeleiding aan slagoffers van plaasaanvalle moet gedoen word. Handleidings vir traumahantering moet in die vorm van populêre leesstof aan die publiek beskikbaar gestel word.

2.3.2 Die navorser beveel aan dat veral Afrikaanse literatuur aan slagoffers van trauma beskikbaar gestel moet word.

2.3.3 'n Verdere aanbeveling is dat kundiges uit professionele beroepe soos maatskaplike werk, teologie en psigologie meer professionele opleiding moet ontvang met betrekking tot traumabegeleiding, ten einde meer kundigheid op die gebied beskikbaar te stel.

2.3.4 Die navorser beveel aan dat die landbougemeenskap, as deel van voorkoming, toegerus moet word met betrekking tot trauma en die hantering van trauma.

3. HOOFSTUK 2: NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 SAMEVATTING

In hierdie navorsingsondersoek is gebruik gemaak van 'n kombinasie van die ontwikkelings- en benuttingsnavorsing en die "Developmental Research and Utilization" model. Die enkelstelsel wat die navorser gebruik het met die evaluering van die navorsing, is in die hoofstuk bespreek.

Die hoofstuk bied die redes waarom die navorsingsontwerp en –prosedures vir die betrokke ondersoek geselekteer is. Die wyse waarop die navorser te werk gegaan het, dit wil sê die inwin van teoretiese en empiriese gegewens, is volledig in hierdie hoofstuk uiteengesit.

3.2 GEVOLGTREKKINGS

Die gekombineerde ontwikkelings- en benuttingsnavorsing en die Developmental Research and Utilization model het die volgende opgelewer:

3.2.1 **Stap een** het aangedui dat slagoffers van plaasaanvalle op twee wyses getraumatiseer word: hetsy deur 'n persoonlike belewenis of deur 'n ooggetuie te wees van dit wat met iemand anders gebeur. Dit het die slagoffers probleme laat ervaar op psigiese, fisiese, maatskaplike, sosiale en godsdienstige gebied. Statistiese gegewens het daarop gedui dat hierdie probleem die moeite werd is om te ondersoek (sien Hoofstuk 2, 2.1.1, bladsy 32).

3.2.2 In **stap twee** is bevind dat die bestaande tegnologie onvoldoende is om die behoeftes en probleme van slagoffers van plaasaanvalle te kan ondervang (sien Hoofstuk 2, 2.1.2, bladsy 33).

3.2.3 In **stap drie** het die verkennende studie en die voorondersoek daarop gedui dat die navorsingspoging 'n verbetering in maatskaplikewerktegnologie tot gevolg gehad het (sien Hoofstuk 2, 2.1.3, bladsy 33).

3.2.4 In **stap vier** fokus die selektering van die tegnologiese doelstellings van hierdie navorsing spesifiek op die ontwikkeling van 'n nuwe program, naamlik 'n traumabegeleidingsprogram aan slagoffers van plaasaanvalle. Die gevolgtrekking kan dus reeds hier gemaak word dat slagoffers van plaasaanvalle 'n behoefte aan hulpverlening het (sien Hoofstuk 2, 2.1.4, bladsy 34).

3.2.5 **Stap vyf** dui aan dat bronne (insluitend boeke en artikels) vanuit verskeie dissiplines, naamlik Maatskaplike Werk, Psigologie, Kriminologie, SAPD, Landbou, Teologie en die Medisyne beperk is ten opsigte van inligting oor die traumabelewenis van die slagoffer van 'n plaasaanval (sien Hoofstuk 2, 2.1.5, bladsy 35).

3.2.6 **Stap ses** toon dat die evaluering van alle relevante stof daarop dui dat slagoffers na traumatisering nie bekend is met bestaande verwysingsdienste nie. Alhoewel daar trauma-ondersteunende dienste na vore tree, is hierdie dienste nog nie vir slagoffers van geweldmisdaad toeganklik nie (sien Hoofstuk 2, 2.2.1, bladsy 35).

3.2.7 In **stap sewe** is 'n nuwe tegnologie (die traumabegeleidingsprogram) ontwerp om sy plek naas alle ander maatskaplikewerk tegnologiese produkte in te neem (sien Hoofstuk 2, 2.2.2, bladsy 36).

3.2.8 In **stap agt** dui die aanbieding van die traumabegeleidingsprogram op die realisering van die nuwe tegnologie (sien Hoofstuk 2, 2.3.1, bladsy 37).

3.2.9 **Stap nege** bevestig die feit dat die nuwe tegnologie aan evaluering blootgestel kan word (sien Hoofstuk 2, 2.4.1, bladsy 40).

3.2.10 **Stap tien** bevestig die vermoë van die enkelstel as werkwyse om evalueringsdata in te samel (sien Hoofstuk 2, 2.4.2, bladsy 41).

3.2.11 **Stap elf** dui daarop dat die traumabegeleidingsprogram effektief is vir hulpverlening aan slagoffers van plaasaanvalle. Die hulpverleningsprogram kan ook toegepas word vir die hulpverlening aan enige ander slagoffer van geweldmisdaad en ander traumagebeure (sien Hoofstuk 2, 2.4.3, bladsy 41).

3.2.12 **Stap twaalf** dui daarop dat die hulpverleningsprogram aanpasbaar is en dat verskeie stappe van die program herontwerp kan word (sien Hoofstuk 2, 2.4.4, bladsy 41).

3.2.13 In **stap dertien** moet die materiaal as nuwe produk tot bemarkingsmateriaal ontwikkel word (sien Hoofstuk 2, 2.5.1, bladsy 42).

3.2.14 In **stap veertien** word op die voorbereiding van verspreidingsmedia gekonsentreer (sien Hoofstuk 2, 2.5.2, bladsy 42).

3.2.15 **Stap vyftien** behels die wyse waarop die bemarkingsmateriaal aan die voornemende verbruikers versprei word (sien Hoofstuk 2, 2.5.3, bladsy 43).

3.2.16 **Stap sestien behels die** benutting van die tegnologie (sien Hoofstuk 2, 2.6.1, bladsy 43).

3.2.17 Die opnameprosedure het voortgevloei uit die ontwikkelings- en benuttingsnavorsingsmodel. Die opnameprosedure sou van geen waarde gewees het indien ontwikkelings- en benuttingsnavorsing nie ook gedoen is nie. Die behoeftebepaling is ondervang met die ontwikkeling en aanbieding van 'n program aan slagoffers van plaasaanvalle.

3.3 AANBEVELINGS

3.3.1 In die vooronderskoek moet die navorser wat persoonlike besoeke aan slagoffers van plaasaanvalle bring, daarop voorbereid wees om vir 'n tydperk na die onderhoudvoering beskikbaar te wees ten einde aandag te skenk aan die emosies en gevoelens wat die onderhoudvoering na vore gebring het. Daar moet nie 'n vaste tydsduur vir 'n onderhoud nie, omdat die aard van die trauma dit bemoeilik om die onderhoud binne 'n bepaalde tydsduur af te handel. Die navorser beveel aan dat hulpverleners bereid moet wees om drie tot vier ure aan 'n onderhoud af te staan.

3.3.2 Bestaande verwysingsdienste en trauma-ondersteunende dienste moet meer toeganklik gemaak word vir die slagoffers van trauma. In elke gemeenskap behoort professionele

persone, veral die veiligheidsdienste, in staat te wees om na hulpverleningsdienste te kan verwys.

3.3.3 Hulpverleners moet toegerus word ten einde traumabegeleiding sinvol te kan aanbied.

3.3.4 Die navorser beveel aan dat meer ontwikkelings- en benuttingsnavorsing op die gebied gedoen moet word, veral ten opsigte van die verspreiding van inligtingstukke aan die landbougemeenskap en spesifiek aan slagoffers van plaasaanvalle.

4. HOOFSTUK 3: PLAASAANVALLE: 'N TEORETIESE ONDERBOU

4.1 SAMEVATTING

Die traumatisering van die slagoffers van plaasaanvalle kan nie in perspektief gestel word indien die plaasaanval as sodanig nie belig word nie. Die aanslag op die boeregemeenskap is groot en eiesoortig, daarom vereis dit intensiewe kennis van die onderwerp. Hierdie hoofstuk het die kennisbasis uitgebrei ten opsigte van die vorme van plaasaanvalle, kenmerke van plaasaanvalle en die motiewe vir plaasaanvalle. 'n Verduideliking is gegee van wie die slagoffer en aanvaller van 'n plaasaanval is. Die gevolge van 'n plaasaanval is ook uitgewys. Praktiese wenke aan boere om plaasaanvalle af te weer, is gegee. Die hantering van aanvallers wat toeslaan, is ook bespreek. 'n Basis is dus gelê vir die bespreking van plaasaanvalle. Dit was noodsaaklik ten einde die aspekte van trauma en traumabegeleiding te kon ondervang.

4.2 GEVOLGTREKKINGS

4.2.1 'n Plaasaanval neem 'n unieke vorm van geweldmisdaad aan omdat die slagoffer gewoonlik verskeie vorme van geweld teen hom/haar ervaar. Plaasaanvalle gaan met wreedheid gepaard (sien Hoofstuk 3, bladsy 73; Hoofstuk 6, 12.3, bladsye 208-211; 13.5, bladsy 214; 13.6, bladsy 215).

4.2.2 Afgesien van addisionele veiligheidsmaatreëls word die boeregemeenskap steeds aangeval. Plaasaanvalle neem in frekwensie toe (sien Hoofstuk 1, bladsy 2).

4.2.3 Die vrees dat 'n aanval moontlik kan plaasvind, kan tot traumatisering lei. Vrees vir 'n aanval het ook isolasie van die gesin op die plaas tot gevolg (sien Hoofstuk 6, bladsy 221).

4.2.4 Plaasaanvalle het 'n nadelige invloed op die land se ekonomie en op die landbougemeenskap as geheel (sien Hoofstuk 3, 8.1, bladsy 91).

4.2.5 Voortdurende plaasaanvalle skep wantroue in die veiligheids- en sekuriteitsinstellings en die regering se hantering van geweldmisdaad (sien Hoofstuk 3, 8.2, bladsy 92).

4.2.6 Plaasaanvalle hou langtermyn ekonomiese en biopsigososiale gevolge vir die slagoffers in (sien Hoofstuk 3, 8.3, bladsy 92).

4.3 AANBEVELINGS

4.3.1 Hulpverleners moet kennis dra van die intensiteit, vorme, kenmerke en motiewe van plaasaanvalle om die uniekheid daarvan te besef en om sodoende die intensiteit van traumatisering werklik te verstaan, ten einde hulp aan die slagoffers te kan verleen.

4.3.2 Hulpverleners moet begrip toon vir die magteloosheid en vrees waarin die landbougemeenskap leef en werk omdat dit tot onverwerkte woede en wanhoop lei, wat 'n direkte invloed het op die hantering van trauma.

4.3.3 Die hulpverlener moet die feit dat plaasaanvalle gewoonlik langtermyngevolge vir die slagoffer inhou, in ag neem. Hierdie langtermyngevolge vereis doelbewuste aanpassing ten opsigte van lewensfunksionering.

4.3.4 Ten einde beheer oor die traumagebeure te verkry, moet slagoffers se kennis ten opsigte van plaasaanvalle uitgebrei word. Kennis moet veral ten opsigte van onder andere die voorbereiding vir 'n moontlike plaasaanval, veiligheid, fisiese en emosionele hanteringsvaardighede, geestelike voorbereiding op krisisse, positiewe verhoudings en gemeenskapsbetrokkenheid, uitgebrei word.

5. HOOFSTUK 4: TRAUMA: 'N TEORETIESE ONDERBOU

5.1 SAMEVATTING

Die trauma, as kern van die posisie waarin slagoffers na 'n plaasaanval verkeer, kan nie in perspektief gestel word nie, tensy die problematiek rakende die traumatisering indringende aandag geniet. Die traumaproses het dus in hierdie hoofstuk indiepte-aandag ontvang.

Elke individu lewe binne 'n kognitiewe raamwerk van hoe die lewe behoort te verloop. Na die traumagebeure is 'n basis gelê vir die vernietiging van basiese veronderstellings. Die individue wat getraumatiseer is, het nie 'n keuse met betrekking tot die gevoelens wat hulle ervaar nie. Verskillende slagoffers van trauma se gevoelens kan van mekaar verskil en daarom kan die tydsduur, intensiteit en verloop van traumahantering van individu tot individu verskil. Die implikasies wat trauma vir die slagoffer inhou, die fases in die traumaproses, rou as deel van die traumaproses, die simptome van 'n getraumatiseerde persoon asook sekondêre traumatisering voorsien 'n basis vir die verstaan, maar ook vir die hantering, van trauma. 'n Basis is gelê die vir

bespreking van die traumaproses, wat weer noodsaaklik is ten einde die aspek van traumabegeleiding te kan aanraak. Die besef dat die reaksies op 'n plaasaanval normale reaksies op abnormale gebeure is, word bevestig.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

5.2.1 Die vertaling van begrippe soos implosiewe terapie en verlengde blootstellingsterapie in hierdie ondersoek uit Engels in Afrikaans het probleme opgelewer omdat dit moeilik is om Afrikaanse ekwivalente vir al die Engelse terminologie te vind.

5.2.2 Slagoffers van plaasaanvalle beskik oor 'n beperkte kennis en begrip van die verloop van trauma en die hantering van trauma.

5.2.3 Die fases van rou as deel van die traumaproses kan as riglyn in traumahantering gegee word in ag genome dat hierdie stadiums van rou wat elke persoon deurmaak, nie noodwendig in 'n spesifieke chronologiese of voorspelbare volgorde plaasvind nie (sien Hoofstuk 4, 6.6, bladsy 115).

5.2.4 Geen vasgestelde tydsduur kan aan die fases van trauma en rou as deel van die traumaproses gekoppel word nie omdat elke slagoffer op sy/haar eie manier, tyd en wyse trauma hanteer. Die intensiteit van die trauma neem egter na verloop van tyd ná die plaasaanval af. Wanneer sekere stresreaksies 'n maand na die plaasaanval voortduur, kan posttraumatiese stresreaksies ontwikkel.

5.2.5 Die hantering van trauma veronderstel dat die slagoffer deurlopend aan die traumagebeure herinner word, maar dat hy/sy beheer oor sy/haar emosies en reaksies op die trauma moet verkry.

5.2.6 Slagoffers van plaasaanvalle vind dit makliker om begrip te hê vir die posisie waarin hulle verkeer indien hulle kennis dra van wat trauma is.

5.2.7 Die gemeenskap en die primêre en sekondêre slagoffers van trauma beskou dikwels die mites oor trauma as norm vir die traumaproses.

5.3 AANBEVELINGS

5.3.1 Populêre literatuur oor traumahantering moet aan slagoffers van misdaadgeweld beskikbaar gestel word.

5.3.2 Professionele persone moet oor die nodige kennis beskik alvorens begeleiding aan slagoffers gebied kan word. Toerusting en opleiding moet veral aan leraars, medici, verpleegpersoneel, nooddienstepersoneel, psigoloë, huweliksberaders, maatskaplike werkers, onderwysers, begrafnisondernemers, veiligheidspersoneel (SAPD) en die

kommando gebied word, asook aan die primêre slagoffers (slagoffers self) en sekondêre slagoffers (familielede, vriende, werkers, die landbougemeenskap en die breë gemeenskap).

5.3.3 Slagoffers van plaasaanvalle moet aangemoedig word om oor die traumagebeure te praat, herinneringe op te roep en dit met ander te deel.

6. HOOFSTUK 5: MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING AAN DIE SLAGOFFER

6.1 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die noodsaaklikheid en waarde van hulpverlening aan die slagoffer wat in trauma verkeer, beklemtoon. Die behoefte aan die hantering van posttraumatiese stresreaksie is 'n werklikheid. In die hulpverleningsproses is dit noodsaaklik dat die slagoffer kennis aangaande trauma en posttraumatiese stresreaksie verkry. Kennis aangaande trauma, posttraumatiese stresreaksie en die hantering van trauma, bied aan die slagoffer 'n gevoel van bemagtiging wat weer bydra tot 'n gevoel van beheer. Klem is gelê op die fases van herstel na trauma. Die doel met hulpverlening is uitgelig. Verskeie hulpverleningsprogramme is ondersoek ten einde te bepaal watter program/me op hierdie studie van toepassing gemaak kan word. Daar is besluit om hierdie programme as basis vir die traumabegeleidingsprogram te gebruik. Tydens hulpverlening is dit nodig dat gefokus word op storievertelling, normalisering van die slagoffer se gedagtes en die regverdiging daarvan, implikasies wat trauma vir die slagoffer inhou, die fases in die traumaproses, rou as deel van die traumaproses, die simptome van 'n getraumatiseerde persoon en sekondêre traumatisering.

6.2 GEVOLGTREKKINGS

6.2.1 Maatskaplikewerkhulpverlening aan die slagoffers van 'n traumatiese gebeurtenis is daarop ingestel om die individu (en gesin) te help om weer so normaal moontlik na die traumatiese ervaring te funksioneer.

6.2.2 Die onderskeie hulpverleningsprogramme wat ondersoek is, is as basis gebruik vir die ontwikkeling van hierdie spesifieke program.

6.2.3 Die onderskeie hulpverleningsprogramme wat in hierdie hoofstuk bespreek is, toon ooreenkomste en duidelike oorvleuelings, daarom kon die hulpverleningsprogramme in kombinasie met mekaar gebruik word.

6.2.4 Ontlonting en krisisintervensie blyk 'n belangrike rol te speel, onmiddellik na 'n traumatiese gebeurtenis.

6.2.5 Hierdie hulpverleningsprogramme kan suksesvol in gevallewerk en groepwerk benut word.

6.3 AANBEVELINGS

6.3.1 Die navorser is van mening dat ontlonting tog gedoen kan word met die boeregemeenskappe by landbouverenigings omdat hulle daagliks met die vrees dat hulle lewens bedreig word, saamleef.

6.3.2 Dit is belangrik dat hulpverleners goed toegerus sal wees en nie net van een hulpverleningsprogram gebruik sal maak nie. 'n Kombinasie en 'n integrering van programme kan daartoe bydra dat 'n beter diens aan die slagoffers gelewer kan word.

7. HOOFSTUK 6: DIE EMPIRIESE DATA VAN DIE OPNAMEPROSEDURE OOR PLAASAANVALLE

7.1 SAMEVATTING

Die faktore wat die intensiteit van die plaasaanval beskryf, word in hierdie hoofstuk uitgelig. Die literatuur bevat min inligting rakende traumabegeleiding aan slagoffers van plaasaanvalle asook ten opsigte van slagoffers van geweldmisdaad. Waardevolle inligting kan dus slegs verkry word deur die individu wat in trauma verkeer, te bestudeer. Die intensiteit van 'n traumatiese gebeurtenis het 'n groot emosionele uitwerking op die slagoffer, sy/haar geliefdes en die gemeenskap. Die hoop bestaan hier dat geliefdes, familielede, vriende, professionele persone en die gemeenskap nie net die faktore wat die intensiteit beskryf, sal identifiseer nie, maar dat hulle ook die nodige kennis sal opdoen, om begrip vir die gevoelens van die traumaslagoffers te openbaar. Nie al die faktore wat die intensiteit van die traumabelewenis beïnvloed, is aangeraak nie. In hierdie hoofstuk word dit duidelik dat 'n plaasaanval kompleks is en dat dit pyn en seerkry veroorsaak. Die navorser kon ook evalueer watter traumabegeleidingsprogram en -tegnieke aangewend moet word om hulp te kan verleen.

7.2 GEVOLGTREKKINGS

7.2.1 Die faktore wat die intensiteit van die traumabelewenis beïnvloed, verskil van plaasaanval tot plaasaanval en van slagoffer tot slagoffer.

7.2.2 'n Plaasaanval is 'n komplekse gebeurtenis en 'n verskeidenheid faktore beïnvloed die intensiteit van die traumabelewenis. Die intensiteit van die plaasaanval en die hanteringsvaardighede van die slagoffers speel 'n groot rol.

7.2.3 Dit is hoofsaaklik ouer mans wat die slagoffers van plaasaanvalle is.

7.2.4 Dit is hoofsaaklik vrouens wat emosies kommunikeer.

7.2.5 Huweliksmaats verwerk nie die traumabelewenis op dieselfde wyse nie omdat hulle verskillende inhoude aan die gebeure heg en verskil ten opsigte van die uiting van hul emosies. Dit het tot gevolg dat hulle nie altyd die nodige begrip van mekaar kry nie. Dit gee aanleiding tot huwelikspanning.

7.2.6 Dit is veral kinders wat hulle ouers wil keer om hulle emosies bloot te lê.

7.2.7 Kommunikasie van intense emosies skep ongemak by hoorders omdat hulle nie weet hoe om dit te hanteer nie.

7.2.8 Die bedreiging van 'n moontlike plaasaanval het tot gevolg dat die boer en sy gesin daagliks onderliggend gespanne leef en dit strem hulle daaglikse funksionering en emosionele en fisiese gesondheid.

7.2.9 Die slagoffers is oortuig daarvan dat die eerste motief van die aanvallers was om hulle te vermoor.

7.3 AANBEVELINGS

7.3.1 Hulpverleners moet oor die nodige kennis ten opsigte van die volgende beskik: (i) vorme van, kenmerke van, motiewe vir plaasaanvalle, die slagoffer en die aanvaller van 'n plaasaanval, (ii) trauma, basiese veronderstellings, implikasies van trauma, fases van 'n traumatiese gebeurtenis, stadiums van rou, posttraumatiese stresversteuring, hantering van trauma; (iii) maatskaplikewerkhulpverlening aan die slagoffer met die fokus op die doel van hulpverlening, stadiums van herstel, probleme by hulpverlening, hulpverleningstrategieë; (iv) kennis van die metodiek van maatskaplike groepwerk; en (v) kennis van hulpverleningsprogramme beskik ten einde slagoffers in die hantering van die traumatiese gebeurtenis te begelei.

7.3.2 Navorsers en kundiges moet kennis aangaande trauma inwin voordat navorsing op die gebied gedoen word, omdat slagoffers tydens die insameling van empiriese gegewens reeds sekere kennis en inligting by die navorser veronderstel.

7.3.3 Die onderhoudskedule lê sekere emosies by die slagoffers bloot en moet met die nodige empatie hanteer word.

8. HOOFSTUK 7: TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM VIR SLAGOFFERS VAN PLAASAANVALLE

8.1 SAMEVATTING

Die traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle is in hierdie hoofstuk ontwikkel. 'n Onderhoudskedule wat deur slagoffers van plaasaanvalle ingevul is, is as basis vir die program gebruik. Bestaande hulpverleningsprogramme is ondersoek en is as basis en agtergrond gebruik vir die ontwikkeling van hierdie traumabegeleidingsprogram. Die program is ontwerp met die doel om hulpverleners in staat te stel om dit maklik te kan aanbied. Dit is belangrik dat die hulpverlener oor bepaalde kennis moet beskik alvorens hy/sy die program aanbied. Inligting waaroor die hulpverlener moet beskik alvorens hy/sy die traumabegeleidingsprogram kan aanbied, is in die handleiding in Hoofstuk 7 in rooi aangedui.

Die doel van die program is om slagoffers van plaasaanvalle in staat te stel om beheer oor die traumagebeure te verkry deur sy/haar lewensloop te herstel. Deur middel van die vertelling van die traumaverhaal, kom emosies en reaksies om trauma te identifiseer na vore. Hanteringsvaardighede word ondersoek en die individu word met die daaglikse lewe herverbind.

Die doel van elke sessie was soos volg:

8.1.1 **Sessie een** het die oriëntasie van groeplede behels. Hierdie sessie het die aanbieding van inligting oor die doelstelling en doelwitte van die program ingesluit, asook kennismaking, kontraksluiting en die bekendstelling aan die aard van 'n trauma.

8.1.2 **Sessie twee** het 'n gesprek oor plaasaanvalle in die algemeen behels, gevolg deur die narratief van elke slagoffer, die normalisering van en regverdiging vir die individu se gedagtes en reaksies en die voorbereiding van 'n manuskrip wat hom/haar in staat stel om ook met ander oor sy/haar verhaal te praat. Die keuse wat die slagoffer maak ten opsigte van die hantering van die traumagebeure het ook aandag geniet.

8.1.3 **Sessie drie** het gefokus op die emosies wat volg op traumatiese gebeure, die herkenning van die individu wat die effek van trauma deurgaan, rou oor verliese, stadiums van rou en die beskrywing van die individu se reaksies op traumatiese gebeure as simptome van traumabelewing.

8.1.4 **Sessie vier het die** gedrag en denke belig wat die herstel ná die traumatiese gebeure vertraag, hanteringsvaardighede wat nie probleemoplossend is nie, hanteringsvaardighede wat wel probleemoplossend is, hoe om beheer oor 'n situasie te verkry, persoonlike hanteringsvaardighede wat die slagoffer kan ontwikkel om die traumatiese gebeurtenis te

hanteer en die hanteringsvaardighede wat die slagoffer kan ontwikkel om die emosionele seer wat die traumatiese gebeure meebring, te hanteer.

8.1.5 **Sessie vyf** het aandag gegee aan die hantering van sosiale situasies deur te fokus op die herverbinding met die self, herverbinding met ander, herverbinding met die gesin, bure en vriende, herverbinding met God, herverbinding met die plaaswerkers, asook met die misdadiger. Die slagoffer het ook 'n besluit geneem om 'n nuwe lewensvisie te vind en om aandag te skenk aan die oplossings van die trauma.

8.1.6 **Sessie ses** het die afsluiting van hulpverlening behels. Die doel van hierdie sessie was om 'n samevatting van die inhoud van die verskillende sessies te maak. Hier is die traumabegeleidingsprogram deur die groeplede geëvalueer. Die funksioneringsvlak van elke groeplid is ook geëvalueer.

8.2 GEVOLGTREKKINGS

8.2.1 Slagoffers van plaasaanvalle is bang vir verdere blootstelling en daarom is deeglike voorbereiding met die oog op die hulpverlening noodsaaklik.

8.2.2 Trauma en traumabegeleiding is 'n moeilike en unieke fenomeen wat deeglike kennis en voorbereiding vereis.

8.2.3 Trauma word verskillend deur slagoffers hanteer en verwerk. Dit beklemtoon die uniekheid van elke individu.

8.2.4 Die beplanning en voorbereiding van die traumabegeleidingsprogram sluit verandering en aanpassings gedurende die aanbieding van die program in.

8.2.5 Slagoffers vind 'n pakket met toerustingsmateriaal wat tydens die aanbieding van die program deur hulle as nuttig ervaar word. Hierdie pakket dien ook as verwysingsmateriaal na afloop van die hulpverlening.

8.2.6 Traumabegeleiding is aangebied vanuit die Christelike geloofsperspektief, maar dit kan nie verabsoluteer word nie.

8.3 AANBEVELINGS

8.3.1 Die hulpverlener moet met sensitiwiteit die groeplede vir die traumabegeleidingsprogram identifiseer en voorberei.

8.3.2 Die hulpverlener moet oor genoegsame kennis beskik ten opsigte van traumabegeleiding ten einde die traumabegeleidingsprogram te kan aanbied.

8.3.3 Goeie voorbereiding is noodsaaklik alvorens die traumabegeleidingsprogram aangebied kan word.

8.3.4 Die aanbieder van die traumabegeleidingsprogram moet seker wees daarvan dat hy/sy emosioneel en intellektueel gereed is vir die aanbieding van hierdie sensitiewe inhoude.

8.3.5 Die aanbieder moet voorbereid wees op moontlike veranderinge en aanpassings ten opsigte van die aanbieding van die program, soos dit nodig word.

8.3.6 Die voorbereiding en beskikbaarstelling van 'n toerustingspakket is nodig.

9. HOOFSTUK 8: EVALUERING VAN DIE TRAUMABEGELEIDINGSPROGRAM

9.1 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde traumabegeleidingsprogram te evalueer. Hierdie evaluering is gedoen met behulp van 'n evalueringsvraelys en die enkelstel wat 'n voormeting, meting na intervensie en meting ses weke na intervensie behels. Vyf slagoffers was deel van die traumabegeleidingsgroep. Die program bestaan uit ses modules wat in ses sessies aangebied is. Voordat met die groepwerkprogram begin is, is 'n voormeting eers gekry deur middel van die enkelstelsel. Direk na afloop van die program is 'n nameting gedoen, asook 'n tweede meting ses weke later. Op hierdie wyse kon die groei en vordering met betrekking tot die maatskaplike funksionering van die groep en van elke groeplid vasgestel word.

Indien die resultate van die enkelstelsel in die geheel ontleed word, is dit duidelik dat daar groei by die slagoffers in die groep plaasgevind het. Die aanname kan dus gemaak word dat hierdie traumabegeleidingsprogram effektief was.

9.2 GEVOLGTREKKINGS

9.2.1 Hierdie traumabegeleidingsprogram het in sy doel (effektiewe begeleiding aan die slagoffers van plaasaanvalle) geslaag.

9.2.2 Die traumabegeleidingsprogram is aanpasbaar. Die program kan in groepwerk en gevallewerk toegepas word. Die program kan ook op ander gevalle van geweldmisdaad toegepas word.

9.2.3 Die gebruik van simbole en funksionele hulpmiddels tydens die aanbieding van die program was sinvol en het die hulpverleningsproses gekomplementeer. Dit het bygedra tot doeltreffende hulpverlening.

9.2.4 Die traumabegeleidingsprogram is oorheersend positief deur die groeplede geëvalueer.

9.2.5 Die traumabegeleidingsprogram voldoen aan die behoeftes van slagoffers van plaasaanvalle deurdat dit riglyne gee, skuldgevoelens verlig, begrip toon, hantering van emosies uitlig en beter hantering van omstandighede laat realiseer (sien Hoofstuk 7).

9.2.6 Groeplede verstaan hulle emosies na die bywoning van die sessies beter, hulle sien ander se trauma ook nou raak.

9.2.7 Die in-perspektief-stel van die aanval bevorder positiewe denke.

9.2.8 Kommer bestaan steeds oor plaasaanvalle.

9.3 AANBEVELINGS

Daar word aanbeveel dat:

9.3.1 die waarde van simbole en funksionele hulpmiddels nie in terapie onderskat word nie, maar juis kreatief toegepas moet word.

9.3.2 nog aspekte wat nie in hierdie program ondervang is nie, verder verken en uitgeken moet word.

9.3.3 die traumabegeleidingsprogram vir die benutting ten opsigte van slagoffers van ander vorme van geweldmisdaad uitgebou moet word.

10. HOOFSTUK 9: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

10.1 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is elke hoofstuk bespreek, gevolgtrekkings gemaak en sekere samevattings uit die gevolgtrekkings gegee. Die samevatting van elke hoofstuk bied aan die leser die inhoud van die spesifieke hoofstuk. Dit beteken dat die samevatting die sleutelelemente van elke hoofstuk beklemtoon. Uit hierdie samevattings is die gevolgtrekkings gemaak van die menings oor waarom hierdie navorsing geslaagd was, gelug. Ten slotte is 'n aanbeveling ten opsigte van elke hoofstuk gemaak wat verder gevoer kan word.

10.2 GEVOLGTREKKING

Deur middel van die samevattings van die inhoude van die hoofstukke is afleidings gemaak en so is 'n evaluering van die inhoud van die hoofstukke gedoen. Gevolgtrekking is dus gemaak.

10.3 AANBEVELING

Op grond van die verskillende hoofstukke se inhoud is daar samevattings, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

11. AANBEVELINGS VIR MOONTLIKE TOEKOMSTIGE NAVORSING

11.1 In die lig van die grootskaalse geweld in Suid-Afrika word aanbeveel dat die regering, welsynsorganisasies, kerkgenootskappe en sekondêre en tersiêre inrigtings meer inligtingsveldtogte sal voer. Die doel hiermee is om die gemeenskap aan te moedig om te verstaan wat trauma is en die noodsaaklikheid van betrokkenheid van ander by die getraumatiseerdes uit te lig. Verder sal dit ook slagoffers van geweld minder skepties maak om vir traumabegeleiding aan te meld. Inligtingsdae, kongresse, seminare, werkswinkels en kampe kan aangebied word. Die televisie, radio, films, nuusblaaie en tydskrifte kan benut word om hierdie doel te bereik. Traumabegeleidingsdienste kan dus aan ander professionele persone en aan die publiek bekendgestel word.

11.2 'n Studie oor 'n traumagebeleidingsprogram wat net op geweldmisdaad soos motorkapings, marteling, ontvoering, bankrowe en dan ook ernstige motorongelukke, oorlog en natuurrampe fokus, kan onderneem word.

11.3 Uit die voorondersoek was dit duidelik dat besonder min slagoffers hulle na traumatisering vir terapie aangemeld het. Die terapie wat slagoffers wel ontvang het, was van korte duur en oppervlakkig. Die inhoud en die kwaliteit van traumabegeleiding behoort aandag te geniet.

11.4 Literatuur vir die publiek ten opsigte van traumahantering om as toerustingsmateriaal te dien, verdien aandag.

11.5 Hierdie traumabegeleidingsprogram kan ook van toepassing gemaak word op ander vorme van geweldmisdaad. 'n Klemverskuiwing van slagoffers van plaasaanvalle na slagoffers van ander vorme van geweldmisdaad en rampe kan bewerkstellig word.

11.6 Traumabegeleidingsprogramme moet so gou moontlik na die trauma realiseer.

11.7 'n Traumavoorkomingsprogram vir slagoffers van ander vorme van geweldmisdaad kan ontwikkel word.

12. SLOTOPMERKING

Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om die belangrikste gevolgtrekkings waartoe die navorser met verloop van die ondersoek gekom het, weer te gee. Die navorser het aanbevelings voortvloeiend uit die gevolgtrekkings gemaak wat uitvoerbaar is, sodat verdere navorsing

onderneem kan word op die basis van die aanbevelings wat gemaak is. Hierdie ondersoek sal eers tot sy volle reg kom indien die aanbevelings met verloop van tyd geïmplementeer word.

Hierdie proefskrif het verskeie doelstellings en doelwitte nagestreef (sien Hoofstuk 1) wat bereik is . Die resultate wat bereik is, dien as grondslag vir ander doelstellings, doelwitte en hipoteses wat ten opsigte van verdere navorsing gestel kan word. Die maatskaplikewerkondersoek na 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle het navorsing op die betrokke terrein uitgebrei en ook 'n basis gelê vir hulpverlening aan slagoffers na 'n plaasaanval. Die waarde van hierdie navorsingsondersoek en ontwikkeling van die traumabegeleidingsprogram sal eers werklik van waarde wees indien dit bekendgestel word aan die maatskaplike werkprofessie en ander professionele hulpverleners.

Ten slotte kan die navorser noem dat die intense belewing van die trauma na 'n plaasaanval verlig kan word indien traumabegeleiding as 'n werklike beskikbare bron van dienslewering aan die slagoffers van 'n plaasaanval beskikbaar gestel word.

BIBLIOGRAFIE

BIBLIOGRAFIE

AFRICAN ARMED FORCES JOURNAL. 1999. Commando action: Comment. 38, April.

AFRICAN EYE NEWS SERVICE. 2001. Parapleeg, familie erg aangerand op plaas. ***Beeld,*** 11, Januarie 4.

Agriinfo/misdaadcontent. 2003. Jongste misdaadverslag: Aanvalle en moorde op plase vanaf 1991-2000 (September). http://www.agriinfo.co.za/Agri%20SA/A.../misdaadcontent.ht. 1-8. Januarie 6.

AgriSA. 2003. Telefoniese ondehoud. Maart 3.

AGUILERA, D.C. 1998. Crisis intervention: theory and methodology. Missouri: Mosby-Year Book, Inc.

ALERT, AWARE AND PREPARE. 2002. Violent Crime Against Women. Business Breakfast Klerksdorp. November 13.

AMERSLAV, A. 1992. Co-Dependency Groups. In Mc Kay, M. & Paleg, K. Focal group Psychotherapy. Oakland: New Harbinger Publications, Inc.

ANDERSON, J. 1997. Social work with groups. A process model. New York: Addison Wesley Longman, Inc.

ARKAVA, M.L. & LANE, T.A. 1983. Beginning social work research. London: Allyn and Bacon, Inc.

ATKESON, B.M.; CALHOUN, K.S.; RESICK, P.A. & ELLIS, E.M. 1982. Victim of rape: Repeated Assessment of Depressive Symptoms. *Journal of Consulting and Clinical Psychology.* 50(1):96-102.

BABBIE, E. 1992. The practice of social research. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

BABBIE, E. 2000. The practice of social research Australia: Wadsworth Thomson Learning.

BACKUS, W. 1996. The healing power of a christian mind. Minnesota: Bethany House Publishers.

BADENHORST, C. 2002. Fnuik plaasaanvalle. Vrouekeur, 52-53, April 5.

BAILEY, K.D. 1982. Methods of social research. London: Collier Macmillan Publishers.

BAILEY, K.D. 1994. Methods of social research. 2 nd ed. New York: The Free Press.

BARKER, R.L. 1997. The social work dictionary. Washington, DC : NASW Press.

BBC NEWS/HEALTH. 2000. Trauma counseling 'increases anguish'. http://news.bbc.co.uk/hi/english/health/newsid_5.../591384.st. 1-4. Januarie 5.

BEELD. 1999a. Boere 'in gevaar gestel' deur minister se veldtog. 17. Oktober 23.

BEELD. 1999b. 'Julle boere, ek wou julle lankal vrek geskiet het'. 7. Desember 20.

BEELD. 2000a. Trauma hou bejaarde uit getuiebank. 5. Januarie 26.

BEELD. 2000b. 2 vasgetrek minder as 36 uur na Bothaville-moorde. 5. Februarie 16.

BEELD. 2000c. Man wat boere dreig met moord in hof. 11. Julie 20.

BEELD. 2000d. 'Boere meer vermoor as polisie'. 6. Augustus 9.

BEELD. 2000e. Duisende teken oor aanvalle. 11. Oktober 4.

BEELD. 2000f. Aanvallers sak toe op plase, hoewes. 3. Desember 11.

BEELD. 2001. Syfers oor plaasaanvalle mislei. 8. Maart 3.

BEZUIDENHOUT, A.M. 1976. Krisisingryping – 'n literatuurstudie. Republiek van Suid-Afrika: Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

BLAKE, D.; ALBANO, A.M. & KEANE, T.M. 1992. Twenty Years of Trauma: Psychological Abstracts 1970 Through 1989. *Journal of Traumatic Stress*. 5 (3): 477-484.

BLIGNAUT, T. 2001. Boere dreig oor borg in aanvalsaak. *Beeld*. 12. Januarie 25.

BLESS, C. & HIGSON-SMITH, C. 1995. Fundamentals of social research methods: an African perspective. Cape Town: Juta.

BLOOM, M. & FISCHER, J. 1982. Evaluating practice: guidelines for the accountable professional. New Jersey: Prentice-Hall.

BOTES, M. 1997. Multikulturele Maatskaplike Werk in Suid-Afrika: 'n Evaluering van die kursus 'Inheemse Maatskaplike Werk' aan die PU vir CHO. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif – Ph.D.)

BOTHA, T. 2000. 'n Profiel van 'n plaasaanval. ***Landbouweekblad***. 1172. 14; 16. November 3.

BOURNE, I. & OLIVER, B. 1998a. "A Model for Counselling Survivors of Trauma" http://ourworld.compuserve.com/homepages/ibou.../page2.htm. 1-2. 2 Augustus 2001.

BOURNE, I. & OLIVER, B. 1998b. "The Telling of Terror": Helping Trauma Survivors Construct a Therapeutic Narrative. http://ourworld.compuserve.com/homepages/ibou.../page8.htm2. Augustus 2001.

BRANDLER, S. & ROMAN, C.P. 1999. Group work: Skills and strategies for effective interventions. London: The Haworth Press.

BREMNER, J.D. & MARMAR, C.R. 1998. Trauma, memory, and dissociation. Washington: American Psychiatric Press, Inc.

BROMET, E.J. 1990. Methodological Issues in the Assessment of Traumatic Events. *Journal of Applied Social Psychology.* 20(20):1719-1724.

BUSUTTILL, W. & BUSUTTILL, A. 1997. Debriefing and crisis intervention. In Black, D.; Newman, M.; Harris-Hendriks, J. & Mezey, G. Psychological Trauma: A Developmental Approach. Glasgow: Bell & Bain, Ltd.

CANTERBURY, R. & YULE, W. 1999. Debriefing and crisis intervention. In Yule, W. Post Traumatic Stress Disorders: Concepts and Therapy -. Chichester: John Wiley & Sons.

CHEETMAN, J.; FULLER, R.; McIVOR, G. & PETCH, A. 1994. Evaluating social work effectiveness. Buckingham: OpenUniversity Press.

CHITTENDEN, A. 2002. Die trauma van plaasaanvalle. *Landbouweekblad.* 54. Januarie 18.

CILLIERS, S.P. 1973. Maatskaplike navorsing. Stellenbosch: Kosmos-Uitgewery.

CLAASSEN, J. 2000. Boere gemaan om nie self regter te speel. *Landbouweekblad.* 1172:24;26. November.

COETZEE, J. & SCHOOMBEE, P. 1998. ANC omseil blaam vir plaasmoorde. *Finansies en Tegniek.* 50(10): 23-24.

COETZEE, S. 1999. Rowers skiet boer in oë, vrou beseer in 2 aanvalle. ***Beeld.*** 5. November 22.

COETZER, W. 2000. Kort gevorderde kursus in traumaberading: Afdeling Kontekstuele bediening (A7/00(A))2000. Algemene riglyne betreffende trauma. 21-23 Augustus 2000. VISTA Universiteit.

COETZER, W. 2000. Kort gevorderde kursus in traumaberading: Afdeling Kontekstuele bediening (A7/00(A))2000. Genesing het te doen met die mens in sy totaliteit. 21-23 Augustus 2000. VISTA Universiteit. Sessie 1.

COETZER, W. 2000. Kort gevorderde kursus in traumaberading: Afdeling Kontekstuele bediening (A7/00(A))2000. Wat gebeur wanneer 'n persoon trauma beleef? 21-23 Augustus 2000. VISTA Universiteit. Sessie 2.

COETZER, W. 2000. Kort gevorderde kursus in traumaberading: Afdeling Kontekstuele bediening (A7/00(A))2000. Die noue verband tussen trauma en fisies/emosionele probleme. 21-23 Augustus 2000. VISTA Universiteit. Sessie 3.

COETZER, W. 2000. Kort gevorderde kursus in traumaberading: Afdeling Kontekstuele bediening (A7/00(A))2000. Die noue verband tussen trauma en liggaamlike/emosionele probleme: wedersydse beïnvloeding tussen liggaam en gees. 21-23 Augustus 2000. VISTA Universiteit. Sessie 4.

COETZER, W. 2000. Kort gevorderde kursus in traumaberading: Afdeling Kontekstuele bediening (A7/00(A))2000. Die noue verband tussen trauma en liggaamlike/emosionele probleme: die Holmes en Rahe skaal asook die immuniteitstelsel. 21-23 Augustus 2000. VISTA Universiteit. Sessie 5.

COETZER, W. 2000. Kort gevorderde kursus in traumaberading: Afdeling Kontekstuele bediening (A7/00(A))2000. Voorgestelde model vir die berading van getraumatiseerde persone. 21-23 Augustus 2000. VISTA Universiteit. Sessie 6.

COETZER, W. 2000. Kort gevorderde kursus in traumaberading: Afdeling Kontekstuele bediening (A7/00(A))2000. Voorgestelde model vir die berading van getraumatiseerde persone. 21-23 Augustus 2000. VISTA Universiteit. Sessie 7.

COLLINS ENGLISH DICTIONARY, (Hanks, P., Ed) 1982. COLLINS DICTIONARY OF THE ENGLISH LANGUAGE. London: Collins.

CONYERS-BOYD, J. 1992. Rape Survivors Group. **In** McKay, M. & Paleg, K. Focal Group Psychotherapy. Oakland: New Harbinger Publications, Inc.

CROWE, M. & RIDLEY, J. 2000. Therapy with couples: A Behavioural-System Approach to Couple Relationship and Sexual Problems. Oxford: Blackwell Science.

DAVIS, L. 2002. Slagoffervatbaarheid en slagofferaandadigheid: Omskrywing binne die konteks van die kriminologie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe.* 42(3):167-177.

DAVIS, R.C.; LURIGIO, A.J. & SKOGAN, W.G. 1999. Services for victims; a market research study. *International Review of Victimology.* 6(2):101-115.

DEIST, F. 1982. Voorwoord. **In** Viktor E. Frankl: Sê ja vir die lewe. Kaapstad:Tafelberg-Uitgewers Beperk.

DE KLERK, N. 2000. Vrystaatse boer 'in arbeidsnagmerrie vasgevang'. *Beeld.* 2. Oktober 30.

DE LANGE, R. 2000. Taakmag sê 7% plaasaanvalle is oor rassekonflik. *Beeld.* 12. Junie 13.

DE NYSSCHEN, L. 2001. Landman sê hy sal bly veg op sy plaas. *Beeld.* 9. Januarie 18.

DE VILLIERS, T. 1997. Hoe gemaak met misdaad? *Finansies en Tegniek.* 49(19):70. Mei 16.

DE VOS, W. 1999. Krag in trauma. *Die Voorligter.*64 (2), 40-43.

DEMBERT, M.L. & SIMMER, E.D. 2000. When trauma effects a community: Group interventions and support after a disaster. **In** Klein, R.H. & Schermer, V.L. Group psychotherapy for psychological trauma. New York: The Guilford Press.

DIE BOER. 2000. Aksie @ Plaasaanvalle met geesdrif ontvang. 6, Augustus.

DISPATCH ONLINE, 2000. AgriSA urges judicial probe of farm killing. http://www.dispatch.co.za/2000/11/27/sou.../FARMKILL.HT. 1-3. November 27.

DOUGLAS, T. 1993. A theory of group work practice. London: The Macmillan Press Ltd.

DREYER, A. 1999. Kan nie sê boere is misdadigers. *Beeld.* 20. Desember 2.

DU PREEZ, L. 1999. Drie gevang nadat man op kleinhoewe vermoor is. *Beeld.* 14. September 2.

DU PREEZ, L. 2000a. Deeltydse boer 'uit wraak' in die rug geskiet. ***Beeld.*** 6. Januarie 7.

DU PREEZ, L. 2000b. Kerk vra geldelike hulp vir slagoffers van plaasaanval. *Beeld.* 17. Januarie 8.

DU PREEZ, L. 2000c. Houe teen kop, bors lei tot boer se dood. *Beeld.* 7. Augustus 11.

DU PREEZ, L. 2000d. NW-boere skort samewerking met staat op ná moord. *Beeld.* 5. Oktober 30.

DU PREEZ, L. 2001. 'Die boere is nou klaar met praat' *Beeld.* 12. Januarie 31.

DU PREEZ, M.S.E. 1981. Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk. Johannesburg: Keartland Press (Edms) Bpk.

DURBINHYPNOSIS. 2003. Tribute to Viktor Frankl. International Network on Personal Meaning. http://www.durbinhypnosis.com/frankl.htm. 1-128. April 23.

EATON, C & NIEUWOUDT, J. 1996. Post-traumatic stress disorder symptoms as a result af abusive relationships: a pilot study. *Unisa Psychologia.* 23:17-21.

ELLIS, A. 1993. Fundamentals of rational-emotive therapy for the 1990s. **In** Dryden, W. & Hill, L.K. Innovations in rational-emotive therapy. London: SAGE Publications.

ENGELBRECHT, S. 1998. Veiligheid van die boeregemeenskap. Waarheen nou? *SERVAMUS.* 91(2): 10-13, Februarie.

EYBERS, J. 2000. Wit boere is ergste rassiste, sê Qwelane. *Beeld.* 1. April 5.

FALSETTI, S.A. & RESNICK, H.S. 1995. Helping the Victims of Violent Crime. **In** Freedy, J.R. & Hobfoll, S.E. Traumatic Stress: from theory to practice. New York: Plenum Press.

FIGLEY, C.R. 1986. Trauma and its wake. Volume ii: Traumatic stress theory, research, and intervention. New York: Brunner/Mazel Publishers.

FIGLEY, C.R. 1988. Post-Traumatic Family Therapy. **In** Ochberg, F. M. 1988. Post-Traumatic Therapy and Victims of Violence. New York: Brunner/Mazel, Publishers.

FIGLEY, C.R. & KLEBER, R.J. 1995. Beyond the "Victim": Secondary Traumatic Stress. **In.** KLEBER, R.J.; FIGLEY, C.R. & GERSONS, B.P.R. Beyond Trauma: Cultural and Societal Dynamics. New York: Plenum Press.

FIGLEY, C.R.; BRIDE, B.E. & MAZZA, N. 1997. Death and trauma. Washington: Taylor & Francis Publishers.

FOA, E. B.; ROTHBAUM, B.O.; RIGGS, D.S. & MURDOCK, T.B. 1991. Treatment of Posttraumatic Stress Disorder in Rape Victims: A Comparison Between Cognitive-Behavioral Procedures and Counseling. *Journal of Consulting and Clinical Psychology.* 59:715-723.

FOA, E.B.; ROTHBAUM, B.O. & STEKETEE, G.S. 1993. Treatment of rape victims. *Journal of Interpersonal Violence.* 8: 256-276.

FOURIE, J. 1996. 'n Maatskaplikewerk-ondersoek na rousmartbegeleiding van ouers na afsterwe van 'n kind. MA-verhandeling. PU vir CHO.

FOURIE, R. 1999a. Inbrekers brand spoghuis op plaas af. *Beeld.* 16. November 10.

FOURIE, R. 1999b. Polisie ontplooi in Noorde na plaasaanvalle. *Beeld.* 2. Desember 24.

FOURIE, R. 2000a. 2 moet lank sit ná moord op boer met gesteelde wapen. *Beeld.* 4. Februarie 4.

FOURIE, R. 2000b. Plaaswag vasgetrek ná gru-moord op egpaar van Noordwes. B*eeld.* 3. Februarie 19.

FOURIE, T. 2000c. SA kan Zim volg, sê Mbeki. ***Beeld.*** 1. Mei 5.

FOURIE, R. 2000d. Jeugdiges vas ná plaasaanval in Noorde. *Beeld.* 9. September 13.

FRANKL, V.E. 1982. Sê ja vir die lewe. Kaapstad: Tafelberg.

FREEDY, J.R. & DONKERVOET, J.C. 1995. Overview. **In** Freedy, J.R. Traumatic stress: from theory to practice. New York: Plenum Publishing Corporation.

FREEDY, J.R. & HOBFOLL, S.E. 1995. Traumatic Stress: A Blueprint for the Future. **In** Freedy, J.R. & Hobfoll, S.E. Traumatic stress: from theory to practice. New York: Plenum Press

GAUM, F. 1997. Ek glo, Here! Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

GELDENHUYS, K. 2002. Hoe gemaak as aanvallers toeslaan? *Landbouweekblad.* 1265. 32-33. Augustus 30.

GILLILAND, B.E. & JAMES, R.K. 1993. Crisis Intervention Strategies. California: Brooks/Cole Publishing Company.

GOLDSTEIN, H.K. 1963. Research standards and methods for social workers. New Orleans: The Hauser Press.

GOODMAN, M. & WEISS, D. 2000. Initiating, Screening, and Maintaining Psychotherapy groups for Traumatized Patients. **In** Klein, R.H. & Schermer, V.L. Group Psychotherapy for Psychological Trauma. New York: The Guilford Press.

GOTAY, C.C. 1984. The experience of cancer during early and advanced stages: The views of patients and their mates. *Social Science and Medicine,* 18(7):605-613.

GOUWS, L.A.; LOUW, D.A.; MEYER, W.F. & PLUG, C. 1982. Psigologie-woordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

GREEN, B.L. 1990. Defining trauma: Terminology and generic stressor dimensions. *Journal of Applied Social Psychology.* 20(20):1632-1642.

GREEN, B.L.; LINDY, J.D.; GRACE, M.C.; GLESER, G.C. & LEONARD, A.C. 1990. Buffalo Creek survivors in the second decade: Stability of Stress Symptoms. *American Journal of Orthopsychiatry.* 60(1):43-54.

GRINNELL, R.M. 1981. Social work research and evaluation. Itasca: F.E. Peacock Publishers, Inc.

GRINNELL, R.M. 1993. Social work research and evaluation. 4 th ed. Illinois: F.E. Peacock Publishers, Inc.

GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. Research in social work: A primer. Itasca: F.E. Peacock Publishers, Inc.

HAEFELE, B. 1998. Violent attacks on farmers in South Africa: Is there a hidden agenda? *Acta criminologica.* 11(2):9-18.

HANSEN, R.F & KILPATRICK, D.G. & FALSETTI, S. A. & RESNICK, H.S. 1995. Violent crime and mental health. **In** Freedy, J.R. Traumatic Stress: From theory to practice. New York : Plenum Publishing Corporation.

HARRIS, R. 2002. Christ-Centered Therapy: Empowering the self. New York: The Haworth Pastoral Press.

HARVEY, J.H. 2000. Give sorrow words: Perspective on loss and trauma. Philadelphia: BRUNNER/MAZEL.

HARVEY, J.H. 2002. Perspectives on Loss and Trauma: Assaults on the Self. London: Sage Publications.

HAT: VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1965. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

HAT: VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1983. Johannesburg: Perskor Uitgewery.

HERMAN, J.L. 1992. Trauma and recovery. New York: A Division of Harper Collins Publishers.

HICKS, R. 1996. Trauma: the pain that stays. Grand Rapids: Fleming H. Revell.

HOFF, L.A. 1995. People in crisis: Understanding and helping. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

HUDGINS, M.K. 2002. Experiental Treatment for PTSD: The Therapeutic Spiral Model. New York: Springer Publishing Company, Inc.

HUDSON, W.W & NURIUS, P.S. 1994. Controversial issues in social work research. London; Allyn and Bacon, Inc.

HUGO, D. 1998. Waar is God wanneer dit saak maak? Wellington: Protea-Uitgewers.

HYER, L. & ASSOCIATES. 1994. Trauma victim; theoretical issues and practical suggestions. Indiana: Accelerated Development Inc.

HYER, L.A. & SOHNLE, S.J. 2001. Trauma among older people: Issues and Treatment. Philadelphia: Brunner-Routledge.

iafrica.com., 2001. Syfers wys plaasmoorde neem erg toe. Iafrica.com/afrikaans/nuus/sa/806303.htm. September 19.

INFORMATION/TRAUMA. 2000. Trauma-Counselling Service. The University of New South Wales, Sydney, Australia. http://www.unsw.edu.au/information/trauma.htm. 1-3. Januarie 27.

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS. 1998. Violent attack on farmers in South Africa 3/98. Rural Safety Summit; 22-23 Maart 2001 SANDF HQ GROUP 20, Mafikeng. Instituut vir eietydse geskiedenis, Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

INTER TRAUMA NEXUS. 2000. Konferensie 2000. Universiteit van Pretoria. September 22.

JOHNSON, S.M. 2002. Emotionally Focused Couple Therapy with Trauma Survivors: Strenghtening Attachment Bonds. New York: The Guilford Press.

JONKER, I. 1999. Ses moet lank sit ná moord op Brits-boer. 7. *Beeld.* September 18.

JOOSTE, C. 1999. Hierdie plaasaanvallers het hul rieme styf geloop. *Landbouweekblad.* 79. Maart.

JOSEPH, S.; WILLIAMS, R. & YULE, W. 1999. Understanding Post-traumatic Stress: A Psychosocial Perspective on PTSD and Treatment. Chichester: John Wiley & Sons.

JUDGINS, M.K. 2002. Experiental Treatment for PTSD: The Therapeutic Spiral Model. New York: Springer Publishing Company, Inc.

KAPLAN, T. 1997. Children. **In** Black, D.; Newman, M.; Harris-Hendrik, J.; Mezey, G. Trauma: A Developmental Approach. Glasgow: Bell & Bain, Ltd.

KEENAN, T. 1998. Kill the boer, kill the farmer. *Finance week.* 76(34): 14-15, August.

KLEBER, R.J. & BROM, D. 1992. Coping with trauma: Theory, Prevention and Treatment. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

KURSUS IN LEWENS- EN TRAUMABEGELEIDING. 1997. LEWENS EN & TRAUMABEGELEIDING. Saamgestel deur Antoinette Struwig. Pretoria: Huweliks- en Familieberadingsentrum: Pretoria.

KURSUS VISTA UNIVERSITEIT. 2000. Traumaberading. Dr W. Coetzer. Augustus 21-23. Pretoria.

LANDBOUWEEKBLAD. 1997. Plaasmoorde: Sleutel lê by M & M. 2-4 (http://www.landbou.com/nuus0512.asp) **Desember** 5.

LANDBOUWEEKBLAD. 1998a. Plaasaanvalle: Die volledige Britz-verslag. http://www.landbou.com/lb_moord.asp. 1-13. Augustus 31.

LANDBOUWEEKBLAD. 1998b. Landbou hoopvol oor misdaadplan. http://www.landbou.com/nuus16okt 98b.asp. 1-21. Oktober 12.

LAUB, J.H. 1990. Patterns of criminal victimization in the United States. **In** Lurigio, A.J.; Skogan, W.G. & Davis, R.C. Victims of Crime: Problems, Policies, and Programs. California: Sage Publications, Inc.

LIEBENBERG, D. 2000. Drie gewond in twee KZN-plaasaanvalle. *Beeld.* 12. Maart 14.

LOUW, D.A. 1982. Inleiding tot die psigologie. Isando: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

LOUW, D.J. 1989. Gesinsverryking: Riglyne vir groei en kommunikasie. Pretoria: Academica.

LOUW, M. 2003a. Plaasmoorde 'is etniese uitwissing'. SA man, joernalis van VSA stap uit protes teen misdaad. 5. *Beeld.* Junie 10.

LOUW, M. 2003b. Reserviste in plek van kommando's onaanvaarbaar, sê boer. 'Roof nie rede vir plaasgeweld'. 2. *Beeld.* Junie 12.

LOUW, M. 2003c. Plaasmoorde daal terwyl aanvalle op boere stabiliseer, sê Selebi. *Beeld.* 1. Junie 19.

LOUW, N.A. & MüLLER, J.C. 2002. Om ver*beeld*ingryk te lewe: Verbeelding in die pastorale narratiewe terapie en die teologie van Walter Brueggemann. Hervormde Teologiese Studies. 58(1): 340-354.

LYONS, J.A. & KEANE, T.M. 1989. Implosive Therapy for the Treatment of Combat-Related PTSD. *Journal of Traumatic Stress.* 2(2):137-152.

MAGNUS, L. 2002. Plaasaanvalle: toename vandag onder die loep. *Beeld.* 1. September 23.

MALAN, S.M. 2000. Die terapeutiese waarde van die hervertelling, herskrywing en ontginning van geheime om trauma te verwerk binne die narratiewe konteks volgens die sosiale konstruksie teorie. Vanderbijlpark: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

MALDONADO, J.R. & SPIEGEL, D. 1998. Trauma, Dissociation, and Hypnotizability. **In** Bremner, J.D. & Marmar, C,R. Trauma, Memory, and Dissociation. Washington DC: American Psychiatric Press, Inc.

MARLOW, C. 1993. Research methods for generalist social work. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

MARTINS, D.P. 1998. Hoe veilig is u? Praktiese raad vir boere om plaasaanvalle af te weer. *Salut.* 5(10): 31 en 79, Oktober. http://www.agriinfo.co.za/misdaad/vuiligheitsmain.htm

McLEOD, J. 1994. An introduction to counselling. Buckingham: Open University Press.

McCANN, I.L.; SAKHEIM, D.K. & ABRAHAM, D.J. 1988. Trauma and victimization: A Model of Psychological Adaptation. *Counseling Psychologist.* 16(4): 531-594. Oktober.

McKAY, M. 1992. Anger Control Groups. **In** McKay, M & Paleg, K. Focal Group Psychotherapy. Oakland: New Harbinger Publications, Inc.

McMILLEN, S.I. 1998. None of these diseases. Lakeland: Marshall, Morgan & Scott.

MEICHENBAUM, D. 1993. Changing conceptions of cognitive behavior modification: Retrospect and prospect. *Journal of Consulting and Clinical Psychology.* 61(2):202-204.

MEICHENBAUM, D. 1997. Treating Post-Traumatic Stress Disorder: A Handbook and Practice Manual for Therapy. New York: John Wiley & Sons.

MERWIN, M.R. & SMITH-KURTZ, B. 1988. Healing of the Whole Person. **In** Ochberg, F.M. Post-Traumatic Therapy and Victims of Violence. New York: Brunner/Mazel, Publishers.

